’n Historiese ontleding van en besinning oor die kunskulturele studenteaktiwiteite aan die PU vir CHO en NWU-PUK, 1980-2014

HS GOUWS

10418318

BDiac, UDK, BAKomm (Hons), MA Kommunikasiestudies

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Geskiedenis aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof JA du Pisani

Gradeplegtigheid: Mei 2018

Studentenommer: 10418318



BEDANKINGS

Ek bedank God, my Hemelse Vader, wat dit soewerein so bewerkstellig het dat ek hierdie studie kon onderneem op ’n tydstip toe ek dit glad nie eens oorweeg het nie en vir die krag en Sy genade om my deur te sien tot hier.

Hierdie studie is die direkte resultaat van ’n opdrag van die dekaan Studentesake van die NWU-PUK, prof Rikus Fick, om ’n boek oor PUK Kunste te skryf. Dus is hy die eerste persoon wat ek graag wil bedank vir die vertroue wat hy in my gestel het om die projek te doen.

Ek wil graag die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Noordwes-Universiteit van harte bedank vir die beurse wat ek van dié instansies ontvang het.

Sonder die versameling dokumente wat Horst Bütow, vorige direkteur van PUK Kunste, sedert sy aanstelling in 1980, bewaar het, sou die studie ook nie moontlik gewees het nie. Benewens die inligting hieruit, het hy ook talle vrae en navrae beantwoord. Eweneens was Peet Ryke van PUK Kunste ook van groot hulp, veral wat betref die Boulevard Harmoniste.

Ander huidige en voormalige personeel by PUK Kunste wat my baie gehelp het, is Jaco van der Walt, Christa Cloete, Pieter de Bruin, Chris de Bruyn, Kobus Venter, Glenn Cunniff, Luzanne Veldsman, Alanka Craffert en Llewida May.

Die personeel van die NWU Argief en Museum, Potchefstroomkampus, sal ek altyd die grootste dank verskuldig wees vir hulle hulp. Dankie aan Annette Kellner, hoof van die Argief, vir die opdrag om die inventaris van die PUK Kunste-versameling saam te stel. Dit het nie net die dokumente wat vanaf PUK Kunste gekom het vir my studie ontsluit nie, maar dit is ook nou beskikbaar vir verdere navorsing.

Maryna Rankin wat in beheer is van die foto’s en media-versameling van die Argief het talle foto’s verskaf en was altyd flink en vinnig in reaksie op ’n navraag.

Magdaleen Gey von Pittius is onder meer in beheer van die CV-versameling van die Argief. Eweneens het sy waardevolle inligting verskaf. Sy het ook baie moeite gedoen om te help om inligting uit notules van die Senaat, Raad, Bestuurskomitee en Studenteraad te vind.

Evert Kleynhans, Joyce Lali en Christina Moremi was ook van groot hulp.

Anneke Barnard van die Ferdinand Postma-biblioteek het gehelp met navrae oor die bronverwysings en die bronnelys.

As kritiese leser het dr Lida Holtzhausen van die Skool vir Kommunikasiestudies noodsaaklike leiding en inligting gegee.

Dit was ’n plesier om met my promotor, prof Kobus du Pisani, saam te werk. Hy was te alle tye professioneel en inspirerend en het hierdie studie tien keer makliker gemaak as wat ek gedink het dit gaan wees.

My kinders, Tina, Louis en Hansie, was al drie studente aan die NWU-PUK. Van elkeen het ek iets geleer en hulp ontvang om my met my studie te help.

My man, Hans, moes eindeloos luister na my verbale gedagtegang oor my studie. Daar was ook dikwels tye dat hy moes agteruitstaan vir die navorsing en skryf van hierdie studie. Ek bedank hom vir sy geduld en ondersteuning.

OPSOMMING

Die sukses wat daar behaal is met die kunskulturele aktiwiteite van uitvoerende studentegroepe aan die NWU, Potchefstroomkampus en sy voorgangers, is uniek en die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus (NWU-PUK) word as ’n leier op dié gebied beskou.

Kunskulturele studenteaktiwiteite was nie net afgestem daarop om die studente die geleentheid te bied om hul talente te ontwikkel nie, maar van die groepe is as bemarkingsinstrumente vir die Universiteit gebruik. Enkele groepe is met hierdie doel gestig, terwyl ander, soos die Alabama Studentegeselskap, mettertyd hiervoor benut is.

In 1980 is Horst Bütow aangestel as studenteadviseur: kultuur, met die doel om studentegroepe van advies te bedien met die oog op hul organisasie en te help toere reël. In 1979 is die Hennie Bingle-Studentesentrum in gebruik gestel en Bütow was in beheer van die Ouditorium in dié sentrum. Bütow se kantoor het gou as die Kultuurkantoor begin bekendstaan. Vanaf 1991 tot 2009 was dit die Departement Kultuur totdat dit PUK Kunste geword het. PUK Kunste en sy voorlopers het grootliks ’n ondersteunende rol gespeel om kunskulturele studenteaktiwiteite te bevorder.

Kunskulturele studenteaktiwiteite het reeds voor die verskuiwing van die Teologiese Skool en Literariese Departement in 1905 vanaf Burgersdorp na Potchefstroom plaasgevind.

In die eerste dekades van die 20ste eeu het dit klein begin met ’n strykorkes en toneelopvoerings om geld in te samel. Toneelopvoerings is in 1926 deur die Amicitia-vereniging aangebied, maar dit het doodgeloop. Die eerste studentetoer is in 1929 onderneem. Die Thalia Toneelvereniging is in 1955 gestig en het aanvanklik toere onderneem, maar dit is teen 1982 gestaak.

Aanvoorwerk vir die speel van volkspele is in 1941 gemaak. Die PU-Volkspelelaer is in 1952 gestig, het jaarliks toere onderneem en het enkele kere pryse gewen tydens die ASB-kunswedstryde. Die laer het in 1991 ontbind.

In 1943 is die PUK Alibama-boereorkes gestig, wat jaarliks toere onderneem het met ’n program in die vorm van ’n verskeidenheidskonsert. Vanaf 1961 tot 1966 (1964 uitgesluit) is operettes opgevoer. Johan van Rensburg, musiekleier van die Alabama Studentegeselskap, is aangemoedig om die eerste revuestyl-program te skep. Dié program was uiters gewild en in 1968 is Alabama se eerste langspeelplaat gemaak, gevolg deur jaarlikse plate en later CD’s. Van Rensburg is in 1973 opgevolg deur sy broer, Louis Drummond van Rensburg, Jans Jonker (1980-1987) en Pieter de Bruin (1988-2007).

Alabama is allerweë beskou as ’n leier op sy gebied en talle “revuegroepe” het aan skole en tersiêre inrigtings ontstaan en produksies aangebied geskoei op die lees van Alabama.

Alabama-toere is in 2007 gestaak weens hoë koste en die gebrek aan belangstelling by studente om daaraan deel te neem.

Die eerste koor aan die PUK is in 1943 gestig. Nadat dit in 1946 doodgeloop het, is dit in 1955 herstig. Sedert 1971 bestaan die Koor onafgebroke. Vanaf 1976 tot 2011 was die koorleier Awie van Wyk. Sedert 1981 is verskeie oorsese toere onderneem en in 2011 sluit Van Wyk sy verbintenis met die Koor af toe hulle die Praagse Internasionale Kersmusiekkompetisie se afdeling vir kore wen. Van Wyk is opgevolg deur Kobus Venter.

Die Serenaders is in 1994 gestig met die doel om Afrika-musiek te bevorder. Sedert 1996 neem hulle aan verskeie koorkompetisies deel en in 2011 was hulle die algehele wenners van die Ou Mutual Nasionale Koorfees, die grootste kompetisie van sy aard in die land.

Die sesstemmige Boulevard Harmoniste wat in 1995 gestig is as ’n *a capella*-ensemble, het verskeie oorsese toere onderneem en het twee keer die Praag Internasionale Kersmusiek-kompetisie se afdeling vir ensembles gewen.

Ander kunskulturele groepe wat steeds bestaan is die NWU-PUK Simfonieorkes (1997-), Divaco (2004-) en Disfunctional Beat (2007-).

Kunskulturele studentegroepe wat nie meer bestaan nie sluit in die Buzzin’ Blaasensemble (1997-2010), die PU-Kaners, later Akustic (1976-1991), die Trompoppies (1976-1997) en Cheerleaders (1999-2008).

In samewerking met die Kunsteraad van die Studenteraad het PUK Kunste en sy voorganger talle langtermynprojekte aangepak, soos die Eerstejaarskonsert, Talentfees en Sêrkompetisies.

Die effek van dié aktiwiteite het nie net die studentegemeenskap gebaat nie, maar het ook die NWU-PUK plaaslik, nasionaal en internasionaal gevestig as ’n leier op kunskulturele gebied.

Sleutelterme: kunskulturele studenteaktiwiteite; kultuur; kunste; toneel; volkspele; revue; koor; simfonieorkes; blaasensemble; bemarkingsinstrument; talentfees; sêr; trompoppies; Afrika-musiek.

ABSTRACT

The success that has been achieved with arts-cultural activities of performing student groups at the North-West University, Potchefstroom Campus (NWU-PUK) and its predecessors is unique and the NWU-PUK is regarded as a leader in this regard.

The purpose of arts and cultural student activities was not only to give students the opportunity to develop their talents, but some of the groups were used as marketing instruments for the University. Some groups have been founded for this purpose, whereas other, such as the Alabama Student Company, was later used for this purpose

In 1980 Horst Bütow was appointed as student advisor: culture, with the purpose to advise student groups with the regard to organisational skills to inter alia organise tours. In 1979 the Hennie Bingle Student Centre was opened and Bütow was appointed to oversee the management of the Auditorium in this centre. Bütow's office soon became known as the Culture Office (Kultuurkantoor). From 1991 to 2009 it was known as the Department of Culture until it became PUK Arts. PUK Arts and its predecessors largely played a supportive roll to promote arts and cultural student activities.

Arts and cultural student activities were practiced at the institution even before the relocation of the Theological School and Literary Department in 1905 from Burgersdorp to Potchefstroom.

In the early decades of the 20th century it started small with a string orchestra and dramatic performance to raise funds. More dramatic performances were presented by the Amicitia Society in 1926, but it soon came to an end. The first student tour was undertaken in 1929. The Thalia Dramatic Society was founded in 1955 and initially undertook tours, but this came to an end by 1982.

Preparations to launch Afrikaans folk dances (volkspele) were made in 1941. The PU-Volkspelelaer (Folk Dance Troupe) was founded in 1952, yearly undertook tours and won prizes at the ASB Art Competitions. It ceased to function in 1991.

In 1943 the PUK Alibama-boereorkes (orchestra playing mostly Afrikaans folk music), from which the Alabama Student Company evolved, was founded. It undertook tours with a programme in the form of a variety concert. From 1961 to 1966 (excluding 1964) operettas were performed. Johan van Rensburg, music director of the Alabama Student Company, was encouraged to create the first revue style programme. This programme was extremely popular and in 1968 Alabama recorded its first long playing record, followed by yearly editions and later CD's. Van Rensburg was succeeded by his brother, Louis Drummond van Rensburg, in 1973, Jans Jonker (1980-1987) and Pieter de Bruin (1988-2007).

Alabama was in all respects regarded as a leader in its field and numerous "revue groups" were founded at schools and tertiary institutions, who presented productions in the same style as Alabama.

Alabama tours came to an end in 2007, due to high costs and lack of interest amongst students to join the Company.

The first choir at the Potchefstroom University College was founded in 1943. After it was disbanded in 1946, it was re-founded in 1955. Since 1971 the choir has been in continuous existence. Awie van Wyk was the leader from 1976 to 2011. Since 1981 numerous overseas trips were undertaken and in 2011 Van Wyk concluded his association with the choir when they won the category for choirs in the Prague International Festival of Advent and Christmas Music. Van Wyk was succeeded by Kobus Venter.

The Serenaders was founded in 1994 with the purpose to promote African music. Since 1996 they have participated in numerous choral competitions and in 2011 they were the overall winners of the Old Mutual National Choir Festival, the largest competition of its nature in the country.

The six-voice Boulevard Harmonists was founded as an *a capella* ensemble and has undertaken numerous overseas tours. They twice won the ensemble category of the Prague International Festival of Advent and Christmas Music.

Other arts-cultural groups which still exist are the NWU-PUK Symphonic Orchestra (1997-), Divaco (2004-) and Disfunctional Beat (2007-).

Arts-cultural groups that ceased to exist include the Buzzin' Wind Ensemble (1997-2010), the PU-Kaners, later Akustic (1976-1991), the Drum Majorettes (1976-1997) and Cheerleaders (1999-2008).

In co-operation with the Arts Council of the SRC PUK Arts and its predecessors launched various long term projects, including the Firstyear Concert, the Talent Festival and "Sêr" (serenade) competitions.

These activities were not only to the benefit of the student community, but established the NWU-PUK locally, nationally and internationally as an arts-cultural leader.

Key terms: arts and cultural student activities; culture; arts; theatre; folk dances; revue; choir; symphonic orchestra; wind ensemble; marketing instrument; talent festival; serenade; drum majorettes; Africa music.

INHOUDSOPGAWE

BEDANKINGS ii

OPSOMMING i

ABSTRACT iii

INHOUDSOPGAWE v

HOOFSTUK 1 Oriëntasie en teoretiese vertrekpunte 1

1.1 Oriëntasie 1

1.2 Teoretiese vertrekpunte 1

1.2.1 ’n Studie van kunskulturele aktiwiteite van uitvoerende groepe, ’n kultuurhistoriese studie? 2

1.2.2 “Ontleding” 7

1.2.3 “Besinning” 7

1.3 Probleemstelling 7

1.4 Navorsingsdoelwitte 9

1.5 Navorsingsvrae 9

1.6 Navorsingsmetodes 10

1.6.1 Primêre bronne 10

1.6.2 Sekondêre Bronne 11

1.6.3 Onderhoudvoering 11

1.6.4 E-poskommunikasie 12

1.7 Beperkings 12

HOOFSTUK 2 Literatuurstudie en agtergrond ten opsigte van die beoefening van kunskulturele studenteaktiwiteite aan die PU vir CHO en NWU-PUK 15

2.1 Literatuur oor kunskulturele studenteaktiwiteite 15

2.2 Ondersteuning van die kunste as deel van die taak van ’n universiteit 16

2.3 Oorsig oor die geskiedenis van die NWU 16

2.4 Oorsig oor die vroeëre kunskulturele aktiwiteite van studente 17

2.4.1 Vroeë kunskulturele liggame 17
2.4.2 Oorkoepelende liggame 20
2.5 Benutting van uitvoerende studentegroepe vir werwing en bemarking 22
2.5.1 Bemarking van universiteite 23
2.5.2 ’n Oorsig oor die ontwikkeling van skakeling en fondswerwing aan die PUK en PU vir CHO. 24
2.5.3 Prof HJJ Bingle (rektor) se besoek aan die VSA en die gevolge daarvan 27
2.5.4 Departement Ontwikkeling se bemoeienis met die Alabama Studentegeselskap 28
2.5.5 ’n Kort oorsig oor die verdere geskiedenis van die Departement Ontwikkeling tot Bemarking en Kommunikasie en die vestiging van ’n korporatiewe identiteit en beeld vir die Universiteit 30
2.5.6 Die verband tussen kunskulturele studenteaktiwiteite en die reputasie van die Universiteit 35
2.6 Die totstandkoming van die Kultuurkantoor 37
2.7 Kunskulturele studenteaktiwiteite van uitvoerende groepe: kuns of kultuur? 37
2.8 Die veranderende kultuurtaak van die Universiteit 39
2.9 Aspekte wat ’n rol speel by die ontstaan en beëindiging van kunskulturele studentegroepe 41
2.10 Studentetoere van uitvoerende groepe 43
HOOFSTUK 3 Thalia Toneel 49
3.1 Toere van die Toneelvereniging 50
3.2 Toneelvereniging word Thalia 54
3.3 Thalia-toere word gestaak 65
3.4 Thalia herleef 74
3.5 Gewilde koshuistoneel word ingestel 75
3.6 Koshuistoneel word kompetisie 78
3.7 Besinning oor die waarde van Thalia 84
3.7.1 Beeldbou 85
3.7.2 Verryking 85

3.7.3 Vermaak 86
HOOFSTUK 4 Volkspele was "'n groot krag in die studentelewe" 87
4.1 Inleiding 87
4.2 Kort agtergrond oor die ontstaan van volkspele in Suid-Afrika 87
4.3 Historiese ontleding van volkspele aan die PUK 88
4.4 Besinning oor die waarde van volkspele aan die Universiteit 97
HOOFSTUK 5 PUK Alibama-boereorkes tot Alabama Studentegeselskap 101
5.1 Inleiding 101
5.1.1 'n Kort oorsig oor die ontwikkeling van ligte Afrikaanse musiek 102
5.1.2 Die naam 'Alibama' 106
5.1.3 Kort oorsig oor die stylveranderings van die Alabama-programme 109
5.2 Die stigting van die PUK Alibama-boereorkes 111
5.3 Die boereorkes-era 115
5.3.1 Historiese ontleding van die boereorkes-era 115
5.3.2 Benutting van die Alabama-boereorkes as bemarkingsinstrument tydens die boereorkes-era 122
5.4 Die blyspel-era 123
5.4.1 Historiese ontleding van die blyspel-era 123
5.4.2 Benutting van die Alabama Studentegeselskap as bemarkingsinstrument tydens die blyspel-era 129
5.5 Die revue-era 130
5.5.1 Johan van Rensburg as musiekregisseur (1966-1973) 130
5.5.2 Louis Drummond van Rensburg as musiekleier (1974-1979) 139
5.5.3 Jans Jonker as musiekregisseur (1980-1987) 146
5.5.4 Pieter de Bruin as musiekregisseur (1988-2007) 161
5.6 Alabama-reünies 184
5.6.1 Die 1988-reünie 184
5.6.2 Die 1993-reünie 185

5.6.3 Ander reünies 186
5.7 Alabama se komediante 186
5.8 Eksterne impak en indrukke 188
5.8.1 Toekennings ontvang 188
5.8.2 Toekennings gegee 190
5.8.3. Alabama van buite gesien 193
5.9 CD- en plaatopnames en televisie-optredes 196
5.9.1 CD- en plaatopnames 196
5.9.2 Televisie-optredes 199
5.10 Besinning oor die waarde van Alabama 200
5.10.1 Beeldbou 203
5.10.2 Verryking 204
5.10.3 Vermaak 206
5.11 Ten slotte 207
HOOFSTUK 6 PU-Koor 209
6.1 Koorsang aan Suid-Afrikaanse universiteite 210
6.2 Die vroeë geskiedenis van sang aan die NWU-PUK en sy voorgangers 210
6.3 Die eerste kore aan die PUK 212
6.3.1. Pieter de Villiers – ’n kort biografie 217
6.3.2 Die Carmen Aureum-koor 220
6.3.3 Besinning oor die waarde van die eerste kore aan die PUK 222
6.4 Universiteitskoor gestig 223
6.5 Die PU-Koor met Awie van Wyk as koorleier 227
6.5.1 Awie van Wyk – ’n kort biografie 227
6.5.2 Kooraktiwiteite met Awie van Wyk as dirigent 232
6.6 Kobus Venter as koorleier 257
6.6.1 Kobus Venter – ’n kort biografie 258
6.6.2 Kooraktiwiteite met Kobus Venter as dirigent 258

6.7 Oorsese besoeke 259
6.7.1 1981 – Deelname aan die Zimrya-koorfees in Israel 259
6.7.2 1987 – Besoek aan die VSA 264
6.7.3 1993 – Deelname aan die Spittal Koorfees 266
6.7.4 1997 – Tweede deelname aan die Spittal Koorfees 270
6.7.5 2003 – Europa 271
6.7.6 2008 – Europa 271
6.7.7 2011 – Europa 272
6.7.8 2014 – Wêreldkoorspele en Europa 272
6.8 Die PU-Koor en Kuesta 275
6.9 Die PU-Koor, die SAKV en die McLachlan-werkswinkels 283
6.10 Plaat- en CD-opnames en televisie-optredes 286
6.10.1 Plaatopnames 287
6.10.2 CD's 288
6.10.3 Televisie-optredes 291
6.11 Koordrag 292
6.12 Besinning oor die waarde van die Koor 293
6.12.1 Beeldbou 294
6.12.2 Verryking 296
6.12.3 Vermaak 299
6.13 Ten slotte 299
HOOFSTUK 7 Serenaders 301
7.1 Inleiding 301
7.2 Agtergrond tot die stig van die Serenaders 301
7.2.1 Groepsang in Afrika 301
7.2.2 'n Kort oorsig oor die oopstelling van die Universiteit vir alle kultuurgroepe 303
7.3 Historiese ontleding van die Serenaders 304
7.3.1 Die ontstaan van die Serenaders 304

7.3.2 Deelname aan koorkompetisies 307
7.3.3 Uitdagings en mylpale in die bestaan van die Serenaders 312
7.4 Besinning oor die waarde van die PU Serenaders 319
7.4.1 Beeldbou 319
7.4.2 Verryking 320
7.4.3 Vermaak 321
7.5 Ten slotte 322
HOOFSTUK 8 Boulevard Harmoniste 323
8.1 Inleiding 323
8.2 Agtergrond tot *a capella*-sang 323
8.3 Agtergrond tot die stig van die Boulevard Harmoniste 324
8.4 Historiese beskrywing en ontleding van die Boulevard Harmoniste 325
8.4.1 Die Boulevards se optredes by kunstefeeste en hul jaarlikse binnelandse program 325
8.4.2 Oorsese reise 334
8.5 CD's 337
8.6 Besinning oor die waarde van die Boulevard Harmoniste 339
8.6.1 Beeldbou 339
8.6.2 Verryking 340
8.6.3 Vermaak 341
8.7 Ten slotte 341
HOOFSTUK 9 Groepe van 2014 en kort te vore 343
9.1 Buzzin' Blaasorkes 343
9.1.1 Historiese beskrywing en ontleding van die Buzzin' Blaasorkes 344
9.1.2 Besinning oor die rol en waarde van die Buzzin' 347
9.2 NWU-PUK Simfonieorkes 349
9.2.1 Historiese beskrywing en ontleding van die NWU-PUK Simfonieorkes 349
9.2.2 Besinning oor die rol en waarde van die NWU-PUK Simfonieorkes 357
9.3 Divaco 360

9.3.1 Historiese beskrywing en ontleding van Divaco 360
9.3.2 Besinning oor die rol en waarde van Divaco 363
9.4 Disfunctional Beat 363
9.4.1 Historiese beskrywing en ontleding van Disfunctional Beat 363
9.4.2 Besinning oor die rol en waarde van Disfunctional Beat 365
9.5 PUK Amici 366
9.6 Ten slotte 367
HOOFSTUK 10 PU-Kaners en Akustic 369
10.1 PU-Kaners 369
10.1.1 Inleiding 369
10.1.2 Stigting van die PU-Kaners 369
10.1.3 Die groei en ontwikkeling van die PU-Kaners 370
10.2 PU-Kaners word Akustic 376
10.3 Besinning oor die waarde van die PU-Kaners en Akustic 379
HOOFSTUK 11 Trompoppies, Cheerleaders en enkele ander groepe 383
11.1 Inleiding 383
11.2 Pukkies en Trompoppies 383
11.2.1 Historiese ontleding van die Pukkies en Trompoppies 383
11.2.2 Besinning oor die waarde van die Pukkies en Trompoppies 393
11.3 Cheerleaders 396
11.3.1 Historiese ontleding van die Cheerleaders 396
11.3.2 Besinning oor die waarde van die Cheerleaders 401
11.4 Enkele ander groepe 403
11.4.1 Gaudium 403
11.4.2 Varia 403
11.4.3 Momento 404
11.5 Ten slotte 404
HOOFSTUK 12 Vanaf die Kultuurkantoor tot PUK Kunste 405

12.1 Inleiding 405
12.2 Historiese ontleding van die ontwikkeling van die Kultuurkantoor tot by NWU-PUK Kunste 406
12.2.1 Ontstaan van die Kultuurkantoor 406
12.2.2 Doel en taak 407
12.2.3 Personeel 409
12.2.3.1 Horst Peter Bütow – 'n kort biografie 411
12.2.3.2 Peet Ryke – 'n kort biografie 414
12.2.4 Huisvesting van PUK Kunste en sy voorgangers 415
12.2.5 Enkele hoogtepunte in die bestaan van die Kultuurkantoor (1980 – 1991) 417
12.2.5.1 Koördineringskomitee vir Kunste 419
12.2.5.2 Kultuurbeurse 419
12.2.6 Enkele hoogtepunte in die bestaan van die Departement Kultuur (1992-2009) 421
12.2.6.1 Blinkdink 421
12.2.6.2 *Ein Prosit* 423
12.2.6.3 Kunstebestuur 423
12.2.6.4 Universiteitslied 424
12.2.7 Enkele hoogtepunte in die bestaan van (NWU-)PUK Kunste (2009 -2014) 424
12.2.7.1 Die NWU-galerye en -kunsversameling 425
12.3 Fasiliteite 427
12.3.1 Totius-gedenksaal 428
12.3.2 Hennie Bingle-Studentesentrum 430
12.3.3 Sanlam-Ouditorium 432
12.3.4 Alumnisaal 437
12.3.5 Amfiteater 437
12.3.6 Nooitgedacht 439
12.3.7 Cachet-Kleinteater 440
12.3.8 Voormalige POK-eiendomme 440
12.3.9 Kaartjiestelsels 442

12.3.9.1 Interne kaartjiestelsels 442
12.3.9.2 Eksterne kaartjiestelsels 443
12.4 Besinning oor die waarde van NWU-PUK Kunste en sy voorgangers 444
12.4.1 Besinning oor NWU-PUK Kunste en sy voorgangers 444
12.4.2 Besinning oor die waarde van die fasiliteite onder beheer van NWU-PUK Kunste en sy voorgangers 445
12.4.3 Ten slotte 445
HOOFSTUK 13 Lang- en korttermyn kunskulturele projekte 447
13.1 Langtermynprojekte 447
13.1.1 Eerstejaarskonsert 447
13.1.2 Kampustalentfees 451
13.1.2.1 Inleiding 451
13.1.2.2 Die eerste Talentfees 452
13.1.2.3 Kategorieë 454
13.1.2.4 Beoordeling 454
13.1.2.5 Borge en pryse 455
13.1.2.6 Enkele hoogtepunte 456
13.1.3 Sêrkompetisies 460
13.1.3.1 Agtergrond 460
13.1.3.2 Sêrkompetisies neem ’n aanvang 460
13.1.3.3 Nasionale Sêr 462
13.1.4 Filmfees 465
13.1.5 Skeppende kunste-aktiwiteite 468
13.1.5.1 Studentekunsvereniging 468
13.1.5.2 Blokskilder en “Canvas”-skilder 470
13.1.6 Tegniese aspekte van teater 471
13.2 Korter en eenmalige projekte 472
13.2.1 Konserte 472

13.2.1.1 Musikale Interaksie 472
13.2.1.2 Variété 474
13.2.1.3 20 Hande 1 hart 474
13.2.1.4 Studentedekaanskonsert 474
13.2.2 Musiekblyspele 475
13.2.2.1 1997 - *Broadway Skouspel* 475
13.2.2.2 1998 – *Binglestraat* 476
13.2.2.3 1999 – *Downtown* 476
13.2.2.4 2000 – *Deliverance* 477
13.2.2.5 2008 – *Back to the 80's – The Totally Awesome Musical* 478
13.2.2.6 2010 – *Persreën* 479
13.2.2.7 2012 – *Grease* 481
13.2.2.8 *2014 – Breaking up is hard to do* 481
13.3 Besinning oor die waarde van die lang- en korttermynprojekte 482
13.3.1 Besinning oor die langtermynprojekte 482
13.3.2 Besinning oor korter en/of eenmalige projekte 484
HOOFSTUK 14 Die rol van die Kultuurkantoor, later PUK Kunste, binne die kunskulturele omgewing 485
14.1 Inleiding 485
14.2 Plaaslik 486
14.2.1 Inleiding 486
14.2.2 Sanlam-Ouditorium 487
14.2.3 Potchefstroom 150-jarige bestaansviering 488
14.3 Provinsiaal 489
14.4 Nasionaal 489
14.4.1 Kultuurbeamptes 489
14.4.2 Klankateljee 490
14.4.3 ATKV Revuekursus 491

14.4.4 Kunstefeeste 493
14.4.5 Nasionale Kamerorkes 494
14.4.6 Artéma Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling 495
14.5 Internasionaal 499
14.5.1 Internasionale kultuuruitruil 499
14.5.2 Wêreldjeugkoor 500
14.5.3 Jeunesses Musicales – musiek vir die jeug 502
14.6 Ten slotte 503
HOOFSTUK 15 Evaluering 505
15.1 Besinning oor die waarde van kunskulturele aktiwiteite aan die Universiteit op plaaslike gebied 505
15.2 Besinning oor die waarde van kunskulturele aktiwiteite aan die Universiteit op provinsiale gebied 505
15.3 Besinning oor die waarde van kunskulturele aktiwiteite aan die Universiteit op nasionale gebied 506
15.4 Besinning oor die waarde van kunskulturele aktiwiteite aan die Universiteit op internasionale gebied 507
15.5 Ten slotte 508
BYLAE 511
Bylaag 1: Alabama-statistieke 511
Bylaag 2: Koor-statistieke 528
Bylaag 3: Serenaders – lys van dirigente 533
Bylaag 4: Boulevard Harmoniste – lys van lede 534
Bylaag 5: Talentfeeswenners 536
Bylaag 6: Oudstudente wat as studente lede van uitvoerende groepe was en later nasionaal en internasionaal presteer het 538
Bylaag 7: Ander uitvoerende studentegroepe 555
Bylaag 8: Toestemming tot studie 559
Bylaag 9: Formaat vir bronverwysings. 560

Bylaag 10: Bevestiging van taalversorging 561

BRONNELYS 562

HOOFSTUK 1
Oriëntasie en teoretiese vertrekpunte

1.1 Oriëntasie

Die sukses wat daar behaal is met die kunskulturele aktiwiteite van uitvoerende studentegroepe aan die NWU, Potchefstroomkampus en sy voorgangers, is uniek en uit talle oorde word die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus (NWU-PUK) steeds as ’n leier op dié gebied beskou (Van Niekerk, 1991; Smit, 1992; Ryke, 2014a; Lemmer, 2017).

Alhoewel daar in enkele publikasies wat deur die NWU, Potchefstroomkampus en sy voorganger, die PU vir CHO, uitgegee is, onder meer gehandel word oor die kunskulturele studenteaktiwiteite van spesifiek uitvoerende groepe (Van der Walt*,* 1993; Van Eeden*,* 2006), is daar nog nooit ’n eksklusiewe studie daaroor onderneem nie. Studies wat onderneem is, is meesal van populêre belang en oorsigtelik.

Hierdie studie spruit voort uit ’n opdrag van die dekaan: Studentesake, prof Rikus Fick, aan skrywer om die geskiedenis van die kultuurlewe van die Potchefstroomse Universiteit, spesifiek PUK Kunste en sy voorgangers, na te vors en te boekstaaf. Die meeste van die navorsing hiervoor is gedoen in die argief van PUK Kunste, waar sowat 300 lêers bewaar is. Aanvanklik is dié inligting bewaar in twee bergkamers van PUK Kunste en in die Alabama-argief, wat deur PUK Kunste tot stand gebring is. Gedurende 2016 is dié dokumente en artefakte in die versameling van die NWU Argief en Museum opgeneem (NWU Institusionele Argief en Museum, 2016). Die opdrag om die boek te skryf, is voltooi en die boek is in September 2017 vrygestel. Skrywer het die skriftelike toestemming van prof Fick voor die aanvang van hierdie studie ontvang om daarmee voort te gaan (Fick, 2015) (kyk na bylaag 8).

Die logiese uitbou van die navorsing van die boek vir die skrywer daarvan, is om ’n nagraadse projek daarvan te maak en om kunskulturele studenteaktiwiteite vanuit ’n akademiese oogpunt te benader.

1.2 Teoretiese vertrekpunte

Ten einde ’n historiese ontleding van en besinning oor die kunskulturele studenteaktiwiteite aan die PU vir CHO te doen, word die omskrywing van sekere begrippe vereis .

1.2.1 ’n Studie van kunskulturele aktiwiteite van uitvoerende groepe, ’n kultuurhistoriese studie?

Weber (1997:1) merk tereg op dat kultuur ’n omvangryke onderwerp is om na te vors.

Weens hierdie omvangrykheid sal daar vir die doeleindes van hierdie studie net enkele aspekte van die begrip “kultuur,” wat met hierdie studie verband hou, kortliks aangespreek word.

1.2.1.1 Die begrip “kultuur”

Green (2009:2) verduidelik dat die woord ‘kultuur’ sy oorsprong het uit die landbou; om landerye te bewerk en diere te versorg. Ná die sestiende eeu is die woord ook van toepassing gemaak op die proses van menslike ontwikkeling en het dit algaande die intellektuele, geestelike en estetiese dimensies van menslike samelewing en geskiedenis begin insluit.

In die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (Labuschagne *et al.*, 2000) word “Kultuur ..ture.” omskryf as: “1. Geestelike besit van ’n volk op alle moontlike gebiede. 2. Produkte, uitkomste, skeppings, maaksels van menslike werksaamheid en vernuf. 3. Beskawing. 4. Ontwikkeling. 5. Veredeling. kultuurmedium; kultuurvereniging.”

Triandis (2009:190) bevestig dat kultuur op honderde wyses gedefinieer kan word, maar reken dat kultuur dieselfde betekenis vir ’n gemeenskap het as wat die geheue vir ’n mens het. Weber (1997:1) sluit hierby aan en sê: “want dit handel oor die gees en lewenstyl van die mens, asook die aard of idees van die gemeenskap soos dit in hulle aktiwiteite na vore tree.”

Die definisie van kultuur wat egter die meeste gebruik word, is die een van UNESCO: “[Culture] is that complex whole which includes knowledge, beliefs, arts, morals, laws, customs, and any other capabilities and habits acquired by [a human] as a member of society” (UNESCO, 2013). Dié definisie is in 1871 die eerste keer deur sir Edward Tyler gepubliseer is. Hierdie definisie gaan daaraan mank dat dit nie uitsluitsel gee oor wat “any other capabilities” is nie, en dit verwys ook glad nie na materiële kultuur nie.

Kok (1992:26) kom tot die gevolgtrekking dat “dit baie duidelik (is) dat kultuur die totaal of geheel van die vermoëns of gebruike, hetsy materieel of geestelik, van ’n groep mense is. Dit vorm ’n lewenswyse en het te make met die mens se aanpassing by die omgewing waarmee skeppend omgegaan word.”

Van Rensburg (1980:8) reken dat die woord “kultuur” in die Afrikaanse taal dateer uit die 1920’s. Weber vervolg dat tot en met die sestigerjare is die Afrikaners se sosiale bewussyn deur ’n sterk historiese besef gekenmerk en dat daar ’n drang by die Afrikaners was om hul eie kultuur te bevestig en te handhaaf” (Weber, 1997:4).

Kok (1992:100) haal Kapp (1990) aan wat meen dat die grondmotief vir die bestaan van kultuurverenigings die behoefte is om die "'Afrikaanse Gedagte' te vestig, te beskut en te bevorder". Die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV), waaroor Kok (1992) se studie handel, het tot stand gekom het uit die Afrikaner se "strewe en stryd om 'n eie identiteit, plek en rol in Suid-Afrika" (1992:100). Soos blyk uit die bespreking in paragraaf 2.5 was daar aan die voorgangers van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus eweneens 'n strewe gewees om die kultuur van die Afrikaner te bevorder.

Dié strewe van die Afrikaner om sy eie kultuur te bevorder, word ook deur Kriger & Zegeje beaam. In die inleiding tot "Culture in the New South Africa – After Apartheid – Volume 2," waarvan hulle die redakteurs is, word gesê dat enige oorsig van 'n kulturele diskoers, ruimte en aktiwiteit in Suid-Afrika die tweeledigheid van kulturele produksie in die vorige onderdrukte staat moet reflekteer. Swart en wit kultuur is tydens die apartheidsera grootliks in isolasie van mekaar uitgedruk. Dominant in die 'wit' gemeenskap was hoofsaaklik Eurosentriese produksies (Kriger & Zegeje, 2001:1).

Die omvattende aspekte wat kultuur omvat word aangeraak met die bespreking van Burden (2000) se model in 1.2.1.3.

1.2.1.2 Kultuurgeskiedenis

Aangesien hierdie 'n studie oor historiese aspekte van kultuuraktiwiteite is, betree dit die terrein van kultuurgeskiedenis.

Burke (1997:1) sê dat daar geensins ooreenstemming bereik kan word oor wat kultuurgeskiedenis is nie, eweneens is daar geen eensgesindheid oor wat kultuur is nie. Burke meld dat 'n studie, wat gedurende die 1950's onderneem is, om vas te stel wat die variasies in die gebruik van die begrip kultuur in die Engelse taal is, bevind het dat daar meer as tweehonderd teenstrydige definisies is. Om kultuurgeskiedenis te definieer, sê Burke, is om te probeer om 'n wolk in 'n skoenlappernet te vang. Die ontwikkeling van materiële kultuur is natuurlik ook 'n belangrike afdeling van kultuurgeskiedenis.

Green (2009:vii) sê ook dat kultuurgeskiedenis 'n baie wye en eklektiese veld is. Sy vervolg: "It covers a great variety of topics, it does not revolve around one particular theory, and different national and cultural contexts have generated diverse historiographies."

Burden (2000:13, 14) skryf dat pogings aangewend is om 'n onderskeid te tref tussen geskiedenis en kultuurgeskiedenis en wys daarop dat daar baie pogings aangewend is om die begrip te omskryf.

Burke (1997:3-22), in *Varieties of Cultural History*, reken dat kultuurgeskiedenis histories aspekte omvat het soos die geskiedenis van taal en literatuur, die geskiedenis van kunstenaars, kuns en

musiek, die geskiedenis van leerstellings, spesifiek ná die hervorming. Burke vervolg dat die geskiedenis van verskillende dissiplines, onder meer dié van geskiedenis en die regte, asook die geskiedenis van verskeie gedagterigtings later ook by kultuurgeskiedenis ingesluit is.

In die hoofstuk getiteld: “Unity and variety in cultural history”, kom Burke (1997:191) tot die gevolgtrekking dat hedendaagse kultuurhistorici vanuit die antropologie put om kultuurgeskiedenis te skryf. Onlangs het kultuurhistorici al hoe meer begin fokus op ontmoetings (“encounters”) asook botsings, konflik, stryd en invalle. Kultuurhistorici stel byvoorbeeld ondersoek in na die kulturele, ekonomiese, sosiale en politiese gevolge van kolonialisme (1997:201). Hy maan kultuurhistorici vervolgens om nie kultuur vanuit ’n homogene standpunt te bestudeer nie.

Weens die wye interpretasie van kultuur en kultuurgeskiedenis, is dit moeilik om ’n model te vind om struktuur aan enige kultuurhistoriese studie te gee (Green, 2009:vii). Burden is van mening dat daar ’n model gevind moet word “waarvolgens kultuurhistorici hulleself kan oriënteer binne hul eie vakdissipline en waarmee hulle hul spesifieke terreine van navorsing of belangstelling binne die raamwerk van kultuurgeskiedenis in perspektief kan plaas” (Burden, 2000:15).

Burden (2000:19) vervolg: “Kultuurgeskiedenis maak ’n studie van die kultuurproduk, die skeppingsproses wat dit tot stand gebring het, die stimulus wat die proses geïnisieer het, en van die samehang van of verbande tussen kultuurprodukte en die dimensies waarbinne hulle tot stand kom, dit is ’n studie waarbinne die skepper, die mens self, sentraal staan.”

Soos blyk uit hierdie studie en veral die tydperk wat dit omvat, het daar in Afrikanergeledere ’n dringendheid geheers om Afrikanerkultuur te bevorder. Dit is duidelik dat hierdie interpretasie van kultuur hoogs eensydig is. Soos Burke (1997:201) tereg sê kan kultuurgeskiedenis nie vanuit ’n homogene standpunt bestudeer word nie. Dit val egter buite hierdie studie om gedetailleerd te handel met ’n ontleding van die eensydige “kultuur”-aspek van kunskulturele studenteaktiwiteite aan die Universiteit binne ’n globale omgewing.


Burden (2000:19) se definisie van kultuurgeskiedenis blyk die duidelikste afgestem te wees op hierdie studie. Hierin word gehandel met die skeppingsproses wat kunskulturele studenteaktiwiteite tot stand gebring het (ontleding), die stimulus wat die proses geïnisieer het (onder meer die benutting van kunskulturele studenteaktiwiteite as bemarkingsinstrumente), die samehang van of verbande tussen kultuurprodukte (byvoorbeeld die impak wat kunskulturele studenteaktiwiteite op plaaslike, nasionale en internasionale vlak) en die skepper van die kunskulturele studenteaktiwiteite (hoofsaaklik studente) wat sentraal hieraan staan.

1.2.1.3 Burden se model


Die model wat Burden (2000:13-30) geskep het om die dimensies van kultuurgeskiedenis uit te beeld, is eiesoortig.

Sy gebruik ’n “driedimensionele voorstelling van die vlakke of dimensies waarbinne kultuurgeskiedenis funksioneer. Dit bestaan uit drie asse wat mekaar reghoekig sny en wat omring word deur 'n sirkel wat van die geheel ’n bal maak. Buite-om verskyn nog twee sirkels wat die sfere van die natuur en die bonatuurlike voorstel” (Burden, 2000:20). (Kyk na Figuur 1.)

Punt A op die vertikale as verteenwoordig geestelike kultuur, terwyl Punt B stoflike kultuur voorstel. Met geestelike kultuur word die ‘nie-tasbare’ bedoel en met stoflike kultuur, die ‘tasbare’. Kyk na Figuur 2 vir die moontlike hooftemas van kultuurgeskiedenis, soos dit op hierdie as versprei word.



FIGUUR 1: BURDEN SE DRIEDIMENSIONELE VOORSTELLING VAN DIE VLAKKE OF DIMENSIES WAARBINNE KULTUURGESKIEDENIS FUNKSIONEER (BURDEN, 2000:21).



FIGUUR 2: DIE A-B-AS MET AANDUIDING VAN MOONTLIKE HOOFTEMAS (BURDEN, 2000:22).

Punt C op die eerste horisontale as verteenwoordig die patrisiërkultuur. Burden omskryf dit: “Die patrisiërs is die deel van die samelewing wat deur ander volkskundiges soms die opperkultuurlaag genoem word.” Punt D verteenwoordig volkskultuur en word só deur Burden (2000:23) omskryf: “Die komponent volks- in volkskultuur of volkskunde verwys na die individu of groep wat kultuurprodukte skep waarvoor hulle nie formele, akademiese opleiding ontvang het nie.”

Punt E op die tweede horisontale as verteenwoordig eietydse kultuur, teenoor Punt F wat tradisionele kultuur verteenwoordig. Burden (2000:25) beskryf dit só: “In hierdie konteks word met

die term tradisioneel bedoel ’n verskynsel (dit kan 'n voorwerp, ’n gebruik, 'n idee, of ’n stuk taal wees) wat reeds deur die gemeenskap aanvaar is en as ’n tradisie van een geslag na ’n ander of van een groep na ’n ander oorgegee word. Daar word beslis nie die konnotasie van primitiwiteit hieraan geheg nie. Eietyds verwys na moderne of hedendaagse verskynsels wat nog nie as tradisies erken is nie. Daar word geen ouderdom aan enige van die twee begrippe gekoppel nie.”

Dit word vervolg dat die tydsdimensie die moeilikste is om in terme van kultuur te interpreteer. Wat die tydsdimensie betref, maar ook wat die ander asse betref, beklemtoon Burden dat daar geen middelpunt is waar die een element na die ander oorgaan nie. In terme van tyd, is die oorgang die vaagste.

Die laaste twee elemente van die illustrasie is die twee sfere rondom die sirkel. Dit, volgens Burden (2000:26): “verteenwoordig onderskeidelik die natuurlike omgewing en die bonatuur, die twee nie-mensgemaakte dimensies wat myns insiens albei direk of indirek ’n invloed uitoefen op die skep van kultuur en, die kultuurproduk wat tot stand kom.”

Ten einde die model te interpreteer, gebruik Burden sekere voorbeelde. Die gebruik van sekere tradisionele Afrikaanse kerke om nagmaalwyn in ’n beker te bedien hou verband met die geestelike aspek op die A-B-as, dit is ’n patrisiese gebruik (C-D-as) en is tradisioneel (E-F-as). Aan die ander kant van die spektrum word ’n plakkershut beskryf as stoflik, uit die volkskultuur en eietyds.

Hierdie studie, wat met die kunskulturele uitvoerende studentegroepe van die NWU, Potchefstroomkampus en sy voorgangers handel, kan dus in terme van Burden se model as volg geklassifiseer word. Op die A-B-as (geestelik-stoflik) val die studie beslis op die vlak van geestelike kultuurgoedere (kyk ook na Figuur 2 “Kunste”). Wat die C-D-as betref (patrisiër en volkskultuur), sny die studie aan by beide elemente. Veral in meer resente tye, hou die aktiwiteite meer verband met patrisiërkultuur (uitvoerings van die PU-Koor en die Boulevard Harmoniste) (NWU, 2014d), maar in die vroeër jare (Volkspele en PUK Alibama-boereorkes) (Anon., 1943b) was daar ’n sterk element van volkskultuur.

Wat betref die E-F-as (eietyds teenoor tradisioneel) was die kunskulturele aktiwiteite van uitvoerende studentegroepe, binne die era waarin dit plaasgevind het, altyd eietyds. As daar egter nou gekyk word na die aktiwiteite van die eerste PUK Alibama-boereorkes van 1943, is dit beslis tradisioneel, maar die beoefenaars van die kunskulturele aktiwiteite het dit as eietyds gesien.

1.2.2 “Ontleding”

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (Labuschagne *et al.*, 2000) beskryf die woord “ontleding” of “analise” as volg: “1. Splitsing van 'n geheel in sy bestanddele, ontleding. 2. Kritiese ondersoek van ’n saak.

1.2.3 “Besinning”

Eweneens word die woord “besinning” beskryf as “helder besef; volle bewustheid; inkeer; oordenking.”

Wanneer daar dus gepoog word om ’n ontleding van en besinning oor die kunskulturele studenteaktiwiteite aan die PU vir CHO vanaf 1980 tot 2014 te onderneem, is die bedoeling om dié aktiwiteite krities te ondersoek en te rekonstrueer binne die konteks van plek, tyd en omstandighede en ook om die waarde daarvan vir die universiteit self en vir die breër gemeenskap (op plaaslike, nasionale en selfs internasionale vlak) te beoordeel.

In sy artikel “Die betekenis van Alabama” in *50 Jaar Alabama* stel Bütow dit dat Alabama veral op drie terreine betekenis gehad het: beeldbou; verryking; en vermaak en die waarde van Alabama sal onder die drie punte bespreek word (Bütow, 1993c:24, 25). In die besinning oor die kunskulturele studentegroepe wat hier bespreek word, sal hierdie aspekte aangeraak word.

1.3 Probleemstelling

Dening (2013:9) skryf: “Forty years ago I discovered that my main historical ambition was to fill a certain sort of silence. It was the silence of those who for one reason or another had no voice, or whose voice was never their own but always someone else’s.” Dening sê verder dat daar voortdurend probeer word om vas te stel wat dié stilte beteken en hy kom tot die gevolgtrekking dat “those silences that come from the skewing processes of preservation in archives and memory, those silences of the powerless.”

Blignaut (2012:22) verwys ook na die problematiek van die “verbreking van stilte” in sy afdeling oor die Afrikanervroue in Suid-Afrikaanse historiografie, in “Volksmoeders in die kollig: ’n Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954”.

Fischer (1970), soos deur Smith (1989:317) aangehaal, meen dat die historikus ’n vryantwoordvraag moet vra oor gebeure in die verlede. Volgens hom word dié vraag beantwoord deur geselekteerde historiese feite wat gerangskik word in die vorm van ’n verklarende paradigma. “These questions and answers are fitted to each other by a complex process of mutual adjustment.” Aan die hand hiervan word dan ’n profiel geskep van die verlede en word hierdie profiel wetenskaplik verklaar.

Die grootste probleem wat ervaar word rakende die kunskulturele studenteaktiwiteite aan die Universiteit, sedert sy ontstaan in 1869, is die 'stilte' wat daar heers oor dié aktiwiteite. 'n Verdere probleem is dat daar nog nie 'n daadwerklike poging aangewend is om hierdie 'stilte' te verbreek nie.

Wat betref hierdie 'stilte' oor die geskiedenis van die aktiwiteite van uitvoerende studentegroepe van die NWU-PUK sê die outeur van *Wonderdaad...!,* PF van der Schyff (2003a:240): "Hierdie publikasie (is) geensins daarop ingestel is om 'n oorkoepelende beeld van die studentelewe op die PUK te bied nie ('n afsonderlike, indringende studie nodig, om reg te laat geskied aan die veelkantigheid en veelkleurigheid daarvan)."

Ten einde vertrekpunte te vind om 'n media-historiese studie aan te pak, ondersoek Rabe (2014) 'n benadering om 'n "'ware weergawe' van 'n 'verlede werklikheid'" te vind. Aspekte wat sy in aanmerking moes neem, is die veranderende konteks waarbinne haar studieobjek ontwikkel het. "This has to be done in the full knowledge that there are as many 'past realities' as there are lived experiences in the social, cultural, political and economic realities of the history of what today is South Africa – a country moulded by a legacy of almost 250 years of colonialism (1652-1910), followed by almost 40 years as Union (1910-1948), followed by almost 40 years of apartheid rule as Union and Republic (1948-1994; from 1961 as Republic), followed by democratic dispensation in 1994" (Rabe, 2014).

Rabe se studieonderwerp was Naspers. Dié maatskappy het ontstaan as 'n mediamaatskappy wat 'n sosiale, kulturele, ekonomiese en "mees belangrik" 'n politieke agent vir 'n eksklusiewe etniese groep was en gegroei het tot 'n multinasionale media-maatskappy. Sy reken dat die kompleksiteit hiervan opsigself oorweldigend kan wees.

Rabe kom tot die gevolgtrekking dat *evolusie* of *verandering* die konstante faktor in die opteken van geskiedenis is. Gevolglik kom Rabe uit by die teorie wat sy "morphing media" noem en sê dat dit 'n metafoor is vir die mediamaatskappy wat die onderwerp van haar studie is.

Hierdie studie oorspan die Suid-Afrikaanse apartheidsjare en die nuwe demokratiese bedeling ná 1994, wat 'n beduidende invloed op die Universiteit en gevolglik ook die kunskulturele studenteaktiwiteite gehad het. Eweneens het PUK Kunste en sy voorgangers sekere metamorfoses ondergaan.

Hierdie studie poog ook om 'n wyer kyk te gee na die "veelkantigheid en veelkleurigheid" (Van der Schyff, 2003a:240) van die aktiwiteite van uitvoerende kunskulturele studentegroepe. 'n Bron soos die PUK Kunste-versameling met sy meer as 300 lêers, benewens talle ander bronne, verdien

verdere studie. Dat dit nog nie gedoen is nie, dra by tot die problematiek rondom hierdie aangeleentheid.

Wat belangrik is, is die feit dat die PU vir CHO wyd gesien is as ’n leier op die gebied van die bevordering van kuns en kultuur. Selfs nadat soortgelyke buro’s en kantore as die PUK se Kultuurkantoor en PUK Kunste, by ander universiteite tot niet gegaan het en of selfs net ’n baie kleiner rol begin speel het, het dit by die Universiteit in een of ander formaat bydraes gelewer om die kunskulturele bedrywighede aan die Universiteit in plek te hou.

Aan die hand van dié bespreking kan die volgende algemene navorsingsvraag gevra word:

Watter bydrae sal die verbreking van die stilte lewer tot ’n beter verstaan van kunskulturele studenteaktiwiteite en tot die interpretasie van kulturele tendense in ’n studentegemeenskap?

1.4 Navorsingsdoelwitte

Die navorsingsdoelwitte van hierdie studie is:

Beskryf, ontleed en besin oor die teoretiese vertrekpunte rondom kuns en kultuur.

Beskryf, ontleed en besin oor die kunskulturele studenteaktiwiteite aan die PU vir CHO en sy voorgangers voor 1980.

Beskryf, ontleed en besin oor die georganiseerde kunskulturele studenteaktiwiteite aan die PU vir CHO van 1980 tot 2014.

Beskryf, ontleed en besin oor die aandeel van kunskulturele bedrywighede aan die PU vir CHO en NWU-PUK aan kunskulturele bedrywighede plaaslik, nasionaal en internasionaal.

Beskryf, ontleed en besin oor die verband tussen die bemarkingsinisiatiewe van die PU vir CHO en kunskulturele studenteaktiwiteite van uitvoerende groepe.

1.5 Navorsingsvrae

Wat is die teoretiese vertrekpunte rondom kuns en kultuur?

Wat het die kunskulturele studenteaktiwiteite aan die PU vir CHO en sy voorgangers voor 1980 behels?

Wat het die georganiseerde kunskulturele studenteaktiwiteite, met spesifieke verwysing na studenteorganisasies wat aan die studenteraad gepatroneer is, aan die PU vir CHO en NWU-PUK van 1980 tot 2014 behels?

Hoe het die kantoor van die studenteadviseur: kultuur van 1980 af ontwikkel tot PUK Kunste? Watter rol het dié kantoor gespeel om kunskulturele studenteaktiwiteite te bevorder?

Wat is die verband tussen die bemarkingsinisiatiewe van die PU vir CHO en NWU-PUK met die georganiseerde kunskulturele studenteaktiwiteite aan die Universiteit, veral ná 1965? Hoe is kunskulturele studentegroepe ingespan in die Universiteit se bemarkingspoging?

Wat was die aandeel van kunskulturele bedrywighede aan die PU vir CHO en NWU-PUK aan die kunskulturele bedrywighede plaaslik, nasionaal en internasionaal?

1.6 Navorsingsmetodes

Hierdie studie stel hom ten doel het om die verlede, ten opsigte van die kunskulturele studenteaktiwiteite van uitvoerende groepe aan die PU vir CHO en NWU, Potchefstroomkampus en die chronologiese gebeure daaromtrent, te rekonstrueer. (Vergelyk Mouton, 2001:170.) Die benadering tot die navorsing vir hierdie studie is in nou samehang met die literatuur beskikbaar.

1.6.1 Primêre bronne

Die belangrikste bronne was, met die aanvang van hierdie studie, te vinde in die argief van PUK Kunste, waar daar in vier vertrekke meer as 300 boogkniplêers, benewens foto's, plakkate en ander memorabilia bewaar is. Dié argief is die inisiatief van mnr Horst Bütow, wat vanaf 1980 in diens van die PU vir CHO was. Bütow het dié argief tot stand gebring in die lig van talle dokumente wat in studente se besit was in die verlede en verlore gegaan het. Daar is dus enkele bronne wat uit so ver terug as die 1950's dateer. PUK Kunste is ook in besit van enkele elektroniese bronne, onder meer die direkteur se jaarverslae sedert 2002. Bütow en Peet Ryke het ten tye van die twee groot Alabama-reünies in 1988 en 1993 groot moeite gedoen om soveel as moontlik Alabama-memorabilia te vergader. Dit is in 2016, saam met ander dokumente en artefakte van PUK Kunste, in die versameling van die NWU Institusionele Argief en Museum opgeneem. Hierbenewens is daar steeds in die rekords van PUK Kunste, bronne beskikbaar, veral wat betref die Boulevard Harmoniste, die Serenaders en Divaco, wat vir hierdie studie benut is.

Wat verdere primêre bronne betref, is die NWU Institusionele Argief en Museum in besit van onder meer die studenteraadnotules wat op hierdie studie van toepassing is. Die NWU Argief is ook in besit van foto's, veral dié in die Piet Fotokuns-versameling. Piet van Maarleveld, die fotograaf het onder meer oor baie jare al die reklamefoto's vir Alabama geneem.

Nadat daar gemeen is dat dié uiters belangrike bron verlore is, het die plakboek, wat in 1976 deur Awie van Wyk (Van Wyk, 2014) spesiaal laat maak is en bygewerk is tot en met 2001, tydens 2014

weer na vore gekom. Die formidabele boek is sowat 80 X 45 cm groot en 18 cm dik. Dit is in 2014 aan die NWU Argief geskenk. Dié plakboek bevat anekdotes oor en foto's en programme van die Koor.

1.6.2 Sekondêre Bronne

Verdere sekondêre bronne sluit in publikasies wat reeds oor die geskiedenis van die Universiteit verskyn het, onder meer *Wonderdaad...!* deur prof P van der Schyff en die omvattende werk wat onder redakteurskap van prof Elize van Eeden in 2006 gepubliseer is, *In U Lig.* Heelwat anekdotes is opgeteken in die twee volumes *Sages en Legendes* deur Van der Schyff, wat in 2003 en 2006 verskyn het. Prof JS du Plessis het in 1975 die werk *Geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys 1919-1951* gepubliseer, terwyl *My erfenis is vir my mooi*: *gedenkboek by die eeufees van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys* van GCP van der Vyver in 1969 verskyn het. Onder redaksie van Kobus van der Walt is *50 Jaar Alabama* in 1993 gepubliseer.

Sekondêre bronne in besit van die NWU Argief en Museum sluit 'n volledige versameling van die jaarboek, *Die Besembos,* tot 2002, toe dit ophou verskyn het; *Die Veteraan,* 'n nuusblad vir oudstudente en die daaropvolgende *PU-Kaner* wat 'n waardevolle bron is betreffende kunskulturele studenteaktiwiteite.

Elektroniese publikasies en nuusvrystellings op die NWU se webwerf verskaf meer resente nuus.

Die Ferdinand Postma-biblioteek is in besit van 'n volledige stel van die studentekoerant, *Wapad*, sedert dit in 1946 die eerste keer verskyn het. Daar is, en word steeds, dikwels oor kunstesake verslag gedoen.

1.6.3 Onderhoudvoering

Onderhoudvoering is 'n belangrike komponent van hierdie studie, want talle van die rolspelers is daarvoor beskikbaar. Dit sluit in Horst Bütow, voormalige direkteur van PUK Kunste, Peet Ryke, asook Chris de Bruyn van die Artéma Instituut vir Kunstebestuur, Pieter de Bruin, voormalige musiekleier van Alabama, Johan van Rensburg, bekende orkesleier en skepper van Alabama se revuestyl-aanbieding en Awie van Wyk, voormalige koorleier van die PU-Koor en Kobus Venter, huidige leier van die Koor. Theo Cloete en veral Chris Windell lewer waardevolle insette oor die bemarkingstrategieë van die Universiteit, veral wat betref die benutting van uitvoerende groepe. Windell is in 1975 aangestel as skakelbeampte by die PU vir CHO. Hy het in 1982 direkteur van die Departement Openbare Betrekkinge geword en het in 1995 afgetree. Sedertdien is hy steeds as fondswerwer aan Bemarking en Kommunikasie van die NWU, Potchefstroomkampus verbonde (Windell, 2015). Cloete is in 1982 as fondswerwer in die Departement Openbare Betrekkinge

aangestel. Hy het in 1995 hoof van Alumni en Fondswerwing geword en in 1998 direkteur van Openbare Betrekkinge van die PU vir CHO. Dit het later as Bemarkingsdienste bekendgestaan en is teen 2015 die direkteur van Bemarking en Kommunikasie van die NWU, Potchefstroomkampus (Cloete, 2015).

1.6.4 E-poskommunikasie

As gevolg van fisiese beperkinge (onder andere respondente wat oorsee was of ver bly), kon onderhoude nie met alle rolspelers gevoer word nie. Kort vraelyste is aan dié rolspelers gestuur. Dit sluit in voormalige voorsitters en leiers van die NWU-PUK Simfonieorkes en Disfunctional Beat en die voog van Divaco.

1.7 Beperkings

Beperkings sluit onder meer in bronne wat verlore gegaan het, hetsy deur ’n gebrekkige bewustheid van die waarde daarvan of tyd- en ruimtebeperkings om bronne te bewaar. In sy 1981-verslag as studenteadviseur: kultuur, het Horst Bütow (1981a:6) spesifiek daarvan melding gemaak. “Alhoewel daar reeds begin is met die versameling van argiefstukke van verskeie studenteverenigings en die Studentesentrum, sal daar in die toekoms meer ernstig aandag aan die saak gegee moet word. Dit is besonder betreurenswaardig om vas te stel hoe min argiefstukke van bogenoemde in die verlede versamel is.”

Eksterne bronne, wat nie gegenereer is binne die Universiteit nie, is skaars en bestaan in sommige gevalle nie. Ten opsigte van die PU-Koor, die Alabama Studentegeselskap en die Boulevard Harmoniste het koerantknipsels met resensies van publikasies anders as die studentekoerant, *Wapad,* en publikasies van Openbare Betrekkinge, soos die *PU-Kaner, Die Veteraan* en *Kampusnuus* behou gebly. Dit is helaas nie die geval met van die ander groepe nie.

Hoewel dit beslis as kunskulturele aktiwiteite gesien kan word, dek hierdie studie nie die aktiwiteite van akademiese departemente wat met die kunskulturele te doen het nie, ten spyte daarvan dat dit dikwels nou aansluit by die kunskulturele studenteaktiwiteite. Dit sluit in die bestaande Skool vir Musiek, die Departement Spraakleer en Drama en die Departement Beeldende Kunste, laasgenoemde twee het tot 1993 bestaan.

Uitvoerende studentegroepe wat bestaan het uit ingeskrewe studente van die PU vir CHO en NWU-PUK, maar nie as liggame onder die Kultuurraad en later die Kunsteraad gepatroneer is nie, word ook uitgesluit van hierdie studie. Ter wille daarvan om ’n gebalanseerde beeld te gee, is bylaag 7, getiteld “Ander uitvoerende studentegroepe”, ingesluit. Dit sluit in groepe, orkeste of *bands,* soos

dit in die omgangstaal bekendstaan, wat bestaan het uit studente van die Universiteit en nasionaal bekend geword het of presteer het.

Alhoewel liggame soos debatsverenigings en skaakklubs, wat hulle nie *per se* met die uitvoerende of beeldende kunste besig gehou het nie, van tyd tot tyd deel van die oorkoepelende liggame (Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur [ABKK], Kultuurraad en Kunsteraad) gevorm het, word dit ook uitgesluit.

HOOFSTUK 2
Literatuurstudie en agtergrond ten opsigte van die beoefening van kunskulturele studenteaktiwiteite aan die PU vir CHO en NWU-PUK

Weens die tydsverloop sedert kunskulturele aktiwiteite sy beslag aan die Universiteit gekry het, het verskeie faktore oor die jare daarby ’n rol gespeel. Agtergrond tot hierdie elemente, wat in hierdie hoofstuk beskryf word, sluit in die taak van ’n universiteit, oorsig oor die geskiedenis van die Universiteit, die kultuurtaak, aldan nie, van ’n universiteit, benutting van groepe as bemarkingsinstrument, wat aansny by reputasiebestuur. Aspekte wat ’n rol speel by die ontstaan en beëindiging van kunskulturele studentegroepe en agtergrond tot die studentetoere word ook verskaf.

2.1 Literatuur oor kunskulturele studenteaktiwiteite

Literatuur oor kunskulturele studenteaktiwiteite aan universiteite is nie geredelik beskikbaar nie. Afgesien van die bronne, wat betrekking het op die Universiteit en wat genoem is in paragraaf 1.6.2 hierbo, sny bestaande publikasies hoofsaaklik aan by enkele van die onderwerpe wat hier bespreek is, maar dek dit nie volledig nie. Hierdie bronne word in die toepaslike hoofstukke bespreek.

Die aard van die ontwikkeling van die ondersteuning van kunskulturele groepe, soos dit aan die Universiteit ontplooi het, en soos in hierdie studie uitgewys word, maak dit ook uniek in Suid-Afrika en eweneens kon daar, wat hierdie aspek betref, nie bronne gevind word nie om hierdie studie aan te spieël. Bestaande literatuur wat wel op aspekte wat hierin bespreek word van toepassing is, word weer eens in die toepaslike hoofstukke bespreek.

FJ Kok se doktorale proefskrif: *Die taak van kultuurorganisasies in minderheidsgroepe* (1992), bevat raakpunte, terwyl J Bronner se *Campus tradidions,* oënskynlik lyk of dit dieselfde tema dek. Hierdie publikasie het te make met aspekte soos oriëntering, “sports” (nie sport nie) en die tradisies op verskeie kampusse van universiteite in die VSA. Dit dek egter nie die veld van kunskulturele studenteaktiwiteite nie. Morrow *et al.* (2000) se artikel *Assessing campus climate of cultural diversity: a focus on focus groups* ondersoek diversiteit op kampusse deur middel van vraelyste en fokusgroepe en illustreer hoe inligting uit fokusgroepe kwantitatiewe navorsing kan aanvul. Hoewel kulturele verskeidenheid in hierdie studie na vore kom, werp Morrow *et al.* se studie nie veel lig op hierdie studie anders as dat dit uitwys dat daar kulturele diversiteit bestaan. Morrow *et al.* fokus meer daarop hoe data uit vraelyste inligting bekom uit fokusgroepe kan aanvul.

2.2 Ondersteuning van die kunste as deel van die taak van ’n universiteit

Die NWU-PUK en sy voorganger, die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), het oor baie jare die kunskulturele aktiwiteite van studente nie alleen ondersteun nie, maar daadwerklik dit as ’n belangrike faktor van studentelewe uitgebou (Bütow, 2014a).

Dit is teenstrydig met die tradisionele siening dat die hooftake van ’n universiteit opvoeding en navorsing is. Stelmach (2012) verwoord dit só: “A prevailing characteristic of universities is their commitment to instruction in all branches of knowledge and to original research that advances knowledge.”Die NWU sê in sy missieverklaring dat hy daarna streef “om ’n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word en sy kundigheid op ’n innoverende wyse te implementeer. Die Universiteit sal dit bereik deur sy waardes uit te leef en na gesonde bestuur en transformasie te streef, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees” (NWU, 2015b).

Toe daar in 1985 ’n verslag opgestel is oor die daarstelling van ’n sentrale kunsgalery vir PU vir CHO, word hierdie definisie van ’n universiteit in die verslag daaroor aangehaal: “The university is a small community of intellectually talented people separated from the larger society and united internally by respect for knowledge and a love of learning that is involved in a search for truth and the perpetuation of high culture and civilized living” (Anon., 1993a).

Laasgenoemde twee aanhalings noem “balans” en om kultuur te beoefen. Bütow (2014a) reken dat dié balans aan die NWU-PUK teweeggebring word deur studente nie alleen akademies te onderrig nie, maar ook as “gebalanseerde persone” vir ’n volwasse toekomstige lewe voor te berei deur hulle eweveel geleentheid te bied om kultuur en sport te beoefen tydens hulle studentejare. Dit word daarin gereflekteer dat toe die naam van die Departement Kultuur na PUK Kunste verander is in 2009, dit gedoen is sodat dit as ’n parallelle eenheid teenoor PUK Sport kon staan, “beide nodig om aan studente ’n gebalanseerde studentelewe te bied” (Eastes, 2010).

Dit was ook reeds in 1991 die mening van die rektor prof Carools Reinecke. In sy boodskap in die Alabama-program skryf hy: “Ons Universiteit as akademiese instelling plaas ’n hoë premie op die ontwikkeling van ons studente as totale mense; talentontwikkeling en die bevordering daarvan is daarom deel van ons taak en ons erns” (Reinecke, 1991:3).

2.3 Oorsig oor die geskiedenis van die NWU

Die ontwikkeling van kunskulturele studenteaktiwiteite moet gesien word teen die agtergrond van die geskiedenis van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus.

Die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk het op 29 November 1869 met vyf studente op Burgersdorp sy deure geopen (Du Plessis, 1975:1). In 1876 word ’n Literariese Departement in die lewe geroep met P Postma as eerste literariese professor (Anon., 1969a:15).

Na die Anglo-Boereoorlog verhuis die Teologiese Skool en sy Literariese Departement na Potchefstroom in 1905, nadat dr JD du Toit, beter bekend as die digter Totius, toe die predikant van Gereformeerde Kerk, Potchefstroom, daarvoor voorbrand gemaak het (Van der Schyff, 2003a:81).

Nadat hy nie die mas kon opkom om die inrigting finansieel te onderhou nie, het die sinode van die Gereformeerde Kerk in 1913 gevra dat stappe gedoen moet word om vir subsidie by die regering aansoek te doen (Anon., 1969a:15). Dié subsidie is toegeken op voorwaarde dat die Literariese Departement en die Teologiese Skool geskei word. Vanaf April 1919 het die Literariese Departement bekendgestaan as Het Potchefstroomse Universiteitskollege voor Christelike Hoger Onderwijs (PUK) (Coetzee, C., 1939:249).

Die inlywing van die PUK by UNISA in 1921 was vir die belanghebbendes by dié kollege ’n bitter pil om te sluk, omdat die PUK sy “van”, “voor Christelike Hoger Onderwijs”, verloor het. Daar is onvermoeid geywer om dit te herstel en in 1933 word ’n privaatwetsontwerp deur die Parlement aanvaar tot dié effek (Prinsloo, 1988:68, 69).

Du Plessis (1975:60) sê dat die ideaal steeds gebly het om selfstandig te word en dit het met nog ’n privaatwetsontwerp plaasgevind (1975:76). Die selfstandigwording is op luisterryke wyse gevier tydens ’n feesweek van 14 tot 17 Maart 1951 (PU vir CHO, 1951:2, 3). Hierna het die PUK amptelik bekend gestaan as die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Die PU vir CHO, die Universiteit van Noordwes, die Vista Universiteit se Sebokeng-kampus en die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO het in 2004 saamgesmelt om die Noordwes-Universiteit te word met dr Theuns Eloff as die eerste visekanselier (NWU, 2014c).

Ten einde omslagtigheid te vermy word daar hierin verwys na “die Universiteit” (met ’n hoofletter “U”) en daarmee word bedoel die liggaam wat vroeër die PU vir CHO was en teen 2014 die NWU-PUK.

2.4 Oorsig oor die vroeëre kunskulturele aktiwiteite van studente

2.4.1 Vroeë kunskulturele liggame

Hierin sal oorsigtelik gehandel word oor die vroeë kunskulturele aktiwiteite van studente. Ter wille van kontinuïteit sal spesifieke kunskulturele studenteaktiwiteite, soos byvoorbeeld

toneelopvoerings, kore en die vroeë geskiedenis van die Alabama Studentegeselskap, wat voor 1980 plaasgevind het, in die hoofstukke wat oor dié spesifieke aspekte handel, ingesluit word.

Die buitemuurse of studenteaktiwiteite van die eerste studente wat vanaf 1869 aan die Teologiese Skool in Burgersdorp studeer het, is onbekend. Schulze (1919:26) reken dat daar voor die stigting van die Studenten Letterkundige en Debat-Vereeniging genoeg verenigingslewe was.

Van der Schyff (2003a:42) skryf dat die eerste georganiseerde studenteliggaam uit 1889 dateer. Nadat daar in Augustus 'n "Studenten Letterkundige en Debat-Vereeniging" (SLDV) gestig is wat tweeweekliks Saterdagaande vergader het, het dié vereniging met die 20-jarige bestaansviering 'n "Entertainment" aangebied.

Gemelde JD du Toit het as student aan die Teologiese Skool in Burgersdorp in 1897 'n "Studenten Muziek Vereeniging" gestig (Van der Schyff, 2005:61) "om *de schoone gave van muziek te beoefenen en te genieten*" (NWU, 2009a:11). Die orkes het in 1902 nog gefunksioneer, soos blyk uit 'n foto van die orkes wat uit dié jaar dateer (Van der Schyff, 2005:61).

In 1894 is die Korps Veritas Vincet gestig (Schulze, 1919:26). Dié vereniging het tot stand gekom met die hoofdoel: "dat die 'senior studente darem op ietwat hoër vlak binne die wye en oop 'studente'-gemeenskap van destyds, insluitende persone van die heel laagste standerds kon kommunikeer" (Van der Schyff, 2003a:52). Die aktiwiteite van Korps Veritas Vincet het vir jare aan die kern van studenteaktiwiteite gestaan.

Na die verhuising na Potchefstroom in 1905, het die beoefening van kunskulturele bedrywighede weer herleef. Wat musiekbeoefening betref is in 1908 'een string band' gestig en toe JD du Toit in 1911 professor aan die Teologiese Skool word, was hy volgens Van der Schyff heel waarskynlik die inspirasie agter die stig van die Aurora Sang- en Musiekvereniging wat dié jaar gestig is (Van der Schyff, 2005:61).

In 1914 het Korps Veritas Vincet die ideaal gehad om 'n "ommekeer te bring in die Suid-Afrikaanse volk" (Schulze, 1919:34). "Daar werd gepraat van die oprigte van spreekgeselskappe en van die stigte van 'n vereniging 'ter bevordering van taal, letteren en kunst.'"

Dit blyk egter dat die dosentegeledere van die Teologiese Skool nie positief gesteld was teenoor toneelopvoerings nie. Hattingh skryf: "Daar was egter steeds geloofsbesware teen die toneelbeoefening, onder meer deur prof Jan Lion Cachet wat dit in 1909 probeer teenwerk het dat die Akademie voor taal, letteren en kunst hom ook sou beywer vir die toneel" (Hattingh, 2010:17).

Toe daar egter in 1919 geld ingesamel moes word vir die herstel van die tennisbane van die Teologiese Skool (dit het verwaarloos tydens die griepepidemie van 1918), is daar besluit om in

samewerking met die Debat en Kultuurvereniging *Susanna Reyniers* op te voer, wat "dan ook onlangs ten tonele gebring (is) met skitterende sukses" (Schulze, 1919:88). In die vroeë twintigerjare word 'n toneelstuk in die stadsaal deur studente opgevoer. Wegelin skryf: "Ook die studente van die PUK voer 'n toneelstuk op naamlik *Reg bo reg* van Jan FE Cilliers." Gedurende die pouse het die PUK-orkes onder leiding van G Munstra verskillende passende melodieë gespeel (Wegelin, 1965:187).

Kunskulturele studenteaktiwiteite het dus klein begin van "'n string band", toneelopvoerings om geld in te samel om die tennisbane te herstel en die eerste toere van 1929.

In 1926 het toneelbedrywighede op die PUK "begin", aldus die 1975-program van die Thalia Toneelgeselskap (Anon., 1975a), met die stig van die Amicitia-vereniging. Dié vereniging het in 1927 doodgeloop. Verdere toneelaktiwiteite word bespreek in die hoofstuk wat handel oor die Thalia Toneelgeselskap.

Die vroegste koor aan die PUK is in 1943 gestig. Volgens *Die Veteraan* van 1944 is 'n koor aan die begin van 1943 gestig, "wat sedertdien hoog presteer het. Vanjaar (1944) bv het die koor die groot Oratorio van Haydn, nl 'Die Skepping' aangedurf en met soliste uit Pretoria en Johannesburg drie agtereenvolgende uitvoerings gegee wat baie goed ondersteun is" (Anon., 1944a:29). Verdere kooraktiwiteite word bespreek in die hoofstuk oor die Koor.

Die Alabama-Boere-orkes is in 1943 gestig. Dié orkes het landswye toere onderneem wat wyd byval gevind het by gehore (Van der Schyff, 2005:64). Wat die styl van optrede betref, het die verskeidenheidskonsert-styl, soos blyk uit die items in die eerste program van 1943, bly voortbestaan tot aan die einde van 1960, waarna daar besluit is om operettes op te voer (Anon., 1943a:2, 3).

In 1960 is daar dus begin met die opvoering van operettes. Roothman (1963:45) sê dat daar sedert 1943, toe die eerste Alabama-toer plaasgevind het, talle reisende geselskappe die platteland besoek het en die "vreemde bekoring" wat Alabama se program vir gehore gehad het, het verdwyn.

Johan van Rensburg, wat in 1964 die musiekleier van die Alabama Studentegeselskap geword het, is van mening dat die opvoer van operettes sy eie beperkings gehad het (Van Rensburg, 2014).

Met die ondersteuning en aanmoediging van mnr HM Robinson, wat verbonde was aan die Departement Ontwikkeling, is die revuestyl ontwikkel. Nadat die orkes en koor tydens die Lentekonsert sonder choreografie opgetree het, het Nesco du Toit, toe bibliotekaris op Klerksdorp, 'n Alabama-oefening bygewoon en voorgestel dat die koor oor die verhoog beweeg. "Daar is die choreografie gebore" (Van Rensburg, 2014).

Nadat daar na 1967 begin is om bestaande studenteaktiwiteite, soos die optredes van die Alabama Studentegeselskap, in te span vir werwingsgeleenthede (Van Eeden, Bütow & Ryke, 2006:384), is daar van owerheidsweë toenemend klem daarop gelê om die aktiwiteite van uitvoerende studentegroepe aan te moedig en te ondersteun.

2.4.2 Oorkoepelende liggame

In 1945 is die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur (ABKK) as onderliggaam van die Studenteraad (SR) gestig. In die jaarverslag van die SR word dit só beskryf (Kruger, 1945:9):
Die ABKK as skakelkomitee, wat die kuns en kulturele sake in die studentlewe moet behartig, het hierdie jaar nog nie veel presteer om sy bestaan ten volle teregverdig nie, omdat die funksies en belange wat die bestuur moes behartig nog nie presies bepaal was nie. Deurdat die konstitusie gedurende die jaar eindelik voltooi is, sal daar egter van aanstaande jaar af met alle erns gewerk kan word." Teen 1965 word gesê dat die ABKK "in 1945 in die lewe geroep is om as samesnoerende liggaam op te tree vir die wydvertakte kunskulturele organisasies aan die Universiteit (Van der Merwe, C.N., 1965a:1).

Die funksies van die ABKK was om skakeling te bewerkstellig tussen die Kultuurraad van Potchefstroom, die FAK, die ATKV (Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging) en ander kultuurorganisasies. "Hulle het ook jaarliks 'n program opgestel vir aksies soos *sing-songs* voor Intervarsity, die deelname aan die ASB-kunstefees, die reël van kultuurfeeste en die samestelling van 'n sangbundeltjie" (Van Eeden *et al.,* 2006:281). Nadat die PW Buys-trofee in 1955 ingestel is, notuleer die ABKK op 9 September 1958 dat die "PW Buys-trofee word, volgens 'n SR-besluit toegeken aan 'n individu en nie aan 'n liggaam nie. Op grond van: individuele prestasies, wat die persoon doen vir onderliggame as geheel onder die ABKK (ABKK, 1958).

Teen 1965/66 het die ABKK self 'n *Sing-songs*-komitee, die Kunsfeeskomitee en 'n komitee vir fotografie en beeldende kunste gehad. Voorts het die Ontspanningskomitee en Diskoteekkomitee deel van die groep gevorm, terwyl die volgende onderliggame lid van die ABKK was: Alabama Studentegeselskap, PU Debatsvereniging, PU Skaakklub, Thalia Toneelvereniging, PU Volksanggroep, PU Volkspelelaer en Universiteitskoor (Van der Merwe, C.N., 1965a:1).

In 1975, toe die SR se naam verander het na Sentrale Studenteraad (SSR), is die Algemene Ontspanningsbestuur (AOB – voorheen deel van die ABKK en die SSB) gekonsolideer as die Kultuur-raad van die SR (Van Eeden, 2006:251). 'n Ongedateerde grondwet van die Kultuurraad (ongeveer 1975), spel die take van die Raad as volg uit:

Die beginsels van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing op die terrein van kuns-kultuur en ontspanning te bevorder met toespitsing op die Afrikaanse Kuns-Kultuur en Ontspanning.
Op georganiseerde vlak die spesifiek kuns-kulturele en ontspanningsbelange van die studentegemeenskap te behartig.
Die werksaamhede van die liggame van die Kultuurraad te koördineer (Kultuurraad, 1975?).

Die Kultuurraad reël in 1984 'n kultuurkonferensie waarby hulle alle Afrikaanse universiteite en kolleges wou betrek. In 'n brief om dit bekend te stel word die rede vir die konferensie só verduidelik:
Na aanleiding van die teenswoordige kulturele insinking en onbetrokkenheid wat ons onder die studentemassa op ons kampus opmerk, het ons dit goed gedink om saam met die kulturele leierskorps van ander kampusse bietjie koppe bymekaar te sit om nuwe idees uit te ruil en probleme wat ondervind word, te bespreek (De Beer, 1984).

Die hoofspreker by dié konferensie was prof Carel Boshoff.

Die Kultuurraad het in 1990 verskeie projekte gehad. Dit sluit in die Eerstejaarskonsert, die kultuurtoer, die Standard Bank Kampustalentfees, die Sêrkompetisies, 'n Blokskilderkompetisie wat op Lentedag gehou is en 'n straatmark in die Wandellaan elke maand. *Wapad* van 6 Februarie vervolg dat die Raad ook volkfeeste bevorder. Die slag van Amajuba is van 23 tot 25 Februarie by Majuba in Natal herdenk en ook 21 Februarie, Totius se sterfdatum (Anon., 1990f:3).

In 2007 word veranderings aan die struktuur van die SSR aangekondig, wat die Kultuurraad grootliks beïnvloed. *Wapad* berig op 17 Oktober dat 'n besluit geneem is om nie-uitvoerende kultuuronderliggame te skuif na die Verenigingsraad. Slegs uitvoerende kultuuronderliggame sou onder die Kultuurraad ressorteer. Dié veranderings sou in 2008 geïmplementeer word (Viktor, 2007:6).

Die *PUK Gids* van 2008 noem dat die liggame wat dus onder die Verenigingsraad val die volgende insluit: DAS (Deutsch Afrikanischer Studentebund), Landsdiens, Voortrekkers, GK267, Filmvereniging, Dumelang Intercultural Society, Le Cercle Francais, Wyngilde en Jagger Bequest Society.

Liggame wat dus insgelyks steeds onder die Kultuurraad geressorteer het was: Die PUK-Koor, Boulevard Harmoniste, Alabama Studentegeselskap (wat hulle laaste toer in 2007 onderneem het, maar herskep is na 'n produksiehuis), PUK-Serenaders, Cheerleaders, Thalia Toneel, Buzzin' Blaasensemble, Teater Tegnies, Divaco, Muse Poesy en Disfunctional Beat (Anon., 2008c:25, 26).

Met die totstandkoming van PUK Kunste in 2010, word daar terselfdertyd besluit om die naam van die Kultuurraad te verander na die Kunsteraad (Eastes, 2010). Dié naamsverandering van die

Departement Kultuur en die SSR Kultuurraad, is volgens Bütow, toe direkteur van PUK Kunste, gemaak “omdat hulle hoofsaaklik met die kunste werk en die woord kultuur ’n baie breë begrip is wat oor tyd ’n ander betekenis gekry het. “Ons taak is om die kunste te bevorder en nie breë kultuur nie” (Eastes, 2010).

Skakeling tussen die ATKV en die Universiteit het in die sestigerjare tot stand gekom. Veral na die stigting van die Kultuurkantoor in 1980 het verskeie gesamentlike projekte tussen die ATKV en PUK Kunste en sy voorgangers gevolg, soos verder uitgewys sal word. Die goeie samewerkingsverhouding bestaan vandag steeds (Lemmer, 2017). Die ATKV se webblad gee die volgende agtergrondsinligting: *Die ATKV is in 1930 in Kaapstad deur twaalf mense gestig as ’n organisasie waar mense die lekkerte van Afrikaans-wees met mekaar kon deel. Vandag is dit dié Afrikaanse kultuurtuiste met ongeveer 70 000 hooflede en 30 kultuurprojekte per jaar wat bykans 55 000 inskrywings genereer en meer as 220 000 mense regstreeks betrek!* (ATKV, 2017).

Kok (1992:113) omskryf verder: “Hierdie organisasie, waarvan net Spoorwegamptenare lede kon wees, se doelstellings was om Afrikaans binne sowel as buite die Spoorwegdiens te bevorder en om In lewendige belangstelling in die Afrikaanse kuns en kultuur aan te kweek.”

Die ATKV beskryf hom op sy webblad as volg: “’n Moderne voorlopermaatskappy wat dit regkry om op ’n volhoubare wyse sosiale en ekonomiese vooruitgang (te) kweek en sodoende (te) verseker dat die Afrikaanse lewende erfenis uitgebou en bewaar word” (ATKV, 2017).

2.5 Benutting van uitvoerende studentegroepe vir werwing en bemarking

Vanaf die laat twintigerjare het uitvoerende studentegroepe wat toere onderneem dit gedoen om geld in te samel en die PUK bekend te stel (Anon., 1989b:45). Van die Universiteitsbestuur se kant was daar nie veel betrokkenheid daarby nie, behalwe om toe te sien dat die opvoerings van so ’n aard is dat dit nie die Universiteit se naam skaad nie. Dus is keuringsaande gehou (Van der Walt, 1993:5) en dié keuring is deur die Studenteraad behartig. Tydens dié keuringsaande het die groepe hulle voorgenome program voor die Studenteraad en verteenwoordigers van die Universiteitsbestuur opgevoer. Alleen na die goedkeuring van die keurders kon die toer voortgaan.

Teen 2006 blyk dit steeds die geval te wees, aangesien *In U Lig* meld: “Die sogenaamde toergroepe, waaronder Alabama, Thalia, die PU-koor, PU- Serenaders, PU-Kaners en die Boulevard Harmoniste getel het, was merendeels daarop ingestel om nie net kultuur as sodanig te beoefen nie, maar ook om die beeld van die PUK na buite te bevorder” (Ryke & Bütow, 2005:281).

2.5.1 Bemarking van universiteite

Scheepers (2000:76) definieer bemarking in die konteks van tersiêre instellings as volg: “Marketing exists when people decide to satisfy their needs and wants through exchange. Most educational institutions obtain the resources they need through exchange. Exchange is the act of obtaining a desired product or benefit from someone by offering something in return.”

Volgens Scheepers (2000:76) het skole en kolleges hulleself nog altyd bemark. Dit was egter vroeër nie formeel georganiseer nie. Daar is die minimum geld daaraan spandeer en daar is nie juis veel aandag gegee aan die beginsels van bemarking soos toegepas in industriële en kommersiële organisasies nie. Scheepers meen dat dit vinnig aan die verander is en tersiêre instellings besef het dat hulle met meer energie en entoesiasme bemarking moet doen. Alhoewel Scheepers dié stelling in 2000 maak, het prof Bingle dié noodsaaklikheid reeds in die sestigerjare besef.

Alhoewel Kempen se proefskrif “Bemarkingsbeplanning van technikons in die Republiek van Suid-Afrika” uiteraard op technikons van toepassing is, geld talle van die beginsels van bemarking daarin uitgespreek ook op universiteite. Kempen (1991:69, 70) onderskei sewe kenmerke van bemarking:

** bemarking is ’n bestuursproses wat analise, beplanning, toepassing en kontrole impliseer;*
** sorgvuldige opgestelde programme vorm die basis vir die beplanning van bemarkingshandelinge;*
** die voordele wat die bemarker aan die teikengroep aanbied, is in so ’n mate aantreklik dat dit ’n vrywillige ruilproses tot gevolg het;*
** in bemarking word die aanbieding gerig op ’n spesifieke segment van die mark;*
** die doel van bemarking is om die organisasie se doelstellings te verwesenlik;*
** in bemarking word die aanbieding van die organisasie gerig deur die teikengroep se behoeftes en begeertes, eerder as deur die smaak en voorkeur van die verkoper;*
** bemarking maak gebruik van en koördineer vier veranderlikes (produkontwerp, prys, kommunikasie en distribusies) om die verbruiker se behoeftes te bevredig en die organisasies se mikpunte te bereik.*

Kempen kom tot die gevolgtrekking dat bemarking beskou kan word as die skakel tussen die gemeenskap se behoeftes en die bevrediging daarvan deur die onderneming/technikon – of in hierdie geval dié universiteit (1991:70). Hy vervolg dat openbare skakeling die klimaat behoort te skep waarbinne dit vir die bemarker makliker sal wees om sy produkte en dienste te bemark (1991:105). Dit is dus ’n instrument om bestuur behulpsaam te wees in die bemarkingsproses (1991:111). Hy reken: “Die openbare skakelprogram is die totale program wat deur ’n technikon aangewend word om begrip en steun vir sy onderrigpoging en ontwikkeling daar te stel” (Kempen, 1991:116). Die openbare skakelprogram moet dus die volgende funksies behels: inligtingsdienste;

publikasies; openbare skakeling; alumni- en studentebetrekkinge; fondsinsameling; mediabetrekkinge, kampusbesoeke; funksies; en spesiale aangeleenthede" (1991:117).

In die hoofstuk oor die Alabama Studentegeselskap sal uitgewys word hoe daar deur die Universiteit te werk gegaan is om dié geselskap te benut vir die bemarking van die Universiteit en hoe Alabama-optredes die Universiteit in staat gestel het om 'n rol te speel in feitlik al die bogemelde funksies, terwyl ander kunskulturele studentegroepe in etlike hiervan 'n rol gespeel het.

2.5.2 'n Oorsig oor die ontwikkeling van skakeling en fondswerwing aan die PUK en PU vir CHO.

Hierdie oorsig word gee as agtergrond tot die besinning oor die benutting van kunskulturele groepe aan die PU vir CHO vir bemarking.

Studentewerwing en fondsinsameling het vanaf die stigting van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk, hoofsaaklik berus op beroepe op dié kerkgemeenskap. In 1911 maak Sarel G Yssel, 'n diaken van Potchefstroom, die voorstel in 'n skrywe aan *Die Kerkblad* dat persone 'n koei aan die inrigting skenk (Van der Schyff, 2003a:123). "Het vee word gegeven op voorwaarde dat die aanteelt verkocht en de opbrengste aangewend sal worden om de te benoemen Professor(en) te salarieren (Anon., 1912:6). Die "koestelsel", soos dit bekendgestaan het, was suksesvol (Van der Schyff, 2003a:122).

Die aanstelling van die Van der Horst-kommissie was die voorspel tot noodgedwonge pogings deur die PUK om enersyds fondse in te samel en andersyds sy beeld na buite te verbeter.

Volgens Du Plessis (1975:41) is dié kommissie, met JGP van der Horst as voorsitter in April 1927 benoem:
om ondersoek in te stel, getuienis af te neem en aanbevelings te doen omtrent: die afbakening van die funksies van universiteite en tegniese kolleges; die moontlikheid en wenslikheid om, met die oog op besuiniging en groter doeltreffendheid, 'n basis van samewerking tussen universiteite en tegniese kolleges neer te lê, veral waar albei soorte inrigtings naby mekaar bestaan; die moontlikheid en wenslikheid van meer koördinasie en kooperasie tussen universiteite; die moontlikheid en wenslikheid om met die oog op meer doeltreffendheid en die uitskakeling van onnodige duplikasie van universitêre werk, een of meer vakke of kursusse tot bepaalde inrigtings te beperk; die moontlikheid en wenslikheid om, met die oog op besuiniging en ander behoeftes op onderwysgebied, die bestaande basis van staatsteun aan universiteite en tegniese kolleges in hersiening te neem.

Die wydreikende kritiek van die Van der Horst-kommissie, wat in April 1928 uitgebring is, het die PUK "wakker geskud" (Van der Schyff, 2003a:320).

Van der Schyff (2003a:316) vat die slotsom van die kommissie se bevindinge oor die PUK só saam:

Die verslag meld verder dat die PUK 'volgens sy konstitusie onder die vaste beheer (is) van die outoriteite van 'n godsdienstige rigting wat ongeveer 2.6 persent van die Europese bevolking van die Unie uitmaak ... In sy wese is dit 'n inrigting wat vir een van die godsdienstige minderhede van die gemeenskap bedoel is'. Meer nog: 'Potchefstroom het geen laboratoriumfasiliteite om van te praat nie; sy biblioteek is erg onvoldoende in baie rigtings; en die kollege word in 'n reeks van ou sinkgeboue gehuisves.' Weens hul geringe getalle 'en die gebrek aan verskeidenheid van doel en uitkyk onder hulle' ontbeer die studente van die PUK en HUK een van die belangrikste voordele van die universitêre lewe, naamlik onderlinge geesteswrywing.

Die verslag het nie net oor die PUK gehandel nie, maar daar is in koerante prominensie verleen aan die kritiek teen die PUK (Du Plessis, 1975:41).

Benewens ander reaksie van die PUK, dui sekere van die stappe wat die PUK daarna geneem het op 'n groter bewustheid wat beeldbou betref. 'n "Reklame-uitgawe" is in *Die Weste* van 24 Julie 1928 gepubliseer (Van der Schyff, 2003a:317). Studente wou in Augustus 1928 met 'n massa-optog deur Potchefstroom se strate die publiek oortuig van die goeie gees wat daar onder die studente heers (Van der Schyff, 2003a:321).

Aan die begin van Augustus 1928 het die rektor, prof Ferdinand Postma (illustrasie 2.1), op 'n uitgebreide reis deur die land vertrek, waar hy in kerke gepreek het en byeenkomste toegespreek het. Op die meeste plekke het dié besoek uitgeloop op die totstandkoming van komitees, wat gou begin bekendstaan het as PUK-komitees, met die doel om fondse vir die Kollege in te samel (Van der Schyff, 2003a:324; Du Plessis, 1975:47, 48).

Prof Ferdinand Postma was vanaf 1919 tot en met sy dood in 1950 rektor van die Potchefstroomse Universiteitskollege. Van der Schyff (2003a:176) verduidelik sy aandeel aan die bemarking en bekendstelling van die PUK: "In tye van geldnood en toe gevaar van ondergang gedreig het, veral ná die negatiewe verslag van die Van der Horst-kommissie in 1928, het Postma die voortou geneem en die voorbeeld gestel wat insameling van geld sowel as beeldbou van die PUK betref" (NWU Institusionele Argief en Museum, s.a.(b)).

Die sukses van dié komitees was gou merkbaar. Aan die einde van 1928 het daar 20 sulke komitees bestaan en is £1262 tot die boufonds bygedra. Gedurende 1931 het die getal komitees tot 77 gestyg en is £4048 tot die boufonds bygedra (Du Plessis, 1975:48). Dié fondse is hoofsaaklik aangewend om die Hoofgebou op te rig. Dit is op 4 April 1931 amptelike in gebruik geneem. As tasbare bewys van dankbaarheid is bronsplate in die vertrekke van dié gebou aangewend om aan te dui wie vir die kostes van dié spesifieke vertrek ingestaan het (Van der Schyff, 2003a:339).

In 1941 is HC van Rooy aangestel as voltydse organiseerder van die PUK, met spesifieke opdrag om geld in te samel (Van der Schyff, 2003a:467). Daar was ’n dringende behoefte aan ’n administratiewe gebou en biblioteek. Van Rooy het dié pos beklee tot 1948, toe hy opgevolg is deur GP Schoeman, ’n nagraadse student (Van Eeden, 2006:381). Geld wat ingesamel is, is gestort in die Uitbreidingsfonds wat beheer is deur die Uitbreidingskomitee.

Die registrateur, S du Toit, is vanaf 1 Augustus 1950 afgesonder om deur die land te reis om fondse in te samel. Dit was met die oog op die selfstandigwording of “universiteit in wording” (Van Eeden, 2006:382). Die Raad het mnr DJ Eloff vanaf 1954 as “uitbreidingsamptenaar” benoem. As prof Eloff was hy later die hoof van die Departement Maatskaplike Werk en vader van die eerste visekanselier van die NWU, dr Theuns Eloff.

Die oud-skoolhoof, dr JF O’Grady, is in 1962 aangestel as uitbreidingsbeampte. Kort hierna is sy aanstelling na dié van skakelbeampte verander. “Gedurende sy eerstejaar is die nodige voorbereidings getref om ’n intensiewe fondsinsamelingsveldtog te begin en reklame vir die PU vir CHO verder te professionaliseer” (Van Eeden, 2006:383). Dr O’Grady is in Desember 1968 deur mnr HM Robinson opgevolg as direkteur van Ontwikkeling. Die naam van die Uitbreidingsdepartement is ook kort na die benoeming van prof Hennie Bingle as rektor in 1965 verander na die Departement Ontwikkeling (Van Eeden, 2006:383).

Hendrik Mentz Robinson (illustrasie 2.2) is op 12 Mei 1920 gebore en het ’n BA-graad aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy was onder meer direkteur van die Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens en hoofinligtingsbeampte daarvan, voordat hy in Oktober 1965 by die PU vir CHO aangestel is as direkteur van Ontwikkeling. Vanaf Augustus 1979 was hy direkteur van die Buro vir Voortgesette Onderwys (Robinson, 1978). Hy is op 8 Maart 1992 op Potchefstroom aan hartversaking oorlede (Anon., 1992c:2).



ILLUSTRASIE 2.1
PROF FERDINAND POSTMA (NWU INSTITUSIONELE ARGIEF EN MUSEUM, S.A.(B)).



ILLUSTRASIE 2.2
MNR HM ROBINSON (FOTOKUNS, 1968A).

2.5.3 Prof HJJ Bingle (rektor) se besoek aan die VSA en die gevolge daarvan

Prof HJJ (Hennie) Bingle is op 20 November 1963 as rektor van die PU vir CHO benoem (Van Eeden, 2006:58). Kort daarna het hy gesê dat hy graag sal wil sien dat die Universiteit "nader aan die breë publiek moet beweeg" (Van Eeden, 2006:59).

Bingle is in 1951, met die selfstandigwording en die totstandkoming van die PU vir CHO, aangestel as die sekretaris van die selfstandigwordingskomitee (Kruger, 1969:9). Bingle het in 1969, met die eeufeesviering van die PU vir CHO, aan *Wapad* gesê: "Dit was vir my altyd baie duidelik gewees dat daar geen grens of perk aan hierdie Universiteit te stel is nie." Bingle het dus reeds jare voor hyself rektor geword het, die uitbouing en uitbreiding van die Universiteit op die hart gehad.

Bingle skryf dat dit gedurende 1964 "langlangsamerhand duidelik geword (het) dat die PU vir CHO hom op verskerpte wyse sal moet toelê op vooruitbeplanning wat ver vooruit strek" (Bingle, 1965a:1).

Saam met prof HC van Rooy en mnr CJH Schutte (illustrasie 2.3) het hy in 1965 'n uitgebreide besoek aan tersiêre instellings in Europa en die VSA gebring om "universiteitsontwikkeling in al sy aspekte te ondersoek" (Bingle, 1965a:1).



ILLUSTRASIE 2.3
MNR CJH SCHUTTE, PROFF HJ BINGLE EN HC VAN ROOY HET IN 1965 'N UITGEBREIDE OORSESE REIS ONDERNEEM OM ONDERSOEK IN TE STEL NA UNIVERSITEITSOPLEIDING IN AL SY ASPEKTE (PU VIR CHO, 1965B).

Om in "'n wêreld van omvangryke kompetisie" in staat te wees om te doen wat "normaalweg van ons verlang kan word", het die raad besef dat hy onder geen omstandighede sy hand aan groot ondernemings kan waag, voor die hele situasie nie eers deeglik ondersoek is nie (Bingle, 1965a:1). "Dit was inderdaad 'n uitgebreide opdrag, omdat dit letterlik elke afdeling van die Universiteit raak: die akademie, terrein, geboue, sportaangeleenthede, oudstudente, studentewerwing, publikasie en reklame, teenswoordige studente en hulle ouers, fondsinsameling van alle moontlike tipes" (Bingle, 1965a:2). Die drie is oorweldig deur wat hulle waargeneem het: "Die Amerikaners praat nie groot oor hierdie werk nie, hulle doen groot; hulle pak nie so 'n belangrike saak op 'n lukraak wyse aan nie, hulle werk sistematies, ek wil amper sê wetenskaplik."

Bingle sê in 1969 (Kruger, 1969:9) dat dit wat waargeneem is, nie vir hom nuut was nie. "Jy is maar op hoogte van dinge. Jy lees dit. Daar sien jy dit. Dit is eienaardig watter gemoedsrus en selfvertroue dit mens gee as jy gesien het hoe die dinge werk. As jy gesien het hoe die dinge wat jy in gedagte gehad het, goed uitwerk. Dit gee jou moed."

Spesifiek Bingle se vermelding van "oudstudente", "publikasie en reklame", "studentewerwing" en "fondinsameling" hou verband met bemarkingsaktiwiteite.

2.5.4 Departement Ontwikkeling se bemoeienis met die Alabama Studentegeselskap

Na Bingle se oorsese besoek is daadwerklike pogings aangewend om fondsinsamelingsprosesse en bemarkingsgeleenthede aan te gryp (Van Eeden, 2006:62).

Die groot klem wat op skakeling met Alumni gedoen is (en steeds gedoen word) (NWU, 2014a), sny aan by Bingle se opmerking: "hulle organiseer hulle oudstudente tot in die fynste besonderhede en hulle verbind die mense met onverbreekbare koorde aan hulle Alma Mater deur in ruil vir die toegeneentheid aan te bied verdere akademiese vorming en sosiale en sportbyeenkomste". Bingle merk ook op dat "hulle publiseer in die pers, radio en televisie op 'n skaal wat 'n mens jaloers maak".

Nie alleen het mediaskakeling daarna binne die Departement Ontwikkeling begin beslag kry nie, maar die televisieoptredes wat Alabama en die Koor later gehad het, sny beslis hierby aan.

Bingle was van mening dat die "ontwikkelingsdepartement nooit 'n geldsaak moet wees nie. Daar is ander dinge, gesindhede, wat veel belangriker is as geld. En daardie gesindhede moet mens op 'n ander manier kweek as die wyse waarop jy net jou universiteit verkoop ter wille van geld" (Kruger, 1969:9).

Die Departement Ontwikkeling het in 1967 tot stand gekom, nadat die Uitbreidingsdepartement se naam verander is. Dr JF O'Grady is in 1962 as "uitbreidingsbeampte" aangestel en hy was hoof van die Departement Ontwikkeling tot mnr HM Robinson in 1968 dié pos gevul het (Van Eeden, Bütow & Ryke, 2006:383).

'n Artikel wat op 31 Maart 1966 oor die PU vir CHO in die studenteblad van die Universiteit van Natal, *Nux,* verskyn het, het verrykende gevolge aan die PU gehad. Die PU se studenteblad, *Wapad,* berig op 27 April 1966 daaroor en beskryf dit as 'n "smeerartikel". *Wapad* haal *Nux* se artikel aan: "'Aan die PU heers 'n hoërskoolatmosfeer wat die besoeker verras. Studente word nie soos volwasse en opgevoede mense behandel nie, maar is onderhewig aan regulasies soos in kosskole . . . Indien 'n lesing nie bygewoon word nie, word die studente soos ongehoorsame kinders gestraf'" (Anon., 1966d:1).

Dit blyk dat die PU daarna hand in eie boesem gesteek het en besluit het om stappe te neem om dié beeld, wat 'n "eng hoërskoolatmosfeer" reflekteer, te probeer verander en die Universiteit in 'n meer positiewe lig te stel.

Later in 1966, na die Alabama Studentegeselskap se optrede tydens die Lentekonsert, het die latere direkteur van die Departement Ontwikkeling, mnr HM Robinson, sekere voorstelle aan Alabama se musiekleier, Johan van Rensburg (Van der Walt, 1993:7), gemaak wat aanleiding gegee het tot die skep van die eerste revue-aanbieding van Alabama. Dit was dus duidelik dat die goeie "gesindhede" wat vir Bingle belangrik was, gekweek moes word en optredes van Alabama is gesien as 'n manier waarop dit gedoen kon word.

Die revue-styl aanbieding van Alabama het die groep landswyd bekend gemaak. Alabama was die eerste groep wat 'n revue geskep het (Van der Walt, 1993:20) en daar was gou na-apers, maar niemand kon dieselfde sukses behaal nie. Dié momentum van Alabama se sukses is vir meer as veertig jaar behou tot in die nuwe millennium, waarna die groep in 2007 die laaste keer 'n produksie op die planke gebring het (Bütow, 2007a:1). Redes vir die staking van die Alabama-produksies is hoofsaaklik hoë kostes en die gebrek aan toewyding van studente (Bütow, 2014a).

Johan van Rensburg reken dat Alabama instrumenteel daarin was om die PUK se beeld te verander van ’n eksklusiewe Afrikaanse universiteit vir lede van die Gereformeerde Kerk, tot ’n gesogte Afrikaanse universiteit (Van Rensburg, 2014). Die poging om die Alabama Studentegeselskap in te span as werwingsinstrument het dus duidelik vrugte afgewerp en skep ’n verband tussen die groei van die PU vir CHO en hierdie georganiseerde uitvoerende studentegroep.

Die Alabama Studentegeselskap was egter nie die enigste groep wat vir hierdie doel aangewend is nie. Nadat dit ’n paar keer vroeër herstig is, bestaan die PU-Koor sedert 1971 onafgebroke en het sedertdien die Universiteit nasionaal en internasionaal bekend gemaak (Anon., 1971a). Teen 1991 is hulle gereken as een van die voorste kore in die land (Van Niekerk, 1991) en in 2011 het die koor in Praag in die Tsjeggiese Republiek ’n internasionale koorwedstryd gewen (NWU, 2012a). In 2014 het hulle goue medaljes in albei die kategorieë waarvoor hulle ingeskryf het gewen, tydens die Wêreldkoorspele (NWU, 2014b). Dié Wêreldkoorspele word gereken as die Olimpiese Spele vir kore en is gehou in Riga, Letland (Venter, 2014a).

Nie net die Koor en Alabama nie, maar al die uitvoerende studentegroepe van die PUK was benewens die waarde wat dit vir die Universiteit ingehou het, vir die studente wat daaraan deel gehad het, een van die hoogtepunte van hulle studentejare (Gouws, 2013). Die bestuur van die PU vir CHO het in die sestigerjare die waarde hiervan besef en daadwerklike pogings aangewend om die sukses van veral Alabama te verbeter.

Vanaf die tagtigerjare het die Departement Openbare Betrekkinge Alabama-vertonings benut as gasteaande vir alumni en vriende van die Universiteit as bemarkingsgeleentheid, wat daarop dui dat die Universiteit die waarde van Alabama besef het in dié opsig (Van der Walt, 1993:24).

Die groei wat Alabama in die jare na 1967, toe die revue-styl geskep is, beleef het, het dit genoodsaak dat die studente, wat steeds alleen verantwoordelik was vir die organisasie van die Alabama-toere, bystand moes kry. Dit is een van die faktore wat aanleiding gegee het tot die totstandkoming van die Kultuurkantoor.

2.5.5 ’n Kort oorsig oor die verdere geskiedenis van die Departement Ontwikkeling tot Bemarking en Kommunikasie en die vestiging van ’n korporatiewe identiteit en beeld vir die Universiteit

Die rol van kunskulturele studenteaktiwiteite in die vestiging van die openbare beeld van die Universiteit strek egter veel wyer as bloot die benutting van sekere uitvoerende studentegroepe as bemarkingsinstrumente. Die verhouding tussen dié groepe en die skakelafdeling van die Universiteit was wel later minder intiem, maar het steeds bestaan.

In 1982 is die afdelings Fondswerwing en Openbare Betrekking, wat tot in daardie stadium afsonderlik gefunksioneer het, saamgesnoer in een Departement Openbare Betrekkinge met mnr Chris Windell as direkteur (Anon., 1982a:2). Fondswerwing het in dié jare al hoe meer noodsaaklik geword nadat staatsubsidie aan die Universiteit drasties gesny is. Volgens Van Eeden is dit vanaf sowat 80% aan die begin van die tagtigerjare verminder tot 62% in 1989 (Van Eeden, 2006:64).


In 1991 het prof Peter van Eldik die bestuurshoof van die Departement geword (Van Eeden, 2006:386). Dit is gevolg deur verdere herstrukturering in 1996 toe die Departement die Buro vir Bemarkingsdienste geword het en sekere take is na ander afdelings afgewentel. Volgens Cloete (2015) is die afdelings Alumni en Fondswerwing enersyds en Bemarking en Media in 1997 geskei. Mnr Anton Kruger was hoof van Bemarking en Media en Theo Cloete was hoof van Alumni en Fondswerwing. Cloete meen dat met dié skeiding het die sinergisme tussen die twee afdelings verlore gegaan en die twee afdelings is na twee jaar weer herenig met Cloete as direkteur.

Van Eeden (2006:388) vervolg:
Veranderende rolle en die groter wordende kompleksiteite rondom die Departement Bemarking en Openbare Betrekkinge het in Augustus 2002 daartoe gelei dat die Raad die naam van die Departement verander het na Departement Bemarking en Kommunikasie en dat die Departement in drie bestuursfunksies verdeel is, te wete bestuurs-, organisasie- en bemarkingskommunikasie.


Die NWU moes met sy totstandkoming in 2004 geheel en al ’n nuwe korporatiewe identiteit skep. Volgens Holtzhausen en Fourie (2011) het die Universiteit hiermee voor die probleem te staan gekom om ’n eenheid te skep uit twee instellings met uiteenlopende agtergronde. Die PU vir CHO was histories toegewy aan Christelike waardes en het oorwegend blanke studente gehad. Die NWU het ’n Setswana-kultuur gehad en was toegewy aan die behoeftes van swart studente uit agtergeblewe plattelandse gemeenskappe. Die dilemma was om dié twee instellings saam te smelt sodat eenheid van binne af gereflekteer kon word. Die korporatiewe identiteit moes die wese van die nuwe universiteit weerspieël, maar steeds toelaat dat elkeen as entiteit in sy eie reg funksioneer.

The character and tone of the NWU was informed by the values and personality traits of the university. . . The NWU aspired to have a value-driven culture. The four do-values as endorsed by the institutional management, namely integrity, commitment, accountability and respect have been incorporated into the NWU’s brand blueprint and overall strategy to form the character of the institution. The character of the university overall is perceived mainly as: innovative, progressive, vibrant, ambitious and recognised. Being aligned with the institutional plan, the university is now known by the brand essence of being: ‘empowering, innovative and making a difference’
(Holtzhausen & Fourie, 2011).

Volgens die NWU se webblad (NWU, 2015c) het Bemarking en Kommunikasie die volgende afdelings: Fondswerwing; Studentewerwing; Korporatiewe Kommunikasie; Afkampus- en Nagraadse werwing; Kliëntediens; Alumni; en E-media.



ILLUSTRASIE 2.4
MNR CHRIS WINDELL WAS VANAF 1976 AAN DIE PU VIR CHO VERBONDE AS SKAKELBEAMPTE. HY HET IN 1982 DIREKTEUR VAN OPENBARE BETREKKINGE GEWORD EN DIÉ POS TOT IN 1995 BEKLEE (FOTOKUNS, 1982B).



ILLUSTRASIE 2.5
MNR THEO CLOETE IS IN 2014 DIREKTEUR VAN BEMARKING EN KOMMUNIKASIE AAN DIE NWU-PUK(FOTOKUNS, 1982C).

Terwyl daar in die verlede klem gelê is op 'beeldbou' deur 'n boodskap te bring aan 'n groot groep, byvoorbeeld by 'n Alabama-konsert, is daarvandaan heeltemal wegbeweeg. Volgens Cloete (2015) is een-tot-een kommunikasie baie belangrik. Gevolglik is sosiale media en elektroniese media uiters belangrik. Hier is platforms geskep waar mense vrae kan vra wat persoonlik beantwoord word.

Die Alabama Studentegeselskap as 'uitstalvenster' vir die PU vir CHO het dus nie meer aan die veranderde behoeftes van die gemeenskap voldoen nie en dit is een van die redes waarom daar besluit is om nie meer Alabama as bemarkingsinstrument te gebruik nie. Dit word in hoofstuk 5 in meer besonderhede bespreek.

Uitvoerende studentegroepe blyk egter steeds 'n invloed te hê op die openbare beeld en reputasie van die Universiteit. Holtzhausen reken dat 'n akkumulasie van verskeie "beelde" oor 'n tydperk die "reputasie" skep (Holtzhausen, 2009:57). Dit is in ooreenstemming met Cutlip *et al.* (2002:323) wat meen: "Students are both a university's most important public and its most important public relations representatives." In hulle artikel: "Employees' perceptions of institutional values and employer-employee relationships at the North-West University" verklaar Holtzhausen en Fourie

(2011) ook dat interne belanghebbendes al hoe meer belangrik word:
It has also become more and more important to communicate the corporate identity to internal stakeholders as they themselves can become part of the corporate identity and are therefore viewed as one of the most important stakeholder groups of any institution.

Alhoewel Holtzhausen en Fourie se artikel op werknemers betrekking het, kan studente ook as interne belanghebbendes gesien word. Devlin en Knight (1990:51), in ’n handleiding oor openbare skakeling vir skole in die Verenigde Koninkryk, beaam dit:
The internal group who have the greatest power to make or mar the reputation of the school are students. Mr and Mrs Average Citizen do not normally visit your school; so their most enduring impression of it will be gained from your students as they clog the pavements or push onto buses. Bad behaviour and language, smoking, rudeness, untidy dress, litter and petty theft do not help the image.

En: *Actions speaks louder than words. How people connected with the school act conveys a powerful message* (Devlin en Knight, 1990:50).

’n Aspek wat dus direk verband hou met die rol wat studente speel, is dié van korporatiewe identiteit, as wat as volg omskryf word:
Combination of color schemes, designs, words, etc., that a firm employs to make a visual statement about itself and to communicate its business philosophy. It is an enduring symbol of how a firm views itself, how it wishes to be viewed by others, and how others recognize and remember it. Unlike corporate image (which is 'in there' changeable mental impression), corporate identity is 'out there' sensory-experience conveyed by things such as buildings, décor, logo, name, slogan, stationery, uniforms, and is largely unaffected by its financial performance and ups and downs in its fortunes (Business Dictionary, 2017b).

Die wyse waarop studente die korporatiewe identiteit van die Universiteit weerspieël is uiters belangrik. ’n Praktiese wyse waarop dit gedemonstreer kan word is wanneer die korporatiewe identiteit gereflekteer word in die kleredrag van studente, veral klere wat die handelsmerk van die Universiteit dra. Devlin en Knight, (1990:52) beaam dit: “Probably student’s dress makes the greatest visual impact on the local community.”

Studente se gedrag en voorkoms het dus ’n direkte invloed op die reputasie van die Universiteit. Gaultier-Gaillard *et al.* reken dat: “An organisation enjoys a good reputation when it consistently meets or exceeds the expectations of its stakeholders. A bad reputation results when the organisation’s words or deeds fall short of stakeholder expectations” (Gaultier-Gaillard *et al.,* 2009:162). Die belegger, Warren Buffet, wat gereken word as een van die rykste mense in die

wêreld, word deur Gaultier-Gaillard *et al.* aangehaal en stel onomwonde: “It takes 20 years to build a reputation and five minutes to ruin it. If you think about that, you’ll do things differently” (Gaultier-Gaillard *et al.,* 2009:161). Dit is dus noodsaaklik vir die Universiteit om die risiko van reputasie noukeurig te bestuur.

Reputasiebestuur word omskryf as:
Activities performed by individual or organization which attempt to maintain or create a certain frame of mind regarding themselves in the public eye. Reputation management is the process of identifying what other people are saying or feeling about you or your business; and taking steps to ensure that the general consensus is in line with your goals. Many people and organizations use various forms of social media to monitor their reputation” (Business Dictionary, 2017a).

Neef meen dat daar drie belangrike stappe is wat geneem kan word om duur en selfvernietigende foute te voorkom. Eerstens moet die maatskappy aktief die proses van korporatiewe integriteit bestuur. Dit beteken dat werknemers (in die geval van die Universiteit, ook die studente) moet weet wat die verwagting van die bestuur is. Dit is dat etiese gedrag verwag word en prosesse in plek gestel moet word om die gedrag wat verwag word aan te moedig, te monitor en toe te pas (Neef, 2003:viii).

’n Tweede stap om selfvernietigende foute te voorkom, reken Neef, is dat die maatskappy hom aktief daarop moet toelê om ’n beter begrip te kry van wat binne die maatskappy gebeur en ook ten opsigte van die maatskappy in die buitewêreld, sodat hy van potensiële probleme bewus kan word en dit kan hanteer. Die voordeel is dat daar nooit tevore soveel geleenthede en stelsels beskikbaar was om kennis te bekom, te analiseer en daarop te reageer nie. Hierdie proses staan bekend as kennisbestuur.

Laastens is dit nie net belangrik dat ’n maatskappy aktief sy integriteit bestuur nie, maar dit ook aan die buitewêreld wys (Neef, 2004:ix).

Dit val binne die kader van korporatiewe kommunikasie. Volgens Van Riel (2007:14) behels dit ’n “integrative communication structure linking stakeholders to the organization. A corporate communication structure describes a vision of the ways in which an organization can strategically orchestrate all types of communication.”

Hoe die Universiteit dus sy korporatiewe beeld en identiteit kommunikeer, hetsy deur konvensionele kanale of op onbewuste wyse, is van kardinale belang vir die reputasie van die Universiteit. Vervolgens word daar kortliks gelet op hoe dit, veral vroeër, tot uitvoering gebring is.

2.5.6 Die verband tussen kunskulturele studenteaktiwiteite en die reputasie van die Universiteit

Reputasiebestuur het van die vroegste tye af by die NWU-PUK en sy voorgangers ’n belangrike rol gespeel in die benutting van uitvoerende studentegroepe as bemarkingsinstrument. Dit blyk uit die keuringsaande wat so vroeg as 1943 met die eerste toer van die PUK Alibama-boereorkes gehou is (Studenteraad, 1943c:1).

Die feit dat die rektor, prof HJJ Bingle, in 1971 die sing van die liedjie “Aquarius” met die dag van die aanvang van Alabama se toer van dié jaar verbied het, omdat dit uit ’n musiekblyspel kom wat astrologie voorstaan, hou ook verband daarmee dat die Potchefstroomse Universiteit vir *Christelike* Hoër Onderwys (kursief deur skrywer) nie kon toelaat dat een van sy “vertoonvensters” ’n liedjie sing wat astrologie voorstaan nie (Van Rensburg, 2014).

So vroeg as 1974 is ’n Reglement vir Studentetoere deur die Studenteraad van die PU vir CHO verpligtend gemaak vir ondertekening deur enige student – én ander persone – wat ’n toer onder die vaandel van die Universiteit meemaak (Mulder, 1974; Anon., s.a.(a)).

Wat gedrag betref van almal wat die toer meemaak, geld dié reël:

Elke persoon wat so ’n toer meemaak, onderneem om in handel en wandel die grondslag van die Universiteit te eerbiedig en is in alle opsigte onderworpe aan dieselfde reëls en voorgeskrewe gedragslyne wat binne die Universiteitsterrein van toepassing is.

Persone wat nie ingeskrewe studente van die PU vir CHO is nie en die toer meemaak, onderwerp hom aan die Reglement en aan die gesag van die SSR (Anon., s.a.(a)).

Ten einde te help toesien dat studente hulle by die reglement hou, vergesel toerouers (meesal ’n volwasse egpaar waarvan een of albei as dosent of personeellede aan die Universiteit verbonde is) én ’n verteenwoordiger van die Studenteraad elke toer (Anon., s.a.(a)).

Dit bevestig dat studente se optrede, wanneer hulle as lede van uitvoerende studentegroepe in die openbare oog is, van uiterste belang vir die Universiteit is. Wat gedoen is met die instelling van die reglement vir studentetoere hou verband met wat Neef beskryf as die daarstelling van ’n etiese raamwerk en vervolg: “this ethical framework creates the foundation for conveying a company’s values, setting forth guidelines for the standards of behavior and levels of risk awareness that are expected from all employees” (Neef, 2003:15). Die waarde wat deur die NWU aan etiese beginsels geheg word, word eweneens gereflekteer in sy waardes, wat as volg geformuleer word:

Die NWU sal betrokke en sorgsame personeel en studente kweek en die volgende fundamentele waardes vaslê, wat op die grondwetlike beginsels van menswaardigheid, gelykheid en vryheid gebaseer is:

- *etiek in al ons strewes*
- *akademiese integriteit*
- *akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike ondersoek*
- *verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, billikheid en deursigtigheid*
- *entoesiastiese aanvaarding van diversiteit* (Van der Merwe, 2016). (Onderstreepte gedeelte deur skrywer.)

So vroeg as die vyftigerjare het die studenteraad van die PU vir CHO ’n eksamen vir eerstejaars ingestel, wat bekendgestaan het as die “Brosjure-eksamen” (Studentehandboekeksamen) of “Broseksamen” soos dit gou in die omgangstaal bekendgestaan het. In 1972 is ’n Kleurbaadjie-eksamen ingestel. *In U Lig* verduidelik:
Die doel van die Kleurbaadjie-eksamen was om aspirantkleurbaadjiedraers te vorm en in te lig oor die PUK, sy mense én sy geskiedenis. Die leerstof wat aan die eerstejaars beskikbaar gestel is, het bestaan uit ses artikels wat deur studenteleiers geskryf is en onder andere gehandel het oor die geskiedenis van die Universiteit, die stryd teen die gewetensklousule, die georganiseerde studentelewe en die vereistes vir die dra van die baadjie (Van Eeden, 2006:337).

Die belangrike premie wat deur die Universiteit geplaas word op die verband tussen voorkoms en kleredrag en reputasie, blyk ook uit die Universiteit se voorkomsregulasies:

Kragtens sy karakter plaas die PUK 'n hoë premie op die gedrag en voorkoms van alle studente, waarvan kleredrag een aspek is.

Die norm is gevolglik dat kleredrag en voorkoms ten alle tye skoon en netjies moet wees, moet pas by die spesifieke geleentheid, en so moet wees dat alle lede van die Universiteitsgemeenskap en die karakter van die Universiteit daardeur gerespekteer word.

Die toepassing van hierdie regulasie berus by die individu self, aangevul deur persoonlike vermaning van personeel en medestudente, asook deur die gesonde gemeenskapsensuur wat die Universiteitsgemeenskap kenmerk. Die Universiteit behou hom egter die reg voor om die toepassing van bogenoemde norm ten opsigte van voorkoms en kleredrag af te dwing deur die Senaat, die SR en personeel (NWU, 2014e).

Uit bostaande kan dus afgelei word dat selfs al word uitvoerende studentegroepe nie doelbewus aangewend as bemarkingsinstrumente nie, het die optrede van hierdie groepe, veral as dit in klere

en kleure is wat die groep met die Universiteit identifiseer of onder die vaandel van die Universiteit is, dit ’n refleksie op die reputasie van die Universiteit werp.

2.6 Die totstandkoming van die Kultuurkantoor

In 1980 is mnr Horst Bütow aangestel as studenteadviseur: kultuur (PU vir CHO, 1979a:1; Van Zyl, H., 1980:1). Hy is ’n alumnus van die PU vir CHO en was tydens sy studentejare lid van die Alabama Studentegeselskap en vir twee jaar voorsitter daarvan.

Ten tyde van sy aanstelling by die PU vir CHO het hy dieselfde pos beklee by die Randse Afrikaanse Universiteit (Van Eeden, Bütow & Ryke, 2006:283).

Bütow is hoofsaaklik om twee redes aangestel: (1) om die Alabama Studentegeselskap by te staan met die organisering van hulle toere en (2) om die bestuur van die Sanlam-Ouditorium, wat in 1979 in bedryf gestel is, te behartig. By die uiteensetting van sy funksies word spesifiek gemeld dat hy moet sorg dat die Ouditorium gedurig ’n aktiewe rol speel in die kultuurlewe van die Universiteit en die plaaslike gemeenskap (Anon., 1979a:1).

In sy jaarverslae het Bütow spesifiek melding gemaak van wat hy gedoen het om dit te laat plaasvind (Bütow, 1981a:14) en sê: “Behalwe vir moontlike studentewerwing, beskou die Kultuurkantoor dit as absoluut essensieel om kultuurbevordering buite die Universiteit toe te pas.”

Hy vervolg dat daar reeds begin is om pogings aan te wend “om Potchefstroom en die Universiteit te vestig as die kultuurmekka van Transvaal”.

Die proefskrif sal noodwendig die wyses waarop Bütow dié twee take uitgevoer het, ondersoek.

2.7 Kunskulturele studenteaktiwiteite van uitvoerende groepe: kuns of kultuur?

Die gebruik van woorde soos ‘kultuurkantoor’ en ‘kultuurmekka’ en die wye interpretasie van die begrip ‘kultuur’ (soos verder omskryf in paragraaf 1.2.1) vereis dat die verband waarin dit binne die konteks van die tyd en plek bestaan, vasgestel moet word.

Studente van die PU vir CHO is aangemoedig om by Afrikaanse kulturele aktiwiteite betrokke te raak. In ’n artikel in *Die Besembos* van 1964 skryf RJP du Plessis dat van “elke PU-student verwag word om kultureel aktief te wees. Ons kan ’n idee kry wat ‘kultuur’ behels as ons die sogenaamde ‘kultuuropdrag’ in Genesis 1:28 nagaan: ’Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp

dit en heers daaroor . . .'" Hy verduidelik dat die begrip "kultuur" hier in 'n enger sin gebruik word en voeg by: "Eintlik omvat 'kultuur' ook kunsuitinge" (Du Plessis, 1964:101).

Van Vugt en Cloete (2000:133) reken: "When analyzed, practically every historical appeal to the Christian principles or Christian-historical principles reveals the close relationship between the principles and the culture, history, traditions and the language of the Afrikaner People".

Dit sny aan by wat Triandis (2009:189) byskryf as die etnosentriese aard van kultuur. Hy sê dat dit reeds opgemerk is deur Herodotus (460-395 nC).

By die PU vir CHO het die slagspreuk waarvoor prof Tjaart van der Walt, rektor van 1978 tot 1988, bekend is, die noue verbintenis tussen kultuur en die geskiedenis, tradisie en taal van die Afrikaner treffend verwoord: "Die PUK is onvoorwaardelik Christelik en onbeskaamd Afrikaans" (Van Vugt & Cloete, 2000:133).

In die vroeë 1990's beleef die land 'n ander werklikheid. Van der Walt was in 1992 die hoofspreker by 'n interkulturele kongres wat op 6 Mei by die WNNR gehou is (Van der Walt, 1992) . Hy sê: "Dit is gemeenplaas om te sê ons leef in 'n tyd van geweldige stroomversnelling - wêreldwyd, en in Suid-Afrika. 'n Bietjie kultuurfilosofies gestel: Ons leef op 'n skarnier van die geskiedenis. Die 21e eeu het met krag deurgebreek voordat die 20e eeu (altans kronologies) nog behoorlik verby is."

Die besigheidsleier en toekomskundige, Robert (Bobby) Godsell, (Mandauer, 2013) is ook 'n spreker by dié kongres. Hy waarsku: "We are a multi-lingual, multi-cultural economy and society. We are deeply suspicious of each other. We communicate imperfectly, and indeed with great difficulty. We harbour caricatures of each other's identity and culture. Yet we have been ordained to share a land and a time of great challenge" (Godsell, 1992).

Kok (1992:21) in sy studie "Die taak van kultuurorganisasies in minderheidskultuurgroepe met besondere verwysing na die ATKV" sluit hierby aan en sê:

Minderheidsgroepe besef dat hulle kulturele behoud nie net in die bewaring en handhawing van die eie lê nie, maar ook in die feit dat daar aangepas moet word by die versnelde verandering op ekonomiese, sosiale en tegnologiese gebied. Hulle besef dat indien hulle sou faal om hulself te handhaaf op die politieke, ekonomiese en sosiale terrein, die eiesoortige kulturele identiteit sal verswak.

Die PU vir CHO moes inderdaad sy eksklusiewe Afrikaanse beeld afskud. Teen 2000 skryf die studentedekaan, prof PJJS Potgieter, in 'n voorwoord tot *Die Besembos* (2000:4) dat kulturele diversiteit op die Potchefstroomkampus sterk toegeneem het. Spesifieke veranderings sluit in die herskryf van die SR se grondwet met die oog op verteenwoordiging van minderheidsgroepe, 'n

omvattende herevaluering van koshuiskulture en -tradisies met die oog op die skepping in koshuisgemeenskappe wat sensitief en akkommoderend is ten opsigte van die groterwordende kulturele verskeidenheid; en die ontwikkeling van 'n gedragskode deur die Studenteraad vir die hantering van eerstejaarstudente in ooreenstemming met die bepalings van die Handves vir Menseregte.

Potgieter sluit af: "Dit beteken nie dat die kultuur van ons studentelewe nou die Rubicon oor is nie, maar ten minste is die formele aspekte in plek gebring op grond waarvan houdingsveranderings oor die langer termyn bestuur kan word."

In November 2009 word die naam van die Kultuurkantoor van die Studenteburo verander na PUK Kunste (Bütow, 2010a:1). Dié naamsverandering het die direkteur, Horst Bütow, gesê, was nodig "omdat hulle hoofsaaklik met die kunste werk en die woord kultuur 'n baie breë begrip is wat oor tyd 'n ander betekenis gekry het. 'Ons taak is om die kunste te bevorder en nie breë kultuur nie'" (Eastes, 2010).

Die fokus van PUK Kunste het dus van 'kultuur' na 'kunste' verskuif.

Met verwysing na Burden se model (2000:22), waar die "Kunste" verskyn op die A-as as "geestelike kultuur", kan afgelei word dat kuns deel van kultuur is.

Dit word beaam deur Fitzgerald (2012) wat sê dat kuns een van die aspekte van kultuur is. Hy sê kuns word geskep, hetsy fisies of konseptueel. Dit is 'n definitiewe aktiwiteit en skep 'n definieerbare produk. In teenstelling is kultuur alles wat mense skep onder meer taal, landbou, kos en geboue.

2.8 Die veranderende kultuurtaak van die Universiteit

Van Wijk (1987:20) sê dat dit algemeen aanvaar word dat die taak van die universiteit drieledig is: "om deur studie en navorsing kennis te versamel en uit te brei; om deur onderrig die verworwe kennis mee te deel; om die kennis en insig wat verwerf is aan die gemeenskap beskikbaar en diensbaar te stel." Hy vervolg dat gemeenskapsdiens toenemend 'n groter rol speel.

Van Wijk (1987:21) haal Robbins (1963) aan: "The aim should be to produce not mere specialists, but rather cultivated men and women." Dit sinspeel daarop dat die universiteit die taak het om nie net die student se verstand te ontwikkel nie, maar om hom as mens in totaliteit die geleentheid te gee om te groei.

Nel (1982:61) plaas 'n hoë premie op die kultuurtaak van die universiteit. Hy haal H van Peursen aan wat sê dat die universiteit die student se groei tot kulturele verantwoordelikheid beoog (Nel, 1987:65). Nog 'n skrywer wat Nel se standpunt onderskryf is Jan Romein (1970). Volgens Nel beskou

Romein geen instelling so geskik om die wese van die kultuurproses as ’n tegelyk kontinue én veranderlike proses mee aan te dui as juis die universiteit nie. “Die universiteit moet steeds dien ter bevordering van geestelike en sedelike vorming en die aankweek van ’n kulturele verantwoordelikheidsbesef by die student” (Nel, 1982:65).

Nel vervolg: “En dit bring my ten slotte by die Universiteit van Pretoria self – juis omdat hy beskou kan word as een van die universiteite wat sedert sy mondigwording dertig jaar gelede besef het dat hy as kultuursentrum leiers aan die samelewing moet lewer wat nie net eensydig gespesialiseerde vakkundiges is nie” (Nel, 1982:69).

Hierna vervolg Nel met ’n hoë lofprysing vir die aandeel wat die Universiteit van Pretoria aan die kultuurbevordering, nie net onder studente nie, maar ook vir die groter gemeenskap van Pretoria beteken het.

Die aandeel wat kultuur in opvoeding het, word ook erken deur Burnaford wat sê: “Arts education policy refers to the decisions that legislators, funders and administrators make with respect to teaching and learning in the arts. Policies on arts education address not only in-school course work in art, music, drama and dance, current attention is also aimed at out-of-school arts programming offered by community organizations and arts providers” (Burnaford, 2009:51).

Die NWU sê in sy missieverklaring dat hy daarna streef “om ’n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word en sy kundigheid op ’n innoverende wyse te implementeer. Die Universiteit sal dit bereik deur sy waardes uit te leef en na gesonde bestuur en transformasie te streef, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees” (NWU, 2015).

Toe daar in 1985 ’n verslag opgestel is oor die daarstelling van ’n sentrale kunsgalery vir PU vir CHO, word hierdie definisie van ’n universiteit in die verslag daaroor aangehaal: “The university is a small community of intellectually talented people separated from the larger society and united internally by respect for knowledge and a love of learning that is involved in a search for truth and the perpetuation high culture and civilized living” (Anon., 1993a).

Laasgenoemde twee aanhalings noem “balans” en om kultuur te beoefen. Bütow (2014) reken dat dié balans aan die NWU-PUK teweeggebring word deur studente nie alleen akademies te onderrig nie, maar ook as “gebalanseerde persone” vir ’n volwasse toekomstige lewe voor te berei deur hulle ewe veel geleentheid te bied om kultuur en sport te beoefen tydens hulle studentejare. Dit word daarin gereflekteer dat toe die naam van die Departement Kultuur na PUK Kunste verander is in 2009 is dit gedoen sodat dit as ’n parallelle eenheid teenoor PUK Sport kon staan, “beide nodig om aan studente ’n gebalanseerde studentelewe te bied” (Eastes, 2010).

2.9 Aspekte wat ’n rol speel by die ontstaan en beëindiging van kunskulturele studentegroepe

Die kom-en-gaan van verskeie kunskulturele studentegroepe oor jare blyk ’n tendens te wees wat sedert die aanvang van dié aktiwiteite in die laat 1920’s, plaasvind. Vervolgens dus ’n bespreking om struktuur te verleen aan latere besinning hieroor in die hoofstukke wat oor die onderskeie groepe handel.

Johan van Rensburg se opmerking om die staking van die Alabama-toere te verduidelik, blyk van toepassing te wees op meer as net dié toere, maar ook ten opsigte van die kom-en-gaan van ander uitvoerende studentegroepe. “Alabama is baie soos ’n rugbyklub, of enige ander sportklub. ’n Rugbyklub word gestig omdat ouens wil rugby speel. As hulle nie meer wil rugby speel nie, of nie meer daar is nie, het die rugbyklub ook nie bestaansreg nie. Die studente wou nie meer deel gehad het aan Alabama nie.” Van Rensburg meen dus dat Alabama daar was om ’n behoefte van die studente te vervul en as die studente dus nie meer so ’n behoefte het nie, het die groep nie meer ’n bestaansreg nie (Van Rensburg, 2014). (Kyk na paragraaf 5.5.4.3.)

Dit hou verband met die effek van globalisering, soos in paragraaf 5.10 ten opsigte van die Alabama Studentegeselskap bespreek sal word. Volgens Ritzer het globalisering te doen met wêreldwye prosesse, wat al hoe meer vloeibaar is en verskeie rigtings beweeg wat betref, mense, plekke en inligting, asook die strukture wat daarmee verband hou wat dié vloei teenwerk of versnel (Ritzer & Dean, 2012:850). In die rondbeweeg van dié prosesse of tendense, vind dit vastrapplek in kulture oral oor die wêreld.

Kang wat skryf oor globalisering en kulturele tendense in China, is van mening dat globalisering uit ’n fundamentele paradoks bestaan in terme van kultuur “a tension between the trend toward cultural homogenization through global cultural production and distribution (media, popular culture, and entertainment industry), and the opposite trend toward cultural diversification in terms of local, ethnic and national cultural projects and agendas” (Kang, 2004:3). Wanneer wêreldwye neigings dus vervloei met plaaslike gebruike, is daar sprake van ‘glokalisering’ (Giulianotti & Robertson, 2012:881, 882). (Kyk na paragraaf 5.10.)

Daar bestaan dus veranderende neigings en tendense. Mackinney-Valentin (2010) skryf oor die aard van modeneigings en reken dat veranderende tendense in mode toe te skryf kan word aan twee faktore: innovasie en diffusie. “Innovation is an ambiguous term. While innovation has to do with creation or appearance of novelty, the question (is) what constitutes novelty?” Sy haal Rogers (1962) aan, wat “innovation” so beskryf: “If the idea seems new to the individual, it is an innovation.” Wat

diffusie betref, meen Mackinney-Valentin is dít hoe waargenome innovasie versprei onder verbruikers (Mackinney-Valentin, 2010:20). Dit wat dus in die oë van die waarnemer nuut is (innovasie), word aangegryp en dit versprei onder die groep wat op diffusie dui.

In terme van die kom-en-gaan van tendense, is dit belangrik om stil te staan by die ouderdomsfase waarin die gemiddelde student hom bevind en hoe dit die aangryp van hierdie tendense beïnvloed.

Erik Erikson (1902-1994) was ’n student van Freud wat uitgebrei het op Freud se vyf lewensfases van psigoseksuele ontwikkeling. Erikson het agt stadiums van psigososiale ontwikkeling voorgehou. In terme hiervan oorspan die ouderdomme van studente twee van hierdie fases, die fase van identiteit vs. identiteitsverwarring (adolessensie) en die fase van intimiteit vs. isolasie (jong volwassenes). Die meeste studente in hul eerste tot derde jaar val in die fase van identiteit vs. identiteitsverwarring. In hierdie lewensfase staar die adolessent die uitdaging in die gesig om ’n blywende geïntegreerde selfbeeld te ontwikkel (Louw & Louw, 2014:22). “Die adolessent vra die vraag vra: ‘Wie is ek in die oë van ander mense?’ en ‘Hoe vergelyk die indruk wat ander van my het met my indruk van myself?”’ (Meyer *et al.,* 2008:202). Hierdie selfondersoek lei die adolessent om voortdurend nuwe ervarings te wil beleef, wat daartoe kan lei dat as iets as “oud” of “oudmodies” gesien word, gaan dit nie meer gewild wees nie. Volgens Meyer *et al.* (2008) verduidelik Erikson tipiese adolessente gedrag soos deelname aan groepaktiwiteite, om verlief te raak en die voorliefde vir jeugbewegings as deel van dié soeke na identiteit.

Society accommodates the adolescent’s search for identity by providing a psychosocial moratorium (in other words, a period of grace for youths to pursue their quest for identity relatively undisturbed, a period in which they are allowed to experiment with various identities.) Society, according to Erikson, is not only exceptionally tolerant of adolescent behaviour, it also provides active support in the form of social institutions such as colleges, universities, tribal schools, military service and extended vocational training (Meyer *et al.,* 2008:203).

Die universiteit as instelling skep dus vir die adolessent die ruimte om homself te ontdek en te ontwikkel, soos Eastes opmerk met die totstandkoming van PUK Sport en PUK Kunste dat “beide nodig (is) om aan studente ’n gebalanseerde studentelewe te bied” (Eastes, 2010).

Bronner (2012:7) beskryf die lewensfase waarin die student hom bevind as ’n “coming of age”. *The public has expectations that the “college years” – especially for undergraduates as they are generally defined between the ages of eighteen and twenty-four – will be a period of serious preparation for a career and lifelong values. Yet allowance is also given for immature playfulness in the presumably sheltered campus environment.*

Adolessente se sosiale ontwikkeling word ook gekarakteriseer deur verhoogde betrokkenheid by hulle portuurgroep. Dit is ’n tydperk waarin hulle hul losmaak van hulle ouers en dus by ’n instelling soos ’n universiteit gaan woon en studeer. Hier bied ’n portuurgroep (binne die konteks van hierdie studie dus ook ’n kunskulturele studentegroep) ’n emosionele tuiste om hierdie proses makliker te maak (Louw & Louw, 2014:388, 389). Dit sluit direk aan by Llewida May se opmerking dat die groep Divaco (Diverse Action Cultural Organisation) ’n tuiste bied vir bruin studente op kampus (May, 2016). (Kyk ook na paragraaf 9.3.2.)

2.10 Studentetoere van uitvoerende groepe

Soos reeds aangetoon het kunskulturele studenteaktiwiteite van vroeg reeds aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus en sy voorlopers bestaan. Dié aktiwiteite is aanvanklik bloot vir vermaak of as plaaslike geldinsamelingspogings aangewend (Schulze, 1919:88).

Dit blyk egter dat daar ná die Van der Horst-kommissie se verslag (Van der Schyff, 2003a:316) wat in 1928 verskyn het, besluit is om met toneelstukke of opvoerings te toer om sodoende die beeld van die PUK te verbeter en om geld in te samel. Die eerste toer van die aard was in 1929, aldus mev Dolly le Roux (Anon., 1989b:44). Die *PU-Kaner* publiseer in 1989 ’n artikel daaroor en skryf:

In 1929 het die studente begin om jaarliks toere te reël om die PUK bekend te stel en om sommer geldjies in te samel. Dit was moeilike depressiejare en die geld was baie skaars. Die eerste toer, met rugby en ’n toneelopvoering, het gegaan deur Wes-Transvaal en ’n paar dorpe in Noordwes-Kaap. Ons vier dames was almal ‘sterre’, want ons het die toneeltjie ‘As die tuig skawe opgevoer’, waarin rolle vir vier dames was.

Met die toere deur die land het ons per trein gereis. Die wa waarin ons gehuisves – wat vir die drie weke ons tuiste was – is oral afgehak waar ons en die rugbyspelers moes optree. Ons moes maar self instaan vir ons toneelklere, kos en komberse.

In 1930 het ons deur die Suid-Vrystaat en Noordoos-Kaap getoer en in 1931 deur Oos-Transvaal. Elke jaar was daar ’n toneelopvoering en rugby en later ook tennis. Met een van die toere kon ons ’n wins van 400 pond huis toe bring.

Sedertdien het talle toergroepe vanaf Potchefstroom vertrek en deur die hele Suid-Afrika en selfs na buurlande getoer. Benewens die Alabama Studentegeselskap wat in Januarie 1985 na Taiwan getoer het (Van der Walt, 1993:8), het die PU-Alabama Boere-orkes in 1951 na die Belgiese Kongo (vandag die Demokratiese Republiek van die Kongo) getoer, met 2 300 km die verste wat ’n toergroep op die vasteland van Afrika vanaf Potchefstroom gereis het.

Die insameling van fondse vir die boufonds van die PUK was vanaf die 1930's tot laat in die 1950's een van die belangrikste doelstellings van die toere (Anon., 1937b:12; Van der Vyver, 1954).

Afgesien van die tyd en moeite wat vereis is om toneelstukke in te studeer en om dekor, rekwisiete en kostuums te vind, moes die toere ook gereël word.

In 1963 skryf Marnus Roothman in *Die Besembos* (1963:47) oor die studentetoere:

Deur middel van toere lewer ons veral aan die mense in verafgeleë plattelandse gebiede 'n waardevolle diens. Ons bring aan hulle nie net gesonde ontspanning nie – wat soms skaars is in plekke waar alleen die bioskoop die magsposisie beklee – maar ons is ook trots daarop dat ons kan sê dat dit wat ons aanbied ook op 'n nie alte lae kulturele vlak staan nie - en dan spesifiek die eg-Afrikaanse kultuur en egte Afrikaanse studentepret en -ontspanning wat ons aan ons gehore wil bring.

Van die vroegste jare af was studentetoere, van watter aard ook al en waarheen ook al, deel van die PUK se tradisie en vir dié wat daaraan deelgeneem het, 'n hoogtepunt van hulle studentejare. Dikwels as oudstudente gevra word wat hulle die helderste van hulle studentejare onthou, staan die studentetoere uit (Gouws, 2011:28).

Alabama se toer in sy stigtingsjaar, 1943, het in Klerksdorp begin en het dorpe in die Wes-Transvaal, Vrystaat en Noord-Kaap ingesluit. Hulle het in Kimberley gaan draai en deur die Vrystaat se platteland getoer om op Viljoenskroon te eindig.

Dié toer volg net twee jaar nadat die Universiteit van Stellenbosch se koor 'n toer deur die land onderneem het, waarmee die uitstekende sang van dié koor landswyd bekend geword het.

Gaandeweg het universiteite die waarde van dié toere begin besef en tydens 'n byeenkoms van die Kongres van Kultuuramptenare van Tersiêre Inrigtings het Horst Bütow oor studentetoere gepraat en onder meer gelys waarom studente wil toer (Bütow, 1985a). Hy gee ses redes:

* *Om die produk te vertoon.*
* *Om naam te maak*
* *Om vermaak uit te voer*
* *Om die inrigting bekend te stel*
* *Om fondse te in*
* *Om vakansie te hou.*

Die optrede van studente – hetsy as 'n kulturele toergroep of 'n sportspan – op ver plekke, was dié dorpe en stede se venster op die PUK en dus 'n advertensie vir die Universiteit en gemik op studentewerwing. In sy toerverslag aan die rektor op 27 Julie 1999 van die Koor se toer deur

Limpopo en Mpumalanga in 1999, maak prof Hans de Ridder (1999) spesiaal daarvan melding: “Wat ook weer opgeval het, is die manier hoe Awie en die Koor die PUK bemark en oral waar hulle kom ouers en kinders aanmoedig om PUK toe te kom.”

Met die beplanning van toere word die ‘blootstelling’ wat die Universiteit in ’n sekere gebied benodig, in aanmerking geneem. Daar is gou besef dat studente nie net sommer maar kan gaan toer nie en veral na die totstandkoming van die Kultuurkantoor in 1980 is daar al hoe strenger maatreëls ingestel om studentetoere so suksesvol moontlik – en so veel as moontlik ’n reklamepoging vir die PUK te maak.

Die PUK kon nie toelaat dat enigiemand in sy naam sommer maar gaan toer nie en alhoewel toerprogramme oor baie jare reeds plaasgevind het, is daar in 1981 is ’n amptelike beleid gevestig oor die keuring van toergroepe (Anon., 1981a). Daarvolgens sou keuring in twee fases plaasvind. Die eerste is ’n keuring van die inhoud van die toneelstuk, liedjies of sketse. Die tweede fase is ’n keuring van die gehalte van die opvoering en vind in die maand voor die toergroep vertrek plaas.

Die keurkomitee – waarheen die rektor en/of registrateur uitgenooi word – doen hulle finale aanbeveling aan die studenteadviseur: kultuur voor. Sou ’n dispuut ontstaan tussen die toergroep en die Kultuurkantoor, kan die toergroep hulle beroep op die rektor.


Voorts moes die Universiteit seker maak dat studente wat toere meemaak, hulle daartoe verbind om so op te tree dat dit nie die Universiteit se naam sou skaad nie. So vroeg as 1974 is daar dus reeds ’n Reglement vir Studentetoere (Mulder, 1974) opgestel en dit is verwag van elke student wat ’n toer meemaak om by wyse van handtekening te bevestig dat hulle hul aan die reglement sal onderwerp. Dit is later uitgebrei (Anon., s.a.(a)). Hierin word ’n studentetoer omskryf as:

Enige toer of uitstappie onderneem, gereël of georganiseer deur die Sentrale Studenteraad of ’n gepatroneerde onderliggaam van die SSR, of wat met goedkeuring van een van bogenoemde liggame onderneem word.

Benewens vereistes vir gedrag en voorkoms, soos uiteengesit in paragraaf 2.3.6, word die beleid ten opsigte van die keuring van uitvoerende toergroepe ook in die reglement geïnkorporeer. Voorts is dit ook noodsaaklik dat – as die toer uit mans en dames bestaan en moet oorslaap – toerouers aangewys word.

Daar is nooit lukraak besluit watter dorpe en stede by die studentetoere ingesluit word nie. In die strategiese deelplan van die Kultuurkantoor vir 1984 skryf Horst Bütow (1984a): *Toergroepe is weer eens na ons Universiteit se prioriteitswerwingsgebiede uitgestuur en maksimum advertensie vir die Universiteit is seker gekry.*

Hieruit blyk dit duidelik dat die daadwerklike pogings wat die Universiteit gedoen het om uitvoerende studentegroepe van owerheidsweë te ondersteun nie bloot gegaan het oor die bevordering van die kunste nie, maar dat dit ’n daadwerklike poging tot studente- en fondswerwing was.


Middelburg
Witbank
Badplaas
Barberton
Swaziland
Mbabane
Ermelo
Potchefstroom
Vanderbijlpark
Standerton
Piet Retief
Volksrust
Newcastle
Dundee
Ladysmith
Harrismith
Bethlehem
Kroonstad
Odendaalsrus
WELKOM
Virginia
Rustenburg
PRETORIA
JOHANNESBURG
Krugersdorp
Carletonville
Klerksdorp
Koppies
Frankfort
Heilbron
Sasolburg
Vereeniging
Vanderbijlpark
Potchefstroom
Nigel
Springs
Witbank
Middelburg
Belfast
Lydenburg
Machadodorp
Waterval-Boven
Nelspruit
Malelane
Komatipoort
Kruger National Park
Lichtenburg
Zeerust
Swartruggens
Rooseneskop
Dullstroom
Mooiland
Lake Chrissie
Carolina
Davel
Bethal
Trichardt
Chrissiesmeer
Lothair
Mhlambanyatsi
Amsterdam
Bunya
Mankayane
Siphofaneni
Sicunusa
Big Bend
Nhlangano
Hluti
Paulpietersburg
Pongola
Louwsburg
Wakkerstroom
Charlestown
Groenvlei
Memel
Utrecht
Zungwini
Ngome
Vryheid
Nongoma
Hlabisa
Mahlabatini
Babanango
Somkele
Melmoth
Ubombo
Muzi Game Reserve
Mkuze
Ingwavuma
Jozini
Pongolapoort Dam
Ndumo
Sokoo
Maloma
Kubuta
Big Bend
Mbabane
Ezulwini
Lobamba
Manzini
Hhelehele
Sitekhi
Hhlambeni
Mhlosheni
Nhlangano
Hluti
Mhlosheni
Ingwavuma
Jozini
Pongolapoort Dam
Ndumo
Sokoo
Maloma
Kubuta
Big Bend
Mbabane
Ezulwini
Lobamba
Manzini
Hhelehele
Sitekhi
Hhlambeni
Mhlosheni
Nhlangano
Hluti
Paulpietersburg
Pongola
Louwsburg
Wakkerstroom
Charlestown
Groenvlei
Memel
Utrecht
Zungwini
Ngome
Vryheid
Nongoma
Hlabisa
Mahlabatini
Babanango
Somkele
Melmoth
Ubombo
Muzi Game Reserve
Mkuze

Benewens die 1981-toer was die Koor ook in 1987, 1993, 1997, 2003, 2008, 2011 en 2014 oorsee. Die Boulevard Harmoniste het ook al gereeld oorsee getoer en het by talle internasionale kompetisies goed presteer.

In 2002 het die Serenaders ’n suksesvolle toer na Duitsland onderneem.

Daar word dus reeds vir meer as agt dekades toere onderneem waartydens uitvoerende studentegroepe van die Universiteit optree. Waar dit aanvanklik op studente-inisiatief plaasgevind het om geld in te samel vir verskeie verdienstelike sake, soos vir die Reddingsdaadbond (Alabama se eerste toer – kyk na paragraaf 4.2), word die toere later georganiseer na aanleiding van ’n bestuursbesluit van die NWU-PUK.

HOOFSTUK 3

Thalia Toneel

Toneelopvoerings is deur dosentegeledere van die Teologiese Skool met afkeur bejeën (Hattingh, 2010:17). Ten spyte hiervan het toneelopvoerings vanaf die vroegste jare af groot belangstelling onder studente gewek. Die Debat- en Kultuurvereniging se opvoering van *Susanna Reyniers* is van die vroegste toneelopvoerings van die studente wat bekend is. Dit is beskryf as 'n "skitterende sukses" (Schulze, 1919:88).



ILLUSTRASIE 3.1
DIE FOTO IS DIE VROEGSTE WAT OPGESPOOR KON WORD, MET 'N TONEELGROEP AS ONDERWERP. DIE LATERE REKTOR, PROF HENNIE BINGLE, WAS IN SY STUDENTEJARE DEEL VAN 'N TONEELOPVOERING OP DIE PUK. PROF BINGLE WAS IN 1928 'N EERSTEJAAR EN HET IN 1931 'N HOËR ONDERWYSDIPLOMA BEHAAL. HY SIT REGS VOOR OP DIÉ FOTO. DIE OPVOERING HET *HANTIE KOM HUIS TOE* GEHEET (ANON., 1989C:31).

Die SVR (Studente Verteenwoordigende Raad) besluit op 29 Maart 1926: "Die voorsitter deel mee dat die SVR besluit het om weer vanjaar 'n toneel op te voer en ook dat dit wenslik geag word dat

die penningmeester van die SVR ook die penningmeester van die Toneelkomitee sal wees, om praktiese redes (SVR, 1926a:41). In 1926 is die Amicitia-vereniging gestig, maar dit is in 1927 vervang met ’n Musiek- en Geselligheidskomitee (Anon., 1927:23). Dieselfde jaar is ’n Griekse tragedie opgevoer, wat lei tot die stigting van die Dramatiese Vereniging (Anon., 1975a). Kort daarna is die toneel *Hantie kom huis toe* opgevoer en ’n latere rektor, Hennie Bingle, was deel van die rolverdeling (Anon., 1989c:31).

3.1 Toere van die Toneelvereniging

Die toer per trein van 1929 is die eerste van sy aard wat deur studente van die PUK onderneem is. Die vyf-en-dertig mans en vier meisies het elf dae per trein getoer (Anon., 1929a:5). Die toneelstuk was *As die tuig skawe*, onder leiding van JP Pretorius (Anon., 1929a:18).

Die volgende jaar is weer ’n toer gereël. Die toneelstuk *Van Riet van Rietfontein* is op 14 plekke opgevoer in die Suid-Vrystaat en Oos-Kaap (Anon., 1930a:27). Die verslag daaroor in *Die Besembos* beskryf die toer as ’n groot sukses (Anon., 1930b:18) en vervolg:

Oor die gehalte van die opvoerings is met lof gepraat. So skryf dr Haden Guest, ’n Engelse geleerde wat ons op Venterstad gehoor het, in die Outspan *van 22 Augustus 1930: ‘This is not a dramatic criticism or I should do more than pause to record the high level of the acting and the artistic interest of the play. The student actors, men and women, were keen and very capable: the audience keen and appreciative.’*

In 1931 word die derde toer onderneem. Dié keer word ’n toneelstuk opgevoer en rugby- en tennisspanne gekies om te speel teen spanne van die dorpe waar hulle aandoen (Du Plooy, 1931:23). Die toneelstuk was *Sy geboortereg* wat onder spelleiding van FJ Labuschagne, ’n lektor in Afrikaans-Nederlands, opgevoer is. Ten spyte van voorbereidings, onder meer deur Labuschagne, is daar in 1932 nie getoer nie (Anon., 1932:21).

Die toneelstuk vir 1933 was *Die drie Van der Walts.* “Orals is aan die opvoerings baie lof toegeswaai en soveel uitnodiginge vir opvoeringe is ontvang dat sommige van die hand gewys moes word.” Benewens die toer is verskeie opvoerings op Potchefstroom gehou, onder meer by skole en by verenigings (Jonker, 1933:16).

Nadat die Toneelkomitee, onder wie se leiding die toneelstukke waarmee op toer gegaan is, in 1934 nie aktief was nie, is daar in 1935 ’n Dramatiese Vereniging gestig. Die Vereniging het vanaf dié jaar die reëlings vir die opvoer van die toneelstuk getref. Dié jaar is *Die handelaar van Venesië* op die planke gebring (Coetzee, 1956:75). In die toerverslag word mev Aletta Nel bedank dat sy dié vertaling van Shakespeare se *The merchant of Venice*, wat deur haar en mev Ward gedoen is, aan die

Vereniging beskikbaar gestel het (Anon., 1935:30). Lektor Labuschagne was weer die regisseur en die toerverslag meld dat drie vertonings gekanselleer is (Pretoria, Warmbad en Krugersdorp), terwyl die trein eers 23:00 die aand op Pietersburg aangekom het, wat beteken het dat hulle nie daar kon optree nie.

In die eerste *Die Veteraan* wat in 1936 verskyn het (Anon., 1936:10), word berig dat ’n studentegroep dié jaar gedurende Julie-Augustus onder leiding van prof GTS Eiselen getoer het na dele van Transvaal, Kaapland en die Vrystaat en die toneelstuk *Die nuwe Lewe* opgevoer het. “Die onderneming was besonder suksesvol en sal ongetwyfeld veel bydra om die PUK meer bekend te maak. Die studente verdien alle lof vir hulle opoffering en ywer.”

Die volgende jaar Transvaal, Natal en die Vrystaat besoek met die toneelstuk *En hadde de liefde niet* (Anon., 1937a:25). Die toer was onder leiding van dr Theron. Die berigskrywer vir *Die Veteraan* meld egter dat daar in die toekoms meer aandag gegee moet word aan die “voorbereidende organisasiewerk”. Die toer het ’n opbrengs van £100 vir die boufonds opgelewer, dieselfde as in 1936.

In 1938 het die “toer deurgeval” (Kruger, 1938:22). Die volgende jaar word berig dat die Dramatiese Vereniging ontsaglike groot werk gedoen het.

Die drama Die Vooraand *van JRL van Bruggen is ingeoefen en daarmee is ’n aantal naweektoere onderneem na verskillende plekke in die Wes-Transvaal en op die Rand. Verder is op ’n uiters moeilike tydstip van die jaar, nl. In die laaste kort vakansie, ’n veertiendaagse toer deur Noord-Kaapland onderneem. Vroeër die jaar het dit onmoontlik geblyk.*


Ongelukkig is die totale koste nie ’n weerspieëling van die werk wat gedoen is nie. Dit is te wyte aan groot onkoste wat veral met die naweektoere gepaard gegaan het en aan die feit dat die oorlogstemming miskien die entoesiasme vir toneelopvoeringe enigsins gedemp het (Coetzee, P.J., 1939:21).



ILLUSTRASIE 3.2
PROF FJ (LAPPIES) LABUSCHAGNE. IN 1986 HET DIE DEPARTEMENT AFRIKAANS-NEDERLANDS 'N HULDIGINGSAAND VIR PROF LABUSCHAGNE GEHOU OM SAAM TE VAL MET SY 91STE VERJAARDAG. PROF JACQUES VAN DER ELST, WAT TOE DEPARTEMENTSHOOF WAS, HET 'N OORKONDE AAN HOM OORHANDIG (GOUWS, 2010A:25; FOTOKUNS, 1986B).

Tussen 1940 en 1947 blyk dit dat die Dramatiese Vereniging doodgeloop het. Die "oorlogstemming," waarin die verslag 1939 gemeld word, blyk die belangrikste rede hiervoor te wees. WJ de Klerk skryf in die April 1948-uitgawe van *Wapad:* "Alhoewel die vereniging sy bestaan in die verlede nog nie kon regverdig nie, is ons tog van plan om vanjaar die fondamente van die Toneelvereniging so sterk moontlik te lê" (De Klerk, 1948:7). De Klerk sê dat die toneelvereniging nie net vir mense is wat belangstel om toneel te speel nie. Ander "wat nie kan of wil toneelspeel nie" is ook welkom om aan te sluit en dit word beoog om vir hulle klasse in grimering en die bou van dekor aan te bied. Die Toneelvereniging het ene Verheyen uitgenooi om die PUK te besoek. Hy sou op 30 April die toneelstuk *Schuld en Boete* van Dostoyevsky opvoer en sou al elf die rolle in die toneelstuk vertolk. *Die Besembos* bevestig dat 'n toneel- en voetbaltoer in 1948 onderneem is (Anon., 1948a:92). Die eerste optrede was op Krugersdorp en daar is ook aangedoen op Potgietersrus, Pietersburg, Tzaneen, Magoebaskloof, Komatipoort, Barberton, Badplaas, Nelspruit, Machadodorp, Belfast Middelburg en Witbank. Die eerste optrede in Krugersdorp was nie goed bygewoon nie (Anon., 1948a:92) "Ons speel vir 'n klein klompie mense en verder rye en rye stoele wat lyk asof hulle met uitdrukkinglose oë na ons staar. Maar dis verby."

In 1949 is nog 'n uitgebreide toer onderneem deur die Wes-Transvaal, Noord-Kaapland en Sentraal-Vrystaat. Boonop het hulle toneelstuk 'n eerste plek in die eerste ronde van die FATSA-feeste behaal (Anon., 1949c:101).



P.U.K.
. . Toneelvereniging . .
(Onder beskerming van die Studente Raad).

Dinee

Vrydag 9 September 1949

IN DIE

King's Hotel, Potchefstroom

om 7 nm.

— EREGAS: PROF. J. CHRIS COETZEE. —




ILLUSTRASIE 3.3 BO: DIE PUK-TONEELGESELSKAP HET IN 1949 PER TREIN GETOER (ANON., 1949A).

ILLUSTRASIE 3.4 LINKS: VOORDAT DIE TONEELVERENIGING VAN DIE PUK AS THALIA BEKENDGESTAAN HET, WAS DIT DIE PUK TONEELVERENIGING. HIERDIE IS DIE PROGRAM VAN DIE VERENIGING SE DINEE VAN 1949 (ANON., 1949B).

Dit word gevolg met ’n uitgebreide toer deur Oos-Kaapland en die OVS. WJ de Klerk (1950:18) berig in sy jaarverslag: “Die toer was ’n kostelike advertensie vir die PUK.”

Die Toneelvereniging voer dié jaar die eerste keer ’n Engelse toneel op. Dié eenakter *Sunset in September* is ook ingeskryf vir die ASB (Afrikaanse Studentebond) se toneelkompetisie. Die Afrikaanse toneelstuk wat tydens die toer opgevoer is, *Mama het Planne*, is ook vir die ASB-kompetisie ingeskryf. Die PUK het dié jaar die meeste inskrywings vir dié fees gehad. Later die jaar is dit op versoek ook in die Potchefstroomse stadsaal opgevoer (De Klerk, 1950:18).




„THALIA"
(Toneelvereniging van die P. U. vir C.H.O.).

11 September 1951 — P.U.-Hoofgebou-Saal

BESLUITINGSPROGRAM

1. Verwelkoming en lees van notule.
2. Sangduo — Annemarie Rossouw, Danina Rossouw
3. Voordrag — M. Deale
4. Sangsolo + Klavier duet + Klavier trio — W. van der Bank
5. Sangsolo — M. van Tonder
6. Klaviersolo — Wilma de Lange
7. Sangsolo — Marie Venter
8. Voordrag — Theunette Snyman
9. Vioolsolo — Juliana van der Rhee
10. POUSE
11. Samesprooksel „Gesprek van die Dooie Siele" — Solomé Erasmus / Lubbe Coetzee
12. Sangsolo — Carini van der Spuy
13. Voordrag — Sussie Holtzhausen
14. Trekklavierduo 4 hoog. — Gaple du Toit, Flippie Snyman
15. Voordrag — Jannie Kruger
16. Klaviersolo — Laura du Plessis
17. Sangduo — Marie Venter, Abraham van Tonder
18. Voordrag — Deborah
19. Aanmaning

ILLUSTRASIE 3.5
DIE PROGRAM VAN ’N KONSERT WAT THALIA OP 11 SEPTEMBER 1951 GEHOU HET, WAARSKYNLIK DIE OUDSTE PROGRAM VAN THALIA WAT BEHOUE GEBLY HET (THALIA, 1951).



POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEITSKOLLEGE
VIR CHRISTELIKE HOER ONDERWYS

DIE REGISTRATEUR,
P.U.K. vir C.H.O.
POTCHEFSTROOM

Telefoon 148
POTCHEFSTROOM

7 Aug 1948

Mev. M. J. de Klerk B.A

Geagte Mev. de Klerk,

Baie geaang wil ek die Toneelgeselskap Suid-Afrika gelukwens met die opvoering gisteraand 6 Aug. 1948 se Hertslitende Spieëls tot uitmuntende opgehoe e noem-loë gehalte is gelewer. Ek het die opvoering Suid-gesien a.d.v. oortuiging dat die Toneelgeselskap op die volmaakste toer uitgevoer gesterken het.

Ek wil ook my hart-dank betuig vir die goed-gesindheid e.d. opoffering wat die studente aan die dag gelê het om die klanke van die P.U.K. vir C.H.O. te hoor.

Met vriendelike groete
Ds.

F. Postma

ILLUSTRASIE 3.6
’N BRIEF VAN GELUKWENSING VAN DIE REKTOR, PROF FERDINAND POSTMA, AAN THALIA OP 7 AUGUSTUS 1948, NA ’N OPVOERING OP 6 AUGUSTUS (POSTMA, 1948).

3.2 Toneelvereniging word Thalia

In 1951 word die Toneelvereniging se naam verander na Thalia, nadat daar gestem is tussen dié naam en “Die Cachet Dramatiese Vereniging”. Thalia is met ’n “oorwegende meerderheid” gekies (Spoelstra, 1951:103: ABKK, 1951:1). Dit blyk dat daar op die naam Thalia besluit is, aangesien “Thalia” die muse van die blydskap is (Anon., 1975a).

Thalia is ook die naam van een van die drie dogters van Zeus in die Griekse mitologie (Smith, 1867: 686) wat bekend staan as “the three graces”. Smith sê: “they were conceived as the goddesses who gave festive joy and enhance the enjoyment of life by refinement and gentleness”.

Die jaarverslag van die Studenteraad van 1951 sê dat die belangstelling in drama nie groot is nie. “Tog het die vereniging met ywer gewerk. Geen toer is onderneem nie, maar intern is gekonsolideer en die aandag is toegespits op FATSA” (Spoelstra, 1951:103). FATSA is die afkorting vir die Federasie vir Amateur-toneelvereniginge. Dit is op 14 Desember 1938 in Krugersdorp gestig as ’n organisasie om die kragte van amateurtoneelgeselskappe saam te snoer (Anon., 2014a; Hattingh, 2010:20).

1951 was die jaar wat die Universiteit onafhanklik geword het en die Potchefstroomse Universiteitskollege die PU vir CHO geword het. Thalia het meegedoen aan die feesvierings deur op

Heldedag, 10 Oktober, ’n program in die stadsaal aan te bied waartydens gedigte voorgedra is uit *Trekkersweë* van Totius (Spoelstra, 1951:103).

Die volgende jaar het Thalia weer na Noord-, Oos- en Suid-Transvaal getoer. Die voorsitter van die Studenteraad berig in sy jaarverslag (Lighthelm, 1952:3) dat die omset van die toer byna twee keer groter was as die vorige jaar. Hy vervolg: “Die vereniging, met ’n geringe ledetal, het daarin geslaag om sy doelstelling uit te lewe.”


In 1953 blyk die toer nie ’n finansiële sukses te wees nie. Thalia het aan die ASB-Toneelfees deelgeneem en gedurende Julie is ’n toer met *Piet se Tante* deur Noordoos-Transvaal onderneem, “wat ’n groot sukses was, behalwe in die finansiële aspek” (D’Assonville, 1953:3).

Die latere prof Johan van der Vyver het in 1954 die hoofrol vertolk in *Gebed in Clarendon*, ’n toneelstuk wat uit Frans vertaal is deur TT Cloete (Van Eeden, Bütow & Ryke, 2006:284). Die latere bekende skrywer, André P Brink (Brink, 1975), was dié jaar ’n lid van Thalia en sê dat hy met wat hy meen Thalia se eerste Engelse produksie was, ’n toer deur Natal meegemaak het. Die toneelstuk was *Busman’s honeymoon* deur Dorothy Sayers.

Die eerste Thalia-toer na Suidwes-Afrika was in 1955 en hulle het die toneelstuk *Meneer Perrichon gaan op reis* opgevoer. Thalia het met die toer sy grootste wins sedert sy ontstaan gemaak sowat £400 (Van Eeden *et al.*, 2006:284).

Mnr Perrichon gaan op reis is ’n Franse drama wat geskryf is deur Labiche en Martin en deur dr TT Cloete uit Frans vertaal. Dié vertaling het hoë lof in die pers in Suidwes gekry. *Besembos* sê dat Thalia se sukses hierdeur ’n “swaarder aksent” verkry. Dr Cloete – later professor – het ook die regie waargeneem. Die *Windhoek Advertiser* het dit as “good entertainment” beskryf (Anon., 1955b:7). Cloete is in 1956 aangewys as erepresident van Thalia (ABKK, 1956).

Die PW Buys-wisseltrofee word dié jaar die eerste keer ingestel (Anon., 1955d:7) en in 1956 is Thalia, saam met die PU-Musiekvereniging, die eerste wenners van die PW Buys-wisseltrofee (Van der Walt, 1956a:139).



ILLUSTRASIE 3.7
THALIA SE PROGRAM VAN 1955 VIR *MENEER PERRICHON GAAN OP REIS* (ANON., 1955C).



ILLUSTRASIE 3.8
DIE PROGRAM VAN *KANDIDAAT VAN BOMMEL* WAT THALIA IN 1957 OPGEVOER HET (ANON., 1957A).

Thalia het in 1956 “soveel as ses maal” voor hul medestudente opgetree en ’n totaal van tien stukke instudeer (Van der Walt, 1956a:131). Só berig die Jaarverslag van die Studenteraad in *Die Besembos.* “Daar is ook aan 44 persone die geleentheid gee om rolle te vertolk, terwyl ’n totaal van ses regisseurs ingespan is. Tog is spel van ’n hoë gehalte gelewer soos blyk uit die hoë lof van die pers.” ’n Toer is onderneem na Suidwes-Afrika (SWA) (Van der Walt, 1956b:63). Brink (1975) skryf aan Thalia dat hy aanvanklik dié jaar die voorsitter was, maar “ek moes vanweë te veel hooi op my vurk die leisels teen die middel van die jaar oorgee aan Johan van der Vyver (vandag julle prof in Regte)”. Beide Brink en Van der Vyver het in hulle onderskeie vakgebiede internasionaal bekend geword. Brink het die CNA literêre prys drie keer gewen, was twee keer op die kortlys vir die Booker-prys en is genomineer vir die Nobelprys vir Letterkunde (Thelwell, 2015).

Prof Johan van der Vyver het in 1976 ’n kursus in Menseregte by die Fakulteit Regte ingestel. Dit was die eerste kursus van sy aard in Suid-Afrika. In 1978 het hy die PU vir CHO verlaat, nadat hy toenemend kritiek gelewer het teen die Suid-Afrikaanse regstelsel en regering. Hy is aangestel as professor in Regte aan die Witwatersrandse Universiteit. Sy vertrek uit Potchefstroom was “nie uit eie keuse nie”. Hy het in 1995 die Alumni-oorkonde van die PU vir CHO ontvang en in 2003 ’n eredoktorsgraad (Gouws, 2015:119).

Die volgende jaar, 1957, is daar met *Kandidaat van Bommel* deur Oos-Transvaal getoer (Van der Walt, 1957:175). Dit is die Afrikaanse vertaling van ’n gelyknamige Nederlandse stuk wat in 1897 geskryf is deur J de Koo onder die skuilnaam, Doctor Juris. Die program (Anon., 1957a) gee

agtergrond oor die verhaal:
Van Bommel, die hoofkarakter, is geen diplomaat of politikus nie, maar omdat hy 'n bietjie ydel is laat hy hom ompraat deur grootsprakige bestuurslede en 'n party-tak in sy kiesafdeling om hom kandidaat vir die Volksraad te stel.

In 1958 is daar weer met *Meneer Perrichon gaan op reis* deur Noord-Transvaal getoer (Postma, 1958:173).

Nadat die verslag van die Studenteraad van 1959 glad nie enige melding van Thalia maak nie, word daar in 1960 berig dat die vereniging aan die ABKK-kunsfees deelgeneem het met die toneelstuk *Ruwer Erts*. By die ASB-Kunsfees het Thalia 'n derde plek in die eenbedryf-afdeling verower. Boonop is daar deur SWA getoer met *Kandidaat von Bommel* (Van der Walt, 1960:167). André P Brink (1975) skryf aan Thalia dat "daai Bommel-affêre 'n hele paar keer uit die oude doos opgediep is."

1961 was eweneens 'n bedrywige jaar vir Thalia. Daar is getoer met *Pappa het ja gesê* en *Liefde en spelfoute* deur Transvaal, Natal en die Vrystaat. *Die Besembos* (Krüger, 1961:111) berig: "Die grootste wins in Thalia se geskiedenis is afgewerp." Boonop is daar op 3 Oktober aan die Republiekfees deelgeneem en die Engelse stuk *The proposal* is in September 1961 opgevoer.

Die bedanking van die voorsitter het Thalia se bedrywighede in 1962 gekortwiek. Daar is ten spyte daarvan getoer met 20 opvoerings in die Noordwes-Kaap en Wes-Transvaal (Du Plooy, 1962:93).

In 1963 was die eerstejaarstoneelstuk 'n eenbedryf, *Die Eerste Oogopslag*. Thalia het ook 'n toneel in drie bedrywe, *Die drie Van der Walts*, opgevoer waarmee getoer is. Vir die ASB-Kunsfees het Thalia *Oktobernag* van Gerhard Beukes aangebied (De Jager, 1963:103).

Thalia het in 1964 'n toer na die Boland onderneem met die toneelstuk *Die tooi lêer* deur Mikro (Du Plessis, 1964:131). In 1965 toer die groep na Noord- en Oos-Transvaal met *Verkiesing sonder politiek* (Du Plessis, 1965:96).

Teenoor die tien stukke van 1960 het Thalia in 1966 drie toneelstukke op die planke gebring. Die eerstejaarstuk, *Die beskermengel*, is in die eerste semester onder regie van Annemarie Mischke opgevoer. Me Mischke het later 'n bekende parlementêre joernalis geword (Du Preez, 2015).

Die Sandkis het 'n eersteplek behaal op die ASB-Kunsfees, terwyl daar met *Die inspekteur-generaal* deur Suid-Transvaal, Oos-Vrystaat, Noordwes-Kaap, Transkei en Natal getoer is. Volgens die ABKK-verslag van 1966 was die toer 'n groot sukses (Anon., 1966a).

In 1968 is die stuk *Die man met die lyk* om sy nek opgevoer, waarin Hans Strydom, vanaf die sewentigerjare 'n bekende akteur (Gouws, 2015:74, 75), die hoofrol vertolk het. Neels en Hermine Buitendag van Wolmaransstad was in 1968 deel van die toer na Suidwes-Afrika (Buitendag, 1975).

Hulle skryf in 1975 aan Thalia dat benewens Hans Strydom was Joan Crafford, later redaktrise van die tydskrif *Rooi Rose*, ook in die rolverdeling (Anon., 1986a:8). Dié toer is beskryf as ’n “grootse en suksesvolle toer” en was “finansieel, sosiaal en kultureel” suksesvol. Elise Scheepers was die regisseur (Anon., 1968a:5). Roodt (1968:4) sonder, in sy resensie in *Wapad,* veral die spel van Hans Strydom uit (Strydom het die rol van Paul vertolk):

Maar om terug te keer tot Paul, die rol waarin die geslaagdheid van die hele drama kulmineer: Dit was die hoogtepunt van Hans Strydom, een van die PUK se beste toneelspelers, se toneelloopbaan. . . Hans was Paul, in houding, gebaar, gesig en stem. ’n Skitterende vertolking. Hy was ongetwyfeld sy eweknie, Cobus Rossouw, se meerdere wat in TRUK se opvoering die hoofrol vertolk het. Miskien het Bartho Smit die rol spesiaal vir Hans Strydom geskryf. Met sy klassieke gesig, mooi resonante stem en gemaklike houding op die verhoog voorspel ek vir hom ’n skitterende rol as dramatiese akteur (Roodt, 1968:4).

Strydom het die B Juris-graad in 1968 voltooi en was daarna ’n staatsaanklaer in Durban, voordat hy in 1976 voltyds ’n akteur geword het. Hy het onder meer die toekenning ontvang vir beste akteur in ’n TV-reeks en ’n Rapport-Oscar as beste filmakteur vir sy rol in *Diamant en die dief* (Gouws, 2015:75).

In 1969 het Thalia *Lokval vir ’n eensame man* opgevoer (Anon., 1969b).

Thalia slaan in 1971 ’n nuwe rigting in. In sy voorsittersverslag vir 1971 verduidelik Ockert Raubenheimer (1971): “In 1971, met die twintigjarige feesviering van Thalia, het die toerbestuur besluit dat ons hierdie mylpaal op ’n besonderhede wyse moet herdenk.” Vir die eerste keer in die geskiedenis van Thalia is weggebreek van die gebruiklike drie-bedrywe en het ons ’n dokumentêre program oor die ontstaanstydperk van die Afrikaanse taal op die planke gebring. Bestaande uit poësie, prosa, ’n eenbedryf en selfs liefdesliedjies op noot van die konsertina, was *Maltrapstreke uit toeka se da*e ’n reusesukses onder regie van Abri le Roux (Anon., 1971b). Thalia slaag ook dié jaar daarin om ’n wins van R4 766 te maak, die grootste ooit (Raubenheimer, 1971:2).



ILLUSTRASIE 3.9
DIE VOORBLAD VAN DIE PROGRAM VAN *DIE MAN MET DIE LYK OM SY NEK* WAT IN 1968 DEUR THALIA OPGEVOER IS (ANON., 1968A).



ILLUSTRASIE 3.10
DIE VOORBLAD VAN *LOKVAL VIR 'N EENSAME MAN* WAT IN 1969 DEUR THALIA OPGEVOER IS (ANON., 1969B).

Wapad skryf op 19 Maart 1971 (Anon., 1971c:8) hieroor: "Alreeds by die rollesing was daar 'n meer gesofistikeerde atmosfeer in optrede en handeling wat die nuwe era van Thalia aangekondig het. Die keurders het baie moeilik gehad om uit al die talent die regte mense te keur." Alles het goed verloop en Ockert Raubenheimer (1971) skryf in sy jaarverslag dat dit 'n feesjaar was: "Met 'n toer deur die Wynland en teaters soos die Oppenheimer-teater in Welkom, die Stadskouburg van Bellville, die HB Thom-teater van Stellenbosch en die Veremarksaal in PE, was 1971 'n ware feesjaar."

'n Werk van CJ Langenhoven kom aan die beurt met Thalia se aanbieding van *Sagmoedige Neelsie* in 1972. Jacques Verster (1972) skryf in sy voorsittersverslag:
Met trots dink ek terug aan die hoogtepunt van ons toer in die Burgersentrum op Bellville: Sarah Goldblatt, in lewe eens Langenhoven se getroue geesgenoot, wens Sagmoedige Neelsie *na 'n borrelende opvoering geluk met sy sukses en kroon Thalia met die woorde: 'As Langenhoven vanaand gelewe het sou hy gesê het daar is niks verkeerd met die jeug van Suid-Afrika nie.' Al 39 van ons het toe geweet wat CJ Langenhoven wou sê toe hy geskryf het: 'Deur twee dinge is my lewe vir my leefbaar gemaak: die liefde wat ek gegee het en die liefde wat ek ontvang het.'*

Die Burger (Anon., 1972a) skryf dat Thalia "Langenhoven en sy werk met oorspronklike vernuf en baie geesdrif laat lewe. Dit is egter die studente se geesdrif, meer as enigiets anders, wat die aanbieding suksesvol gemaak het."

In 1973 het Thalia beplan om 39 opvoerings van die stuk *Die vonkel in haar oë* van Gerhard Beukes te doen, volgens die voorsitter Marius Schalekamp se toerbeplanning (Schalekamp, 1973a).

Daar is in die wintervakansie getoer na Noord- en Oos-Transvaal en optredes op dorpe rondom Potchefstroom het tydens naweke in die kwartaal plaasgevind. Vyf opvoerings is vir Potchefstroom beplan. In samewerking met CJ Reinecke (vader van die latere rektor, prof Carools Reinecke), van die Departement Ontwikkeling, is die name van kontakpersone op dorpe bekom en versoek om optredes te help reël. Benewens die toerouers het die groep uit 33 studente bestaan. Die huur vir die sale waarin opgetree is, het gemiddeld R13.00 gekos en kaartjies was tussen R1.50 en 50 sent (Schalekamp, 1973b). Die latere visekanselier van die NWU-PUK, dr Theuns Eloff, en sy toekomstige vrou, Suzette, néé van der Westhuizen, het onderskeidelik die rolle van Klara en Dawie Breytenbach vertolk. Die regisseur was Abri le Roux (Anon., 1973a).


In 1974 is reise per bus ernstig deur die Universiteitsowerhede ingeperk as gevolg van die brandstofkrisis wat Suid-Afrika beleef het. Theuns Eloff was daardie jaar die voorsitter van Thalia en hy moes hulle op toer kry. Daar is oorweeg om per trein te reis, maar dit blyk dat die Suid-Afrikaanse Spoorweë nie bereid was om die Thalia-groep saam met dekor en bagasie te vervoer nie. Spesiale toestemming is daarna verkry om Thalia wel per bus te laat toer (Eloff, 1974a).

In Thalia se beplanning word daar, benewens die optredes tydens die toer, ook vier op Potchefstroom beplan, een voor die toer. Die rede: “met die doel om resensies in koerante te kry.” Die res van die toer besoek Oos- en Noord-Transvaal.

Die beplanning reken dat Thalia se uitgawes vir dié jaar R7 135 sal beloop (Eloff, 1974a). Die grootste enkele voorsiene uitgawe is reklame, waarvoor R1 570 begroot is. Dit sluit die drukwerk van programme, plakkate (15 000), strooibiljette en R50 “resensiekoste” in. Vir kostuums is R800 begroot en vervoerkoste is gereken op R600.



ILLUSTRASIE 3.11
DIE PROGRAM VAN *DIE VONKEL IN HAAR OË* WAT THALIA IN 1973 MEE GETOER HET (ANON., 1973A).



ILLUSTRASIE 3.12
DIE PROGRAM VAN *KINKELS INNIE KABEL* DEUR ANDRÉ P BRINK, 'N VOORMALIGE THALIA-LID, WAT IN 1974 OPGEVOER IS (ANON., 1974A).

Thalia het *Kinkels innie kabel* in 1974 opgevoer. Dit is 'n Afrikaanse vertaling van Shakespeare se *Comedy of errors* deur André P Brink (Anon., 1974a). Eloff word gloeiend beskryf in Eric van der Walt (1974), die SR-verteenwoordiger wat die toer meegemaak het, se verslag.

Die toerleier was mnr Theuns Eloff: Die toerleier was gewild onder die toerlede, dit was lekker om saam met hom te werk, hy het deurgaans goeie leiding geneem en was meester van elke situasie. Hy besit die vermoë om lewe in te blaas in 'n groep en wek die vertroue wat 'n leier moet gee by 'n mens op. Alhoewel dit sy eerste toer as toerleier was, dink ek hy het hom goed van sy taak gekwyt.

Die toer was 'n sukses, want die beskermheer van Thalia, HM (Robbie) Robinson (1974), skryf op 18 Augustus 'n persoonlike brief aan die "Thalianers" waarin hy sê: "1974 kan beslis weer aangeteken word as een van die hoogtepunte in die glorieryke geskiedenis van ons vereniging." In sy voorsittersverslag beaam Theuns Eloff (Eloff, 1974b) dat die toer kultureel en finansieel 'n sukses was. Die groep het bestaan uit 33 persone, vergesel van die toerouers, mnr en mev Ig Vorster. Afgesien van twee opvoerings is al die optredes goed ondersteun. Hy sê: "Thalia het groot hoogtes bereik met *Kinkels innie kabel* – 'n prestasie wat moeilik oortref sal word."



ILLUSTRASIE 3.13

DIE THALIA TOERGROEP VAN 1975.

VOOR: FRANS MEYER (TEGNIESE ORGANISEERDER), MAGDA BOTHMA (SEKRETARESSE), JAN BOORD MEYER (ONDERVOORSITTER), CASSIE KEMPFF (VOORSITTER), GYS LIEBENBERG (PENNINGMEESTER).
MIDDEL: MAGRIET COCHRANE, ANNETTE VAN DEN HEEVER, ADRIAAN VAN DER WALT, MARYNA JORDAAN, BERENDIEN VAN COLLER, PAUL REYNEKE, MARTIE BUITENDAG, ANSIE SMIT, ERNA ARNOLDI, RIA BOTHA, HEIN GEYER.
AGTER: ESTER VAN DER WALT, HANS KEMPFF, KOBIE NORTJÉ, SAM PELLISIER, ALIDA NAUDÉ, JOHAN STEYN, CHRIS SWART EN CHRISTO SCHWELLNUS (FOTOKUNS, 1975).

My Broer se Bril van Dirk de Villiers was Thalia se produksie vir 1975. Die toneelstuk was ’n riller, anders as die komedies wat Thalia die vorige jare opgevoer het. De Villiers is ’n bekende filmmaker van onder meer *Die geheim van Nantes*, *Jy is my liefling* en D*ie lewe sonder jou*. Die Thalia-bestuur het die program in die vorm van ’n bril laat druk (Anon., 1975a). Die regisseur was Aldo Behrens wat ’n senior dosent by die Departement Spraakleer en Drama was. Hy het, volgens die program, die regie waargeneem ondanks ’n druk program by die departement. Hy is bygestaan deur Liesbet Schoeman, ook dosent van Spraakleer en Drama wat die ‘drilwerk’ gedoen het.

Met *My Broer se Bril* het Thalia in die wintervakansie van 1975 getoer na die Oos-Rand, Noord-Transvaal, Natal, Wes-Rand en het in die derde kwartaal oor naweke opgetree op Potchefstroom, Klerksdorp, Pretoria, Alberton en Vereeniging (Anon., 1975a).



ILLUSTRASIE 3.14
DIE UNIEKE PROGRAM VAN DIE 1975, THALIA-PRODUKSIE, *MY BROER SE BRIL*, IS GEMAAK IN DIE VORM VAN 'N BRIL (ANON., 1975A).

Voorbereidings vir die opvoer van *My broer se bril* het vir die Thalia-bestuur heelwat probleme veroorsaak. Die voorsitter, Christo Kempff (1975), skryf in sy verslag dat hulle drie keer van repetisielokaal moes verwissel. Hulle was aanvanklik in die muurbalbaan, maar die akoestiek was baie swak. Daarna het hulle oorgetrek na die Kloostersaal, wat "praktiese probleme" opgelewer het. Daarna het hulle die saal van POK gebruik. Benewens dié probleme, was die rektor, prof Hennie Bingle se reaksie, ná hy die keuring van *My broer se bril* bygewoon het: "die opvoering imponeer nie juis nie" (Bingle, 1975). Hy sê ook dat daar sekere woorde is wat uit die teks verwyder moet word, voordat hy sy goedkeuring daaraan kan gee. Dit sluit in "goor maag van die kind", "dammit", "in pitswere uitbreek", "deur sy dinges getrek" en woorde wat vandag steeds nie polities korrek en publiseerbaar is nie. Hy sluit minder optimisties af: "Verder moet die stuk gaan op hoop dat u met die aanbieding daarvan 'n sukses sal maak."

Die opkoms was nie oral na wense nie en die voorsitter (Kempff, 1975) skryf in sy verslag dat dit moontlik daaraan toegeskryf kan word dat baie mense die rolprentweergawe van die toneel reeds gesien het. Thalia se begroting vir die jaar was R14 320. Ten spyte van die gehore se gebrek aan belangstelling, skryf *Die Vaderland* (Anon., 1975b) op 25 Junie: "Hulle slaag uitmuntend daarin om die moeilike stuk aan te bied" en "die rolverdeling is uitstekend". Christo Schwellnus word beskryf as die "vonds" en daar word gesê dat 'n toneel waar hy uit 'n kis peul die vertoning "maak".

In 1976 pak Thalia *Die gelukkigste dae van jou lewe* van John Dighton aan (Anon., 1976a). Dit is in Afrikaans vertaal deur AJB de Klerk (Anon., 1976a:6). Die komedie handel oor "twee skole wat

saamgegooi word" en die gevolge daarvan (Schoeman, 1976:3). Optredes het op 24 dorpe en stede plaasgevind en in Pretoria, Potchefstroom, Kroonstad en Welkom is elk twee vertonings aangebied. Die toergeselskap het uit 11 dames en 11 mans bestaan en hulle het na Noord-Transvaal en die Laeveld getoer. Daar is ook vier vertonings in verskeie skouburge gelewer (Anon., 1976a:10). Dié jaar het Thalia ook hulle kwarteeu-reünie gevier (Swart, 1976a:12).

Nadat Thalia, en sy voorloper, die PUK Toneelvereniging, vanaf 1929 tot ongeveer 1954 reusebydraes gelewer het tot die Boufonds van die PUK en PU vir CHO, blyk die teenoorgestelde sedert 1969 die geval te wees, toe die voorsitter van Thalia, Kobus du Plessis in die program van *Lokval vir 'n eensame man* (Du Plessis, 1969:12) die Studenteraad onder meer bedank vir hulle "finansiële bydrae". Dié bydrae blyk teen 1976 nie genoeg te wees nie en ten einde Thalia se inkomste te verhoog, word adverteerders dié jaar genooi om in die program te adverteer. Die Suid-Afrikaanse Lugdiens en die Coca-Cola Uitvoerkorporasie is genader, maar het bedank, terwyl 'n advertensie van Harold's Automobile Service Station (Pty) Limited op die agterblad van die program verskyn en enkele kleiner advertensies op die agterste binneblad (Anon., 1976a).

Nadat die Departement Ontwikkeling sedert 1967 die Alabama Studentegeselskap bygestaan het in die organisering van toere, blyk dit dat die diens ook uitgebrei is na die Thalia Toneelgeselskap. Dié Departement het die name van moontlike organiseerders van die opvoering van Thalia se toneelstuk op die dorpe waarheen hulle wou toer aan die toerliggame, soos Thalia, aanbeveel. Chris Swart (1976b) skryf 'n ongedateerde brief aan mnr Robinson van dié Departement waarin hy verslag lewer oor die organiseerders op die verskeie dorpe. Die meeste organiseerders ontvang lof, maar dié een op Sabie word nie aanbeveel nie. Ten spyte daarvan dat die kerk van ds TA Liebenberg op Witbank afgebrand het, het hy Thalia steeds nog puik bygestaan.

Dit blyk dat Thalia besef het dat hulle kan baat vind by 'n nouer verhouding met die Departement Ontwikkeling en dié jaar is mnr HM Robinson, direkteur van die Departement Ontwikkeling, benoem as beskermheer van Thalia.

Thalia het 1977 in die Kaap gaan toer met die humoristiese stuk *Sakke vol geld* (Anon., 1977a:103). Die regisseur was Henk Wybenga, lektor in Spraak- en Vertolkingskunde wat deur die Departement Spraakleer en Drama, aan Thalia "geleen" is. Hy en sy vrou, Elize, was ook Thalia se toerouers. *Die Besembos* (Anon., 1977a:103) berig: "Dit het oral groot byval gevind en ons het letterlik die Kaap oorrompel met pure studentehumor. Voorvalle het nie weggebly nie – daarom sal die groep lank die rit van Kuruman na 'n beesplaas onthou, 'n groot deel van ons rit moes voltooi word met almal agter in 'n melk-en-vleis afleweringsbakkie."

3.3 Thalia-toere word gestaak

Nadat die eerste demonstrasie van televisie in Suid-Afrika alreeds in 1929 gemaak is, begin amptelike uitsendings in Suid-Afrika eers op 5 Januarie 1976 (Joyce, 1981:144). Dit volg nadat vele Derdewêreldlande met televisie-uitsendings begin het en omtrent net Suid-Afrika en Tibet dit nie gehad het nie. Joyce (1981:144) sê dat dit die lewe van voorstedelike Suid-Afrikaners ingrypend verander het. Aandete is vroeër geëet en pleks van ’n drankie met sononder op die stoep is dié drankie nou voor die televisie geniet.

Die instelling van televisie het ook die doodsklok gelui vir Thalia se toere. Reeds in 1977, begin Thalia dit voel. ’n Brief aan die voorsitter van Thalia deur IAJ van Rensburg van Bellville (1977) dui aan dat Thalia nie hier kon slaag om ’n “gehoor te kry nie”. Van Rensburg skryf: “Volgens wat ek van die organiseerders verstaan, kon hulle op geen manier belangstelling by die stadspubliek wek nie.” Hy vra dat Thalia hom vergoed vir die R30 wat hy as deposito moes betaal om die stadsaal van Parow te bekom.

Riaan van der Walt, voorsitter vir 1977, het in 1977 ’n handleiding ontvang van die vorige jaar se voorsitter, Chris Swart. Dit was heelwaarskynlik een van die pogings wat aangewend is om die Thalia-toere meer suksesvol en winsgewend te maak. Swart (1977:1) skryf onder meer:
Geluk! Dit is ’n groot eer wat jou toegeval het om die voorsitter van hierdie toneelvereniging te wees. Net so ’n groot eer as wat dit mag wees soveel werk gaan van jou verwag word. Die verkiesing is verby. Nou is dit jou plig om al die werk van die vorige voorsitter bymekaar te kry om te sien wat hy gedoen het en hoe hy dit gedoen het. Die eerste wat jy moet doen is om ’n toerplan op te stel. As jy besluiteloos is, kan jy die direkteur van Ontwikkeling gaan spreek.
Reklame: Dit is die heel belangrikste item waaraan jy persoonlik moet aandag gee.

Riaan van der Walt was in 1977 voorsitter van Thalia en die voorsitter wat baat gevind het by Swart se handleiding. Van der Walt is nog een van Thalia se lede wat later in die vermaaklikheidswêreld aktief was. Hy was bestuurder van die Sanlam-Ouditorium vanaf 1 Maart 1984 tot 31 Julie 1989 (Van der Walt, 2014). Hy was in 1974 ’n lid van Alabama en in 1975, 1976 en 1977 lid van Thalia, die laaste jaar as voorsitter.

Te midde van oorweldigend positiewe reaksies op Thalia se vertonings van die organiseerders op verskillende dorpe en stede, ontvang Thalia ’n brief van JH Viljoen op 5 Augustus 1977 (Viljoen, 1977). Viljoen het “onder moeilike omstandighede (en op ’n baie laat versoek van u kant af)” vir Thalia die gebruik van die saal van die Universitas Primêre Skool in Bloemfontein bekom. Hy het “uitdruklik versoek” dat Thalia ’n donasie aan die skool gee met die oog hierop, wat tot op daardie datum nog nie gerealiseer het nie. Viljoen skryf:

Ek moet vir u sê dat hierdie optrede 'n baie slegte indruk skep en die naam van Thalia en die PUK beslis daardeur skade berokken het. Onthou net dat Thalia weer gaan toer en dan is dit moeilik om geholpe te raak as dit die houding van die vereniging is.

Thalia het op 14 September 1977 'n brief van die skool ontvang waarin hulle bedank word vir die donasie van R20.

Die bekende riller van Agatha Christie, *Tien klein klonkies*, is in 1978 opgevoer en mee getoer deur Oos-Transvaal en Noord-Natal. Die keuring van die teks is reeds in 1977 afgehandel en daarna skryf die rektor, prof Tjaart van der Walt (1977), op 18 November 1977 dat sy keurders geen beswaar teen die bogenoemde stuk het nie. "Ek het dit trouens self met genoeë deurgelees. Die enigste wat moontlik aanstoot kon gee, is die herhaalde gebruik van 'bakgat' deur Philip Lombard. Sê 'bak' nie maar ook dieselfde nie?"

Dr Bet Botha, 'n oud-Thalianer en ook toerma van Thalia '78, is goedgunstiglik aan Thalia '78 geleen deur die Departement Spraakleer en Drama. *Die Besembos* (Anon., 1978a:45) vervolg:
Sy het begin om met rou studente (onder andere onderwys, farmasie en kommunikasie) die toneelstuk in te studeer. Ten spyte van die koue wintersaande, het die mense na ons opvoerings gestroom. Ons is oral oorweldig met tipiese plattelandse gasvryheid met onthale deur burgemeesters, LV's ensovoorts.

In sy voorsittersverslag skryf Jan van der Klashorst (1978) dat twee vertonings in die Totiussaal "teleurstellend deur die studente bygebring is". Hy vervolg:
Ten spyte van die swak bywonings kan Thalia '78 nogtans spog met 'n uiters suksesvolle aanbieding. Briewe van gelukwensinge is van ons rektor, prof T van der Walt, asook ons erepresident, prof TT Cloete, ontvang waarin ons gelukgewens word met die hoë standaard van toneelspel.

Prof Cloete (1978) skryf op 31 Julie 1978: "Dit was werklik uitstekende spel. Ek het selde so 'n goed saamgestelde stel spelers in 'n Thalia-opvoering gesien met sulke goeie spel." Cloete het in 1977 die uitnodiging aanvaar om erepresident van Thalia te word.

Die volgende jaar voer Thalia *Oorskotjie*, onder regie van dr Peet van Rensburg van die Departement Spraakleer en Drama, op. Hulle toer deur die Noordwes-Kaap (Anon., 1979f:58). *Die Besembos* van 1979 vervolg: "'n 'Box office hit' – ten spyte van die ewige TV" .

In 1979 word daar 'n grondwet vir Thalia opgestel (Du Rand, 1979). Hiervolgens word die taak van Thalia omskryf as om:

- *Toneelspel te bevorder met inagneming van die breëre kuns-kulturele grondslag waarop hy staan;*

- *Ter bereiking van die doelstellings hierbo genoem, opvoerings aan te bied en toere te onderneem.*

Met die totstandkoming van die Kultuurkantoor in 1980, kon Horst Bütow (1980a), studenteadviseur: kultuur, hand bysit met Thalia se organisering. Hy skryf in sy eerste verslag van 28 April 1980 dat Thalia se voorsitter eers diep in die jaar "die leisels oorgeneem het en daardeur 'n geweldige agterstand het om in te haal". Hy meen egter hy kwyt hom goed van sy taak.

In 1980 is *Die pantoffelmoordenaars* op die planke gebring. Nadat die rektor 'n beswaar daarteen ontvang het, moes Bütow (1980b) uitvoerig verslag doen oor die meriete van die toneelstuk. Die beswaarmaker, ds MJ Booysen, was van mening dat die toneelstuk nie goeie reklame vir die PUK sou wees nie. Hy het blykbaar beswaar teen verwysings na "komiese moorde" en "ongelukkige huwelike". Bütow skryf in sy verslag aan die rektor dat die beswaarmaker blykbaar reeds met pouse die opvoering verlaat het en dit is eers daarna dat die komiese aspekte van die toneel na vore kom. Bütow vervolg:

Die Universiteit het al in die verlede bewys dat juis sý studente en personeel omstrede sake deur heel gesonde oordeel en onvoorwaardelike beginsels met sorg kan hanteer.

Wapad van 12 September (Anon., 1980a:2) skryf dat *Die pantoffelmoordenaars* " 'n geslaagde produksie wat sy sout (geld?) werd was." *Wapad* gaan voort:
Die dames het deurentyd prysenswaardige spel gelewer en die gehoor dikwels laat skater van die lag. Ongelukkig kan dieselfde nie van die mans gesê word nie. Hulle het aanvanklik binnemonds gepraat sodat ek niks kon hoor nie. Ek moet darem erken dat hulle wel 'n bietjie ontdooi het soos die stuk gevorder het. Die regisseuse, Liesbet Schoeman, verdien ook sommer 'n groot pluimpie.

1980 was die laaste jaar waarin Thalia daarin kon slaag om finansieel die mas op te kom. Weliswaar was daar net 'n skrale R75.00 wins uit 'n totale inkomste van R8 200. In sy verslag van April 1980 skryf die studenteadviseur: finansies (Botha, 1980) dat reuseprysstygings daardie jaar, wat ook Alabama getref het, Thalia gekortwiek het. Daarby het onvoldoende kontrole en finansiële onervarendheid daartoe gelei dat Thalia se finansies voortaan deur die studenteadviseur: finansies beheer sal word.

Thalia beleef moeilike tye aan die begin van die tagtigerjare. *Die Besembos* van 1981 berig:
Met raap en skraap is Thalia vanjaar saamgestel. Seker die kleinste Thalia-groep wat die Puk-kampus nog ooit belewe het – net 'n skrale 16 lede. Maar "klein botteltjie groot gif" en hiermee het Thalia vanjaar Babbelkous en Bruidegom *op die planke gebring* (Anon., 1981b:53).

Die dramaturg van *Babbelkous en bruidegom* is Robert Thomas, Tine Balder het dit uit Frans vertaal en Anna Neethling-Pohl het dit verwerk, aldus die program (Anon., 1981c). Die regisseur was Leon Cloete, sy tweede kennismaking met Thalia. Thalia het tydens die wintervakansie die Vrystaat, Oos-Transvaal en die verre Wes-Transvaal besoek. Daar is ook op Kuruman, Postmasburg, Kimberley en Jan Kempdorp opgetree (Anon., 1981c).

In sy voorwoord tot die program skryf die rektor, prof Tjaart van der Walt (1981):
Mense sê so 'n bietjie ondeund dat studente natuurlike toneelspelers is. Hulle kry glo genoeg oefening deurdat hulle die hele tyd hardwerkend en intelligent probeer voorkom. Maar wie van ons het nie een of ander tyd êrens 'n masker op nie. Vanaand se jongklomp is aansteeklike toneelspelers. Hulle leef hulle so in dat hulle u gaan meesleur. Pukstudente slenter nie agterlangs in die bondel nie. Hulle plek is op die voorpunt.

Volgens die toerverslag van mnr A Meyer, een van die toerouers, was die toer baie geslaagd (Meyer, 1981). Hy reken dat Thalia in die toekoms baie welkom sou wees by die plekke waar hulle dié jaar opgetree het. Die toer was ook te lank en hy meld dat daar veel eise gestel word aan die veertien toerlede, van wie net vier nie-spelers was.

Alhoewel Thalia in hierdie jare nie soos in die 1930's een van die Universiteit se bekendste toergroepe was nie, het die Universiteit besef dat hulle wel ook 'n rol speel om die beeld van die PU vir CHO uit te dra. Die jaar word afgesluit met 'n verlies van amper R4 000 (Anon., 1982c:1).

Thalia het 1982 vol moed aangepak. In die beplanning wat vir 1982 (Anon., 1982a) opgestel is, word benewens die instudering van 'n vollengte drama en twee eenbedrywe, 'n talentkompetisie, besoeke aan Johannesburg en Pretoria vir toneelopvoerings en besprekingsaande en 'n besoek aan aanbiedings in die Sanlam-Ouditorium deur TRUK of ander streeksrade in die vooruitsig gestel.

Ten spyte van die uitvoerige beplanning, blyk die skrif aan die muur te wees. Die vereniging is voorbladnuus op *Wapad* van 8 Oktober (Anon., 1982c:1):
Die voortbestaan van Thalia as toerliggaam is in die weegskaal. 'n SSR-ondersoek is gelas na Thalia se finansies nadat die 1982 program weer met 'n verlies afgesluit is. Swak organisasie en die invloed van televisie is waarskynlik die hoofoorsake vir die verlies van ongeveer R3000 waarop Thalia se 1982-program uitgewerk het.

Hoewel die tweede deel van die Thalia-toer 'n groot sukses was, het die eerste deel op 'n mislukking uitgeloop. Die vertoning in Welkom is afgestel en in Bloemfontein is net 30 kaartjies verkoop. In Colesberg het die instansie wat die kaartjies verkoop het, geweier om hulle te betaal, omdat hulle nie die kaartjies verkoop kon kry nie.

Na die eerste week van die toer het Thalia na Potchefstroom teruggekeer en het opdrag gekry om bykomende vertonings vir die volgende week van die toer te reël om die verliese sodoende te probeer dek. Dit is egter nooit gedoen nie. Voor hulle vertrek op die tweede deel van die toer moes Thalia aan mnr Horst Bütow gaan verslag doen, maar het dit nie gedoen nie. Daar is nog ongeveer R4000 uitstaande skuld van vorige jare en 1982 was Thalia se laaste jaar om sy lewensvatbaarheid as toerliggaam te bewys.

Die Thalia-bestuur skryf die probleme grootliks daaraan toe dat die bestuur geweldig gewissel het. Net twee lede van die 1981-bestuur was in 1982 op die bestuur en een van hulle het vroeg vanjaar bedank. Twee bestuurslede vir reklame het bedank en uiteindelik het die bestuur uit net vier lede bestaan, terwyl daar agt bestuurslede moes wees. Die bestuur was oor die algemeen onervare en het nie geweet hoe om groot bedrae geld te hanteer en omvangryke reëlings te tref nie. Daar kon ook nie borge vind word nie en die bestuur het heeltemal te laat met toer en ander reëlings begin (Anon., 1982c:1).

Swak organisasie blyk ook die rede te wees waarom Thalia se programme nie betyds gedruk kon word om op die toer saamgeneem te word nie. Dit blyk uit ’n brief van Horst Bütow aan die direkteur: studenteburo op 1 Julie 1982 (Bütow, 1982a). Hierin word ook gesê dat daar in Bloemfontein geen plakkate opgesit is nie, aangesien dit die organiseerder slegs enkele dae voor die opvoering bereik het.

Wat Colesberg betref, skryf hy (Bütow, 1982a): “Behalwe dat die studente fantastiese huisvesting gehad het, was die organisasie in Colesberg ook nie na wense nie en baie min mense het die vertoning bygewoon.” Thalia het glad nie aan Bütow gerapporteer na die Colesberg-besoek nie: “Geen Thalia-lid kon tot dusver op die kampus opgespoor word nie en ons moet aanvaar dat geen organisasie in die vakansie sal plaasvind nie.” Bütow kom tot die gevolgtrekking dat Thalia “hier met dieselfde probleem te make (het) wat alle amateur studentegeselskappe op hulle knieë gedwing het. Hulle kan nie met die professionele toneelgeselskappe, met die musiekgroepe of met die TV meeding nie. Moet hulle nog kunsmatig aan die lewe gehou word?” Bütow (1982b) skryf voorts: “Wat die positiewe betref, word daar genoem dat die stuk wat dié jaar opgevoer is *Ma skryf matriek* ’n groot sukses was en oor die optrede van die studente is daar op hulle “1982-toer met lof gepraat”.

Die algemene gevolgtrekking is dat nie die kwaliteit van die toneelstuk nie, maar wel swak organisasie die groot verlies van Thalia in 1982 veroorsaak het. Die toer was Thalia se laaste een.

Bütow (1982b) doen verslag oor Thalia:

Die studentegroep het die afgelope jare geweldig baie probleme gehad met betrekking tot hul organisasie, hul onvermoë om toehoorders na hul opvoerings te lok, probleme om studente te motiveer om daaraan deel te neem en finansiële probleme.
Met inagneming van bogenoemde probleme is daar hierdie jaar voortgegaan om:
** Te konsentreer op die organisasie van die studente. Die hulp van die Bond van Oud-Pukke is sover moontlik vir die doel gebruik.*
** Opvoerings is met 'n paar uitsonderings teen 'n vasgestelde tarief aan sekere instansies verkoop. Dit het gehelp om finansiële probleme te bowe te kom, aangesien daar 'n vaste begroting opgestel kon word. Die studentegroep behoort aan die einde van hierdie jaar uitgawes van 1981 te dek. 'n Verdere voordeel wat verkoopte vertonings ingehou het, is dat organiseerders geen moeite ontsien het om die algemene publiek na die vertonings te lok nie en sodoende verseker het dat die vertonings goed bygewoon is.*
** Die deelname van studente skep nog steeds probleme, maar die hoop word uitgespreek dat die probleem oorbrug sal word sodra die studente aan die semesterstel gewoond geraak het*.

Sy aanbevelings sluit in dat daar meer klem gelê moet word op afrigting en gereelde oefening, om die standaard te verhoog; 'n korter toer; beter organisasie en beter reklame.
Hy maan egter dat daar moet besin word of Thalia die inset van die studente, die personeel wat betrokke is en die finansiële uitgawes, in verhouding tot reklame vir die Universiteit en die hoeveelheid studente wat daarby betrokke is, regverdig.

In die lig dat feitlik alle amateur-toneelverenigings in ons land besig is om te verdwyn nie, meen hy dat Thalia dalk 'n gedaanteverwisseling moet ondergaan. "Wil die publiek (deur die invloed van televisie) nog toneelopvoerings bywoon?" (Bütow 1982b)

Bütow (1982b) reken dat Thalia dalk net kunsmatig aan die lewe gehou word. "Thalia se opvoerings in Potchefstroom kon nie eers met die toneelstuk *Babbelkous en bruidegom* die belangstelling van die personeel of studente prikkel nie."

In opdrag van die Studenteraad het Jan Lion-Cachet, die SSR-lid vir toere, in 1982 'n verslag oor Thalia saamgestel (Lion-Cachet, 1982). Hy is van mening dat die benarde posisie van Thalia daaraan te danke is dat daar nie kontinuïteit in die bestuur was nie. In 1982 het bestuurslede, onder ander die voorsitter, bedank en dié wat herverkies is, het 'n gebrek aan ervaring gehad.

Hy sê dat Horst Bütow verskeie keer hulp aangebied het, maar dat dit nie ten volle benut is nie "en mnr Bütow moes hulle later na sy kantoor ontbied, waarna bestuurslede hom begin ontwyk het".

Onder die opskrif “Het Thalia nog bestaansreg” skryf Lion-Cachet (1982:3) dat hulle kan nie met die professionele toneelgeselskappe, met die musiekgroepe of met die TV meeding nie.” Hy meld ook dat belangstelling vir toneel onder die studente vervaag het.

Wapad berig op 29 Maart 1983 (Anon., 1983b:8) dat Thalia repeteer aan *Pendoring (Edms) Beperk*. Vir Augustus het hulle ’n woordrevue in samewerking met Skrywerskring beplan. “Plaaslike skrywers se kreatiwiteit sal ingespan word as stof vir die program en Thalia rig ’n uitnodiging aan alle skrywende Pukke om hulle gewig by hierdie projek in te gooi.” Die woordrevue het hoofsaaklik bestaan uit gedigte van studente en is aangebied deur middel van ’n praatkoor en solovertolkers. Dit is aldus ’n resensie in *Wapad* op 2 Augustus 1983 deur Tertia Oosthuizen (1983a:7).

Oosthuizen reken dat die aaneenskakeling van die poësie nie altyd relevant was nie en dat die praatkoor tegnies onafgerond was. Die voordra van gedigte is afgewissel deur Thea Cloete wat tussendeur liedjies gesing het. “Mens kry die indruk dat Thea Cloete gebruik is om gehore te trek, maar sy het ook by tye maar lusteloos gelyk, terwyl sy haar nou al bekende liedjies gesing het.” Oosthuizen wens Thalia geluk met ’n “moedige poging”.

Onder die opskrif “Thalia-gordyn sak nie” (Anon., 1983c:5) skryf *Wapad* van 18 Oktober:
Gerugte dat Thalia nie meer bestaansreg het nie en gaan ontbind doen die rondte op die kampus. ‘Slaan my met ’n veer as Thalia gaan ontbind,’ is Elmarie van Druten, voorsitter van Thalia se woorde.



ILLUSTRASIE 3.15
IN 1983 WEN THALIA MET *WIT EN SWART*, DIE TONEELSTUK WAT HULLE DIÉ JAAR OPGEVOER HET, PRYSE BY DIE ATKV-TONEELFEES (ANON., 1983A:71).

Op die artistieke front was die prentjie darem nie heeltemal swart nie. *Die Besembos* (Anon., 1983a:71) skryf dat Thalia dié jaar die provinsiale kompetisie op die ATKV-toneelfees gewen het met hul stuk *Wit en Swart*. Verdere pryse is ontvang vir beste hoofspeelster, beste regie en stuk. Onder

leiding van Thea Cloete is gedigte uit PUK-geledere “indrukwekkend vertolk in die woordrevue, *Emosioneelstes*”.

’n Verslag wat in 1985 opgestel is oor die doel en funksionering van Thalia, gee die volgende inligting oor die finansiële situasie van die vereniging (Botha, 1985):

Thalia het in 1981 op 23 dorpe opgetree en die twee optredes in Kimberley het ’n inkomste van R770 opgelewer. Die inkomste was R8 892.50, terwyl die uitgawes R13 417.83 was. Die surplus-uitgawe was dus R3 956.12. Toe was daar reeds ’n opgehoopte verlies R4 620.37 wat van die vorige jaar bestaan het. In 1982 was die situasie meer benard. Thalia het ’n inkomste van R3 446.40 gehad en uitgawes van R13 013.87. Reiskoste (R2 556.42) en kostuums (R1 118) was die grootste uitgawes. Die opgehoopte verlies het nou op R9 567-47 gestaan. Nadat die PU vir CHO in 1983 R4 300.00 van Thalia se skuld afgeskryf het, was daar steeds ’n verlies. Dié jaar was die uitgawe R6 212.98, terwyl die inkomste ’n skamele R948.73 was. Daar was dus steeds ’n uitgawe van R5 264.25 uitstaande. In 1985 toon Thalia vir die eerste keer in jare ’n wins, al is dit ’n skamele R199.14.

Die SSR het besluit om ‘genadiglik’ Thalia se verlies van 1983 af te los. Só berig die studenteadviseur: finansies, HJ Botha (1984), in sy verslag vir 1984. Hy sê dat Thalia toe ’n gewone kultuurliggaam was wat slegs amateurtoneel op en rondom die kampus sou aanbied.

In ’n poging om hulle inkomste te verhoog het Thalia in 1985 met die Departement Openbare Betrekkinge ooreengekom om vertonings te lewer vir besoekende groepe aan die Universiteit. Thalia sal hiervoor vergoed word teen ongeveer R50 per vertoning.

Thalia het toe reeds ingeskryf vir die ATKV en Kuesta se toneelafdelings. Vir die ATKV-Toneelfees is die improvisasiestuk *Noodstasie 716* ingeskryf (Robinson, 1985).

’n Verslag is in 1985 (Anon., 1985a) opgestel aangaande die doel en funksionering van die Thalia Studente-amateurtoneelgeselskap. Hierin word gesê dat die grondwet van Thalia hul taak uitspel. Dit is om:

** Toneelspel te bevorder met inagneming van die breëre kunskulturele grondslag waarop hy staan*

** Amateurtoneel en belangstelling daarvoor in die algemeen te bevorder*

** Ter bereiking van die doelstellings hierbo, opvoerings aan te bied en toere te onderneem indien moontlik.*

Toe was daar op die PUK talle geleenthede vir studente om toneel te kon beoefen, onder meer die Talentfees, Kuesta en Eerstejaarskonserte. Die Departement Spraakleer en Drama het ook gereeld toneelopvoerings aangebied. Die verslag sê (Anon., 1985a:1): *Daar is egter onses insiens nie*

genoegsame belangstelling op die PU vir CHO om amateurtoneel by te woon as gehoorlid nie. Dit kniehalter die hele funksie van toneel in die algemeen. Toneeltoere funksioneer deesdae nie meer op 'n suksesvolle wyse nie. Thalia het laas in 1983 'n toneeltoer onderneem.

Dit word toegeskryf aan 'n afname in belangstelling in toneelopvoerings en televisie. Die verslag meen dat Thalia nie meer aan sy doel, soos in die grondwet gestel, voldoen nie. Nog probleme is dat dosente van Spraakleer en Drama, wat in die verlede die regie behartig het, nie meer die tyd het om dit te doen nie. Thalia beskik ook nie oor die finansiële krag om 'n professionele regisseur aan te stel nie. Daar is ook nie dekor, rekwisiete, meublement en kostuums om 'n opvoering van 'n hoë kwaliteit op die planke te bring nie.

Wat betref Thalia se finansiële situasie, sê die verslag (Anon., 1985a:2): "Dit is ook ons ondervinding dat daar 'n stigma kleef aan die naam Thalia. Ons skryf dit onder andere toe aan 'n lang periode gekenmerk deur finansiële skuld."

By die verslag word 'n bylae aangeheg wat die Inkomste- en Uitgawerekening van Thalia uiteensit:

In 1981 was die inkomste R9 461.71 en die uitgawes R13 417.83, wat 'n tekort van R3 956.12 laat. Dit sluit 'n opgehoopte verlies van R4 620.37 in wat van 1980 af oorgestaan het. As dit buite rekening gelaat word, is die wins R664.25. Die verslag meen egter dat Thalia wel oor die nodige talent beskik om suksesvol te kan optree in 'n toneelstuk. Kundiges, soos iemand wat die regie kan behartig en tegnici, byvoorbeeld vir beligting, is daar egter nie. Die bestuur van Thalia gaan ook nie vir 'n volgende termyn staan nie omdat hulle meen dat die geselskap nie aan sy doel beantwoord nie. Daar word voorgestel dat Thalia net optree voor gehore wat hulle uitgenooi het. In die verslag word genoem dat die Departement Openbare Betrekkinge Thalia gereeld uitnooi om voor besoekers op te tree.

Thalia het vanaf 1986 as "nuwe vereniging" op die PUK-kampus begin funksioneer. Dit is volgens *Scrinium* (Loubser, 1987:2), die nuusbrief van die vereniging. In die berig hieroor word Horst Bütow, die administratiewe beampte van die Kultuurkantoor, Christa Cloete en Riaan van der Walt, bestuurder van die Ouditorium, spesifiek bedank. Dit dui op die belangrike taak wat die personeel van die Kultuurkantoor gespeel het in die kontinuïteit in die voortbestaan van kunskulturele studenteverenigings.

Van 'n amateur toneelvereniging, soos in die verlede, het Thalia nou die bevordering van beeldende skeppende en die uitvoerende kunste as doelstelling. In *Scrinium,* die nuusbrief van Thalia, word dié gedaanteverwisseling wyer omskryf:
Soos bekend aan jou is 1987 die jaar waarin Thalia vir die eerste keer in sy nuwe rol figureer. Dit is naamlik die eerste jaar dat 'Bekendstelling (bevordering) van alle skeppende, beeldende en

uitvoerende kunste op studentevlak' en 'Organisering van besoeke aan bogenoemde aktiwiteite vir studente' deel van die grondwet van Thalia uitmaak. Dat daar weliswaar altyd 'n behoefte was na dit agter die deure wat Thalia nou oopgesluit het, blyk uit dese semester se entoesiastiese besoeke aan teaters, die kursus en aanbieding-bywoning, selfs uit die getal van ons lede alleen (op dié tydstip 171) (Engelbrecht, 1987b:2).

Geleenthede kon teen 'n verminderde tarief bygewoon word en dit sluit in 'n kamermusiek- en sang-uitvoering en 'n klavieruitvoering in die Konservatoriumsaal, 'n optrede van die Nasionale Simfonieorkes en die Filmfees in die Ouditorium en 'n musiekfees op Olënpark.

Thalia het dus dié jaar geen toneelopvoerings aangepak nie, maar 'n besige program gehad om verskeie vertonings in Johannesburg te besoek. Vertonings wat bygewoon is, sluit in: *Somewhere on the border* by die Alexander-teater in Johannesburg, *Op dees aarde* by die Windybrow-teater in Hillbrow, die balletopvoering van *Don Quixote* by die Stadskouburg in Johannesburg en die opera *Salome* by die Staatsteater in Pretoria (Engelbrecht, 1987a:4-7). Thalia-lede kon ook 'n weef- en pottebakkerskursus bywoon en 'n jazz-aand in die Drakenstein-restaurant is aangebied.

In die 1989-verslag van die Kultuurkantoor (Bütow, 1989a) word daar melding gemaak dat daar dringende aandag aan Thalia gegee sal moet word, aangesien dit een van die verenigings is "wat nie die mas opkom nie".

3.4 Thalia herleef

In 1990 skryf Horst Bütow (1990a) aan die burgemeester van Potchefstroom, nadat hy navraag gedoen het oor die stig van 'n volwasse amateurtoneelgeselskap vir Potchefstroom, blykbaar op aandrang van die ATKV: "Die Thalia Studentevereniging het vyf jaar gelede ontbind omdat daar geen belangstelling vir deelname of bywoning meer bestaan het nie." Bütow is duidelik hier onder 'n wanindruk, aangesien dit in 1989 nog bestaan het.

Dié teenstrydig word bevestig deurdat *Wapad* op 20 Februarie 1990 skryf: "Thalia is vol skop": *Gratis Don Pedro's en musiek uit die boonste rakke, klink miskien wonderlik, maar Thalia behels meer as net dit. Hulle bevorder alle kunssoorte op die Puk. Lidmaatskap van Thalia bevat voordele soos spesiale afslag by verskeie kultuurgebeurtenisse. Verder op hulle program is video-aande waartydens kunsfilms vertoon gaan word. Na die tyd gaan mnr AM de Lange van die Engelse Departement die besprekings waarneem. Talentaande gaan alle voornemende kunstenaars die geleentheid bied om te ontpop. Voordrag, sang en etlike ander sal hier aandag geniet. Thalia beplan ook geleenthede om Dramafunksies saam met die Drama-departement na Johannesburg te onderneem* (Pelser, 1990:12).

Dié goeie voorneme het egter op niks uitgeloop nie, want vir die grootste gedeelte van die res van die 1990's het Thalia ophou bestaan. Dit word wel van 1991 tot 1996 in die *PUK Gids* gelys as een van die onderliggame van die Kultuurraad (Anon., 1991a:24; Anon., 1992a:23; Anon., 1993b:20; Anon., 1994a:20; Anon., 1995a:22; Anon., 1996d:18). Ten spyte hiervan word 'n grondwet vir Thalia in 1994 opgestel, waarin die taak van die vereniging as tweeledig gestel word: (1) Bevordering van die kunste op studentevlak, wat insluit bekendstelling van alle beeldende skeppende en uitvoerende kunste op studentevlak en die organisering van besoeke aan bogenoemde aktiwiteite vir studente, en (2) toneel op studentevlak te bevorder (Thalia, 1994).

In *Die Besembos* van 1996, die eerste een wat ná 1989 verskyn het, berig oor die verskeie kultuurorganisasies aan die Universiteit, maar daar word niks oor Thalia ingesluit nie, wat daarop dui dat alhoewel die organisasie ná 1990 in naam bestaan het, daar geen bedrywighede plaasgevind het nie.

Die toneelstuk *Stilte asseblief* is Thalia se eerste een na 'n afwesigheid van enkele jare. *Wapad* (Groenewald, 1999:15) berig op 1 Mei 1999: "Na 'n afwesigheid van byna 10 jaar, maak Thalia weer sy verskyning op die kampus met die eenbedryf, *Stilte asseblief*." Dit lui 'n bloeityd in waarin Thalia feitlik ononderbroke tot op hede bestaan.

Hierdie toneelstuk is 'n komedie en handel oor twee broers wat in die Kalahari woon en al vir jare vir mekaar die joos in is, maar self nie meer die rede vir hierdie voortdurende struweling kan onthou nie. Pogings tot versoening tussen die twee is probeer bewerkstellig deur die dominee en hulle susters, maar sonder sukses. Op 'n dag maak 'n vreemde meisie haar opwagting weens motorprobleme – met skreeusnaakse gevolge. Amori Bekker speel die rol van Mart.

Teen 1998 word Thalia beskryf as "'n baie ou studentevereniging wat onlangs weer in die lewe geroep is" (Viljoen, 1998a:7). Die vereniging volg 'n "interessante benadering" om die vereniging as 'n besigheid te bedryf. Thalia was van plan om mense op te lei in al die verskillende dissiplines van teater.

Die belangrikste toonkas van Thalia in 1998 was die maandelikse Lunchbox. Hier het studente die geleentheid gekry om tydens middagete in die Heimatsaal oorspronklike werke te sien of self op te voer. Die groep het ook beplan om 'n toneelgroep na die KKNK te stuur met die produksie *Van sieners, slagters en sosioloë*. Dit het net by planne gebly en is nie deurgevoer nie (Viljoen, 1998a:7).

3.5 Gewilde koshuistoneel word ingestel

Die interkoshuis-toneelkompetisie, wat deur die Departement Kultuur, in samewerking met Thalia, in 1998 van stapel gestuur is, blyk 'n groot sukses te wees. *Wapad* (Viljoen, 1998a:7) berig dat dit

beloof om ’n jaarlikse instelling te wees. Horst Bütow skryf in sy jaarverslag van 1998 dat die interkoshuis-toneelkompetisie met groot sukses in die Cachet-Kleinteater en die Heimatsaal opgevoer is. “Die vertroue word uitgespreek dat toneel nou weer ’n volle kultuuraktiwiteit van die studente sal wees” (Bütow, 1998a).

In 1999, bied Thalia *Die Buite-egtelike Ouma* deur Nico Luwes aan. Louis Kotzé (1999:1) van *Wapad* resenseer dit op 13 Mei in *K&V, ’*n bylaag tot *Wapad,* onder die opskrif “Seks voor die huwelik is verkeerd”: *Uitgehonger vir toneel en die sjerrie wat gewoonlik voor die aanvang van produksies bedien word, het ek met groot afwagting na Thalia Toneel se produksie* Die Buite-egtelike Ouma *in die Cachet-teater gaan kyk. Dit was ’n prettige produksie wat ek werklik geniet het. Die knoop van die stuk is belaai met intrige. Daar is ’n ouma wat brandgraag ’n kleinkind wil hê en dit dan sonder veel strategiese beplanning van haar seun kry. Laasgenoemde is geensins so beïndruk met sy buite-egtelike kind soos wat sy ma is nie, veral gesien in die lig dat hy ’n jong opportunistiese tandarts is wat enigiets wat ’n rok dra tot sy voordeel sal eksploiteer. Dit is dan ook presies wat gebeur toe hy een gesellige aand ’n pragtige oppervlakkige dame oornooi vir binnenshuise vermaak. Gelukkig eindig alles wel met ’n duisend legkaartstukkies wat mooi in plek val.*

Kotze berig dat die opvoering vir drie aande in die Cachet-Kleinteater uitverkoop was. Hy vervolg: “Dit is verblydend om te weet dat die Potch-publiek so gunstig reageer op studente toneel. Te oordeel aan die vol sale elke aand kan ons aflei dat daar meer toneel produksies moet plaasvind in ons plattelandse stad.”

In teenstelling met die uitsprake van “geen belangstelling” wat Bütow in 1990 gemaak het, was dié oplewing in die belangstelling in toneel waarskynlik vir alle belanghebbendes verblydend. Kotze (1999:1) sluit af: “Ons is bly dat Thalia weer terug is in volle swang en ons sien met afwagting uit na toekomstige produksies”. Die regisseur was Wim Beukes en Kotze sluit af: “Gebruik gerus weer vir Wim Beukes as regisseur.”

In 2001 is *Siener in die Suburbs* op 10 en 11 Oktober in die Cachet-Kleinteater aangebied. Die verslag van die Departement Kultuur sê dat Thalia met dié aanbieding “nou weer hulle voete gevind het”. Horst Bütow (2002a:1) skryf daarin só oor Thalia:
Deur werwing en intense bestuursopleiding het Thalia Toneel nou uiteindelik in 2002 weer van die grond af gekom, na sy verdwyning en sukkelbestaan daarna. Die doelwit is om Thalia weer ’n volwaardige vereniging te maak wat aan studente se behoeftes kan voorsien.

Thalia blyk dus in 2002 met sukses ‘herstig’ te wees (Keogh, 2006a:3), alhoewel met slegs sewe lede. *Wapad* (Boshoff, 2003:7) skryf op 29 Augustus dat Thalia se aktiwiteite afgeneem het na die sluiting van die Universiteit se Departement Spraak en Toneel. ’n Nuwe logo is in gebruik geneem, terwyl

meer as 100 eerstejaars tydens Oriëntering en Bekendstelling aangedui het dat hulle by Thalia betrokke wil raak. ’n Reeks suksesvolle eenbedrywe is aangebied.

Die hoofproduksie was *Noodkrag word met generators opgewek,* deur Morné Malan, wat van 6 tot 8 Mei in die Cachet-Kleinteater aangebied is. Dit was hulle hoofproduksie van die jaar. Volgens Boshoff (2003:7) is dit met groot applous ontvang.

Later die jaar ontvang Thalia die toekenning vir beste kultuuronderliggaam. Só berig *Wapad* op 24 Oktober (Roos, 2003:12). Na ’n onderhoud met Bennie Botha, die voorsitter, skryf Roos dat Thalia se fokus op die studente is en daarom voer hulle nie ouderwetse hoogdrawende Shakespeare produksies op nie, maar produksies wat van toepassing is op ’n hedendaagse student se lewe. “Vroeër vanjaar het hulle *Raped naked* en *Rondomtalie* opgevoer en hul advertensies tydens Bingle Sêr getuig van ’n *funky* en lewendige uitkyk op toneel.” Thalia-voorsitter, Botha, blyk ’n deurwinterde toneelpersoon te wees en was nie slegs die voorsitter van Thalia nie, maar ook die eksterne direkteur van ’n jeugteater in Witbank. Vir die komende jaar is twee hoofproduksies beplan, terwyl Thalia ook sou hulp bied met die Eerstejaarskonsert en koshuistoneel.

Een van dié voorgenome toneelstukke word vanaf 4 Mei opgevoer, aldus *Wapad* (Groenewald 2004:7):

Thalia het gehore in Potchefstroom weer laat skaterlag. Die stuk Familiest(r)eke geskryf deur Ray Cooney en vertaal deur Wim Vorster is in die Cachet-Kleinteater aangebied. Onder regie van Leon Cloete het die toneelgeselskap van twaalf hul goed van hul taak gekwyt. Dit was hierdie jaar die derde keer dat Cloete betrokke is by Thalia. Familiest(r)eke *is ’n klug (dis nou die tipe dramateks) en die naam sê byna alles. Die stuk handel oor misverstande en verwarde identiteit. Na aanleiding van die gehore se reaksie en luide gelag was die toewyding waarmee die akteurs betrokke was duidelik suksesvol. Die produksie is met energie en baie lewenslus gelewer wat gesorg het vir die sukses daarvan.*

Wapad gee op 18 Oktober (Eloff, 2004a:10) ’n oorsig van Thalia se bedrywighede van 2004:

Thalia het vanjaar vier produksies op die planke gebring en gesorg dat gehore tussendeur die gelag ook ’n traan weggepik het. ‘Dit is belangrik om te onthou dat die akteurs en regisseurs studente is, maar dat die kwaliteit steeds op ’n professionele vlak is, het Bennie Botha, voorsitter van Thalia gesê.

Een van die produksies was *The purple passion play* wat gefokus het op seks en watter rol dit in die moderne samelewing speel. *Verwronge Spel* word beskryf as “’n interessante kykie na die psige van die mens”. *Die Kongres* is ’n klugspel en “het gesorg vir die meeste skater”. Die stuk, *Tjello(esie) en Violin(ce)* onder regie van Bennie Botha het “op ’n dramatiese wyse kleur aan die aand gegee”. Die stuk het gefokus op lewe na die dood en die invloed van geweld en jaloesie op ons daaglikse lewens.

Horst Bütow (2004a:1) beaam Thalia se sukses in sy jaarverslag vir 2004:
Thalia het in 2004 werklik van krag tot krag gegaan en ’n hoë standaard is gehandhaaf. Die blote feit dat nagenoeg 200 eerstejaarstudente by die keuring in Januarie opgedaag het, het aangetoon dat die belangstelling groot is. Hulle het ’n uitstekende bestuur wat die beplande jaarprogram tot volle uitvoer kon bring binne die begroting. So het hulle ook daarin geslaag om ’n klomp studente aan toneel bloot te stel. Twee vollengte stukke, sowel as die koshuistoneelkompetisie, het groot aftrek gekry. Die doelwit vir 2005 is om die standaard te volhou. ’n Nuwe gedagte word ondersoek om dalk professionele spelers buite die kampus te betrek in ’n produksie waar hulle en die studente figureer. ’n Ander moontlikheid is om vir die eerste keer in baie jare ’n produksie buite Potchefstroom te neem.

In 2005 pak Thalia *Die Skandaal* aan en onder die opskrif “*Skandaal* maak opslae” berig *Wapad* (Eloff, 2005:8) op 9 Mei:
Wanneer Josie almal in die meenthuiskompleks saamroep om die aanbou van sy nuwe patio te bespreek, spat die vonke. Josie (die sensitiewe mens wat hy is) maak egter vinnig planne om sy patio te kry. En so ontstaan een van Thalia se mees suksesvolle hoofproduksies tot op hede. Die Skandaal *uit die pen van Lizz Meiring en Eric Nobbs en Deon Opperman, het gesorg vir heelwat komedie en oorgenoeg drama. Onder regie van Leon Cloete het die groep van agt akteurs meer as drie maande aan die stuk gewerk.*

Die resensent (Eloff, 2005:8) reken dat die harde werk die moeite werd was “as die gehore se reaksies enige aanduiding was – sommige tonele was só snaaks dat die akteurs eers die gehoor kans moes gee om klaar te lag.” Daar was egter tonele wat meer gewaagd was “en selfs byderwetse gehore stomgeslaan” het.

3.6 Koshuistoneel word kompetisie

’n Geleentheid wat vinnig gegroei het tot een van die gewildste aanbiedings op die PUK-kampus is die koshuistoneelkompetisie. Dit maak in 2005 sy buiging. Bütow (2005) skryf in die Departement Kultuur se jaarverslag:

Twee stukke, sowel as die koshuistoneelkompetisie het groot aftrek gekry. Die doelwit vir 2006 lê daarin om die standaard van die nuwe jong bestuur te volhou en uit te bou. ’n Ander moontlikheid is om vir die eerste keer in jare ’n produksie buite Potchefstroom te neem.

Heimat en Minjonet het in 2005 die koshuistoneelkompetisie gewen en “het weer eens bewys dat hulle ’n kultuurkrag is om mee rekening te hou”. Dit is aldus *Wapad* (Keogh, 2005b:6) van 23 Mei:
Met die stuk Diamantbruilof geskryf deur Tjaard du Plessis, seun van bekende skrywer Hans du Plessis, het die twee koshuise met die trofee vir beste toneelstuk weggestap. Die trofee vir beste

akteur gaan aan Zarius Grové vir sy vertolking van 'n flambojante kunstenaar in Veritas se produksie en die beste aktrise was Jenine Groenewald van Dinki.

Die koshuis-toneelkompetisie het gou nie net 'n instelling op kampus geword nie, maar was die bron van groot kontroversie. *Wapad* (Keogh, 2005b:6) berig in Augustus dat die hare behoorlik gewaai het by die koshuistoneelkompetisie na groot ontevredenheid toe Wag-'n-Bietjie-dameskoshuis en De Wilgers-manskoshuis se optrede gepenaliseer is. "Die penalisasie het gevolg nadat die beoordelaars gemeen het die opvoering was nie 'n eenbedryf nie, maar eerder 'n musiekblyspel en nie 'n toneelopvoering."

In 2006 maak Thalia nog steeds sy teenwoordigheid voel op die kampus en *Wapad* se Janice Keogh (2006a:3) skryf op 22 Mei onder die opskrif "Kom binne dat die *show* kan beginne" dat hulle motto vir die jaar is: "Ons sal jou *famous* maak." Die berig meld verder dat plakkate van Thalia vroeër dié jaar glo blatant die stelling gemaak het dat Charlize Theron maar net kan wens sy was in Thalia.

Vroeër die jaar het Thalia as gaskunstenaars opgetree tydens die Eerstejaarskonsert. Die titel van dié produksie was *Thalianders*. In Augustus sou hulle die Eerstejaarstoneel aanbied. Thalia het ook die hoop uitgespreek om in die toekoms weer te toer en is hoopvol want: "Thalia het tot nou toe met bitter min ver gekom en dit is sekerlik net 'n kwessie van tyd voordat hierdie mylpaal ook bereik kan word" (Keogh, 2006a:3).

Horst Bütow (2006:1) skryf in die Departement Kultuur se jaarverslag vir 2006 dat die koshuistoneelkompetisie so gewild geword, dat "daar gekyk word daarna om die kompetisie na 'n groter *venue* te skuif" soos die Ouditorium. Dié kompetisie is aanvanklik in die Cachet-Kleinteater aangebied en later in die Totiussaal.



ILLUSTRASIE 3.16
THALIA SE HOOFPRODUKSIE VIR 2007 WAS *VAT HOM FLAFFIE*, WAT IN 'N SPA AFSPEEL. DIE FOTO HET OP 24 MEI IN *WAPAD* VERSKYN (ANON., 2007A:7).

In 2007 was Thalia se hoofproduksie *Vat hom Flaffie*. *Wapad* (Horn, 2007a:7) skryf op 24 Mei dat dit deur Pieter Fourie geskryf is, skreeusnaaks is en handel oor liefde, seks, losbandigheid en gesondheid. Van ’n totale gebrek aan belangstelling in toneelspel in die 1990’s het die PUK-studente van die 2007 Thalia se hoofproduksie as ’n ‘rooiletterdag’ beskou.

Horn vervolg: “Thalia het iets *amazing* bereik hiermee. Hulle het ’n gedeelte van die lewe gevat wat gewoonlik onsmaaklik is en dit verander in iets wat so snaaks is dat jy letterlik van jou stoel gaan afval en in ’n plas van jou eie trane gaan rondrol.”

In 2008 het Thalia beplan om optredes te gaan hou in dorpe rondom Potchefstroom. Só berig *Wapad* (Theart, 2008:18) op 19 Januarie. Hulle wou die toneelstuk *Die Tafel,* van Henriette Gryffenberg, op die planke bring. In 2008 het Thalia wel ’n toneelstuk van Liz Meiring, Deon Opperman en Eric Nobbs gekies.

Nog ’n skandaal se verhaal vind plaas in ’n organiese spa wat met ’n paar toksiese werknemers en gaste op hol gejaag word. *Wapad* (Marx, 2008:10) van 21 Mei 2008 vervolg:

Die akteurs het hulleself oor die algemeen goed van hul taak gewyt. Armand van der Berg, wat Suzette se skelmpie gespeel het, was briljant, en so ook Josef Breedt in die rol van die wit sangoma.

In 2008 bied die Kultuurraad in samewerking met Thalia die koshuistoneel-kompetisie aan, aldus *Wapad* (Erasmus, 2008:4) op 1 Mei, na ’n onderhoud met Chrisjan van den Berg, SR: Kultuur. Hy sê dat die kultuuraksie in so ’n mate gegroei het dat dit oor drie aande aangebied is en deur sowat 4 000 mense bygewoon is.

Teen 2008 help Thalia ook om die jaarlikse Eerstejaarstoneel te organiseer. In nog ’n berig in *Wapad* (Cilliers, 2008:9) van 1 Mei 2008 word Thalia Toneel beskryf as die kultuuronderliggaam van die PUK wat by verre die vinnigste groei:
Hulle bied jaarliks Eerstejaarstoneel aan in April en doen ’n hoof-produksie in Mei wat hoog geag word onder toneelkenners. Hulle is ook deur die Kultuurraad gevra om hand by te sit by die jaarlikse Koshuistoneel wat deur die Kultuurraad aangebied word. Dinge lyk baie belowend vir hierdie onderliggaam, wat selfs beoog om later vanjaar op toer te gaan.

Die Departement Kultuur is eweneens tevrede met Thalia in 2008. Horst Bütow skryf in sy jaarverslag:
Thalia het ook in 2008 weer eens ’n hoë standaard gehandhaaf, en het met die keuring ’n onhanteerbaar groot getal studente getrek. Die bestuur het weer die beplande jaarprogram tot volle uitvoer kon bring binne die begroting. So het hulle ook daarin geslaag om ’n klomp studente aan

toneel bloot te stel. Die hoofproduksie was Skandaal 2*, en die eerstejaarproduksies was* Aap uit die mou*,* Sesvoet se eiendom*, en* Skottel vol ape*.*

Thalia se eerstejaarsproduksies van 2009 is in die Cachet-Kleinteater aangebied. Só skryf *Wapad* (Du Plessis, 2009a:6) op 1 Mei. Eerste aan die beurt was *Knorries en die krisis* wat handel oor ’n groep senior burgers en hul lewe in die ouetehuis. Na die pouse is *Rys, vleis en gebakte klippe* aangebied. Dit word beskryf as eg Suid-Afrikaans en handel oor ’n groep toeriste van alle kleure en geure wat ons land besoek. Du Plessis (2009a:6) vervolg: “Ek kan met sekerheid sê dat *Rys, vleis en gebakte klippe* die *highlight* van die aand was. Die uitbeelding van elke individuele karakter was fantasties en die storielyn het vlot verloop, al tel mens die bier wat oopgebars het by.” Die derde eerstejaarstoneel was *Bankdag*, wat gaan oor toustanery in ’n bank.

Thalia pak in 2009 die eerste keer ’n drama aan, nadat hulle hul die vorige jare op komedies toegespits het. *Wapad* (Olivier, 2009:10) van 23 Oktober skryf: “*Kaburu* handel oor realiteite wat Suid-Afrikaners dikwels in die gesig staar soos emigrasie en die geweld in die land, asook die skaduwees wat die Angolese bosoorlog oor verskeie families gegooi het.”

Dié toneelstuk word beskryf as Thalia se “eerste openbare stuk” van die jaar (Olivier, 2009:10). “Die ses Thalia-akteurs het aanvanklik vir drie weke die stuk gerepeteer en daarna die hulp van die regisseur Leon Cloete ingeroep.” Leon was beïndruk en het die laaste afrondingswerk vir die stuk behartig. Olivier (2009:10) skryf verder: “Thalia Toneel moet in die toekoms ongetwyfeld weer ’n dramastuk oorweeg, aangesien die aand ’n groot kommersiële en openbare sukses was.”



ILLUSTRASIE 3.17

MY BOETIE SE SUSSIE SE OU IS IN 2010 DEUR THALIA OPGEVOER. DIE FOTO VAN MANIELLE BRITS HET OP 19 AUGUSTUS IN *WAPAD* VERSKYN (BRITS, 2010:11).

’n Familie-intrige is in 2010 die tema van Thalia se hoofproduksie. *Wapad* (Laubscher, 2010:11) berig op 19 Augustus dat *My boetie se sussie se ou* in Londen afspeel en handel oor ’n ou en meisie wat mekaar op die Internet ontmoet. Hulle het dieselfde van en hulle pa het dieselfde naam. Dit word gou duidelik dat hulle pa’s een en dieselfde persoon is. Die pa verdeel al vir byna 20 jaar sy aandag

tussen die twee gesinne. *My boetie se sussie se ou* is deur Ray Cooney geskryf en is ’n opvolg van *My vrou se man se vrou*. Die resensent (Laubscher, 2010:11) reken: “Alhoewel dit komedie is, is die humor soms onnodig vlak en blatant. ’n Mens moet egter nie die baba met die badwater uitgooi nie. Die stuk het beslis sy oomblikke en die onverwagse draaitjies en wendings hou ’n mens se aandag.”

In ongeveer 2011 het Christa Cloete, wat baie jare lank die Trompoppies onder haar vlerk gehad het, die beskermvrou van Thalia geword en hulle met raad en daad bygestaan. Thalia was dié jaar bedrywig op die kampus (Cloete, 2013).

In 2011 het Thalia egter ’n ander rigting ingeslaan. *Wapad* (Du Plessis, 2011:11) skryf op 11 April: *Drama*-junkies *sal die volgende ruk min geslaap kry. Die Thalia dramagroep het vanjaar besluit om ’n* facelift *te ondergaan met groot gebeurtenisse en toneeluitvoerings op die kalender. Die hoogtepunte is die kunste-skakelprogram met Tukkies, ’n Stellenbosch wyntoer en Thalia se 68ste verjaarsdag* Birthday Bash *wat beloof om groter as H20 te wees. Die Thalia* Birthday Bash *is op 16 April in die Snowflake-fabriek aangebied in samewerking met Bourbons en MSM Productions.*

Wapad skryf op 12 Mei: “Daar is die afgelope week net drama op kampus - gelukkig is dit Thalia se skuld.” Thalia het in een week twee aanbiedings gehad. *Jutro*, wat beteken om mekaar weer te sien, speel af tydens die Tweede Wêreldoorlog. Dit is opgevoer deur Erica Fourie en Snyman van den Berg. *50 note van die lewe* is ’n eenpersoon-toneelkabaret, vertolk deur Alanka Craffert, met begeleiding deur Babette Viljoen, is ook aangebied (Vrey, 2011:6).

Horst Bütow (2011a:5) skryf in die jaarverslag van PUK Kunste van 2011 dat Thalia Toneel ook in September hulle tweede dubbeldoor-produksies suksesvol aangebied het. Twee 30-minuut produksies, getiteld *Die goed, die sleg en die huisvrou* asook *Dis my mense dié,* is in die Cachet-Kleinteater opgevoer. Dié vereniging is ook tydens die glansfunksie van die SR Kunsteraad aangewys as die besbestuurde en georganiseerde studente-onderliggaam.

Net na die Julievakansie was dit Kampustoneel en Wag-’n-Bietjie was die algehele wenners. *Wapad* (Spaumer, 2011a:9) skryf op 21 Julie dat Wag-’n-Bietjie ook die pryse gekry het vir beste regie en beste nuutgeskrewe teks en uiteraard eerste is in die damesafdeling. Die teks van *Wees* is geskryf deur Pierre-André Viviers, wat die teks van vier ander toneelstukke in die top agt geskryf het. In die toneelopvoerings van die sleepkoshuise het Heide en Heimat gewen. Viviers se prestasies het onder die aandag van die ATKV gekom, en tekste wat hy vir die ATKV Tienertoneel geskryf het, word deur Gerrie Lemmer van dié organisasie beskryf as “mees ongelooflik” (Lemmer, 2017).

Die woord “sleep” in sleepkoshuise is ontleen aan ’n term wat deur studente gebruik word om die tyd wat ’n studenteman met sy geliefde deurbring te beskryf. In 1967 omskryf “WM” dit so: “Die woordeboek verklaar die woord as ’n voortstrompeling of voortbeweging van iets wat agteraan

getrek word. Die studentewoordeboek verstaan onder sleep al die aksies van twee jongmense van die teenoorgestelde geslag wat meen dat hulle mekaar lief het of hoop dat hulle mekaar nog lief sal kry" (WM, 1967:2). Toe daar gedurende die 1980's besluit is om 'n mans- en dameskoshuis vir 'n jaar saam te laat deelneem aan aktiwiteite soos Karnaval, sêr en toneelkompetisies, is die term "sleepkoshuise" gebruik. 'n Oorspronklike naam word uitgedink, gewoonlik saamgestel uit grepe uit dié twee koshuise se name. So byvoorbeeld was die dorpskoshuis Villagers en die dameskoshuis Wanda in 2003 mekaar se "slepe" en hulle sleepnaam vir die jaar was "Wille-Wragtig" (Sorgdrager, 2012:geen bladsynommers).

"Dit is weer daardie tyd van die jaar waar die Ouditorium die nuwe Yoof raak, koshuisgees sinoniem raak met rugbygees en toneelspelers *cool* is" (Van der Walt, 2012a:4) Dit verskyn in *Wapad* op 10 Mei 2012 en handel oor Kampustoneel: "Van Maandag tot Woensdag het die onderskeie koshuise aan hulle innerlike Meryl Streep gestalte gegee in die Totius met 12 tonele per aand." Daar was 'n totaal van 36 tekste en die top agt sal om die gesogte titel as wenners van Kampustoneel meeding in die finaal by die Ouditorium.

Thalia se hoofproduksie vir 2012 is in die Cachet-Kleinteater aangebied. Twee stukke *Desperate huisvroue* en *Aasvoëls en wolwe* is opgevoer. In Oktober is *Die tafel* op die planke gebring (Bütow, 2012a:2).



ILLUSTRASIE 3.18
DIE VROUEKOSHUIS, HEIDE, WAS IN 2013 DIE WENNER VAN KAMPUSTONEEL MET HULLE TONEELSTUK *DROOM*. MARLI NÖFFKE EN CARLA SCHUTTE VERSKYN OP DIÉ FOTO WAT OP 23 MEI *IN WAPAD* VERSKYN HET (SR: MEK SNAPIT, 2013:7).

Heide wen in 2013 Kampustoneel met hulle toneel, *Droom*, deur Pierre-André Viviers. Só berig *Wapad* (Anon., 2013a:7) op 23 Mei:

Die gehoor het toepaslik gelag en 'n traan gepik aan die einde. Die stuk gaan oor twee kankerpasiënte met verskillende drome en wense rakende hulle lewe stel 'n doen-lysie op met alles wat hulle nog altyd wou doen voor Kersfees.

Horst Bütow (2013a:9) skryf in sy maandverslag vir Mei 2013 dat Thalia Toneel se twee eerstejaarproduksies, naamlik *Glasgod*, deur Mauleze Kotze, en *Alkoholiste Anoniem*, deur PA Viviers, in die Totiussaal aangebied is.

Teen 2011 word Thalia in die *PUK Gids* (Anon., 2011a:61) beskryf as: "Die kampus se studentetoneelgeselskap wat jaarliks toneelstukke opvoer en kultuurdienste van allerlei ander aard lewer. Die gewilde kampustoneel-kompetisie vir koshuise vorm deel van hul aktiwiteite."

Thalia se bootjie vaar egter in 2014 in onstuimige waters. *Wapad* berig op 13 Maart (Küssman, 2014:7) dat meer as die helfte van Thalia-toneelgeselskap se bestuur in Januarie bedank het en dat die onderliggaam tydelik ontbind is. Daar is egter kort tevore bestuurswete gehou en dit lyk "asof Thalia-toneelgeselskap nou reg is vir die jaar se verrigtinge na 'n nuwe bestuur aangestel is." Die nuwe voorsitter is Rozeldi Trollip. "Swete" of "'n sweet" is 'n stadium in 'n proses waarmee komitees en rade wat studenteorganisasies bestuur, aangewys word (Kruger, 1975:4).

Maar dit was nie die einde van die moeilikheid nie. Op 22 Mei (Futcher, 2014:7) berig *Wapad* dat nog 'n bestuurslid, JP Myburgh-van der Walt, ook bedank het, nadat hy nie die mas kon opkom en 'n balans tussen sy akademie en ander aktiwiteite kon vind nie. Thalia het toe 'n weeklange toneelkursus saam met PUK Kunste en die ATKV beplan. In sy verslag vir Mei 2014 berig Horst Bütow dat Thalia se bedrywighede egter weer voortgesit word.

Benewens sosiale aksies, bestaan Thalia se jaarprogram teen 2014 uit die aanbied van 'n eerstejaarsproduksie en 'n hoofproduksie. Die eerstejaarsproduksie word gedurende Mei op die planke gebring en die hoofproduksie in Augustus (Van der Linde, 2015a).



ILLUSTRASIE 3.19
THALIA SE EMBLEEM, SOOS DIT IN 2014 DAAR UITSIEN (VAN DER LINDE, 2015).

3.7 Besinning oor die waarde van Thalia

Thalia is teen 2014 die uitvoerende studentegroep aan die NWU-PUK wat die langste bestaan. Thalia het deur die jare verskeie hoogte- en laagtepunte beleef. Die krisis in die tagtigerjare, toe hulle toere gestaak is, was 'n groot terugslag vir die vereniging, maar die suksesvolle interkoshuis-toneelkompetisies wat vanaf 1998 aangebied is, het van krag tot krag gegaan en ook 'n inspuiting aan Thalia gegee om self produksies op die planke te bring.

Die koms van die PU Alibama-Boereorkes in 1943 (Anon., 1943a) wat dié jaar ook met toere begin het, was aanvanklik nie gesien as kompetisie vir die toere van die toneelvereniging nie. Nadat daar in 1967 met die revue-styl opvoerings begin is, het Alabama egter baie meer gewild as Thalia geword en het die reklamewaarde wat Thalia-toneeltoere vir die PUK gehad het, afgeneem.

Nadat Thalia in 1981 'n groot finansiële verlies gely het, is daar in die daaropvolgende jare besluit om nie voort te gaan met toere nie. Daar is aanvanklik daarop gefokus om die geleentheid vir lede te bied om toneelopvoerings, balletuitvoerings en operas elders by te woon.

Daadwerklike pogings van die Departement Kultuur het in die negentigerjare Thalia weer laat herrys. Projekte soos die interkoshuis-toneelkompetisie, waarvan Thalia een van die mede-aanbieders is, het daarin geslaag om die vereniging weer te verlewendig.

Vervolgens die besinning oor die waarde van Thalia in terme van beeldbou; verryking en vermaak, soos aangedui in paragraaf 1.2.3.

3.7.1 Beeldbou

Die eerste toneeltoere wat vanaf 1929 onderneem is, het dit onder meer ten doel gehad om die PUK se beeld te bevorder (Anon., 1989b:45). Teen die 1950's was dit steeds die geval, aldus WJ de Klerk se berig oor die toer in sy jaarverslag: "Die toer was 'n kostelike advertensie vir die PUK" (1950:18).

Alhoewel dit nie *per se* in Thalia se beplanning en verslae vanaf die 1960's tot 1980's uitgespel is nie, was elke lid wat aan 'n Thalia-toer deelgeneem het, en die reglement vir toere noodgedwonge moes onderteken, deeglik daarvan bewus dat enige toer wat deur studente van die Universiteit onderneem word, met beeldbou verband hou (Mulder, 1974).

Die betrokkenheid van mnr HM Robinson, direkteur van die Departement Ontwikkeling van die Universiteit, as beskermheer van Thalia, dui daarop dat die Universiteit die waarde wat dié groep gehad in terme van beeldbou besef is (Robinson, 1974).

3.7.2 Verryking

Die intieme blootstelling wat studente, wat ingesluit is in die rolverdeling van toneelstukke deur Thalia opgevoer, gekry het aan die werke van Afrikaanse en internasionale dramaturge, kan opsigself as verrykend beskou word.

Vir een oud-Thalia-lid het sy betrokkenheid by die vereniging verrykend in die sin dat dit na alle waarskynlikheid sy lewensloop verander. Hans Strydom, wat in 1968 groot lof ontvang het vir sy vertolking van die hoofrol in die drama *Die man met die lyk om sy nek,* het later 'n bekroonde Suid-Afrikaanse akteur geword (Roodt, 1968:4; Gouws, 2015:75).

3.7.3 Vermaak

Die feit dat Thalia, veral gedurende die 1970's groot sukses behaal het met toneelopvoerings dui op die vermaaklikheidswaarde van dié stukke. Die feit dat die instelling van televisie-uitsendings in Suid-Afrika vanaf 1975 'n groot afname in die sukses van toere gebring het, dui daarop dat die vermaaklikheidswaarde van televisie, dié van Thalia-opvoerings oorskry het en gelei het tot die groot herstrukturering in die vroeë 1980's.

Resensies van opvoerings wat daarna vir plaaslike gehore aangebied is, dui op die vermaaklikheidswaarde daarvan (Kotzé, 1999:1).

As oudste kunskulturele studentevereniging aan die Universiteit het Thalia vanaf die eerste toneeltoere en die stigting van die Dramatiese Vereniging in die vroeë 1930's groot veranderings ondergaan.

Met die ondersteuning van die Kultuurkantoor en later PUK Kunste, het Thalia by veranderende neigings, tye en behoeftes van sy lede aangepas.

HOOFSTUK 4 Volkspele was "'n groot krag in die studentelewe"

4.1 Inleiding

Dit word allerweë aanvaar dat volkspele, soos dit later bekendgestaan het, sy oorsprong het in pieknieksepele wat tydens die Groot Trek gespeel is (Die Afrikaanse Volksang- en Volkspelebeweging, 1989:1; Coetzee, 1957:59). De Ridder (1993:35) is van mening dat daar 'n verskil is tussen volkspele en volksdanse: "Volkspele is beslis nie volksdanse nie soos diegene sal sien wat dieper op die saak ingaan. Die oorsprong van volksdanse lê by die vertolking van landelike bedrywighede, by oes- en lentefeeste en soms by oorlog-, swaard- en jagdanse - soms selfs by religieuse (kerk) danse. By ons volkspele is dit totaal anders. . . Dr Pellissier, bekend as die 'vader' van ons volkspele, het self aan my vertel dat hy die grondslag van ons volkspele by ons eie pieknieksepeletjies gevind het. Hy het dit self volkspele genoem. Myns insiens is dit die regte en 'n gelukkige benaming."

Van Vollenhoven (1994:63) stem nie saam met De Ridder se interpretasie van "volkspele" en "volksdanse" nie: "Kommentaar dien ook gelewer te word op die standpunt dat daar eerder van 'volkspele' as 'volksdanse' gepraat behoort te word. Die oorsprong van volksdanse, soos deur mev De Ridder beskryf, is nie korrek nie. Die ontstaan van volkspele – naamlik die behoefte by jongmense vir gepaste ontspanning – is wel korrek, maar is ook van toepassing op die Europese volksdanse. Dit is voorts 'n uiting van die mens se emosies."

Dit blyk dat die term "volkspele" voorkeur by die leiers van die beweging geniet het en die naam het so vasgelê geword. Van Vollenhoven (1992:48) skryf egter twee jaar vantevore dat daar van 1987 af ernstig besin is oor die terme "volkspele" of "volksdans" en in 1989 is die naam amptelik na Suid-Afrikaanse Volksang- en Volksdansbeweging verander.

4.2 Kort agtergrond oor die ontstaan van volkspele in Suid-Afrika.

Nadat dr SH Pellissier tydens 'n besoek aan Swede met hulle volkspele kennis gemaak het, het hy in 1914 tydens 'n Sondagskoolpiekniek op Vuisfontein, naby Boshof, die eerste volkspele georganiseer (Boëseken, 1964:66; Coetzee, 1957:59). PUK-student en volkspeler, Hennie Coetzee het in 1957 'n artikel oor volkspele vir *Die Besembos* geskryf (1957:60). Hy vervolg:

Hy was in Swede en daar het hy kennis gemaak met die Sweedse nasionale kostuums, hulle volksang en volksdanse. Daar in Swede het dr Pellissier die agterstand van die Afrikaner op hierdie gebied sterk aangevoel en hom dit ten doel gestel om, as hy weer in sy vaderland terug is, hom te beywer vir ons eie nasionale drag, ons eie lied en ons eie volkspele in ere te herstel.

Coetzee meen egter dat volkspele sy oorsprong gehad het in die eenvoudige pieknieksepele tydens die Groot Trek. In die jare 1936 en 1937 is volkspele ook op beperkte skaal by die Normaalkollege in Bloemfontein deur studente, onder leiding van mej AM Köhler, beoefen. Dit was deel van die liggaamsoefeningkursus en in daardie jare is hierdie volkspele ook op Lenteskole op Smithfield, Dewetsdorp en Harrismith in die Vrystaat gespeel.

Dit was egter met die simboliese Ossewatrek van 1938 dat daar 'n nuwe stukrag in die belangstelling in volkspele gekom het. Coetzee (1957:60) vervolg: "Dit was asof die Afrikaner-volk skielik tot ontwaking gekom het. Op haastige wyse is toe probeer om ons nasionale volksdrag, ons volksang en ons volkspele by ons Volksfeeste rondom die kakebeenwa in ere te herstel." In 1940 het die Reddingsdaadbond 'n algemene raad vir die organisasie van volksdanse en volksang in die lewe geroep (Boëseken, 1964:67) en dieselfde jaar het die eerste groot volkspelekursus in Bloemfontein plaasgevind. Die eerste vergadering van die Uniale Komitee vir Volksang en Volkspele het op 1 Maart 1941 in Braamfontein plaasgevind (Die Afrikaanse Volksang- en Volkspelebeweging, 1989:2) In 1941 word die eerste volkspelehandleiding ook uitgegee. In die daaropvolgende jare word kursusse oor die hele land gehou en ontwikkel daar groot belangstelling in volkspele. Coetzee meen dat die groot triomf van volkspele die aand van 14 Desember 1949 was, toe daar as deel van die feesvieringe met die inwyding van die Voortrekkermonument 'n massavertoning deur 2 000 volkspelers gegee is. Coetzee (1957:60) vervolg: "By aanskouing van die toneel wat hom hier voor hulle afspeel, sit tienduisende Afrikanertoeskouers sprakeloos van verwondering. So iets het hulle nog nooit van tevore hier in Suid-Afrika aanskou nie."

4.3 Historiese ontleding van volkspele aan die PUK

Die jaar waarin die groot volkspelekursus in Bloemfontein plaasgevind het, 1941, was ook die jaar dat volkspele op die PUK-kampus sy inslag gevind het. Die Studenteraad notuleer op 27 Februarie 1941 dat die sekretaris opdrag gegee word om "prof LJ du Plessis mee (te) deel dat ons hier plaaslik iemand sal kry om die volkspele te leer" (Studenteraad, 1941:2). Ter verduideliking kan gemeld word dat prof Du Plessis vanaf 1933 tot 1946 huisvader van al die koshuise van die PUK was (Van Rooy, 1956:14). Hy is in 1926 met mej ES (Lilly) van der Merwe getroud.

In 'n huldeblyk in *Die Veteraan* van 1946 aan prof LJ du Plessis skryf DJ van Rooy (1946:35): "Ook mev Du Plessis het haar plek hier volgestaan. Ons dink onder andere ook aan die groot sukses wat sy hier en elders van volkspele gemaak het." Die ywer van mev Du Plessis blyk vrugte af te gewerp het, want die volgende jaar word daar in *Die Besembos* só verslag gedoen (Botha, 1942:18):

Volkspele het vanjaar deur die toedoen van die ANS (Afrikaanse Nasionale Studentebond) goed ingang gevind en is goed ondersteun. Ons dank aan mnr Postma wat altyd as leier opgetree het, en aan die Volkspele-entoesiaste.



ILLUSTRASIE 4.1
PROF LJ DU PLESSIS EN SY VROU LILLY. DIE FOTO HET IN 1966 IN *DIE VETERAAN* VERSKYN EN IS GENEEM TYDENS 'N REÜNIEDINEE VAN HEIMAT. PROF DU PLESSIS WAS VANAF 1933 TOT 1946 KOSHUISVADER VAN DIE PUK (ANON., 1966C:3; GOUWS, 2015:11).



ILLUSTRASIE 4.2
LV POSTMA WAT REGS AGTER STAAN, WAS DIE LEIER VAN DIE EERSTE VOLKSPELE-GROEP OP DIE PUK (ANON., 1942: 20A).

Teen 1943 word daar steeds entoesiasties volkspele gespeel. Dit het elke maand in die Hoofgebousaal plaasgevind en die Studenteraad het mnr Fannie Botha op 22 Maart aangewys as leier (Studenteraad, 1943a:1). Met die stigting van die ABKK in 1945 word daar besluit om volkspele onder die ANS (Afrikaanse Nasionale Studentebond) te laat ressorteer (Studenteraad, 1945:1).

Nadat die ANS teen 1947 vir etlike jare reeds op die PUK-kampus bestaan het, is daar in 1947 pogings aangewend om die Afrikaanse Studentebond, wat op ander Afrikaanse kampusse bestaan het, met die ANS saam te snoer (Spoelstra, 1947:2). Op 20 Junie 1947 is PANSO gestig. Dit staan vir PUK Afrikaanse Nasionale Studente-organisasie (Anon., 1947c:1). Verskeie kultuuraktiwiteite op die kampus het vir baie jare onder die ANS gesorteer, maar met die totstandkoming van die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur in 1945 het die kultuurverenigings hieronder geressorteer (Kruger, 1945:9).

Die Afrikaanse Studentebond (ASB) is in 1948 gestig nadat verskeie Afrikaanse kultuurorganisasies op verskeie kampusse saamgesnoer het. In Junie 1948 het ’n konferensie van studenterade van die Universiteite van Pretoria, Oranje-Vrystaat, Stellenbosch en die PUK in Pretoria plaasgevind en die konsepgrondwet is in Augustus 1948 in Bloemfontein aanvaar (Gelofteland.org, ongedateer).

Die Studenteraad keur dit in 1951 goed dat die laer voortaan as die PU-Volkspelelaer sou bekendstaan (Studenteraad, 1951). Dit was egter eers in 1952 dat die PU-Volkspelelaer volle verteenwoordiging op die ABKK as kultuurvereniging kry (Lighthelm, 1952:4). Die jaarverslag van die Studenteraad (Lighthelm, 1952:4) omskryf dit so: “Hierdie onderliggaam is vanjaar die eerste keer op vaste basis geplaas met volle verteenwoordiging op die ABKK.” Die laer het gedurende ’n landboutentoonstelling die Rembrandt-Volkspele-trofee gebuit. Dit is nie bekend waar dié tentoonstelling plaasgevind het nie. Die Volkspelelaer het ook hulle eie geregistreerde volkspeledrag gekry.

Oor die jare het die jaarlikse bedrywighede van die laer nie veel verskil nie. Byeenkomste is dikwels op kampus gehou, waartydens daar informeel volkspele gespeel is. Daar is meesal weekliks geoefen en daar is ook aan saamtrekke deelgeneem. Voorts is daar vir die meeste jare ’n demonstrasiegroep gekies wat elders opgetree het. Die grootte van dié groep het van jaar tot jaar verskil.

In 1956 verwerf die laer se demonstrasiegroep ’n tweedeplek tydens die Kunswedstryd in Johannesburg (Van der Walt, 1956a:132). In 1961 doen die studenteraadsvoorsitter verslag dat ’n demonstrasiegroep gekeur is en saamgestel is en het aan ’n kunswedstryd in Johannesburg deelgeneem (Krüger, 1961:111). Die volgende jaar is ’n demonstrasiegroep met 20 pare gekies (Du Plooy, 1962:93). In 1963 het die demonstrasiegroep uit tien pare bestaan en hulle het aan die ASB-Kunsfees deelgeneem (De Jager, 1963:104, 105). Aan die begin van 1965 is ’n demonstrasiegroep van 21 pare gekies wat elke Donderdagaand geoefen het (Van der Merwe, 1966a:2). Tien spelers is bygekeur aangesien talle lede van die groep dié jaar in hulle finale jaar was en sodat die groep van 42 so behou kon word. “Die intensiewe aandag aan verskeie spele en veral die moeilikes het vrugte afgewerp” (Van der Merwe, 1966a:2).

In die jare wat die ASB se Kunsfees jaarliks plaasgevind het, het die PU-Volkspelelaer gereeld deelgeneem en dikwels pryse ontvang. Tydens die ASB-kongres van 1954, “het die eer die PU-Volkspelelaer laer te beurt geval om die louere in te oes” (Visser, 1954:105). In 1955 het die laer die Afrikaanse Studentebondwisselbeker, volgens *Die Besembos* “weer eens” verower (Snyman, 1955:99). In 1961 is daar deelgeneem, maar daar is nie pryse gewen nie (Krüger, 1961:111). Die PU-laer het in 1966 die Uniewinkelstrofee gewen tydens die ASB-Kunstefees, nadat ’n groep van 12 pare ’n puntetelling van 89% verwerf het (Van der Merwe, 1966a:2).

Benewens deelname van die laer aan kunswedstryde, het enkele lede van die PU-Volkspelelaer nasionaal presteer. In 1953 is een van die PUK se volkspelers, Unita Scheepers, ingesluit in ’n Volkspeletoer oorsee (D’Assonville, 1953:3). Johan Schutte is in 1969 ook gekies as lid van die SA Volkspelegroep wat dié jaar oorsee getoer het (Anon., 1969c:126).



Voor: L. J. du Plessis; M. N. Kolbe (begeleidster); R. v.d. Walt (sekr./Pgm.); J. D. Venter (onder-leidster); S. J. du Plessis (add. lid); A. Vorster; S. E. Yssel; J. H. Coetzee; M. Stoker; R. V. Venter.
Agter: J. H. v.d. Walt; M. du Toit; A. C. A. Coetzee; M. J. v.d. Walt; B. Lotz (begeleidster); P. J. Kruger; E. Geertsema; J. v. V. du Plessis; L. Malan; J. B. W. le Roux.
Afwesig: A. v.d. Walt (add. lid).

ILLUSTRASIE 4.3
DIE PUK SE VOLKSPELEGROEP WAT IN 1955 TYDENS DIE ASB-KONGRES GEWEN HET (ANON., 1955I:61).

Benewens die demonstrasiegroep en deelname aan saamtrekke en kunswedstryde elders, is daar ook gereeld op die kampus volkspele gespeel. By dié geleenthede kon almal deelneem. Dit het bekendgestaan as “massa-aande”. In 1966 skryf Van der Merwe in sy jaarverslag as voorsitter dat agt sulke massa-aande plaasgevind het en dat 64 spelers gereeld daaraan deelgeneem het (1966a:2).



ILLUSTRASIE 4.4
JOHAN SCHUTTE VAN DIE PU VIR CHO IS IN 1969 GEKIES AS LID VAN DIE SA VOLKSPELEGROEP WAT OORSEE GETOER HET (ANON., 1969C:126).

Uit die verslae van die Studenteraad wat in *Die Besembos* verskyn het, blyk dit dat die laer vanaf ongeveer 1953 ’n bloeitydperk beleef het. Onder voorsitterskap van JH Coetzee word die laer beskryf as “’n groot krag in ons Studentelewe” (D’Assonville, 1953:3). Twee jaar later berig PH Snyman in dié verslag (1955:99): “Gedurende die afgelope jaar het ’n besondere geesdrif en entoesiasme vir volkspele in die volkspelelaer geheers.” Toe die PU-Volkspelelaer in 1958 ’n ledetal van 100 lede bereik het, skryf Postma in *Die Besembos* dat dit ’n “getuienis van mooi belangstelling” is (1958:175).



ILLUSTRASIE 4.5
DIE BYSKRIF AGTER OP HIERDIE FOTO LUI: “1954. HENNIE COETZEE, SUSAN YSSEL, ELSA VAN WYK EN H VAN DER WALT IS DIE PUK SE ‘VOLKSDANSERS’ WAT SOMMER LANGS DIE TREINSPOOR VOLKSPELE GEDOEN HET TYDENS ’N TOER NA NAMIBIË.” JH COETZEE WAS IN 1953 VOORSITTER VAN DIE PU-VOLKSPELELAER (ANON., 1954D).

Nes talle ander studenteverenigings het die PU-Volkspelelaer ook gebuk gegaan onder die wisseling en skommeling in die bestuur. In 1959 het dit “die aksies van die Volkspelelaer benadeel” (Van der Walt, 1959:143). Wisselende bestuurslede blyk in 1960 steeds ’n probleem te wees (Van der Walt, 1960:166). Ten spyte hiervan het 22 volkspelers die laer op die Uniefeesvierings in Bloemfontein verteenwoordig.

Benewens die bywoning van saamtrekke op ander dorpe, het die laer in 1962 deelgeneem aan die 21ste bestaansviering van die volkspelebeweging, wat in Bloemfontein gehou is (Du Plooy, 1962:93). Met 98 lede wat in 1963 geaffilieer was by die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, was die laer gewild op kampus. Die laer het ook ’n suksesvolle toer na Pongola gedurende die Aprilvakansie onderneem (De Jager, 1963:104, 105).

Onder leiding van Nico van der Merwe was die laer in 1965 nie alleen op die kampus bedrywig nie, maar ook die stukrag agter die stigting van ’n Nasionale Studenteraad vir Volksang en Volkspele (Van der Merwe, 1966a:2). Hierbenewens was die laer geaffilieer by die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, lid van die Transvaalse Komitee vir Volksang en Volkspele en lid van die Wes-Transvaalse Wyksbond vir Volksang en Volkspele.

Daar is dié jaar ook ’n Volksangbundeltjie in gebruik geneem wat, volgens Van der Merwe (1965b), die oefen van meerstemmige koorverwerkings aansienlik vergemaklik het. Nadat ’n volksanggroep vir twee jaar ’n integrale deel van die laer se bedrywighede was, is daar in Maart 1965 oorgegaan tot die stigting van die PU-Volksanggroep. Nico Van der Merwe skryf in ’n artikel in *Die Besembos* dat sang kenmerkend is van volkspele (1965:109). Hy meen dat baie min volksdanse van ander lande met sang gepaard gaan. Van der Merwe vervolg: “Die PU-Volkspelelaer het hom vanjaar betoon as die toonaangewende volkspelelaer binne die geledere van die studentevolkspelers.”

Vir die 1970/71-termyn, beskryf die voorsitter van die ABKK die Volkspelelaer as die “bedrywigste van al die onderliggame” van die ABKK, nadat daar dié jaar drie selfstandige toere onderneem is. “Die gewoontelike [*sic*] Aprilmaand-toer is onderneem, ook is deelgeneem aan die R10-fees te Kaapstad en dan is ’n minitoer onderneem om aan Kuesta ’71 te Pretoria deel te neem. Die besondere ligte en goeie gees was ’n kenmerk van die laer” (Van Schaik, 1971:2).

Nes met ander verenigings het die brandstofkrisis in 1974 ook die werksaamhede van die Volkspelelaer gekortwiek. So skryf die laerleier, FJ van Dyk, in sy jaarverslag. Hulle kon egter een keer ’n saamtrek in Germiston bywoon en het met privaatvervoer daarheen gereis. Stygende vervoerkoste het ook die toer na die Kruger-wildtuin (18 Julie tot 22 Julie 1974) getref, maar die lede het ongeveer die helfte van die onkoste self gedra en die toer het voortgegaan (Van Dyk, 1974:1). In sy toerverslag skryf Fanie Mulder, die studenteraadsverteenwoordiger op die toer, dat hulle met die skoolbus van Hoërskool Fochville gereis het. Al is daar vooraf gereël om optredes by die kampe by Skukuza, Onder-Sabie en Pretoriuskop te hou, wou die kampbesture nie die optredes goedkeur nie, maar daar was nie besware teen spontane spel nie (Mulder, F., 1974:1). Mulder vervolg:
Daar is gevolglik saans na ete in volle Volkspeledrag voor die kafeteria op die grasperk Volkspele gespeel. Dit was kenmerkend dat veral buitelandse toeriste vasgevang was deur die spel. Hul

toejuiging was ook die mees spontane. Aangesien daar nie saans gery word in die Wildtuin nie, kon ons nie na ete by die ander kampe optree nie. Ons het dus bedags, terwyl ons rondgery het, by ruskampe sommer spontaan 'n paar speletjies gespeel. Dit het baie belangstelling gedek.

Die toerouers was mnr en mev Pieter Lourens van die PUK se Tegniese Departement en die verslag sê dat aangesien hulle self Volkspelers is, hulle nie gesukkel het om in te skakel by die toerlede nie (Mulder, F., 1974:1).



ILLUSTRASIE 4.6
DIE PU-VOLKSPELELAER HET IN 1971 AAN DIE REPUBLIEKFEESVIERING OP OLËNPARK OPGETREE. *WAPAD* VAN 4 JUNIE 1971 SKRYF DAT HULLE ENKELE VOLKSPELE-LIEDJIES GESING HET "EN VAN SY SPELE GEDEMONSTREER HET". BY HULLE IS DIE BURGEMEESTER VAN POTCHEFSTROOM, PROF JH GROBLER, EN DIE STADSKLERK, MNR FAAN OLIVIER (ANON., 1971E:7).

In 1976 het die Volkspelelaer 'n geslaagde kursus in die Aprilvakansie aangebied. Dit is afgesluit met 'n saamtrek. Gedurende die Julievakansie is die Suidkus van Natal besoek, waar saamtrekke bygewoon is en demonstrasies gelewer is. In Augustus het die laer 'n kursus by die UOVS bygewoon (Anon., 1976b:57).

Nadat die Volkspelelaer vroeër berig het dat die Hoofgebousaal te "afgeskerm" is, het hulle aansoek gedoen om in die Totiussaal byeen te kom. Die voorsitter berig in sy verslag vir 1980: "Spel in Totiussaal het die toets geslaag, want baie studente het by die deure saamgedrom om te sien wat binne aangaan. Nuwe spelers is so gewerf" (Breytenbach, 1980).

In sy jaarverslag vir 1981 skryf die voorsitter van die Kultuurraad, Hannes Vorster, dat die Volkspelegroep elke naweek in die Hoofgebou "gespeel" het en "naweke rondgerits" het. Hulle was in groot aanvraag by byeenkomste. Terwyl die Hoofgebou gerestoureer is, het hulle verskuif na die 'Gat' in die SS (Vorster, 1981).



ILLUSTRASIE 4.7
DIE FOTO VAN DIE PUK-VOLKSPELELAER VERSKYN IN *DIE BESEMBOS* VAN 1976 (VAN MAARLEVELD, 1976:54).

In 1990 stel die PUK-Volkspelelaer hom ten doel om die Afrikanerkultuur uit te dra. Die Volkspelelaer was toe een van die verenigings wat gelys is in *Kultuurbedrywighede,* 'n sakgrootte boekie wat deur die Kultuurraad uitgegee is en waarin die doelstellings en aktiwiteite van verskillende kultuurverenigings op die kampus beskryf is (Steyn, 1990:20). Hiervolgens word die belangrikste projek van die laer beskryf as die jaarlikse saamtrek. By dié geleentheid is volkspelers van oor die hele land genooi om dié aand saam met die PUK-Volkspelelaer volkspele te doen. Voorts kon lede ook toere meemaak. Slegs dié lede wat gereeld byeenkomste bygewoon het en wie se lidmaatskapkaart oor jare gestempel is, kon in aanmerking kom vir toere. Daar is elke Saterdagaand in die Totiussaal byeengekom terwyl verskeie kursusse vir beginners, instrukteurs en begeleiers aangebied is.

Steyn skryf dat een van die doelstellings van die Volkspelelaer is om studente te betrek by "iets wat eg Suid-Afrikaans is" (1990:21). Volkspele is egter gewortel en gegrondves in Europese volksdanse.

Dit blyk uit ’n waarneming van Horst Bütow (2014a). Bütow sê dat ’n groep Duitse volkspelers, Volkstanz Heilbronn, Potchefstroom besoek het nadat hulle aan die nasionale Eisteddfod in Roodepoort deelgeneem het. Dié besoek aan Potchefstroom is gereël sodat hulle met die PU-Volkspelelaer kon kennis maak. “Toe kom hulle agter dat hulle danspassies en musiek feitlik dieselfde is as ons volkspele en hulle sing en speel saam. Die een groep sing in Duits, die ander in Afrikaans, maar dis dieselfde wyse. Boonop het die Duitse groep ’n orkes gehad, wat dit nog lekkerder gemaak het. Ons volkspelers was rasend!” (Bütow, 2014a) Daar is ook in 1989, toe die volksdansgroep Gfüllner uit Oostenryk die PU besoek het, so ’n gesamentlike byeenkoms met die PU-Volkspelelaer gereël. Dit het op 8 Augustus plaasgevind (Bütow, 1989b).

In 1991 verskyn die Volkspele die laaste keer in die *PUK Gids* in die lys van verenigings wat onder die Kultuurraad gepatroneer is, (Anon., 1991a:24) wat daarop dui dat die vereniging daarna ophou bestaan het.



ILLUSTRASIE 4.8
DIE VOLKSPELELAER SE EMBLEEM SOOS UITGEBEELD IN DIE BROSJURE *KULTUURBEDRYWIGHEDE*, WAT IN 1990 VERSKYN HET (STEYN, 1990:20).

4.4 Besinning oor die waarde van volkspele aan die Universiteit

Meer as enige ander kunskulturele aktiwiteit wat deur studente aangepak is, was volkspele heelwaarskynlik dié een wat Afrikaners aanvaar het as ’n uitdrukking van hulle kultuur. Dit het gewild geword in ’n tydperk toe die Afrikaner ’n hernieude volksbewussyn beleef het (Coetzee, 1957:60).

Volkspele as ’n kulturele uitdrukkingsvorm kan teen die agtergrond van die opkoms van Afrikanernasionalisme beoordeel word. Uit die hoofstuk is dit duidelik dat Volkspele ook ’n produk was van Afrikaner-nasionalistiese mobilisasie in die 1920's en 1930's. Pellissier het nie ’n ou tradisie laat herleef nie, maar ’n nuwe tradisie geskep, gebaseer op 18de en 19de eeuse pieknieksepele,

geïnspireer deur ’n buitelandse model. Toe het hy dit verbind aan die Groot Trek om daaraan ’n tipiese Afrikanerkarakter te gee en dit met die Afrikaner se heroïese verlede te assosieer. Agter die skerms het die Afrikaner-Broederbond en die FAK as sy kulturele arm sekerlik ’n belangrike rol gespeel om Volkspele te bevorder (Giliomee & Mbenga, 2007:289). In die proses van verstedeliking van die Afrikaner (die Tweede Trek waarna onder andere dr DF Malan verwys het) was daar vrese by Afrikaanse kultuurleiers dat die Afrikaanse kultuur deur die dominante Engelse stedelike kultuur verdring kon word – dit was ’n rede vir die oorspronklike stigting van die Afrikaner-Broederband (Giliomee & Mbenga, 2007:289).

Die waarde wat die Uniale Raad vir Volksang en Volkspele verleen het aan die vestiging van volkspelelaers in stede, blyk uit die opmerking in *Ons Eie Volkspele,* wat in 1955 uitgegee is: *Maar die grootste enkele faktor wat tot die uitbouing van volkspele bygedra het, was sekerlik die verskillende laers in die afsonderlike dorpe en stedelike gemeenskappe. Daar het hulle, die jong volkspelers, dikwels voor baie groot probleme te staan gekom maar, danksy die onkreukbare ywer en idealisme van die jeug, het hulle geseëvier sodat daar vandag reeds meer as 220 geaffilieerde volkspelelaers met sowat 7 000 spelers, in Suid-Afrika bestaan. Hierdie laers word van die vanaf die hartjie van die Goudstad tot in die mees verafgeleë plattelandse dorpie gevind* (Uniale Raad vir Volksang en Volkspele, 1955:xvi).

Saam met ander inisiatiewe (soos die skepping van die Voortrekkerbeweging, die ontwikkeling van jukskei as sport, ens.) moes Volkspele help om ’n unieke “eie” Afrikaanse kultuur te ontwikkel, wat terselfdertyd die Afrikaner se Europese (Westerse) herkoms uit die “stamlande” bevestig het. Daar was dus nasionalistiese ideologiese dryfvere agter die ontwikkeling van Volkspele. Dit het saamgeloop met die opkoms en latere ondergang van Afrikanermag. In die 1940's en 1950's was daar steeds groot geesdrif vir die Afrikaner se “geestesgoed”. Teen 1980 skryf Van Rensburg in die 50-jarige gedenkblad van die ATKV: “Die vereniging sal moet aanvaar dat die huidige geslag nie die jare van stryd om gelykberegtig en erkenning binne die Afrikaanse gesinskring ervaar het nie; die prikkel van ’n minderwaardigheid wat uitgewis moet word, kan vir hulle nie as stukrag dien nie. Namate daar ’n geslag opstaan wat die smaad nie persoonlik ervaar het nie, gee daardie jare nie meer besieling nie (Van Rensburg, 1980:140). In terme hiervan was volkspele vir die deelnemers daarvan *verrykend* (kyk na paragraaf 1.2.3).

Dit blyk dat die wel en wee van Volkspele op die PUK-kampus maar net die tendense in die Afrikanersamelewing weerspieël het. Prestasies wat dié groep veral gedurende die laaste jare van die vyftigerjare in nasionale kompetisies behaal het, het waarskynlik daartoe bygedra om belangstelling in volkspele te bevorder. Teen 1990 het Volkspele by die Universiteit doodgeloop op

dieselfde tydstip toe Afrikaners hul politieke beheer in die land prysgegee het. Mans bring dié afname in die populariteit van volkspele in verband met globalisering en reken dat klassieke en populêre Westerse musiek, veral Amerikaanse *country*-musiek, meer gewild onder Afrikaners geword het as volkspele en boeremusiek (Mans, 2003:42).

Dit bly ook ’n ope vraag of die gewildheid wat volkspele op die kampus beleef het, saamgehang het met die verbod wat daar op dans op die kampus geplaas is (Van der Schyff, 2005:207). Die studente mog nie op die kampus gedans het nie, maar kon wel volkspele gedoen het, wat ten spyte van De Ridder en Van Vollenhoven se kibbel daaroor vir die buitestaander as danse uitsien. In 1986 het die Universiteit besluit om toe te laat dat studente op die kampus dans, slegs vier jaar voor die PU-Volkspelelaer tot niet gegaan het (Anon., 1987k:7). Vir ’n student wat in 1960 ’n eerstejaar was, was die feit dat die Pukke mog volkspele gehou het, maar nie ge-“sokkie” het nie, vreemd (Gouws, 2010a:34). In dié opsig sou volkspele beslis deur talle studente as ’n alternatiewe bron van *vermaak* gesien word (kyk na paragraaf 1.2.3).

Die vervaging in die belangstelling in volkspele het hand-aan-hand gegaan met veranderende sentimente ten opsigte van Afrikaner-kultuur in die laat negentigerjare en die volkspelelaer op die kampus het tot niet gegaan.

Anders as Thalia, Alabama, die Koor, die Serenaders, die Boulevard Harmoniste en die PU-Kaners, is die volkspelegroep nooit gebruik as bemarkingsinstrument vir die Universiteit nie. Nes alle ander studente wat aan toere onder die vaandel van ’n vereniging van die Universiteit deelgeneem het, moes studente wat ’n volkspeletoer meegemaak het, ’n onderneming teken dat hulle optrede van so ’n aard sou wees dat dit nie die Universiteit se beeld skade aandoen nie (Mulder, 1974) en het dus indirek verband gehou met beeldbou (kyk na paragraaf 1.2.3). As sodanig kan die Volkspelelaer dan beskou word as ’n “passiewe” bemarkingsinstrument vir die Universiteit, in teenstelling met ander groepe, soos hierbo genoem, wat doelbewus so benut is. Dit hou verband met die beleid van reputasiebestuur wat die Universiteit toegepas het, soos bespreek in paragraaf 2.3.6.

HOOFSTUK 5

PUK Alibama-boereorkes tot Alabama Studentegeselskap

5.1 Inleiding

Meer as enige ander uitvoerende studentegroep het die Alabama Studentegeselskap, vanaf sy stigting as die PUK Alibama-boereorkes in 1943 tot met die laaste Alabama-produksie in 2007, daarin geslaag om die Universiteit veral nasionaal bekend te maak (Van der Walt, 1993:2; 2005, Combrink, 2005:3). Prof Annette Combrink, rektor van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, beskryf in haar boodskap in die 2005-program Alabama as die "vlagskip van ons kultuuraktiwiteite op die kampus" en dat Alabama, saam met die PUK-Koor, Boulevard Harmoniste en PUK-Serenaders gesien word as "die openbare gesig van die ideaal van kunsvorming op die PUK" (Combrink, 2005:3). (Kyk na bylaag 1 waarin inligting verskyn oor die grootte van elke jaar se toergroep, waar opgetree is, hoeveel optredes plaasgevind het en die naam van die jaarlikse produksie.)

Met die stigting van die PUK Alibama-boereorkes is daar reeds deur die Studenteraad bepaal dat die nodige advertensie vir die PUK daaruit moet voortvloei (Studenteraad, 1943b:2). Dit dui daarop dat die orkes vanuit die staanspoor aangewend is om vir die PUK reklame te maak.

Benewens die feit dat die PUK uit die landwye optredes (en talle buite die grense van Suid-Afrika) bekendgestel is, het Alabama later etlike nasionale prestasies behaal. Dit het nie net die aansien van Alabama verhoog nie, maar ook gehelp om die beeld van die Universiteit te verbeter. In 1969 het hulle 'n Mini-Sari ontvang (Anon., 1970a:11). Voorts het Alabama 31 langspeelplate, 15 CD's (tot en met 2006 – dus 15 in totaal indien 2007 se CD bygereken word) en een dubbele CD gemaak (Cunniff, 2007:2). In 1993 het die uitvoerende raad van die ATKV 'n toekenning aan Alabama oorhandig vir hulle bydrae tot Afrikaanse musiek (Anon., 1993c:33). Die Potchefstroomse stadsraad het in 1990 'n huldigingsertifikaat aan Alabama oorhandig "ter openbare erkenning en waardering vir die besondere bydrae wat hulle as revuegroep in belang van die gemeenskap van Potchefstroom gelewer het" (Potchefstroomse stadsraad, 1990). Ander toekennings sluit in 'n oorkonde van die FAK in 1991 en 'n toekenning van die Afrikaanse Sakekamer (De Bruin, 1993:9). Dié toekennings en prestasies word in meer detail bespreek in paragraaf 5.7 hieronder.

Kunstenaars, wat as studente lede van Alabama was en later nasionaal bekend geword het, sluit in Rina Hugo, Anna Davel, Danie Niehaus, Kobus Petzer, Johan van Rensburg, Karin Hougaard, Christa Steyn en Suzette Eloff (Cunniff, 2007:2; Anon., 2001b:1). (Kyk na bylaag 6). Die feit dat Alabama talle bekende kunstenaars opgelewer het en plaaslike en nasionale toekennings ontvang het, dui onder

meer daarop dat die Alabama Studentegeselskap vanaf 1969 een van die mees suksesvolle amateurvermaaklikheidsgroepe in Suid-Afrika was.

5.1.1 ’n Kort oorsig oor die ontwikkeling van ligte Afrikaanse musiek

Die ontstaan van die Alabama Studentegeselskap en studentegroepe aan die NWU-PUK en sy voorlopers, geskoei op die lees van Alabama, moet gesien word in die lig van die ontwikkeling van ligte of populêre Afrikaanse musiek.

Die PUK Alibama-boereorkes het vanaf sy ontstaan in 1943 tot en voor die aanbied van die eerste musiekblyspel in 1960 volkspele in sy program ingesluit (Anon., 1943a:3; Anon., 1959a:7). Die ontstaan van volkspele kan volgens Coetzee terugherlei word na pieknikspele tydens die Groot Trek (Coetzee, 1957:59). Dit word allerweë aanvaar dat die 1938 simboliese Ossewatrek ’n groot rol gespeel het in die oplewing van volkspele en volksang. “Dit was asof die Afrikanervolk skielik tot ontwaking gekom het. In die sluimerende Afrikanersiel het volkspele ’n snaar van ons eie aangeraak wat die Afrikaner sy oë laat open het en hom skielik intens bewus gemaak het van sy eie erfenis, wat hy besig was om te verwaarloos” (Coetzee, 1957:60).

Hopkins (2006:34) reken dat met die stigting van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings deur die Broederbond in 1929, om Afrikaans te bevorder, een van die liggaam se belangrikste projekte was om te bepaal watter musiek hoort by Afrikaans en watter is volksvreemd. Hopkins haal Laubscher aan wat skryf: *“*“Most commonly, *volksvriendelike* music included ritualised ‘traditional’ music that celebrated the *volk’*s history, *boere* music, a form particularly signifying the farm and rural society, and the popular *lekkerliedjie* (nice song), which according to I Byerly in ‘Mirror, Mediator and Prophet’*,* is ‘a bland form of easy-listening with lyrics centred around flora, fauna and geographical locations’” (Hopkins, 2006:34).

Volgens Badenhorst was die eerste komponiste wat sukses met Afrikaanse musiek behaal het Cissie en Willie Cooper. “Hulle het treffers soos “My hartjie my liefie” en “Jy is my liefling” geskryf.” Die bekendste liedjieskrywer van die jare voor die 1940’s was Danie Bosman, wat gesterf het voor hy 40 jaar oud was. Bekende liedjies uit sy pen sluit in “In die skadu van ou Tafelberg” en “Kaapse draai” (Badenhorst, 2005:5).

Froneman haal die bevindinge van die musiekkommissie van die FAK aan wat in 1953 tot die gevolgtrekking kom: “Uit besprekings blyk dit dat daar geen helderheid bestaan oor wat ‘Boeremusiek’ en ’n ‘Boereorkes’ werklik beteken nie. Oorspronklik was die orkeste wat vandag as Boereorkeste bestempel word, orkeste wat die begeleiding op danspartye verskaf het, later is hulle

ook by geleentheid by Boerefunksies gebruik, vandaar die naam 'Boere-orkeste'" (Froneman, 2012:65).

Die term "boeremusiek" het in die tydperk tussen 1930 en 1950, volgens Froneman, na ten minste drie verskillende musikale style verwys wat wyd uiteenlopende musiekinstrumente en wyse van uitvoering ingesluit het. Die Stellenbosch Boerorkes [*sic*] is in 1934 deur Pietie le Roux gestig as 'n propaganda instrument vir die Nasionale Party. Dit het gedien as model vir die stigting van boerorkeste oor die hele land in die opbou na die 1938-viering van die Groot Trek. Dié orkes wat deur Froneman geïdentifiseer word as 'A' het bestaan uit 30 of meer lede, wat saamgestel is uit die beskikbare musikante op 'n spesifieke dorp. In *Die Transvaler* van 4 Oktober 1938 het 'n foto verskyn van die Suikerbosrandse Boereorkes, wat 32 lede gehad het, insluitende agt akkordeons, 'n banjo, 'n tjello, verskeie viool- en kitaarspelers en selfs 'n dromstel. Aangesien dié orkeste gestig is met die oog op die 1938-vieringe, het hulle konserte die vorm van verskeidenheidskonserte aangeneem en het gewoonlik geen danse ingesluit nie (Froneman, 2012:64).

Professionele musikante wat 'n lewe daaruit gemaak het om tydens lewendige radio-uitsendings op te tree en 'n verskeidenheid van konserte en danspartye in die groter stede van Suid-Afrika aan te bied, het ook as boereorkeste bekendgestaan. Dit het bekendgestaan as die sogenaamde 'koffiehuiskonserte' en hulle het ook deur die platteland getoer. Froneman identifiseer dit as die 'B'-orkeste en sê dat die bekendste hiervan die orkes van Hendrik Susan was. Die feit dat dié dansorkeste hulleself boereorkeste genoem het, is beskryf as 'n goedkoop bemarkingstrategie in die tyd toe Afrikaner-memorabilia sy hoogtepunt in 1938 bereik het. Dié orkeste het wat beskryf kan word as boeremusiek, in hulle repertoire ingesluit, maar dit was maar nie al soort musiek wat hulle gespeel het nie. Hulle het ook populêre jazzmusiek gespeel, hoofsaaklik uit kommersiële oorwegings en grootliks beïnvloed deur Britse dansorkesmusiek. Dié musiek het later bekendgestaan as ligte Afrikaanse musiek. Latere bekende konsertinaspelers soos Manie Bodenstein, Fanie Bosch en Neels Steyn het onder meer Hendrik Susan as leermeesters gehad (Froneman, 2012:64).

Volgens Froneman het 'n derde tipe orkes (sy identifiseer dit as 'C') ook in die dertigerjare opnames gemaak. Dit sluit groepe in soos Die Vyf Vastrappers, Die Vier Transvalers, Die Vyf Takhare en Die Naglopers. Dié orkeste het uit minder as drie tot ses lede bestaan en het gewoonlik 'n konsertina as hoofinstrument gehad saam met 'n kombinasie van kitaar, banjo, akkordeon, klavier of basviool. Dié groepe het ooreenkomste gehad met die impromptu orkeste wat by boeredanse gespeel het, byvoorbeeld wanneer Nuwejaar of 'n troue gevier is. "Often financially strapped, working-class musicians with bad habits and a plain disregard for the growing racial ideology of the day, these musicians did not conform to establishment Afrikaner cultural ideals" (Froneman, 2012:65).

Gedurende die sewentigerjare was daar ’n opbloei in ligte Afrikaanse musiek en ’n groot behoefte aan nuwe liedjies. Volgens Van Rensburg is talle Europese liedjies beluister en moes dan van goeie Afrikaanse lirieke voorsien word; nie direkte vertalings nie. “Heelwat bekwame liriekskrywers het na vore gekom en Vincent van der Westhuizen was een van hulle. Decibel platemaatskappy, met Boet Pretorius en Andre Viljoen, was aan die voorpunt van al hierdie nuwe dinge” (Van Rensburg, 2016).

Badenhorst vervolg:
In die vroeë jare sewentig was Gé Korsten, Carike Keuzenkamp, Gert Potgieter en Groep 2 die land se gewildste Afrikaanse kunstenaars en in daardie tyd het Mynie en Jan se ‘Ek verlang nog altyd’ die trefferlyste gehaal” (Badenhorst, 2005:5).

Badenhorst voeg by: “In 1975 het ’n onderwysstudent en predikant saamgespan. Jan de Wet, wat toe al gevestig was op die musiektoneel het. “Ek verlang na jou” geskryf en Sonja Herholdt het die destydse Top 20 op Spring Radio daarmee gehaal” (Badenhorst, 2005:5).

Teen die tyd dat PW Botha in 1978 eerste minister van Suid-Afrika geword het, het jongmense opgehou om na die “lekkerliedjies” van die vorige dekades te luister en oorsese groepe soos die Beach Boys en Beatles was baie meer gewild (Hopkins, 2006:56).

In 1979 het Anton Goosen “Boy van die suburbs” vrygestel en ’n nuwe tydperk in ligte Afrikaanse musiek ingelui. Dié nuwe klank het algemeen as “Musiek-en-Liriek” bekendgestaan, na aanleiding van ’n televisiereeks met dieselfde naam (Hopkins, 2006:56). Badenhorst beskryf Goosen se bekendstelling van “Boy van die suburbs” as die grootste stap vooruit in die geskiedenis van Afrikaanse musiek (Badenhorst, 2005:5).

“What it did was to replace the banal *lekkerlied* with dynamic rhythm and beautiful lyrics that challenged the listener, but was devoid of social or political comment” (Hopkins, 2006:57).

Volgens Malan was Goosen vir aspirant liedjieskrywers ’n groot inspirasie, onder meer “omdat daar juis in daardie troebel politieke jare ’n groot behoefte aan sinvolle, maar tegelyk musikaal draaglike luisterliedjies was. Met die klem op luister, want die woorde in sy tekste is op so ’n wyse geselekteer en geplaas dat die hoorder instinktief sou luister na die teks, al was die melodie ook hoe bekoorlik.” Naas Goosen het Amanda Strydom, David Kramer, Laurika Rauch en Coenie de Villiers ook in hierdie era gewild geword (Malan, 2006:219).

Te midde van die politieke onrus van die tagtigerjare het ’n volgende fase in Afrikaanse musiek aangebreek. “At a time when South Africa was embroiled in the Border wars, PW Botha was Die Groot Krokodil and Potchefstroom University was debating whether dancing was a sin, an eccentric mix of young Afrikaans artists took to the road and became the voice of their generation. Their goal

was the emancipation of Afrikaner youth from the strictures of their authoritarian, patriarchal culture and they would make it cool to be an Afrikaner". Die groep kunstenaars bestaande uit André Letoit met die verhoognaam Koos Kombuis, Johannes Kerkorrel (wie se werklike naam Ralph Rabie was) en die Gereformeerde Blues Band het met die Voëlvry-toer en Bernoldus Niemand (James Philips) en die Swart Gevaar het die Voëlvry-toer uitgemaak. Die toer is georganiseer deur *Vrye Weekblad* en Shifty Records (Hopkins, 2006).

Max du Preez, eertydse redakteur van *Vrye Weekblad,* skryf in die voorwoord tot "Voëlvry – the movement that rocked South Africa":
It was late evening on the 4th of April 1989. I was in a club in the seedy inner-city of Johannesburg. I felt a bit uneasy. I had come to an Afrikaans music concert and was surrounded by Afrikaans-speakers, but I didn't like Afrikaans music and experience had taught me to be wary in the company of so many members of my tribe. I was told beforehand that this was going to be different, and that's why I'd come, but how different could it be? Oh, it was different all right. Very, very different. I knew right there that this was a sort of a turning point, that Afrikanerdom would never be quite the same after this. Certainly not Afrikaans music. I felt at home, suddenly quite comfortable in my Afrikaner skin and with those around me.

The concert was the kick-off gig of the Voëlvry tour. 'Rock revolution' just got a delicious new double meaning. Voëlvry helped liberate Afrikaans from the clammy paws of the Broeders and other grey-shoed ooms of Afrikaner nationalism, the kultuurkoeke, the dominees and Bles Bridges. Afrikaans suddenly became sexy (Du Preez, 2006:6).

Du Preez vervolg dat die sosiale en kulturele impak van die Voëlvry-toer onteenseglik beduidend was. Dit het die "onheilige tradisionele" Afrikanerkultuur van respek vir ouer persone en gesag help ondermyn. Voorts het dit Afrikaans 'n hupstoot gegee soos min gebeure vroeër enkele jare voor Afrikaans sy bevoorregte amptelike status verloor het. "And it proved that Boere can rock in their taal, After all. Viva Calvinisme, viva!" (Du Preez, 2006:6) "Die opkoms van die sogenaamde Voëlvry-beweging het skokgolwe deur die plaaslike musiekbedryf gestuur. Die boodskap was duidelik: Jong Afrikaanssprekendes kan nie stilgemaak word oor apartheid of sensuur nie" (Atson, 2016:128).

Volgens De Bruin was een van die redes waarom studente teen 2007 nie meer lid van Alabama wou wees nie, omdat hulle eerder in 'n rockgroep wou sing (De Bruin, 2014b). Enkele sulke groepe het in Potchefstroom ontstaan met meer of minder sukses. Nasionaal het Karen Zoid en groepe soos Fokofpolisiekar gewild geword. Die gewildheid van dié kunstenaars lei daartoe dat Zoid en Francois van Coke in 2015 geskiedenis maak deur boaan iTunes SA se treffersparade te pryk (Atson, 2016:135).

5.1.2 Die naam 'Alibama'

Die PUK Alibama-boereorkes is in 1943 gestig (Van der Walt, 1993:5). Die keuse van die naam "Alibama" spruit voort uit 'n volksliedjie, "Daar kom die Alibama" (De Villiers, 1969:469). Dié liedjie het tot 1960 die kenwysie van Alabama gebly.

Volgens Burden is 'n variant van dié liedjie die eerste keer in 1924 deur SJ du Toit opgeteken (2014:28). Die liedjie is deur ID du Plessis beskryf as 'n ghommalied (ook bekend as ghoemalied). Die ghommalied is "'n genre wat deel vorm van die Kaaps-Maleise volksliedrepertorium". Ghommaliedjies, wat ook "afklopliedjies" genoem word, speel 'n baie belangrike rol in die Kaapse Maleier se sangbelewenis. Hulle word gewoonlik gebruik as onderbreking tussen die strofes van Hollandse liedere wat die kern van Maleierkore se optredes vorm. Die ghomma word na elke strofe van 'n Hollandse lied uitgevoer, wat gewoonlik 'n ringdans begelei. Die naam "afklop" beteken dat die ring van dansers opbreek, waarna die dansers voortgaan om in pare te dans" (Burden, 2014:27)


Volgens Green, in sy boek *So few are free*, het dié liedjie sy oorsprong gehad tydens die Amerikaanse Burgeroorlog, toe die skip, die CSS Alabama, vir groot opwinding in Kaapstad gesorg het (Green, 1946:7). Die CSS Alabama was 'n skoener met drie maste wat deur stoom aangedryf is en het geseil onder die vlag van die Gekonfedereerde State van Amerika (Suide) (Semmes, 1864:239).

Die CSS Alabama is in Engeland, wat neutraal in die Amerikaanse Burgeroorlog (1861 – 1865) was, gebou. Die Verenigde State van Amerika (Noorde) het alle hawens van die Suide blokkeer sodat die skip nie daar kon aandoen nie en dit het naamloos in Julie 1862 onder groot geheimhouding Engeland verlaat. Op die Portugese eiland, Terceira, is die skip van wapens en voorraad voorsien en is kort daarna tot die CSS Alabama gedoop met kaptein Ralph Semmes in beheer (Semmes, 1864:70-77). Vanaf Augustus 1862 tot Julie 1863 het die skip beroemd geword vir die talle skepe wat dit gekaap het. Die meeste daarvan is aan die brand gesteek, nadat die bemanning gevange geneem is. Enkeles is vrygelaat na 'n losprys betaal is (Semmes, 1864:208, 209).

Die CSS Alabama se besoek vroeg in Augustus 1863 aan Kaapstad is voorafgegaan deur spekulasie en gerugte dat daar moontlik 'n seeslag binne sig van Seinheuwel sou plaasvind tussen die CSS Alabama en 'n skip van die Verenigde State van Amerika (Noorde) (Semmes, 1864:204). Semmes gee 'n berig, wat in die *Cape Argus* van 6 Augustus 1863 verskyn het, weer en sê dié besoek het groot opgewondenheid in Kaapstad ten gevolg gehad. Die Kaapse inwoners se simpatie het by die Suide gelê, want net in die omgewing van die Kaap het die CSS Alabama 14 skepe gekaap (Green, 1946:7). Gerugte en berigte oor onafwendbare bankrotskappe het die atmosfeer in die Kaap vroeg in Augustus 1863 verswaar. Nadat dit op 5 Augustus 1863 rugbaar geword het dat die CSS Alabama moontlik binne sig deur 'n skip van die Noorde oorrompel sou word, het dit die beswaarde

Kapenaars opgekikker en skares het letterlik teen Seinheuwel opgehardloop om die slag te sien (Semmes, 1864:207).

Teen alle verwagting in en binne sig van Seinheuwel het die CSS Alabama egter ’n skip van die Noorde gevange geneem. Nadat die CSS Alabama die Kaapse hawe binnegevaar het, is kaptein Semmes en die bemanning van die CSS Alabama soos helde ontvang (Green, 1946:7; Semmes, 1864:205, 206).





ILLUSTRASIE 5.1
BO: DIE CSS ALABAMA (UNIVERSITEIT VAN ALABAMA, 2009).

ILLUSTRASIE 5.2
LINKS: KAPTEIN RAPHAEL SEMMES VAN DIE CSS ALABAMA (UNIVERSITEIT VAN ALABAMA, 2009A).

Die woorde van die liedjie wat daarna volgens oorlewering deur die Maleiergemeenskap bekend gemaak is, lui dus:

> *Daar kom die Alibama,*
> *Die Alibama die kom oor die see.*
> *Daar kom die Alibama,*
> *Die Alibama die kom oor die see.*
> *Nooi nooi die rietkooi nooi*
> *die rietkooi is gemaak*
> *die rietkooi is vir my gemaak*
> *om daarop te slaap.*
>
> (De Villiers, 1969:469).

Burden (2014), in haar artikel "Waar kom die Alibama vandaan? Teorieë oor die oorsprong van die volkslied 'Daar kom die Alibama'", is van mening dat daar ander teorieë is om die herkoms van die lied te verklaar. Afgesien daarvan dat dit kon ontstaan het ná die besoek van die CSS Alabama, soos hierbo uiteengesit, het dié skip ook in Maart 1864 by die Kaap aangedoen. Burden haal Bradlow en Bradlow (1958) aan wat reken dat die liedjie ontstaan het na die 1864-besoek van die CSS Alabama aan die Kaap. Boonop was daar ook 'n kotter wat riet tussen die mond van die Bergrivier en Kaapstad vervoer het. Dié skip is na die CSS Alabama vernoem. In dié verband haal Burden Lawrence Green aan in sy boek, *On wings of fire*, (1967:213) waarin hy sê dat die liedjie "Daar kom die Alibama" geskryf is na aanleiding van dié skip, veral as die laaste gedeelte van die liedjie in aanmerking geneem word. Oor Green sê Burden: "Oor die algemeen word sy werk nie as wetenskaplik of akademies gereken nie, en daarom nie volkome betroubaar wanneer dit by feite kom nie" (2014:32). Dit word bevestig deur die feit dat Green (1946:7) in sy boek, *So few are free* beweer dat die lied se oorsprong verband hou met die besoek van die CSS Alabama in Augustus 1863.

Burden (2014) se slotsom is dus: "Die moontlikheid bestaan (en dit lyk uiteindelik na die waarskynlikste teorie) dat die eerste deel van die lied wat na die Alabama verwys, oor 'n tydperk, ná die besoek van die Konfederale kaper ontstaan het, en nie op die ingewing van die oomblik nie." Sy vervolg dat die twee dele van die lied, in die tradisie van die ghommalied, moontlik mettertyd bymekaar gebring is deurdat verskillende liedere in een lied vermeng is (Burden, 2014:42).

Mnr Flip Grobler, een van die stigterslede van die PUK Alibama-boereorkes, het aan die *PU-Kaner* gesê: "Ons eintlike oogmerk was opgewektheid en sprankeling om tipiese studentejoligheid te weerspieël" (Coetzee, 1984:7). Dus was die bekende en opgewekte "Daar kom die Alibama" 'n gepaste keuse. In 1945 word die "Alibama" in die naam van die PUK Alibama-boereorkes, na "Alabama" verander (Van der Walt, 1993:12). Die enigste verduideliking vir die verandering van die

naam word gevind in die jaarverslag van die studenteraadsvoorsitter, wat reken dat die naam "Alabama" volksvreemd is. Kruger skryf dus in sy verslag in *Die Besembos:* "Daar is ook besluit in alle erkentlikheid teenoor die verlede, om die huidige naam van die geselskap te verander na iets wat meer aanpas by ons volksverlede – dit sal egter volgende jaar afgehandel word" (Kruger, 1945:9).

Volgens *50 Jaar Alabama* is die naam verander weens die Afrikaanse sentiment van die na-oorlogstyd. Daar is gereken dat die skip, die *Alabama* na wie daar in die liedjie verwys word, met slawe in die Kaap aangedoen het (Van der Walt, 1993:12). Hierdie verduideliking hou nie water nie aangesien die vrystelling van slawe reeds 57 jaar vantevore aan die Kaap plaasgevind het.

Die volgende jaar word die orkes herdoop na die Sarie Marais-boereorkes en die Studenteraad notuleer dit so op 20 Mei 1946 (Studenteraad, 1946a:2).

Die nuwe naam het egter nie algemeen byval gevind nie en die volgende jaar, 1947, is die naam weer terugverander na PUK Alabama-boereorkes. Die Senaat van die PUK het ook nie die naamsverandering goedgekeur nie en aan die Studenteraad 'n brief geskryf waarin hulle die naam "Sarie Marais-boereorkes" nie goedkeur nie (Studenteraad, 1946b:1). Die orkes het vir net drie maande as die Sarie Marais-boereorkes bekendgestaan en die studenteraadsvoorsitter meld in sy jaarverslag in *Die Besembos* van 1947: "Met genoeë kan gemeld word dat die naam van die geselskap weer verander is van Sarie Marais na Alabama" (Venter, 1947:11).


Tot 1950 was die amptelike naam dus die PUK Alabama-boereorkes. Nadat die Potchefstroomse Universiteitskollege in 1951 'n selfstandige universiteit geword het, is die naam verander na die PU-Alabama Studente-orkes (Van der Walt, 1993:12). Volgens Van der Walt is die program in 1951 die eerste keer in Engels vertaal en hy meen dat dit die rede is waarom die woord "boere" met "studente" vervang is (1993:12). In 1959 word die "PU" weggelaat en tot 1961 was die naam Alabama Studente-orkes. Die naam waaronder die groep, tot hy in 2007 ophou bestaan het, bekend was, Alabama Studentegeselskap, is in 1962 die eerste keer gebruik. Van der Walt skryf dit daaraan toe dat die musiekblyspel *Deur Vier Wêrelddele*, wat in 1961 opgevoer is, die karakter van Alabama radikaal verander het. Dit was nie meer net 'n "studente-orkes" nie en daarom is die naam na Alabama Studentegeselskap verander (Van der Walt, 1993:12).

5.1.3 Kort oorsig oor die stylveranderings van die Alabama-programme

Die PUK Alibama-boereorkes se eerste program van 1943 het enkele musiekitems, waaronder 'n saagsolo, sangitems, volkspele en kort sketse ingesluit (Anon., 1943a:2, 3). Tot 1960 het die formaat van die program min afwykings getoon. In 1949 is die toneelstuk van Gerhard Beukes, *As die nefie kom kuier*, benewens die musiek- en sangitems, by die program ingesluit (Anon., 1949c:3). Enkele

ander eenbedrywe is ook van tyd tot tyd opgevoer, maar die eerste groot koersaanpassing vir Alabama vind in 1961 plaas toe die musiekblyspel *Deur Vier Wêrelddele* opgevoer is (Anon., 1961a:5). In 1964, die jaar waarin Johan van Rensburg die musiekleier van Alabama geword het, is daar nie getoer nie (Van der Walt, 1993:72). Die jaarverslag dui aan dat die bekende skrywer en oud-Puk, André P Brink gevra is om 'n "stuk" vir Alabama te skryf, maar dat hy weens "drukke werksaamhede" dit nie kon doen nie (Enslin, 1964).

Na nog twee musiekblyspele in 1965 en 1966 opgevoer is, word die eerste revue in 1967 aangebied.



GESELSKAPSLEDE

Ere-President ..... PROF. F. J. LABUSCHAGNE.
Bestuurders ..... Mnr. en Mev. J. V. COETZEE, Mnr. R. PRIGGE.
Leier ..... BAREND SMITH.
Sekretaris ..... ESKIN HORN.
Tesourier ..... NIKIE V.D. MERWE.
Bestuurslede:—Niggies D. Retief, S. van Rensburg, C. Venter, E. van Jaarsveld en G. Maré. Neefs A. Möller, K. Oosthuizen, F. Spies en P. Labuschagne.

NIGGIES:—
R. VAN ZYL,
K. VENTER,
L. VENTER.

NEEFS:—
P. DU PISANI, N. VAN DER LINDE,
I. SWART, J. ENSLIN,
K. DELPORT, J. GROVÉ,
P. L. GROBLER, G. KRUGER,
P. GROBLER, E. LOTTER,
F. PIETERSE, H. KRUGER,
M. DE JAGER, P. LABUSCHAGNE.

PROGRAM

1. KENWYSIE:—Daar kom die Alibama.
   WELKOMSWOORD—Bestuurder.
   ORKES.
2. KLAVIERSOLO—Neef N. v.d. Merwe.
3. "ONTGROENING"—Neefs Flip Grobler, Kosie Oosthuizen, Barend Smith en Faan Spies.
4. SAAGSOLO—Neef Barend Smith.
5. ORKES MET SANGBEGELEIDING—Nig Sarah van Rensburg, Neef Thys de Jager.
6. VOORDRAG—Nig Elsie van Jaarsveld.
7. SANGSOLO—Nig Sarah van Rensburg/Neef Thys de Jager.
8. „WIE IS BAAS?"—Neefs Faan Spies en Aucamp Möller.
9. TREKKLAVIER EN GHITARE—Neefs Kosie Delport, Nick van der Linde en Jannie Grové.
10. KLAVIERSOLO—Nig Rykie van Zyl.
11. SNAAR-TRIO—Neefs Flip Grobler, Kosie Oosthuizen en Frans Pieterse.
12. ORKES.

POUSE.
(15 Minute).

13. ORKES.
14. "SKERTS EN FLERTS"—Neefs Barend Smith, Kosie Oosthuizen, Aucamp Möller en Nikie v.d. Merwe.
15. TREKKLAVIER-DUO—Neefs Eskin Horn en Kosie Delport.
16. SANGSOLO—Neef Thys de Jager.
17. SNAAR-TRIO—Neefs Flip Grobler, Kosie Oosthuizen en Frans Pieterse.
18. ORKES MET SANGBEGELEIDING—Nig Sarah van Rensburg, Neef Thys de Jager.
19. „ONS LUISTER IN"—Nig Gertie Maré en Neef Nikie van der Merwe.
20. „BLOKTYD"—Neefs Eskin Horn, Piet du Pisani, Flip Grobler en Frans Pieterse.
21. „LEER OM LEER"—Niggies en Nefies van die Geselskap.
22. ORKES.

„ORANJE—BLANJE—BLOU."

ILLUSTRASIE 5.3
DIE PROGRAM VAN DIE EERSTE ALABAMA-KONSERT DUI AAN DAT 'N VERSKEIDENHEID VAN MUSIEK, SANG EN KORT TONEELSTUKKIES INGESLUIT IS (ANON., 1943A:2,3).

Alabama het 'n groot verandering in 1967 ondergaan toe die revuestyl-program ontwerp en deur Johan van Rensburg geïmplementeer is. Soos reeds gemeld het die latere direkteur van die Departement Ontwikkeling, mnr HM Robinson, gedurende 1967 sekere voorstelle aan die Alabama se musiekleier, Johan van Rensburg gemaak, wat aanleiding gegee het tot die skep van die eerste revue-aanbieding van Alabama (Van der Walt, 1993:7).

In 1974 het Louis Drummond van Rensburg sy broer, Johan, as musiekregisseur opgevolg. In 1980 is hy deur Jans Jonker opgevolg. Hy was die musiekregisseur van die 1984 Alabama-groep wat in Januarie 1985 Taiwan besoek het. Pieter de Bruin het in 1988 die vierde en laaste musiekregisseur van Alabama geword (Van der Walt, 1993:7, 8).



ILLUSTRASIE 5.4
DIE VIER ALABAMA-REGISSEURS WAT SEDERT 1967 DIE GROEP GELEI HET. HULLE IS: PIETER DE BRUIN (1988 – 2007), LOUIS DRUMMOND VAN RENSBURG (1974 – 1979), JANS JONKER (1980 – 1987) EN JOHAN VAN RENSBURG (1964 – 1973). DIE FOTO IS IN 1992 GENEEM TYDENS DIE REVUEKURSUS WAT OP DIE PUK AANGEBIED IS (FOTOKUNS, 1992B).

5.2 Die stigting van die PUK Alibama-boereorkes

Voor die stigting van die PUK Alibama-boereorkes was daar vroeër reeds ander orkeste en toergeselskappe aan die PUK verbonde. Die toergeselskappe het hoofsaaklik toneelstukke opgevoer. (Kyk ook na hoofstuk 3, Thalia.) Die toneelgeselskappe het egter nooit ’n orkes ingesluit nie, terwyl die orkeste hoofsaaklik op die kampus opgetree het.

Verskeie faktore het aanleiding gegee tot die stigting van die PUK Alibama-boereorkes. Dié stigting in 1943 het plaasgevind te midde van ’n neerdrukkende atmosfeer op die kampus (Van der Walt, 1993:4). Die Tweede Wêreldoorlog was in volle swang en talle van die studente en dosente was die regering van die Unie van Suid-Afrika se besluit, om die geallieerde magte te ondersteun, nie goedgesind nie. Studente het onder meer tydens filmvertonings in die plaaslike bioskoop geweier om op te staan vir die sing van die Engelse volkslied “God save the king” of hulle het uitgestap. Bewerings is gemaak dat die studente die lewe ondraaglik gemaak het vir die soldate, wat in die militêre kamp, reg wes van die kampus, gestasioneer was (Van der Schyff, 2003a:495).

Die aand van 7 Augustus 1940 het ’n groep soldate op die kampus opgedaag, gewapen met klippe in kouse, ysters, bakstene, pikstele wat met lood gevul is en doringdraad daaromheen (Van der Schyff, 2005:15). Die studente was in die studentesaal, ’n sinkstruktuur, byeen en besig om saam te sing, toe die soldate daar inbars en hulle aanval. Dié saal en die eetsaal in Heimat is in puin gelaat, terwyl tussen 14 en 20 studente beseer is, waaronder nege damestudente (Van der Schyff, 2003a:500).

Enkele persone verbonde aan die PUK is vanaf 1940 in hegtenis geneem en geïnterneer op grond van bewerings van onder meer hoogverraad. Dit sluit in ’n nagraadse student, GBS Pasch, wat in 1940 gevange geneem is, prof FJ Labuschagne wat op 26 Maart 1941 in hegtenis geneem is, LJ le Roux, dosent in sielkunde, wat in Desember 1941 in hegtenis geneem is en HG Stoker, wat in Desember 1942 in hegtenis geneem is (Van der Schyff, 2003a:501-504).

Voorts is al die inwoners van die koshuise Heimat en Ons Huis in 1942 geskors nadat hulle een van die kelners in ’n studentespeletjie, wat bekendstaan as “pêrevel ry”, met koshuiskomberse in die lug op gegooi het. Die belhamels, en ’n paar onskuldiges, se name het onder die aandag van die koshuisvader, prof LJ du Plessis, gekom en hy het gesê dat hulle “uit die koshuis gesit” gaan word. Die inwoners het besluit dat almal skuldig is en dat ’n petisie tot die effek by die Senaat ingedien word. Die Senaat het gevolglik besluit dat al die studente van Heimat en Ons Huis aan die einde van 1942 uit die koshuis geskors word en moes in 1943 weer aansoek doen vir toelating. Gevolglik het talle studente aan die begin van 1943 nie toelating tot die koshuis ontvang nie en moes in die dorp tuisgaan (Van der Walt, 1993:4).

Van der Walt (1993:4) vervolg: “Die gees onder die studente het ’n laagtepunt bereik.”

Onder dié neerdrukkende omstandighede het Gertie Maré, later Krynauw, wat in 1942 ’n tweedejaarstudent was, en haar medetweedejaars dié jaar ’n vlotoptog deur die strate van Potchefstroom aangebied en dit Vreugdedag genoem, juis om onder dié swaar omstandighede te sorg vir ’n bietjie jolyt. Die optog was ’n groot sukses en hulle het in 1943 beplan om dit te herhaal en ook ’n konsert te hou (Van der Walt, 1993:4; Anon., 1943a:19).

Volgens Nicolaas (Bokkie) van der Merwe het Barend Smith, Eskin Horn en Aucamp Möller aan die begin van 1943 op die gedagte gekom om ’n orkes te stig (Anon., 1986c:22). Van der Merwe, wat studeer het om ’n BCom-graad te verwerf, is gevra om die geldsake van die orkes te hanteer. Volgens Van der Walt was Walta Viljoen, Ol Vermaas en Naas Swart ook betrokke by die stigting.

Barend Smith was toe die leier van die PUK-ANS-orkes. Die orkes het hoofsaaklik op die kampus opgetree, terwyl hulle met die te stigte nuwe orkes graag op toer wou gaan (Van der Walt, 1993:4).

Terselfdertyd was daar sprake van die stig van ’n toneelgeselskap wat met ’n toneelstuk wou gaan toer, maar dit is deur die studenteleiers ontmoedig, juis omdat daar gemeen is dat dit nie gepas sou wees in die oorlogstyd nie (Van der Walt, 1993:5).

Nog ’n weergawe is dié van ’n ander stigterslid, PL (Flip) Grobler. Hy sê in 1984 aan die *PU-Kaner* dat hy en ’n groep studentevriende saam tydens studiepouses musiek gemaak het. Grobler het kitaar gespeel, Koos Oosthuizen banjo en die ander lid was Barend, of Baan Smith het “‘die saag getrek– sy

gelyke het ek nooit weer gehoor nie.' Dit was die lekker gespelery wat die idee van 'n boereorkes by ons laat posvat het" (Coetzee, 1984:7). Die Universiteit van Stellenbosch het daardie tyd ook 'n boereorkes gehad en die Pukke "wou nie agterbly nie". 'n Kennisgewing is op kampus aangebring om belangstellendes uit te nooi na die uitdunrondte. "Ons is letterlik oorval en gevolglik is die orkes uit die bestes saamgestel" (Coetzee, 1984:7).

Die alternatiewe orkes is gestig en daar is begin oefen aan 'n program wat 'n saagsolo (deur Barend Smith), sangsolo's, sangstukke, orkesmusiek, volkspele en kort toneeltjies ingesluit het (Anon., 1943a:2, 3). Dié stigting het plaasgevind "buite die studentegemeenskap" wat daarop dui dat dit nie-amptelik was, sonder erkenning van die Studenteraad of PUK-owerheid (Anon., 1957b:1). In 'n kort oorsig oor die stigting van Alabama in die program van 1957 word vervolg: "Hoewel daar aanvanklik slegs teenkanting was, het die orkes tog van krag tot krag gegaan en die taai stryd gewen." Dit word deur Van der Merwe bevestig: "Die PUK-owerhede was aanvanklik taamlik skepties oor die groep en was huiwerig om amptelik erkenning daaraan te gee" (Anon., 1986c:22). Van der Walt (1993) verduidelik dat die "buite karakter" daaraan toe te skryf was dat talle studente privaat loseer het. Voorts was die reisouers mnr Boetie-Jan Coetzee en sy eggenote, wat nie aan die Universiteit verbonde was nie. Walta Viljoen het by die Studenteraad aansoek gedoen vir 'n lening van 'n 100 pond vir die orkes, dit terwyl dit alom bekend was dat Viljoen 'n lid van die X-klub was, wat dansgeleenthede vir die studente in die dorp gereël het, terwyl dans op die kampus verbode was. Boonop het dié X-klub 'n stel dromme aan Alabama geskenk (Van der Walt, 1993:5).

Daar is egter by die Studenteraad aansoek gedoen om erkenning aan die orkes te gee en op 10 Mei 1943 besluit die Studenteraad om die bestaan van die orkes te erken, maar dat "die orkes 'n konstitusie moet voorlê; dat konserte onder patronaat van die Studenteraad gehou word; dat toesig voldoende moet wees; dat die nodige advertensie vir die PUK daaruit moet voortvloei en dat die program deur die Studenteraad of die Senaat vir goedkeuring voorgelê word" (Studenteraad, 1943b:2).

Die eerste keuringskonsert is in die Potchefstroomse stadsaal gehou, maar die Studenteraad was nie daarmee tevrede nie en notuleer op 17 Mei dat S du Plessis kritiek lewer: "Dit word gevoel dat die items oor die algemeen teleurstellend was. Daar is nie genoeg gebruik gemaak van die talente van persone wat die bekwaamheid besit nie. Die volgende punte moet aangestip word: (1) Uitbou waar eensydig, en (2) Leier van die orkes moet die meer talentvolles 'n kans gee. Ons staan by ons laaste brief aan die Senaat nl. dat as hulle program verbeter die toer deurgaan" (Studenteraad, 1943c:1). Dit is in teenstelling met Grobler se uitspraak dat hulle oorval is en dat die orkes "uit die bestes" saamgestel is (Coetzee, 1984:7).

Nadat daar oorleg gepleeg is met “sekere staflede” besluit die Studenteraad op 28 Mei dat die finale keuring op 10 Junie tydens ’n konsert op Parys sou plaasvind (Studenteraad, 1943d:2). Die konsert blyk ’n sukses te wees en die groep het gaan toer. Volgens Grobler is die optredes deur die Reddingsdaadbond gereël. Hy vervolg: “Die konserte was ’n onmiddellike sukses – daar was ’n geweldige stormloop na die kaartjieskantore” (Coetzee, 1984:7).

Tuis het die PUK Alibama-boereorkes talle kritici gehad. Dit blyk uit ’n brief wat in *Die Besembos* van September 1943 verskyn het en waar op die punte van kritiek geantwoord word (Horn *et al.,* 1943:30). Die brief is geskryf deur E Horn, N van der Merwe en A Möller. Sonder om die Studenteraad by name te noem, word daar gereageer op die feit dat Alabama as ’n “kliek” gesien word en nie talentvolle persone ingesluit het nie. In antwoord hierop word gesê: “Kom menere, met julle geweldige talent wat so oor die hoof gesien is, en dink na aan die herhaaldelike kennisgewings en uitnodigings om by ons aan te sluit, of is julle geheue toegeskroei deur die feit dat die finansiële waagstuk van die toer te groot was om julle talent daarin te waag? Of sou die moontlikheid bestaan u belangstelling te gering was om die kennisgewings te lees?” (Horn *et al.,* 1943:30)

Die brief bedank “’n paar staflede wat so baie gedoen het deur hulle opbouende kritiek en aanmoediging om die toer ’n sukses te maak.” Twee daarvan is die erepresident, prof FJ Labuschagne, en mnr HC van Rooy. Die brief word afgesluit met ’n dorp-vir-dorp uiteensetting van die inkomste. Uit die totaal van £498 het Kroonstad die hoogste bedrag, £62, opgelewer, teenoor slegs £31 van Potchefstroom (Horn *et al.,* 1943:31). Die wins van die toer is aan die Reddingsdaadbond geskenk (Van der Walt, 1993:11). Vanaf 1944 is dit vir etlike jare in die Boufonds van die PUK gestort (Du Plessis, 1944:11). Dit volg nadat die Studenteraad in 1944 onderneem het om hom te beywer om £1 000 tot dié fonds by te dra (Studenteraad, 1944:2). Die redakteur van *Die Besembos,* GPL van der Linde, ag dit belangrik om repliek te lewer op die brief in *Die Besembos* van September 1943 en reken dat die erepresident, prof FJ Labuschagne, die bron van die “wolhaarstorie” is dat die orkes ’n “kliek” is. In teenstelling met die Studenteraad se aanvanklike teenkanting, word die orkes op 6 Augustus gelukgewens met die toer (Studenteraad, 1943e:2).

Alreeds die volgende jaar het Alibama die monde van sy kritici heeltemal gesnoer. In sy jaarverslag van die Studenteraad berig die voorsitter in *Die Besembos* van November 1944: “As bewys van die hoogstaande gehalte van die uitvoerings wat gegee is, dien net nagegaan te word die verslae in die nuusblaaie tydens die toer. Met reg kan die SR aanvoer dat die PUK in die opsig beslis iets groots bereik het” (Du Plessis, 1944:11).



ILLUSTRASIE 5.5
DIE PUK ALIBAMA-BOEREORKES VAN 1943. (VOOR): K DELPORT, PL GROBLER, N VAN DER LINDE EN N VAN DER MERWE. (TWEEDE RY, SITTENDE): F PIETERSE, P GROBLER, P LABUSCHAGNE, S VAN RENSBURG, BJ SMITH (LEIER), PROF FJ LABUSCHAGNE (ERE-PRESIDENT), E HORN (SEKRETARIS), G MARE, J GROVÉ EN P JORDAAN. (AGTER, STAANDE) T DE JAGER, E VAN JAARSVELD, E LÖTTER, D RETIEF, J CAMPBELL, G KRUGER, I AUCAMP, I SWART, R VAN ZYL, P DU PISANI, C VENTER EN A MÖLLER. (ANON., DE LA REY, 1943). G MARE WAT IN DIE TWEEDE RY DERDE VAN REGS SIT, HET IN 1942 AS TWEEDEJAARSTUDENT DIE EERSTE VREUGDEDAG GEORGANISEER (DE LA REY, 1943).

5.3 Die boereorkes-era

5.3.1 Historiese ontleding van die boereorkes-era

Alabama se boereorkes-era het bestaan vanaf 1943 met sy stigting tot in 1960. In dié jare het daar nie veel verander aan die formaat van die programinhoud van elke jaar nie. Die program was in die vorm van ’n verskeidenheidskonsert aangebied met instrumentale nommers, sangers, volkspele en eenakters. Een van die hoogtepunte van die 1943-program was ’n saagsolo deur die leier, Barend Smith. Volgens Bokkie en Liesbeth van der Merwe, néé Venter, het dit “die gehoor telkens tot trane gedryf (Anon., 1986c:23).

Daar is jaarliks getoer tydens die Julievakansie en naweektoere na nabygeleë dorpe is gedurende die kwartaal onderneem. Alabama se toere was baie gewild en Roothman meen dat dit “’n bron van krag” in die studentelewe was (1963:45). ’n Berig wat in 1945 in *Ons Land* verskyn het en in die Alabama-argief bewaar gebly het, sê dat dié jaar se toer hul suksesvolste was. Daar is £1 500 vir die PUK ingesamel. Die berig vervolg: “Hierdie groep jolige Afrikaanse studente van die Puk vir CHO het hulle op hierdie toer bemind gemaak sodat hulle oral groot gehore getrek het. Die gesonde gees waarmee hulle op die verhoog en onder die publiek opgetree het, het die liefde en agting van die Afrikanergemeenskap getrek.” En verder: “Die opvoering is deur die publiek van Colesberg hoog waardeer, nie alleen die musiek en sang nie, maar ook die gesonde humor wat die tipiese

studentegees kenmerk" (Anon., 1945a). Alabama was so gewild dat mense tot drie dorpe ver gery het om 'n Alabama-konsert by te woon (Anon., 1986c:23). Dit is volgens Liesbeth van der Merwe, in 'n artikel wat in 1986 in die *PU-Kaner* verskyn het.

Nico (Bokkie) van der Merwe was tesourier van die eerste Alabama-groep en lid tot 1945 (Anon., 1986c:22). Liesbeth van der Merwe (néé Venter) was dié jaar as matriekleerling lid van die groep, nadat hulle 'n tweede trekklavierspeler benodig het (Anon., 1986c:22). Alhoewel haar naam op die program verskyn, het haar pa dit verbied dat sy saam met die groep kan toer. Die volgende jaar was sy 'n student en volwaardige lid. In 1947 was sy die eerste vroulike leier van die groep (Anon., 1986c:25). Hulle is later getroud en is een van tientalle huwelike, waar die paartjies mekaar as Alabama-lede ontmoet het. Teen 1987 het meer as 50 huwelike uit die Alabama Studentegeselskap en sy voorgangers ontstaan (Anon., 1987a:1).

Liesbeth van der Merwe gee voorts 'n uiteensetting van die kostuums wat die groep gedra het: "In 1943 het die mans wit broeke en hemde met wynrooi skouerbande gedra. Die meisies het voortrekkerrokke gehad. Die volgende jaar het die groep wynrooi baadjies met goue kapmoutjies gehad. Daarby het hulle goue nekdoeke gedra. Hierby moes die meisies wit rompe dra en wit materiaal was onbekombaar. Ongebleikte linne is gebleik en daarvan is die rompe gemaak" (Anon., 1986c:23). Die eenvormige drag wat in 1944 ingevoer is, is met die steun van die Studenteraad aangekoop (Du Plessis, 1944:11). Die groep het dié drag tot in 1960 gedra. Daarna het die orkeslede dit steeds gedra.

Aanvanklik het die reise per trein plaasgevind en Alabama het sy eie treinwa gehad wat aan verskillende treine gehaak is om die reis te onderneem (Anon., 1986c:23). Dit het heelwat ontberings veroorsaak, want die toer is in die wintermaande onderneem. Die Van der Merwes vertel in 1986 aan die *PU-Kaner:* "'n Mens het nooit warm geword nie. Jy was deurentyd tot by jou knieë verys. Geld vir beddegoed was daar nie en elkeen het sy eie bedrol gehad. Aan die einde van die toer was die komberse pikswart van die roet'" (Anon., 1986c:23). In 1946 is daar met 'n gehuurde bus getoer (Van der Walt, 1993:36).

Die sale waarin die groep moes optree, was ook dikwels uiters primitief. Liesbeth van der Merwe sê: "'Een saal het nie eens aantrekkamers gehad nie en as 'n mens van die verhoog afgeklim het was jy letterlik binne-in die lang Hoëveldse wintergras'" (Anon., 1986c:23). Voorts moes die klaviere in die sale waar opgetree is, telkens gestem word om op dieselfde toonhoogte as die orkes se instrumente te wees.



ILLUSTRASIE 5.6

DIE PUK ALABAMA-BOEREORKES VAN 1945. DIE MANS DRA DIE WYNROOI BAADJIES MET GOUE KAPMOUE, DIE DRAG VAN ALABAMA VANAF 1944 TOT 1960. DIE GROEP IS (VOOR) W VENTER, F BADENHORST, R DU PLESSIS, P LABUSCHAGNE, G LABUSCHAGNE, M BOSHOFF, L DU TOIT, N VAN DER LINDE EN P SNYMAN. TWEEDE RY: G PASCH, (REGISSEUR) L VAN DER WALT, G KRUGER (SR-VERTEENWOORDIGER, TANT MOLLIE EN OOM FRANS LABUSCHAGNE (REISOUERS), C VENTER EN E HORN (TOERLEIER). DERDE RY: I VENTER, N VAN DER MERWE, D VAN DEN BERG, J DUVENHAGE, C WIESE, P PRINSLOO, E FOURIE, P SPIES, Z SMIT EN F VENTER. AGTER: W BOSHOFF, P DU PISANIE, J CAMPBELL, E VILJOEN, W KRUGER, E NORVAL EN L VENTER. INLAS: W VENTER, L VAN STADEN, A VAN DER WALT EN T THERON (LUNA, 1945).

Daar was meesal elektriese lig in die sale beskikbaar waar opgetree is, maar van spesiale beligting was daar geen sprake nie. Volgens Bokkie en Liesbeth van der Merwe was die eerste keer wat die groep onder egte teaterbeligting opgetree het in Port Elizabeth in 1944 (Anon., 1986c:24). (Kyk na bylaag 1.) Met Alabama se besoek aan Grootfontein in 1948, is elektrisiteit verskaf deur ’n kragopwekker. “Die enjin wat die elektriese lig verskaf die raas toe ook so hard dat as ’n mens ’n deur iewers oopmaak, dan kan die mense die deelnemers nie hoor nie” (Anon., 1948b:94).


In 1945 het die skryfster, Sita de Kock, spesiaal vir Alabama ’n toneel geskryf:
Finkel en Koljander, ’n blyspel uit die 1945-program is spesiaal deur die skryfster, Sita, wat in Potchefstroom gewoon het, vir die geselskap geskryf. Sy wou vooraf die groep ontmoet en elke karakter het sy eie naam gehad en die rol is na sy persoonlikheid geplooi. Willie en Linström (Ponie) Venter, ’n tweeling was Finkel en Koljander en die storie gaan oor die verwarring wat hulle voorkoms geskep het (Anon., 1986c:23).

Sita de Kock was die skryfster van veral talle kinderboeke. Sitastraat in Potchefstroom is na haar vernoem (Senex, 1975:10).

Wat die reëlings betref het alles egter nie altyd klopdisselboom verloop nie. JJA (Attie) van der Walt berig in *Wapad* van 21 Junie 1946 dat "ons toer weens verskeie omstandighede ingekrimp moes word" (Van der Walt, 1946:1). Kyk na bylaag 1 vir die lys van dorpe waar opgetree is. Die studenteraadsvoorsitter bevestig dit in sy verslag in *Die Besembos* en sê dat die omstandighede "buite ons beheer" was. "Die program het uitsluitlik uit musiekitems bestaan en het oral, sover ons kon vasstel, byval gevind." Verskeie uitnodigings vir opvoerings is ontvang (Pasch, 1946:77). Die volgende jaar blyk 'n groter sukses te wees. Benewens die Junie-Julie-toer na Suidwes-Afrika en 'n naweektoer, het die orkes by verskeie funksies opgetree. Hulp is egter van die Senaat van die PUK ontvang (Venter, 1947:11). Die 1947-toer was die eerste van vele wat na Suidwes-Afrika onderneem is.



ILLUSTRASIE 5.7
LINKS: DIE FOTO IS GENEEM TYDENS ALABAMA SE EERSTE TOER NA SUIDWES-AFRIKA (TANS NAMIBIË) IN 1947 (ANON., 1947A).



ILLUSTRASIE 5.8
REGS: JJA (ATTIE) VAN DER WALT WAS IN 1946 DIE LEIER VAN ALABAMA. HY WAS LATER 'N PROFESSOR IN MUSIEK AAN DIE PU VIR CHO EN WAS VAN 1967 TOT 1985 DIE DEPARTEMENTSHOOF VAN MUSIEK (DE KLERK & DU PISANI, 2006:106; FOTOKUNS, S.A.(C)).

In die jare wat volkspele baie gewild was, het die Alabama-program jaarliks volkspele-items op hulle program gehad (Anon., 1943a:2; Anon., 1945b:2). Op die PUK was dans egter verbode (Van der Schyff, 2005:207). Gedurende die 1948-toer na Suidwes-Afrika het die Alabama-orkeslede gereeld vir die Suidwesters musiek gemaak om op te dans. Dit het saans na die vertoning gebeur en nadat die reisouers, prof en mev GTS Eiselen, en die SR-verteenwoordiger, Benoon Duvenage, gaan slaap het. Die gevolg was dat daar dié jaar spesifieke toerreëls ingestel is en een daarvan is dat dieselfde

reëls vir studente tydens die toer geld, as wanneer hulle op die kampus is. Dit beteken dus dat daar glad nie tydens die toer gedans mag word nie (Van der Schyff, 2005:211, 214). Maar die Pukke kon volkspele speel en het dit op die verhoog gedoen. Liesbeth van der Merwe sê dat daar gevolglik spottenderwys gesê is: “Die Pukke dans nie, hulle maak kultuursprongе” (Anon., 1986c:23).

Die jaar 1951 word deur die studenteraadsvoorsitter as ’n “rekordjaar” vir Alabama beskryf (Spoelstra, 1951:103). Dit was die eerste jaar wat ’n toer buite Suid-Afrika se landsgrense aangepak is en Alabama het Suid-Rhodesië (tans Zimbabwe) besoek en so ver as die destydse Belgiese Kongo getoer (Spoelstra, 1951:103). Dit staan vandag bekend as die Demokratiese Republiek van die Kongo. Daar is onder meer in Elizabethville (tans Lubumbashi) opgetree. Spoelstra reken dat dié toer die “kroon op die arbeid was”. Hy meen ook dat die organisering van die toer deur mnr W Eloff, “getuig van pionierswerk, deursettingsvermoë en ywer” (Spoelstra, 1951:103). ’n Bruto-inkomste van £2 600 is ontvang, waarvan ’n wins van £750 aan die studenteboufonds geskenk is. Daar is dié jaar altesaam 34 volle konserte gehou, terwyl daar ook by die “selfstandigwordingsfeeste, die jool, ’n filmvertoning, die Ysselfamiliefees, tydens studentesang en by intervarsities” opgetree is (Spoelstra, 1951:103).




ILLUSTRASIE 5.9
ALABAMA HET IN 1951 NA DIE BELGIESE KONGO (DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO) GEREIS. HIERDIE FOTO VAN DIE GROEP IS IN ELIZABETHVILLE (LUBUMBASHI) GENEEM. DIE FOTO IS DEUR F VAN DER AHEE AAN DIE ALABAMA-ARGIEF GESKENK (ANON., 1951).

Met die viering van die selfstandigwording van die PU vir CHO in 1951 word daar in die *Gedenkprogram* só oor Alabama geskryf:


Die orkes is ’n belangrike en onmisbare deel van die studentegemeenskap. Met volkspele, opelug-spele, liedjies, tydens intervarsities, met gesellighede en konserte tree die Alabama-boereorkes gereeld op. Die orkes is nie alleen op die PUK en op Potchefstroom gewild nie. Oor die lengte en breedte van Suid-Afrika het hierdie orkes al getoer . . . ja, selfs die verre Suidwes ken die Alabama met hulle donkerrooi baadjies en vaardige vingers wat die heerlikste klanke uit saag, siter, viool en klavier kan voortower (PU vir CHO, 1951:76).

Nes ander verenigings aan die pasgestigte Universiteit ondergaan Alabama in 1951 ook ’n naamsverandering toe dit die PU Alabama Studente-orkes word (Spoelstra, 1951:103). In 1952 beleef Alabama nog ’n mylpaal toe die eerste plaatopname gemaak is. Dit sou, aldus die studenteraadsvoorsitter, op 20 September plaasvind (Lighthelm, 1952:3). Die snit “Daar kom die Alibama” wat in 1952 opgeneem is, is in 1993 ingesluit op ’n CD wat met die 50-jarige bestaan van Alabama saamgestel is uit ’n keur van snitte van dié jare (Alabama, 1993b).

Die programme wat Alabama in die boereorkes-era gebruik het, het ontwikkel van ’n enkelbladsy van dun papier wat in drie gevou is, na ’n boekie met ’n buiteblad van papier van ’n swaarder gewig.




ILLUSTRASIE 5.10
DIE 1945 ALABAMA-PROGRAM (ANON., 1945B).



ILLUSTRASIE 5.11
DIE 1954 ALABAMA-PROGRAM (ANON., 1954A).



ILLUSTRASIE 5.12
DIE 1955 ALABAMA-PROGRAM (ANON., 1955E).



ILLUSTRASIE 5.13
DIE 1958 ALABAMA-PROGRAM (ANON., 1958A).

In 1943 was dit ’n enkelbladsy wat in drie gevou is (Anon., 1943). In 1944 het die program bestaan uit ’n dubbelgevoude enkelbladsy (Anon., 1944b). Dié formaat is so gehandhaaf tot in 1954 toe daar van ’n beter kwaliteit papier gebruik gemaak is vir die buiteblad. Ene J Schutte was in 1955 verantwoordelik vir die buiteblad van die program. Dit het benewens die naam in goud, verskeie musiekinstrumente in rooi getoon, tesame met die PU vir CHO se wapen (Anon., 1954a; Anon., 1955e). Vanaf 1958 verskyn ’n skip, waarskynlik die CSS Alabama, in geel op die voorblad. Dit word herhaal in 1959 en 1960.

Alabama behaal in 1958 ’n eersteplek in die ASB se kunsfees se kategorie vir boereorkeste nadat hulle die enigste orkes is wat aan die kategorie deelneem (Anon., 1958b:5) en maak weer so in 1960, maar het dié keer wel teen ander orkeste meegeding (Van der Walt, 1960:163). Ten spyte van dié sukses blyk dit dat Alabama se gewildheid tydens sy jaarlikse toere algaande besig was om te taan. Roothman (1963:45) verduidelik:

Deur die jare het die program wat aangebied is, die kern van ’n verskeidenheidskonsert bly behou. Verskeidenheidskonserte en die daarmee gepaardgaande orkesoptredes was in die verlede ’n groot aantrekkingskrag op die platteland – juis omdat dit iets vreemds en skaars was. Deur die jare het

meer groepe egter die platteland met hierdie doel besoek en die vreemde bekoring wat vroeër bestaan het, het verdwyn.

Die probleme wat die toergroepe toe ondervind het, blyk uit die toerverslag van die studenteraadverteenwoordiger, FRP de Bruyn, wat in 1960 saam met Alabama getoer het. Hy meld wel dat die toer ’n sukses was, maar meld dat daar op Belfast slegs £36 gemaak is. Op Nelspruit het dit geblyk dat die koste van verblyf baie hoër as verwag was, maar dat ’n Bothma-gesin se gasvryheid die hoë uitgawe beperk het. Op Witbank het hulle voor “dooiemansdeur” te staan gekom en De Bruyn (1960) skryf die mislukking toe aan die plaaslike organiseerder. Oor Carolina word gesê dat dit maar van “die toneel geskrap kan word”. Hy vervolg: “Ek is jammer om dit te sê, maar die gemeenskap van Carolina stel nie belang in enige kultuuraanbieding nie. Ook is dit ’n dorpie wat bykans net uit weduwees en oujongnooiens bestaan. ’n Verdere faktor wat mislukking aanhelp is die bittere koue van Carolina” (De Bruyn, 1960).

Verskeidenheidskonserte word deur *Wapad* as ’n lomp en onhandige manier om ’n program aan te bied, beskryf (JM, 1961:1). Daar word gereken dat ligte items ingesluit word by die program vir ’n toer na die platteland omdat “’n ernstige program” nie goed bygewoon word nie. “Om die standaard hoog te kry word ’n klassieke klaviersolo en sangitems ingesluit. Nou moet die gehoor hom meer ernstig instel vir die hoë kuns. So ’n program plaas onaangename spanning op sowel die gehoor as die persoon op die verhoog (JM, 1961:1).

TABEL 5.1

Besteding van Alabama se wins

Jaar	**Bruto Inkomste (1)**	**Bedrag Netto wins (2)**	**Ten bate van (3)**	**Bronne**
1943	£498	£200	Studielenings van Reddingsdaadbond	(1) Horn *et al.,* 1943:31 (3) Anon., 1943
1944	£1 300	£500	Boufonds van die PUK	(1) (2) Du Plessis, 1944:11
1945	£1 500		Boufonds van die PUK	(1) Anon., 1945b (3) Anon., 1945a
1946			Boufonds van die PUK	(3) Anon., 1946
1947			Boufonds van die PUK	(3) Anon., 1947b
1948			Boufonds van die PUK	(3) Anon., 1948c

1949	£600	£350	Biblioteekfonds	(1) Anon., 1957b:1 (2) (3) Lombard, 1949:110
1950			PUK Boufonds	(3) Anon., 1950
1951	£2 600	£750	Studenteboufonds	(1) (2) (3) Spoelstra, 1951
1952			PU Boufonds	(3) Anon., 1952
1953				
1954			PU Boufonds	(3) Anon., 1954a
1955	£1 300	£300		(1) (2) Snyman, 1955:98
1956				
1957				
1958		*	Boufonds vir Studente-ontspanningsaal	(3) Anon., 1958a:8

* Volgens die studenteraadsvoorsitter het Alabama nie ’n wins in 1958 getoon nie (Postma, 1958:174).

5.3.2 Benutting van die Alabama-boereorkes as bemarkingsinstrument tydens die boereorkes-era

Die PUK Alibama-boereorkes het van meet af as bemarkingsinstrument vir die PUK gedien. Die Studenteraad notuleer op 10 Mei 1943 dat die bestaan van die Orkes erken sal word onder meer op voorwaarde dat “die nodige advertensie vir die PUK daaruit moet voortvloei” (Studenteraad, 1943b:2). Die klinkende sukses wat die Orkes bykans onmiddellik behaal het (Van der Schyff, 2005:64), kon net bygedra het tot alle partye se tevredenheid hiermee. Dit word bevestig deur die studenteraadsvoorsitter in sy jaarverslag van 1944: “As bewys vir die hoogstaande gehalte van die uitvoerings wat gegee is, dien net nagegaan te word die verslae in die nuusblaaie tydens die toer. Met reg kan die SR aanvoer dat die PUK in die opsig beslis iets groots bereik het” (Du Plessis, 1944:11). Ryke en Bütow skryf dat Alabama kort na sy stigting vinnig gegroei het en ’n positiewe bydrae gelewer het om die PUK aan die algemene publiek bekend te stel (Ryke & Bütow, 2006:284).

Teen 1950 merk die studenteraadsvoorsitter in sy verslag op dat die toer wat Alabama deur Oos-Kaapland en die Vrystaat onderneem het, ’n “kostelike advertensie” vir die PUK was (De Klerk, 1950:18). Eweneens rapporteer die studenteraadsvoorsitter in 1954: “Die ASO het ’n baie besige jaar agter die rug: gedurende Julie is ’n toer onderneem deur SWA, waar die naam van ons Universiteit uitgedra en gepropageer is” (Visser, 1954:105). In 1956 rapporteer SR-voorsitter, Tjaart van der Walt, oor Alabama: “Puik organisasie, waardige PU-kanerskap en opvoerings van hoë gehalte is die

beste reklame wat vir ons Alma Mater gemaak kan word. En hierin het u in besonder hoë mate geslaag (1956a:131).

I van der Walt meld egter in sy artikel oor Alabama in *Die Besembos* van 1959 bemarking van die PU vir CHO nie as ’n doelstelling van Alabama nie. Volgens hom is die doelstellings om: “(a) belangstelling deur aktiewe deelname in sang en instrumentale musiek op te bou, (b) uitvoerings te hou, en (c) konserttoere te onderneem” (Van der Walt, 1959:37).

In sy artikel in *50 Jaar Alabama,* getiteld “Die betekenis van Alabama” haal Bütow die voorsitter van 1962, Naas Raubenheimer, aan, wat in die program skryf: “Dit is ook die begeerte van hierdie groep studente om die gordyn te lig en aan u ’n beeld voor te hou van die suiwer rigting en gesonde gees wat gehandhaaf word aan die inrigting wat u ondersteun” (Bütow, 1993c:24). In 1963 stel Roothman (1963:46) dit onomwonde: “Die hoofdoel van die jaarlikse Alabamatoer is die bekendstelling van ons Universiteit en studentelewe aan die publiek.” Hy meen dat ’n sekondêre oogmerk die insameling van fondse vir die uitbouing en verbetering van die Universiteit is.

Die reklamewaarde wat Alabama vanaf 1943 tot 1960 vir die PU vir CHO gehad het, is dus wel deeglik besef deur die betrokke partye en as sodanig benut. Die sukses wat Alabama gedurende hierdie jare behaal het, het bygedra om pogings aan te wend om die groep te hernu nadat die aanvanklike belangstelling in die formaat van die verskeidenheidskonsert vervaag het.

5.4 Die blyspel-era

5.4.1 Historiese ontleding van die blyspel-era

Onder leiding van Dewald Roode, wat aan die einde van 1960 voorsitter van Alabama geword het, het die bestuur besef dat die geselskap ’n nuwe rigting moes inslaan en daar het ’n “radikale verandering” ingetree. Roothman (1963:45) vervolg: “Hierdie nuwe rigting, het hulle gevoel, moes iets soortgelyks aan ’n operette of musiekblyspel wees, wat ingestudeer en op die toer aangebied kon word. Dit was ’n gebied wat op die platteland haas onontgin was en selfs op die universiteit self was daar geen studentevereniging wat hom spesifiek daarop toegelê het om jaarliks ’n operette aan te bied nie.”

Aanvanklik is die skrywer André P Brink versoek om ’n teks te skryf, maar het nie sy weg oopgesien om dit te doen nie (Du Toit, 2017). Nesco du Toit, wat self as Pukstudent lid van Alabama was en in 1955 die toer na Rhodesië meegemaak het, is genader (Van der Walt, 1993:22). Du Toit was in 1959 betrokke by die afrigting van die POK-studente vir die operette *Freule Marieke* en met die keuse van Du Toit “is geen fout begaan nie” (Roothman, 1963:45). Die veelsydige Du Toit was in 1959 redakteur van *Wapad* en was vanaf 1960 aan die Klerksdorpse biblioteek verbonde (Anon., 1963c:1).

Die gevolg hiervan was dat Alabama in 1961 met die musiekblyspel *Deur vier wêrelddele* getoer het (Anon, 1963a).

Du Toit gee agtergrond oor *Deur vier wêrelddele: Ons maak 'n bietjie van 'n storie. Kom met Shakespeare se gedagte van die towenaar, Prospero. Ons eerste towenaar was Marnus Rothman. Hy was uitstekend! Hy was altyd aangetrek soos Prospero – altyd in karakter. Ek het op 'n mengseltjie afgekom. As jy daarop slaan dan ontplof dit. Dan slaan hy* (Prospero) dit, *die ligte verdoof en die karakters kom op. So het ons begin. Die platteland het dit geweldig geniet* (Du Toit, 2017).

ILLUSTRASIE 5.14
NESCO DU TOIT WAS DIE SKRYWER EN REGISSEUR VAN *DEUR VIER WÊRELDDELE* EN *AGGENEE BETTIE!* WAT VANAF 1961 TOT 1965 ELKEEN TWEE KEER OPGEVOER IS (ANON., 1968B:5).



Wapad berig op sy voorblad op 23 Junie 1961 dat Alabama hiermee "geskiedenis maak" (JM, 1961:1). Daar word gereken dat Du Toit "briljant" is en "hy vind genoeg verskoning om in dieselfde program te kan aanbied ligte studentepret, 'n gevoelvolle Russiese volksliedjie, 'n Skotse 'jig' en 'n Duitse kroegtoneel, tesame met tipiese Afrikaanse items. 'n Verdere voordeel van sy gebruik van 'n deurlopende verhaal is die uitskakeling van geforseerde stemmingsveranderings en formele applouse." JM is ook beïndruk deur die feit dat die liedjies selfs tot vyfstemmig gesing word, "iets wat feitlik al die vorige jare oor die hoof gesien is en altyd 'n onafgewerkte indruk geskep het" (JM, 1961:1). Die toer wat met *Deur vier wêrelddele* onderneem is, blyk geslaag te wees en *Wapad* berig op sy voorblad daaroor onder die opskrif: "Alabama palm groot louere in." "Die blyspel het oral groot byval gevind by die gehore en groot waardering vir die opvoering is dan ook deurgaans ingeoes" (Anon., 1961b:1).

Die opvoering van die operette was egter nie die enigste bedrywighede van Alabama nie. In Oktober 1961 het die groep 'n program van "genotvolle ligte musieknommertjies" in die kafeteria aangebied (Anon., 1961c:6). Boonop was Alabama die voorafgaande drie weke verantwoordelik vir die voorprogramme tot die voorgeskrewe drama van die matrikulante wat gesamentlik deur die Afrikaanse skakelkomitee van die Potchefstroom Gimnasium, Hoër Volkskool en Hoërskool Carletonville aangebied is. Dit blyk uit die jaarverslag van die Studenteraad, wat ook berig dat Alabama jaarliks bo en behalwe die program vir die Junie-Julie-toer ook dikwels op kampus by

geleenthede opgetree het soos Vreugdedag, die Kuns- en Kultuurweek en Intervarsities. In 1963 is daar ook serenades by die koshuise gehou (De Jager, 1963:103).

Nesco du Toit was ook die skrywer en regisseur van *Aggenee Bettie!* die musiekblyspel wat in 1962 deur Alabama aangepak is, dié jaar waarin die groep se naam verander na die Alabama Studentegeselskap (Anon., 1962a:2). *Wapad* verduidelik op 9 Mei 1962 die hooftrekke van die verhaal van *Aggenee Bettie!:* "Sy (Bettie) staan heeltemal skepties teenoor die teenoorgestelde geslag, maar loop haar rieme styf. Wat eintlik uitgebeeld word, is die verhouding wat daar behoort te bestaan tussen mans en dames" (Anon., 1962b:1). In sy voorwoord tot die program skryf die rektor, prof JC Coetzee: "Onder die oppervlak van *Aggenee Bettie!* lê daar 'n grondlaag wat diep en eg en gesond is" (Anon., 1962a:1). Met die toer deur Suidwes-Afrika is 5 000 myl afgelê en dit word bereken dat 7 250 mense die opvoering tydens die toer gesien het (Du Plooy, 1962:96).

In 1962 word Johan van Rensburg as matriekseun lid van Alabama, toe hy twee dae voor die toer by die geselskap aansluit, nadat die trompetspeler skielik siek geword het (Van Rensburg, J. 1993:7). Hy was in 1963 as student ook lid van die orkes en het in 1964 die orkesleier geword. Volgens die jaarverslag van Alabama vir 1964 het die koor aanvanklik onder leiding van Nesco du Toit geoefen, maar Van Rensburg het dié taak in die tweede semester op sy skouers geneem (Enslin, 1964). Van Rensburg sou later 'n beduidende rol speel om Alabama nie net gewild by gehore nie, maar nasionaal bekend te maak. Dit het tydens die revue-era plaasgevind en sal daar meer volledig behandel word.

In 1963 word *Deur vier wêrelddele* weer opgevoer en in 1965 word *Aggenee Bettie!* ook 'n tweede keer op die planke gebring (Van der Walt, 1993:71, 73). Die 1963-weergawe van *Deur vier wêrelddele* blyk 'n hersiene weergawe te wees. *Wapad* berig op 25 Junie op die voorblad daaroor en sê ook dat Alabama dié jaar sy 21ste bestaansjaar vier (Anon., 1963c:1).

Die 1963-toer blyk in meer as een opsig nie 'n groot sukses te gewees het nie. Die studenteraadsvoorsitter berig: "Ongunstige weer was hoofsaaklik die rede dat opvoerings nie baie goed bygewoon is nie en dat die toer afgesluit is met 'n netto wins van R444.00 (De Jager, 1963:103). Van die opvoerings het ook oor lang naweke plaasgevind, wat eweneens swak getalle tot gevolg gehad het (Anon., 1963d:3). Nadat dit geblyk het dat Alabama-lede tydens die toer van 1963 gedans het, is daar besluit om as strafmaatreël die Alabama-toer van 1964 op te skort (Van der Walt, 1993:13).



ILLUSTRASIE 5.15
DIE TOERGROEP WAT IN 1963 MET "DEUR VIER WÊRELDDELE" GETOER HET. HULLE IS (AGTER): FLIP HELBERG, IDYLL VAN DER WALT, JOHANN SANDER, ANNETTE BOTHA, JANA HOOGENDYK, LOU VAN WYK (ORGANISEERDER), DRIKA GRAPHORN. MIDDEL: PIETER VENTER (BELIGTING, SUSAN MALAN, JAN LOUW (PENNINGMEESTER), CECILIA SCHUTTE, MARIE DU PLESSIS, DESERE JOUBERT (DAMESVERTEENWOORDIGER), WILNA LE ROUX, NICK ENSLIN (TOERLEIER), MARNUS ROOTHMAN (SEKRETARIS), ETHNE DE KLERK. VOOR: KOOS GROBLER, ADILA GROENEWALT, GERT KRUGER, HELEN PORTER-SMITH, JOHAN VAN RENSBURG, ALTA LAMBRECHTS, MARIE HEIDEMAN, CHRISTO VILJOEN. INLAS: RIEKIE SMITH. JOHAN VAN RENSBURG (DERDE VAN LINKS VOOR) WAS MUSIEKLEIER IN 1964 EN VANAF 1966 TOT 1973 (FOTOKUNS, 1963).

Al is daar dié jaar nie getoer nie, blyk 1964 'n jaar van diep introspeksie te wees, nie alleen vir Alabama nie, maar vir ander toerende kultuurorganisasies. In sy jaarprogram vir 1964/65 stel die ABKK (Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur) dit in die vooruitsig om ondersoek in te stel na 'n "kuns-kulturele projek". Die hoofsaaklike doel is die koördinering van kuns-kulturele instansies aan die Universiteit "om onder leiding van en met die steun van die Universiteitsowerhede iets van hoogstaande kuns-kulturele waarde aan te bied" (Van der Merwe, 1964:1).

Die verslag van dié ondersoek is saamgestel deur mnre Petrie Coetzee, Francois de Villiers, Klaas Heystek en Nick Enslin. Volgens dié verslag is die jaarlikse toere wat toe hoofsaaklik deur die Alabama Studentegeselskap en die Thalia Toneelgeselskap onderneem word "onder die grens van uitstaande aanbiedings."

Enslin, een van die samestellers van die verslag, was in 1964 ook die voorsitter van Alabama. Die verslag haal 'n brief aan wat hy namens Alabama se bestuur geskryf het. Enslin reken dat toere gedurende die Julievakansie "geheel en al onprakties begin raak het". Hy vervolg:

(i) Indien stukke soos Deur vier wêrelddele en Aggenee Bettie tot hul reg moet kom, behoort hulle in sale met doeltreffende voldoende toerusting opgevoer te word. Laasgenoemde ontbreek gewoonlik heeltemal.

(ii) Omdat die platteland deur soveel klein groepies besoek word, het die gewone toergroep sy bekoring daar heeltemal verloor omdat die publiek van die platteland 'n toergroep met 'n verskeidenheidskonsert assosieer. Die verskeidenheidkonsertipe program het sy dae gehad. Die mense soek na gehalte, maar kry dit by meeste toergroepe nie, daarom is die ondersteuning so swak.

(iii) Omdat die toere gewoonlik oor sulke wye gebiede strek is 'n mens as gevolg van die vervoerprobleme altyd gebonde aan 'n beperkte hoeveelheid dekor en 'n toergroep bestaande uit 'n maksimum van dertig mense (Coetzee *et al.,* 1964:1).

Die samestellers van die projek reken nie dat die toere afgeskaf moet word nie, maar dat daar 'n "Groot Projek" van hoogstaande gehalte jaarliks aangebied moet word om sodoende kunskulturele bedrywighede op 'n hoër standaard te bring. Koördinering van bestaande kunsgebeure is ook 'n noodsaaklikheid en hierby sou die aktiwiteite van Alabama, Thalia en die "Musiekkomitee" betrek word (Coetzee *et al.,* 1964:1).

Enslin se ongelukkigheid met die formaat van Alabama skemer ook deur tydens die jaarlikse dinee. *Wapad* se berig daar sê: "Mnr (Nick) Enslin het in sy antwoord op die heildronk op Alabama gesê dat die platteland sy bekoring vir toergeselskappe verloor het, aangesien die publiek 'n toergeselskap assosieer met 'n verskeidenheidskonsert. Die publiek het meer kultuurbewus geword en soek nou na iets van goeie gehalte" (Anon., 1963b:6). Enslin was dié jaar toerleier van Alabama (Van der Walt, 1993:70).

Beloftes van die goeie gehalte wat Alabama beloof om te lewer blyk uit 'n konsert wat op 5 Oktober 1964 op kampus gehou is. *Wapad* berig: "Alabama verdien besondere vermelding vir die uiters geslaagde konsert wat op 5 Oktober in die Totiussaal aangebied is. Vernuwing het uit die hele opvoering gespreek. Die orkes het 'n besondere aandeel aan hierdie vernuwing gehad. Die progressiewe samestelling van viole en trompet was uitstekend. Saam met die orkes het die Alabama-koor opgetree en is musikale temas, wat in 'n verhaal verwerk is, op besondere wyse vertolk" (M.E.V., 1964:2). Elders berig *Wapad*: "Mnr Van Rensburg se skeppende vermoë en oorspronklikheid het duidelik te voorskyn getree met die onlangse opvoering van Alabama, en onder sy leiding behoort die orkes volgende jaar groot hoogtes te bereik" (BEDSA, 1964:2).

In 1965, die jaar wat Van Rensburg nie die musiekleier is nie, word *Aggenee Bettie!* weer opgevoer onder leiding van die bewese musiekblyspel-regisseur, Nesco du Toit (Van der Walt, 1993:23).

Dit begin egter blyk dat die skrif aan die muur was vir Alabama. Dié verslag herhaal die probleme wat in die 1964-verslag van Enslin *et al.* genoem word: dat operettes in sale met behoorlike toerusting opgevoer moet word; dat ander kleiner toergroepies ook die platteland besoek; en dat weens die swak gehalte van laasgenoemde Alabama ook oor dié kam geskeer word. Dié verslag sê voorts: "Die Alabama moes dus kies tussen twee alternatiewe, naamlik: hy moet of ontbind of hy moet heeltemal van wese verander sodat programme aangebied sal kan word wat die meer kultuurbewuste stedelike mens sal bekoor." En verder: "'n hele nuwe organisasiestelsel in die lewe geroep sal moet word met die bestuur aan die hoof daarvan." (ABKK, 1965:2).

Die laaste jaar waarin Alabama 'n operette opgevoer het was 1966. Dit was Olaf Andresen se *Die 3 Astertjies,* waarmee Alabama na Suidwes-Afrika getoer het. Die program beskryf Andresen as "ons land se enigste professionele komponis" en is meer bekend as komponis van "Die Heidelied" en "My hart verlang na die Boland". Die regisseuse was Tilly Impey (Anon., 1966a:5). Die program verduidelik waaroor *Die 3 Astertjies* handel: "Drie stadsdametjies doen aansoek by 'n betrekkingsagentskap om 'n posisie as huishoudster op 'n plaas. Per abuis kry almal dieselfde betrekking by 'n plaasboer, 'n wewenaar en sy aantreklike seun. Die posisie word baie ingewikkeld toe een van die drie astertjies haar voorgee as die moeder van die seun en die seun dan ook om haar te terg, die rol van die moeder se kind speel" (Anon., 1966a:13).

Van Rensburg reken dat die tekortkominge van die operettes hom tydens die 1966-toer na Suidwes-Afrika begin pla het. Enkele soliste was vir die duur van die vertoning die enigstes op die verhoog. Dit het die geleenthede vir enige ander lede om ook op die verhoog te wees beperk en as een van die soliste weens ongesteldheid nie kon optree nie, moes die musiekleier inderhaas 'n plan maak (Van Rensburg, J., 1993:20). Die dilemma van die afwesige soliste blyk ook uit 'n berig wat in 1963 in *Wapad* verskyn het, na aanleiding van 'n uitvoering van dié jaar se *Deur vier wêrelddele* in die Totiussaal. Een van die soliste was Riekie Smith (Anon., 1963d:3). "Die koor het definitief die teenwoordigheid van Riekie Smith gemis, wat ongelukkig nie kon deelneem nie. Hettie Oosthuizen, wat in haar plek in die solosang opgetree het, het pragtig gesing, veral as in aanmerking geneem word dat sy omtrent geen oefening vooraf gehad het nie" (Anon., 1963d:3).

Na die toer is 'n Lentekonsert op 5 Oktober 1966 in die Totiussaal gehou. Veertien orkeslede en 'n koor van sowat 25 het opgetree en 'n tiental populêre liedjies gesing. Dié optrede is baie goed deur die studentegehoor ontvang (Van der Walt, 1993:20). *Wapad* berig: "Alabama met koor en orkes het weer eens bewys dat hulle dinge groot en goed kan doen. Die mense sing omdat dit lekker is om te sing en onder die leiding van mnr Johan van Rensburg is hulle in staat om 'n operette van groot omvang aan te pak" (PHR, 1966:4).

Dié konsert het ’n beduidende rol in die toekoms van Alabama gespeel, maar nie om ’n “operette van groot omvang” aan te pak nie.

5.4.2 Benutting van die Alabama Studentegeselskap as bemarkingsinstrument tydens die blyspel-era

In die verslag getiteld, “Kuns-kulturele Projek” wat in 1964 in opdrag van die ABKK gedoen is, word dit onomwonde gestel dat in plaas daarvan om die primêre doel van toere, soos dié van Alabama, die uitdra te maak van “ware kuns en kultuur, bly die doel draai om die insameling van geld” (Coetzee *et al.,* 1964:1). Die samestellers vra die vraag of toere “nog die beste maniere om deur middel van kuns-kulturele op- of uitvoerings op toere, die Universiteit bekend te stel” Die gevolgtrekking word gemaak dat dit nie in twyfel getrek word dat dit ’n goeie manier is nie, want “daardeur word die buitestanders individueel bereik – deur persoonlike kontak.” Daar word egter gereken dat daar ’n beter manier is. “Toere het die Universiteit bekendgestel – dit was ’n bekendstellingsmetode, moet ons nie nou ’n oorredingsmetode soek nie?” (Coetzee *et al.,* 1964:1)

Die rektor, prof HJJ Bingle, skryf in sy voorwoord tot die program van 1965: “Die bedoeling (van die toer) is menigerlei. In hoofsaak kom dit egter daarop neer dat hulle ’n greep uit die studentelewe van hulle Universiteit maak en dit vir die verskillende toehoorders aanbied met die verwagting dat hulle so ’n faset van die beeld van die PU vir CHO in wyer kring bekend sal stel” (Bingle, 1965b:3).

Twee faktore dui voorts daarop dat daar gedurende die eerste helfte van die dekade sestig van owerheidsweë ’n hernieude bewuswording ontstaan het in die bemarkingsmoontlikhede wat Alabama gebied het. Dié veranderde benadering in bemarking het ontstaan na die besoek van die rektor, prof Hennie Bingle, en twee ander aan Amerika (Van Eeden, 2006:59). Voorts, of heelwaarskynlik na aanleiding daarvan, het mnr HM Robinson van die Departement Ontwikkeling tydens die Lentekonsert van 1966 die potensiaal van ’n ‘nuwe’ Alabama raakgesien. Hy het die oggend na die konsert die musiekregisseur van Alabama, Johan van Rensburg, na sy kantoor ontbied en versoek dat ’n hele program saamgestel word op die patroon van Alabama se item tydens die Lentekonsert (Van Rensburg, 2014). Wat Robinson gesien het, was waarskynlik die antwoord op ’n dilemma wat bestaan het wat betref die beeld van die Universiteit as ’n “streng Calvinistiese” universiteit, met ’n “hoërskoolatmosfeer”, soos dit uitgebeeld is in ’n artikel wat in Maart 1966 in die studentekoerant van die Universiteit van Natal verskyn het (Anon., 1966d:1).

5.5 Die revue-era

Die revue-era van Alabama, wat in 1967 ingelui is, het tot ’n einde gekom met die laaste Alabama-produksie in 2007. Die sukses wat Alabama hiermee behaal het, was nie net ongekend vir enige toergroep van die Universiteit nie, maar ook vir enige uitvoerende studentegroep aan enige universiteit in die land. Gedurende die revue-era het Alabama vier musiekregisseurs gehad: Johan van Rensburg (1964, 1966 tot 1973), Louis Drummond van Rensburg (1974 tot 1979), Jans Jonker (1980 tot 1987) en Pieter de Bruin (1988 tot 2007). Ten einde hierdie lang periode van 40 jaar meer sinvol te bespreek, word die historiese ontleding hiervan in terme van dié vier tydperke gedoen.

5.5.1 Johan van Rensburg as musiekregisseur (1966-1973)

Die ontstaan van die eerste revueprogram was allermins die resultaat van ’n voorbedagte, goedbeplande strategie. Johan van Rensburg, musiekregisseur van Alabama in 1967, en die vader van die eerste revueprogram sê: “Dit was asof die Skepper Alabama vir die PUK gegee het, dit in ons skoot laat val het. Ons het nie geweet waar dit alles heengaan nie. Alles het net op ons pad gekom” (Van Rensburg, 2014).

5.5.1.1 Die ontstaan van die eerste revue

Nadat Johan van Rensburg en ander besef het dat daar tekortkominge is met die formaat van die aanbieding van blyspele, het Van Rensburg begin om te eksperimenteer (Van der Walt, 1993:20). Van Rensburg is aan die woord in *50 Jaar Alabama:*

Vir die 1966 program het ons die orkessie vergroot deur ’n kontrabas by te voeg. En ek moet sê dat dit ’n geslaagde eksperiment was, want die basklanke van die kontrabas het vir my baie mooi geklink. Miskien was dié klein eksperiment vir my ’n motivering om die orkes nog verder te vergroot. Na die toer het ons op 5 Oktober 1966 die Lentekonsert in die Totiussaal aangebied. Ons wou iets anders probeer en het dus dié aand met ’n orkes van ongeveer veertien lede en ’n koor van omtrent vyf en twintig studente opgetree. Die tien populêre liedjies, met ’n bepaalde storielyn, maar wat sonder choreografie aangebied is, is baie goed deur die studentegehoor ontvang (Van der Walt, 1993:20).

Van die liedjies wat ingesluit is in dié konsert was onder meer: “Wouldn’t it be loverley” uit die musiekblyspel *My Fair Lady* en “Delilah” wat deur Tom Jones bekend gemaak is (Van Rensburg, 2014).

Na die lentekonsert het mnr HM Robinson met Van Rensburg ’n gesprek gevoer en voorgestel dat Alabama op die resep van die Lentekonsert ’n volledige program moes aanpak (Van der Walt, 1993:20). Vir Van Rensburg was die gedagte om ’n hele program so saam te stel “hopeloos te veel


werk" (Van Rensburg, 2014). "Ek het my doodgewerk aan die tien liedjies. Daarna het ek die hele Desember lank daarmee geworstel en gedink. 'As ons die liedjies het, hoe gaan ons dit aanmekaar sit?' Toe het ons op die gedagte gekom om grappies tussenin te sit" (Van Rensburg, 2014). Die besluit is egter eers in Februarie geneem om wel met dié voorstelle voort te gaan en daar is inderhaas weggespring met oefening (Van der Walt, 1993:2).

Groepe liedjies met "grappies tussenin," is die kern van die konsep van die revuestyl. Van 1967 het Alabama vir baie jare komediante gehad. Die rol wat die komediante in die Alabama-programme gehad het, word bespreek onder punt 5.7.

Nesco du Toit, onder wie se leiding die operettes van 1961 tot 1966 opgevoer is, het in April kom besoek aflê by 'n oefening in die Totiussaal. Van Rensburg sê dat Du Toit gemeen het die musiek is goed, "maar ons kort bietjie beweging op die verhoog. Hy stel voor dat die dames van een kant van die verhoog na die ander kant beweeg en dan vleg hulle weer tussenmekaar". Die *PU-Kaner* van 3:88 vervolg: "Dáár is die choreografie, waarvoor die groep vandag nog bekend is, gebore" (Anon., 1988b:23). Van Rensburg voeg by: "Ons het nie eers geweet daar is 'n woord soos choreografie nie!" (Van Rensburg, 2014)



ILLUSTRASIE 5.16
DIE VOORBLAD VAN DIE PROGRAM VAN DIE EERSTE REVUE WAT IN 1967 DEUR DIE ALABAMA STUDENTEGESELSKAP AANGEBIED IS (ANON., 1967A).



ILLUSTRASIE 5.17
DIE PLAKKAAT VAN *REVUE '67* (ANON., 1967C).

Choreografie het gou 'n belangrike aspek van die Alabama-program geword. In 1967 en 1968 was Nesco du Toit die choreograaf (Van Rensburg, 2014). Vanaf 1969 tot 1971 is daar van die dienste van

’n professionele choreograaf, David Matheson, gebruik gemaak. Matheson word in die program beskryf as ’n “veelsydige kunstenaar van Durban”. Die program beskryf die choreografie as “’n belangrike deel van die revueprogram” en dat Matheson “daarin geslaag het om aan Alabama se program ’n eie styl en kleur te gee wat aanpas by die spontane en lewenslustige gees van studente” (Anon., 1971d:18). Volgens Van Rensburg (2014) het Matheson “’n heel nuwe dimensie” aan die produksie gegee.

Trevor Dodd was in 1972 die choreograaf (Anon., 1972b:10). Hy was ’n balletdanser met ervaring in Spaanse danse en het ook die choreografie vir enkele Afrikaanse rolprente hanteer. Die program meld dat hy lid was van ’n produksie wat aangebied is deur Geoffrey Sutherland wat later Alabama se choreograaf sou word.

In ander opsigte het die “nuwe” Alabama hom ook op gebiede bevind waar hy pionierswerk gedoen het. Die herkoms van die naam “revue” word deur Johan van Rensburg in *50 Jaar Alabama* beskryf. Hy en Nesco du Toit het ’n drukkery in Klerksdorp besoek om die plakkate te laat druk het, maar het toe nog nie ’n naam vir die program gehad nie: “Die bestuurder van die drukkery was ’n Jood en nadat ek en Nesco vir hom die opset van ons program verduidelik het, was sy antwoord: ‘It sounds like a revue’. Net daar is die naam ‘Revue 67’ toe gebore. Ek het maar gemaak asof ek weet wat die woord ‘revue’ beteken, maar ek het eers by die huis die werklike toepaslike betekenis daarvan met die hulp van ’n verklarende woordeboek besef” (Van Rensburg, 1993:7).



ILLUSTRASIE 5.18
DIE ALABAMA STUDENTEGESELSKAP VAN 1967, WAT DIE EERSTE REVUE AANGEBIED HET (ANON., 1967B).

In ’n berig wat in *Wapad* van 21 Junie 1967 verskyn het, word gesê dat die “vernuwingswerk” by Alabama grotendeels te danke is aan Johan van Rensburg. Van Rensburg word aangehaal: “’Die program bestaan veral uit ligte populêre musiek, afgewissel deur klassieke stukke wat deur myself verwerk is. “Lovers Concerto”, “Wednesday’s Child” en ’n deel uit *Fledermaus* van Johann Strauss, wat beloof om die hoogtepunt te vorm, is van dié werke.’” Daar word ook berig dat daar geëksperimenteer is met effektiewe beligting en van die dekor is spesiaal ontwerp deur Bill Nixon van Truk. Die groep word beskryf as een van die grootste toergeselskappe in ongeveer 30 jaar, met 24 koor- en nege orkeslede (Anon., 1967d:4).

Die program verduidelik meer oor die inhoud: “*Revue ’67* is ’n opgewekte aanbieding van populêre ligte en klassieke musiek, afgewissel met komiese situasietoneeltjies. Dit is geskryf en saamgestel om te pas by die stemming van die vakansieganger. Die vermaak hiervan is baie afwisselend en musiek en toneeltjies hou gewoonlik nie verband met mekaar nie. Die musiek word verskaf deur nege orkes- en ’n koor van 24 lede. Twee toneelspelers is verantwoordelik vir die situasietoneeltjies en een persoon behartig die beligting en byklanke” (Anon., 1967a:4).

Die toer blyk ’n sukses te wees. Van Rensburg reken dat alles daarna “begin het om in die regte rigting te beweeg”. Hy het in 1988 aan die *PU-Kaner* gesê dat verhoogligte, wat toe pas met kleurwiele begin vervaardig is, aangeskaf is en in 1968 is eenvormige drag vir die groep gemaak (Anon., 1988b:23). Die ABKK-verslag vir die 1967-termyn meld dat die “toerstuk uiters geskik was vir die doel waarvoor dit geskryf was, naamlik om in die smaak te val van die vakansieganger. Alabama het vanjaar in hierdie opsig ’n terrein betree waarmee hy groot sukses kan behaal” (ABKK, 1967b:2).

Wapad lewer op 16 Augustus 1967 ’n resensie by monde van CJS, waarin Alabama nie meer lof toegeswaai kan word nie. Hierin word die aanbieding beskou as “een van die mees geslaagde vermaaklikheidsaande die afgelope jare op die PU” en dat dit “getuig van gesonde studente-inisiatief”. “Die koorsang was seker van die beste wat nog in die Totiussaal uit studentegeledere gehoor is. Behalwe die spontane jonkheid was daar deurentyd ook ’n half-verweg heimwee wat mooi tiperend is van studentwees. . . Die sprankelhumor van Nesco du Toit het afgewyk van die platvloerse wat die publiek gewoonlik van hedendaagse studentegroepe ontvang. Hierdie byna gesofistikeerde humor is op onoortreflike wyse aangebied deur Abri le Roux en Johan Kruger” (CJS, 1967:4).

5.5.1.2 Johan van Rensburg – ’n kort biografie

Johan van Rensburg was die musiekleier van Alabama, toe daar in 1967 besluit is om die eerste revue op die planke te bring. Daarna het Alabama van net nog ’n amateurgeselskap wat plattelandse

toere onderneem het, ontwikkel tot die “vlagskip van ons kultuuraktiwiteite op die kampus” (Combrink, 2005:3).

Van Rensburg is op 2 Oktober 1944 op Potchefstroom gebore. In 1962 is hy as matriekseun gevra om uit te help met die Alabama-orkes. *PU-Kaner* brei uit:
Johan vertel dat hy eintlik toevallig in die Alabama Studentegeselskap beland het. Hy was een aand, hier aan die einde van Junie se kant, besig om klavier te oefen toe lede van die orkes sy pa kom vra het of hy nie saam met hulle kan oefen nie, want hulle trompetspeler het skielik siek geword. Johan se pa, wat ’n dansorkes gehad het, het ingestem en ’n opgewonde Johan is saam Totiussaal toe waar die groep geoefen het. Hy vertel dat ná hulle daardie aand tot eenuur geoefen het, daar eenparig besluit is dat hy die trompetspeler sou wees op die toer wat eersdaags sou begin (Anon., 1988b:21).

Hy het dié jaar die geselskap se toer na Suidwes-Afrika ook meegemaak. Van Rensburg het aanvanklik ingeskryf om ’n BSc-graad te verwerf. Terselfdertyd het hy met musiekstudie onder leiding van mnr Hans Babst volgehou. Hy het in 1966 van kursus verander na BMus, die jaar waarin hy musiekleier van Alabama geword het (Anon., 1988b:21).

Hy het in 1969 sy graad voltooi en is daarna aangestel as lektor in die Departement Musiek (Anon., 1988b:23). Hy het terselfdertyd steeds die musiekleiding van Alabama hanteer. Aan die einde van 1970 ontvang Van Rensburg, saam met die uittredende voorsitter van die Studenteraad, Johan Kruger, ’n Abe Bailey-reisbeurs om in Engeland te gaan studeer. Van Rensburg was toe lektor in Harmonie aan die Musiekkonservatorium (Anon., 1970c:7). Van Rensburg sê dat dit een van die wonderlikste ervarings van sy lewe was. Hy het onder meer, terwyl hy in Londen was, die musiekblyspel *Hair* gesien en met sy terugkeer van die liedjies hieruit in die Alabama-program van 1971 ingesluit (Van Rensburg, 2014).

’n Verdere geleentheid om oorsee te reis doen hom in 1973 voor, toe Van Rensburg en sy vrou, Rina, in Boston in die VSA gaan studeer het. Van Rensburg het aan die Berklee Musiekkollege studeer. Die egpaar het in 1973, net na Alabama se wintertoer, na Amerika vertrek. Louis Drummond van Rensburg, Johan van Rensburg se broer, het die leiding van Alabama oorgeneem. Johan se kursus het verwerking, orkestrasie en komposisie van kommersiële musiek behels. Hy het ook elektroniese musiek aan die Boston School of Electronics studeer. Rina het ’n meestersgraad in sang behaal. Albei het hulle kursusse met onderskeiding geslaag (Anon., 1975g:5). Na sy terugkeer uit die VSA was hy dosent in Elektroniese Musiek by die PUK se Konservatorium en het ook sy broer bygestaan met die musiekverwerking en afrigting, maar het nie saam met Alabama getoer nie (Anon., 1988b:23).

In 1978 wen beide Johan van Rensburg en Rina Hugo pryse tydens die ATKV se jaarlikse Crescendo-kompetisie. Sy het ’n liedjie, gekomponeer deur haar man, “Winterwens” gesing (Anon., 1988c:20).

Sy het saam met twee ander sangers die prys vir vokale sang gewen en hy die prys vir oorspronklike Afrikaanse komposisie (Anon., 1978c:4).

Die Van Rensburgs se oudste kind, ’n seun, Riaan, is in 1976 gebore. Riaan het op negejarige ouderdom as dromspeler aan die Alabama-reünie van 1988 deelgeneem, was later saam met sy pa lid van die Musiekfabriek wat musiekgemaak het vir die gewilde TV-program, Noot vir Noot. Johan en Rina het drie kleinkinders. Hulle het ook ’n dogter Anri, wat bekend geword het as model. Sy is die eienaar van ’n afrondingskool vir meisies en doen ook die grafiese ontwerp van CD-omslae, onder meer haar pa se twee CD’s, *Tekkie Rag 1* en *Tekkie Rag 2* (Van Rensburg, 2014).

In 1980 is Van Rensburg aangestel as regisseur by SAUK TV en die gesin het na Randburg verhuis. In 1989 het hy en die sanger, Johan Stemmet, Stemmburg Televisie gestig, wat in 1991 die baie gewilde musiekvasvraprogram, Noot vir Noot, geloods het (PU vir CHO, 2002a:29). Hy was orkesleier van die Musiekfabriek, wat musiek maak tydens die program. Hy het aan die einde van Reeks 37 wat in Oktober 2011 opgeneem is, sy uittrede as leier van die Musiekfabriek aangekondig (Van Wyk, 2012).

Vanaf 1980 was hy ’n lid van die FAK se Musiekkomitee en gereeld betrokke by aksies van die ATKV, onder meer die Liedjieskryf-werkswinkel en Crescendo (PU vir CHO, 2002a:29).

In 1993 het die Bond van Oud-Pukke aan Van Rensburg een van drie erkentlikheidsoorkondes oorhandig. Die hoofbestuur van die Bond van Oud-Pukke het besluit om só waardering te betoon aan oudstudente wat op ’n besondere wyse oor ’n lang tydperk onbaatsugtige en voortreflike diens aan hulle Alma Mater en/of aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap gelewer het. Só verduidelik die *Kampusnuus* van 13 Augustus 1993 en sê verder: “Hy was eerste om sy hand aan ’n revueprogram vir Alabama te waag – ’n wenresep wat sedertdien tot ’n besondere kunsvorm, eie aan die PUK, ontwikkel is. Johan is ook sedert 1988 erepresident van Alabama” (Anon., 1993e:1). Johan van Rensburg en sy vrou, Rina, woon in 2014 in ’n aftree-oord in Midstream, Centurion (Van Rensburg, 2014).



ILLUSTRASIE 5.19
JOHAN VAN RENSBURG (ANON., 1972B:6).

Oor die rol wat Alabama in sy lewe gehad het, skryf hy in 1993: “Persoonlik het dit baie deure vir my oopgemaak. Alabama het veroorsaak dat ek voltyds musiek gaan *swot* het; dat ek Rina ontmoet het; dat ek my eerste aanstelling as dosent gekry het; dat ek en Rina later in Amerika kon studeer; dat ek ’n aanstelling by die SAUK gekry het, ens. Die beste van alles is seker al die vriende wat ek en Rina gemaak het. Die kameraadskap wat in Alabama gesmee is, bly vir ons ’n kosbare kleinood” (Van Rensburg, J., 1993:7).

5.5.1.3 Verdere historiese ontleding van die tydperk met Johan van Rensburg as regisseur

Na die suksesvolle *Revue ’67* word daar die volgende jaar voortgebou op die sukses. Dié jaar is bladmusiek onder meer uit die VSA bestel, onder meer uit *Porgy and Bess* en *West Side Story*, waarvan die bekende “Tonight” ingesluit is. Een van Alabama se eerste treffers “Boetie sy’s ’n perskeblom” is dié jaar ook gesing (H.d.W., 1968:4). Daar blyk in die doel, om te verbeter op die vorige jaar se program, geslaag te wees (Anon., 1968b:1). Voor die plaaslike gehoor was Alabama ewe suksesvol en *Wapad* se resensent beskryf dit as ’n “sjampanje-uitvoering” (Smit, 1968:3). Smit skryf: “Maar daar is iets waarvan jy die oorsprong nie te oppervlakkig kan bepaal nie. Daardie spontane en sorgvrye manier van aanbied. Daardie heerlike studentefrisheid van jonkheid en ‘andersheid’ en vermoëndheid” (Smit, 1968:3).

Smit maak ook daarvan melding dat daar uitgesien word na die plaat, *Revue ’68*. (Kyk na paragraaf 5.9 hieronder oor Alabama se plaat- en CD-opnames.)

Die effek van die plaat is dadelik gevoel. Van der Walt brei uit: “Nadat Alabama se eerste langspeelplaat in 1968 op die winkelrakke verskyn het en die SAUK Alabama se musiek oor die radio begin speel het, het die bekendheid en populariteit van Alabama onder die algemene publiek begin groei. Die oorgang van 1968 na 1969 was verstommend, want in 1968 was ’n swak opkoms na ’n vertoning nie iets vreemds nie” (Van der Walt, 1993:13). In Viljoenskroon was daar, met die eerste

vertoning, reeds ’n vol saal. In Kroonstad, die volgende dorp, was die saal net halfvol bespreek. Soos gewoonlik die gebruik het die groep die kaartjies in die strate gaan verkoop. Daar is só meer kaartjies verkoop as wat daar sitplekke was en die stadsaal was oorvol. Lae koorbankies moes in die paadjies ingedra word, waarop die gehoor agtermekaar gesit het (Van der Walt, 1993:13).

Van Rensburg het in 1969 sy graad voltooi, maar wou nie Alabama op hierdie hoë noot verlaat nie. Hy het daarna ’n lektorspos aan die Musiekkonservatorium aanvaar (Anon., 1988c:23). Met sy aanstelling in diens van die Universiteit verloor Alabama tot ’n mate sy status as ’n suiwer amateur studentegeselskap, alhoewel dit tot in 2007 so sou bekendstaan.

In 1970 word Alabama die eerste amateurgeselskap om in die Johannesburgse Stadskouburg op te tree. Dit was die groep se laaste vertoning van die jaar en die Skouburg was twee weke voor die tyd al volbespreek (Anon., 1970b:1). Volgens Van Rensburg was die direkteur van die Stadskouburg, mnr Michael Grobbelaar, nie baie geneë om ’n studentegeselskap toe te laat om daar op te tree nie. Van Rensburg het hom spesiaal aan die einde van die program vir die voorreg bedank. Die volgende oggend, terug in Potchefstroom, is hy deur die rektor, prof Hennie Bingle, ingeroep. Van Rensburg het gemeen prof Bingle gaan hom gelukwens met hulle optrede in die Skouburg, maar dit blyk toe dat Grobbelaar by die rektor kapsie gemaak het oor Van Rensburg hom as ‘Michael’ en nie ‘Michal’ aangespreek het nie (Van Rensburg, 2014).

Die sukses wat Alabama in hierdie jare behaal het, word weerspieël in die teaters waar hulle opgetree het. Van die primitiewe sale van die 1940’s tree Alabama nou op in die voorste teaters in die land. Liesbeth en Bokkie van der Merwe het aan die *PU-Kaner* vertel het hulle in die veertigerjare opgetree het, uiters primitief was en dat hulle een kan onthou waar jy as jy van die verhoog af geklim het, in die gras getrap het (Anon., 1986c:23). In teenstelling daarmee skryf *Wapad* op 7 Augustus 1970: “Wat ’n verskeidenheid van teaters en gehore. Daar was die deftige Skouburg van Bellville, die statige katedraal-stadsaal van Paarl, die vliegtuigloods vir ’n stadsaal van Stellenbosch en die karaktervolle Operahuis van Port Elizabeth” (Anon., 1970e:2).

Aan die einde van 1970 het Van Rensburg Brittanje besoek as een van die ontvangers van die Abe Bailey-reisbeurs. Die besoek aan Engeland het gelei tot nog ’n “dissiplinêre besoek” aan die rektor se kantoor: Van Rensburg het in Londen die musiekblyspel *Hair* gesien en in 1971 vind enkele van die liedjies van dié musiekblyspel hulle weg na die Alabama-repertoire. Die liedjies “Aquarius” en “Good morning starshine” uit *Hair* is in die program ingesluit. Van Rensburg sê: “Ons het baie moeite gedoen met “Aquarius” en dit was een van ons beste nommers”. Die keuring van die Alabama-program was die aand net voor die Alabama-toer vertrek. Alles het goed gegaan en na afloop van die optrede is Alabama se program goedgekeur (Van Rensburg, 2014).

Mnr Robinson, hoof van die Departement Ontwikkeling, se dogter het ook die keuringsaand bygewoon en sy vra na afloop daarvan vir haar pa, hoe hulle kan toelaat dat ’n liedjie wat oor astrologie gaan by Alabama, wat ’n Christelike universiteit verteenwoordig, se program ingesluit word. Sy vind dié aand êrens die woorde van die liedjie en wys dit aan haar pa. Robinson het besef dat dit slegte reperkussies vir die Universiteit gaan inhou as Alabama “Aquarius” gaan sing, want feitlik by elke Alabama-vertoning is daar van die Departement Ontwikkeling se gaste wat groot donateurs van die PUK is.

Vroeg die volgende oggend het Robinson prof Bingle, die rektor, gaan spreek en aan hom die woorde van “Aquarius” gewys. Van Rensburg is dadelik ingeroep en hy sê hy het daar in die rektor se kantoor gestaan en gesien hoe die studente besig is om Alabama se dekor in die bus te laai vir die toer, toe prof Bingle vir hom sê hulle mag nie “Aquarius” sing nie. Die liedjie verskyn op die program, maar is toe nooit gesing nie (Van Rensburg, 2014). Tekenend van veranderde tye en veranderde waardes van die Universiteit, is die feit Alabama “Aquarius” in 2006 in sy program ingesluit het (Alabama, 2006.)

Ten spyte hiervan beleef Alabama sy suksesvolste toer tot op datum. Dit is aldus *Wapad* van 6 Augustus. “Op Klerksdorp alleen het 1 100 en 1 500 mense onderskeidelik die twee opvoerings bygewoon. Op Springs, waar die groep in die HF Verwoerd-skouburg opgetree het, moes ’n spesiale middagvertoning gereël word, omdat die aandvertoning drie weke voor die tyd vol bespreek is” (Anon., 1971f:3).

Alabama se kenwysie, die bekende “Hallo en Aangename Kennis” waarmee hulle vir baie jare die program begin het, maak in 1972 die eerste keer sy verskyning op die program. Dié jaar is ook die eerste keer dat die Alabama-produksie sy eie naam kry en dit is aan Abri le Roux, oud-Alabamalid en toe dosent by Spraakleer en Drama, te danke dat dit *Lewensseisoene* geheet het (Anon., 1972c:13). *Wapad* haal Van Rensburg aan wat in ’n onderhoud met die blad gesê het dat in die plek van die revue met sy willekeurige program, Alabama dié jaar ’n tema gaan hê. Dit is gebaseer op Shakespeare se *Seven Ages of Man*, waarin die mens se verskillende lewensfases uitgebeeld word, dus Lewensseisoene (Anon., 1972c:6).

Die volgende jaar, 1973, is Horst Bütow, ’n gebore Suidwester, die voorsitter van Alabama (Van der Walt, 1993:23). Bütow het, nadat hy in 1980 aangestel is as studenteadviseur: kultuur en tot met sy aftrede in 2014 ’n kardinale rol gespeel in die sukses van die PU vir CHO en NWU-PUK se uitvoerende groepe. Hierdie aspek sal meer volledig aangespreek word in die hoofstuk wat handel oor die ontstaan van die Kultuurkantoor, wat later PUK Kunste geword het.

Die Alabama Studentegeselskap het veral vanaf 1967 meteoriese groei getoon en ongekende sukses behaal. Dit is beslis waargeneem deur ander universiteite en so vroeg as 1972 het die UOVS besluit om ook ’n revuegroep, RUOVS, te stig. Die studentekoerant van dié universiteit meld dat dit “iets soos die Alabamagroep is, maar glad nie so nie” (Anon., 1972d:6).

Om egter elke jaar met ’n beter program as die vorige jaar te voorskyn kom, het hoë eise nie net aan die musiekregisseur nie, maar ook die lede van die geselskap gestel. Van Rensburg (2014) sê dat na die eerste revue in 1967, was die gehoor opgewonde en het Alabama geprys. Onmiddellik is egter gevra: “’Wat gaan julle volgende jaar doen?’ My reaksie was: ‘Daar gaan volgende jaar ’n revue wees, maar iets totaal anders. Toe doen ons die tweede revue en ons moet hom beter doen. Ons het mos nou geleer in die proses. Ons het uitgebrei, die kostuums was anders, die organisasie beter en choreografie is verbeter” (Van Rensburg, 2014). Om daarmee vol te hou het toenemend groter eise aan Alabama gestel.

5.5.1.4 Benutting van die Alabama Studentegeselskap as bemarkingsinstrument tydens die tydperk waarin Johan van Rensburg musiekregisseur was

Robinson was in die kol met sy aanmoediging van Alabama na die deurslaggewende Lentekonsert van 1966. Dit blyk uit die slotparagraaf van *Wapad* se resensie van 1967: “Die PU kan met reg trots wees op die Alabamatoergroep van 1967, wat in hulle programaanbieding voorwaar fyngekeurde ambassadeurs was vir die Universiteit” (CJS, 1967:4).

Nadat Robinson in Desember 1968 hoof van die Departement Ontwikkeling geword het, het hy Alabama optimaal ingespan as bemarkingsinstrument vir die Universiteit. Reeds in 1970 word berig dat verskeie oudstudente-saamtrekke gehou is om saam te val met Alabama-vertonings (Anon., 1970d:2). Dié gebruik, om oudstudente-saamtrekke te hou om saam te val met Alabama-optredes sou tot aan die einde van die 1990’s algemene gebruik wees (Cloete, 2015). Daar is ook in die stede en dorpe waar Alabama opgetree het vir donateurs van die Universiteit etes gereël wat net voor die Alabama-optrede plaasgevind het. Dit was om dié donateurs te bedank vir skenkings aan die Universiteit. Na die ete kon die donateurs en hulle gaste die Alabama-vertoning gratis bywoon (Van Rensburg, 2014).

5.5.2 Louis Drummond van Rensburg as musiekleier (1974-1979)


5.5.2.1 Historiese ontleding van Alabama tydens Louis Drummond van Rensburg se tydperk as regisseur

Nadat Johan van Rensburg net na die wintertoer van 1973 oorsee vertrek het, het sy broer, Louis Drummond van Rensburg, as musiekleier oorgeneem. Louis het later bekendgestaan as Louis Drummond van Rensburg om hom te onderskei van ’n Suid-Afrikaanse sanger, Louis van Rensburg.


Horst Bütow was, nadat hy in 1973 die voorsitter van Alabama was, ook in 1974 voorsitter en het dus die oorgang tussen die twee Van Rensburg-broers as musiekleiers oorbrug. Bütow, van Duitse afkoms uit Windhoek, het dus die toer gelei wat die geselskap in 1974 na sy geboorteland onderneem het. Sy aandeel aan die sukses hieraan word weerspieël in die Duitse verwelkomingswoord in die program asook die keurspel Duitse liedjies wat ingesluit is (Anon., 1974b:4, 12).

In sy voorsittersverslag vir 1974, skryf Horst Bütow, die voorsitter, dat Alabama in dié jaar waarin Suid-Afrika ’n petrolkrisis het, per trein getoer het as die groep se bydrae tot die petrolbesparingsveldtog. Knelpunte wat in die verslag genoem is sluit onder meer in ’n gebrek aan bergplekke, koördinering van toergroepe om botsings te voorkom, die behoefte aan ’n nuwe klankmenger en hy beveel aan: “Dat Alabama ’n studente-organisasie bly en dus moet waak teen buitestaanders wat die organisasie uit die studente se hande kan neem. Nogtans moet Alabama altyd ’n oor hê vir nuwe idees en gedagtes” (Bütow, 1974).

Volgens Bütow (2014b) het daar destyds stemme opgegaan dat Alabama moet afstig van die Universiteit en ’n eie musiekgroep vorm. Daar was druk van die platemaatskappy wat van mening was dat die groep, soos die A Capella-koor destyds, net so suksesvol sou wees as dit nie aan die Universiteit gekoppel is nie en daar was ook van die oud-Pukke wat Alabama-lede was, wat na hulle studies daarmee wou voortgaan. “Ons het egter besef dat die studente inherent deel van Alabama was – en die rede vir hulle sukses – en dus kon ons dit nie aanbeveel nie” (Bütow, 2014b).



ILLUSTRASIE 5.20
HORST BÜTOW WAS IN 1973 EN 1974 DIE VOORSITTER VAN ALABAMA (FOTOKUNS, 1974).



ILLUSTRASIE 5.21
LOUIS DRUMMOND VAN RENSBURG WAS VAN 1974 TOT 1979 DIE MUSIEKLEIER VAN ALABAMA (ANON., 1974B:4).

Bütow vervolg in die jaarverslag: "*Revue '74* het groot byval gevind soos resensies ook bewys en ±24 000 toeskouers het die vertonings bygewoon. Veral die Duitse liedjies het groot indruk geskep onder die Suidwesters" (Bütow, 1974).

In 1975 is die sanggroep van Alabama van 20 na 28 lede vergroot. Só skryf *Wapad* op 21 Maart 1975. "Die orkes, wat uit tien lede bestaan, sit vanjaar weer voor die verhoog soos dit in 1970 was" (Anon., 1975e:6).

In 1975 het Alabama vir die eerste keer met 'n revuestyl-program na Rhodesië (tans Zimbabwe) getoer. Louis Drummond van Rensburg beskou die toer as "'n groot hoogtepunt" (Van Rensburg, L., 1993:8). Alabama se eerste televisieopname is met die oog op dié toer gemaak (Anon., 1975d:2). Die toer is deur die Genootskap van Rhodesiese Afrikaners gereël. In Salisbury (tans Harare) het die Rhodesiese minister van toerisme, mnr Vickus de Kock, die vertoning bygewoon (Anon., 1975d:2).

Die toer is georganiseer onder voorsitterskap van Peet Ryke, wat vanaf 1972 lid van Alabama was. 'n Gebeurtenis tydens dié toer illustreer die krisisse waarmee die organiseerders van studentetoere mee te make het. Volgens Ryke sou die geselskap die laaste vier dae van die toer by die Victoria-waterval deurbring, waar hulle drie konserte sou hou in een van die vier groot hotelle. Die organiseerder daar was 'n senior werknemer by een van die hotelle (Ryke, 2014a).

Ryke (2014a) vervolg:
Daar gekom gaan ons soek die organiseerder by sy huis (dit was al skemer) – en dié is verlate – geen gordyne, geen meubels, die huis staan leeg. Toe is ons na sy hotel toe waar hy werk, net om te hoor die man het bedank, en hy is sak en pak Salisbury toe. Nie een van die hotelle weet enigiets van Alabama-konserte af nie, daar is nêrens 'n plakkaat in sig nie. Hy het ook nie 'n adres of telefoonnommer in Salisbury gelos nie. Ligdag is ons terug na sy huis en daar sien ons deur 'n venster 'n hoop gemors wat hy gelos het – en duidelik 'n hele stapel Alabama-plakkate wat in die hoop lê. Al sy korrespondensie oor wat alles in plek is wat betref die konserte, hoe hy vorder en alles, dit was fiksie! Gelukkig het hy nie die verblyf en etes gereël nie – dan was ons regtig in ernstige moeilikheid!"

Die gevolg was dat die Alabama-groep vier dae vakansie by die waterval kon hou (Ryke, 2014a).



ILLUSTRASIE 5.22
HIERDIE FOTO IS GENEEM TYDENS ALABAMA SE TOER IN 1975 NA RHODESIË. OP DIE FOTO IS JORRIE JORDAAN. DIT IS OP 23 JULIE 2015 DEUR HANLIE JORDAAN OPGELAAI OP DIE ALABAMA STUDENTE GESELSKAP LEDE EN OUDLEDE SE FACEBOOK-BLAD (JORDAAN, 2015).

Tydens hulle skakeltoer, enkele maande vantevore, het hulle vasgestel dat ’n splinternuwe teater op Gwelo in aanbou is. Alabama het die voorreg gehad om met twee opvoerings die eerste groep te wees wat dié teater kon inwy. Heelwaarskynlik was dit die eerste keer dat Alabama die eerste groep was wat in ’n nuutgeboude teater kon optree (Ryke, 2014a). (Alabama was ook in 1979 die eerste groep om die Sanlam-Ouditorium op te tree, nadat dit in gebruik gestel is.) Ryke het in 1972 by Alabama aangesluit, was vir twee jaar voorsitter (1975, 1976) en was tot in 1979 lid (Anon., 1972b:22; Anon., 1979b:4). Ryke was dus een van die persone wat die langste ’n lid van Alabama was. Hy is in 1989 aangestel as studenteadviseur: kultuur in die Departement Kultuur (Ryke, 2014a). Van toe af tot met die laaste toerproduksie in 2007 het hy Alabama met raad en leiding bygestaan. Ryke se biografiese besonderhede sal in die hoofstuk wat oor PUK Kunste handel in breër trekke bespreek word.



ILLUSTRASIE 5.23
PEET RYKE (LINKS) WAS IN 1975 DIE VOORSITTER VAN ALABAMA EN GROOTLIKS IN BEHEER VAN DIE REËLINGS VIR DIE TOER NA RHODESIË. HY WAS OOK AS FLUITSPELER LID VAN DIE ORKES. ANDER LEDE VAN DIE ORKES IS MAGGIE KRUGER, CORNIE COMBRINCK EN FRANCOIS JOUBERT (ANON., 1975C:8).

Nadat hy in vorige jare se programme steeds krediet gekry het vir verwerkings van enkele van die liedjies wat Alabama gesing het, word Johan van Rensburg, na sy terugkeer uit Amerika, in 1976 in die program as produksieleier aangedui (Anon., 1976d:5).

Dié jaar het Alabama ook gefigureer in ’n Afrikaanse rolprent. Volgens Johan van Rensburg is hy deur ’n bekende liriekskrywer, Vincent van der Westhuizen, geïnspireer om musiek te komponeer vir die woorde van “Katjiepiering”, wat deur Van der Westhuizen geskryf is. Van Rensburg vervolg:

Op daardie stadium was Elmo de Witt besig om 'n musiek-fliek, Vergeet my nie*, met Hans Strydom in die hoofrol, te maak. Elmo het my gevra om die musiek vir die rolprent te hanteer en wou hê dat die Alabama Studentegeselskap sterk in die rolprent figureer.* Katjiepiering*, 'n tipiese jongmens romantiese liedjie met pragtige Afrikaanse woordspelings, is toe in die rolprent gebruik en deur Alabama gesing. Later jare het Rina (Hugo) dit as 'n solo nommer opgeneem op een van haar plate en dit bly tot vandag een van haar gunsteling liedjies om op die verhoog te sing.* (Van Rensburg, 2016).

In 1977 word daar besluit om Alabama se jaarlikse toer te verskuif na Desember, Februarie en Maart (Anon., 1977c:97). Daarom word daar op die program aangedui dat die titel *Revue 77/78* is (Anon., 1977b:2). Die toer vir 1978/79 het eweneens ook oor die somermaande gestrek. *Die Besembos* berig dat na die "lang stilte" het 'n "reuse toer" plaasgevind (Anon., 1978e:44).
Reusagtig was dit wel, want dit was die eerste keer dat Alabama kon gaan toer sonder dat enige akademiese kwellinge die terugkeer begroet het. Reusagtig was dit ook wat lengte betref. Die toer het gestrek oor sowat 27 dae – iets ongekends vir die groep. Reusagtig was die gees van die groep tydens die toer. Wintergriepe en verkoues is vervang met sonskyn en seepret. . . Teen die einde van dié fase was onder meer ook die jaarlikse plaat gemaak, asook 'n optrede op TV is afgehandel (Anon., 1978e:44).

Pieter Oberholzer skryf op Alabama se Facebook-blad, Alabama Studentegeselskap Lede en Oudlede, dat 1977 die eerste jaar was wat die mans ook kostuums gekry het. Volgens hom is dit deur Christo Bornman ontwerp. Die eenstukbroekpak is van rekmateriaal gemaak, maar die voering nie. Dié voering was teen die einde van die speelvak aan flarde (Oberholzer, 2007a).



ILLUSTRASIE 5.24
VOLGENS OBERHOLZER HET DIE MANS VAN ALABAMA DIE EERSTE KEER KOSTUUMS GEKRY IN 1977. DIE FOTO IS OP 25 NOVEMBER 2007 OP DIE ALABAMA STUDENTE GESELSKAP LEDE EN OUDLEDE SE FACEBOOK-BLAD OPGELAAI (OBERHOLZER, 2007A).

Die tema van die Alabama-program van 1978/79 was *Suid-Afrika sing saam*. Dit kan beskryf word as 'n 'reënboognasie'-revue meer as 'n anderhalf dekade voor dié term volksbesit geword het. Musiek

van die land se bevolkingsgroepe word in die program ingesluit (Anon., 1979b:5, 6). Louis Drummond van Rensburg sê hieroor: “Dalk het Alabama die ‘nuwe’ Suid-Afrika vooruitgeloop, ’n Suid-Afrika wat na vrede streef” (Van Rensburg, L., 1993:8).


Na die langverwagte opening van die Sanlam-Ouditorium in die Studentesentrum van die PU vir CHO is Alabama op 13 Augustus 1979 bevoorreg om die eerste groep te wees wat ’n konsert in dié Ouditorium aanbied (Van Rensburg, 1979).

Brenda Potgieter, wat in 1973 aangestel is as lektor in Spraakleer en Drama aan die PU vir CHO, het dié jaar en in 1974 die choreografie behartig (Anon., 1974b:10). Geoffrey Sutherland vervang Potgieter in 1975 as choreograaf en is daarna vir ’n hele aantal jare Alabama se choreograaf (Anon., 1979b:2).

Nadat Alabama se programme sedert sy ontstaan hoofsaaklik in swart-en-wit gedruk is, terwyl daar soms van een of twee ander kleure gebruik gemaak is, is die program in 1974 vir die eerste keer in volkleur (Anon., 1974b). Die program van 1975 vou oop tot die grootte van ’n A1-plakkaat. Op die voorkant is die program en die agterkant is ’n reuseplakkaat wat ’n Alabama-aanhanger teen ’n muur kon plak. Volgens Ryke (2016a), was dit die breinkind van Joefie Vorster, wat ook die ontwerper is van die 1976-program, wat in die vorm van ’n klavier is.



ILLUSTRASIE 5.25
DIE VOORBLAD VAN DIE ALABAMA-PROGRAM VAN 1974. DIT WAS DIE TWEEDE JAAR DAT DIE PROGRAM IN VOLKLEUR GEDRUK IS (ANON., 1974B).



ILLUSTRASIE 5.26
DIE ALABAMA-PROGRAM VAN 1975 WAS ’N OPGEVOUDE A1-PLAKKAAT. DIT IS ONTWERP DEUR JOEFIE VORSTER. OP DIE VOORBLAD IS NIKIE OOSTHUIZEN, ANTON REDELINGHUYS, CHARLOTTE PITZEREN EDWARD GIBBENS (ANON., 1975C).



ILLUSTRASIE 5.27
IN 1976 HET DIE ALABAMA-PROGRAM DIE VORM VAN ’N KLAVIER GEHAD (ANON., 1976D).

5.5.2.2 Louis Drummond van Rensburg – 'n kort biografie

Louis Drummond van Rensburg is die jonger broer van Johan van Rensburg, musiekleier van Alabama tot 1973. Louis Drummond het in 1967 as Standerd Nege-leerling (Graad 11) by die Alabama-orkes aangesluit, nadat daar nie 'n goeie tromspeler onder die studente gevind kon word nie. Die volgende jaar was hy weer lid, dié keer as baskitaarspeler (Van Rensburg, L., 1993:7).

In 1974 het hy musiekleier geword en "die romantiese en onbekommerde Alabama studentelewe het tot 'n skielike einde gekom" toe Johan van Rensburg en sy vrou, Rina, oorsee gaan studeer het (Van Rensburg, L., 1993:7). Dit was egter die agste jaar wat hy lid van Alabama was en het dus verreweg van enige lid van dié geselskap die meeste ervaring gehad. Anders as sy broer het Louis Drummond van Rensburg aanvanklik nie musiek studeer nie. Hy het die vorige jaar 'n LLB verwerf en is aangestel om Handelsreg aan die PU te doseer (Anon., 1974b:6). Na twee jaar as dosent in Handelsreg het hy wel in 1976 ingeskryf om vir 'n BMus te studeer (Anon., 1976d:6).

Nes sy broer, en talle ander, het Louis Drummond van Rensburg ook sy vrou by Alabama ontmoet. Hy en Charlotte Pitzer is in 1976 getroud en hulle het twee kinders (Van Rensburg, L., 1993:7).

Hy was altesaam 13 jaar aan Alabama verbonde (PU vir CHO, 2002a:43). Die jaar na hy uitgetree het as musiekleier van Alabama, 1980, het hy in die VSA in Boston aan die Berklee College of Music gaan studeer en daar ook in sy broer se voetspore gevolg. Hy voltooi 'n vierjarige kursus in net twee jaar en verwerf 'n "Professional Diploma in Arranging" met lof. Hy sluit sy studie daar af op 'n groot hoogtepunt deur 'n konsertuitvoering te gee in die Berklee Performance Center. In 1983 was hy dosent in Harmonie en Kontrapunt aan die Konservatorium van die PUK, heelwaarskynlik die enigste persoon wat Musiek én Regte aan die PUK doseer het (Anon., 1983e:3). In 1985 het hy die Skool vir Ligte Musiek by die Technikon Pretoria gestig, die eerste van sy aard in Suid-Afrika. Hy was hoof van dié skool tot met sy aftrede in 2015 (Van Rensburg, J., 2014).

Louis was later die produksieleier en verwerker van Christa Steyn se plaat *Christa.* Hy was ook die medeverwerker van die titelsnit van haar plaat *Spirit of Ecstasy.* Hy was ook lid van die Musiekfabriek, dié orkes van Johan van Rensburg wat aanvanklik sy vrou, Rina Hugo, tydens haar konserte begelei het. Later het die Musiekfabriek bekend geword vir hulle optrede in die televisieprogram, Noot vir Noot. Louis het lank tromme gespeel vir die Musiekfabriek (Just Jazz, 1991:2).

Louis Drummond van Rensburg het dikwels teruggekeer na sy alma mater vir optredes. In 1983 was hy die dirigent van die orkes wat opgetree het tydens Musikale Interaksie '83 (Anon., 1983e:2). In 1991 het hy en studente van die Skool vir Ligte Musiek aan die Pretoriase Technikon in die Ouditorium opgetree in 'n konsert wat bekendgestaan het as *Just Jazz* (Just Jazz, 1991:1).

In die inligtingstuk wat die CD, *Ein Prosit,* met musiek van Pukke en oud-Pukke vergesel, word gesê: "Louis skep geleenthede om goeie jazz en gewilde musiek na die verhoog te bring. Deur sy entoesiastiese toedoen het die Staatsteater en die Technikon Pretoria se Musiekskool saamgespan om produksies soos die *Big Band jazz Gala* en *Razzle Dazzle Jazzmatzz* op die planke te bring. Hy ook die inspirasie agter die Jazz Rock Ensemble wat aanleiding gegee het tot die gewilde *Jazz for you*-programme wat deur die Staatsteater en die Theatre Rendezvous aangebied word" (PU vir CHO, 2002a:43).

5.5.2.3 Benutting van die Alabama Studentegeselskap as bemarkingsinstrument tydens die tydperk waarin Louis Drummond van Rensburg musiekregisseur was

Alabama het in gewildheid toegeneem in die tydperk waarin Louis Drummond van Rensburg die musiekregisseur was. Mnr HM Robinson, wat in 1968 direkteur van die Departement Ontwikkeling geword het, was steeds intiem betrokke by dié geselskap. Dit word bevestig deur Louis Drummond van Rensburg: "Nodeloos om te sê – met oom Robbie as sensor en kritikus was dit 'n groot taak!" (Van Rensburg, L., 1993:7)

Die rektor, prof Tjaart van der Walt, bevestig in sy voorwoord tot die program dat Alabama die Universiteit se ambassadeurs is. Hy meld verder dat die PU vir CHO landwyd studente trek en dat 'n kwart van die studente aan die PU se tuisdorp nader aan 'n ander universiteit is (Van der Walt, T., 1979:2).

5.5.3 Jans Jonker as musiekregisseur (1980-1987)

5.5.3.1 Historiese ontleding van Alabama tydens Jonker se tydperk as regisseur

Die aanstelling van Jans Jonker as Alabama se derde musiekregisseur tydens die revue-era val saam met die aanstelling van Horst Bütow as studenteadviseur: kultuur. Jonker en Bütow was nie vreemdelinge vir mekaar nie en was albei lid van die Alabama-geselskappe van 1973 en 1974 (Anon., 1973b:4; Anon., 1974b:11). In sy eerste verslag na sy aanstelling by die PU op 1 Februarie 1980 skryf Bütow: "Die skakeling tussen musiekregisseur en kultuurbeampte is gebaseer op 'n baie noue samewerking en oor en weer raadpleging in alle sake" (Bütow, 1980c:2).

Teen hierdie tyd was Alabama gevestig as dié studentegeselskap in die land en was die deure van groter teaters vir hulle oop. Nadat Alabama in 1970 die eerste keer in die Johannesburgse Stadskouburg opgetree het, het hulle in 1980 drie vertonings in dié stad. Op groter dorpe was een vertoning nie genoeg nie en op Ermelo, Pietersburg, Uvongo, Lichtenburg, Vanderbijlpark en Klerksdorp is daar elk twee vertonings gehou. Op Potchefstroom het Alabama ses keer opgetree (Anon., 1980b:13).

Dit was dus ’n reusetaak om steeds te verbeter op die werk van die vorige twee musiekregisseurs. Jonker was egter die voorafgaande twee jare musiekregisseur van die PU-Kaners, ’n kleiner sanggroep van die Universiteit (kyk na hoofstuk 7), en het dus ervaring gehad (Anon., 1980c:2). Bütow, wat in Februarie 1980 as studenteadviseur: kultuur aangestel is, skryf in sy verslag vir die tydperk tot April 1980 dat die program aan die begin ’n bietjie stadig begin vorm aanneem het, maar dat die studente hulle Aprilvakansie opgeoffer het om te oefen (Bütow, 1980c:2). Dié kamp is by die Fanie Labuschagne-oord by Lichtenburg gehou (Anon., 1980b). Vanaf 1981 was die oefenkamp jaarliks ’n noodsaaklikheid en Bütow (1981a) berig in sy jaarverslag: “Verder sal Alabama ook nie meer ’n program op die planke kan bring sonder dat die Aprilvakansie vir ’n oefenkamp verruil word nie”. Dit is daarna by die Nooitgedacht-kampterrein gehou. Die PU vir CHO het dié eiendom in 1980 aangekoop, aanvanklik vir spekulasie. Dit is egter algaande vergroot en is as ’n konferensie- en ontspanningsoord vir personeel ontwikkel (Van den Bergh, 2006:403).

In sy verslag oor die 1980-oefenkamp berig Jonker dat daar in die vyf dae wat die kamp geduur het, 17 uur deur die koor, 16 uur deur die orkes en 10 uur deur die koor en orkes saam geoefen is (Jonker, 1980a:1).



ILLUSTRASIE 5.28
DIE PLAAS NOOITGEDACHT AAN DIE VAALRIVIER, WAT DIE PU VIR CHO IN 1980 AANGEKOOP HET, EN AS KAMPTERREIN ONTWIKKEL HET, HET VANAF 1981 DIE TUISTE GEWORD VAN ALABAMA SE JAARLIKSE OEFENKAMP TYDENS DIE APRILVAKANSIE. HIERDIE FOTO IS TYDENS DIE 1982-OEFENKAMP GENEEM. ANDERS AS WAT DIE FOTO TE KENNE GEE, WAS DIÉ OEFENKAMP ’N TYD VAN INTENSE VOORBEREIDING VIR ALABAMA SE TOER (FOTOKUNS, 1982A).

Enkele maande nadat Jonker die leisels van Alabama oorgeneem het, doen hy uitvoerig verslag oor die groep. Ter inleiding stel hy sy missie:

As ideaal met Alabama word ’n nuwe, verbeterde klank in die vooruitsig gestel: Goeie harmonie; woorduitspraak; balans tussen die koor en orkes deur middel van ’n nuwe monitorluidsprekersisteem; ’n nuwe sintetiseerder vir nabootsing van strykers. Daar word gepoog om lewenslus en die dankbaarheid om te kan sing, aan die studente oor te dra. Al neig Alabama na ’n professionele groep, bly die studentesprankel en die amateur se oorgawe steeds die onderskeidende en belangrikste kenmerk van Alabama (Jonker, 1980a:1).

Jonker berig dat die program uit 52 sangnommers bestaan, die meeste nommers wat nog ooit in ’n Alabama-program opgeneem is – waarvan heelwat in keurspele ingewerk word. Die naam van die program is: *Sê dit met ’n lied*. Die tema handel oor bronne wat dien as inspirasie tot musiek/sang.

Jonker berig verder dat die kostuums vir die eerste keer professioneel ontwerp en gemaak is teen dieselfde koste as die vorige jaar. In die 1979-program, die vorige jaar, word daar aan Johan Cornelissen erkenning gegee vir die ontwerp van die kostuums, terwyl mev A Erasmus van Lahan Modes die kostuums gemaak het (Anon., 1979b:10). Volgens die 1980-program het mev Sarah Roux dié jaar se kostuums gemaak (Anon., 1980b:13).

Jonker stel in sy verslag voor dat die ou kostuums uitverhuur kan word om fondse te kry. Daar is terstond begin met die uitverhuur van Alabama se kostuums en hy berig dat twee groepe reeds van die kostuums gehuur het en dat ’n inkomste van R900 daaruit verkry word. Die uitverhuur van die kostuums het oor jare ’n redelike inkomste vir die geselskap ingebring (Jonker, 1980a:1).

Nadat Alabama sedert die stigting van die geselskap as die PUK Alibama-boereorkes in 1943 jaarliks met hulle toere fondse ingesamel het, blyk dit dat stygende koste teen 1980 die bordjies verhang het. In 1974 het Alabama nog “’n baie suksesvolle jaar beleef”. Die jaarverslag van die Alabama vir 1974 berig dat dié geselskap se inkomste sowat R33 000 was, terwyl uitgawes sowat R24 000 beloop het (Bütow, 1974:2).

Teen 1980 het die prentjie egter anders gelyk. Jonker (1980a) skryf in sy verslag dat “die geweldige kostestygings jaarliks nie meer gedelg (kan) word uit die kaartjieverkope van Alabama se vertonings alleen nie.” Hy sê dat streng kontrole, deeglike administrasie en gedetailleerde beplanning toegepas moet word. Hy agiteer dat Alabama sy eie rekening, weg van die SSR moet hê sodat Alabama se inkomste nie gebruik word “om vir ander verliese van die SSR te vergoed nie”. So kan die winste dan behou word as ’n reserwefonds om die volgende jaar se kostes, saam met die voorskot wat die Universiteit gee, te kan dek. Jonker (1980a) lewer ’n pleidooi om inkomste uit ’n ander oord te kry: “Is daar nie dalk ’n moontlikheid dat jaarlikse skenkings van groter donateurs aan Alabama toegesê kan word nie? Alabama is immers baie werd vir reklame vir die PUK”. Alhoewel hy die bekom van donateurs met mnr Chris Windell van die afdeling Fondswerwing bespreek het, het dit toe niks opgelewer nie en hy reken dat Alabama self moet probeer om borge te kry, maar dat daar te min tyd daarvoor was (Jonker, 1980a:1).

Bütow beveel andersyds in sy verslag vir Februarie tot April 1980 ook aan dat beter beheer oor finansiële administrasie nodig is indien Alabama selfversorgend wil bly (Bütow, 1980c:2). In die 1980-program word Volkskas Bank Bpk. bedank vir ’n “vriendelike donasie” (Anon., 1980b:13). Dié finansiële steun blyk die eerste te wees wat Alabama van ’n buite-organisasie ontvang het. Inkomste

uit borge sou later broodnodig wees vir die voortbestaan van dié geselskap en teen 2007 is ’n omvattende dokument voorberei met inligting vir voornemende borge (Cunniff, 2007).

Vir die eerste keer sedert die segetog van 1969, daag Alabama op ’n dorp op waar daar min kaartjies verkoop is. *Die Besembos* berig dat Nelspruit ‘Probleemspruit’ gedoop is en vervolg: “Die saal is leeg! Gelukkig het Oubaas op ’n blink idee afgekom en het ons die volgende oggend bo op die dekorwa met ons banjo’s, ghitare, tamboeryne en GEES deel gevorm van die kermisoptog deur Nelspruit se strate. Die resultaat? ’n Vol saal en, Probleemspruit word weer Nelspruit” (Anon., 1980c:127).

Wapad se resensie van die 1980-program is op 26 September gepubliseer en skryf dat Jonker goed daarin geslaag het om die hoë standaard van sy voorgangers te handhaaf. Die resensent reken egter dat Alabama nog nie met die “nuwe stem in die Afrikaanse liriek” kennis gemaak het nie. Hy vra: “Hoe lyk dit met ’n bietjie kreatiwiteit uit Alabama-geledere?” (Van der Werken, 1980:2)

Ná die televisieprogram van die 1980-produksie, vroeg in 1981, is Alabama oor hulle gebrek aan Afrikaans in dié program deur ’n groter publiek geroskam. ’n Briefskrywer aan die *PU-Kaner,* J Swanepoel, skryf op 13 Februarie 1981 dat hy teleurgesteld is dat in dié program, wat op die Afrikaanse diens uitgesaai is, die helfte van die liedjies Engels was (Swanepoel, 1981:7). Pieter Oberholzer, ’n oud-voorsitter van Alabama, skryf terselfdertyd dat hy die “polemiek” in die dagblaaie hieroor volg. Hy vervolg: “Ek het baie simpatie met Alabama, wat nou die spit moet afbyt vir wat ek beskou as ’n baie onregverdige TV-produksie. Met die regisseur het ek ook meegevoel, want ek weet hoe moeilik dit is om geskikte materiaal vir ’n vertoning te kry. Ek wil die versoek tot die regisseur rig om, siende dat die materiaal vir Revue 81 nou bymekaar gemaak word, ’n meer Afrikaans-georiënteerde program op die planke te bring” (Oberholzer, 1981:7).

Wat 1981 betref, doen die *Besembos* só verslag oor Alabama: “Dit was ’n jaar van uitsonderings en hoogtepunte in die anale van Alabama. Die langste toer ooit is vanjaar onderneem, ’n volle vyf weke. Vyftig vertonings is deur die jaar aangebied, waarvan drie in die Nico Malan-teater was.” Einde Julie is klankopnames vir die plaat gemaak en die laaste vertonings was in September in Potchefstroom, toe die groep sewe vertonings aangebied het (Anon., 1981e:59).

In 1981 doen die studenteadviseur: kultuur, Horst Bütow, só verslag oor Alabama:
Die skakeling tussen die Alabama-bestuur en die Kultuurkantoor (met inbegrip die musiekregisseur) het met verloop van tyd ontwikkel tot ’n verhouding van wedersydse vertroue. As gevolg van die vaste tradisie in Alabama-bestuursake, en ten spyte van die akademiese eise wat die studente kortwiek, vorder die organisasie rondom die toer en die uitvoerings bo verwagting goed. Besonder verblydend is dat die studente aan roer van sake goed gebruik maak van die advies van die Kultuurkantoor, veral gesien in die lig dat alle reëlings ten opsigte van toere en uitvoerings in detail

korrek moet wees ter wille van die goeie beeld wat daardeur na buite uitgedra word. Kontinuïteit word so ook verseker. Die bestuur van Alabama het dit derhalwe goedgedink om die studenteadviseur ook as produksie-adviseur van Alabama te benoem (Bütow, 1981a).

Bütow (1981a:2) berig ook dat Alabama ’n suksesvolle toer agter die rug het en dat koerantresensies, met twee uitsonderings, baie positief was of het positiewe kritiek gehad wat vir Alabama van groot waarde kan wees. Voorts berig Bütow dat die jaarlikse TV-program opgeneem is en dat dit teen die einde van die jaar behoort uitgesaai te word. Die jaarlikse plaat het egter eers in Julie, effe laat, die lig gesien maar het redelik goed verkoop (Bütow, 1981a:2).

In 1981 het die Universiteit semesterkursusse geïmplementeer (Anon., 1981f:1). Talle kursusse is hierna oor ses maande aangebied en daar is aan die einde daarvan eksamen geskryf (De Klerk & Du Pisani, 2006:127). Bütow berig dat dit “ongelukkig by Alabama sy tol geëis” het. Die akademiese prestasie van studente het verswak, die oefentydperk was korter en die eerste uitvoering se standaard was nie goed nie (Bütow, 1981a:2). Van die volgende jaar, 1982, word strenger akademiese vereistes vir Alabama-lede ingestel. Alabama-lede het elke afknyptydjie gebruik om te studeer en *Wapad* berig op 23 April 1982: “Die akademie bly ook nie agter nie. Toetspunte moet voorgelê word en lede word geroskam oor swak prestasies. Tussen die senuagtige vooropname geselsies sit ’n meisie, geestelik afgesny van die wêreld, hard besig om te *swot*” (Anon., 1982e:12).

Bütow beveel voorts aan dat optredes in die Staatsteater in Pretoria gehou moet word en meen ook dat dit sal raadsaam wees om optredes in die Stadskouburg Johannesburg nie elke jaar in die toerprogram in te sluit nie (Bütow, 1981a:2). Die optrede in die Staatsteater word ’n werklikheid en op 13 Augustus 1982 berig *Wapad*: “Saterdagaand was die tweede van drie vertonings in Pretoria se Staatsteater en Alabama het die gehoor so betower dat hul vier keer staande toegejuig is en elke keer nog en nog moet sing. Dit was die eerste keer in die geskiedenis van hierdie teater dat enige groep, insluitend professionele groepe, sulke toejuiging kry. In die Nico Malan-teater was al die kaartjies vir al die vertonings uitverkoop - iets wat in hierdie teater net gebeur tydens 'n première” (Anon., 1982f:13).

Bütow reken ook dat Alabama ’n behoefte het aan ’n klankdigte kantoor en ateljee met klavier en dat dit by die Kultuurkantoor ingerig moet word (Bütow, 1981a:2). Die Kultuurkantoor was toe gehuisves in die Studentesentrum in die ruimte onder die Sanlam-Ouditorium (Van Eeden, 2006:283).

Wapad se resensie, na Alabama op Potchefstroom opgetree het, is deur Matt Mathee geskryf en onder die opskrif, “Ons is trots op Alabama”, verskyn dit op 20 Augustus 1982:
Dat ’n vitale persoonlikheid soos Colleen Angove eers in haar finale jaar gewig ingooi by Alabama is

voorwaar ’n jammerte. Juf Angove se sprankelende persoonlikheid, ’n kabaret-dansstyl wat se gelyke ek in die Lido in Parys laas gesien het, en haar goeie sangstem, is ’n treffer. Karin Hougaard se ‘Sneeukoningin’ het my in ekstase gehad . . . ’n vertolking met die finesse van ’n leeuin. ’n Besondere beligtingstegniek, om aan die einde van ’n nommer die vloedlig vol oop te skuif, net voor die uitdoof, is gebruik. Die beeld bly sodoende langer in die geestesoog van die toeskouers en verkort dus die oorgange tussen die nommers - baie slim gedoen (Mathee, 1982:6).

In 1983 ontvang Alabama die eerste van ’n reeks borgskappe van Volkskas Bank wat dié jaar R3 000 beloop. So berig *Wapad* van 8 Maart (Anon., 1983d:3). Daarmee het Alabama ’n nuwe sintetiseerder met ’n rekenaartipe geheue en 120 verskillende programme laat invoer. Dit was die tweede grootste tipe op die mark en deur die meeste groepe in Amerika gebruik. *Wapad* vervolg:
Mnr Jonker regverdig die aankoping van sulke gesofistikeerde toerusting deurdat Alabama ’n baie goeie reklamemedium vir die Universiteit is. Geen ander universiteit het ’n soortgelyke revuegroep nie. Wanneer hulle dan in die Staatsteater of Nico Malan optree, word hulle deur resensente en kritici oor dieselfde kam as professionele groepe geskeer. Daar word dan nie in ag geneem dat al die lede voltydse studente is wat dit doen vir die liefde van die saak en nie professionele musikante is nie (Anon., 1983d:3).

Wapad se resensent, Deborah Roos (1983:13) was die mening toegedaan dat as jy een Alabama-opvoering gesien het, het jy almal gesien. Sy is lugtig om “pittig te raak ten koste van die PUK se uitvoerproduk”. Sy vervolg: “Alabama bied ’n uitstalvenster op die sorgelose studentelewe waarin ’n mens so graag wil glo: waar enige en daadkragtige mans fyn, fleurige meisies om die lyf gryp en meeswiep en onverpoosd sprankel in gebestudeerde spontaneïteit.” Sy reken die kostuums is “psigedelies verruklik”, maar dat die dekor ver van dromerig is: “’n stewige poging met hoë kraaines-vensters vir die orkeslede, maar verwarrend in lyn.” Voorts is die choreografie voorspelbaar: “arms omhoog, vingers wat flonker soos sterre”, maar geolie. Positiewe aspekte is Karen Hougaard “wat haar reputasie gestand doen en skitter in professionaliteit en ’n meesleurende alt”, asook die “kapbele [*sic*] komediante” wat “welkome hoogtepunte is in ’n vertoning met min afwisseling” (Roos, 1983:13).

In 1984 word daar afgewyk van ’n baie lang tradisie toe Alabama nie die openingsnommer “Hallo en Aangename kennis” gesing het nie . Dié nommer het sedert 1972, dus vir 12 jaar, gehore begroet (Van der Merwe, 1984:13). Van der Merwe beskryf dié liedjie as “oorbekend” en was ook bly om nie die “flonkerende hande” wat die choreografie van die liedjie gekenmerk het te sien nie.

5.5.3.2 Alabama besoek Taiwan

Wapad van 1984 se minder entoesiastiese resensie kon egter nie die opgewondenheid by Alabama beteuel het, toe dit bekendgemaak is dat die geselskap Taiwan in Januarie 1985 gaan besoek (Anon., 1984d:1; Anon., 1984b:3). Dié segetog is later beskryf as een van dié geselskap se grootste prestasies (Windell, 1985:5) .

Die uitnodiging het gevolg nadat lede van die Republiek van China (Taiwan) se ambassade-personeel in 1983 ’n vertoning van Alabama in die Staatsteater in Pretoria bygewoon het. Die aankondiging van die toer is einde September tydens ’n perskonferensie deur mnr TC Chiang, die perskonsul van die Republiek van China, gemaak. Chang het die kampus van die PU vir CHO besoek, waartydens die perskonferensie gehou is (Bütow, 1984g; Anon., 1984g:34). Dié amptelike aankondiging het gevolg na “baie delikate en moeilike onderhandelinge” tussen die PU, die Suid-Afrikaanse regering en die ambassadeur van Taiwan (Bütow, 1984e:1).

Dit sou die eerste keer wees dat ’n Afrikaanse groep, ’n studentegeselskap én musiekgroep van dié aard dié land sou besoek. Alabama se borge en gashere was die Republiek van China, die amptelike naam van die land wat gesetel is op die eiland, Taiwan, se regering en die Pacific Cultural Foundation. Dit is einde September bekend gemaak en *Wapad* skryf opgewonde op 2 Oktober dat die programbrosjure toe in Engels vertaal word, sodat dit na Taiwan gestuur kan word vir vertaling in die Chinese taal, Mandaryn (Anon., 1984d:1). Die geselskap en almal wat hulle vergesel moes egter self sorg vir hul vervoer na Taiwan (Anon., 1984d:1). Skenkings, onder meer ’n reuse-een van mnr Jochim Toxopeus, een van die donateurs van die PU, het grootliks die vlugkaartjies gedek (Windell, 2015). In sy brief, wat die tjek van R25 000 vergesel, skryf mnr Toxopeus: “Ongelukkig kan ek nie meer bekostig nie. Dis ’n donasie, nie ’n lening nie” (Toxopeus, 1984?).

Die Pacific Cultural Foundation is in 1974 gestig met die doel om kulturele uitruiling en wedersydse begrip te bewerkstellig tussen die mense en lande in die omgewing van die Stille Oseaan. Dit is gedoen deur beurse beskikbaar te stel aan buitelanders wat die Chinese taal en kultuur wil bestudeer; dit reël internasionale kongresse; borg besoeke van persone en groepe aan die Republiek van China (Chang H *et al.,* 1983:290).

Vir die besoek aan Taiwan moes die program van 1984, *Vroulikheid op note*, verkort word om voorsiening te maak vir ’n afdeling van tipiese inheemse Suid-Afrikaanse musiek, soos ’n Ipi Tombi-keurspel en Maleiermusiek. ’n Paar Taiwannese liedere is ook ingesluit (Anon., 1985c:3). Die kostuums is ook dienooreenkomstig aangepas (Anon., 1984e:1). Ter voorbereiding vir die toer het die musiekregisseur Jans Jonker, studenteadviseur: kultuur, Horst Bütow en Danie Eloff, voorsitter van Alabama vroeër die jaar ’n skakeltoer na Taiwan onderneem (Anon., 1984e:1). Later word

bekendgemaak dat mnr Chris Windell, direkteur Openbare Betrekkinge, deur die bestuurskomitee van die PU aangewys is as skakelbeampte vir die toer en dat hy Alabama sou vergesel (Anon., 1984f:1). Daarna is besluit dat dele van die dekor in Taiwan gebou kan word en beligtingsapparaat is ook daar gehuur, wat goedkoper sou wees as om dit saam te neem (Anon., 1984d:1).

Om die Alabama-lede voor te berei op die reis het Horst Bütow, die toerbestuurder, ’n uitvoerige inligtingstuk saamgestel met heelwat nuttige inligting, byvoorbeeld dat dit tydens die besoek winter in Taiwan sou wees met ’n gemiddelde temperatuur van sowat 15°C; besoekersgroepe ontwikkel dikwels maagprobleme en die nodige medikasie moes saamgeneem word; ter wille van telefoonoproepe moet kennisgeneem word dat daar ’n tydsverskil is – as dit 08h00 in Suid-Afrika is, is dit 14h00 in Taiwan – telefoonoproepe is egter duur, vir ’n oproep van drie minute kos dit R35.00; die swak wisselkoers beteken dat winskopies nie maklik te vinde sal wees nie; sigarette is duur en rokers moet liefs hulle eie saamneem (Bütow, 1984b).

Benewens toerbestuurder Bütow het die toerouers, prof Daan en mev Cecile Eloff, ook saamgereis. Die assistent-toerbestuurder was Danie Eloff, voorsitter van Alabama vir 1984, en seun van prof. en mev Eloff. Jans Jonker was die musiekregisseur en skakelpersoon Chris Windell van die PUK se Openbare Betrekkinge. Oud-Alabamalede en aanhangers het ook beplan om saam te toer. Die geselskap het bestaan uit 57 lede (Anon., 1985d:1). Een hiervan was mnr Jochim Toxopeus, skenker van R25 000 om die toer moontlik te maak (Windell, 2015). Die toerusting wat saamgeneem is het 3 000 kg geweeg en het klanktoerusting, instrumente, kostuums en die helfte van die dekor ingesluit (Anon., 1985g:2).

Die toer het van 1 tot 23 Januarie geduur. Die groep het in ’n periode van twaalf dae tydens dié toer nege vertonings aangebied. Tot soveel as 3 000 mense het ’n enkele vertoning bygewoon, terwyl sowat 20 000 mense in totaal die nege vertonings bygewoon het. Daar was ook uitsendings oor Alabama op televisie (Anon., 1985e:1; Anon., 1985i). Windell beskryf een van die hoogtepunte die “popster-ontvangs” wat Alabama by die Chiayi Hoër Meisieskool met 4 500 leerlinge gehad het. “Die rylaan na die skool was versier met 110 ruikers en vlae en die meisies het net oë gehad vir die aantreklike Alabama-mans. Dié aand moes die polisie ’n kordon trek want die ‘saaltjie’ kon slegs 3 600 mense huisves en honderde het buite gedrom om binne te kom.” Die toergroep het verskeie besienswaardighede in Taiwan en ook Hong Kong besoek (Windell, 1985:6).



ILLUSTRASIE 5.29
ALABAMA SE PLAKKAAT VIR HULLE OPTREDES IN TAIWAN HET OP DIE VOORBLAD VAN *PUK-SKAKEL*, DIE PU SE GLANSBLAD VIR OUDSTUDENTE, SE UITGAWE VAN 1:85 VERSKYN (ANON., 1985F).



ILLUSTRASIE 5.30
DIE TWEE BLONDE ALABAMA-MEISIES, MARIËTTE VAN DER WALT EN LINDA JONKER, HET DIE VOORBLAD VAN 'N TYDSKRIF IN TAIWAN GEHAAL TYDENS ALABAMA SE BESOEK AAN DIE LAND IN 1985 (ANON. 1985G).

Bütow skryf in sy jaarverslag ná die toer: "Om hierdie uitmuntende sukses te beskryf is baie moeilik. Vir my as toerorganiseerder was dit 'n besondere voorreg om so 'n toer te kon organiseer en mee te maak. Die geweldige belangstelling en ophef wat van die groep in Taiwan gemaak is, is onbeskryflik. Dalk kan die geskenke, die toekennings aan die groep en die video-opnames van dr Johan Aucamp (vir die SAUK) 'n aanduiding van die sukses weerspieël" (Bütow, 1984d:2).

Alabama het in 1991 weer 'n uitnodiging ontvang om na Taiwan te toer. Dit is uitgestel na 1994, maar het nooit plaasgevind nie aangesien geen verwysing na enige besoek aan Taiwan gevind kon word nie (Bütow, 1991a:5; Bütow, 1992:4).

5.5.3.3 Verdere historiese ontleding met Jans Jonker as regisseur

Nadat die Alabama-groep wat na Taiwan getoer het, op 24 Januarie 1985 in Suid-Afrika arriveer het, vind oudisies vir 1985 'n skamele agt dae later plaas op 1 Februarie (Anon., 1985b:5).

Spesiale beligtingsapparaat is in Taiwan gekoop wat *'n Dag vol deuintjies,* die Alabama-aanbieding van 1985, verdere visuele trefkrag sou gee. Só berig *Kampusnuus* op 9 Augustus. Voorts sou daar dié jaar van ses dekorstelle gebruik gemaak word. In die verlede is net een dekorstel gebruik. Die

produksiekoste sou dié jaar R135 000 beloop. Die geselskap het dié jaar uit 29 koorlede, 10 orkeslede, agt tegnici, twee komediante en die toerouers bestaan (Anon., 1985h:1).

Nadat daar in 1983 in Horst Bütow se jaarverslag melding gemaak word dat die bywoningsyfer van Alabama se optredes gemiddeld ietwat minder was as in die verlede en in 1984 gesê word dat die "bywoningsyfer by sommige konserte op die toer 'n groot faktor is", sê die 1985-verslag dat bywoningsyfers hoër as in drie jaar was. Hy sê dat dit op Potchefstroom die hoogste ooit was (7 251 teenoor 5 263 in 1984) (Bütow, 1985b:2).

Toe Alabama in 1943 gestig is, het hulle as die PUK Alibama-boereorkes bekendgestaan, wat ook beteken het dat die orkes deel van die vertoning was. Dié tradisie van meer as 40 jaar kom in 1986 tot 'n einde toe Alabama aankondig dat hulle nie meer 'n orkes gaan hê nie. *Kampusnuus* van 28 Februarie 1986 verduidelik: "Alabama gaan vanjaar sonder 'n orkes optree en gaan in plaas daarvan die klankbaan van 'n professionele orkes gebruik. Die besluit is geneem omdat hulle die hoë standaard van die afgelope jaar wil behou. Verlede jaar se orkeslede het almal hulle studie voltooi en Jans Jonker, musiekregisseur, sê dat hulle nie tevrede is met die standaard van die nuwelinge nie" (Anon., 1986d:2). Die program beskryf dié "verdwyning" van die orkes só: "Variasie en vernuwing in vanjaar se wenresep is die nuwe klank met simfoniestrykers en 'n 12-stuk koperblaasensemble. Vir die eerste maal kon Jans as musiekregisseur volle uiting gee aan orkestrasie vir professionele spelers en 'n ateljeeproduksie wat van die Kaap tot Koekenaap elke aand dieselfde kwaliteit sou hê. Benewens weke van orkestrasie het hy vier weke aan die opnames gewerk" (Anon., 1986b:1). In die afwesigheid van die orkes, was daar ook meer ruimte op die verhoog en die program sê dat die skep van visuele effekte, selfs in kleiner sale, nou moontlik was (Anon., 1986b:1).


Horst Bütow is in sy verslag vir die tweede semester van 1986 van mening dat die verdwyning van die orkes die verwagte reaksie uitgelok het, maar oor die algemeen geen negatiewe effekte gehad het nie. Vir Alabama, reken hy, het dit besliste voordele hou, byvoorbeeld geweldige tydbesparing met die plaat- en TV-opnames (Bütow, 1986a:1).

Stygende kostes het Alabama al hoe meer begin knel. Die jare waarin daar 'n wins gemaak is met die vertonings blyk verby te wees. Teen 1986 het dit heelwat meer gekos om Alabama op die planke te bring. *Wapad* se Hilde Coetzer het met Giep van Zyl, voorsitter, gesels en berig op 30 Mei dat hulle beraamde begroting vir die jaar R146 000 is, en dat hulle alles self moet insamel. Later die jaar, op 8 Augustus, word geskryf dat dit met "die heersende ekonomiese klimaat maar meet en pas gegaan (het) om binne die begroting van R150 000 te bly. Dié jaar het die kostuums alleen R20 000 gekos en reiskoste was R35 000. Benewens kaartjieverkope kry Alabama ook 'n inkomste uit TV-optredes, die verkoop van plate en borge" (Coetzer, 1986:12).

In 1987 hou Alabama ’n terugskouing van vorige produksies met *Encore!* Dit bevat ’n keur uit die 20 jaar van die revuestyl-produksies. Dit is heel gepas, aangesien dit die laaste jaar sou wees waartydens Jans Jonker die musiekregisseur is (Anon., 1987a:1).


In dié jaar word voorbereidings getref vir die viering van Potchefstroom se 150ste bestaansjaar in 1988. Die plaaslike koerant, die *Potchefstroom Herald,* het in Februarie 1988 ’n bylaag uitgegee oor die dorp se geskiedenis en hierin verskyn ’n berig oor Alabama, met insiggewende inligting oor die verloop van sy jaarlikse program:

’n Kyk in 1987 se werk agter die skerms toe die Encore-revue aangebied is, vertel baie. Na die keuring het die eerste oefening op 2 Maart plaasgevind en die laaste optrede was in November met die televisie-opname. Die groep het sedert Maart net 14 dae van die drie universiteitsvakansies tot hul persoonlike beskikking gehad. Uit die sowat 180 studente wat aansoek gedoen het vir oudisies, is 39 gekeur waarvan 17 nuwelinge was. Van 1 tot 27 Mei het hulle elke aand behalwe Sondae gerepeteer en voortgegaan gedurende die Junie-eksamen. In totaal is 58 vertonings gehou wat die meeste ooit deur die Alabama was en dit is deur bykans 42 000 mense bygewoon – ook ’n nuwe rekord in hul roemryke geskiedenis. Weens hul gewildheid moes dubbelprogramme by meer as die helfte van die dorpe op vanjaar se program aangebied word. Hul program het uit 57 nommers bestaan teenoor die vorige jaar se 33. Vir die dekor is 1,25 km vierkantpyp gebruik en 550 gloeilampies. Ook die plateverkope in 1987 het ’n nuwe hoogtepunt bereik (Anon., 1988d:88).



ILLUSTRASIE 5.31
DETAIL OP DIE DEKORPLAN VIR ALABAMA SE *ENCORE*-PRODUKSIE VAN 1987. DIT IS ONTWERP DEUR KEN BROWN, WAT TOE DIE BESTUURDER WAS VAN DIE SAUK SE ONTWERPDEPARTEMENT (ANON., 1987A:4; BROWN, 1987).

Die grootste gehoor in die geskiedenis van Alabama het hul vertoning by destydse Verwoerdburgstad-winkelsentrum in Centurion, bygewoon. Dit word bereken dat daar sowat 7 000 mense by dié vertoning, Alabama se eerste opelugvertoning, was. Die gehoor het hulle tot op die balkonne van die tweeverdiepingtrappe van die winkelsentrum tuisgemaak. Die verhoog het dié sentrum se mensgemaakte meer as agtergrond gehad en die waterorrel is met Alabama se musiek gesinchroniseer, aldus *Wapad* (Coetzee, 1987:3).



ILLUSTRASIE 5.32

CHRIS DE BRUYN, ALABAMA-VOORSITTER VAN 1987, HET DIÉ FOTO VAN DIE ALABAMA-DEKORSTEL BY DIE VERWOERDBURGSTAD-WINKELSENTRUM OP FACEBOOK GELAAI. DIE KONSERT WAS IN SEPTEMBER 1987 (DE BRUYN, 2016).

Chris de Bruyn, wat dié jaar voorsitter van Alabama was, het op 15 Februarie 2016 ’n foto op die Facebook-blad, Alabama Studente Geselskap Lede en Oudlede, opgelaai. Dié foto is geneem tydens die opslaan van die dekor. Tiaan Maree skryf in sy kommentaar op die foto: “Ek't as Standerd agt-skoolseun daai aand in die opelug gehoor gesit en elke oomblik van die vertoning ingedrink - GROOT drome gedroom en gesigte gesien van ‘eendag as ek groot is’! Het gedink Heidi van Gass is die wonderlikste ding wat nog OOIT met ’n Duitse *song* gebeur het!” (Maree, 2016) Maree was onder die indruk dat Heidi van Gass, een van Alabama se bekendste soliste van die tagtigerjare, die Duitse lied “Der Sommer für uns beide” gesing, het, maar die program dui aan dat Adèle Marais die solis was (Anon., 1987a:2).

Nadat Johan van Rensburg in 1967 met die eerste revue die waarde van beweging besef en opgemerk het dat die eerste professionele choreograaf wat Alabama gebruik het, David Matheson, “’n heel nuwe dimensie” aan die sukses van Alabama gegee het, is daar daarna elke jaar van die dienste van ’n professionele choreograaf gebruik gemaak. Nadat Geoffrey Sutherland sedert 1975 Alabama se choreograaf was, is hy vanaf 1980 deur sy vrou, Kennlyn, bygestaan. Kennlyn het ’n BA-graad aan die Universiteit van Natal verwerf en was in 1980 hoof van die Departement Opvoedkundige Drama van die Johannesburg College of Education (Anon., 1980b:2). David Matheson is in 1981 terug as choreograaf, terwyl Geoffrey Sutherland in 1982 by hom oorneem (Anon., 1981d:5; Anon., 1982d:4). Henri Noppè, ’n student van Sutherland, neem in 1983 die eerste keer die choreografie waar, terwyl Sutherland as kostuum- en dekorontwerper in die program erken word. Dié span is ook in 1984 hiervoor verantwoordelik (Anon., 1983f:4; Anon., 1984a:1). Noppè se verbintenis met Alabama was daarna tot en met die laaste produksie in 2007 (Anon., 2007b:2).

5.5.3.4 Jans Jonker – 'n kort biografie

Die eerste jaar wat Jans Jonker die musiekleier van Alabama was, was in 1980. Die vorige jaar het hy 'n BMus-graad aan die PU vir CHO behaal en was tydens sy studiejare vier jaar lid van Alabama. Boonop was hy twee jaar lank leier van die sanggroep, die PU-Kaners (Anon., 1980b:2). Vir Alabama was hy vroeg reeds meer as net nog 'n koorlid en volgens die 1976-program het hy die woorde en musiek van "Dis weer die tyd van die jaar" en die musiek van "Fiksheid" geskryf (Anon., 1976d:5,6).


Hy is in 1979 met Venecia Kruger, 'n mede-Alabama-lid, getroud en hulle dogtertjie, Lica, was in 1983 twee jaar oud (Anon., 1983f:2). Hy behaal die BMus (Honneurs) aan die einde van 1983 (Anon., 1984a:3).

Die 1984-program vervolg: "Saam met 'n fyn aanvoeling vir die musiek, besit hy ook die vermoë om dit in studente-energie om te sit" (Anon., 1984a:3). Hy skryf ook in *50 Jaar Alabama:* "Ek assosieer Alabama met veral een ding: energie! As daar deurnag *geswot* moes word ná 'n vertoning, was die energie daar. As daar deurnag gekuier moes word rondom 'n droë rooietjie, was die energie . . . éérs daar! Want Alabama is immers daardie saamwees, die deel van jou diepste vrese en vreugdes met iemand wie amper soos 'n broer of suster vir jou geword het" (Jonker, 1993:8).

Die siekte van sy dogtertjie noodsaak Jonker om Potchefstroom – en Alabama – aan die einde van 1987 te verlaat. Sy is reeds in Mei 1986 met sistiese fibrose gediagnoseer en hy het 'n pos by die Adult Education Consultants in Pretoria aanvaar, nader aan 'n kliniek wat gespesialiseerde behandeling vir die siekte kan gee. Sy is ook toegelaat tot die Nuwe Hoop-skool in Pretoria waar sy behandeling tydens haar opvoeding kon ontvang (Jonker, 1987; Anon., 1988e:2,3).

As vryskut-musikant spesialiseer hy in rekenaar- en digitale musiekopnames, stemverwerkings en orkestrasie en is verantwoordelik vir die klankbane van talle revueprogramme en blyspele soos *Fiddler on the Roof* en die musiek van sir Andrew Lloyd Webber. Hy is later getroud met Ina Wilken en het in Pretoria gewoon (PU vir CHO, 2002a:54).

ILLUSTRASIE 5.33
JANS JONKER WAS VAN 1980 TOT 1987 DIE MUSIEKREGISSEUR VAN ALABAMA (FOTOGRAFIESE DIENSTE, 1983A).



5.5.3.5 Benutting van Alabama as bemarkingsinstrument vir die PU

Op die aanvoorwerk van mnr HM Robinson om die Alabama Studentegeselskap die PU se primêre reklamemedium te maak, is daar in die tagtigerjare voortgebou. Na omvattende herstrukturering en die samesmelting van die afdelings Fondswerwing en Openbare Betrekkinge in ’n nuwe Departement Openbare Betrekkinge in 1982, is mnr Chris Windell as direkteur van die nuwe departement aangestel (Anon., 1982a:2). Windell was by uitstek een van die grootste ondersteuners en voorstanders van Alabama en sê self: “Ek was ’n Alabama *freak*” (Windell, 2015). Windell was, voor sy aanstelling as direkteur Openbare Betrekkinge, hoof van die afdeling Fondswerwing en na die samesmelting tussen die twee afdelings in ’n departement het hy steeds hoof van dié afdeling gebly in die nuwe opset. Windell het dus deur-en-deur die waarde besef wat donateurs vir die Universiteit gehad het en het ook Alabama-vertonings benut om donateurs te bedank. Die Departement Openbare Betrekkinge het dus dikwels, veral in die groter sentra, ’n hele Alabama-vertoning, of ’n gedeelte daarvan uitgekoop en die kaartjies gratis aan donateurs beskikbaar gestel. Dit het ook gepaard gegaan met ’n onthaal, gewoonlik voor die vertoning (Windell, 2015). Hierdie aksies sluit aan by wat Kempen beskryf as “openbare skakeling” met die doel “om om begrip en steun vir sy onderrigpoging en ontwikkeling daar te stel” (Kempen, 1991:116).

Ten spyte van hierdie simbiotiese verhouding tussen Alabama en Openbare Betrekkinge het die Universiteit nie ’n bydrae gemaak tot Alabama se uitgawes nie. Jonker (1980a) spreek, in sy eerste verslag na hy in 1980 musiekregisseur geword het, die mening uit dat die uitstekende reklamewaarde wat Alabama vir die Universiteit het, vergoed behoort te word, aangesien “die geweldige kostestygings jaarliks nie meer gedelg (kan) word uit die kaartjieverkope van Alabama se vertonings alleen nie.” Hy meen ook dat borge vir Alabama gevind moet word. Aanvoorwerk in dié verband het toe nog nie iets opgelewer nie (Jonker, 1980a:3). Die resensent van *Wapad* bevestig dit op 26 September 1980 en sê: “Die reklamewaarde wat Alabama het, is nie in geld te meet nie. So

kom menige matrikulante na die PU met ’n Alabama-ideaal, veral as hulle eers kennis gemaak het met die lewenslustigheid, kleurvolheid en aanskoulikheid van die groepie studente (Van der Werken, 1982:2).

Daar is wel borge gevind. Teen 1986 het die PU nog steeds geen bydrae tot Alabama se uitgawes gemaak nie, ten spyte van die groot waarde wat die geselskap vir die Universiteit het. Giep van Zyl, Alabama-voorsitter van 1986, het dit in ’n onderhoud met *Wapad* bekendgemaak. Hilde Coetzer, die skrywer van die berig sê: “Dit is jammer as mens dink hoe groot die rol Alabama in die uitdra van die Puk se beeld na buite speel” (Coetzer, 1987:12). Bütow bevestig dit in ’n brief op 11 Augustus 1987 aan ’n kollega by Kovsies. “Geen finansiële bydrae word van die SSR of die Universiteit ontvang nie en Alabama staan dus op sy eie been. Daar word wel gebruik gemaak van borge wat Alabama self verkry het met toestemming van die Universiteit” (Bütow, 1987a).

Dat Alabama beslis ’n trekpleister vir die Universiteit is blyk uit die antwoorde op ’n kultuurvraelys wat in 1984 aan alle eerstejaars gestuur is. Die kultuurvraelys is sedert 1981 aan eerstejaars gestuur om vas te stel (a) aan watter aktiwiteite die studente graag wil deelneem; (b) in watter aktiwiteite hulle belangstel; (c) watter aktiwiteite oorbodig is; en (d) watter aktiwiteite ontbreek (Bütow, 1981b:8). Die respons op die 1984-vraelys dui aan dat van alle kultuurorganisasies op die PUK, stel hulle die meeste in Alabama belang. Uit 974 vraelyste ontvang het 304 aangedui dat hulle belangstel om lid van Alabama te word. In teenstelling hiermee het 164 belanggestel om lid van die Universiteitskoor te word (Bütow, 1984c:5).

Alabama was weliswaar die “gesig” van die PU vir CHO en in die kollig. Nadat Alabama se program in 1981 op televisie uitgesaai is volg daar kritiek oor daar te min Afrikaans in die program ingesluit is. ’n Oud-voorsitter van Alabama, Pieter Oberholzer, skryf op 13 Februarie aan die *PU-Kaner* hieroor en sê: “. . . die polemiek doen op hierdie stadium geweldige skade aan nie net Alabama se beeld nie, maar ook die beeld van die PU as geheel” (Oberholzer, 1981:7). Alabama se televisie-vertonings was vir die PU ’n uitstekende bron van reklame. Dit kon egter netsowel na die ander kant toe val en die Universiteit skade berokken. Dit word bevestig deur Bütow se opmerking in sy verslag vir die tweede semester van 1986 (Bütow, 1986a:2). Alabama wou nie die “voorreg” om op televisie te verskyn verloor nie, maar kon dit ook nie bekostig dat dit dié geselskap en die PU skade aandoen nie. Dus skryf Bütow dat dit ’n “delikate aangeleentheid” is en “uiters versigtig hanteer moes word” (Bütow, 1986a:2).

Die reklamewaarde wat Alabama vir die Universiteit gehad het, het ook die dorp Potchefstroom gebaat. Na ’n onthaal wat die burgemeester van Potchefstroom, dr Koos van Deventer, vir Alabama aangebied het, skryf *Wapad* op 28 Augustus dat dr Van Deventer in sy toespraak gesê het dat

Alabama nie meer net ambassadeurs van die Universiteit nie, maar ook ambassadeurs van Potchefstroom. “Deur hulle gewildheid het hulle gesorg dat die Wes-Transvaalse dorpie ’n plek op die landkaart kry” (Anon., 1981g:6).

5.5.4 Pieter de Bruin as musiekregisseur (1988-2007)

5.5.4.1 Historiese ontleding van Alabama tydens De Bruin se tydperk as regisseur

Met Jans Jonker se vertrek aan die einde van 1987 is Pieter de Bruin as die nuwe musiekregisseur van Alabama aangestel. Nes toe Louis Drummond van Rensburg musiekregisseur geword het in 1974 en kon staatmaak op ’n ervare voorsitter, het Pieter de Bruin die ondersteuning van Chris de Bruyn gehad, wat ook in die 1987 en 1989 voorsitter van Alabama was. Beide Horst Bütow, voorsitter van Alabama in 1973 en 1974, en Chris de Bruyn, voorsitter in 1987 en 1988, het later loopbane in kunstebestuur gevolg (Bütow, 1995a; De Bruyn, 2014a). (Kyk na bylaag 1).

Bütow het as senior studenteadviseur: kultuur aan die PU vir CHO De Bruin in November 1987 geskakel om hom in te lig dat die pos as Alabama se musiekregisseur vakant is. De Bruin se aansoek vir die pos was suksesvol en hy skryf in *50 Jaar Alabama:* “’n Duisend gedagtes jaag deur my brein . . . Maar die helderste en meeste die eer wat dit sou wees om hierdie pos te beklee. Vreesaanjaend” (De Bruin, 1993:8). Hy skryf voorts dat hy as groentjie-regisseur deeglik moes nadink oor hoe om Alabama te lei. Enersyds was daar die reusetaak om in die voetspore van die drie vorige suksesvolle regisseurs, Johan van Rensburg, Louis Drummond van Rensburg en Jans Jonker, te volg. Hy vervolg: “Aan die anderkant om tóg vorentoe te kyk en ’n eie toekomsvisie te skep.” Die uitdaging beskryf hy as “indrukwekkend” om jaarliks ’n produksie op die planke te bring met sowat 55 vertonings dwarsoor die land (De Bruin, 1993:8).

Daar was nie tyd vir lang voorbereidings nie. Met die hulp van Chris de Bruyn en Horst Bütow was *Singit ’88* einde Mei gereed om te gaan toer. De Bruin sê dat dit moontlik was weens die “uitstekende bestuur en Horst Bütow (die beste produksiebestuurder waarvoor ’n mens seker kan vra)” (De Bruin, 1993:8).

Bütow skryf in sy jaarverslag vir 1988 dat Alabama “’n nuwe fase” betree het met De Bruin se aanstelling. Hy is tevrede met wat De Bruin vermag het en skryf voorts: “Dit was van die staanspoor af duidelik dat ’n nuwe vars bries deur Alabama gaan waai” (Bütow, 1988a:3).

Dié *Singit*-program van 1988 het landwyd vol sale gelok, volgens die *Kampusnuus* van 29 Julie 1988 (Anon., 1988f:1). Na ’n negatiewe resensie die vorige jaar, skryf *Wapad* op 23 Augustus, “Alabama is vanjaar onverbeterlik”. *Wapad* gaan voort:

Nuwe beweging is in en het soos ’n lentebries deur die hele produksie gewaai en gesorg vir ’n nuwe

varsheid. En met 'n hoendervleis-vertolking van Parish & Topano se bekende 'The Royal Falcon' bars die nuwe Alabama met vertroue deur die elektroniese klankgolwe. Die soliste het hulle goed van hulle taak gekwyt en veral Heinrich Hamm en Chanté Hinds het beïndruk. Laasgenoemde se uitvoering 'Lago Maggiore im Schnee' sal nog lank in die gehoor se gedagtes kom spook (Snyman, 1989:3). *Kampusnuus* vervolg: "Volgens mense wat reeds die vertoning gesien het, het hy (De Bruin) sy vuurdoop as Alabama-regisseur met vlieënde vaandels geslaag" (Anon., 1988f:1).

Benewens die suksesvolle Alabama-reünie, wat deel van Potchefstroom se 150ste bestaansviering was, het die groep ook 'n bydrae gemaak tot die talle feesvieringe wat in 1988 landswyd plaasgevind het. Die 150-jarige herdenking van die Groot Trek het, benewens die Diaz-fees en die anderhalfeeufees van Potchefstroom, plaasgevind. Alabama het 'n liedjie opgeneem vir die Groot Trek-herdenking en dié gewilde liedjie, "Vorentoe Suid-Afrika" is op 'n kortspelerplaat vrygestel (De Bruin, 1993:9; Alabama, 1988). Die Alabama-reünie wat in 1988 plaasgevind het, was die eerste groot reünie wat deur die Kultuurkantoor georganiseer is. Dit sal in meer detail bespreek word onder paragraaf 5.6 wat oor reünies handel.

Alhoewel Alabama dié jaar met finansiële surplus afgesluit het, het die eise wat aan Alabama gestel is om finansieel kop bo water te bly al hoe hoër geword. Bütow skryf in sy jaarverslag: "Die druk op die studente met betrekking tot die hoeveelheid uitvoerings om fondse te genereer raak volgens ondergetekende te groot en kan nadelige gevolge op die studente se akademie hê. Alabama moes gedurende 1988 reeds 62 vertonings lewer om finansieel kop bo water te hou" (Bütow, 1988a:3).

Die inspirasie vir die titel van die 1989-produksie, *Pitkos*, kom uit Shakespeare se *Twaalfde Nag:* "As musiek die spyse van die siel is, speel, man, speel!" (Anon., 1989d:1) Na hy in 1988 sy voete gevind het, begin De Bruin se deelnemende bestuurstyl waarin hy in 1993 in *50 Jaar Alabama* oor skryf al hoe meer merkbaar word (De Bruin, 1993:9). In dié program word enkele werke van Alabama-lede ingesluit, onder meer *Pringlebaai* waarvan Conrad Huygen die musiek en lirieke geskryf het, "An'Marie" van Gerhard Jacobs en "Plonkiedonkie" met musiek deur Pieter de Bruin en lirieke deur Conrad Huygen (Anon., 1989d:2).

Die beeld van sorgvrye studentelewe aan die PU wat Alabama doelbewus probeer voorhou het, gee nie die beeld agter die skerms weer nie. In die Kultuurkantoorverslag van 1989 word só oor Alabama berig:

Drastiese beheer- en kontrolemaatreëls oor finansiële uitgawes is ingestel om onnodige uitgawes verder te beperk. Behalwe vir onvoorsiene uitgawes (bv. dekor) wys die finansiële state tot einde 1989 dat die beheermaatreëls uiters suksesvol toegepas is in vergelyking met die uitgawes van 1988. Alle belanghebbende persone (insluitende die registrateur (F & B) en die direkteur Departement

Openbare Betrekkinge) het deelgeneem aan ’n vergadering onder voorsitterskap van die viserektor, waartydens Alabama se finansiële toekoms indringend bespreek is. Die finansiële implikasies by vermindering van die aantal uitvoerings per jaar het aandag geniet. Die Departement Openbare Betrekkinge gee tans aandag aan groter borge vir Alabama sodat die groep nog steeds finansieel kan oorleef indien die aantal vertonings verminder word (Bütow, 1989a:2).

Desnieteenstaande berig Bütow dat Alabama “weer eens ’n uitstekende program op die planke gebring (het) wat by 62 geleenthede uitgevoer is en nagenoeg deur 50 000 mense bygewoon is. Hul jaarlikse plaat het gedurende Desember verskyn en hul skitterende TV-opname is vroeg in 1990 uitgesaai” (Bütow, 1989a:2, 3).

Dié jaar is daar ook ’n klankopname-ateljee ingerig waar klankopnames vir die produksie gemaak kon word. Volgens Bütow het dit dié jaar reeds ’n aansienlike kostebesparing vir Alabama meegebring. (Kyk na paragraaf 14.4.2.) Die ateljee het ook fondse vir Alabama gegenereer deur die maak van opnames vir buitegroepe en instansies (Bütow, 1989a:3).

In die boekie *Kultuurbedrywighede* wat die Kultuurraad in 1990 uitgegee het om die kultuurverenigings van die PUK bekend te stel, word Alabama beskryf as ’n unieke groep en dat dit ’n voorreg is om lid van die groep te wees. Om lid van Alabama te word, sit egter nie in enige student se broek nie, en die keuringsproses word só beskryf: “Alabama hou drie keuringsrondtes in Februarie. Die keurings sluit ’n stemtoets, gehoortoets, ritme-aanvoeling, beweeglikheid en spontaneïteit in (Steyn, 1990:5, 6). ’n Oudisie-vorm van Alabama dui aan dat verskeie aspekte in aanmerking geneem is om vas te stel of iemand ’n lid van Alabama kan wees. Aspirant-Alabamalede moes ’n liedjie van hulle eie keuse sing. Daar is gekyk na intonasie, frasering en voordrag en die stemomvang en in watter stemgroep die persoon val is bepaal. Daar is vasgestel of die persoon kan dans en of hulle ritme het. Boonop moes vasgestel word of die kandidaat die mas gaan opkom in die akademie as hy of sy ’n lid van Alabama is en daar is ook ’n balans gehou tussen die verskillende jaargroepe (Jonker, 1984).

Met die produksie *Joie de Vivre* in 1990 trek Alabama weer eens vol sale met hulle ses optredes in die Ouditorium. *Wapad* is ook entoesiasties en skryf op 7 Augustus onder die opskrif: “Alabama borrel en sprankel met lewenslus.” Harris vervolg: “*Joie de Vivre* is inderwaarheid Lewenslus met ’n positiewe jeugdige en vrolike boodskap. Die revue is losweg gebou om Pierneef se fagot, ‘Ek luister graag na ’n fagotkonsert, na ’n pampoenstingel fagotkonsert’ wat die breë gees in elke kwart van die revue saamvat. Daar is nie minder nie as tien Afrikaanse treffers, drie splinternuwe wysies gekomponeer deur Pieter de Bruin, Horst Bütow en Awie van Wyk. Die soliste skitter vanjaar weer en Janine Johansen se vertolking van *Move Up* is sjarmant. Chanté Hinds se *The wind beneath my*

wings behoort die hoogtepunt te wees van die produksie" (Harris, 1990a:6). Dié produksie slaag met vlieënde vaandels die toets voor sy tuisgehoor met ’n staande ovasie met sy openingsaand (Harris, 1990b:4).

1990 blyk ’n jaar van hoogtepunte te wees, want tydens hul laaste vertoning, die 55ste vir die seisoen op Carletonville, was die gehoor aan die einde van die vertoning minute lank op hulle voete (Anon., 1990b:8). In November was Alabama ook een van tien ontvangers van ’n Gratia-toekenning van die Potchefstroomse stadsraad (De Bruin, 1993:9). (Kyk na 5.8.1.)

In 1991 is agt oorspronklike komposisies van Alabama-lede by die *Resolusies*-program ingesluit. Alabama betree die wêreld van die klassieke musiek deur ’n operakeurspel in te sluit. Dit sluit in die "Pelgrimskoor" uit *Nabucco* van Verdi, die "Lied van die Toreador" uit *Carmen* van Bizet en die fluitsolo uit *The Mission* (Anon., 1991c:1).

Die doel van 1992 se produksie, *Deel Jou Glimlag*, word só deur Pieter de Bruin verwoord: "Ons wou met hierdie program die ideale van studentepret, studentevrolikheid en studente-energie (sonder om uitasem te raak) verwesenlik (Anon., 1992d:15).

Teen 1992 maak borgskappe 30% van Alabama se inkomste uit. In sy jaarverslag berig Bütow: "Deur die inisiatief van die studente kon die NCD-maatskappy as ’n addisionele borg vir Alabama gewerf word. Aanduidings bestaan reeds dat hierdie maatskappy in die toekoms nog meer betrokke wil raak en dat die borgskap vergroot sal word. Standard Bank se betrokkenheid kon ook voortgesit word" (Bütow, 1991a:2, 3). Dié jaar is daar ook deur die inisiatief van Alabama se erepresident, mnr Johan van Rensburg, ’n daglange dinkskrum tussen hom, die bestuur en die Kultuurkantoor gehou. Aspekte wat bespreek is was reklame en "byderwetse advertensie-moontlikhede". Terselfdertyd is ernstig besin oor die programinhoud vir die toekoms (Bütow, 1991a:3).

Te midde van die organisasie van die reuse Alabama-reünie van 1993, waarmee in 5.6.2 gehandel sal word, beskryf Bütow in sy jaarverslag dat Alabama "’n uiters geslaagde toer en konsertprogram afgehandel (het) met ’n rekord-bywoningsyfer" (Bütow, 1993a:5). Dit bly egter steeds ’n uitdaging om ’n gewilde produksie op die planke te bring. In *50 Jaar Alabama* skryf De Bruin: "’n Tipiese vertoning is relevant en eietyds, gewild, gebou op goeie tegniek en oorspronklikheid en afgerond met onmisbare spontaneïteit. Teatertegniek-aspekte soos beligting, klank, kostuums en choreografie is nou ’n integrale deel van die vertoning" (De Bruin, 1993:9).

Wat betref De Bruin (1993) se deelnemende bestuurstyl, stel hy jaarliks ’n doelwit om minstens een komposisie van ’n Alabama-lid in die program in te sluit. "Lede word genader om hulle kreatiewe insette te lewer. *Prisma* (die 1993-produksie) se kostuum-, dekor- en beligtingsontwerpe bevat almal substansiële idees van huidige lede in ag." Inaggenome dat die toerreëlings steeds hoofsaaklik deur

die bestuur getref word, is dit, volgens De Bruin, "'n prestasie wat feitlik onmoontlik is om te ewenaar" (De Bruin, 1993:9).

Alabama neem ook in 1993 vir die eerste keer deel aan die Randfees van die Standard Bank Nasionale Kunsfees te Grahamstad waar hulle vier vertonings lewer. Bütow berig in sy jaarverslag: "Hoewel dit finansieel en organisatories moeilik was om die projek te laat slaag, kon die groep baie suksesvol deelneem. Hierdie poging was van groot waarde vir die studente, sowel as vir die Universiteit in sy geheel. Die sukses kan sekerlik gemeet word aan die feit dat ons studente gevra is om meer uitvoerings te gee as wat geskeduleer is" (Bütow, 1993b:3).

Finansiële sukses bly steeds 'n uitdaging en aan die begin van 1994 is 'n werkseminaar in Johannesburg gehou waar bydraes van prominente mense in die vermaaklikheidswêreld, bemarkings- en reklameindustrie en die media verkry is. Bütow berig in sy jaarverslag dat 'n wye bemarkingstrategie en -veldtog beplan en van stapel gestuur is. Een van die strategieë was om Alabama te koppel aan die *Beeld* Kinderfonds. Bütow beskryf dit as 'n "wenresep" wat weerspieël is in hoë bywoningsyfers en finansiële sukses. Nagenoeg R12 000 is vir die fonds ingesamel (Bütow, 1994a:6). Daar is ook 'n spesiale promosie-CD gemaak met twee "wennommers" daarop. Een daarvan was van Jannie du Toit en die ander van "ons eie Annatjie Davel". Bütow berig dat die CD voor die toer na alle radiostasies versprei is en tydens ander bemarkingsaksies gebruik is (Bütow, 1994a:6).

Le gong la Mamorati was 'n eenakter musiekblyspel wat in 1995 by Alabama se *Viva*-program ingesluit is. De Bruin (2014a) sê dat dit geskryf is na aanleiding van 'n oproep deur Nelson Mandela in 1994 dat kulture in Suid-Afrika moet hande vat om te help om die nuwe reënboognasie te vergestalt. Die verhaal is gegrond op 'n Afrikateks en 'n kortverhaal van Elize van Wyk. Dit is deur Pieter de Bruin verwerk en is opgedra aan voormalige toerouers, prof Cas Kruger, professor in Afrikatale en sy vrou Baby (De Bruin, 2014a). Prof Kruger en sy vrou was die toerouers wat Alabama die meeste keer vergesel het. Hulle was van 1985 tot 1989 en weer in 1992 en 1993 toerouers (Van der Walt, 1993:23).



ILLUSTRASIE 5.34
'N TONEEL UIT *LE GONG LA MAMORATI*. JOHAN ABRIE HET DIE ROL VAN KASENGI VERTOLK IN DIE AFRIKA-MUSIEKVERHAAL WAT IN 1995 DEEL VAN ALABAMA SE PROGRAM WAS. DIE EKSPERIMENTELE MUSIEKBLYSPEL HET NIE ORAL BYVAL GEVIND NIE. DIE FOTO HET IN DIE PROGRAM VERSKYN (ANON., 1995B:6).

De Bruin verskaf die sinopsis van die verhaal: Dit handel oor Kasengi, 'n man wat vergeefs vrou soek. Almal dryf die spot met hom daaroor. Uit verlange kerf hy 'n vrou uit rooi kiaat. 'n Ou wyse gee aan hom 'n towertooisel wat die beeld lewendig maak, waarna hy gaan jag. Terwyl sy by die rivier uit verlange vir hom sit en wag, word sy ontvoer. Toe hy terugkom besef Kasengi wat gebeur het en besluit om haar te gaan red. Hy soek van kraal tot kraal tot hy haar opspoor en besluit om haar te red deur die towertooisel van haar af te haal sodat sy weer soliede kiaat word. Die blyspel eindig met 'n pryslied aan haar, Mamorati (De Bruin, 2014a). Bütow skryf in sy jaarverslag hieroor: "Terugvoering oor die konsertprogram was geweldig uiteenlopend en klagtes is veral ontvang ten opsigte van 'n spesifieke kostuum en die eksperimentele musiekblyspel (Bütow, 1995b:5). Hieruit kan afgelei word dat die aanbied van *Le gong la Mamorati* nie oral byval gevind het nie.

In 1994 besoek Alabama vir die eerste keer in 12 jaar Namibië met hulle *Portfolio*-produksie. Bütow berig in sy jaarverslag dat die kort toer in die Oktoberreses onderneem is en dat Alabama uitnodigings ontvang het om dit 'n jaarlikse instelling te maak (Bütow, 1994a:2). Pieter de Bruin skryf oor dié jaar se program: "Partymaal kom sekere elemente in 'n vertoning net op so 'n manier bymekaar dat dit baie spesiaal word. Met *Portfolio*, 'n oorwegende Afrikaanse vertoning, ervaar ons 98% vol sale en staande ovasies!" (De Bruin, 2014a)

Na die vorige jaar se werkseminaar oor bemarking het Alabama in 1995 met 'n meer intense bemarkingsveldtog begin. Dirk Hermann is aangestel as Alabama se eerste bemarkingsbestuurder. Dit was die vyfde jaar wat hy by Alabama betrokke was. Die program verduidelik wat die bemarkingsveldtog behels: "Dit wissel van gekoopte media, nl. radio, advertensies tot koerantbylae, tydskrifartikels, radio-onderhoude en persverklarings. Hierdie bemarking het ontwikkel tot een van die belangrikste komponente van die Alabama-jaarbeplanning – 'n belangrike slagaar waarsonder Alabama nie sal kan voortbestaan nie" (Anon., 1995b:4).

Deel van die bemarkingstrategie was die loods van Alabama se Kinderprojek. Dié projek was die breinkind van Dirk Hermann (Brand, 1996a:8). In die program vir 1996 word die projek bekendgestel. Hierin word gesê dat die Kinderprojek op drie hoofpunte konsentreer: opvoeding, opheffing en vermaak. Dit behels dat Alabama betrokke was by fondsinsameling vir *Beeld, Volksblad* en *Die Burger* se onderskeie kinder- en kersfondse. ’n Persentasie van die program- en CD-verkope in die foyer en skenkings wat tydens die vertonings deur die publiek gemaak is, is aan die fondse geskenk. Alabama het ook kindervertonings en -partytjies vir kinders beplan, terwyl spesiale skole, kinderhuise en winkelsentrums besoek is. Een van die hoofborge van Alabama was Clover. Hulle bekende karakter, Mina Moo, het saam met Alabama getoer om nog meer pret aan kinders te verskaf. Die projek het ook ’n teateropvoedingsprogram aangebied waartydens kinders bekendgestel is aan teater, teater-etiket en die tegniese aspekte van teater (Anon., 1996a:11). Brand skryf in 1996 dat Alabama R11 200 met die Kinderprojek ingesamel het, waarby ingesluit is ’n bedrag van R4 000 vanaf Clover (Brand, 1996a:8).

Die bemarkingstrategieë blyk vrugte af te werp, want Bütow skryf in sy jaarverslag vir 1995 dat die finansiële resultate ’n goeie positiewe saldo getoon het “ten spyte van ’n eksperimentele deel in die program” (Bütow, 1995b:5).

Die toer na Namibië word in 1995 ook tydens die Oktoberreses herhaal. Vir die Alabama-lede self was dit ’n positiewe ervaring en Alabama-lid, Estelle van Reenen, het aan *Wapad* gesê: “Dit was *great* en die mense was van die hartlikste gehore voor wie ons al opgetree het” (Bisschoff, 1995:9).



ILLUSTRASIE 5.35
EEN VAN ALABAMA SE BORGE, CLOVER, SE KARAKTER MINA MOO (LINKS), HET IN 1995 SAAM MET DIE GROEP GETOER AS DEEL VAN ALABAMA SE KINDERPROJEK (ALABAMA, 1995).

Johan van Rensburg, eerste regisseur van die revuestyl-programme, het in 1993 die erepresident van Alabama geword. Daarna het hy ’n sterk ondersteunende rol vir dié geselskap gespeel. Vroeg in 1996

was die Alabama-bestuur sy, en sy vrou Rina Hugo, se gaste waartydens ’n heildronk ingestel is op *Fyngoud,* Alabama se produksie vir 1996. Hulle het ook van die jaar af ’n beurs geskenk wat toegeken sou word aan die mees gebalanseerde Alabama-lid (Henn, 1996:3).

Weer eens word enkele van die Alabama-lede se liedjies by die program ingesluit. Wilhelm Claassen is die skrywer van “Uit die oë van ’n kind”, terwyl “Flenterkinders” deur Johann van der Walt geskryf is. Dawid Brand, Johann en Wilhelm het saam geskryf aan die temalied, “Fyngoud” (Henn, 1996:3).

Bütow berig dat die terugvoering oor die konsertprogram “geweldig positief” was. Daar is blykbaar teruggekeer na die meer “tradisionele samestelling” van die program, wat goed ontvang is. “Al die aspekte van die vertoning het gunstige kritiek uitgelok (Bütow, 1996a:6).

Hy sê dat daar op die bemarkingskonsep van 1995 verbeter is. Brand (1996a) skryf dat dit behels het dat die basiese motivering nie net was om die bemarkingsvoordeel daaruit te geniet nie, maar om elke lid van die Studentegeselskap die geleentheid tot persoonlike verryking te bied. “Die projek behels vanjaar nie net ’n professioneel afgerigte kindervertoning vir skouoptredes aan kinders nie, maar ook intensiewe besoeke aan instansies vir minderbevoorregtes, fondsinsameling in die foyer tydens elke vertoning deur lede en ’n sekere persentasie van die program- en laserskyfverkope word ook tot die fonds aangewend” (Brand, 1996a:8). Bütow reken dat die koppeling van Alabama aan die *Beeld* se Kinderfonds weer eens ’n wenresep, was, wat weerspieël is deur die hoë bywoningsyfer en finansiële sukses. R12 000 is aan die Kinderfonds geskenk (Bütow, 1996a:6).

Quantum, Alabama se produksie vir 1997 was die tiende een waarvan Pieter de Bruin die regisseur was. In die program haal hy Psalm 16:6 aan “’n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja: wat ek ontvang het, is vir my mooi.” Dié program het, nes *Encore* van 1987, ’n retrospektiewe inhoud. De Bruin vervolg: “Al die liedjies is herverwerk en daar is boonop nege nuwes” (De Bruin, 1997a:1).

Onder die opskrif “Alabama bestorm Kaap van Storms” skryf *Wapad* van 7 Augustus oor die toer en gee ’n beeld van die dag-tot-dag lewe op ’n Alabama-toer:
Alles het nie altyd so seepglad verloop as wat dit voorkom nie. ’n Algemene kopseer is dat die groottes van die verhoogoppervlaktes drasties kan verskil en haastige improvisasies dan gemaak moet word. Alabama-bestuur kan as diktators beskryf word. Geen verskonings vir laat kom of verlore rekwisiete word aanvaar nie. Jou straf is ’n ‘lala’ (’n tipe van borsel op die maat van die lala-liedjie). Na elke vertoning word ’n post-mortem gehou waar die positiewe en negatiewe kritiek uiteengesit word. Elke manlike lid het ’n kleredame wat die kostuums was en gereed kry, terwyl die mans die verhoog in gereedheid moet bring. In die oggende bied die dameslede ook kindervertonings in winkelsentrums aan waar die Yogi-saurus en Clover-produkte aan die jong bewonderaars uitgedeel word (Schaap, 1997a:2).

Dié jaar was Reinhard Bodenstein die bemarkingsbestuurder en hy het ’n omvattende “Doc-verslag” nagelaat, waarin sy werksaamhede van die jaar weergegee word. Dit is as’t ware ’n bundel van verskeie dokumente insluitende inligtingstukke, briewe, e-posse, koerantknipsels, nuusbriewe en pamflette. Dit bevat nie alleenlik inligting oor die bemarking nie, maar ander inligting oor Alabama. Dié jaar het die groep bestaan uit studente wat die volgende studierigtings gevolg het: twaalf BA, nege BCom., vyf BBk, vier BPharm, twee BPrimEd, twee BSc, twee BJuris, een BEd, een BProc en een honneursstudent. Wat betref hul akademiese studiejare was agt eerstejaars, 18 tweedejaars, agt derdejaars, vier vierdejaars en een ’n vyfdejaarstudent (Bodenstein, 1997a).

’n Dinkskrum is in Meimaand by een van Alabama se borge, Clover, se hoofkantoor in Roodepoort gehou. In die uitnodigingsbrief daarvoor word gesê: “Alabama moet besef dat daar ’n klemverskuiwing op mediaterreine plaasvind, dat mediadekking aan ’n sekere kultuur, soos Alabama, by die dag vermoeilik en dat hulle juis moet konsentreer om hul naam in elke huishouding steeds bekend te hou” (Bodenstein, 1997b).

TABEL 5.2

Uiteensetting van die aard en omvang van Alabama se inkomste en uitgawes in 1997

Uitgawes	**Inkomste**
Kapitale uitgawes: Klanktoerusting Kostuums Beligting Dekor Houers	Inkomste: Inkomste uit vertonings Program en CD-verkope Borge Skenkings
Lopende uitgawes: Professionele dienste Orkesopnames Vervoer Telefoon en posgeld Reklame: - Plakkate - Foyeruitstalling - Pers en foto's - Projekte - Radio en media - Tydskrifte - Uitvoerregte - Program Verblyf en etes Huur van sale CD-opname Rekwisiete Drukwerk en skryfbehoeftes Onderhoudkoste	**Borge:** Inkomste vanaf borge behels 25% van Alabama se jaarlikse inkomste (238 500) Mercedes Benz 40.67% Clover SA 30.19% PU vir CHO 12.16% Standard Bank 9.22% PU vir CHO, Openbare Betrekkinge 4.19% Bult Garage 2.52% *Klerksdorp Record* 1.05% **Skenkings behels:** (Item en waarde) Voorhakker R97 000 Sweetpakke en toertassies R15 000 Produkte vir oefenkamp R 1 500 Promosiemateriaal tydens kindervertonings R 500 Oefenkamp-hempies R 3 000 Klerasie aan tegniese lede R 1 500 Diens aan leunwa R20 000

IN SY "DOC-VERSLAG" GEE BODENSTEIN 'N UITEENSETTING VAN DIE AARD EN OMVANG VAN ALABAMA SE INKOMSTE EN UITGAWES EN DIE PERSENTASIE WAT SKENKINGS BEHELS (BODENSTEIN, 1997A).

Die titel van die 1998-program was *Eufonie*. Bütow berig in sy jaarverslag dat die program 54 keer opgevoer is. Hy vervolg egter dat dit finansieel met Alabama "noustrop gegaan het" na die onttrekking van 'n borg vir die "vervoer asook die weens die ongelooflike eskalering van koste van klankopnames" (Bütow, 1998a:4). Alabama beleef egter 'n eerste toe hulle in Mei die gaste was van 'n revuegroep uit die VSA wat hul uitvoering *Neighborhood* in Potchefstroom gelewer het (Bütow,

1998a:4). Hy noem egter dat Alabama "met groot sukses" 'n volle jaarprogram kon handhaaf. Pieter De Bruin (2014a) skryf dat Helenè Bester, wat later nasionaal bekend sou word as sangeres, in 1998 'n sopraan in Alabama was.

Sy moes 'n Franse solo, C'est pour vivre – *te pragtig, maar toe word sy uitgevang: met die vertoning in die Springs Stadsteater kom 'n Franssprekende man na die syverhoog toe en vra na Helenè. Ons het almal gedink: hier kom 'n pluimpie. Groot was ons verbasing en ontsteltenis toe hy haar oor die vingers tik – Helenè het die hele tyd sommer woorde opgemaak! (Sy is in elk geval in goeie geselskap met dié dat Mimi Coertse ten koste van haarself ook al vertel het hoe sy haarself uit die verknorsing red as sy haar woorde vergeet)* (De Bruin, 2014a).

In sy paragraaf in die program skryf die voorsitter David Brand, dat die program opgevoer kan word na 400 uur se oefening (Brand, 1998:3). Die vraag ontstaan nou of Bester se blaps ten spyte van dié 400 uur se oefening of as gevolg daarvan is.

Haddad Viljoen, *Wapad* se resensent, meen egter dat Bester se weergawe van "C'est pour vivre" die meeste mense sou bybly (Viljoen, 1998b:2). Hy vervolg:

Eufonie *is gekenmerk deur 'n effens donkerder inslag. Na verlede jaar se vertoning van grootste treffers het Alabama hierdie jaar baie meer onbekende musiek aangedurf, veral die werke wat deur lede van Alabama self geskryf is, het baie beïndruk. Baken van Johan Kruger en Surfacing van Herman van der Walt is werke van hoogstaande gehalte. Eufonie laat mens wonder wat lê in die toekoms vir Alabama, maar laat jou uitsien na die reis.*

Nadat daar in 1986 weggedoen is met 'n orkes op die verhoog, maak 'n "lewendige" orkes weer in 1999 sy verskyning. Die resensent van *Wapad,* skryf dat dit 'n "puik idee" is. "Klarinet, saksofoon, blokfluite maak 'n buiging, asook dromme en 'n baskitaar" (Schaap, 1999a:1).

In Transito, Alabama se produksie vir 1999, is in Mei by die huis van sy erepresident, Johan van Rensburg in Randburg bekendgestel. *Wapad,* wat daaroor berig, skryf ook: "'n Nuwe mylpaal vir Alabama vanjaar is dat die revuegroep vir die eerste keer in hul bestaan 'n CD op eie bodem gaan sny. Alabama maak van hulle eie ateljee gebruik om die *In Transito* CD op te neem. Hierdie ateljee, wat in die Heimat-gebou geleë is, is spesiaal met die beste toerusting ingerig om die ideaal te verwesenlik" (Kruger, 1999:10).

Met Alabama se *In Transito*-produksie van 1999 word daar gehou by dit "wat lekker gewerk het vir Alabama" (De Bruin, 1999:1). Te midde van die millennium-koors het Alabama gepoog om steeds te vermaak. Schaap, *Wapad* se resensent reken dat hy dit geniet om Alabama "af te skiet," maar "vanjaar is dit 'n plesier om hulle te prys" (Schaap, 1999a:1). Die opskrif van dié resensie is: "Sinikus erken: 'Ek geniet Alabama'". Schaap vervolg:

Jammer oor tone waarop getrap gaan word, maar dit is tyd dat iemand dit sê. Alabama, die vlagskip van die PU vir CHO se unieke karakter, is die afgelope paar jaar aan die stagneer. Vervelige danse, lomp musiekkeuses en groteske uitrustings. Die tekens van die tyd was besig om deur te skemer. Daarom waai vanjaar se In Transito *soos 'n vars bries oor die gehoor. As mens 'n Alabama-vertoning bywoon, is daar sekere fundamentele faktore wat jy moet aanvaar. Uitgestrekte handpalms gaan na die plafon reik, die tempo gaan vinnig wees, die musiek lig en opgewek en hulle gaan glimlag. As jy nie kan vrede maak met Alabama-optimisme nie, moet nie gaan kyk nie. Jy gaan egter iets mis: die vernuwing van die Alabama, net betyds vir die eeuwenteling. Mees opvallend is In Transito se musiekverskeidenheid. Kostuumontwerp is ook onverwags smaakvol en gepas, kleurvol, soos verwag kan word, maar minder 'Hoërskool-revue' en meer moderne mode. Geluk, Amanda Cawood* (Schaap, 1999a:1).

Volgens die program is Cawood 'n oud-Puk wat Huishoudkunde studeer het. In 1999 was sy vir die agtste keer die vervaardiger van Alabama se kostuums (Anon., 1999a:4). Die program gee voorts erkenning aan Pieter de Bruin, Cawood en Jeannine Cunniff as ontwerpers van die kostuums (Anon., 1999a:12).

Vir sy *exhibit [a]:*-program van 2001 wyk Alabama van die ligte vrolike musiekklanke af en pak die *Geographical Fugue* van Ernst Toch aan. Dit is 'n vierstemmige spreekkoor met wêreldstede se name as teks in 'n ingewikkelde ritmiese kanonstyl (De Bruin, 2014a).

In sy jaarverslag vir 2002 skryf Bütow dat Alabama, soos in die verlede, gebuk gegaan het onder enersyds "geweldig eskalerende vervoerkoste, 'n program wat so druk is dat die akademie daaronder begin ly het, gebrek aan toewyding in die geledere van bestuurslede, en dalende gehoorgetalle" (Bütow, 2002a:1, 2). Ten einde dié faktore teen te werk, is 'n "belangrike dinkskrum" deur die Departement Kultuur gereël en oud-Alabama-rolspelers, die erepresident, Johan van Rensburg is onder meer daarheen uitgenooi. Die voorstelle, wat in 2003 geïmplementeer sou word sluit in; verbeterde bestuursopleiding; toerrigtings nader aan Potchefstroom om langafstande uit te skakel; verskuiwing van die finale vertoningskeuringsdatum van middel Mei na die resestyd in Julie ten einde die druk op die "oorvol tweede kwartaal" te verlig. 'n Verkorte toer sal dan in dié reses onderneem word, terwyl daar ook 'n toer in die Desemberreses kan plaasvind.

Dié jaar was Bellville die verste punt van Potchefstroom af waar opgetree is. Daar is twee vakansietoere onderneem, gedurende die Junie/Julievakansie en gedurende Septembervakansie. Na albei vakansies is daar gedurende naweke optredes gehou, die laaste op 25 Oktober in Springs (Anon,. 2002: 9).

Wat die programinhoud betref, beveel Bütow (2002a) aan dat die tradisionele aard van die revueprogram heroorweeg moet word en in die plek daarvan kan musiekblyspele vanaf 2004 aangebied word. Hy reken egter dat daar deeglik daaroor nagedink moet word en dat beplanning ewe deeglik moet wees, aangesien die risiko verbonde aan verandering goed bepaal sal moet word. Ten spyte van dié negatiewe aspekte sluit Bütow af deur "'n verblydende aspek" te meld. Dit is dat Alabama se program dié jaar "baie goed ontvang is". Dit lyk onder meer uit hulle "besonder suksesvolle optredes by Aardklop 2002". Hy reken dat "waarde is vir seker vir die PU bygevoeg" (Bütow, 2002a:1, 2).

Alabama het in 2003 hulle 60ste verjaardag gevier. *Wapad* skryf op 29 Augustus: "*Chrysalis* is 'n uitstekende produksie met talentvolle studente wat met hul entoesiasme en lewenslus dit 'n fees maak om na hul te kyk. Geen wonder dat die PUK se hoofkultuurborg, Standard Bank, dié jaar R46000 aan die Alabama geborg het nie. Tussen stelle het Ivor Hobbs en Adri Delport gesorg vir komiese vermaak. Ivor se uitstekende stemnabootsing van Nataniël en Bennie Boekwurm bly 'n wenner" (Du Plooy, C., 2003:5). Hobbs en Johanni Loubser het die bekende "Dinner for one" as 'n verhoogskets gedoen. Die studente het Johanni 'n poets gebak deur die plastiese rekwisiet, wat die vis voorstel te vervang met 'n stuk vars vis wat die hele dag op die dekortrok se dak in die son gelê het. Nodeloos om te sê was dit vir haar uiters moeilik om eenakter te voltooi (De Bruin, 2014a).

Dié jaar het die PU gebuk gegaan onder 'n uitbraak van breinvliesontsteking, waartydens drie studente dood is. Noodmaatreëls en 'n wydreikende immunisasie-poging is van stapel gestuur (Gouws, 2008a:89). Dit was egter midde-in Alabama se toerseisoen. De Bruin (2014a) vertel dat voor die optrede in die Vereeniging Stadskouburg is die hele Alabama-groep ondersoek voor daar toestemming gegee is om te gaan optree. Die Skouburg was stampvol, behalwe vir die eerste drie rye, wat leeg was. De Bruin reken dit was 'n "sielkundige buffer" vir die gehoor om te verseker dat hulle nie aansteek nie (De Bruin, 2014a).

Die doelwitte wat in Bütow se 2002-verslag gestel is, naamlik verbeterde bestuursopleiding, 'n toerplan nader aan Potchefstroom en die vertoningskeuringsdatum gedurende die Juniereses is geïmplementeer. Laasgenoemde het beteken dat die begin van die toer met sewe dae aangeskuif is. Bütow reken egter dat dit nie die gewenste uitwerking gehad het nie, want die studente was "totaal uitgeput" toe hulle op toer gegaan word. Boonop kon die studente ook nie oorreed word om gedurende Desember te toer nie. Wat betref die voorstel om musiekblyspele op te voer, berig Bütow dat dit laat vaar is weens die koste en infrastruktuur daaraan verbonde (Bütow, 2003a:1, 2).

In 2004 berig Bütow in sy jaarverslag dat daar na deeglike oorweging besluit is "om Alabama se tradisionele revueprogramme geleidelik te verander met 'n nuwe styl aanbieding, wat onder andere

ingesluit het die gebruik van instrumentaliste, solo's & duette, en sogenaamde '*close mic'*-groepies" (Bütow, 2004a:1). Nes die vorige twee jaar, berig hy dat 2004 se program, *Triptiek*, "baie gunstig ontvang is". Dié jaar was ook die derde agtereenvolgende jaar wat Alabama tydens Aardklop opgetree het en hy sê dat dit die hoogtepunt van die jaar se program was (Bütow, 2004a:2).

Dit blyk egter dat Alabama nie meer so gewild is onder die studente as vroeër nie. Om studente aan te moedig om oudisies by te woon vra *Wapad* op 17 Januarie: "Alabama 2004 – 'Why do it?' en haal bestaande Alabama-lede se kommentaar aan:
'Ek sal terugkom om weer te show en die adrenalien deur my are te voel pomp as die gordyn lig en jy weet vanaand maak jy dalk 'n verskil aan iemand se lewe,' Suret Snyman. 'Alabama verbeter my menseverhoudinge. Dit gee my kans om in die professionele teaterwêreld te werk en om met professionele mense te werk. Dit is vir my sielsverrykend en jy maak vriende wat jy nooit sal verloor nie,' Ivor Hobbs. 'Die verhoog is 'n sprokieswêreld van klank en kleur waar jy jouself kan uitleef en geniet. Dit is een van die min plekke op aarde waar jy die genot en blydskap in jou hart kan uitleef en deel met ander,' Linda de Gouveia. 'Alabama vorm jou fisies, psigies en emosioneel tot so 'n mate dat jy al jou drome en ideale kan bereik. Alabama kruip stadig maar seker jou hart binne en as hy eers in is, ontstaan daar 'n ewige liefde vir Alabama wat jaar na jaar terugkom,' Karlien Kruger (Anon., 2004b:2).

Twee Alabama-lede, Monique Carelse en Valeska Smith, het die tweede plek behaal in 'n nasionale talentkompetisie wat op televisie uitgesaai is (Bütow, 2004a:2).

In 2005 word Alabama, ten einde koste te bespaar, drasties verklein na slegs 16 lede. Voorts is die skaal en konsep van die vertoning – ook weens begroting- en ander faktore – verander. Benewens die kleiner groep sangers, is die dekor drasties afgeskaal en 'n lewendige orkes op die verhoog is teruggebring. Volgens De Bruin is die fokus nou baie sterker op die kunstenaar self geplaas (De Bruin, 2014a).

Binne dié beperkende faktore, pak Alabama, met hulle *Caprice*-program van 2005, weer eens iets nuuts aan. Hulle sluit 'n eenakter *stomp* met die titel *Kotekitai* by die program in. Dit het 'n romantiese storielyn en tuisgemaakte "*world ethnic*" instrumente, aldus die musiekregisseur (De Bruin, 2014a). Die sinopsis van die verhaal is volgens De Bruin as volg:
Twee verliefdes, Yuki en Taro word lastig geval deur 'n aardsskurk, Mosako. 'n Feë, Maro-me, verander Yuki in 'n eksotiese voëltjie sodat sy die skurk kan ontsnap. Daar's 'n wilde geveg in die woud totdat Taro wen en Yuki veilig is. Maro-me gee Taro 'n magiese veer. Toe hy Yuki daarmee streel word sy weer 'n pragtige meisie terwyl Mosako moet toekyk hoe almal teen hom is en feesvier oor Yuki (De Bruin, 2014a).


Stomp is gebore as ’n produksie wat in Brighton, Engeland geskep is deur Luke Cresswell en Steve Nicholas (stomponline, 2016). Musiek word gemaak met ’n verskeidenheid van alledaagse gebruiksartikels. Dit sluit in plastiekpype, sigaretaanstekers, plastiese sakke en asblikdeksels (Copeland, 2012). Nadat die aanvanklike produksie in verskeie stede wêreldwyd opgevoer is, is dit in 1994 in die Sadler Wells-teater in Londen aangebied, waarna dit twee nominasies vir die Olivier-toekennings gekry het en die eerste prys vir beste choreografie. Sedertdien het verskeie geselskappe *stomp*-produksies wêreldwyd op die planke gebring (STOMPONLINE, 2016).



ILLUSTRASIE 5.36
’N TONEEL UIT DIE EENAKTER “STOMP”, KOTEKITAI, WAT ALABAMA IN 2005 BY HULLE *CAPRICE*-PROGRAM INGESLUIT HET (DE BRUIN, 2005).

Caprice, berig Bütow in sy jaarverslag, is oor die algemeen goed ontvang, terwyl Alabama onder meer by die jaarlikse inniBOS-fees by Nelspruit opgetree het (Bütow, 2005:2). Dit blyk egter teen die einde van 2005 dat die revuestyl aanbiedings vir Alabama uitgedien is. Bütow (2005) skryf in sy jaarverslag dat die “skrif aan die muur is” daarvoor. Alabama se 2005-produksie, *Caprice*, was dus die laaste in die revuestyl van Alabama se aanbiedings. Bütow berig voorts dat Alabama se “broekskeur begroting” gerealiseer is met ’n moontlike verlies (Bütow, 2005:2).

ILLUSTRASIE 5.37
KARLIEN KRUGER WAS IN 2005, TOE ALABAMA 63 JAAR OUD WAS, DIE EERSTE EN ENIGSTE VROULIKE VOORSITTER (ANON., 2005A:2).



Nog ’n eerste vir Alabama is dat Karlien Kruger as die eerste vroulike voorsitter van dié geselskap gekies is in die 63 jaar van sy bestaan. Dit was die derde jaar dat sy lid van die Alabama was (Anon., 2005a:2).

Na deeglike oorweging, beplanning en advies van onder andere oud-lede, is daar die besluit geneem dat Alabama vir 2006 drasties sal verander. Hoofpunte van hierdie besluit word in Bütow se jaarverslag vir 2006 vervat. Dit behels dat die geselskap nog kleiner is. Daar is ’n maksimum van 12 sangers, terwyl die geselskap in totaal uit 23 lede bestaan (Bütow, 2006:1; Keogh, 2006b:3).

Bütow vervolg dat daar geen dekor is nie, terwyl daar van ’n agterdoek (*backdrop*) gebruik gemaak is. Die revuestyl met die aaneenskakeling van liedjies, of groepe van liedjies met dieselfde tema, is, soos die vorige jaar, laat vaar. Daar is ’n deurlopende storielyn, wel gekoppel aan “gewilde immergroen musiek”. Die jaarprogram is goed versprei sodat om akademiese druktye te verlig. Keuring vir die groep het reeds die vorige jaar plaasgevind, sodat daar net seniorstudente by die geselskap ingesluit is. Daar is ’n Alabama-beheerraad ingestel, met ’n artistieke advieskomitee waarop ook lede van buite Alabama sal dien. Die bestuur en beheer is nou nie meer geheel-en-al die verantwoordelikheid van die studente nie. ’n Tydelike werknemer is in die Departement Kultuur op ’n kontrakbasis aangestel as projekbestuurder vir Alabama. Hy was mnr Glenn Cunniff. Terselfdertyd is die bestuur verklein en het minder organisatoriese verantwoordelikhede gehad (Bütow, 2006:1).

Volgens die program het die beheerpaneel in 2006 bestaan uit mnre Horst Bütow, Peet Ryke, Chris de Bruyn, Winton Windell, me Maryke Slabbert, en mnre Pieter de Bruin, Glenn Cunniff, Bennie Botha en Johan van Rensburg (Anon., 2006a:11). Bütow was die hoof van die Departement Kultuur, Ryke was ’n senior studenteadviseur: kultuur en oud-Alabama-lid wat agt jaar lank aan dié geselskap verbonde was. De Bruyn is die direkteur van die Artéma Instituut vir Kunstebestuur, De Bruin, die musiekregisseur en Glenn Cunniff die pasaangestelde projekbestuurder van Alabama. “Bennie” Botha is ’n drukfout op die program. Dit moet mnr Hennie Botha wees wat toe studenteadviseur: finansies was, terwyl Johan van Rensburg ’n voormalige regisseur van Alabama is en sedert 1988 erepresident van dié geselskap.

In 2007 het Alabama die produksie *Tutti Frutti* aangebied. Daar is, op die lees van die vorige twee jare geskoei, gepoog om ’n moderne produksie aan te bied, met die beperkinge wat Alabama noodgedwonge aan bande gelê het. Bütow skryf in sy jaarverslag dat “Alabama (moes) baie sterk besin oor die toekoms” en “drastiese stappe moes geneem word”, wat daarop dui dat die doodsklok vir Alabama begin lui het (Bütow, 2007a:1). Een van die optredes was by die Afri-Dome in Parys. De Bruin sê dat dié fasiliteit ’n binnenshuise arena vir skouperde is. Daar moes ’n verhoog geprakseer word met beligtingslatte wat aan die dakstruktuur vasgeketting is. “Alles agter en langs die verhoog

was sigbaar en dit het die gehoor ’n kykie gegee in wat agter die skerms gebeur in so ’n vertoning” (De Bruin, 2014a).



ILLUSTRASIE 5.38
MET DIE *CRACKERJACK*-PRODUKSIE VAN 2006 IS DAAR NIE VAN DEKOR GEBRUIK GEMAAK NIE, MAAR SLEGS ’N AGTERDOEK (*BACKDROP*). DIE ORKES IS NA JARE WEER OP DIE VERHOOG GEPLAAS, SOOS DIE ILLUSTRASIE AANDUI (DE BRUIN, 2006).

5.5.4.2 Pieter de Bruin – ’n kort biografie

Pieter de Bruin is in 1988 aangestel as Alabama se musiekregisseur. Hy sou uiteindelik sorg vir 20 Alabama-produksies. De Bruin is ’n boorling van Swartruggens en musiek was nooit ’n belangstelling nie. Hy het op laerskool rugby gespeel het en het tydens sy hoërskooldae aan gimnastiek deelgeneem. Aan die einde van sy standerd sewe-jaar is hy saam met ’n vriend in sy gimnastiekklas na die skoolorkes se oefening en hy het gehou waarvan hy gehoor het. Op dié plattelandse dorpie was feitlik geen geleentheid om musiek te neem nie. “Die uiteinde van die saak was ’n papierklawerbord waarop hy saans by die huis die note geleer lees en deuntjies geoefen het om die volgende dag op die skool se klavier te kan speel” (Anon., 1989f:29).

Sy ouma aan vaderskant was ’n musiekonderwyseres, maar het in die Noord-Kaap gebly. Sy het per pos teorielesse aangestuur. Volgens De Bruin was alles in Engels en in haar eie handskrif. Hy het uiteindelik aan die einde van sy standerd agt-jaar sy eie klavier gekry het. Musiek was toe ’n baie gewilde stokperdjie, maar hy het dit nooit oorweeg as ’n loopbaan nie. Hy het studies in ’n mediese rigting of ’n militêre graad oorweeg. As wenner van ’n wetenskapsweek het hy die PU besoek, waartydens ’n voorligter die moontlikheid van musiek as ’n loopbaan aan hom noem. Sonder enige formele musiekopleiding het dit egter buite die kwessie gelyk. Die huisdokter op sy tuisdorp was ’n vriend van ’n dosent in musiek, mev Sarie Serfontein-Theron en sy vrou het Pieter na haar geneem vir ’n “informele oudisie”. De Bruin het aan die *PU-Kaner* gesê:

‘Terwyl tannie Sarie en die dokter se vrou oor ’n glasie arm man se sjampanje – wit wyn en

sodawater – kuier, moes ek in die sitkamer speel. Uiteindelik was sy heeltemal tevrede en het sy vir my 'n amptelike oudisie by die Konservatorium gereël waar die departementshoof en die dosent in beheer van prakties, destyds prof Pieter de Villiers, teenwoordig was. Hulle het my intensief getoets, nie net prakties nie, maar ook my kennis van die teorie, waar Ouma se lessies handig te pas gekom het' (Anon., 1989f:30).

Volgens De Bruin was die vereiste om vir 'n musiekgraad aanvaar te word óf om musiek as matriekvak te geslaag het, óf graad VII (prakties) en graad V (teorie) in die Unisa-eksamen te geslaag het. Hy is egter sonder enige hiervan, net met sy ouma se lesse en die papierklawerbord, aanvaar, op voorwaarde dat hy die Unisa Standard-musiekeksamen teen die einde van sy eerste jaar behaal.


Hy het die graad BMus in 1981 met akademiese erekleure geslaag, daarna HOD nagraads gedoen en in 1983 BMus Hons. Tydens sy studentejare was hy drie jaar lank lid van die Universiteitskoor. In 1984, die jaar waarin hy vir 'n MMus ingeskryf het, was hy Alabama se klanktegnikus en lid van die groep wat die toer na Taiwan meegemaak het (Anon., 1988a:3). Die titel van sy Honneurs-skripsie is: "Elementêre klankfisika vir musiekstudente" (Anon., 1997a:2). Hy was ook as klanktegnikus lid van Alabama in 1985.

De Bruin het as student opnames gemaak in die ateljee wat deur Johan van Rensburg by die Konservatorium ingerig is. Hier het ds Mike van Tonder, vir wie hy behulpsaam was met die maak van 'n klankbaan vir 'n skyfiereeks, hom van die kontemporêre sanggroep wat die Leër wil begin vertel (Anon., 1989f:30). Nadat hy in 1986 met militêre diensplig begin het, het hy leier geword van die Dawid-sanggroep wat kontemporêre Christelike musiek onder soldate en die Suid-Afrikaanse jeug bevorder het. Na 'n preek oor Dawid wat godsman, soldaat en musikant was, het die groep die naam 'Dawid-groep' gekies (Anon., 1989f:30). Hiervoor het hy aan die einde van 1987 die Hoof van die Leër se Sertifikaat van Aanprysing ontvang. Dié jaar het hy ook 'n musiekkasset *Asof vir die eerste keer* vrygestel (Anon., 1989d:8).

In 1989 het hy 'n moderne ballet vir Henri Noppè, met die titel *A new dawn* geskryf en 1990 het hy die logo- en openingsnommer "Dedication" vir die Artes 1990-toekennings se vertoning geskryf. Oor die jare was hy ook verantwoordelik vir die musiekverwerkings van die Talentfees en het in 1992 die verwerkings gedoen vir die nuwe landsdiensbundel (Anon., 1992b:8). Tesame met sy verantwoordelikhede teenoor Alabama, was hy in 1992 en 1993 die ATKV Crescendo-kompetisie se klankingenieur en in 1994 en 1995 is hy die musiekregisseur van Crescendo, wat behels dat hy die musiekverwerkings vir die finaliste gedoen het (Anon., 1994b:3; Anon., 1996a:3). Sedert 1997 bedryf hy die klankateljee in die Heimat-gebou waar daar ook opnames vir ander kunstenaars gemaak word. Hier kon hy ook al die verwerkings, orkestrasies en programmering vir die Alabama-

aanbieding doen (Anon., 1999a:2). Vanaf 1999 was hy vir drie jaar die mede-lesingaanbieder van die Musiektegnologiekursus vir musiekstudente (Anon., 2005a:2). Met die totstandkoming van die NWU was hy die verwerker en orkestreerder van die nuwe Universiteitslied (Anon., 2007b:2).

ILLUSTRASIE 5.39
PIETER DE BRUIN WAS VAN 1988 TOT 2007 DIE MUSIEKREGISSEUR VAN 20 ALABAMA-PRODUKSIES. HIERDIE FOTO HET IN DIE PROGRAM VAN 1996 VERSKYN (ANON., 1996A:3).



5.5.4.3 Die staking van Alabama se jaarlikse produksies en toere

Ten einde sy gewildheid en inkomste te behou is daar toenemend groter eise aan Alabama gestel. ’n Strategiese beplanningsessie is in 2002 gehou en een van die sprekers was Pieter de Bruin. Die titel van sy aanbieding “‘Alabama wohin?’ – Is ons besig om Alabama kunsmatig aan die lewe te hou?” dui daarop dat alles nie pluis was met dié geselskap nie (De Bruin, 2002:1). Die eerste aspek van sy probleemstelling is dat dit toenemend moeilik is om lede vir Alabama te werf. “Die Universiteit bars uit sy nate, maar nogtans daal die getal studente wat keuring toe kom.” Hy noem voorts dat Alabama in die verlede oorval is met aansoeke vir vertonings, maar dat dit feitlik opgedroog het. Voorts word daar finansieel ’n al hoe groter druk op Alabama geplaas. Nog ’n aspek is dat die Universiteit toe Alabama nie meer gesien het as ’n belangrike aspek van sy bemarkingswaarde nie. “Departement Openbare Betrekkinge is nie meer ’n staatmaker-vennoot nie” (De Bruin, 2002).

Ten spyte van drastiese pogings wat aangewend is om bogemelde aspekte aan te spreek, is daar in 2007 besluit om Alabama-produksies te staak. Die laaste vertonings ooit was van 18 tot 20 Oktober 2007 in Pretoria (Anon., 2007b:10). Terselfdertyd skryf Dane Beisheim van *Wapad* op 17 Oktober ’n berig onder die titel “Daar gaan die Alabama”. Beisheim sê dat daar gerugte op die kampus die rondte begin doen het dat Alabama dié jaar sy laaste vertonings gaan hê. Glenn Cunniff, projekbestuurder van Alabama, se reaksie was dat dit die “einde van die huidige inkarnasie van die kultuurliggaam is” (Beisheim, 2007:6). Dié uitdrukking (effe aangepas vir hierdie konteks) “Alabama is dood, lank lewe Alabama” kan die benadering beskryf wat deur die Departement Kultuur gehandhaaf is met die beëindiging van Alabama, soos dit oor 64 jaar bekendgestaan het. In sy

jaarverslag vir 2007 gee Bütow geen redes hoekom dié besluit geneem is nie, net dat daar groot opgewondenheid bestaan oor die "nuwe rigting" wat Alabama inslaan. Een aspek waaroor hy "opgewonde" is, is dat die opname-ateljee in 1999 in die Heimat-gebou in gebruik geneem is en waardeur daar nou 'n nuwe CD-etiket gevestig kan word. Musiekpublikasies en -blyspele word ook in die vooruitsig gestel (Bütow, 1999a:1; Bütow, 2008:1). (Kyk na paragraaf 14.4.2 wat handel oor die klankopname-ateljee.)

Bütow noem egter in sy 2007-jaarverslag dat "tanende studentebelangstelling in Alabama se manier van doen en langtermyn toegewydheid" as aspekte wat in aanmerking geneem is om tot dié besluit van die staking van jaarlikse Alabama-produksie waarmee getoer word, te kom (Bütow, 2007a:1). Volgens Beisheim het dat daar net vyf persone by oudisies opgedaag vir die 2008-produksie, wat spesifiek dui op die "tanende studentebelangstelling", waarvan Bütow praat (Beisheim, 2007:6). De Bruin bevestig dit ook en sê dat eerstejaars vroeër "blinkoog oudisies bygewoon het en nie kon wag om 'n Alabama-lid te word nie" (De Bruin, 2014b). Dus kon die bestuur en musiekregisseur kies en keur. Hy bevestig dat hulle weliswaar einde 2007 'n baie skraal oes aan aspirant-Alabamas gehad. (Sedert 2006 is oudisies vir Alabama die vorige jaar gehou, sodat net senior studente by dié geselskap ingesluit is.) De Bruin (2014b) bevestig dat as daar vyf aspirant-Alabamas by 'n oudisie opdaag, kan 'n mens aanvaar dat twee nie kan sing nie en nog een minstens iewers langs die pad sal verdwyn, dus was dit 'n onbegonne taak om 'n produksie op die planke te bring. Die rede hoekom so min studente vir oudisies gekom het, meen De Bruin, was velerlei. Baie talentvolle eerstejaars was op hoërskool al in die skool se revueproduksie en dus was Alabama nie vir hulle 'n nuutjie nie. Dié wat wel talentvol was, wou eerder in 'n rockgroep sing as in Alabama (De Bruin, 2014b).

Bütow reken dat een van die hoofredes 'n toenemende gebrek aan toegewydheid by die studente was. "Hulle wil hulle slegs vir twee of drie maande verbind, maar nie agt maande nie en ook nie die volle winterreses vir 'n toer nie" (Bütow, 2014c). Reeds so vroeg as 2003 is 'n poging aangewend om studente te oorreed om gedurende Desember te toer, maar Bütow skryf in sy jaarverslag dat hulle nie daarin kon slaag om die studente te oorreed om dit te doen nie (Bütow, 2003a:2). Hierby voeg De Bruin: "Die hedendaagse student wil verskeie ervarings beleef elke jaar, waarvan onder meer die Sêrkompetisies en koshuisaksies, vandaar die onwilligheid om hulle die hele jaar net aan een projek te wil koppel" (De Bruin, 2014b). Die Afrikaanse publiek se musiekvoorkeure het weliswaar verander, wat ook 'n rol hier gespeel het, soos uiteengesit in paragraaf 5.1.1. en ook soos deur De Bruin opgemerk in studente se voorkeure vir watter soort musiek hulle wou maak.

Johan van Rensburg, erepresident van Alabama, sluit aan by Bütow en sê dat daar ook "iets verander het aan die lojaliteit wat lede teenoor Alabama gehad het. Vroeër was daar 'n baie sterk groepsgees

onder Alabama-lede, maar dit het later verdwyn" (Van Rensburg, 2014). Volgens van Rensburg was sy reaksie, nadat Bütow hom geskakel het om te sê dat Alabama se jaarlikse toerproduksie gestaak gaan word:

'Alabama was daar vir die studente nie andersom nie. Alabama was daar om 'n behoefte te vervul wat die studente gehad het.' En as die behoefte nie meer bestaan nie, is dit die einde. Alabama is baie soos 'n rugbyklub, of enige ander sportklub. 'n Rugbyklub word gestig omdat ouens wil rugby speel. As hulle nie meer wil rugby speel nie, of nie meer daar is nie, het die rugbyklub ook nie bestaansreg nie. Die studente wou nie meer deel gehad het aan Alabama nie (Van Rensburg, 2014).

Dit blyk ook dat Alabama sy gewildheid verloor het in Potchefstroom. Teenoor 'n gemiddeld van vyf vertonings in die Sanlam-Ouditorium tydens Alabama se speelvak in Potchefstroom gedurende die tagtiger- en negentigerjare, was daar in 2007 net twee vertonings in Potchefstroom. Uit 'n skrywe van Bütow aan die projekbestuurder van Alabama, Glenn Cunniff, ná dié vertonings, blyk dit dat Alabama hieruit slegs 'n inkomste van R27 600 gehad het. Die Ouditorium was ook vir beide vertonings slegs half vol (Bütow, 2007b).

Nog 'n aspek, sê Van Rensburg (2014), is dat die einde van Alabama ingebed is in die begin daarvan. Die fenomenale sukses wat behaal is met die eerste revuestyl-Alabama in 1967, het vereis dat dit die volgende jaar nog beter en nog meer suksesvol moes wees – en dit was elke jaar die geval. Dit het naderhand 'n ontsaglike las op die skouers van die musiekregisseur geplaas om elke jaar met 'n nuwe produk vorendag te kom wat weer eens vol sale trek. "Dit was 'n gedurige stryd om te verbeter" (Van Rensburg, 2014).

Dieselfde geld vir die choreografie. Van Rensburg brei uit: "Die choreograaf dink passies uit en almal is opgewonde daaroor. Die volgende jaar kan hy nie dieselfde doen nie, dit moet beter wees. Stelselmatig word die danse moeiliker en strawwer. As ek sien wat hulle op die ou end gedoen het teenoor wat ons gedoen, kan jy nie glo dis dieselfde groep nie!" (Van Rensburg, 2014)

Nesco du Toit, skrywer en regisseur van die Alabama-operettes van die vroeë 1960's sê:

In 'n stadium het ek opgehou om hulle (Alabama se) *konserte by te woon. Dit het iets geword, wat heeltemal nie tuishoort waar dit is nie. Dit het 'n professionele ding begin word. Studente kon naderhand nie meer byhou nie. Hulle moes professioneel wees. Dit het geweldig baie tyd en opoffering geverg. Dit moes 'n professionele organisasie geword het, los van die universiteit* (Du Toit, 2017).

Gevolglik het Alabama groter en groter geword, so groot dat saam met eskalerende kostes, dit uiteindelik onmoontlik geword het om Alabama winsgewend te hou. Met die dat Alabama se vertonings groter geword het, met ekstra choreografie en meer indrukwekkende dekor, het hulle 'n

groter verhoog nodig gehad. Dit was later baie moeilik om in ’n skoolsaal of ’n dorp se stadsaal op te tree. Alabama kon dus net in teaters in groter dorpe en stede optree en die klein dorpies het in die slag gebly. “Na 1994 het dié teaters begin agteruit gegaan en daar was later net een of twee waar hulle kon optree. Die gehore in die stede en dorpe wou ook nie elke jaar Alabama sien nie en gevolglik het kaartjieverkope afgeneem” (Van Rensburg, 2014).

Dieselfde tendens was teenwoordig in die teaterbedryf. Duur toneelproduksies met ’n groot rolverdeling is met eenpersoonvertonings vervang. By die kunstefeeste kon die groter produksies nie sonder groot borgskappe op die planke gebring word nie. Alabama is dus gedwing om by veranderende tye aan te pas.

Ten einde kostes te verlaag is die Alabama-groep oor die vorige jare drasties verminder, maar selfs dit kon nie keer dat die uitgawes die hoogte ingeskiet het nie. “Ons kon net nie meer ’n bus, die dekortrok en ’n Kombi vir ’n maand lank op die pad hou nie,” voeg De Bruin by (2014a). In ’n dokument van 2007 waarmee borge gewerf is, word gesê dat Alabama se uitgawes vir dié jaar op R600 000 geraam is (Cunniff, 2007:4). De Bruin reken dat dit teen 2008 op R800 000 sou neerkom (De Bruin, 2014b).

5.5.4.4 Benutting van die Alabama Studentegeselskap as bemarkingsinstrument tydens die tydperk waarin Pieter de Bruin musiekregisseur was

Toe Pieter de Bruin in 1988 Alabama se musiekregisseur geword het, was dié geselskap steeds besig om opgang te maak, nie alleen as bemarkingsinstrument vir die PU vir CHO nie, maar ook om sy merk te maak as ’n teenwoordigheid in die Suid-Afrikaanse ligtemusiek-wêreld. Mnr Chris Windell was steeds die direkteur van die Departement Openbare Betrekkinge en een van Alabama se grootste ondersteuners.

In 1989 is verskeie saamtrekke van oud-Pukke gehou wat saam met Alabama-vertonings plaasgevind het. *Kampusnuus* beskryf dit as “gulde geleenthede” en vervolg: “By al hierdie geleenthede sal Bestuurskomiteelede en ander PU-personeel teenwoordig wees om die Puk-vure weer hoog te laat brand (Anon., 1989e:1, 2). Daar is vir etlike jare steeds met hierdie praktyk voortgegaan.

Die reklamewaarde wat Alabama gehad het, het egter teen ’n prys gekom. Eskalerende kostes het reeds na 1980 dit noodsaaklik gemaak om borge te vind om Alabama te ondersteun. Teen 1991 het die inkomste uit skenkings van borge 30% van Alabama se inkomste uitgemaak (Bütow, 1991a:3).

Nadat Alabama in 1994 Namibië vir die eerste keer in 12 jaar besoek het, skryf Bütow in sy jaarverslag: “Die reklamewaarde van hierdie optredes vir die PUK moet nie onderskat word nie.” Hy vervolg “Indien enigsins moontlik, word enige verdere besoeke van Alabama aan Namibië (indien uitgenooi en weer geborg) sterk deur die Departement Kultuur aanbeveel” (Bütow, 1994a:2).

Alhoewel Bodenstein in 1997 skryf dat “26% van die redes waarom studente op die PUK kom studeer is om aan Alabama deel te neem” (Bodenstein, 1997c:3), word ’n nuwe versigtigheid hieroor opgemerk in skrywes van die Departement Openbare Betrekkinge aan Alabama. Mnr Chris Windell, een van Alabama se grootste ondersteuners, het aan die einde van 1995 afgetree.

Mnr Anton Kruger, direkteur van Openbare Betrekkinge, skryf op 19 November 1996 aan Bodenstein, die bemarkingsbestuurder van Alabama, waarin ’n uiteensetting gegee word van sy departement se bydrae tot Alabama. Dit sluit in R10 000 vir televisie- en radio-reklame, hulp met mediaverklarings, verskaffing van reklamemateriaal van die PU vir CHO om versprei te word tydens vertonings. Kruger sluit egter af: “Die Departement Openbare Betrekkinge, sal jaarliks die bemarkingswaarde van Alabama vir die Universiteit evalueer en op grond van hierdie evaluering sal ’n besluit geneem word oor steun vir die volgende jaar” (Kruger, 1996). Kruger het dus nie meer dieselfde blindelingse bewondering vir Alabama gehad, as wat mnr Chris Windell, die vorige direkteur gehad het nie.

Mnr Theo Cloete het in 1995 hoof van Alumni en Fondswerwing geword en in 1998 direkteur Openbare Betrekkinge van die PU vir CHO toe sy afdeling en Bemarking en Media weer saamgesmelt het. Hy is in 2014 die direkteur van Bemarking en Kommunikasie van die NWU, Potchefstroomkampus. Cloete sê dat omstandighede in die laaste helfte van die negentigerjare dermate verander het dat Alabama nie meer die trekpleister was wat dit vroeër was nie. Voornemende studente het al hoe minder ag geslaan op korporatiewe inligting van instansies. Korporatiewe inligting kan gesien word as bemarkingsmateriaal en -aksies van die instansies om inligting daaroor oor te dra. Die voornemende studente wou eerder self hulle eie indrukke oor die instansie vorm. Dit was een faktor waarom Alabama, gesien as ’n korporatiewe poging deur die PU vir CHO, nie meer soveel gewig gedra het as bemarkingsinstrument nie. Cloete (2015) vervolg dat hy self in 1997 navorsing gedoen het om vas te stel waarom studente kies om aan die PU vir CHO te studeer. Uit die 30 faktore wat studente na die PU lok, was aspirasies om ’n Alabama-lid te word in die 19de plek. Cloete bevestig dat hy dus na 1998 die befondsing vir Alabama-gasteaande en oudstudente-saamtrekke tydens Alabama-vertonings gestaak het. Een van die aspekte wat Cloete se navorsing in 1997 wel uitgewys het wat ’n groot trekpleister vir voornemende studente is, was die studentelewe aan die PU (Cloete, 2015). Ironies genoeg was Alabama oor die jare die grootste uitstalvenster daarvan (Bütow, 1993c:24).

Alabama het wel in 1997 ’n promosie-vertoning aangebied tydens die Graad nege-dag. Só berig Bodenstein in die 1997-borgverslag vir Openbare Betrekkinge. Voorts het die PU se embleem op Alabama T-hemde, die program, plakkate, Alabama se briefhoof, dankiekaartjies en bestelvorms

verskyn. Bodenstein vervolg: “In beide ons betaalde en onbetaalde reklame word Alabama nooit los van die PUK gesien nie” (Bodenstein, 1997d:2, 3).

Die ‘Alabama’-handelsmerk het egter steeds vir die PU vir CHO en later die NWU, Potchefstroomkampus groot waarde gehad. Dit word bevestig deur die voorwoord van die visekanselier, dr Theuns Eloff, in die Alabama-program van 2003, waar hy sê: “Alabama . . . is nie net ’n huishoudelike naam nie, maar het oor die jare ’n unieke bydrae tot die musiekwêreld gemaak” (Eloff, 2003:2). In haar voorwoord tot die 2005-program skryf prof Annette Combrink, kampusrektor van die NWU, Potchefstroomkampus dat Alabama beskou word as die “vlagskip van ons kultuuraktiwiteite op die kampus” en dat die NWU, Potchefstroomkampus “toenemend beskou word as die studentekultuurmekka in ons land” (Combrink, 2005:3).

5.6 Alabama-reünies

5.6.1 Die 1988-reünie

Die eerste groot Alabama-reünie is in 1988 gehou. So vroeg as 1986 het die organiseerder, Peet Ryke, reeds begin om met oud-Alabama-lede in verbinding te tree (Ryke, 1986). Daar is toe ook reeds begin om materiaal bymekaar te maak vir die saamstel van ’n gedenkbundel. Die publikasie van dié bundel sou eers in 1993 met Alabama se 50-jaar-reünie realiseer (Van der Walt, 1993).


Dié Alabama-reünie, wat in September 1988 gehou is, was deel van Potchefstroom se 150ste bestaansviering. 1988 was ook die jaar waarin die Alabama se revue mondig geword het, terwyl dit die 45ste jaar was wat die sanggroep bestaan het (Ryke, 1986).

Vrydagaand het ’n dinee plaasgevind, bygewoon deur 750 mense, onder meer die burgemeester van Potchefstroom, raadsheer Johan Oosthuizen en sy gade, die rektor, prof Tjaart van der Walt en sy vrou en die president van die Republiek van Tarentaal en sy kabinet. Tydens dié geleentheid is Johan van Rensburg aangewys as erepresident, terwyl Louis Drummond van Rensburg, Jans Jonker en Horst Bütow erekleure ontvang het (Gouws, 1988:18).

Die program van die reüniekonsert dui aan dat latere bekende oud-Alabama-lede opgetree het. Dit sluit in Suzette Eloff, Karin Hougaard, Marnus Roothman, Christa Steyn en Rina Hugo. Na pouse was “Fossielvaria” aan die beurt, aangebied deur lede van 1962 tot 1979. Daarop volg “Roesevaria” met lede van 1980 tot 1987. Alabama-komediante het ook opgetree, insluitende Joe Enslin, Frans Kruger, Giep van Zyl en Daan Eloff (Anon., 1988h:2, 3). Kaartjies vir die konsert was so gewild dat ’n tweede konsert gereël is (Anon., 1988i:3).



ILLUSTRASIE 5.40
DIE VOORBLAD VAN DIE PROGRAM VAN DIE 1988 ALABAMA-REÜNIEKONSERT (ANON., 1988H).



ILLUSTRASIE 5.41
LINDA BOTHA VERSIER DIE VOORBLAD VAN *50 JAAR ALABAMA* WAT IN 1993 GEPUBLISEER IS. DIE VOORBLADFOTO KOM UIT DIE ALABAMA-REVUE VAN 1982 EN HET VERSKYN IN DIE PROGRAM VAN 1986, *SEISOENE IN SANG* (VAN DER WALT, 1993).

5.6.2 Die 1993-reünie

Die Alabama-reünie van 1993, tydens die groep se 50ste bestaansjaar, word deur Bütow in sy jaarverslag vir 1993 beskryf as die grootste projek in die geskiedenis van die Departement Kultuur. Daar is twee jaar vantevore met voorbereiding begin, aanvanklik met ’n span van 12 persone, wat later uitgebrei is na 36. Sowat 800 persone het die reünie bygewoon, wat vir vyf dae van 29 September tot 3 Oktober, gehou is. Die reüniekonsert, sê Bütow, was ’n unieke vertoning wat die geskiedenis van Alabama uitgebeeld het. Dit is op die planke gebring deur reüniegangers en hulle kinders. Bütow vervolg: “Hierdie vertoning was sekerlik een van die grootste gebeurtenisse in die geskiedenis van die PUK se kultuurlewe” (Bütow, 1993a:2). By dié geleentheid is ook ’n dubbele CD-uitgegee, die eerste met ligte Afrikaanse musiek (Alabama, 1993b). (Kyk na paragraaf 5.9 hieronder – CD- en plaatopnames.)

Die bundel *Alabama 50 Jaar* het in 1993 verskyn onder redaksie van oud-Alabama-voorsitter, ds. Kobus van der Walt. Aanvoorwerk vir dié blad is reeds in 1988 met die vorige reünie begin (Ryke, 1986). Dié bundel bevat inligting oor die ontstaan van Alabama, die herinneringe van die vier regisseurs, hoogtepunte van die 50 jaar, foto’s van die 1988-reünie, aanhalings uit koeranteberigte oor Alabama (van 1945 tot 1988), ’n lys van die erepresidente, orkes- en musiekleiers, voorsitters en die toerouers. Horst Bütow het ’n artikel geskryf oor die betekenis van Alabama, ’n volkleurblad het

foto's van al die plaatomslae en daarna word 'n bladsy afgestaan aan elke jaar met foto's uit dié jaar. Op die voorblad is Linda Botha (Van der Walt, 1993).

5.6.3 Ander reünies

Daarna is daar weer in 2003 reünie gehou, dié jaar waarin Alabama 60 jaar oud was. Saterdag 23 Augustus is daar gesellig gekuier en gebraai by Heimat en daar was 180 oud-Alabama-lede teenwoordig. Saam met hulle hul gesinne het 400 mense saamgekuier. Al die reüniegangers het die aand die Alabama-vertoning van 2003, *Chrysalis*, bygewoon (Cunniff, G., 2014).

In 2012 is 'n Alabama-reünie by Krugersdorp gehou wat bygewoon is deur sowat 30 oud-Alabama-lede van die vroeë sestigerjare (Anon., 2012b:8). Daarop is daar in 2013 op die kampus 'n reünie gehou, wat bygewoon is deur sowat 95 reüniegangers (Anon., 2013b:5). Dié reünie is gereël vir Alabama-lede wat van 1977 tot 1979 saam met mev Suzette Eloff (in 2013 die gade van die visekanselier van die NWU) lid van Alabama was.

5.7 Alabama se komediante

Volgens Van Rensburg is daar in 1967 met die saamstel van die eerste revue, besluit om die liedjies wat die groep gesing het met grappies af te wissel (Van Rensburg, 2014). Die 1967-program dui aan dat Abri le Roux en Johan Kruger die "toneelspelers" van die groep was (Anon., 1967a:13). Kruger het in 1970 studenteraadsvoorsitter geword, was later professor in Regte aan die PU en is in 2014 aangewys as voorsitter van die Raad van die NWU (Gouws, 2015:135).

Abri le Roux was, nes Nesco du Toit, lank na hy nie meer self 'n Alabama-lid was nie, by dié geselskap betrokke. Hy het in 1967 sy Alabama-debuut as komediant gemaak en aan drie Alabama-revues deelgeneem. In 1972 was hy verantwoordelik vir die teks van die verteller vir *Die Lewensseisoene.* Hy het in Spraakleer en Drama aan die PU vir CHO studeer en nadat hy aan Truk verbonde was, is hy in 1971 aangestel as junior lektor in Toneelkunde aan die PU vir CHO (Anon., 1974b:11).


In 1968 het Nesco du Toit, vroeër die skrywer en regisseur van die musiekblyspele wat Alabama opgevoer het, erkenning gekry vir die "satiriese tussentonele wat die musieknommers afwissel". Dié program meld ook dat hy verantwoordelik was vir die "spotskrifte van *Revue '67* wat besonder sprankelend was" (Anon., 1968b:5).

Nesco du Toit roep een van dié satiriese tussentonele – of *skits* soos dit bekendgestaan het – wat besonder gewild was in herinnering: 'n Demonstrasie van Oosterse gevegskuns word gelewer. Die slagoffer, aangetrek as 'n Oosterse wysgeer, reageer uiters stoïsyns en sê net toonloos en uitdrukkingloos: "Eina," wanneer hy pynlik raakgeskop word. Volgens Du Toit het hy later verneem


dat skoolseuns met dieselfde stoïsynse: “Eina” gereageer het, wanneer hulle lyfstraf ontvang het (Du Toit, 2017).

In 1968 is Le Roux bygestaan deur Frans Kruger, broer van Johan Kruger, wat komediant in 1967 was. Frans Kruger kry jare later, in 1997, erkenning vir hulp met komiese sketse (Anon., 1997a:8).

In 1969 word die komiese vermoëns van die bekende Suid-Afrikaanse omroeper, Fanus Rautenbach, ingespan vir die komiese tonele in die program (Anon., 1969d:4). Rautenbach sou die eerste van talle bekende Suid-Afrikaners wees wat Alabama bygestaan het met komiese sketse. Die volgende jaar word Len Lindeque se dienste as “humoris” in die program erken. Lindeque, wat ook bekend is as spotprentkunstenaar het ’n spotprent van homself verskaf, wat in die program ingesluit is (Anon., 1970a:14). In 1980 het Leon Schuster hulp verleen met die komiese teks (Anon., 1980b:14). Jonker sê in sy verslag oor Alabama in 1980 dat die bekende Hein Toerien die vertellerteks vir dié jaar se program “op aandrang van PG du Plessis” geskryf het (Jonker, 1980a:1).



ILLUSTRASIE 5.42
LINKS: JOE ENSLIN (ANON., 1973B:18).



ILLUSTRASIE 5.43
REGS: ABRI LE ROUX (ANON., 1974B:11).

Joe Enslin en Kruger van der Walt was dié jaar komediante (Anon., 1970a: 11). In 1971 kry Enslin erkenning vir die skryf en verwerking van die komiese sketse. Dit sluit in “Motormoeilikheid,” “Televisie,” “Die Bankroof,” “Spotlight” en “Twelve Whiskey Bottles” (Anon., 1971d:17). Joe Enslin is ook in 1972 komediant (Anon., 1972b:15).

Toe Joe Enslin in 1973 vir die vierde agtereenvolgende jaar Alabama se komediant is, skryf die program dat hy die trotse besitter is van drie grade. Hy het die BA-graad in 1970 behaal, ’n Honneurs BA in Geografie in 1971 en ’n BA Honneurs in Sosiologie in 1972 met onderskeiding. Hy was in 1973 besig om te studeer vir ’n UOD (Anon., 1973b:18).



ILLUSTRASIE 5.44
DANIE NIEHAUS EN FRANS KRUGER WAS IN 1975 ALABAMA SE KOMEDIANTE. DIE FOTO IS OP 24 NOVEMBER 2007 DEUR PIETER OBERHOLZER OP DIE FACEBOOK-BLAD, ALABAMA STUDENTE GESELSKAP LEDE EN OUDLEDE, GEPLAAS (OBERHOLZER, 2007B).

In 1975 is Danie Niehaus en Frans Kruger Alabama se komediante. Frans was ook in 1969 Alabama se komediant. Hy het Regte studeer en was sedert 1969 drie jaar lid van die Studenteraad en van 1974 af terug by Alabama. Die program dui aan dat "Dana" Niehaus die ander komediant is. Dana Niehaus junior is die seun van 'n bekende omroeper, Dana Niehaus senior. Nadat die jonger Niehaus self later as sanger bekend geword het, was hy algemeen as Danie Niehaus bekend om hom te onderskei van sy pa (Anon., 1975c:8).

Gideon van Zyl, later meer bekend as Giep, sluit in 1982 by Alabama aan as komediant (Anon., 1982d:14). Hy was in 1986 voorsitter. In 1983 is hy bygestaan deur Danie Eloff, wat dié jaar ook voorsitter was (Anon., 1983f:18). Dié span het ook in 1984 vir Alabama se komiese sketse gesorg.

Die laaste keer wat daar spesiaal van komediante in die program melding gemaak word was in 1998 met die *Eufonie*-produksie. Dié komediante was Piet Meyer en Ciska Kok (Anon., 1998a:7).


5.8 Eksterne impak en indrukke

5.8.1 Toekennings ontvang

Alabama was nie die eerste studente-orkes aan die PUK nie, soos hierbo uiteengesit. Eweneens was dit ook nie die enigste universiteitskollege, later universiteit, met 'n studente-orkes nie. In 1960 het die Alabama-studenteorkes teen sy eweknieë meegeding en 'n eersteplek behaal tydens die ASB-

Kunsfees. Die ASB-Kunsfees is dié jaar op Heidelberg gehou. Alabama het die kategorie vir boere-orkeste gewen (Van der Walt, 1960:163).

Dit is egter nadat daar met die revuestyl-aanbiedings ’n aanvang geneem is, dat Alabama begin presteer het en in 1969 het hulle die Mini-Sari ontvang. Die Sari-kompetisie is deur die destydse Springbok Radio georganiseer om die beste musiekkunstenaars in Suid-Afrika aan te wys. Alabama het dié jaar die Mini-Sari gewen as mees belowende sanggroep (Anon., 1970a:11). Die Sari-kompetisie is deur Springbok Radio, die handelsender van die SAUK aangebied. Dit het uit 12 kategorieë bestaan en die uitslag is beslis deur die luisteraars van die radiostasie. In elk van die kategorieë is die mees gewilde kunstenaar aangewys (Van der Walt, 1993:15; Anon., 1969e:1).



ILLUSTRASIE 5.45
DIE MINI-SARI WAT ALABAMA IN 1969 ONTVANG HET VIR MEES BELOWENDE KUNSTENAARS IN DIE KATEGORIE VIR SANGGROEPE VAN DIE SARI-KOMPETISIE (ANON., 1970A:11).

Alabama se plaat is deur RPM ingeskryf in die kategorie vir groepsang, waar hulle meegeding het met kunstenaars soos Groep Twee en Min Shaw en Lance James. Vanaf 1969 is daar ook in elke kategorie ’n Mini-Sari toegeken vir die mees belowende kunstenaar in die betrokke kategorie. ’n Paneel van deskundiges het met inagneming van die luisteraarskeuse dié toekenning gemaak. Johan van Rensburg, musiekleier, en Kobus van der Walt, voorsitter, het die toekenning op 8 Oktober 1969 in ontvangs geneem tydens ’n onthaal by die Wanderers-klub in Johannesburg (Anon., 1969e:1). Dié toekenning is die eerste van vele nasionale toekennings wat Alabama ontvang het.

Plaaslik word Alabama ook vereer en in 1990 ontvang Alabama ’n burgerlike huldigingsertifikaat (Gratia-sertifikaat en –medalje) vir die besondere bydrae wat hulle in belang van die gemeenskap van Potchefstroom lewer. Die volgende jaar, 1991, word hulle uitgenooi om by die FAK Musiekfees op te tree (Van der Walt, 1993:15; Anon., 1993g:3).

In Alabama se 50ste bestaansjaar in 1993 het die Afrikaanse Sakekamer van Pretoria ’n spesiale erkentlikheidstoekenning aan dié geselskap gegee vir hulle uitsonderlike bydrae tot Afrikaanse musiek. Die toekenning is tydens ’n vertoning van Alabama in die Staatsteater deur mnr Steinman de Bruyn, voorsitter van dié Sakekamer en mev Francis Knipe aan Pieter de Bruyn, musiekregisseur van Alabama, oorhandig (Anon., 1993h:33). Dié jaar is Alabama ook die ontvanger van die hoogste toekenning van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging. Dit is tydens die reüniedinee oorhandig en volgens dr Fritz Kok van die ATKV het Alabama dit ontvang vir die uitnemende wyse waarop hulle die Afrikaanse kultuurskat oor 50 jaar uitgedra het (Anon., 1993f:1).

Tydens een van die laaste vertonings van die 1994-seisoen in Pretoria, het die FAK ’n oorkonde aan Alabama oorhandig. Dié oorkonde is deur die voorsitter van die FAK, prof Johan Heyns, oorhandig en is gegee om erkenning te gee aan die uitnemende bydrae wat Alabama oor baie jare gelewer het tot die bevordering van Afrikaanse musiek. Prof Heyns is enkele dae ná die oorhandiging deur ’n onbekende skerpskutter doodgeskiet (Bütow, 1994a:6).

In 1995 word Alabama ingesluit by een van Rina Hugo se snitte op die laserskryf *Je’ Taime L’ Amour* en die volgende jaar, 1996, word Alabama genomineer om die gaskunstenaar te wees tydens ’n internasionale musiekfees (Bodenstein, 1997c:2).

In 2000 bereik Alabama nog ’n mylpaal in sy geskiedenis, toe dit uitgenooi word om in die Superbowl by Sun City op te tree saam met ander Suid-Afrikaanse kunstenaars. Dit is bekendgemaak met Alabama se produksie vir 2000, *Kinetic*, in Maart 2000 (Prinsloo, 2000:2).

Nabootsing blyk die beste vorm van vleitaal te wees te oordeel aan die talle groepe wat geskoei op die lees van Alabama se revuestyl studentegroepe gestig het. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het vyf jaar na die eerste revueproduksie deur Alabama op die planke gebring is, in 1972 besluit om ook ’n revuegroep, RUOVS, te stig (Anon., 1972d:6). In 1981 is die Rondomtalies by die Pretoriase Technikon gestig. Oud-Alabama-lid en jarelange leier van die PU-Kaners, Koos Lessing, het in 1985 dié groep se musiekregisseur geword (Anon., 1985k:1). By die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO het die Varia revue-groep in 1982 ontstaan (Anon., 1988g:38) en het tot in 1989 gereeld in Potchefstroom opgetree (Anon., 1989g:3).

5.8.2 Toekennings gegee

Van die beginjare af het Alabama die bystand en ondersteuning gehad van persone wat nie studente is nie. Die eerste toerouers was mnr Boetie-Jan Coetzee en sy vrou. Coetzee was toe ’n onderwyser aan die Potchefstroom Gimnasium.

Die eerste erepresident was prof FJ Labuschagne wat die amp tot 1959 beklee het (Van der Walt, 1993:22). Nie alleen het prof Labuschagne ’n belangrike rol in die ondersteuning van die Thalia Toneelgeselskap gespeel nie (kyk na hoofstuk 3), maar hy word ook na afloop van die heel eerste toer van Alabama in 1943 bedank in ’n brief aan *Die Besembos* (Horn *et al.,* 1943:31).



ILLUSTRASIE 5.46 MNR (LATER PROF) DAAN ERASMUS EN SY VROU WAS IN 1959 TOEROUERS VIR ALABAMA SE TOER NA SUIDWES-AFRIKA. HY WAS LATER EREPRESIDENT VAN ALABAMA EN HET OOK ’N GROOT ROL GESPEEL IN DIE ONDERSTEUNING VAN DIE ALGEMENE KULTURELE AKTIWITEITE VAN STUDENTE (ALABAMA, 1959).


Prof Labuschagne word in 1960 opgevolg deur prof DP (Daan) Erasmus as erepresident, nadat hy en sy vrou die vorige jaar Alabama se reisouers was (Van der Walt, 1993:22). Prof Erasmus het in 1947 ’n BCom-graad aan die PUK verwerf en is in 1964 benoem as professor. Hy het in 1974 dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe geword. Hy het dié amp tot 1978 beklee (Anon., 1985l:5). Prof Erasmus was eweneens ’n dosent wat kuns- en kultuurbedrywighede op die kampus oor ’n wye front ondersteun het. Hy word in 1965 deur die voorsitter van die ABKK spesiaal bedank vir sy raad en bystand as erepresident (Van der Merwe, 1966b:4).

Tydens Alabama se reünie van 1988 is Johan van Rensburg, Alabama se musiekregisseur in 1964 en van 1966 tot 1973, aangewys as Alabama se erepresident. Soos hierbo vermeld was Van Rensburg as erepresident aktief betrokke by Alabama. Op sy inisiatief is daar gereeld ’n dinkskrum georganiseer waartydens verskeie aspekte van Alabama bespreek is (Bütow, 1991a:3). Tydens dié reünie is erekleure toegeken aan Louis Drummond van Rensburg, Jans Jonker en Horst Bütow (Gouws, 1988:18).

Tydens die 1993-reünie het drie persone erelidmaatskap van Alabama ontvang. Dit is mev Affie Yssel en mnre Henri Noppè en Piet van Maarleveld. Mev Affie Yssel wat toe reeds vir 25 jaar vrywillig Alabama se organiseerder vir vertonings in die Goudveld was. Mnr Van Maarleveld was die Universiteit se amptelike fotograaf en het Alabama se programme saamgestel en ook ander hulp verleen. Mnr Henri Noppè was sedert 1983 Alabama se choreograaf, in 1993 was dit dus vir die 10de

keer (Anon., 1993c:3). Hy was daarna Alabama se choreograaf tot en met die laaste produksie in 2007.

Piet van Maarleveld beter bekend as Piet Fotokuns of Piet Foudies, soos hy onder geslagte van Pukke bekendgestaan het, se bydrae tot die sukses van Alabama is in 1993 vereer toe daar aan hom erelidmaatskap van Alabama toegeken is. Piet van Maarleveld se bydrae tot die sukses van PUK Kunste strek egter veel wyer. Hy was amptelike fotograaf vir die PU van 1983 tot 1990, maar het reeds van 1959 af op Potchefstroom – en veral vir die PUK – foto's geneem. Tot en met sy aftrede het hy al Alabama se reklamefoto's geneem en talle van die vroeë bekende foto's van dié groep, is sy handewerk (Gouws, 2014a:19). Van Rensburg sê dat Van Maarleveld se raad, veral tydens Alabama se beginjare, baie waardevol was (Van Rensburg, 2014).




ILLUSTRASIE 5.47
PIET VAN MAARLEVELD, ALABAMA SE FOTOGRAAF VAN DIE VROEË SESTIGERJARE TOT EN MET SY AFTREDE IN 1993 HET DIÉ JAAR ERELIDMAATSKAP VAN DIÉ GESELSKAP ONTVANG. DIÉ FOTO HET VAN HOM MET SY KOSBARE LINHOF-KAMERA – EN SY KENMERKENDE SIGARET – HET IN 1971 IN *WAPAD* VERSKYN (FOTOKUNS, 1971A:5).

Van Maarleveld is in 1929 in Alkmaar, Nederland gebore en het in 1952 na Suid-Afrika gekom. Nadat hy aanvanklik op Vereeniging en daarna by Sasol gewerk het, het hy in 1958 na Potchefstroom gekom om te kom studeer. Hy het foto's geneem vir 'n inkomste, maar het sy studies gestaak om op die fotonemery te konsentreer. Na sy aftrede het hy koster van die Gereformeerde Kerk, Die Bult geword. Hy en sy vrou, Ina, bly vanaf die vroeë sestigerjare in 'n huis in Thabo Mbeki-rylaan regoor dié kerk in 'n huis wat hy self ontwerp en feitlik eiehandig gebou het (Gouws, 2014a:19). Hy is op 19 Oktober 2017 oorlede (Gouws, 2017:10).

Die derde ontvanger van erelidmaatskap in 1993, Henri Noppè, choreograaf van Alabama. Noppè is 'n boorling van Bloemfontein. Hy was 'n leerling van Geoffrey Sutherland, 'n vorige choreograaf van Alabama. Hy was die ontvanger van 'n beurs om sy balletopleiding by TRUK te ondergaan en was vir twee jaar lid van dié geselskap. Toe hy in 1983 die eerste keer Alabama se choreograaf was, sê die program dat hy toe 'n vryskut choreograaf en danser is. Hy en sy vrou, Pam, is in 1975 getroud en

hulle het twee seuns (Anon., 1983f:3). Met sy aanstelling as Alabama se choreograaf in 1983 is hy uit vier kandidate gekies en op grond van verskeie aanbevelinge (Bütow, 1989c:1).

Teen 2007 het hy ’n dansskool gehad, wat ook die tuiste was van sy eie dansensemble. Hulle het wyd opgetree en onder meer aan die Grahamstadse kunsfees deelgeneem. Hy was vir ’n dekade die choreograaf van die ATKV Crescendo-produksies en het in 2002 die produksie *Navidad Nuestra* op die planke gebring wat op verskeie plekke in Suid-Afrika aangebied is en ook in Kanada. Die produksie is op publieke aanvraag in 2004 en 2005 herhaal. Hy het onderrig gegee by verskeie instansies, onder meer die Pretoria Technikon, die Windhoek Konservatorium, die Weskus Cecchetti Vereniging in Kanada, die Cecchetti Vereniging in Johannesburg en die Sibikwa Gemeenskapsteaterprojekte (Anon., 2007b:2). Noppè is op 3 Junie 2015 in die ouderdom van 64 oorlede nadat hy drie jaar aan kanker gely het (Anon., 2015b).



ILLUSTRASIE 5.48
HENRI NOPPÈ WAS VANAF 1983, TOE HIERDIE FOTO VAN HOM IN DIE PROGRAM VERSKYN HET, TOT 2007 ALABAMA SE CHOREOGRAAF. HY HET IN 1993 ERELIDMAATSKAP VAN ALABAMA ONTVANG (ANON., 1983F:3).

Noppè se merkwaardige vermoë om oor soveel jare suksesvol te wees as Alabama se choreograaf, blyk uit ’n getuigskrif oor Noppè geskryf deur Bütow in 1989: “Die blote feit dat mnr Noppè as ’n professionele danser met ’n groep studente moes werk van uiteenlopende studierigtings en sonder vorige dansondervinding spreek van die omvang en vereiste wat Alabama aan ’n choreograaf stel” Bütow reken ook dat Noppè oor ’n “merkwaardige beplanning- en organisasievermoë” beskik en dat hy “probleme met betrekking tot enige musikale produksie vooruit kan raaksien sy beplanning en advies so kan inrig dat sy bydrae altyd goed deurdink en sy deel in ’n produksie immer suksesvol en puik verloop. Deur sy sterk persoonlikheid is hy altyd in staat om deurgaans te help dat die dissipline onder die studente gehandhaaf kan word, sonder dat hy daardeur sy goeie menseverhoudinge met diegene met wie hy te make het, skade aandoen” (Bütow, 1989c:1).

5.8.3. Alabama van buite gesien

Ten einde ’n objektiewe beeld te vorm van die waarde van Alabama, is dit nodig om opsommenderwys te verwys na hoe Alabama van buite gesien is. Weliswaar het daar, veral sedert

die eerste revuestyl-program in 1967 op die planke gebring is talle resensies in koerante verskyn. Persvrystellings oor Alabama is sedert 1977 jaarliks uitgestuur en later is daar moeite gedoen om te sorg dat plaaslike koerante in die omgewing waar Alabama opgetree het persvrystellings en inligting oor optredes ontvang het (Alabama, 1977). Later is daar ook moeite gedoen om publisiteit te genereer deur aan koerante op die tuisdorpe en -stede van Alabama-lede inligting oor hulle te stuur. Alhoewel knipsels oor Alabama van die vroegste tye af versamel is, is dit sedert 1994 in ’n bundel saamgevat wat as *Alakrant* bekendgestaan het (Alabama, 1994). (Die oudste knipsel beskikbaar dateer uit 1945, kyk na paragraaf 5.3.1.)

Koerantberigte, maar veral koerantresensies wat oor die jare oor Alabama gepubliseer is, skep ’n beeld van die nasionale impak en gewildheid van dié geselskap. Na die eerste revuestyl-program in 1967 op die planke gebring is en met groot sukses op toer geneem is, was positiewe resensies oor Alabama nie moeilik te vind nie. In 1970 word etlike hiervan in die program aangehaal. “Lighting, costumes and the general finish of the Revue programme, testified to a tremendous amount of hard work put into this show. For light entertainment it deserved top marks. This company from Potchefstroom gave us a slick bilingual show that would go down well anywhere in this country” – *Pretoria News.* “A chorus and orchestra accompanying their singing with lively movements and a few in-between humorous acts and one has a ‘minstrel show’ as good as recent presentations by overseas companies” – *Port Elizabeth Tribune.* “Reeds voordat die vrolike tema-kombinasies in die voorspel tot die Revue, voel mens dat Johan van Rensburg, regisseur en orkesleier, inderdaad die wêreld van musiekblyspele in sy bloed het. Alabama behoort oral vol sale te trek en die gehore kan sekerlik sê ‘die Alabama kan maar weer kom’” – *Die Volksblad.* (Anon., 1970g).

Die Wes-Transvaalse verteenwoordiger van *Die Vaderland* eggo die verbasing oor die sukses van Alabama in 1976 en skryf: “’n Mens sou nie verwag dat die buitengewone aanbieding ‘revue’ revue kom van die Potchefstroomse Universiteit, die verpersoonliking van konserwatiewe denke, nie. Want Alabama is werklik uniek. In hierdie tyd van permissiwiteit, banale uitspattigheid en platvloersheid in ons vermaaklikheidswêreld, sorg die kenmerkende musiek en skoon humor van hierdie gewilde studentegroep vir nagenoeg twee-en-’n-half uur se loutere genot” (Anon., 1976f:10).

In 1992 skryf Donald Simpson vir *The Star Tonight:* “If you haven’t seen a variety show, see this one... Talented director Pieter de Bruin, composed, played and produced this well-integrated and flowing review. Many of the company could audition for Pact and could count on many seasons in Durban beachfront hotels” (Simpson, 1992).

In die 1994 *Alakrant* is ’n knipsel uit die *Rustenburg Herout,* wat só oor Alabama skryf: “’n Gebeurtenis wat die gehoor van begin tot einde in algehele meevoering gehad het’”. Die berig meld

dat Alabama voor ’n stampvolsaal opgetree het en “met die uitstekende gechoreografeerde danspassies gesorg vir vermaak van die hoogste gehalte. Die pragtige kostuums, die noukeurige samewerking van hierdie talentvolle jong studente en die allermooiste sang het gesorg vir ’n staande toejuiging na die aand wat met professionele behendigheid ’n groot hoogtepunt bereik het” (Barlow, 1994).

Die kontroversiële vertoning van 1995 het heelwat negatiewe reaksie uitgelok. Dit blyk uit ’n brief van oud-Alabama-lid, “K.B.” van Potgietersrus, wat skryf oor die insluiting van die eenakter *Le Gong Mamorati:* “Ek sluit graag af met wat my (natuurlik) die meeste gepla het. Alabama het nie nodig om soos die res van die kunstenaars en politici in die nuwe Suid-Afrika ’n *stand* te maak nie. Ons kry oorgenoeg van Afrika in ons daaglikse lewe – waarom, as daar so ’n verandering in die samestelling van die vertoning moet wees, nie terugkeer na die kultuurskatte van Europa of ons eie voorgeslagte nie” (K.B., 1995). Die volgende jaar skryf *Die Kwêvoel* van Thabazimbi dat Alabama ’n staande toejuiging gehad het tydens hulle optrede “’n duidelike bewys van die waardering van die gehoor” (Anon., 1996e).

Kommentaar van die voormalige Alabama-regisseur, Jans Jonker, dui op die musikale standaard wat Alabama in 1997 bereik het. Jonker skryf aan Pieter de Bruin:
Ou Pieter, jy’s wragtag goed! Jou klank was weer so duidelik en elke ‘hartklop’ op die verhoog net meer hoorbaar as vantevore! Die produksie in geheel was beslis baie meer professioneel as jou voriges. Dis asof jy gaan nadink het, in die wynvat gaan lê en ryp word het vir die fynproewer! Ek wil jou veral komplimenteer met jou orkestrasies en voicings*. Dit was veral goed vanjaar. ’n Vorige jaar het ek gedink die* strings *is dalk hier dit of die* brass *dalk daar wát . . . Maar vanjaar was alles so* nice *en* crisp *– dit was regtig as mede-musikant en mede-*sequencer *’n plesier om na alles te luister. En sekerlik ook met soveel meer waardering daarvoor as Jan Publiek, wat nie hoor wat alles tussen die tien lyne, die MIDI- en stereo-kanale en die instrumente aangevang word nie! Hoe lui die gesegde deesdae: Jy mág maar! Baie geluk met jou fyn en suksesvolle insette op al wat terrein van die produksie is: die kostuums en die dekor, die CD en* backing, *die programboekie en waar nog . . . Dit is sekerlik wat die PUK destyds as visie gehad het met die skep van ’n voltydse pos vir die Alabama-regisseur: Iemand wat, behalwe vir sy prioriteitsinsette op musiekgebied, tegnies, meganies en kreatief soveel drome kan vasvat binne een produksie soos joune!* (Jonker, 1997)


Die *Daily Despatch* eggo Jonker se lofsang:
As with each previous performance, the 56th production of the . . . Alabamas, In Transito, turned out to be an evening of relaxing family entertainment for young and old alike. . . They continued to weave their magical spell by combining their musical abilities with amazing dancing performances. .

. The fluid movement of such a big group of dancers in the limited space of the city hall's stage reflects on the production's excellent choreography. The ensemble work was very good and the smooth changeover between scenes was handled most effectively (Van Rensburg, 1999:10).

5.9 CD- en plaatopnames en televisie-optredes

5.9.1 CD- en plaatopnames

Alabama se eerste langspeelplaat is in 1968 gesny op aandrang van Johannes van der Walt, wat toe aan die SAUK verbonde was en broer van Alabama-lid Kobus van der Walt. Volgens Van Rensburg het Alabama dit nooit voorheen oorweeg om 'n plaatopname te maak nie. Die omslag van die plaat is ontwerp deur Abri le Roux (Van Rensburg, J., 1993:7). Die opname is gemaak by die RPM-ateljee van Dan Hill in Johannesburg. *Wapad* berig op 9 Oktober daaroor en skryf dat die "standaard van die musiek is deurgaans hoog en 'n heeltemal professionele indruk word geskep" (Anon., 1968b:4). Daarna is daar tot en met die beëindiging van Alabama se toerproduksies in 2007 elke jaar 'n plaat- en/of CD-opnames gemaak.



ILLUSTRASIE 5.49
JOHANNES VAN DER WALT WAS AAN DIE SAUK VERBONDE TOE HY IN 1968 JOHAN VAN RENSBURG OORREED HET OM 'N LANGSPEELPLAAT VAN ALABAMA SE MUSIEK TE MAAK. HIERDIE FOTO HET IN 1983 IN DIE PU-KANER VERSKYN TOE VAN DER WALT 'N ARTES-TOEKENNING ONTVANG HET AS BESTE OMROEPER. VAN DER WALT WAS IN 1955 'N EERSTEJAAR AAN DIE PUK EN HET IN 1972 'N MA-GRAAD IN STAATSLEER ONTVANG WAARMEE HY OOK MA-STATUS IN KOMMUNIKASIEKUNDE VERKRY HET (ANON., 1983G:3).

'n Uitvloeisel van die maak van Alabama se eerste langspeelplaat, is die maak van 'n plaat met die titel *Johan van Rensburg en die Alabama-ritmegroep.* Van Rensburg sê dit het plaasgevind nadat "ons agtergekom het hoe maklik dit is om 'n plaat te maak" (Van Rensburg, 2014). Die res van die groep was Rudi van Eldik (tromspeler), Johan se broer, Louis Drummond van Rensburg (ritme-kitaar), Koos Lessing (baskitaar) en Van Rensburg (klavier). Nommers wat ingesluit is was: "Mozart-a-go-go", "Beethoven Elephant Walk", "Bach in die Langpad" en "Net 'n stille uurtjie" (Alabama-ritmegroep, 1970). Die plaat is in die tweede helfte van 1970 vrygestel en was in Potchefstroom te koop by die Fotokuns-ateljee (Anon., 1970e:3).

Wapad se resensie van die plaat drup van komplimente: "'n Ruiker vir elk van Rennie, Rudie, Louis en Koos", "*Verbeelding* is die eienskap wat hierdie langspeelplaat 'n treffer maak", "Elke opname getuig van fyn smaak", "Aan afwissel van styl is daar geen skaarste nie" en "Rennie se waterdruppelaanslag, asook die perfekte sinchronisering van ritme wat al sinoniem is met Alabama, val 'n mens op wat die tegniek betref" (Anon., 1970f:7). Die plaat van *Revue 75* is by die Brigadiers Platemaatskappy in Johannesburg opgeneem (Anon., 1975f:4).


In 1980 word Alabama se plaatopname vir die eerste keer voor die toer opgeneem. Jonker verduidelik verder in sy jaarverslag: "Sodoende sal die plaat vanjaar tydens vertonings reeds beskikbaar wees. Volgens die plaatmaatskappy word ongeveer 7 500 meer plate só verkoop." Jonker vervolg dat dié afleiding gemaak is na aanleiding van die vorige jaar se verkope tydens die tweede toer, toe die plaat reeds beskikbaar was" (Jonker, 1980a:1,2).

Nadat Alabama se 19de langspeelplaat in 1984 verskyn het, berig Bütow in sy jaarverslag dat die koste vir die maak daarvan die hoogte ingeskiet het. Hy skryf dit daaraan toe dat die platebedryf in die land toe onder "geweldige ekonomiese druk" verkeer het. Platemaatskappye stel nie belang om groepe of individue se plate te maak as hulle nie daarvan verseker is dat daar meer as 10 000 plate sou verkoop nie. Sou groepe of individue wat nie daardie verkope kan haal nie, wel 'n plaat wil maak, moes hulle hul eie plate finansier en bemark. Die gevolg was dat die verkoopprys per plaat die hoogte ingeskiet het (Bütow, 1984d:1). Dié plaat wat reeds in Junie 1984 verskyn het, was egter op die toer reeds uitverkoop, sodat 500 ekstra eksemplare gedruk moes word (Bütow, 1984c:4).

Teen 1986 het die verkope van Afrikaanse plate drasties gedaal. In 'n artikel wat in *Beeld* verskyn het op 17 September 1986 word dit daaraan toegeskryf dat Afrikaanse kunstenaars nie genoeg blootstelling oor die radio en televisie kry nie, wat noodsaaklik geag word om plateverkope te bevorder. Dit word voor die kop van die SAUK gegooi wat besluite neem oor wat uitgesaai moet word en wat nie (Schaum, 1986:11). As gevestigde kunstenaar in die Afrikaanse musiekbedryf blyk Alabama nie 'n probleem hiermee te hê nie en in 1988 word 'n platekontrak vir vyf jaar gesluit met Decibel (De Bruin, 1993:9).

Alabama se eerste CD, of soos dit toe genoem is, kompakskyf, was dié van die 1992-produksie *Deel jou glimlag* (De Bruin, 1993:9). Tydens die vyftigjaar-reünie van Alabama is 'n dubbel CD met Alabama se musiek vrygestel. Bütow skryf in sy jaarverslag dat dit die eerste dubbelskryf met Afrikaanse ligte musiek is en beskryf dit as 'n versamelstuk. Die groot Suid-Afrikaanse boekklub, Leserskring, het ook die CD bemark en Bütow reken dat dit opsigself 'n pluimpie vir Alabama is. Hy bedank Alabama se erepresident, Johan van Rensburg en die Afrikaanse kunstenaar, Jannie du Toit

vir die “totstandkoming van dié produk” (Bütow, 1993a:2). In 1994 verkoop Alabama se CD weer eens uit en moet ’n herdruk gemaak word (Bodenstein, 1997c:2).




ILLUSTRASIE 5.50
DIE OMSLAG VAN ALABAMA SE EERSTE LANGSPEELPLAAT, WAT IN 1968 VERVAARDIG IS (ALABAMA, 1968).



ILLUSTRASIE 5.51
DIE OMSLAG VAN ALABAMA SE EERSTE CD (ALABAMA, 1992).



ILLUSTRASIE 5.52
DIE EERSTE DUBBELE CD MET AFRIKAANSE LIGTE MUSIEK IS IN 1993 MET ALABAMA SE 50-JARIGE BESTAAN UITGEGEE (ALABAMA, 1993A).



ILLUSTRASIE 5.53
DIE OMSLAG VAN DIE LAASTE CD, *TUTTI FRUTTI,* WAT ALABAMA IN 2007 UITGEGEE HET (ALABAMA, 2007).

Met die 50-jaar reünie van 1993 word ’n CD *Alabama Studentegeselskap – keur van 50 jaar* saamgestel uit treffers van die voorafgaande jare. Die oudste opname hierop is die 1952-opname van “Daar kom die Alibama” (Alabama, 1993b).

Alabama verander in 1995 van platemaatskappy. Bütow skryf in sy jaarverslag dat die besluit geneem is na besinning oor die ekonomiese/onekonomiese manier van opnames maak. Opnames is hierna deur Decibel gemaak, maar dit is versprei onder die etiket van JNS-musiek. Nadat die jaarlikse CD vir enkele jare eers in Desember beskikbaar was, sou dit dié jaar reeds in Augustus vrygestel word (Bütow, 1995b:1).

Met *In Transito*, Alabama se CD vir 1999, word ’n volgende mylpaal bereik. *Wapad* skryf op 27 Mei: “’n Nuwe mylpaal vir Alabama vanjaar is dat die revuegroep vir die eerste keer in hul bestaan ’n CD op eie bodem gaan sny. Die Alabama maak van hulle eie ateljee gebruik om die *In Transito* CD op te neem. Hierdie ateljee, wat in die Heimat-gebou geleë is, is spesiaal met die beste toerusting ingerig om die ideaal te verwesenlik”. Dié CD is in Mei 1999 aan huis van die erepresident, Johan van Rensburg, in Randburg vrygestel (Kruger, 1999:10).

Dié jaar, 1999, is ’n opname van “Suikerbossie”, “Sarie Marais” en “Horlosie in die sak” deur Alabama ingesluit in ’n CD getiteld *Afrikaanse Volksliedjies*. In die bundel van 26 liedjies is Alabama die enigste kunstenaars waarvan drie snitte opgeneem is (Gallo, 1999).

In 2006 word die Alabama-CD, *Crackerjack,* in sy geheel op die kampus opgeneem en vervaardig. Bütow beskryf dit as “’n buitengewoon goeie produk” en dat “kostes hierdeur besnoei is”

(Bütow,2006:2). In geheel het Alabama 31 langspeelplate, 15 CD's en een dubbele CD gemaak (Cunniff, 2007:2).

5.9.2 Televisie-optredes

Alabama se eerste televisieopname is met die oog op die toer na Rhodesië in 1975 gemaak (Anon., 1975d:2). Volgens Cunniff is daar 18 televisie-produksies van Alabama gemaak, wat daarop dui dat Alabama tot en met 1994 feitlik elke jaar op televisie te sien was (Cunniff, 2007:2).

Die 1975-televisieprogram is volgens die *PU-Kaner* van 15 Augustus 1975 gemaak omdat die Rhodesiërs geen benul gehad het van wat hulle van Alabama te wagte kon wees nie. Die opname is in Suid-Afrika by die SAUK se pasgestigte televisie-afdeling gemaak. 'n Maand later skryf die *PU-Kaner* dat dié program ook deur die SAUK tydens toetsuitsendings in Suid-Afrika uitgesaai is (Anon., 1975f:4).

Die *PU-Kaner* vervolg: "Om televisieopnames te maak is harde werk. Om van nege uur die oggend tot half-elf die aand net die beste voor die kamera te lewer vra baie. Dit is net jy en die masjiene en geen gehoor om jou aan te spoor nie. En dan is daar nog die klankopnames, amper soos 'n tweede plaat met koor en orkes weer eens geskei" (Anon., 1975f:4).

Bütow berig in sy jaarverslag vir 1981 dat Alabama se "jaarlikse televisie-program" by die voltooiing van sy verslag in September reeds opgeneem is en dat dit verwag word dat dit teen die einde van die jaar uitgesaai sou word (Bütow, 1981a:2). Hieruit kan afgelei word dat dié program 'n jaarlikse instelling geword het.

Net twee jaar later reken Lourens Oberholzer van *Wapad* dat Alabama sy glans op die skerm verloor het. Dit is na aanleiding van die televisie-uitsending van Alabama se 1982-program. Hy skryf op 19 April 1983 dat hy het met groot verwagting uitgesien het na die vertoning, "maar ongelukkig kon nie eens die pragtige stel en vernuftige kamerawerk vergoed vir al die natuurlike sprankel van 'lewendige optredes' wat iewers verlore geraak het nie" (Oberholzer, 1983:11). Oberholzer berig dat daar drie dae lank opgeneem aan die 40-minute-program en tegnies, meen hy, was die eindproduk 'n groot sukses. Oberholzer beskryf Karen Hougaard en Heidi van Gass as "ongetwyfeld die sterre en steunpilare in Alabama geledere". Volgens Bütow, kon daar weens verskeie faktore in 1983 nie 'n televisieopname van Alabama gemaak word nie (Bütow, 1984d:1).

In 1986 het Alabama in 'n nuwe baadjie op televisie verskyn. *Kampusnuus* van 14 Maart 1986 vertel meer: "Opnames van verlede jaar se program is gedurende Desember op Potchefstroom en omgewing gemaak en nie in die ateljee soos in die verlede nie. Ander kostuums as die in die vertoning is gebruik en die Pukke gaan 'n hele paar bekende plekke op die kampus en in die dorp

herken.” Die televisie-program van die 1985-produksie sou op 26 Maart uitgesaai word, terwyl die program Teletien op 20 Maart ’n insetsel oor Alabama sou uitsaai (Anon., 1986e:1).



ILLUSTRASIE 5.54
HEIDI VAN GASS, EEN VAN ALABAMA SE BEKENDSTE SOLISTE VAN DIE TAGTIGERJARE IS REGS. COLLEEN ANGOVE IS IN DIE MIDDEL EN LINKS IS WYNA HOHNE. DIE FOTO IS TYDENS DIE 1983-PRODUKSIE GENEEM EN IS OOK GEBRUIK VIR DIÉ JAAR SE PLAATOMSLAG (FOTOGRAFIESE DIENSTE, 1983B).

Dit blyk egter dat dié televisieprogram “negatiewe kritiek” ontlok het. Bütow skryf in sy jaarverslag dat die program egter oor die algemeen positief ontvang is. Hy vervolg: “Vir ons is dit duidelik dat daar in die toekoms nog meer versigtig na die finale beeldmateriaal van die SAUK gekyk sal moet word. Dit is ’n uiters delikate aangeleentheid en sal dus uiters versigtig hanteer moet word” (Bütow, 1986a:2).

Die regisseur van die 1987-opname was ’n oud-voorsitter van Alabama, Kobus Petzer wat op 3 Februarie 2016 ’n opname van dié produksie op die Facebook-blad, Alabama Studente Geselskap Lede en Oud Lede gelaai het (Alabama, 1987).

In 2006 is daar in samewerking met prof Attie Gerber van die Skool vir Kommunikasie ’n volledige DVD van die vertoning gemaak, terwyl sy studente ’n reeks musiekvideo’s van hoë gehalte as opdragwerke saamgestel het (Bütow, 2006:2; Alabama, 2006).

5.10 Besinning oor die waarde van Alabama

Die waarde wat Alabama vir die PUK gehad het as bemarkingsinstrument blyk uit die paragrawe in die verskillende tydperke hierbo wat daaroor handel. Dit word saamgevat deur Johan van Rensburg, wat tydens ’n reünie in 2012 aan die *ePUKaner* gesê het: “Alabama het die NWU-PUK in ’n mate op die kaart geplaas” (Anon., 2012b:9).

Die ontwikkeling van Alabama van die boereorkes- en operette-formaat na die revuestylprogramme blyk tekenend te wees van wat in dié spesifieke tye in die samelewing in die algemeen, maar ook in Afrikaner-geledere, aan die gebeur was. Vanaf die hoë ideale om Afrikanerskap te bevorder, waaroor gedroom is tydens die simboliese Ossewatrek van 1938, het tegnologiese ontwikkeling, wat die massamedia bevorder het, die Afrikaners al hoe meer blootgestel aan internasionale tendense. Sosioloë en ekonome beskryf dié proses as globalisering. Dean en Ritzer haal Ritzer se definisie daaroor aan wat globalisering definieer as ’n “transplanetary process or set of processes involving increasing liquidity and the growing multidirectional flows of people, objects, places and information as well as the structures they encounter and create that are barriers to, or expedite, those flows” (Dean & Ritzer, 2012:850).

Die effek van buitelandse invloede op die inhoud van Alabama se vertonings het duidelik na vore gekom toe die eerste revuestyl-program in 1967 aangebied is. Vroeër was daar geen musiek van buitelandse oorsprong, anders as klassieke en enkele orkesnommers in die program ingesluit nie, maar in 1967 word daar hoofsaaklik Engelse liedjies in die program ingesluit met net een Afrikaanse een (“Wat maak om Kallie daar”) (Anon., 1967a). Alabama het weliswaar later gepoog om Afrikaans te bevorder en het meer Afrikaanse liedjies in hulle program ingesluit. Daar is veral gelet op die insluiting van Afrikaanse liedjies nadat Alabama in 1981 in die pers deur ’n briefskrywer oor die vingers getik is omdat die helfte van die televisieproduksie van Alabama se 1980-program uit Engelse liedjies bestaan het (kyk na 5.5.3). Die effek van globalisering was egter duidelik en onstuitbaar.

Globalisering in die konteks van Alabama, kan ook dui op pogings om die musiek van ander Suid-Afrikaanse kulture weer te gee. In 1979 was die tema van Alabama *Suid-Afrika sing saam* en is daar musiek van die onderskeie kultuurgroepe van Suid-Afrika in die program ingesluit, die musiek van die bruin mense, immigrant, Engelssprekende en swart mense (Anon., 1979b). Dié program was net so gewild as vorige jare, maar toe die inheemse eenakter, *Le Gong Mamorati,* in 1995 in die program ingesluit is, het dit nie byval gevind nie (Bütow, 1995b:5). Dit dui daarop dat eksperimentering om globale tendense na te volg nie altyd suksesvol was nie.

Die invloed van globalisering was onafwendbaar en vir Alabama was dit ’n kwessie van om aan te pas of op te hou bestaan. Internasionale tendense het veel eise, veral in die later jare, aan Alabama gestel en uiteindelik kon dié geselskap nie byhou nie en het ophou bestaan. Een daarvan was die tydsgees waar studente ’n “kitservaring” wou hê en nie bereid was om hom- of haarself vir ’n jaar aan Alabama toe te wy nie (De Bruin, 2014b).

Wat betref kulturele prosesse, kan die effek van glokalisering ook duidelik by Alabama opgemerk word. Glokalisering het te make met hoe plaaslike gemeenskappe globale tendense by hul eie

kultuur aanpas. Die term het sy ontstaan uit die Japanese woord *dochakuka,* wat op die landbou van toepassing is waar boerderytegnieke vir plaaslike omstandighede aangepas word (Robertson, 1995:28). Binne die konteks van die sosiale wetenskappe het glokalisering, aldus Giulianotti en Robertson (2012:881, 882) te doen met "'real world' endeavors to recontextualize global phenomena or macroscopic processes with respect to local cultures". Een voorbeeld van glokalisering is die liedjie "Studentetyd" wat in die 1976-program ingesluit is. Dit is 'n Afrikaanse weergawe van die internasionale treffer "When a child is born", wat deur Johnny Mathis bekend gemaak is, maar wat oorspronklik in 1974 deur die Italiaanse kunstenaar Zacar (Circo Dammico) as "Soleado" gekomponeer is (Alabama, 1993b). Die skrywer van die lirieke was Vincent van der Westhuizen (Van Rensburg, 2016). Dit is duidelik gemik op die teikengroep van Alabama-gehore: enersyds voornemende studente en andersyds oudstudente wat terugverlang na hulle studentejare:

Mens moet verstaan dit was maar net 'n trap,
Om met hoër gange van die lewe aan te stap.
Maar vir almal wat was en vir die wat gaan kom,
Al gaan dit so gou soos die voorjaar om
Sal dit altyd, net soos vir my en jou,
Die mooiste seisoen van ons lewe bly.
(Alabama, 1993a)

Veranderings in die styl en inhoud van die programme van Alabama het eweneens veranderings in die Afrikaner-gemeenskap en die samelewing in die algemeen weerspieël. Sedert 1967 is die jongste internasionale treffers in die program ingesluit. Die effek van globalisering is ook te sien in die insluiting van die liedjie "Aquarius" in die Alabama-program. *Hair* is in Suid-Afrika verban, maar benewens "Aquarius" het "Good morning starshine" uit dié blyspel hul weg na die 1971-Alabama-program gevind.

Dieselfde jaar wat Alabama sy eerste revue op die planke gebring het, 1967, het die eertydse Potchefstroomse teologiese professor, prof WA (Wimpie) de Klerk die twee terme "verkramptes" en "verligtes" die lig laat sien. De Klerk het dié terme gebruik om die aanhangers van apartheid (verkramptes) en die teenstanders van apartheid (verligtes) te dui (Giliomee, 2003:549) . Heel gou het die betekenis daarvan verruim sodat "verkramptes" ook die behoudende morele groep aangedui het en "verligtes" die teenoorgestelde. Toe die revue begin het, was dit die tyd van twis tussen die "verkramptes" en "verligtes". In daardie dekades (1960's en 1970's) is die Afrikanersamelewing geleidelik geliberaliseer. Die koms van TV het die proses versnel. Die Afrikaners het deel van die globale wêreld geword. Die spanning tussen verligte en verkrampte sienings kom duidelik na vore in die geskiedenis van Alabama. So byvoorbeeld is studente aanvanklik verbied om te dans en terwyl

daar ook walgegooi is dat niks te gewaagd of te uitheems (byvoorbeeld die liedjie “Aquarius” uit *Hair* in 1971) in Alabama-uitvoerings insluip nie (Van Eeden, 2005:260; kyk na 5.5.3).

Later is die erge preutsheid verslap, soos blyk daaruit dat die SSR op 17 Maart 1986, besluit het om die Raad van die PU vir CHO “te versoek om die Universiteit se beleid ten opsigte van dans op die kampus so te wysig dat daar ruimte gelaat word vir ordelike dansaktiwiteite onder toesig van die Sentrale Studenteraad” (Gouws, 2016a:400). Dit vertel iets van die verandering na ’n meer “verligte” of ontspanne lewensuitkyk.

In sy artikel “Die betekenis van Alabama” in *50 Jaar Alabama* stel Bütow dit dat Alabama veral op drie terreine betekenis gehad het: beeldbou; verryking; en vermaak en die waarde van Alabama sal onder die drie punte bespreek word (Bütow, 1993c:24, 25). Vervolgens die besinning oor die waarde van Alabama in terme van beeldbou; verryking en vermaak, soos aangedui in paragraaf 1.2.3.

5.10.1 Beeldbou

Bütow meen dat die beeldbou-aspek van Alabama veel wyer gestrek het as net vir die Universiteit. Hy sê dat Alabama ook ’n uitstalvenster vir die studentelewe was. Bütow vervolg: “Alabama onder andere het ’n tuiste geword vir ons studente se kulturele aspirasies en die beeld wat hy uitstraal het oor die jare ’n magneet geword vir jong mense se kulturele behoeftes” (Bütow, 1993c:24). Dit word bevestig deur statistieke wat verkry is nadat eerstejaars in 1984 ’n kultuurvraelys voltooi het. Hieruit blyk dit dat sowat ’n derde van die respondente aangedui het dat hulle graag ’n lid van Alabama wou word (Bütow, 1984c:5). (Kyk na paragraaf 5.5.3.4.)

Selfs so laat as 2005, reken die kampusrektor, prof Annette Combrink, dat die NWU, Potchefstroomkampus dié studentekultuurmekka van die land is (Combrink, 2005:3). Die begrip “kultuurmekka” in terme van die Universiteit, maak sy verskyning in 1981 toe Bütow ’n omvattende verslag van sy werksaamhede saamgestel het. Hierin stel hy hom ten doel om die Universiteit en Potchefstroom te vestig as die “kultuurmekka” van Transvaal (1981a:9). Combrink grond haar stelling dat die Universiteit ’n “kultuurmekka” is op die talle “kultuurhoogtepunte” op die jaarlikse kalender en die prestasies van ander groepe.

Dié groepe, benewens die Alabama Studentegeselskap, is die PUK-Koor, die Boulevard Harmoniste en die PUK-Serenaders wat die “openbare gesig van die ideaal van kunsvorming op die PUK” is (Combrink, 2005:3).

Alhoewel Alabama as toergeselskap nie meer bestaan nie, bestaan die gemelde drie ander groepe steeds. Dit kan gesien word dat Alabama die weg gebaan het vir dié groepe en dus ook betekenis toegevoeg het om hulle bestaan te verseker. (Kyk ook na die hoofstukke wat oor dié groepe handel.)

Bütow vervolg dat die waarde wat Alabama vir Potchefstroom gehad het ook noemenswaardig is. Bütow haal ds Alwyn Swart aan wat in 1968 geskryf het: "'Die mense ken Potchefstroom as hy ernstig is. Hulle dink dit hoort so. Hy moet ook ernstig wees. Maar hulle moet hom sien in sy vrolikheid, in sy dartelende spel. Hulle moet die fees sien wat uit die erns gebore is '" (Bütow, 1993c:24). Die waarde wat Alabama vir Potchefstroom gehad het blyk ook uit die huldigingsertifikaat wat die stadsraad van Potchefstroom in 1990 aan Alabama oorhandig het. (Kyk na paragraaf 5.7.1.) In sy groeteboodskap aan Alabama met sy vyftigste bestaansjaar skryf die burgemeester van Potchefstroom, dr Willie Victor: "Min dorpe beskik oor die voordeel om ambassadeurs van dié kaliber te mag hê – ons is trots op hierdie wenspan wat wêreldwyd ons dorp se naam met eer gedra het" (Victor, 1993:2).

Met Alabama se besoek in 1985 aan die Republiek van China (Taiwan) het hulle daarin geslaag om nie net hulle gehoor te vermaak nie, maar het ook as uitstalvenster vir Suid-Afrika gedien. Die toer het plaasgevind in die tydperk van ernstige kulturele, ekonomiese en sportsanksies teen Suid-Afrika (Giliomee & Mbenga, 2007:340). Volgens Bütow dui die "besondere aantal toekennings van uit Taiwan en sy TV-optrede aldaar" op die gewildheid van Alabama daar. Die sukses van Alabama se toer na Taiwan het die weg gebaan vir die ander uitvoerende groepe wat later menigvuldige oorsese toere onderneem het.

5.10.2 Verryking

5.10.2.1 Vir sy lede

Wanneer daar op klinies-ontledende wyse oor Alabama geskryf word, is daarmee nog nie reg laat geskied aan die waarde wat dit vir sy lede gehad het nie. Die stigterslede al het die "lekker gespelery" geniet (Coetzee, 1984:7). Vir die vroeë Alabama-lede was dit nie altyd maanskyn en rose om lid van 'n Alabama-toergeselskap te wees nie. Die toere het tydens die wintervakansie plaasgevind en daar is per trein gereis, maar sê stigterslede Bokkie en Liesbeth van der Merwe in 1986 aan die *PUK-Skakel* dat hul mooiste en kosbaarste herinneringe, dié uit hulle Alabama-jare was (Anon., 1986c:24). Kyk ook na FRP de Bruyn se opmerkings oor die toer van 1960 in paragraaf 5.3.1.

Bütow reken dat die betekenis van Alabama vir sy lede die volgende is (Bütow, 1993c:24):

* Studente word verplig om te leer om goeie balans tussen die akademie en Alabama te handhaaf.
* Deursettingsvermoë word 'n leerskool.

* Lede word deel van en vorm ’n ongekende groepsgees.
* Verryking in leierskap, bestuursvaardighede, organisasievermoë en beplanningsvaardighede. Baie oud-lede kon juis hierdeur vir hulle in hul latere beroepslewe die vrugte daarvan pluk.
* Vriendskapsbande word gesmee.
* Teateretiket en verhoogpersoonlikheid word aangeleer.
* Musiekkennis word verbreed en beweging word aangeleer.

Melani (Visser) Bosch, wat lid van Alabama in 1995 en 1996 was, is steeds betrokke by die maak van musiek. Sy is ’n sanger in die lofprysing- en aanbiddingspan van die Doksa Deo-gemeente in Midstream. Sy sê dat Alabama by haar ’n besef van tyd gekweek het. Sy onthou ook die samehorigheid – “ons was ’n familie”. Selfs vir haar kinders is haar Alabama-albums fassinerend en sy moet dikwels daaroor iets vertel (Bosch, 2016).

Talle huwelike waarvan albei lede deel van die geselskap was, het uit Alabama ontstaan. Die bekendste hiervan is seker dié van Johan van Rensburg, musiekregisseur in 1964 en van 1966 tot 1973, en Rina Hugo, wat een van die bekendste sangeresse van ligte Afrikaanse musiek geword het (Van Rensburg, J., 1993:7). Sy broer, Louis Drummond van Rensburg is ook met ’n mede-Alabama-lid, Charlotte Pitzer, getroud (Van Rensburg, L., 1993:7). In 1959 skryf Idyll van der Walt in sy artikel oor Alabama in *Die Besembos* dat “verliefde paartjies, toerromanses en huwelike was van meet af deel van die Alabama-kultuur” (Van der Walt, 1959:38). In die 20ste bestaansjaar van die revuestyl-produksie, 1987, berig die program dat daar toe al 50 huwelike uit Alabama ontstaan het (Anon., 1987a:1).

’n Baie belangrike effek wat Alabama op sy lede gehad het, is die feit dat dit as kweekhuis gedien het vir baie kunstenaars wat later self sukses behaal het in die musiekwêreld. Dit sny ook indirek aan by die volgende punt, want dié kunstenaars het op hulle beurt ’n bydrae tot Afrikaanse ligte musiek gelewer. Alabama was ook die leerskool van talle vooraanstaande uitvoerende kunstenaars soos Johan van Rensburg, Rina Hugo, Karin Hougaard, Anna Davel en Danie Niehaus. Die gees en styl van Alabama het seker in ’n sekere sin deur hulle voortgeleef in die Afrikaanse vermaaklikheidswêreld.

Benewens uitvoerende kunstenaars, het Alabama ook verskeie lede opgelewer wat later loopbane in kunstebestuur gevolg het. Volgens Gerrie Lemmer, hoofbestuurder: projekte van die ATKV, was talle personeellede van dié organisasie oud-Alabamalede en “deel van die kultuurprosesse van die PUK” (Lemmer, 2017).

Daar is ook enkele Alabama-lede wat op ander terreine presteer het. Hieruit kan afgelei word dat Alabama nie alleen sy lede se musiektalent ontwikkel het nie, maar ook leierseienskappe by sy lede

gekweek het soos Bütow tereg opmerk. Bylaag 2 bevat meer inligting oor die lede wat later bekend geword het.

5.10.2.2 Vir die Afrikaanse liedereskat in ligte musiek

Die Mini-Sari-toekenning wat Alabama in 1969 ontvang het, het vroeg reeds getuig van die erkenning wat die Alabama-revuestylprogramme gekry het vir sy bydrae tot ligte Afrikaanse musiek. Dit is opgevolg met toekennings van ander instansies, soos in paragraaf 5.7.1 bespreek.

In 1993 skryf Bütow dat Alabama toe reeds 220 Afrikaanse liedjies op plaat opgeneem het. Hiervan was 52 die werk van Alabama-lede, oudlede en ander PUK-studente.

5.10.2.3 Revue-kursusse

Een aspek wat die waarde van Alabama in die breë verband van die Afrikaanse kultuuromgewing aandui, is die aanbied van revuekursusse. Vanaf 1992 is dié revuekursusse, met die ondersteuning van die ATKV en onder leiding van die PU se Departement Kultuur, aangebied (Bütow, 1993a:1). Dié kursusse is tot en met 2001 aangebied en sal meer volledig behandel word in die paragraaf 14.4.3.

Aan die kursusse het die vier musiekregisseurs van Alabama as kursusleiers meegedoen, asook die jarelange choreograaf van Alabama Henri Noppè.

Dat daar waarde toegevoeg is aan die skole en hul onderwysers wat die kursusse bygewoon het, is nie te twyfel nie, maar dit is ’n ope vraag of dié aanbied van die kursusse nie die doodsklok gelui het vir Alabama se bestaan nie. Prof Carools Reinecke, rektor van die PU vir CHO vanaf 1989 tot 2001, het by geleentheid tydens so ’n revuekursus teenoor Horst Bütow opgemerk: “Aren’t you selling your know-how?” (Bütow, 2014a) Johan van Rensburg sluit hierby aan en sê dat vir leerlinge wat reeds in hul skooljare deel gehad het aan ’n revue-opvoering was Alabama nie ’n ideaal of ’n nuutjie nie (Van Rensburg, 2014). Dit is dus ’n ope vraag of daar nie ’n negatiewe aspek aan die aanbied van die revuekursusse was nie. Enersyds het die kennis en kundigheid wat Alabama oor jare opgebou het tot voordeel van talle gestrek, maar andersyds het dit die revuestyl-programme so algemeen gemaak dat belangstelling daarin verloor is.

5.10.3 Vermaak

5.10.3.1 Toere

Reeds met die heel eerste Alabama-toer het mense na Alabama-vertonings gestroom. Flip Grobler het in 1984 aan die *PU-Kaner* gesê: “daar was ’n geweldige stormloop na die kaartjiekantore” (Coetzee, 1984:7). Bütow skryf dat Alabama sy sukses daaraan te danke het dat mense hom van die begin af met ope arms ontvang het. Hy vervolg dat die waarderendste gehore op die platteland was

en “vorm ook nog vandag Alabama se barometer met betrekking tot sy eksperimente in ligte Afrikaanse musiek” (Bütow, 1993c:25).

Chanté Hinds, wat later as televisie-aanbieder en aktrise landswyd bekend geword het, het tydens ’n onderhoud aan *Wapad* gesê dat haar grootste oomblik as Alabama-lid was toe hulle in 1988 op ’n “plattelandse plekkie” opgetree het. “Na die vertoning het ’n stokou oom en tannie na ons gekom. Die trane het geloop. Daardie geweldige warmte en dankbaarheid het my diep geraak, dit maak Alabama die moeite werd om te géé” (Harris, 1990c:7).

Toe die Alabama-toere in 2007 tot ’n einde kom is daar bereken dat Alabama in 2240 konserte, teen ’n gemiddeld van 35 optredes ’n jaar, opgetree het (Hamburg, 2015).

5.10.3.2 Radio en televisie

Nadat Alabama sy eerste langspeelplaat in 1968 gesny het sodat die musiek oor die radio uitgesaai kan word (Van Rensburg, J., 1993:7), het Alabama dadelik ’n groter aanvraag na kaartjies vir sy konserte beleef (Van der Walt, 1993:13). Bütow sê dat nadat die eerste televisieopname vir SAUK in 1976 gemaak is, is die Alabama-naam uitgedra oor hele land en na mense wat Alabama nog nooit mee kennis gemaak het nie. Daar is altesaam 18 programme op televisie uitgesaai (Cunniff, 2007:2).

5.10.3.3 Sosiale media

Alhoewel sosiale media nie so wydrykend was in die tyd waarin Alabama bestaan het nie en dus nie so ’n belangrike faktor was nie, het dit later platforms geskep waar Alabama steeds kan vermaak. Benewens enkele van die televisieproduksies, is daar ook talle opnames van Alabama se musiek beskikbaar op die webblad, YouTube.com. Hierbenewens bestaan daar ’n Facebook-blad: Alabama Studente Geselskap Lede en Oud Lede (Alabama, 2016). Op die platform waarop enigiemand videogrepe kan plaas, YouTube, is enkele van Alabama se televisieoptredes beskikbaar (Alabama, 1986; Alabama; 1987).

5.11 Ten slotte

Vir die studente wat in die 64 jaar van Alabama se bestaan nie net daaraan deel gehad het nie, maar ook bevoorreg was om die produksies te sien, sal Alabama altyd sinoniem met die PUK bly. Oud-lede het tot enkele jare gelede nog reünies gehou, wat dui op die sterk samehorigheidsgevoel onder lede. In die vier eras van sy bestaan het Alabama telkens goeie aanklank by sy gehoor gevind. Nesco du Toit, skrywer en regisseur van die operettes, verwoord dit so: “Alabama was op ’n groot manier ’n spieël van die volk. Dit was volkskuns” (Du Toit, 2017). Dit blyk ook uit Du Toit se opmerking in paragraaf 5.7 oor die gewildheid van die *skit* wat Oosterse gevegskuns uitbeeld.

Alhoewel die geselskap vir die grootste deel van sy bestaan uit-en-uit ’n amateurgeselskap was, het die bystand wat Alabama sedert 1980 vanaf die Kultuurkantoor, later die Departement Kultuur en uiteindelik PUK Kunste gekry het, grotendeels gehelp om sy voortbestaan te verseker. Meer as enige ander uitvoerende groep aan die Universiteit het Alabama sekerlik ’n beduidende nalatenskap tot die Afrikaanse kultuur.

HOOFSTUK 6
PU-Koor

Volgens Wetzel is die stem die oudste musikale instrument en die natuurlikste manier waarop die mens homself musikaal kan uitdruk (Wetzel, 2007). Rutter meen dat ’n koor waarde toevoeg tot ’n instansie: “Even if the choir is not the greatest in the world, the fact that they meet together, it has a social value, a communal value. A church or a school without a choir is like a body without a soul” (Rutter, 2015).

Of die stigters van die kore aan die NWU-PUK en sy voorlopers van dieselfde mening is, kan nie bepaal word nie. Kore is enkele kere sedert die veertigerjare aan die PUK gestig, om na enkele jare dood te loop en later weer herstig te word. Sedert 1971 bestaan die Koor, wat aanvanklik bekendgestaan het as die Potchefstroomse Universiteitskoor en in 2014 die NWU-PUK Koor heet, onafgebroke (Anon., 1971h:9; NWU-PUK Kunste, 2016). As uitvoerende studentegroep het die PU-Koor, wat gewildheid en bekendheid betref, in die skadu van die Alabama Studentegeselskap gestaan, veral in die jare wat albei saam bestaan het en veral gedurende die tydperk van dié geselskap se nasionale gewildheid. As een van die uitvoerende studentegroepe aan die Universiteit het die PU-Koor homself bewys as ’n wêreldleier op sy gebied (Anon., 2014b; Anon., 1993h:1).

In die loop van die navorsing hiervoor is talle variasies vir die naam van die Koor gevind. Sedert 1971 is talle name vir die koor gebruik. Dit sluit in die naam soos hierbo genoem, die “Potchefstroomse Universiteitskoor”. Dit is ook dikwels afgekort na “PU-koor,” “PU-Koor,” “PUK-koor” “PUK-Koor” of “Pukkoor”. Wat betref die Potchefstroomse Universiteitskoor, sal die naam “PU-Koor” of “Koor” gebruik word. Vir die tydperk na 2004, toe die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit geword het, sal daar verwys word na die NWU-PUK-Koor en wanneer die sinskonstruksie dit vereis, sal “Koor” (met ’n hoofletter “K”) verwys na die PU-Koor of NWU-PUK-Koor. Wanneer koerantberigte of ander geskrifte aangehaal word, sal die skryfwyse, soos in die oorspronklike teks gevind, gebruik word.

Wat betref die historiese besinning oor die Koor vir die periodes voor en na 1980, sal dit in hierdie hoofstuk soomloos hanteer word, hoofsaaklik omrede die jaar 1980 vir die Koor nie ’n noemenswaardige of waterskeidingsjaar was nie. Daar sal egter uitgewys word hoe die aanstelling van die studenteadviseur: kultuur in 1980 in die tydperk daarna bygedra het om kooraktiwiteite te bevorder.

Van die Universiteit se bekendste oudstudente, wat nasionaal en internasionaal roem verwerf het op klassieke musiekverhoë, was in hulle studentejare lid van die Koor. Hulle sluit onder meer in André Howard, Kobie van Rensburg, Rudolf de Beer en sy vrou, Marinda Snyman, en Martin Watt. (Kyk ook na bylaag 6 vir hul biografiese besonderhede.)

6.1 Koorsang aan Suid-Afrikaanse universiteite

Die eerste koor aan ’n universiteit in Suid-Afrika blyk dié van die Universiteit van Stellenbosch te wees wat in 1936 gestig is deur William Morris. Volgens Hauptfleisch, in die *SA Koornuus* van Maart 1992, het dié koor verskeie toere onderneem en so landswyd bekend geword (Hauptfleisch, 1993:6; Stellenbosch Universiteitskoor, 2013). In 1955 het Georg Gruber, ’n vorige dirigent van die Weense Seunskoor, die Rhodes Universiteit Kamerkoor gestig. Dié koor was die eerste wat die groot stap geneem het om oorsee te toer en talle ander universiteitskore het in hulle voetspore gevolg. Die eerste universiteit wat ’n Afrika-koor, benewens die ander universiteitskoor, gestig het was die Universiteit van Kaapstad in 1987 (Hauptfleisch, 1993:6).

Die PU-Koor was van vroeg af ’n belangrike rolspeler in die nasionale en plaaslike kooromgewing. Die Koor was een van die deelnemers aan die eerste Kuesta Koorfees, toe dit in 1979 aan die UOVS gehou is (PU-Koor, 1976-2001). Horst Bütow, senior studenteadviseur: kultuur en die PU-koorleier, Awie van Wyk was instrumenteel in die stigting van ’n Suid-Afrikaanse Koorvereniging. Dit was in September 1983 met die eerste Philip McLachlan-werkswinkel in koorsang wat aan die Universiteit van Pretoria gehou is. Van Wyk was die eerste ondervoorsitter van die vereniging (Theron, 2004:5). Dit sal in paragraaf 6.9 wyer omskryf word.

6.2 Die vroeë geskiedenis van sang aan die NWU-PUK en sy voorgangers

Die doelstelling van die PU-Musiekvereniging in 1954 beskryf as: “Bevordering van belangstelling in musiek deur: (a) die hou van konserte en lesings wat gereël word op inisiatief van die bestuur en (b) die onderneem van toere met goedkeuring van die Studenteraad” (Anon., 1954b:1). Die Koor het later uit die Musiekvereniging ontstaan en dit is dus nodig dat die geskiedenis van musiekopleiding aan die Universiteit kortliks onder oë geneem word.

Musiekopleiding het ’n aanvang geneem met die instelling van ’n eenjarige kwalifiserende kursus vir die BA-graad in 1941. Mnr Jacques Malan is aangestel om dié kursus aan te bied (De Klerk & Du Pisani, 2006:104). Weens die sterk belangstelling in musiek het die PUK in 1948 die musiekskool van mnr MM (Martinus) van der Bent in Potgieterstraat (tans Nelson Mandela-rylaan) gekoop. ’n Skenking van £5 000 van die Potchefstroomse stadsraad het die PUK in staat gestel om ’n

musiekkonservatorium daar te vestig (Van der Schyff, 2003a:463). Nadat praktiese klasse later in ’n verskeidenheid lokale aangebied is, onder meer die ou Cachet-koshuis en die ou Teologiese Skool langsaan, is die doelmatige Konservatorium op die Oude Molen-terrein op die hoek van Meyerstraat en Van der Hoffweg (tans Thabo Mbeki-rylaan) opgerig en in 1960 in gebruik geneem (De Klerk & Du Pisani, 2006:104).

Die PUK-Musiekvereniging is op 26 Maart 1942 gestig onder die beskerming van die Senaat van die PUK. Die voorsitter was prof Gerrit Dekker en die res van die bestuur was mnr JP Duvenage (ondervoorsitter), mej M De Klerk (sekretaresse) en mnre JP Malan (musiekadviseur) en KS van Wyk de Vries (penningmeester). Die doelstellings van die vereniging was eerstens om ’n goeie en gesonde musieksmaak, veral by die studente, te kweek en ook om geleentheid te skep vir begaafde studente om in die openbaar op te tree (Voorendyk, 1971:147).

Volgens Voorendyk is die werksprogram om die doel te bereik só ingedeel:

(a) *Musiekwaardering deur middel van plate met toeligting deur verskillende persone, asook lesings oor verskillende onderwerpe;*
(b) *Die stigting van ’n PU-koor;*
(c) *Die organisasie van konserte deur besoekende professionele musici; en*
(d) *Die organisasie van konserte waarin plaaslike kunstenaars en talentevolle studente kon optree* (Voorendyk, 1971:147, 148).

Die Vereniging kon, volgens die sekretaresse, Magdalena de Klerk, in ’n artikel in *Die Veteraan,* reeds in die eerste jaar ’n gunstige verslag lewer. Dié jaar is die belangstelling in musiek van “’n groot persentasie studente aangewakker”. De Klerk berig voorts dat die vereniging dié jaar ’n ledetal van 34 gehad het (De Klerk, 1943:17). Nes sy werksprogram uitgespel het, het die Musiekvereniging konserte van besoekende musici gereël en plate-aande aangebied, waartydens daar na bekende klassieke werke geluister is en ’n kenner daarna toeligting daaroor gegee het (De Klerk, 1943:17).

Die volgende jaar, 1944, is ’n koor gestig, wat blyk die eerste koor te wees wat aan die PUK bestaan het en meer volledig in paragraaf 6 beskryf sal word (Malan, 1944:30).

Die Musiekvereniging funksioneer as onderliggaam van die Senaat tot in 1954, toe daar by die Studenteraad aansoek gedoen word om die vereniging onder patronaatskap van die Studenteraad as suiwer studentevereniging te laat funksioneer. In sy jaarverslag vir 1954 skryf die voorsitter, CD Roode:

Vir die eerste keer in die bestaan van hierdie vereniging het die studente die roer oorgeneem. In die verlede was die doserende personeel grotendeels verantwoordelik vir die Musiekvereniging en tot aan die begin van verlede jaar het die hele bestuur nog bestaan uit lede van die personeel met

uitsondering van die paar studenteverteenwoordigers. Daar is toe gevoel dat die bestuur nie genoegsame kontak met die studente het nie en daar is voorgestel dat die studente self voortaan hierdie vereniging sal behartig (Roode, 1954).

Die besluit dat die vereniging suiwer deur die studente bestuur word, is eenparig aanvaar. Daar word ook berig dat die vereniging dié jaar ’n ledetal van 183 gehad het (Roode, 1954).

6.3 Die eerste kore aan die PUK

Die waarskynlikheid dat daar voor die 1940’s kore aan die PUK bestaan het, kan nie uitgesluit word nie. ’n Studente-orkes het so vroeg as 1902 aan die Teologiese Skool bestaan (kyk ook na paragraaf 2.2). Op 1 Mei 1926 notuleer die SVR: “Die Voorsitter deel mee dat die SVR besluit het om die sang en oprig van ’n koor aan die nuwe Studentevereniging op te dra, op versoek dat die konstitusie en huishoudelike reglement van die vereniging gelees en uiteengesit word” (SVR, 1926b:46). Geen verdere spore van dié koor kon gevind word nie.

In 1929 verskyn ’n paragraaf in *Die Besembos* onder die opskrif: “Kennisgewing: PUK Koor” wat moontlik kan dui op die bestaan van ’n koor. Dit lui as volg: “Oom Herrie, die ontdekker van die PUK Koor, versoek hiermee alle lede van bogenoemde koor, beleefd dog dringend, om elk een ’n geskikte koorboordjie aan te skaf wat dan eers deur die ontdekker sal moet goedgekeur word. Hy sal veral let op behoorlike gaffelpunte. Kêrels word aangeraai om die model koorboordjie van die Koormeester as voorbeeld te neem” (Anon., 1929b:9). *Die Besembos* was, voor die stigting van *Wapad* in 1946, die enigste studenteblad van die PUK en dit was gebruik om gereeld humoristiese brokkies daarin te plaas (Du Plessis, 1950:65). Geen ander verwysing na die bestaan van dié koor van 1929 kon gevind nie en dit word vermoed dat dié paragraaf so ’n humoristiese brokkie is.

Een van die doelstellings van die PUK-Musiekvereniging met sy stigting in 1942, was om ’n PUK-Koor te stig en die besluit om daartoe oor te gaan, word geneem tydens ’n vergadering van die Vereniging op 3 Maart 1943. Die koor sou minstens een keer in 14 dae oefen (PUK-Musiekvereniging, 1943a:2). Die eerste optrede van die koor is enkele maande later tydens ’n konsert op 22 Mei 1943, toe Psalm 103 gesing is (PUK-Musiekvereniging, 1943b). Voorendyk vervolg: “Op ’n vergadering wat op 28 Februarie 1944 plaasgevind het, is melding gemaak van die verdienstelike optrede van die koor in 1943, onder leiding van mev I Wedepohl. Op dieselfde vergadering word die ambisieuse plan om ‘Die Skepping’ van Haydn uit te voer, bespreek.” Mev Wedepohl het Potchefstroom aan die einde van 1944 verlaat en mnr JP Malan is in haar plek as dirigent van die koor aangestel” (PUK-Musiekvereniging, 1945b).

Die koor het weliswaar “Die Skepping” aangedurf, aldus Malan in ’n artikel in *Die Veteraan* in 1955 en vervolg dat die koor “hoog gepresteer het”. Vir die uitvoering van “Die Skepping” is soliste uit Pretoria en Johannesburg ingevoer en drie agtereenvolgende uitvoerings is gegee, wat baie goed ondersteun is (Malan, 1944:30).

Teen 1946 was die koor iets van die verlede. In sy jaarverslag van die PUK-Musiekvereniging skryf die sekretaris, JP Duvenage: “Aan almal is uitnodiging gerig om aan te sluit by die PUK-Koor, maar na baie moeite deur die dirigent het die koor teen die derde kwartaal verdwyn weens gebrek aan belangstelling” (Duvenage, 1946:4).

Mnr JP (Jacques) Malan, ’n boorling van Bloemfontein, is in 1917 gebore. Hy behaal die BA-graad aan die UKOVS in 1938 en sit sy musiekopleiding voort om in 1940 beide die Onderrig- en Voordraglisensiate te voltooi. Vanaf 1941 is hy ’n privaat musiekonderwyser op Potchefstroom en die volgende jaar word hy aangestel om die Musiekdepartement aan die PUK te begin. Deur middel van eksterne studie behaal hy in 1948 die BMus-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika en vertrek aan die begin van 1952 na Wenen vir verdere studie. Hy ontvang die doktorsgraad in Musiekwetenskap “na agtien maande van intensiewe studie”, met ’n tesis getiteld “Gehalt und Gestalt der Motivik in Händel’s Oratorien” (Anon., 1955f:5). Hy word in 1955 bevorder tot professor, waarna ’n profiel van hom in *Wapad* verskyn. Hiervolgens was prof Malan onder sy studente bekend as ’n persoon met ’n oorspronklike en breë insig in musiekvakke. “Deur sy ryk woordeskat en mooi taalgebruik is sy lesings besonder interessant” (Anon., 1955f:5). Malan was die stigter van ’n Collegium Musicum wat as ’n verlengstuk van sy onderrig konserte aangebied het en sy eie koor gehad het. In 1950 het die Musiekkonservatorium tot stand gekom, wat benewens musiekonderrig aan studente, dit ook aan buitepersone gebied het. Ná prof Malan se vertrek in 1955 is die Musiekkonservatorium en Departement Musiek saamgevoeg onder hoofskap van prof MC Roode (De Klerk & Du Pisani, 2006:105).



ILLUSTRASIE 6.1
JP MALAN IS IN 1942 AANGESTEL OM MUSIEKVAKKE AAN DIE PUK AAN TE BIED. HY BERIG IN 1944 OOR DIE STIG VAN 'N KOOR, WAARVAN HY WAARSKYNLIK DIE DIRIGENT WAS ((ANON., S.A.(C).

Malan was benewens stigter van die PUK se Musiekdepartement ook die stigter van die Musiekdepartement van die Universiteit van Pretoria. Tydens die na-oorlogse jare het hy as programsamesteller vir die SAUK in Kaapstad gewerk. In 1967 was hy die stigter van 'n komitee vir hoofde van Musiekdepartemente aan universiteite. In die sestigerjare het hy begin werk aan 'n projek vir die RGN wat uitgeloop het op die "Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie" (Lucia, 2009:126). Malan is in 2012 oorlede (Terblanche, 2014).

Die viering van die selfstandigwording van die PU vir CHO in 1951 het oor etlike dae gestrek. Volgens Van der Schyff het 'n studentekoor op 17 Maart tydens die hooffees opgetree en 'n toonsetting deur MC Roode van 'n gedig van Totius "In U Lig" gesing (Van der Schyff, 2003a:632). In die gedenkprogram word die woorde en musiek van dié toonsetting gepubliseer en vir die program van 17 Maart word "koorsang" aangedui. Die program dui nie aan wie die koor of dirigent is nie (PU vir CHO, 1951:3, 7).

Dit blyk dat dié Koor in 1952 bly voortbestaan het, want die sekretariële jaarverslag van die PU-Musiekvereniging vir 1952 en 1953 meld dat 'n aandprogram in die eerste semester van 1952 aangebied is met 'n uitvoering van 'n ensemblegroep onder leiding van mnr Arthur Wegelin saam met die "Universiteitskoor onder leiding van mnr Schultze". Die Koor word ook gelukgewens met verdere geslaagde uitvoerings en die hoop word uitgespreek dat die koor in getalle sal groei (Müller, 1953:2). Maar die Koor skitter egter in sy afwesigheid in die verslag van 1954 (Müller, 1954).

Hernieude ywer vir die stigting van 'n Universiteitskoor vlam in 1955 op. *Wapad* kondig op 30 Maart aan dat 'n langverwagte ideaal verwesenlik is toe 'n studentekoor "weer" in die lewe geroep is (Anon., 1955a:7). Die voorsitter was AP Duvenage, die ondervoorsitter EJ Smit, sekretaresse mej M Schoeman en die penningmeester, P du Plessis. Mejj A van der Merwe en L Grobbelaar was

addisionele lede. Die berig meld dat daar nog baie dames sal moet aansluit om die koor "enigsins gebalanseerd" te maak (Anon., 1955a:7).

Enkele maande later blyk dit dat die koor goed ontwikkel. *Wapad* skryf op 28 Junie 1955: *Dit stem 'n mens dankbaar om die ontwikkeling van die koor dop te hou. Waar dergelike pogings in die verlede herhaaldelik doodgeloop het, wil dit lyk of dit die keer 'n sukses gaan wees. In die begin het lede baie sporadies gekom en gegaan, maar nou is daar 'n groot mate van standvastigheid verkry. Reeds word hard geoefen om volgende kwartaal met naweektoere te begin. Ook wat die balans van die koor betref, het daar 'n aanmerklike verbetering ingetree. Alhoewel daar 'n paar sterk soprane is, kan die getal nog heelwat vergroot word* (Anon., 1955g:7).

Dit blyk dat die Musiekvereniging in dié jare 'n bloeitydperk beleef het, want 'n berig elders in dieselfde *Wapad* sê: "Dit wil voorkom asof die Musiekvereniging 'n uiters suksesvolle jaar betree het en waardevolle uitbouingswerk op kulturele gebied lewer" (Anon., 1955h:7).

Nadat die Musiekvereniging in 1956 die eerste keer as patronaatliggaam van die Studenteraad gefunksioneer het, skryf *Wapad* dat dit "'n groot jaar" in die bestaan van die koor is. "Dit staan as onderliggaam van die Musiekvereniging op 'n veel hegter grondslag as ooit tevore. Daarby gaan die verenging vanjaar alreeds 'n toer onderneem – waarskynlik deur Wes-Transvaal of die land. Voorlopig is besluit om die Oktobervakansie hiervoor te gebruik" (Anon., 1956a:7). Die studenteraadsvoorsitter skryf in sy jaarverslag vir 1956: "Ook die PU-koor kon onder moeilike omstandighede sy werk voortsit. Hartlike dank vir hierdie baanbrekerswerk, mnr APC Duvenage" (Van der Walt, 1956a:131). In 1957 staan die koor, wat volgens die studenteraadsvoorsitter in dié jaar tot "ongekende hoogtes" gegroei het, onder leiding van mej Retha Oosthuizen (Van der Walt, 1957:175).

'n Ongedateerde toerprogram dui aan dat dié toer in óf 1956 óf 1957 plaasgevind het, aangesien mej MM Oosthuizen hiervolgens die koorleidster is en mnr CD Roode die voorsitter van die Musiekvereniging (Musiekvereniging, s.a.). Uit die voorwoord blyk dit dat dit die eerste toer is wat dié vereniging onderneem. Die program bestaan hoofsaaklik uit uitvoerings deur 'n blokfluit-ensemble, klaviersolo's, sangsolo's en die koor. Werke wat gesing word sluit in: die "Engelekoor" uit *Ella* van F Mendelsohn, 'n verwerking deur MC Roode van "Op berge en in dale" en "I am the Highness' Dog" van Whitfield. Die Koor sluit die program af met "Gaudeamus Igitur", "In U Lig" en "Alma Mater". Laasgenoemde twee is deur prof MC Roode geskryf, wat ook die dirigent was (Musiekvereniging).



ILLUSTRASIE 6.2
APC (PEET) DUVENAGE (REGS AGTER) WAS IN 1956 DIE LEIER VAN DIE KOOR VAN DIE MUSIEKVERENIGING. HY WAS OOK ONDERVOORSITTER VAN DIE MUSIEKVERENIGING. ANDER BESTUURSLEDE VAN DIE VERENIGING IS (VOOR) CHRISTIE ROODE (VOORSITTER), BERNICE SMIT (ADDISIONELE LID) EN RETHA OOSTHUIZEN (SEKRETARESSE). AGTER IS PIETER SNYMAN (ADDISIONELE LID), MARIETJIE THERON (PENNINGMEESTERES) EN DUVENAGE. MEJ OOSTHUIZEN WAS IN 1957 DIE LEIER VAN DIE KOOR (ANON., 1956B:38).

Ten spyte daarvan dat die ASB se kongres en kunsfees in 1958 in Potchefstroom plaasvind, het die koor nie deelgeneem nie (Anon., 1958b:5). ’n Latere koorleier van die PU-Koor, Pieter de Villiers, het egter in 1958 ’n koor afgerig wat saam met die SAUK Simfonieorkes in Augustus 1958 ’n uitvoering in Potchefstroom gegee het . Die uitvoering was onder leiding van Anton Hartman. *Wapad* berig onder die opskrif “Potchefstroom beleef ’n hoogtepunt in sy musieklewe” daaroor op 21 Augustus en vervolg: “Die koor van sewentig lede getuig van besonder goeie afrigting en alle lof kan aan die afrigter, Pieter de Villiers, toegeswaai word. Die koor was inderdaad so goed afgerig dat bulle gemaklik op al die aanduidings van die dirigent kon reageer” (Anon., 1958c:5).

Die volgende jaar is De Villiers die koorleier van die Musiekvereniging se koor. Nadat hulle twee jaar vantevore ’n toer onderneem het, het die Musiekvereniging in die wintervakansie van 1959 weer getoer. *Wapad* berig op 19 Junie dat die program uit vokale en instrumentale musiek bestaan en vervolg: “Die hoogtepunt van die program is die koor onder leiding van mnr Pieter de Villiers, en al singende behoort bulle die hart van die publiek te verower met hulle siklus liedere” (Anon., 1959b:1, 4). Na aanleiding van dié toer ontvang die Koor in 1959 ’n uitnodiging om in 1960 aan die Uniefees in Bloemfontein deel te neem (Van der Walt, 1959:145). In sy jaarverslag skryf die studenteraadsvoorsitter van 1960, dat dit ’n “groot eer” was. “Die koor is tydens die Uniefees bestempel as op een ná die beste koor onder die sewe uitgesoekte kore wat in Bloemfontein opgetree het” (Van der Walt, 1960:167). Dié jaar, 1960, is ook die laaste jaar wat die Musiekvereniging as patronaatliggaam van die Studenteraad funksioneer (Van der Walt, 1960:167). Daar word dus teruggekeer na die vroeë reëling waar die Musiekvereniging onder die Senaat funksioneer (Coetzee *et al.,* 1964:2).



ILLUSTRASIE 6.3
DIE OMSLAG VAN DIE PLAAT *STUDENTESANG* DEUR DIE KOOR VAN DIE PU, WAT IN 1961 GEMAAK IS (PU-STUDENTEKOOR, 1961).



ILLUSTRASIE 6.4
DIE ADVERTENSIE VIR DIE LANGSPEELPLAAT, *STUDENTESANG,* VAN DIE PU-STUDENTEKOOR. DIT HET IN DIE 1961-UITGAWE VAN *DIE BESEMBOS* VERSKYN (ANON., 1961D:22).

In 1961 het die Universiteit ’n plaat uitgegee van studenteliedjies, getiteld *Studentesang*. ’n Eksemplaar daarvan het in die NWU se Argief bewaar gebly (PU-Studentekoor, 1961). Dié plaat word in *Die Besembos* bemark as: “Die plaat waarna alle Pukke nog altyd uitgesien het.” Volgens dié advertensie word 14 gewilde studenteliedjies gesing deur die PU-Studentekoor onder leiding van Pieter de Villiers met orkesbegeleiding “onder die stok van” Anton Hartman. Orkestrasie van die liedjies is deur Stefans Grové (Anon., 1961d:22).

Die daarstel van hierdie plaat is een van die aspekte wat dui op die baanbrekerswerk wat Pieter de Villiers in die stigting en voortbestaan van die Koor gehad het.

6.3.1. Pieter de Villiers – ’n kort biografie

Nadat Pieter de Villiers in 1959 die leiding van die Koor oorgeneem het, het die Koor nie alleen gepresteer tydens die Uniefees in Bloemfontein in 1960 nie, maar die daaropvolgende jaar ’n plaat gemaak. De Villiers het egter, nadat hy die PU verlaat het en weer teruggekeer het, ’n groot rol in die permanente daarstelling en vestiging van ’n Universiteitskoor gespeel.

De Villiers het in 1954 ’n pos as musiekdosent aan die PU aanvaar (De Villiers, 1968). In 1954 het hy ook as solis opgetree tydens ’n uitvoering van die Johannesburgse Simfonieorkes in Potchefstroom opgetree. Die resensent van *Wapad* beskryf sy uitvoering as “geïnspireer” (Anon., 1954c). Hy is in

1924 in Klerksdorp gebore en het aanvanklik aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf om medies te studeer, maar het van kursus verander om ’n BA-graad in klassieke tale te behaal (Classicsa, 2015). In 1946 is hy na die Universiteit van Stellenbosch waar hy ’n Sekondêre Onderwysdiploma en die Onderwysdiploma in Musiek in 1948 behaal het. Van 1948 tot 1953 was hy lektor in Musiek aan die Universiteit van Stellenbosch en studeer in 1949 vir ’n aantal maande aan die Royal College of Music in Londen, waar hy verskillende diplomas behaal (De Villiers, 1968).

Vanaf Julie 1954 tot einde 1961 was hy aan die PU vir CHO verbonde en nadat hy in 1962 aan die musiekdepartement van die SAUK verbonde was, was hy van 1963 tot 1967 senior lektor aan die Toonkunsakademie van die Universiteit van Pretoria (De Villiers, 1968). Hier het hy in orrel, klavier en klavesimbel onderrig gegee (Classicsa, 2015).

In 1968 keer hy terug na die PU, waar hy ’n professoraat aanvaar het en hoof word van die Konservatorium, ná die afsterwe van prof MC Roode in 1967 (Anon., 1967e:4). In 1975 was hy die hoofkoorleier tydens die Afrikaanse Taalmonumentfees wat op 14 Augustus by die Voortrekkermonument plaasgevind het. Vir dié geleentheid het hy ’n massakoor van ’n 1 000 stemme afgerig (Anon., 1984h:1). In 1976 was hy een van tien Afrikaanse komponiste wat van die SAUK opdrag ontvang het om gedigte van Totius te toonset. Dit was met die oog op die herdenking van die digter se geboortejaar in 1977 (Anon., 1984h:1).

In die jaar waarin hy afgetree het is ’n huldigingskonsert vir hom aangebied, waartydens die konsert in geheel aan sy komposisies gewy is (Odendaal, 1984a:12). Volgens die PU-Kaner het die kunstenaars wat gekies is om die vertolkings te doen in ’n besondere mate bygedra tot die sukses daarvan. Dit sluit in Mimi Coertse, Werner Nel, Rina Hugo en die Potchefstroomse Universiteitskoor (Anon., 1984h:1). Werke wat ingesluit is in dié program is die “Sewe Boerneefliedjies” (1960/61), gesing deur Coertse, “Môrester en plankiemusiek” (1979), gesing deur Rina Hugo, “Op die Krovlak” (1970) en “Vier liedere van twyfel en geloof” (1981), gesing deur Werner Nel. Die openingswerk was “. . . met rym en klank” (1972/73) deur die vrouestemme van die Universiteitskoor. Twee nuwe werke is ingesluit, “Kô laat ons sing” en “Via Dolorosa”, toonsettings van gedigte deur Adam Small. Die slotwerk was “Die Here is my Herder” gesing deur Mimi Coertse, ’n werk wat sy dikwels met De Villiers se begeleiding uitgevoer het (Odendaal, 1984b:2). In sy resensie van die konsert skryf Odendaal oor De Villiers: “As ’n mens skryf oor die musiek van hierdie komponis, is dit sy beskeidenheid wat deurskemer, maar die waarde van sy skeppingswerk lê in die waarde van sy menswees. Dit is sy omvangrykheid as mens wat in sy musiek weerspieël word” (Odendaal, 1984b:2).

Na sy aftrede het prof de Villiers en sy vrou, Eleanor, terugverhuis na Stellenbosch (Classicsa, 2015). Die volgende jaar, 1985, het hy ’n Artes-toekenning ontvang vir sy bevordering van ernstige musiek oor die radio (Geldenhuys, 1985:1). In sy berig oor die huldigingskonsert van prof de Villiers in 1984 skryf Odendaal: “Een van die grootste en belangrikste projekte wat hy aangepak het, was die opnames van al die Afrikaanse Psalms en Gesange vir die SAUK met die Sanglus-koor oor ’n tydperk van sewe jaar” (Odendaal, 1984a:12).

In 1996 het die PU die Bond van Oud-Pukke se Alumni-oorkonde vir voortreflike diens aan De Villiers toegeken. In ’n berig wat op 17 Mei 1996 in *Wapad* verskyn, word gesê dat die toekenning gemaak is vir die voortreflike diens wat hy aan die PU en aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap gelewer het. “Die gewildheid van sy werk word weerspieël deur die opdragte wat hy van verskillende instansies ontvang het om musiek vir spesiale geleenthede te komponeer.” Van die opdragte was die van die SAUK vir die Langenhoven-eeufees in 1973, vir Truk vir die opening van die Staatsteater in 1981 en vir Johannesburg se eeufees in 1986 (Anon., 1996b:3).



ILLUSTRASIE 6.5
PROF PIETER DE VILLIERS WAS VAN 1959 TOT 1961 DIE LEIER VAN DIE KOOR VAN DIE PU-MUSIEKVERENIGING. NADAT HY IN 1968, TOE HIERDIE FOTO GENEEM IS, HOOF VAN DIE KONSERVATORIUM GEWORD HET, WAS HY IN 1971 DIE EERSTE LEIER VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEITSKOOR (FOTOKUNS, 1968B).



ILLUSTRASIE 6.6
EBERHARD KÜNKEL DIRIGEER ’N ORKES TYDENS ’N ORKESUITVOERING IN DIE KONSERVATORIUM IN 1975 (ANON., 1975I:2).

Toe daar in 2001, die jaar waarin die PU vir CHO sy 50ste jaar as onafhanklike universiteit gedenk, besluit is om ’n CD-stel te maak van “kunstenaars wat op die PUK hul tande in musiek geslyp het”, word besluit om dié stel van vier CD’s, getiteld *Ein Prosit* aan prof de Villiers op te dra. In sy voorwoord tot dié CD-stel van vier CD’s, skryf Bennie Howard, voorsitter van die Bond van Oud-

Pukke en president van die konvokasie van die PU vir CHO oor prof de Villiers: “Hy het nie net gekomponeer, klavieruitvoerings gelewer en gedoseer nie, maar sy inspirasie, leiding en visie het menige student, koorleier, begeleier, komponis en kunstenaar tot hoër hoogtes geïnspireer” (Howard, 2001:4). De Villiers is op 18 Mei 2015 in Stellenbosch in die ouderdom van 90 jaar oorlede (Classicsa, 2015).

6.3.2 Die Carmen Aureum-koor

Nadat die Musiekvereniging ophou funksioneer het as patronaatliggaam van die Studenteraad, is daar wel met die bedrywighede, insluitende die koor daarvan voortgegaan. In 1964 het die koor onder leiding gestaan van “mnr Künkel” wat volgens die ABKK se verslag insake die kunskulturele projek, die koor “tot perfeksionisme” oefen (Coetzee *et al.,* 1964:1). Die verslag reken verder: “Maar waar is die PUK se eie *Fledermaus* en ons ‘Stellenbosse Universiteitskoor’, wat die naam van die Universiteit, van die PU vir CHO, op hoë kuns-kulturele vlak deur ons land kan dra?” (Coetzee *et al.,* 1964:3)

Mnr Eberhard Künkel was van 1963 tot 1965 aan die PU vir CHO verbonde (PU vir CHO, 1963:416; PU vir CHO, 1964:437; PU vir CHO, 1965a:475). Künkel, ’n boorling van Berlyn, het in 1959 na Suid-Afrika geëmigreer. Hy was ook koorleier van die Drakensbergse Seunskoor, operadirekteur van die destydse SUKOVS en dosent aan die Operaskool van die Pretoriase Technikon (Drakensberg Boys Choir Old Boys, 2016; Perfect Voice, 2014).

Soos reeds gemeld stel die verslag die aanbied van ’n “Groot Projek” voor van “hoogstaande kunskulturele waarde”. Dié projek kan moontlik gemaak word “met belangstellende en belanghebbende dosente aan die spits . . . en onder hulle leiding en afrigting sal dit vir die PU vir CHO ook later moontlik wees om ’n Universiteitskoor te kan hê wat vir hom roem verkry” (Coetzee *et al.,* 1964:1).

Die 1964-verslag blyk die saad te wees vir die stigting van ’n koor wat dus onder die ABKK kon funksioneer. Die ABKK het in Maart 1966 ’n komitee benoem wat moes ondersoek instel na die stigting van ’n Universiteitskoor “uit die Alabama-koor, PU Volksanggroep en die Koor van die Duitse Vereniging” (Van der Merwe, 1966b:1). Nadat die aanvanklike komitee nie goed gefunksioneer het nie, word Nico van der Merwe, Elise Grundlingh en Jan-At Kruger benoem om verder ondersoek in te stel. Op 11 Junie 1966 is ’n vergadering gehou, uitgeroep deur die dagbestuur van die ABKK, waarop die organiseerders van die koshuiskonserte ook teenwoordig was. Dié vergadering neem ’n mosie aan wat behels “dat hierdie vergadering besluit tot die stigting van ’n Universiteitskoor van die PU vir CHO en hom met volle geesdrif beywer tot die uitbouing van hierdie koor”. Mnr Arie “Vernamen”


[*sic*] word aangewys as die koorleier (Van der Merwe *et al.,* 1966b:1). (Alhoewel daar in verskeie verslae van die ABKK na hom verwys word as "Vernamen" was hy mnr Arie van Namen.)

Mnr Van Namen het op 16 Junie, tydens 'n volgende vergadering, die benoeming as koorleier aanvaar. Van Namen sou met die keuring van die koorlede voortgaan en direk daarna sou die stigting van die Koor plaasvind. Die stigtingsvergadering van die Koor het op 24 Junie 1966 plaasgevind en die bestuur was mnre Louis Botha (voorsitter), Anton van Rensburg (ondervoorsitter), Schalk Conradie (sekretaris) en Bossie Bosman (penningmeester). Mej Barenda du Plessis was die dameslid (Van der Merwe *et al.,* 1966b:2). Die Koor het bestaan uit veertig lede (Studenteraad, 1966:3).

Die verslag oor die stigting van die Koor meld spesifiek dank aan prof DP (Daan) Erasmus, "wat hom ten volle ingewerp het om hierdie projek 'n sukses te maak. Sy entoesiasme vir die saak het ons steeds met moed en ywer vervul om ten spyte van teenstand met die aksies voort te gaan."

In sy jaarverslag oor die werksaamhede van die Koor, meld LJ Botha, dat die naam van die koor die "Carmen Aureum-koor" is. Botha vervolg: "Met die oog op die lentekonsert is drie liedere gekies en daar is dadelik begin met twee oefeninge per week, naamlik Dinsdag- en Donderdagaande. Belangstelling en bywoning van oefeninge was goed, alhoewel enkele lede reeds uit die koor is weens versuim om oefeninge by te woon (Botha, 1966).

ILLUSTRASIE 6.7
MET DIE STIGTING VAN DIE CARMEN AUREUM-KOOR IN 1966, HET DIT ONDER LEIDING VAN MNR ARIE VAN NAMEN GESTAAN (FOTOKUNS, 1986A).



Van Namen was 'n dosent aan die Musiekkonservatorium. Hy is in 1926 in Nederland gebore, het klavier en orrel in Nederland studeer en in 1951 na Suid-Afrika geëmigreer. Hy het in 1966 aan die PUK begin klasgee in Musiek en hier 'n BMus (Hons) verwerf. Aan die PUK was hy adviseur vir die Buro vir Orrelbou en is ook 'n erelid van die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (Van Namen, s.a.). Hy is 'n erelid van SAKOV (Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging) (Sakov, 2016). Mnr Van Namen het aan die einde van 1986 by die PU afgetree (Anon., 1986g:34).

Die blyk egter dat die naam “Carmen Aureum-koor” nie deurgaans byval gevind het nie, want die ABKK verwys in sy notules en jaarverslae van dieselfde tyd deurgaans na die “Potchefstroomse Universiteitskoor” (Kruger, 1967:2). Die koor het egter twee jaar later, in 1969, weer eens doodgeloop (Anon., 1971g:9).



ILLUSTRASIE 6.8
DIE CARMEN AUREUM-KOOR HET TYDENS DIE LENTEFEESKONSERT IN 1966 SY DEBUUT GEMAAK, WAARNA HIERDIE FOTO IN *WAPAD* VERSKYN HET (FOTOKUNS, 1966).

6.3.3 Besinning oor die waarde van die eerste kore aan die PUK

Die begeerte om ’n koor, gelyk aan die koor van die Universiteit van Stellenbosch te hê blyk uit die opmerking daaroor in die verslag van die kunskulturele projek van 1964 (Coetzee *et al.,* 1964:3). Dit dui ook daarop dat die verslagskrywers deeglik onder die indruk was van die waarde wat dié koor vir dié universiteit gehad het. Voorts is die Ambassadeurskoor aan die Pretoriase Onderwyskollege in 1964 gestig en die naam gee te kenne wat die rol van die koor aan dié kollege sou hê (Kuesta, 1994:30). Dit dui ook daarop dat daar landswyd ’n groter bewustheid oor die rol van ’n universiteitskoor vir die bekendstelling van so ’n instansie kon hê.

Wat vroeë kore aan die PUK en PU vir CHO betref blyk dat hulle ’n stryd om oorlewing gevoer het, wat dikwels nie suksesvol was nie (Duvenage, 1946:4; Anon., 1971g:9). Gevolglik was die “ambassadeursrol” wat hy vir die Universiteit sou hê geensins ’n prioriteit nie. In sy jaarbeplanning vir 1967 stel die Carmen Aureum-koor hom ten doel om ’n kort toer gedurende Julie 1967 te

onderneem om “sodoende die publiek bewus te maak van die bestaan van die koor en ook om die naam van die PU vir CHO verder uit te dra” (Anon., 1967f). Geen berigte kon oor dié toer gevind word nie.


Die benutting van die kore as bemarkingsinstrument moet ook gesien word in die lig van die bestaan van ander uitvoerende studentegroepe aan die PUK en PU vir CHO in die betrokke jare. Die Thalia Toneelgeselskap het jaarliks suksesvolle toere onderneem, terwyl die PUK Alibama-boereorkes en later die Alabama Studentegeselskap jaar na jaar suksesvolle toere onderneem het. Die Universiteit het dus oor ander toergroepe beskik wat die bekendstellingsrol van die Universiteit vervul het.

6.4 Universiteitskoor gestig

Prof Pieter de Villiers het aan die einde 1961, die jaar waarin ’n koor van die PU ’n plaat gemaak het met verskeie ligte liedjies, die Universiteit verlaat, maar keer in 1968 terug toe hy aangestel is as hoof van die Konservatorium. Dié jaar, 1968, was ook die jaar waarin die Alabama Studentegeselskap sy tweede revue-produksie op die planke gebring het. In teenstelling met die sukses van Alabama het die koor wat in 1966 gestig is, die volgende jaar doodgeloop.

Volgens Johan van Rensburg, destydse musiekleier van Alabama, het prof de Villiers in 1969 sy mening gevra oor die moontlike stigting van ’n Universiteitskoor vir die PU. Die gedagte was nie om kompetisie vir Alabama te wees nie, maar juis na aanleiding van die sukses van Alabama (Van Rensburg, 2014). Prof de Villiers het dit ook met die stigting van die Koor in 1971 bevestig dat dit nie gestig is “om Alabama of Thalia te opponeer” nie (Anon., 1971g:9). Die berig daaroor in *Wapad* vervolg: “Die PU-koor het goed weggespring en die eerste aand was daar veertig belangstellendes. Tans bestaan die koor uit 17 soprane, 9 alte, 8 tenore en 6 basse. Daar word egter beoog om nog lede te betrek. Prof de Villiers wil hom op hierdie stadium nog nie uitlaat oor die toekomsplanne van die koor nie” (Anon., 1971g:9). Daar is egter groot aspirasies vir die koor en in nog ’n berig in *Wapad* daaroor, op 5 Maart, word gesê: “Die uiteindelike produk sal vergelykbaar wees met die Ambassadeurskoor van die UP of die Stellenbosche [*sic*] Universiteitskoor” (Anon., 1971h:6). Met ’n gehoor van 370 gaste was die Konservatoriumsaal stampvol vir die amptelike debuut van die Koor op 21 September 1971. *Wapad* van 29 Oktober 1971 brei uit: “Verrassend was die Rektor se aankondiging die aand dat die Raad van die Universiteit die amptelike drag van die koor, naamlik togas, gaan skenk. Hierdie jolige, singende ‘huisgesin’ van vyftig is trots op die sukses wat hulle reeds behaal het.” Die eerste voorsitter was Ryno Louw en Jetty de Vries die sekretaresse (Anon., 1971i:6). Inderwaarheid was die Ambassadeurskoor die koor van die Pretoriase Onderwyskollege en nie die UP nie (Kuesta, 1994:30).

ILLUSTRASIE 6.9
MNR GW KOORNHOF HET IN 1962 AS DOSENT IN MUSIEK BY DIE PU VIR CHO AANGESLUIT. HY WAS IN 1971 EEN VAN DIE MEDESTIGTERS VAN DIE PU-KOOR (KOORNHOF, 1988; FOTOKUNS, S.A.(B)).



Saam met prof de Villiers was mnr GW Koornhof (1928-2003) medestigter van die PU-Koor (Koornhof, 1988). Koornhof was die eerste student om ’n BMus aan die UOVS te verwerf. Hy was vanaf 1962 aan die PU vir CHO verbonde, maar het van 1976 tot 1979 aan die New York University studeer. Hy was verantwoordelik vir die instelling van die vak Musiekopvoedkunde aan die PU vir CHO, die eerste van sy soort in Suid-Afrika. Hy het ook die diplomas vir kerkorreliste aan die universiteite van Potchefstroom, Stellenbosch en die UOVS ingestel (Koornhof, 1988). Koornhof het in 1988 uit die voltydse diens van die PU getree, maar was daarna steeds op kontrakbasis vir ’n tydperk verbonde aan die Universiteit (Koornhof, 2016).

Die debuutkonsert van die Koor op 21 September was egter nie die eerste optrede van die Koor nie, maar wel tydens dié jaar se Karnaval, terwyl daar ook ’n optrede op Vanderbijlpark op 13 Augustus plaasgevind het. *Wapad* berig voorts dat prof Muller Ballot en sy vrou Titia voorlopige ontwerpe gemaak het vir die koor se togas. Daar sou waarskynlik tydens die Desembervakansie met die maak van die togas begin word (Anon., 1971i:6). Die koor het vanaf 1972 dié togas gedra (Fotokuns, 1972:23).



ILLUSTRASIE 6.10
DIE EERSTE OPTREDE VAN DIE KOOR WAT IN 1971 GESTIG IS, WAS MET KARNAVAL. DIE FOTO HET IN *WAPAD* VERSKYN OP 7 MEI (FOTOKUNS, 1971B).


Die Koor het ook in 1972 ’n toer na Suidwes-Afrika onderneem, wat deur die voorsitter van die ABKK as “baie suksesvol” beskryf is. Dié toer is gedeeltelik gereël en georganiseer deur die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW). Van Schaik reken dat daar dié jaar “pionierswerk” gedoen is wat betref die Koor en dat die voorsitter Ryno Louw ’n groot aandeel hieraan gehad het (Van Schaik, 1972:4).

In 1974 skryf die voorsitter van die Koor, HS van der Walt, in die jaarverslag dat dié jaar ’n groot jaar in die bestaan van die Universiteitskoor was. “Alhoewel ons finansiële staat miskien nie so positief vergelyk met ons mede-toerliggame nie, het ons met vrymoedigheid verklaar dat ons baie meer bekend is hierdie jaar.” Van der Walt beveel aan dat daar aansoek gedoen moet word by die komitee wat die eerstejaars se ontvangs reël dat daar “’n geleentheid geskep word vir die opvoering van ’n deeltjie van die program of een of ander vorm van bekendstelling of reklame onder die eerstejaars” (Van der Walt, 1974:1, 2). Daar het wel so ’n geleentheid bestaan waartydens seniorgroepe voor die eerstejaars opgetree het. Dit het algemeen bekendgestaan as die Seniorprogramaand. Die ABKK berig in sy jaarverslag dat net Thalia en Alabama opgetree het tydens die Seniorprogramaand en daar was dus nie geleentheid gebied vir die Koor om op te tree nie (Odendaal, 1974:1).

Nadat ’n toer, wat in samewerking met die SAW beplan is, nie gerealiseer het nie, het die Koor deur die Vrystaat en Karoo getoer en na die toer is optredes op omliggende dorpe gehou (Van der Walt, 1974:1). Voorts het die koorleier, mnr Hans Babst, in April bedank en prof Pieter de Villiers het weer eens die leier van die koor geword (ABKK, 1974a:2). Prof de Villiers en sy vrou, Eleanor, was ook die toerleiers vir die toer. In sy verslag oor die toer skryf Francois van den Berg, die studenteraadsverteenwoordiger wat saamgetoer het, dat die toerouers “waarlik ’n stimulant vir die

koor (was) met hul jonkheid van gees en ook deur die voorbeeld wat hulle vir die koor gestel het". Van den Berg skryf voorts oor die toer:

Hierdie afgelope toer was in alle opsigte van so 'n aard dat ek die versoeking byna nie kan weerstaan om dit as 'n model-toer te wil voorhou nie. Hiermee wil ek nie te kenne gee dat alles altyd seepglad verloop het nie. Soos enige toergroep het die PU-Koor ook sy groeipyne gehad. Uit hierdie groeiproses het egter iets voortgekom wat ons almal, man en muis, geestelik verryk het. Die resultaat was 'n volmaakte balans van al die fasette wat kenmerkend is van 'n studentetoer (Van den Berg, 1974:1).



ILLUSTRASIE 6.11
NÁ VORIGE POGINGS OM 'N KOOR OP DIE BEEN TE BRING ONSUKSESVOL WAS, HET DIE ABKK IN 1971 WEER EENS 'N KOOR TOT STAND GEBRING. DIE AMPTELIKE DEBUUT WAS OP 21 SEPTEMBER 1971. SAAM MET DIE KOOR IS MNR GW KOORNHOF IN DIE MIDDEL LINKS EN LANGS HOM, PROF PIETER DE VILLIERS, DIE TWEE LEIERS VAN DIE KOOR (PU-KOOR, 1971).

Mnr Hans van N Babst (1934-2013) was vanaf 1962 aan die PU vir CHO verbonde. Hy was die houer van 'n BMus-graad, wat hy aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het, terwyl hy die Hons BMus aan die PU vir CHO behaal het. Hy het ook 'n UOLM (Klavier), UOLM (Orrel), UOLM (Harmonie en Kontrapunt, LRSM (Orrel) en 'n LTCL (Klavier) verwerf. Vanaf 1966 was hy hoofsaaklik alleen verantwoordelik vir die onderrig in alle voorgraadse kursusse in Harmonie en Kontrapunt. Benewens die aanbieding van ander kursusse het hy ook deurlopend onderrig gegee in Praktiese Musiek aan voor- en nagraadse studente. Terwyl hy koorleier van die Potchefstroomse Universiteitskoor was, het hy ook as leier van die Potchefstroomse Volksteaterkoor en die Collegium Musicum-koor

opgetree. Hy was een van die musiekkeurders van die Alabama Studentegeselskap en die PU-Kaners. Voorts was hy tot 1980 vir meer as 16 jaar orrelis en koorleier van die NG gemeente, Potchefstroom Mooirivier (Babst, 1980). Na sy aftrede het hy na Oudtshoorn verhuis en was aktief as komponis en verwerker (PU vir CHO, 2002a:23). Babst het in 1987 die PU-Koor oorsee vergesel en as begeleier opgetree (Anon., 1987e). Hy is in 2013 oorlede (remembereds.co.za).

Terwyl Pieter de Villiers aan die begin van 1975 die leier van die Koor was, het Ria Nel ongeveer Meimaand dié jaar die leiding van die Koor oorgeneem (PU-Koor, 1975; Kuesta, 1982). Nel was dus die dirigent vir die optrede tydens die Nasionale Universiteitskoorfees, wat by die UOVS aangebied is en wat onder andere deur Awie van Wyk georganiseer is (PU-Koor, 1975).

ILLUSTRASIE 6.12
MEJ RIA NEL WAS IN 1975 DIE KOORLEIER VAN DIE PU-KOOR. SY WAS VANAF 1973 AAN DIE DEPARTEMENT MUSIEK VERBONDE AS LEKTRISE IN SKOOLMUSIEK EN HET IN 1976 DIE POS AS DEPARTEMENTSHOOF VAN MUSIEK AAN DIE PRETORIASE ONDERWYSKOLLEGE AANVAAR. VOOR HAAR KOMS NA POTCHEFSTROOM HET SY IN 1964 DIE AMBASSADEURSKOOR AAN DIÉ KOLLEGE GESTIG EN WAS VANAF 1976 TOT MINSTENS 1994 DIE LEIER VAN DIÉ KOOR (MULDER, 1973; KUESTA, 1982; KUESTA, 1994:30).



6.5 Die PU-Koor met Awie van Wyk as koorleier

Met vier koorleiers in vyf jaar het die Universiteitskoor teen 1975 alles behalwe sterk gestaan. In 1976 word Awie van Wyk aangestel as koorleier van die Universiteitskoor. Dit was nadat hy in 1974 die koorleier van die koor van die Jeug-tot-Jeug Aksie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was en dié jaar saam met die groep getoer het deur Suid-Afrika, die destydse Suidwes-Afrika (tans Namibië) en Rhodesië (tans Zimbabwe). In 1975 was hy die koorleier van die Vrystaatse Universiteitskoor (Strydom, 1991:16). Teen 1991 was Van Wyk die koorleier van ’n Suid-Afrikaanse universiteitskoor wat dié posisie die langste beklee het. Hy was tot 2011 leier van die NWU-PUK-Koor, dus vir 36 jaar (De Klerk, 2011:i).

6.5.1 Awie van Wyk – ’n kort biografie

Awie van Wyk is op 10 November 1949 as een van ’n tweeling gebore en het op ’n plaas tussen Beaufort-Wes en Meiringspoort grootgeword. Musiek was van kleins af deel van sy lewe (Strydom, 1991:16). Hy was vyf jaar oud toe hy sy eerste musiek op ’n traporrel gekomponeer het en in


Standerd twee het hy die hele jaar die sangklas behartig omdat die onderwyseres nie goed kon sing of klavierspeel nie. Op nege het hy sy eerste orrelpos by die Metodiste Kerk in Beaufort-Wes gekry. In standerd vyf behaal hy die hoogste punte in die dorp in die musiekeksamen en kry ’n UNISA-beurs (Strydom, 1991:16).

Aan die Universiteit van Stellenbosch het hy ’n BMus-graad verwerf (PU vir CHO, 2002a:16). *Hier kom hy in aanraking met Pieter van der Westhuizen, koorleier en orrelis van Stellenbosch Sentraal Studentegemeente, waar hy in die kerkkoor gesing het. . . Sy klavierdosent, Betsie Cluver, het ’n baie groot invloed op Awie gehad. Wat sy hom geleer het van musikaliteit, styl en interpretasie, het ’n groot rol in sy loopbaan gespeel. In sy tweede jaar het Awie by prof Philip McLachlan uitgekom. En toe hy hom sien, het Awie geweet: dit is wat hy wil doen. Hy wil kore afrig en skoolmusiek gee* (Strydom, 1991:16).

Hy het self nooit in die universiteitskoor van Stellenbosch gesing nie, maar kry die geleentheid om kore af te rig vir sangfeeste op kampus. “In sy tweede sangfeeskoor sing Koba en Randall Wicomb en ’n paar oud-lede van die universiteitskoor.” Dié groepie voer vir die eerste keer een van Van Wyk se komposisies in die openbaar uit (Strydom, 1991:16). Hy het skoolgehou op Kraaifontein en Carnarvon en was in 1974 die koorleier van die Jeug-tot-Jeug-aksie-span (PU vir CHO, 2002a:16). Dit is nadat hy in 1973 met Sucille Roux, ook ’n oud-Matie, getroud is. “Vir die egpaar was 1974 ’n besonderse jaar. Volgens Awie het hy in dié tyd op byna elke orrel in die land gespeel. Hulle het saamtrekke gehou, skole en kerke besoek en uiteindelik twee plate gemaak” (Strydom, 1991:16).

Deur bemiddeling van prof Chris Swanepoel word hy die volgende jaar aangestel as koorleier van die universiteitskoor van die UOVS. “En toe kom die oproep van die PUK af. Prof Attie van der Walt wou hê Awie moet die Pukkoor kom oorneem”. Na ’n tweede oproep het hy en sy vrou Potchefstroom besoek en die volgende jaar word hy aangestel as leier van die Universiteitskoor van die PU vir CHO (Strydom, 1991:16; PU vir CHO, 2002a:16).

ILLUSTRASIE 6:13
AWIE VAN WYK IS IN 1976 AANGESTEL AS LEIER VAN DIE PU-KOOR. HY HET EINDE 2011 AFGETREE (DE KLERK, 2011:7).



Hy voltooi in 1977 die BMus Honneurs aan die PU vir CHO. Na die gunstige indruk wat Van Wyk as koorleier op die topbestuur van die Universiteit gemaak word, word hy aangemoedig om verdere opleiding te ondergaan en daar word genotuleer: “Oorsese opleiding is seker gewens, maar moet liefs hanteer word wanneer die inisiatief van mnr Van Wyk se kant af kom” (PU vir CHO, 1979b:7). Dié besluit gee onder meer daartoe aanleiding dat dit vir Van Wyk moontlik is om in 1984 ’n studietoer na die VSA te onderneem. “Hy het onder andere vir sewe weke ’n somerskool aan die Westminster Choir College in Princeton, New Jersey bygewoon. Bekende musici soos David Wilcocks, Frauke Haasemann, Aden Lewis en Philip Brunelle het ’n groot rol gespeel in die vorming van nuwe insigte in koorsang vir die toekoms” (PU-Koor, 1985a). In ’n brief aan Horst Bütow skryf Van Wyk op 22 Julie 1984: “Hier is elke sekonde ’n belewenis . . . Die werkswinkels open my oë en ore en verbeelding. Ongelooflik!!!. . . . Vir ’n Afrikaner is my skeppingswêreld bogemiddeld, maar hierdie lot voer dit ver met baie harde werk en deursettingsvermoë. . . Dis tog snaaks dat in verlede week se gevorderde dirigeerklas het almal se monde oopgehang toe ek my drie werke gedoen het . . . Die groot meerderheid is baie tegnies en saaklik en intussen verloor hulle die sprankel met vervelige besprekings” (Van Wyk, 1984).

Oor die opleiding van Haasemann, het Van Wyk gesê: “Dit het my hele lewe verander ten opsigte van stemvorming in groepsverband.” Later het Van Wyk plaaslik kursusse daaroor aangebied en talle kore volg haar metode (Van Wyk, 2014).

Met die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging in 1983 is hy tot onder-voorsitter verkies, maar beklee dié pos net tot 1985 (SAKV, 1985). Vanaf 1985 het die Wes-Transvaalse Jeugkoor vir agt jaar onder sy leiding gestaan (PU-Koor 1989:2; PU-Koor, 1996a). In 1989 is hy deur die Speaker van die Volksraad vereer met die Embleem van die Parlement en in 1990 het hy die FAK Oorkonde vir bydrae tot volksang en menseverhoudinge ontvang (Strydom, 1991:17).

Awie se vrou, en later sy gesin, was nou betrokke by kooraktiwiteite. In 1991 sê Van Wyk aan die *PU-Kaner* dat hy sy vrou oor die jare as sy beste kritikus beskou (Strydom, 1991:16). Sucille van Wyk was vanaf 1977 vir baie jare ’n lid van die PU-Koor (PU-Koor, 1977). In die 1983-program word oor haar gesê: “Deur haar entoesiasme en deelname lewer Sucille ’n groot aandeel aan die sukses van die Koor” (PU-Koor, 1983). Die Van Wyks se twee kinders, Mabet en Abraham, was van kleins af ’n integrale deel van die Koor. Die *PU-Kaner Skakelblad* skryf in 1984 dat die Koor vir hulle ’n leefwyse geword het. “Die vyfjarige Mabet ken driekwart van die koorprogram uit haar kop” (Anon., 1984j:47). Abraham en Mabet was in 1992 twee van die soliste wat saam met die PU-Koor tydens ’n optrede in die Presidensie in Pretoria gesing het (Anon., 1992e:1). Mabet het later ’n kunstenaar in eie reg geword en meer besonderhede oor haar word verskaf in die bylaag 6. Nadat Abraham oorlede is, dra Awie van Wyk die Koor se program van 2007 aan sy nagedagtenis op (PU-Koor, 2007b).

Van Wyk is die komponis van die musiek van die kinderoperette *Gelukland,* waarvan die teks deur Lizette Murray geskryf is. Van Wyk het twee jaar daaraan gewerk en dit in 1992 voltooi (Van Wyk, 2014; 2008, peet.ryke.tripod.com). Die debuutuitvoering van die operette is met behulp van die Departemente Spraakleer en Drama (wat die afrigting gedoen het) en Beeldende Kunste (wat die dekor help bou het) op die planke gebring. Al die leerlinge van die Laerskool Mooirivier was deel van dié rolverdeling. *Gelukland* is ook in Engels vertaal as *Joyland.* Volgens Van Wyk dui DALRO en SAMRO se statistieke teen 2014 aan dat 600 000 kinders wêreldwyd al deelgeneem het aan produksies van *Gelukland* (Van Wyk, 2014). Dié operette en sy verwerkings van die Griekwa-psalms vorm ’n belangrike deel van die inheemse musiekskat van Suid-Afrika (PU vir CHO, 2002a:16). Die Koor-program van 1991 brei uit: “Met al sy komposisies, radio- en TV-uitsendings (wat onder andere insluit *Sing tog ’n stukkie* – twintig programme oor koorsang) en beoordeling van kunswedstryde, speel hy ’n baie belangrike rol in die musiekopvoedkundige ontwikkeling van die jeug in Suid-Afrika” (PU-Koor, 1991a).

Sedert sy koms na Potchefstroom was Van Wyk dosent aan die Konservatorium, maar in 1994 word hy een van die personeellede in die Departement Kultuuraangeleenthede in die Studenteburo met ’n beperkte leeropdrag in die Departement Musiek. 60% van sy tyd moes aan die Koor bestee word en 40% aan die Departement Musiek (Schutte, 1993). In 1996 verval Van Wyk se doseeropdrag by die Departement Musiek en word hy aangestel in die Departement Kultuur as koorleier (Schutte, 1996). Terselfdertyd word Van Wyk een van die PUK se skakelpersone en hy moes daarna sy tyd verdeel tussen Openbare Betrekkinge en die Departement Kultuur, waar hy 60% van sy tyd sou bestee. Van Wyk se aanstelling in die Departement Openbare Betrekkinge hou verband met die nasionale aansien wat hy geniet het en blyk uit die feit dat hy landwyd genooi is om by koor- en musiekgeleenthede op te tree. Hiermee het hy waardevolle geleenthede gekry om inligting oor die Universiteit aan voornemende studente te verskaf (Anon., 1996c:1).

In 1999 word hy tot medeprofessor bevorder en vroeg die jaar ontvang hy ook die toekenning van die Vroue Landbou-unie as Kunstenaar van die Jaar ’n titel wat hy “heel beskaam en beskeie” oorgeneem het by Mimi Coertse (De Klerk, 2011:6).



ILLUSTRASIE 6.14
TERWYL HY DIREKTEUR VAN PUK KUNSTE WAS, HET DIÉ SKILDERY DEUR AWIE VAN WYK BOKANT DIE KAGGEL IN HORST BÜTOW SE KANTOOR GEHANG. DIÉ KUNSWERK IS ’N UITBEELDING VAN DIE BLADMUSIEK VAN PSALM 130 EN IS AS GESKENK DEUR VAN WYK VIR BÜTOW GEMAAK. VAN WYK HET 1993 MET ’N PROJEK BEGIN OM, WAT HY “KLEIN KUNSWERKIES” GENOEM HET TE MAAK EN OM TE VERKOOP OM GELD IN TE SAMEL VIR DIE KOOR SE 1993 TOER NA OOSTENRYK (GOUWS, 2014B).

Benewens Van Wyk se bekendheid as musikus, is hy ook ’n suksesvolle skilder. In 1993 het hy begin om “klein kunswerkies” te maak om geld in te samel vir die Koor se toer na 1993. Dié skilderye was versierde bladmusiek van werke wat die Koor gesing het. Sy skilderye van die bladmusiek van die Griekwapsalms het later gesogte kunswerke geword. In 1996 hou hy en sy suster Ina Pfeiffer ’n gesamentlike uitstalling. By dié geleentheid is die CD van die PU-Koor, *Jericho,* ook bekendgestel. Werke van Van Wyk wat uitgestal en te koop aangebied is , sluit ’n aantal Boerneef-toonsettings in soos *Van al my land se Tafelberge, Kaapse Kanarie, ’n Aand kan soms so vrek venynig wees.* Ander

werke uit sy pen wat ook uitgestal word, is onder meer twee Griekwapsalms waarvan Hans du Plessis die woorde geskryf het (Brand, 1996b:6).

In 1996 het hy die Internasionale Koorfederasie Koorsimposium in Australië bygewoon waar lesings aangebied is deur wêreldberoemde koorleiers en musici, onder andere Joan Sutherland, John Rutter en Frieder Bernius (Kotzé, 1996:9). Bütow berig in sy jaarverslag dat hy met baie idees en musiek teruggekom het (1996a:6).

Na sy aftrede in 2011 was Van Wyk steeds bedrywig deur musiekverwerkings te doen, koorkompetisies te beoordeel orrel te speel. Hy het ook as begeleier opgetree vir die sangstudente van prof Werner Nel, ’n eertydse kollega by die Konservatorium (Van Wyk, 2014).

Van Wyk is oor jare beskryf as ’n diep gelowige mens, wie se geloof tot uiting kom in sy musiek. Die bundel wat in 2011, met sy aftrede aan hom opgedra is, omskryf: “Awie van Wyk se geloof lê sterk in God. Alles wat hy doen is met ‘’n glimlag na Bo, hy glo dat sy liefde vir God en die musiek die rede is vir sukses. Awie is ’n nederige mens wat met altwee sy voete vas staan op moeder aarde en wat genot put uit iemand anders se meelewing en waardering vir musiek en die goeie in die lewe” (De Klerk, 2011:7).

6.5.2 Kooraktiwiteite met Awie van Wyk as dirigent

Met Van Wyk se aanstelling as koorleier van die PU-Koor is ’n tydperk ingelei waarin die Koor nie net op vaste basis begin funksioneer het nie, maar dit het binne enkele jare “hoë aansien” geniet (PU vir CHO, 1979b:7). In dié 36 jaar waartydens die Koor onder Van Wyk se leiding gestaan het, het die Koor – en Van Wyk as sy leier – se aansien gegroei en gekulmineer in ’n hoogtepunt nadat die Koor onder sy leiding in 2011, enkele dae voor sy aftrede, ’n oorsese koorkompetisie gewen het (NWU, 2012a).

Van Wyk se credo is waarskynlik die inskrywing oor die Koor in die 1976-*Besembos*: “Kenmerkend van die mens is sy ingeskape drang om te sing. By die Universiteitskoor staan die suiwer en natuurlike gebruik van die menslike stem dus voorop. Die trant van die Koor se aanbiedings wissel van gewyde werke tot opgewekte, ligte en vrolike werke vir koor. Só word daar ook deur woord en lied lof gebring aan Hom van wie ons hierdie wonderlike gawe ontvang het” (Anon., 1976e:57).

Met Van Wyk se aanstelling as koorleier het hy terselfdertyd ook lektor in skoolmusiek aan die Konservatorium van die PU vir CHO geword. Kooroefeninge het dus aanvanklik in lokale van die Konservatorium plaasgevind (PU vir CHO, 2002a:16; PU-Koor, 1976-2001).

Nadat deur vorige kore slegs enkele kere toere onderneem is, word dit, na die aanstelling van Awie van Wyk as koorleier ’n jaarlikse instelling. In 1976, Awie van Wyk se eerste jaar as dirigent,

onderneem die 42 lede van die Koor in Junie ’n toer na die Noordwes-Kaap (Anon., 1976e:57). Benewens ’n toer na verskeie dorpe in die Transvaal in 1977, sing die Koor ook tydens die afskeidsfunksie vir prof HJJ Bingle wat op 20 April 1977 plaasgevind het. Dié jaar, 1977, is die honderdste geboortejaar van Totius gevier en ’n werk van Hennie Coetzee, wat gebaseer is op ’n gedig van Totius, is in die program ingesluit (PU-Koor, 1976-2001).

In 1976 het Van Wyk ook ’n plakboek aangeskaf waarin kooraktiwiteite jaarliks opgeteken is (Van Wyk, 2014). Die PU-Koor plakboek is ’n reuseboek, wat sowat 80 by 45 cm by 18 cm groot is, en is spesiaal laat bind. Die rugkant is van leer met die woorde, ‘PUK Koor’ in goud daarop gedruk. Dié plakboek is tot 2001 bygehou en bevat toerverslae, talle foto’s, programme, plakkate en aandenkings. Dit is in die versameling van die NWU Institusionele Argief en Museum (PU-Koor, 1976-2001).

Barry Richards was in 1977 en 1978 verantwoordelik vir die inskrywings in die PU-Koor se plakboek. Haar uitvoerige verslae gee ’n intieme kykie in die dag-tot-dag belewenis van die koorlede van die toer, televisie- en plaatopnames, koorkampe en -oefeninge. Dié handgeskrewe verslae beslaan sowat 30 van die reusebladsye, waarvan elkeen groter is as twee A3-bladsye, in die plakboek, opsigself ’n reusewerk (PU-Koor, 1976-2001). Op 21 Junie 1977 het die Koor opgetree tydens ’n byeenkoms van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns wat in die Konservatorium gehou is. Richards skryf daaroor: “Aanvanklik het die gehoor, wat hoofsaaklik uit hooggeplaastes bestaan het, doodstil gesit en nie ’n spier verroer nie, maar algaande het die ys gesmelt. Dit het my voorgekom dat hulle dit werklik geniet het” (PU-Koor, 1976-2001).

Oudisies vir die Koor is van 13 tot 17 en op 20 Februarie 1978 gehou. Die tydskedule van die oudisies het behoue gebly en daarvolgens het meer as ’n honderd studente aan die oudisies deelgeneem. ’n Bydraer tot die Koor-plakboek beskryf die oudisies só: “Oudisies is ’n woord wat baie mense nie baie van hou nie; inteendeel hulle gril daarvan. Dit is ’n ding wat ’n mens voor die tyd baie senuweeagtig maak, tydens die affêre ’n bewerigheid oor jou bring en jou na die tyd moedeloos laat voel, omdat jy volgens jouself baie beter kon vaar. Nietemin, oudisies is goed wat moet afgehandel word voordat jy tot die PU-Koor toegelaat kan word. Gelukkig het almal van ons dit deurstaan en suksesvol boonop” (PU-Koor, 1976-2001).



ILLUSTRASIE 6.15

DIE EERSTE PU-KOOR WAARVAN AWIE VAN WYK DIE LEIER WAS, WAS DIE EEN VAN 1976. HIERDIE FOTO VAN DIE KOOR HET IN 1976 IN *DIE BESEMBOS* VERSKYN.

VOOR: FIENIE SCHUTTE, ANETTE LOUW, STEPHANI DU PLESSIS, MAGDA DU PLOOY, AWIE VAN WYK (KOORLEIER), CHRISTA ODENDAAL, BARRY RICHARDS, JOHANNA SCHUTTE, ANNELI FLEISCHMANN, RONÉL DU TOIT.

2DE RY: MARTHI CLOETE, DALEEN KRUGER, IRENE SCHUTTE, DALENA LOUW, RETHA MEYER, MARTIE VAN STRYP, CHRISTA HOLTZHAUSEN, INA VILJOEN.

3DE RY: RIANA KRITZINGER, ANNEMARIE KRUGER, MARIAAN NORTJÉ, KOBIE MYBURG, SANTJIE BADENHORST, CECILIA MALAN, JOHANNA BADENHORST, MARIETJIE VENTER.

4DE RY: KOBUS DU PREEZ, JOHAN GÜLDENPFENNIG, HENK BARNARD, CHRISTOF VAN VUUREN, CHRIS JONKER, CHRISTO SNYDERS, WYNAND LOUW, PHILIP BADENHORST, FRANCOIS VAN DEN BERG, DE WET DU PLESSIS, JAN BOTHA (ANON., 1976E:57).

Nadat die drie Afrikaanse susterskerke in die sestigerjare met ’n hersiening van die psalmmelodieë begin het, is dit teen 1978 voltooi. Op inisiatief van die Gereformeerde Kerk, Cachet, is ’n plaatopname van enkele van die melodieë gemaak. Die doel daarvan was om gemeentes te help met die aanleer van die melodieë. Buiten die PU-Koor is opnames van die Potchefstroomse Kleinkoor en die Konservatorium Kwartet, bestaande uit Rina Hugo (sopraan), Elize du Toit (alt), Bertus Schrap (tenoor) en Werner Nel (bariton) en die sang van die lidmate van die Gereformeerde Kerk Cachet op die plaat ingesluit (PU-Koor, 1976-2001; Gereformeerde Kerk Cachet, 1978). Opnames daarvoor is op 10 Mei 1978 in die kerkgebou van die NG Kerk, Grimbeekpark gemaak. Barry Richards skryf in die PU-Koor plakboek: “Geeneen van die koorlede wat daardie uitputtende sessie bygewoon het, sal dit seker ooit vergeet nie”. Op 14 Mei is die hele program herhaal tydens ’n erediens in die Gereformeerde Kerk Noordbrug. Die Koor se bydrae tot die opnames sluit in Psalm 18, vers 20,

Psalm 51, vers 1 en 6, Psalm 6, vers 1, 5 en 7 (gesing deur die dames van die Koor), Psalm 107 vers 1, Psalm 67, vers 1 en 2, Psalm 119, vers 1 en Psalm 2, vers 1, 4 en 6 (Gereformeerde Kerk Cachet, 1978).

Die programkeuring, of Rektorsaand, op 22 Junie 1978 was eweneens ’n beproewing. Die Koor-plakboek verduidelik:
So ±20 koorlede daag in volle koordrag by die groot okkasie op. Ons sing vir die rektor! Hy moet die program goedkeur sodat ons mag gaan toer. Ai, wat ’n gemors! Die een werk wil slegter klink as die ander. ’n Laaste poging toe Tannie Babie (van der Walt, eggenote van die Rektor, prof Tjaart) ook opdaag. Moedertjie gods (’n verwysing na een van die liedere wat die Koor gesing het) gaan huis toe . . . ! Ai, ’n mens kon huil daarvan. Ek wonder wat het hulle gedink. Al wat ek weet is dat die koorlede wat daardie middag daar was deeglik besef het hoe baie werk daar nog voorgelê het (PU-Koor, 1976-2001).

Ten spyte van die koorlid se belewenis van dié optrede, het mev Babie van der Walt in 1979 die erepresidente van die Koor geword (PU-Koor, 1979).


Die *PU-Kaner* skryf op 9 Junie 1978 dat die Universiteitskoor dié jaar ’n nuwe rigting inslaan, wat hulle toerplanne sowel as hulle musiekaanbieding betref: “Die hoogtepunt in vanjaar se program is sekerlik die ses gedigte van IL de Villiers, uit sy bundel, *Leitourgos*, wat deur prof Pieter de Villiers getoonset is.” Die *PU-Kaner* gaan voort: “Die program word afgesluit in die ligte trant van “Oppie Parara” van Adam Small met begeleiding van ’n slagorkes. Instrumente soos kongatromme, kitare en ’n kontrabasviool word vir die vrolike stemming van die afsluitingsnommer as begeleiding gebruik. Hierdie verwerking is deur mnr van Wyk ingehandig ter voltooiing van sy honneursgraad in Musiek verlede jaar aan die PU vir CHO” (Anon., 1978g:2). “Kaapse Kanarie” en “Oppie Parara” is in later jare ook talle kere by die Koor se program ingesluit. Op die vooraand van die toer tree die koor in Ikageng op. Die Koor-plakboek beskryf dit as “’n fees van ’n aand in bittere koue in die hartjie van Ikageng” (PU-Koor, 1976-2001).

Die aanvang van die 1978-toer het nie sonder haakplekke verloop nie. Twee dae voor die Koor op toer vertrek, blyk dit dat die busmaatskappy by wie hulle ’n bus gehuur het nie gemagtig was om passasiers op Potchefstroom op te laai nie. Daar is inderhaas ’n nuwe bus gevind en die Koor kon betyds vertrek. Die volgende dag, die dag voor die toer op 12 Julie vertrek, verneem die koorlede dat die koorleier se vrou, mev Sucille van Wyk, swanger is en glad nie mag saamtoer nie. Die verslagskrywer in die plakboek van die Koor beskryf dit as ’n “’n ramp by die geluk” en “Meneer was daardie een of twee dae seker nie verniet so kortgebonde nie” (PU-Koor, 1976-2001). Die toer na die Suid-Kaap in 1978 is die eerste van talle wat die Koor sedertdien onderneem het. Die besoek aan

Bredasdorp, gereël deur die koorleier, Awie van Wyk, se vrou, Sucille, se ma, was die eerste van talle wat die Koor oor jare aan dié dorp gebring het. Die besoek van die Koor aan die bekende Waenhuiskrans-seegrot was ook die eerste van talle later. Barry Richards skryf in die PU-Koor plakboek daaroor: “Wynand du Plessis het ’n gedeelte uit die Bybel gelees en gebid. Ons het lank hier in die grot gestaan en sing. Sowaar ’n belewenis” (PU-Koor, 1976-2001).



ILLUSTRASIE 6.16
DIE OMSLAG VAN DIE LANGSPEELPLAAT WAAROP DAAR IN 1978 OPNAMES INGESLUIT IS VAN DIE PU-KOOR WAT VAN DIE TOE NUWE PSALMMELODIEË GESING HET. OPNAMES HIEROP WAS DIE EERSTES VAN DIE KOOR ONDER LEIDING VAN AWIE VAN WYK (GEREFORMEERDE KERK CACHET, 1978).




ILLUSTRASIE 6.17
DIE KOOR HET TYDENS HULLE BESOEK AAN DIE SUID-KAAP DIE GROT BY WAENHUISKRANS BESOEK. DIT IS LATER DIKWELS INGESLUIT AS BESOEKPUNT TYDENS TOERE NA HIERDIE OMGEWING (PU-KOOR, 1976-2001).

Die PU-Koor is ook vir die eerste keer op Stellenbosch ontvang deur die plaaslike universiteitskoor. Na afloop van die program het die PU-Koor saam met die Stellenbosse Universiteitskoor gesing. Die volgende aand het die Koor in Bellville opgetree voor ’n stampvol saal. Ene Anne Wium het na afloop gesê dat dié optrede beter was as die een op Stellenbosch (PU-Koor, 1976-2001).

ILLUSTRASIE 6.18
DIE BUS WAARMEE DIE PU-KOOR IN 1978 GETOER HET (PU-KOOR, 1976-2001).





ILLUSTRASIE 6.19
MEV SUCILLE VAN WYK, EGGENOOT VAN DIE KOORLEIER, AWIE VAN WYK, WAS LANK SELF 'N LID VAN DIE KOOR EN IS DEUR HAAR MAN BESKRYF AS SY BESTE KRITIKUS. DIE FOTO, IN 1977 GENEEM, IS IN DIE PU-KOOR PLAKBOEK OPGENEEM (PU-KOOR, 1976-2001).

Wapad berig op 4 Augustus 1978 dat die Koor oral hartlik ontvang is tydens die toer en dat gehore die uitvoerings baie geniet het. "Konsertgangers was oral beïndruk met die afronding wat Awie van Wyk se koor gehandhaaf en bereik het. Bekende Kaapstadse en Vrystaatse dagblaaie het besondere gunstige resensies oor die koor se optrede gelewer. Hulle noem dat Awie van Wyk nog groot hoogtes met die koor kan bereik en bestempel die uitvoering as 'n 'vreugdefees'" (Anon., 1978h:13). Barry Richards skryf in die plakboek: "Die Sondagoggend het ons in die NG Kerk (in Saldanha) gaan sing. Vir sekere mense was dit so aandoenlik dat hulle snuif-snuif die kerk uit is" (PU-Koor, 1976-2001).

Die persoon wat in 1979 verantwoordelik was vir inskrywings in die PU-Koor se plakboek skryf: "Afgesien van kooroefeninge, het 'n ander vorm van voorbereiding onverpoosd voorgegaan . . . skakelpersone, toerbus, verblyfreëlings, plakkate, reklame, musiekvermeerdering, program." Die plakboek bevat ook 'n brief wat onder meer aan stadsklerke en skoolhoofde in die dorpe waarheen die koor sou toer, gestuur is. Die brief, gedateer 22 Junie 1979, lui: "Aangesien koormusiek nog in Suid-Afrika nie die ondersteuning – en selfs bekendheid – geniet wat byvoorbeeld in die buiteland die geval is nie, het die Universiteitskoor Potchefstroom besluit om vanjaar 'n besondere poging aan te wend om ons uitvoerings bekend te stel, veral aan persone wat 'n leidinggewende posisie in hul besondere gemeenskappe beklee" (PU-Koor, 1976-2001).

Daar word liries verslag gedoen in die Koor se paragraaf in *Die Besembos* oor die toer wat die Koor in 1979 na Natal onderneem het*:*
Hier waar die bus 58 stemme wiel – die groen land van Natal word benoot; ons harmoniseer die lappe suikerrietplantasies, bepaal selfs die toonhoogte van die reën op Durban se seesand wat roep om son . . . en klank! En ons eer en loof en lag – beleef: Ons het diép gereis – (en één teruggekom) tot daar waar dit wat soen en suiwer is die dak 'n koepel punt – die hart op die ritmevloer laat besin – dit dra swaar; tot die meteense juiging van die stoele – dit kom in formasie uit laggende oë; lippe wat

die lewe proe tot aan die soom van fosfaatbrander in emosie: dit en dit alleen is die óns: die sing! (Anon., 1979c:61)

In teenstellings met die liriese verslag daaroor, het die reël van dié toer veel eise aan die bestuur gestel. Frikkie van Niekerk, voorsitter van 1979, skryf: “Gedurende my jaar as voorsitter was ek verantwoordelik vir die reël van die toer na Natal. Die hele Studentesentrum het bestaan uit die paar kantore langs die Totiussaal. Die kafeteria was die Puk-Pik, ’n klein kiosk wat amper soos ’n skool se snoepie gelyk het. Daar was twee telefone tot ons beskikking: een vir die SSR en ’n ander vir die ander studenteliggame. Vanaf die foon moes ’n hele toer tydens middagetes gereël word” (Van Niekerk, 2011).

Nadat die Koor op 28 Julie 1979 in die RAU se Sanlam-Ouditorium opgetree het skryf A Fermata, resensent van *Die Transvaler* dat die Koor “blyke van groot potensiaal lewer”. Fermata vervolg: “Die hoogtepunt van die uitvoering het beslis in die tweede helfte van die program geval. Die groep Negro Spirituals, onder andere, was gekenmerk deur uitstekende diksie, pragtige dinamiese omvange, perfekte intonasie, goeie tegniese beheer en mooi frasering.” Die resensent meen egter die Franse en Duitse liedere se uitspraak was onversorgd en die musikale aspekte het hier totaal skipbreuk gely: “Die koor was kennelik opgewarm en ingesing toe hulle die “Hongaarse Volkswysie” van Kodaly voor pouse voorgedra het. Vir die eerste keer het daar ’n spontaniteit, ontspanne atmosfeer en goeie ensemble in die koor se sang na vore getree. Met dié belowende potensiaal en deur intensiewe studie hou die koor goeie belofte in” (Fermata, 1979).

Voor die optrede van die Koor in die Ouditorium van die Studentesentrum, wat dié jaar in gebruik gestel is, skryf Neels van Wyk van *Die Transvaler* dat resensente tydens die pasafgelope toer baie gunstig oor die Koor geskryf het. Die aanhalings beskryf die Koor se optrede as “’n ware vreugdefees” en “singers inspired by their director to understand fully all the nuances in a score and to interpret in a tasteful fashion” (Van Wyk, 1979).


So vroeg as einde 1979, slegs drie jaar na Van Wyk se aanstelling as koorleier, het die topbestuur van die Universiteit kennis geneem van die Koor se prestasies onder leiding van Van Wyk. Nadat die registrateur, prof EJ Smit, ondersoek hieroor ingestel het, notuleer die topbestuur op 23 November: “’n Redelike intensiewe ondersoek het aan die lig gebring dat die standaard van die sang en die afrigting van die PU-Koor hoë aansien geniet, ook buite die Universiteit, soos blyk uit opmerkings tydens die Koorfees te Bloemfontein TV-opnames, publieke optredes” (PU vir CHO, 1979b:7). Prof Smit was as student in 1955 die ondervoorsitter van die Koor wat daardie jaar gestig is (Anon., 1955a:7).

Met Horst Bütow se aanstelling op 1 Februarie 1980 as studenteadviseur: kultuur was sy hooftaak die bevordering van kultuuraktiwiteite onder studente (Van Eeden *et al.,* 2006:283). Waarskynlik weens die feit dat Bütow self in sy studentejare ’n voorsitter van die Alabama Studentegeselskap was en omdat sy kantoor en dié van die musiekregisseur van Alabama, Jans Jonker, naby mekaar was, het samewerking tussen hom en Alabama van meet af gevlot.

In sy eerste verslag, na sy aanstelling as studenteadviseur: kultuur op 1 Februarie 1980, skryf Bütow in die verslag vir die periode tot 30 April 1980 diplomaties dat die Koor “’n studentegroep is wat in eie reg ambassadeurs vir die PU is”. Hy noem dat finansiële probleme die groep kortwiek, wat ook verband hou met die aankoop en duplisering van musiek wat baie duur is (Bütow, 1980c:3). Noue skakeling tussen die Koor en Bütow was daar egter nie, soos blyk uit sy verslag van September 1981: “Alhoewel die bestuur van die Koor, waarskynlik nog weens die tradisionele gewoonte om hul eie sake te behartig, in die verlede weinig van die Kultuurkantoor gebruik gemaak het, blyk dit nou dat die verhouding tussen die bestuur en die Kultuurkantoor gebaseer is op beter samewerking en skakeling” (Bütow, 1981b:4).

In 1980 het die Koor weer na die Kaap getoer en Stellenbosch, Waenhuiskrans, Simonstad en Kaapstad besoek. ’n Huiskonsert voor 100 gaste, wat in die toerprogram beskryf word as ’n “prettige uitvoering” in die Vergelegen-opstal het amper katastrofiese gevolge gehad toe een van die koorbankies gebreek het. Ten spyte hiervan het die Koor meer as een encore gehad (Anon., 1980d:116).

Die Koor reis in 1981 na Israel om aan die Zimriya-koorfees deel te neem. Dié toer word meer omvattend bespreek in paragraaf 6.7.1.



ILLUSTRASIE 6.20
DIE VOORBLAD VAN DIE PROGRAM VAN DIE KOOR IN 1982. PHILIP BADENHORST, LATER ’N BEKENDE KUNSTENAAR, WAS ’N LID VAN DIE KOOR EN ONTVANG IN DIE PROGRAM DANK VIR SY ONTWERP VAN DIE PROGRAM EN PLAKKATE. DIÉ EMBLEEM HET LANK DAARNA NOG OP DIE KOOR SE BRIEFHOOF VERSKYN, TERWYL VARIASIES DAARVAN JARE LATER STEEDS IN DIE ONTWERP VAN PROGRAMVOORBLAAIE GEBRUIK IS (PU-KOOR, 1982B).

Die Kaapse toer, wat die Koor in 1983 onderneem het, blyk uiters suksesvol te wees. Daan Badenhorst het aan *Wapad* gesê dat die toer rekords laat spat het. ’n Resensent van *Die Burger,* wat bekend is vir sy negatiewe kritiek was “in vervoering” oor die Koor. Een van die werke wat in die program ingesluit is, is “Jankemelanke Langklaasfranke” van Hubert du Plessis. Die komponis was na

’n konsert waartydens dit gesing is “baie beïndruk met die afgeronde uitvoering van sy werk”. Die hoogtepunt van die toer was ’n besoek aan die Universiteit van Bophuthatswana waar die program geëindig is met ’n uitvoering van “Nkosi Sikelel’ iAfrika,” gedirigeer deur Steve Mgwane (PU-Koor, 1983; Anon., 1983i:10).

Met die Koor se optrede op 18 Augustus 1983 op die kampus het hulle ’n staande toejuiging ontvang. *Wapad* beskryf dit op 6 September as een van die grootste prestasies in hul loopbaan. (Anon., 1983j:12). Volgens die koorleier was dit die eerste keer dat so iets plaasgevind het en hy skryf die sukses toe aan die meelewing van die koorlede. Van Wyk het ook gesê dat die reaksie op kooroudisies “oorweldigend” was en skryf dit toe aan die Koor se optrede tydens die Seniorprogramaand. In 1983 was daar 150 “hoopvolle aspirant-koorlede” (Anon., 1983j:12). ’n Inskrywing in die PU-Koor plakboek lui: “Ná drie vol Konservatoriumsale, nog ’n vol Ouditorium ook. Tannie Babie bring rose. Awie sê: ‘Nederig bly . . . aan God die eer’” (PU-Koor, 1976-2001). Richard Cock, die stigter van die SAUK-Koor (in 2014 die Symphony Choir of Johannesburg), orrelis en bekende dirigent, skryf op 7 September aan die koorleier: “Just a brief note to tell you how much I enjoyed your concert. I enjoyed the obvious enthusiasm with which your choir sings and the pleasure they all seem to get from it. I admire their *espirit de corps* and your work with them” (Cock, 1983).

Die Koor tree op 30 Maart 1984 in die Ouditorium op as deel van ’n massakoor, begelei deur die Nasionale Simfonieorkes. Ander kore wat deel van die massakoor uitgemaak het, was die Klerksdorpse Stadskoor en die Potchefstroomse Dorpskoor. Dit sou die eerste keer in die geskiedenis wees dat ’n uitvoering saam met die Nasionale Simfonieorkes van die SAUK op Potchefstroom plaasvind. Werke wat ingesluit is in die program is, die “Jagterskoor” uit *Freischutz* van Weber, die “Slawekoor” uit *Nabucco* van Verdi, “Les Voici” uit *Carmen* van Bizet en die “Triomfmars” uit *Aida* van Verdi.

In ’n jaarverslag skryf Bütow (1984c:1) hieroor:
Een van die hoogtepunte op hierdie jaar se koorprogram sowel as die ouditoriumprogram was sonder twyfel die groot uitvoering van ’n massakoor wat operawerke uitgevoer het saam met die Nasionale Simfonieorkes van die SAUK. Die koorleier, mnr A van Wyk verdien myns insiens die grootste lof vir sy aandeel aan die eenmalige massakoorafrigting.

Dié optrede het gelei tot ’n uitnodiging van die SAUK om in Johannesburg op te tree, wat Bütow as “’n addisionele verrassing” beskryf. Voorts was die Ouditorium “nog nooit voorheen so uitverkoop nie” (Bütow, 1984c:1).

’n Volgende optrede saam met die Nasionale Simfonieorkes vind in April 1986 plaas. Twee optredes, op 17 April in die Johannesburgse stadsaal en op 18 April in die Sanlam-Ouditorium, word gehou. ’n Massakoor bestaande uit die Ambassadeurskoor van Pretoria en die universiteitskore van die RAU, PU vir CHO en UOVS voer onder meer *Carmina Burana* van Carl Orff uit. André Howard van die PU-Koor is een van die soliste (Nasionale Simfonieorkes, 1986). In ’n brief aan Horst Bütow skryf dr Dolores Tew, die bestuurder orkesdienste van die SAUK dat die optrede ’n “outstanding success” was (Tew, 1986).


In 1985 toer die Koor na Suidwes-Afrika, hou 17 optredes en reis 6 000 km (Kuesta, 1985:11). Bütow skryf in sy jaarverslag dat dié toer “behalwe finansieel ’n uitmuntende sukses” was (Bütow, 1985d:2). Weens hoë kostes onderneem die Koor in Julie 1986 geen toer nie, maar toer in Desember na die Suid-Kaap, hoofsaaklik om fondse in te samel vir die beplande oorsese toer in 1987 (Bütow, 1986a:2). Volgens Bütow het dit nie in dié doel geslaag nie, maar in sy toerverslag reken Awie van Wyk dat dié toer ’n jaarlikse instelling kan word (Van Wyk, 1987).

Die oorsese besoek van 1987 (kyk na 6.7.2) het, nes dié een van 1981, vir krisisse gesorg, hoofsaaklik weens die pogings om genoegsame fondse in te samel. Ten einde uitgawes te beperk het die koorleier eensydig besluit om in die middel van die jaar die grootte van die koor met 30 na 15 lede te verminder. Bütow (1986a) skryf in sy semesterverslag: “Volgens my mening ’n impulsiewe ondeurdagte besluit wat heelwat reperkussies veroorsaak het.” Hy vervolg dat die Koor tot dusver heeltemal op sy eie gefunksioneer het, sonder verantwoording oor die artistieke, programinhoud en algemene organisasie daarvan (Bütow, 1986a:2). Gevolglik stel Bütow ’n uitvoerige memorandum op oor die toekomstige funksionering van die Koor.

Hy skryf dat na die uiters suksesvolle oorsese toer in 1987, die Koor se reputasie vasgelê is as een van die “Universiteit se beste en belangrikste kultuurbates” (Bütow, 1987b). Daar is egter onduidelikhede oor verskeie aspekte wat die Koor betref, onder meer aan wie die Koor organisatories en artisties verantwoordelik is. Ander probleme is onduidelike riglyne oor die Koor se verbintenis met die Departement Musiek, die betrokkenheid van die Kultuurkantoor by die Koor en onduidelike riglyne ten opsigte van die Koor se finansiële verantwoordelikhede. Hy beveel aan dat die Koor ’n SSR-kultuurliggaam bly met ’n studentebestuur, terwyl die koorleier sitting op die bestuur het, ook dat die Kultuurkantoor die Koor se organisasie benader soos dié van ander toergroepe en dat begrotings en finansiële aspekte soos met dié groepe toegepas word. Bütow (1987b) meen egter dat die hoof van die Departement Musiek saam met die koorleier inspraak moet hê wat betref die artistieke beheer, insluitend die inhoudelike van die musiekprogram, die instudering, grootte van die koor en keuring en/of afdanking van lede. Hy meen dat die vier partye,

die koorbestuur, Kultuurkantoor, koorleier en Departement Musiek moet koördineer en beveel aan dat twee vergaderings ’n jaar van dié partye voldoende sal wees (Bütow, 1987b). Bütow sluit af: “Groot opofferings, harde werk en PUK-lojaliteit is ’n kenmerk van ons Koor en koorleier. Die Koor is ’n juweel van ons Universiteit” (Bütow, 1987b:4). Nadat die Koor in 1981 met die toer na Israel hoofsaaklik self die reëlings probeer tref het, blyk dit dat die waarde van die ondersteunende rol van die studenteadviseur: kultuur terdeë besef word. Van Wyk beveel in sy verslag, na afloop van die toer van Desember 1986, aan dat Bütow aangestel word om die organisatoriese aspekte van die oorsese toer in 1987 te behartig (Van Wyk, 1987).

Bütow berig in sy jaarverslag vir 1988 dat die voorstelle, soos uiteengesit in sy memorandum, gerealiseer het en skryf dat ’n nuwe bedeling ten opsigte van die koor se organisasie en artistieke verantwoordelikheid geïmplementeer is en dat hy ook nou die skakelpersoon van die Koor is (Bütow, 1988a:1).



ILLUSTRASIE 6:21
HORST BÜTOW IS IN 1980 AANGESTEL AS STUDENTEADVISEUR: KULTUUR OM ONDER MEER ADMINISTRATIEWE RUGSTEUN TE GEE AAN UITVOERENDE STUDENTEGROEPE. VOORSTELLE IN BÜTOW SE MEMORANDUM OOR DIE FUNKSIONERING VAN DIE KOOR IN 1987 IS GEÏMPLEMENTEER EN DIE VERHOUDING TUSSEN DIE KOOR EN DIE KULTUURKANTOOR – SOOS BÜTOW SE KANTOOR ALOM BEKENDGESTAAN HET – WAS DAARNA OP ’N BETER VOET (ANON., 2005B).

Nadat die Koor met die oog op die toer na die VSA verklein is, berig Bütow voorts dat dit in 1988 weer vergroot is na 40 lede (1988a:1). Met die 150ste bestaansviering van Potchefstroom in 1988 het die Koor by verskeie geleenthede opgetree. Dit sluit in die toekenning van ereburgerskap aan die staatspresident, mnr PW Botha, op 18 September en ’n massakoorfees vir volwasse kore op 28 Mei. As deel van die feesvieringe is dié jaar se Kuesta op Potchefstroom aangebied. Dié aspek sal meer indringend in punt 6.8 bespreek word (PU-Koor, 1976-2001). Die Koor het ook ’n toer na Qua-Qua en Natal onderneem (Kuesta, 1988). Die besoek aan die Tshiyah Kollege in Qua-Qua was vir die koorlede die hoogtepunt van die toer. Die toerverslag in die plakboek beskryf dit as “die verrassing van ons lewe” en van die sang het “die saal se dak ampertjies gelig” (PU-Koor, 1976-2001).

Aan die einde van 1988 is daar afskeid geneem van die Koor se beskermvrou, mev Babie van der Walt, eggenoot van die rektor, prof Tjaart van der Walt, wie se ampstermyn dié jaar ten einde gekom het (Van Eeden, 2006:65). Die afskeidsgeselligheid was ’n spesiale ete in die rektorswoning (PU-Koor, 1976-2001). Mev van der Walt is as beskermvrou opgevolg deur mev Drienie Reinecke, vrou van prof Carools Reinecke, wat prof van der Walt as rektor opgevolg het. In ’n berig hieroor skryf die *Herald* dat prof Reinecke self “’n groot koorvriend en musiekliefhebber is” en “Awie se werk as ‘Ewigheidswerk’ beskou” (Anon., 1988m:4). Op 10 Februarie 1989 tree die Koor ook op tydens die inhuldiging van prof Reinecke as rektor en visekanselier (PU-Koor, 1976-2001). Later dié jaar, op 20 September 1989, is die Koor, saam met die Noord-Transvaalse Jeugkoor, die enigste kore wat optree tydens die erediens in die NG Kerk Universiteitsoord, met die inhuldiging van mnr FW de Klerk as staatspresident (PU-Koor, 1976-2001). Dié uitnodiging het geskied op aandrang van mev Marike de Klerk (De Klerk, 2011:2). Die koor het die “Confessio Apostolicum” (Geloofsbelydenis) gesing wat deur prof Henk Temmingh, toe verbonde aan die Konservatorium, geskryf is. Die inhuldiging het ook regstreekse televisiedekking geniet (Van der Merwe, 1989:5).

Dié jaar tree die Koor ook op tydens die 1989 Radio Artes-geleentheid, waartydens dié toekennings oorhandig word. Van Wyk se “Rympies en raaisels” word onder meer gesamentlik deur die PU-Koor en die UP-Koor en die Sebokeng Kollegekoor uitgevoer (PU-Koor, 1976-2001). In sy jaarverslag van die Kultuurkantoor, Studenteburo, skryf Horst Bütow:
Hulle skitterende afsluitingskonsert vir die jaar het plaasgevind in die kerkgebou van Miederpark, waartydens ook die Submediante opgetree het wat bestaan uit agt lede van die Universiteitskoor. Ook die groepie het in die ATKV Crescendo-kompetisie tot die finaal deurgedring. Dié afsluitingskonsert was ’n spesiale geleentheid wat bygewoon is deur oud-koorlede en voorsitters van die afgelope vyftien jaar. Talle van die koorlede wat by dié konsert opgetree het, was vyf jaar lank ’n koorlid. Dit was ook die vyftiende jaar dat Awie van Wyk leier van die koor was (Bütow, 1989a:5).

Die konsert in die kerkgebou van die NG Kerk Miederpark, Potchefstroom volg nadat die Koor op 24 Mei 1986 opgetree het tydens die ingebruikneming van die orrel van dié kerk (PU-Koor, 1976-2001). Sedertdien het talle konserte – en die Musica Koorfees – gereeld in dié kerkgebou plaasgevind.

Die Submediante was ’n groep koorlede wat ’n kleiner sanggroep gevorm het. Hulle was in 1987 die algehele wenners van die Kampustalentfees, het in 1988 met talle pryse weggestap en was in 1989 medewenners van die Kampustalentfees. Voorts het hulle in 1989 deurgedring tot die finaal van die ATKV Crescendo-kompetisie (Anon., 1987h:1; Anon., 1989a:15; De Beer, 1989:1). Die Submediante het bestaan uit Nico van der Walt, Lisa Lorenz, Sucille van Wyk, Daan Badenhorst, Alfred Postma, Blackie Swart, Kobie Temmingh, Alna Erasmus en Gras Erasmus (Ryke, 2014b).

Die Submediante was die eerste kleiner sanggroep wat uit die Koor ontstaan het, wat suksesvol was. In 1992 het The Singing Club, ’n volgende klein sanggroep wat bestaan uit koorlede, met groot sukses by die Grahamstadse Kunsfees opgetree. Dit het aanleiding gegee tot die stig van die Boulevard Harmoniste in 1993, ’n groep van ses sangers wat *a capella* sing en sedertdien internasionale pryse gewen het.



ILLUSTRASIE 6:22
DIE SUBMEDIANTE WEN IN 1989 DIE KAMPUS-TALENTFEES. HULLE IS: (VOOR) NICO VAN DER WALT, LISA LORENZ, EN SUCILLE VAN WYK. AGTER IS DAAN BADENHORST, ALFRED POSTMA, BLACKIE SWART, KOBIE TEMMINGH, ALNA ERASMUS EN GRAS ERASMUS (ANON., 1989A:15; RYKE 2014A).

Sedert 1989 is die lede van die Koor, nes die lede van ander uitvoerende groepe aan die PU, ontvangers van kultuurbeurse (Bütow, 1989a:2). Volgens die Huishoudelike Reglement van die Koor van 1995 dien dié beurse as finansiële hulp vir lede om kooronkostes minder te maak (PU-Koor, 1995a). Faktore wat in ag geneem word by die bepaling van die bedrag sluit in: akademiese meriete, aantal jare in die koor; aantal jare op die bestuur; was die lid ’n solis of begeleier; getroue bywoning van aktiwiteite; en stiptelikheid (PU-Koor, 1995a). In ’n aanhangsel tot die Huishoudelike Reglement van 1995 word gemeld dat sekere bedrae van ’n lid se koorbeurs afgetrek sal word wanneer hy of sy sonder verskoning afwesig is by ’n kooroefening, -optrede en ook wanneer die lid by vyf geleenthede laat was (PU-Koor, 1995a). Die gebrek aan buigsaamheid van die beursbetalings het egter die implementering van dié reëling in die wiele gery (De Villiers, 1995:2)

’n Pamflet wat in 1990 saamgestel is om die Koor wyer bekend te stel, veral om fondse te werf gee inligting oor die geskiedenis, prestasie, doelstellings en aktiwiteite van die Koor. Dié pamflet is saamgestel met die oog op die hou van ’n “rektorsaand”, georganiseer onder die beskerming van die rektor, prof CJ Reinecke, met die oog daarop om moontlike borge vir die Koor te werf. Hierin word gesê dat in die Koor se strewe om hulle bestaansdoel te verwesenlik en kunsmusiek uit te dra, verskeie toere onderneem word. Daar word vervolg:

Die Universiteitskoor maak ’n belangrike deel van die kultuurfaset van Potchefstroom uit. Benewens volledige programoptredes elke jaar, sing die koor ook tydens en na eredienste in baie van ons kerke,

tree op by gradeplegtigheid en vorm deel van die kore wat die jaarlikse uitvoerings van Die Matteus-Passie *en* Die Messias *behartig.*

Deur sy aktiwiteite strewe die PU-Koor daarna om:

** studente wat die gawe van sang ontvang het die geleentheid te bied om daardie gawe te gebruik, te ontgin en te ontwikkel;*

** deel te hê aan die vorming van studente tot gebalanseerde mense;*

** die studente-, plaaslike en breë gemeenskap op vele wyses te dien deur hulle aan koormusiek van gehalte bloot te stel;*

** 'n bydrae te lewer ten opsigte van die ontwikkeling van koorsang in Suid-Afrika;*

** die Christelike karakter van die PU vir CHO te onderskryf en bo alles God te dien;*

** die goeie beeld van die PU en Potchefstroom nasionaal en internasionaal uit te dra* (PU-Koor, 1976-2001).

Die pamflet verduidelik voorts die geskatte inkomste en finansiële bronne van die Koor vir die komende jaar:

Subsidie: PU vir CHO	*R10 000*
Persoonlike bydrae van koorlede	*R 6 750*
Borge	*R 2 500*
Optredes	*R 2 000*
Programverkope	*R 700*

(PU-Koor, 1976-2001).

In sy oorsig vir die jaar 1990 skryf Horst Bütow dat daar 'n trusteefonds tydens die rektorsaand geskep is en dat die aand "goeie vrugte afgewerp" het (Bütow, 1990b:1). In 1991 ontvang die Koor ook steun vanaf Gencor, via die Departement Openbare Betrekkinge. Die bydraers tot die trusteefonds wat in 1990 geskep is, staan later bekend as "Vriende van die Koor" (Bütow, 1991a:3).

'n Handleiding word ook in 1990 saamgestel om die funksionering van die Koor te verbeter. Dit word hierin beklemtoon dat die Koor administratief en finansieel vanuit die Kultuurkantoor funksioneer, "tog bly die Koor 'n onderliggaam van die SSR en in besonder die Kultuurraad" (PU-Koor, 1990:9). Nadat hy in Desember 1989 as studenteadviseur: kultuur aangestel is, word genoem dat mnr Peet Ryke die voog van die Koor is. Dié aanstelling blyk reeds die volgende jaar vrugte af te werp, soos dit verwoord word in die voorwoord van die Koor se program (PU-Koor, 1991a).

In 1990 toer die Koor na die Oos-Kaap om van 27 tot 30 September aan die Kuesta wat by die UPE gehou is, deel te neem. 'n Optrede op 4 Oktober in Queenstown lei tot 'n berig in *The Representitive*

deur “Saartjie” in haar rubriek “Allegaartjie”. “Die religieuse kunswerke en perfekte akoestiek van die katedraal kan vergelyk word met die beste wat Brittanje of Europa kan aanbied. Teen hierdie indrukwekkende agtergrond het Awie van Wyk, koorleier, sy jong koorlede deur psalms in Duits, Latyn, Afrikaans en Engels gelei om die gehoor na ’n ander dimensie te verplaas” (Saartjie, 1990). Die uitvoering was ’n belewenis wat sy vir niks ter aarde sou wou misloop nie. Sy beskou die hoogtepunt as die “roerende ‘Valiant for Truth’ van R Vaughan Williams. Klinkhelder artikulasie en diksie, ondersteun deur gedrukte woorde op die program, het die roerende boodskap van die boodskapper wat die grens na die nuwe lewe oorsteek aan die gehoor tuisgebring” (Saartjie, 1990). Die Koor sing in 1991 saam met talle ander kore, onder meer die Kimberley Kinderkoor en Wes-Transvaalse Jeugkoor (op Potchefstroom); by die McLachlan-werkswinkel saam met die SAUK Kamerkoor en ook in Johannesburg saam met dié koor; tydens ’n mini-koorfees saam met die universiteitskore van Tukkies, RAU en Kovsies (op Potchefstroom) (Botha, 1991).

Bütow som die “spesiale prestasies” van die Koor in 1991 só op:
** Enigste genooide gaskoor by die Oude Meester Koorfees.*
** Enigste genooide gaskoor by die ATKV Koorfees.*
** Spesiaal genooide demonstrasie- en gaskoor by die vyfde weeklange Philip McLachlan werkswinkel te Johannesburg. ’n Internasionaal bekende koorleier uit Kanada het die werkswinkel gelei en sy het die koor en dirigent Awie van Wyk groot lof toegeswaai.*
** Uitnodiging deur die SAUK om transkripsie-opnames te maak van geestelike musiek, vir uitsending oor radio* (Bütow, 1992:3, 4).

Nadat hy dit in sy jaarverslag in 1991 in die vooruitsig gestel het dat die Koor aan die Grahamstadse Nasionale Kunstefees deelneem, word dié doelwit in 1992 bereik (Bütow, 1991a:5). In sy jaarverslag vir 1992 skryf Bütow dat die Koor en die Singing Club deelgeneem het. Hy beskryf albei groepe se deelname as suksesvol. “Hierdie poging was van groot waarde vir die studente, sowel as vir die Universiteit in sy geheel. Die sukses kan sekerlik gemeet word aan die feit dat ons studente gevra is om meer uitvoerings te gee as wat aanvanklik geskeduleer is” (Bütow 1992:5). Die feeskoerant *Cue* skryf met lof oor die Koor: “An outstanding performance, phrasing, diction and intonation were excellent. Tone quality of the choir is superb . . . A performance not to be missed by choral enthusiasts. The choir is fortunate to have such an outstanding musician as conductor. Full marks to the group. A performance not to be missed” (Smith, 1992).

The Singing Club is in 1988 gestig, aldus die inligting oor hulle wat in 1992 hulle inskrywing vir die Grahamstadse Nasionale Kunstefees vergesel het. Dit beskryf hulle as ’n *a capella*-groep, bestaande uit vyf stemme; sopraan, alt, tenoor, basbariton en bas. Die naam, ‘The Singing Club’, is afgelei van ’n

ou Engelse gebruik uit die sewentiende eeu toe mense gereeld byeengekom het om polifoniese musiek te maak en dus so ’n “singing club” gevorm het (The Singing Club, 1992). Die resensie van The Singing Club se optrede by die Grahamstadfees lui onder meer: “‘In a programme of wonderful variety, the young singers give a virtuous display of polyphonic dexterity and subtle harmonising – a musical feast from a very special singing club!’” (Bütow, 1992:2). The Singing Club het vinnig bekend geword en Bütow skryf in sy jaarverslag vir 1992: “Die gewildheid van hierdie groep neem daagliks toe. Aanbiedings word steeds landwyd ontvang – meer as wat hulle kan hanteer. Daar is selfs ’n uitnodiging ontvang om in Malawi op te tree!” (Bütow, 1992:5)



ILLUSTRASIE 6:23
THE SINGING CLUB HET IN 1992 BY DIE STANDARD BANK NASIONALE KUNSTEFEES IN GRAHAMSTAD OPGETREE. HULLE IS AGTER, KOBIE VAN RENSBURG (TENOOR), JOHAN BESTER (BAS), MIDDEL: RUDOLF DE BEER (BAS), ANNATJIE TEMMINGH (ALT) EN VOOR: KAREN ENGELBRECHT (SOPRAAN). DIE FOTO IS WAARSKYNLIK GENEEM NADAT THE SINGING CLUB IN 1991 DIE VISEKANSELIERSTROFEE TYDENS DIE KAMPUSTALENTFEES GEWEN HET (ANON., 1992F).

Uiteraard gebeur dié prestasies nie vanself nie. Dit is ook ten spyte van die feit dat dit nie net musiekstudente is wat lid van die Koor kan word nie. Die teks vir ’n brosjure wat in 1991 saamgestel is, verduidelik: “Enige student van die PU vir CHO kan gekeur word vir die Universiteitskoor. Musiek, en in besonder sang, is vanselfsprekend die kriterium” (PU-Koor, 1991b). Gevolglik is dit te verstane dat die koor vier ure per week moet oefen. Meer merkwaardig is ook die feit dat die koorbestuur self alle reëlings vir konserte en toere tref, waarna dit deur die studenteadviseurs: kultuur goedgekeur word (PU-Koor, 1991b). In die voorwoord tot die 1991-program word spesiaal melding gemaak van die hulp en onderskraging en aanmoediging wat dié studenteadviseurs: kultuur aan die Koor gee. “Die aanstelling van mnr Peet Ryke, met die spesiale opdrag vir die koor, is ’n wenner” (PU-Koor, 1991a). In sy memorandum oor die toekomstige funksionering van die Koor, is die aanstelling van ’n “spesifieke persoon” wat met koorsake belas word in die vooruitsig gestel “indien die behoefte hom voordoen” (Bütow, 1987b:3). In die voorwoord van die 1991-program word ook gesê dat die sukses van die koor toe te skryf is aan die “hardwerkende koorbestuur” wat onder

leiding van Rudolf de Beer staan. “Sy geheim lê in sy groot liefde vir musiek en dis aansteeklik vir almal wat met hom saamwerk” (PU-Koor, 1991a).

In Oktober 1992 tree die Koor op uitnodiging van die staatspresidentspaar by die Presidensie in Pretoria op. Die geleentheid is aangebied ten bate van die Kindersorgvereniging van Pretoria. Sowat 300 gaste het ’n groot aantal kabinetslede, ambassadeurs van verskeie lande en sakelui ingesluit. *Kampusnuus* berig: “Die koor het die gaste met ’n besondere program van gewyde musiek, ligte koorwerke, Afrikamusiek en Afrikaanse musiek, waaronder verwerkings van prof Temmingh, vermaak. Vier kindersoliste het saam met die koor opgetree en uittreksels uit die kinderoperette *Gelukland,* ’n komposisie van Awie van Wyk, gesing. Die koorleier, Awie van Wyk, se twee kinders, Mabet en Abraham, was twee van die soliste. Die ander twee was Rufus Coleman en Faantjie Hattingh” (Anon., 1992e:1).

In 1992 reël die Koor ook ’n tweede koorfees waartydens die universiteitskore van die PU en RAU, die Sebokeng Onderwyskollegekoor, die Cantate Kamerkoor en die Vaal Reefs Choristers optree. Dit vind op 3 en 4 September in die Kerkgebou van die NG Kerk Miederpark plaas (PU-Koor, 1992b).


Benewens die oorsese toer in Julie 1993, besoek die Koor Wellington in September om aan Kuesta deel te neem en tree op enkele omliggende plekke op. By dié Kuesta word die toonsetting van die gedig “Anna” van TT Cloete, gekomponeer deur Martin Watt, uitgevoer. Dit is ook ingesluit in die program vir die afsluitingskonsert. Paul Coetzer van *Wapad* skryf: “Die gehoor het hulle waardering met dié wêreldgehalte koor duidelik uitgedruk en die koor is toegejuig met ’n staande ovasie” (Coetzer, 1993). Tydens Kuesta was die Koor deel van ’n massakoor van ’n 1 000 koorlede en het onder meer “Thanks be to God,” “Nkosi Sikelel’ iAfrika” en “Die Stem” gesing (Coetzer, 1993).

Die hoogtepunt van 1994 was ’n uitnodiging om op te tree tydens die inhuldigingseremonie van mnr Nelson Mandela as staatspresident (De Klerk, 2011:2). Die Koor is ook dié jaar gashere vir Kuesta (Malan, 1994a:1). Vir die eerste keer sedert 1984, toe Awie van Wyk oorsee was, staan die Koor in 1994 vir hulle toer gedurende die Julie-vakansie na Natal onder leiding van Rudolf de Beer (Malan, 1994b:10). (Kyk na bylaag 2 vir inligting oor die toer.) De Beer was van 1987 af lid van die Koor en van 1990 tot 1992 voorsitter. Hy is in 1993 aangestel by die Laerskool ML Fick en was ook sedert 1992 dirigent van die Wes-Transvaal Kinderkoor en tree in 1994 op as sameroeper van die Transnet Kuesta Koorfees op Potchefstroom (PU-Koor, 1994a).


Die besoek van die Canstatter Sängerjugend van Stuttgart aan Potchefstroom het plaasgevind tydens die koorkamp in April en hulle het twee dae saam met die koor op Nooitgedacht deurgebring. Die kamp is afgesluit met ’n gesamentlike konsert van die PU-Koor, die Canstatter Sängerjugend en die Wes-Transvaalse Jeugkoor (De Villiers, 1995:6). Die Koor is ook uitgenooi na die kampafsluiting van

die PU-Serenaders en het saam met dié koor en die North West Arts Council Choir opgetree (De Villiers, 1995:6, 7).

Nadat die Koor in die voorafgaande jare enkele koorfeeste op Potchefstroom gereël het, waaraan hoofsaaklik ander universiteitskore deelgeneem het, organiseer die Koor in 1995 die eerste Musica Koorfees. Dié koorfees het op 11 Mei in die Sanlam-Ouditorium plaasgevind (PU-Koor, 1995b). Dit doel was om fondse in te samel en die voorsitter berig dat die inkomste 'n bedrag van R3 592.96 was (De Villiers, 1995:7). Kore wat deelgeneem het sluit in die PU Serenaders, ML Fick Laerskoolkoor, Bailliepark Laerskoolkoor, Potchefstroomse Kamerkoor, Wes-Transvaalse Kinderkoor. Gimnasium Hoërskoolkoor, Wes-Transvaal Jeugkoor en die PU-Koor (PU-Koor plakboek, 1976-2001).



ILLUSTRASIE 6.24
DIE PLAKKAAT VAN DIE EERSTE MUSICA KOORFEES VAN 1995 HET IN DIE PLAKBOEK VAN DIE PU-KOOR BEWAAR GEBLY (PU-KOOR PLAKBOEK, 1976-2001).



ILLUSTRASIE 6.25
DIÉ KAART VAN NAMIBIË TOON DIE BESOEKPUNTE VAN DIE KOOR TYDENS HULLE BESOEK IN 1995 AAN, MET MUNTSTUKKE WAT OP DIE PLEKKE GEPLAK IS. DIE WIT HOSPITAALBANDJIE NABY KEETMANSHOOP DUI AAN DAT N LABUSCHAGNE DAAR IN DIE HOSPITAAL OPGENEEM IS NADAT HY VOEDSELVERGIFTIGING GEKRY HET. BY 'N FOTO VAN N LABUSCHAGNE IN DIE HOSPITAAL WORD GEMELD DAT DIT AS GEVOLG VAN TOEBROODJIES WAS WAT HY IN WINDHOEK GEËET HET (PU-KOOR PLAKBOEK, 1976-2001).

Nadat hoofsaaklik plaaslike kore aan die Musica Koorfees deelgeneem het, woon die Tuks Camerata, die universiteitskoor van Pretoria, die fees in 2010 by. Die Noordwes Jeug- en Kinderkoor en ander skoolkore het dié jaar ook deelgeneem (Bütow, 2010c:1). Teen 2014 word die Musica Koorfees steeds deur die Koor aangebied en het dié jaar in die kerkgebou van die NG Kerk, Miederpark plaasgevind (Anon., 2014c:15).

In 1995 neem die Koor ook deel aan die Caltex/Sowetan Massakoorfees by die Standard Bank Arena in Johannesburg. De Villiers berig in sy jaarverslag dat die reaksie wat daarop ontvang is, "oorweldigend was". Die Koor het ook opgetree tydens die Fiesta Koorfees van die RAU. Televisie-opnames van die Caltex/Sowetan Massakoorfees en die Fiesta Koorfees is op "CCV" uitgesaai (De Villiers, 1995:10, 11). Die Koor toer in 1995 na Namibië nadat die vorige toer hierheen in 1985 was (De Villiers, 1995:9).

Op aanbeveling van Peet Ryke, is daar in 1996 'n wysiging aan die Koor se grondwet aangebring om voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n nie-singende koorlid wat as foyerbestuurder optree, met die spesifieke opdrag om beheer te neem oor die foyeruitstalling en die verkope van CD's en programme met optredes. Ina Gouws het eerste dié pos gevul (Viljoen, 1996:24, 25). Gouws het 'n "klein foyeruitstalling" saamgestel wat bestaan het uit drie monteerborde. Hierop is voorbeelde van programme, die CD-omslag, foto's van die oefenkamp en toer geplaas (Viljoen, 1996:25).

Die Koor se uitvoering in die St Mary Katedraal in Kaapstad lei tot 'n gloeiende resensie in *Die Burger.* Die bekende resensent van dié koerant, Pieter Kooij, skryf:

Op die stoep van die katedraal het iemand Saterdagaand in die snerpende koue hyg-hyg gelê en slaap. Binne het die klokhelder stemme van vyftig jong studente van Potchefstroom 'n te klein gehoor met prag-koorsang oorrompel. Die akoestiek van die katedraal is wonderlik geskik vir koorsang. By die Juiggesang 152 ("Juig met feesgeluid") het die koorlede omgedraai en met groot volume weg van die gehoor gesing. Die klank het soos golwe 'n mens oorspoel. Aan die einde van 'n lang toer deur Wes-Kaapland het die koor 'n ontspanne selfversekerdheid wat onbekommerde luistergenot verseker. Mens weet sommer: niks gaan verkeerd loop nie. Hier is inderdaad 'n gedissiplineerde eenheid wat van fyn geskakeerde innigheid tot brandende hoogtepunte kan wissel (Kooij, 1996:4).

Kooij beskryf die Koor se weergawe van Samuel Barber se "Adagio vir Strykers" op die Latynse woorde van die laaste deel van 'n mis ("Agnus Dei"), "'n verbluffende vertolking". "Hierdie koorweergawe van Barber se orkeswerk het my heeltemal oorrompel. Die koorklank was by tye reusagtig en die lang frases is sonder skynbare asemteue volvoer" (Kooij, 1996:4). "David-Pieter en Lynette" (waarskynlik die Koorvoorsitter van 1995, David-Pieter de Villiers) skryf op 17 Julie 1996 aan die Koor dat "vir Pieter Kooij is dit beslis welgedaan" (PU-Koor, 1976-2001).


Dié jaar neem die Koor weer eens deel aan die Oude Meester Koorfees wat op 6 Oktober in die Linder-ouditorium in Johannesburg gehou is (PU-Koor, 1976-2001). Dié deelname vind plaas nadat die radiostasie, RSG, die Koor genomineer het (Schaap, 1996:11). Schaap skryf dat die PU-Koor die enigste koor was wat musiek van Europese afkoms gesing het, maar veral beïndruk het met hulle etniese stukke. "Die oorwegend swart gehoor was telkens op hul voete en het soms oorverdowend saamgesing" (Schaap, 1996:11). Televisie-opnames is gemaak vir latere uitsending. Die Koor beskou egter die uitnodiging om op te tree tydens die inhuldiging van mnr Popo Molefe, as premier van die Noordwes-provinsie, as hoogtepunt van 1996 (De Klerk, 2011:2).

In sy jaarverslag vir 1998 skryf Bütow dat die grootste projek van die Koor dié jaar die aanbieding van die *Faure Requiem* saam met die Nasionale Kamerorkes (NCO) was. Dit is tydens Aardklop ook uitgevoer en hy beskryf dit as "'n besondere hoogtepunt". In 'n konsertreeks saam met die NCO het die Koor, benewens die *Faure Requiem,* ook werke van Bach, Rheinberger en Puccini uitgevoer (Bütow, 1998a). Dié konsert is ook op 9 Mei in Lichtenburg opgevoer. Die plakkaat om dit bekend te stel maak melding van 'n "vergrote" Universiteitskoor (PU-Koor, 1976-2001). Die Koor toer na die Kaap en tree onder meer in die Endler-saal by die Universiteit van Stellenbosch op waar hulle 'n staande ovasie ontvang. Die Koor is ook dié jaar gasheer vir twee oorsese kore, die Porcia-koor uit Spittal in Oostenryk en die Akademski Tone Tomsic-koor uit Ljubljana, Slowenië. Daar is met dié kore kennis gemaak tydens die Koor se Europese toer in 1997 (Viljoen, 1998c:8).

In 1999 toer die Koor na Mpumalanga en Limpopo. Hulle besoek die Lost City en in Pietersburg sing hulle in 'n katedraal. Dr Hans de Ridder en sy vrou, Elsie, is die toerouers (PU-Koor, 1998:4).

Vir die Koor was die uitvoering van die bekende "Requiem" van Brahms en die "Requiem" van Martin Watt tydens die Aardklop Nasionale Kunstefees die hoogtepunt van dié jaar. Nog hoogtepunte was die optrede tydens die inwyding van die nuwe kanselier van die PU vir CHO, dr Theuns Eloff. Die kersprogram, later die jaar, wat in Potchefstroom en by die MTN Sundome in Roodepoort aangebied is, beskou hulle as suksesvol (De Klerk, 2011:3).

In 2000 toer die Koor weer na die Kaap. Met die vertrek uit Potchefstroom was dit "snerpend koud," volgens die skrywer van die byskrifte in die PU-Koor plakboek. Die Koor het op Loeriesfontein opgetree en dieselfde skrywer meld: "In ons lewens het ons nie gedink dat dit so koud kan word nie. Ons optrede was nie eens in koordrag nie, maar in ons gewone drag met 10 000 warm baadjies bo-oor" (PU-Koor, 1976-2001). Nadat Horst Bütow in 1985 gesê het dat een van die doelstellings van studentetoere is om vakansie te hou, word toere elke jaar so beplan dat daar by besienswaardighede aangedoen word (Bütow, 1985a). In 2000 het die Koor op Clanwilliam by die rooibosteefabriek aangedoen en ook daar vir die werkers gesing (PU-Koor, 1976-2001).



ILLUSTRASIE 6.26
PROF THEO EN DR ENA JOOSTE WAS VANAF 1991 TOT 1997 DIE TOEROUERS VAN DIE KOOR. IN DIE 1997-PROGRAM WORD HULLE BEDANK VIR HULLE JARELANGE "ONDERSKRAGING EN LIEFDE" (PU-KOOR, 1991A; PU-KOOR, 1997A:3).



ILLUSTRASIE 6.27
DR HANS DE RIDDER EN SY VROU, ELSIE, WAS VANAF 1998 TOT 2000 DIE TOEROUERS VAN DIE KOOR. DIÉ FOTO VAN HULLE MET KOORLEIER, AWIE VAN WYK (MIDDEL) IS IN DIE PU-KOOR PLAKBOEK (PU-KOOR, 1976-2001). DR HANS DE RIDDER WAS OOK IN 1985 AS STUDENT VOORSITTER VAN DIE KOOR (DE KLERK, 2011:22).



ILLUSTRASIE 6.28
MEV LORETTÉ DU TOIT HET IN 2002 WAARGENEEM AS DIRIGENT VAN DIE KOOR. SY EN HAAR MAN ANDRÉ WORD SEDERTDIEN IN PROGRAMME GELYS AS DIE KOOROUERS VAN DIE KOOR (POTCHEFSTROOM GIMNASIUM, 2017).

Nadat die Koor reeds sedert die eerste Aardklop in 1998 tydens die kunstefees in Potchefstroom opgetree het, bied hulle in 2000 'n gesamentlike program met die Koor van die UP, getiteld Musica, aan (PU-Koor, 1976-2001).

Die 2001-program toon dat die Koor dié jaar bykans 42 optredes gehad het. Dit sluit die toer na Namibië in en 'n optrede by 'n troue op Vereeniging op 5 Mei. Dit blyk dat die Koor al hoe meer op die kampus optree tydens verskeie geleenthede. Dit sluit die 50-jaar reünie van oud-Pukke (16 Maart), die PU se verjaarsdag (17 Maart), Opedag (1 en 3 Mei), die Herfsgradeplegtigheid (18 Mei) en Lentegradeplegtigheid (21 September). Nes elke jaar bied die Koor ook 'n afsluitingskonsert (19 Oktober) en 'n rektorskonsert (21 Oktober) aan (PU-Koor, 2001:9). Saam met die Universiteitskoor van Pretoria, tree die Koor op by 'n koorfees in Pretoria, aangebied deur die RSG-program *Alle volke loof die Here* van Fanie Smit (PU-Koor, 2002a:2).

In 2002 neem mev Loretté du Toit waar as koorleier, terwyl prof Awie van Wyk met langverlof was (PU-Koor, 2002a:2). In sy jaarverslag berig Bütow dat sy ’n “uitstekende taak verrig het” met die Koor se normale jaarprogram, wat ’n toer ingesluit het. “Groot lof is ontvang vir haar musikale leiding van die koor tydens Awie van Wyk se langverlof. Groot sukses is onder andere by Aardklop behaal” (Bütow, 2002a:1). Mev Loretté du Toit is ’n alumna van die UOVS en is kultuurorganiseerder by die Potchefstroom Gimnasium. Sy en haar man, Anton, is sedert 2002 koorouers van die Koor (PU-Koor, 2002a; PU-Koor, 2014b).

In 2003 het die Koor oorsee getoer en daarna, berig Bütow in sy jaarverslag vir 2004 dat daar dié jaar “’n baie suksesvolle konserttoer na Mpumalanga en KwaZulu-Natal onderneem is” (Bütow, 2004a:2). Die Aardklop Kunstefees is afgesluit met ’n uitvoering van Haydn se *Skepping”-oratorium* met simfonieorkes aangebied. Die Koor het ook ’n mini-Kuesta Koorfees met die deelname van RAU en TUKS met welslae aangebied. In Junie was die koor die gashere van die bekende Ratcliffe Choral Society, die dameskoor van die Harvard Universiteit in die VSA (Bütow, 2004a:2).

Nadat die koorleier Awie van Wyk die “Misa Criolla” en “Navidad Nuestra” van die Argentynse komponis, Ariel Ramírez, in Namibië gehoor het, pak die Koor die werk in 2005 aan (Keogh, 2005c:4). Van Wyk was oortuig dat Amanda Strydom, meer bekend vir haar ligte Afrikaanse musiek en kabaretvertonings, die enigste persoon was wat die solis kon wees. Volgens Keogh (2005c) het Ramírez die werk in 1964 gekomponeer en dit in die taal en ritmes van die verskillende streke in Argentinië geskryf. “Die styl is eg Kreools, omdat dit in die volkstaal vir die werkersklas geskryf is en dit word wêreldwyd so opgevoer.” Drikus Volschenk het as solis saam met Strydom opgetree en was vol lof vir Strydom wat daarin geslaag het om die ingewikkelde Spaanse dialek oor te dra. “Amanda het egter verseker dat die gehoor geen probleem gaan hê om die verloop van die optrede vanaf die *Kyrie* aan die begin tot aan die einde van die “Navidad Nuestra” met sy Argentynse *slang* te volg nie. Haar Afrikaanse bindingsteks laat die elf dele van die werke inmekaar vloei en verseker dat die gehoor ook die dieper betekenis van die teks verstaan” (Keogh, 2005c:4). Die Koor het dié werk tydens Aardklop uitgevoer en ’n televisie-opname daarvan is deur kykNET op Kersaand uitgesaai (De Klerk, 2011:3).

In 2006 is die volledige “Requiem” van Mozart, as deel van die 250ste herdenking van dié komponis se geboorte, tydens die afsluitingskonsert van Aardklop met volle orkesbegeleiding uitgevoer. Die Koor het ook tydens Aardklop saam met die kunstenaars Dozi, Pieter Smit, Jannie Moolman en Amanda Strydom aan Aardpops deelgeneem (PU-Koor, 2007b; De Klerk, 2011:5). Bütow berig in sy jaarverslag dat die koste van vervoer blootstelling van die Koor buite Potchefstroom kortwiek. Hy reken ook dat dit jammer is dat koorlede steeds nie aan die Koor kan deelneem sonder ’n stewige

persoonlike finansiële bydrae nie (Bütow, 2006:2). ’n Toer is na die Wes- en Noord-Kaap onderneem (PU-Koor, 2007b).



ILLUSTRASIE 6.29
AMANDA STRYDOM HET IN 2005 AS SOLIS SAAM MET DIE NWU-PUK-KOOR OPGETREE VIR ’N UITVOERING VAN DIE “MISA CRIOLLA” EN “NAVIDAD NUESTRA” VAN DIE ARGENTYNSE KOMPONIS, ARIEL RAMÍREZ. DIE FOTO, WAT TYDENS ’N REPETISIE GENEEM IS, HET OP 27 SEPTEMBER 2005 OP DIE VOORBLAD VAN *WAPAD* VERSKYN (PIENAAR, 2005).

In 2007 word Rossini se “Messe Petite Solenelle” met klavier en traporrel by Aardklop uitgevoer. Dié uitvoering was ook weer die afsluitingskonsert van Aardklop (Bütow, 2007a:1). Die Koor is weer eens ingesluit by die Aardpops-program saam met Laurika Rauch, die Bala-broers en Navi Redd (De Klerk, 2011:3).

Tesame met die oorsese toer in 2008, tree die Koor tydens Aardklop op met ’n uitvoering van die “Messias” van Händel. Die soliste is bekende kunstenaars Dewald van Solms, Bambie Heyberg, Veramarie Meyer en Daniel Verster, terwyl die Heyberg Estates-orkes, onder leiding van Graham Scott, hulle begelei het (De Klerk, 2011:3).

Bütow beskryf 2009 as “’n besonder besige jaar” vir die Koor. Benewens gereelde jaarlikse aktiwiteite, soos om die reëlings te tref vir die Musica Koorfees, het die Koor ook die reëlings getref vir die Kuesta Universiteite Koorfees, wat van 24 tot 27 September op die Potchefstroomkampus aangebied is. Die Koor het soos vroeër opgetree tydens die Aardklop Nasionale Kunstefees se afsluitingskonsert (Bütow, 2009:2). ’n Toer is deur die Oos-, Wes- en Noord-Kaap onderneem, terwyl die Koor deelgeneem het aan die Loof die Here-konsert van RSG in die Aula in Pretoria. Plaaslike konserte sluit in optredes tydens die 150ste bestaansviering van die Gereformeerde Kerk, die onthulling van TT Cloete se gedigte op koperplate in die Botaniese Tuin, die inhuldiging van die kanselier en visekanselier van die NWU, die 140ste bestaansviering van die NWU, Potchefstroomkampus, asook die onthulling van die Totius-beeld op die kampus (De Klerk, 2011:4).

Vroeg in 2010 het die Koor meegedoen aan die Mosaïek-gemeente in Johannesburg se Paasvieringe (Bütow, 2010b:1). In die tweede semester doen die Koor mee aan PUK Kunste se produksie,

Persreën, ’n viering van die musiek van Johannes Kerkorrel, ’n oudstudent van die Universiteit. Benewens die feit dat Kerkorrel, wie se naam eintlik Ralph Rabie is, ’n oudstudent van die PU vir CHO is, is ’n konsert van hom en ander kunstenaars, tydens die Voëlvrytoer in 1989 op die kampus verbied (Janse van Vuuren & De Beer, 1989:1). Twee opvoerings van *Persreën* is ook tydens Aardklop aangebied. (Kyk na 13.2.2.6.) Die Koor het ook tydens Aardklop deelgeneem aan ’n uitvoering van die “Messias” van Händel (Bütow, 2010d:1, 2).

’n Veranderde bestuurstruktuur tree in 2011 vir die Koor in werking. Vroeg in dié jaar is ’n proses van stapel gestuur om ’n grondwet vas te lê. Dit het behels dat ’n koorkomitee saamgestel is wat oorhoofs die sake van die Koor sou behartig. ’n Oudisiekomitee is ook ingestel, wat die “verlede se enkelbesluitnemer-oudisies vervang. Bütow berig voorts in ’n kort verslag: “Voorts word daar vanaf vanjaar twee persone per stemgroep, wat nie meer voltyds studeer nie, in die koor toegelaat – na ’n geslaagde oudisie natuurlik. Hierdie mense is daar vir kontinuïteit, dissipline, meer volwasse stemme, en ‘ouer’-leiding vir die groot groep. Voorbereidings & beplanning vir die einde van die jaar se oorsese toer het afgeskop” (Bütow, 2011b:1).

Dié jaar is ook die laaste jaar waarin Van Wyk die koorleier van die NWU-PUK-Koor is. Bütow berig in sy jaarverslag dat “’n baie spesiale Afskeidskonsert” op 1 November in die NG Kerk Miederpark gehou is. Dit was Awie van Wyk se laaste konsert as leier van die Koor in Suid-Afrika. “In ’n stampvol *venue* was mense van oraloor – oud-koorlede, vriende, familie, kollegas en oud-kollegas – ’n besonderse aand van unieke karakter en gebeure – die einde van ’n lang en kleurvolle hoofstuk in die musieklewe van die Universiteit en Potchefstroom” (Bütow, 2011a:2). Dié konsert het plaasgevind net voor die vertrek van die Koor op ’n Europese toer.

Ter ere van Awie van Wyk, wat in 2011 uitgetree het as koorleier, het die Koor ’n spesiale album *PUK-Koor – ’n kort samevatting van toeka tot nou,* saamgestel. Hierin verskyn ’n kort geskiedenis van die Koor, herinneringe, ’n lys van die Koor se aktiwiteite van die laaste paar dekades en volledige lyste van 1980 tot 2011 (De Klerk, 2011).

6.5.2.1 Besinning oor Van Wyk as dirigent

In die 31ste jaar waarin Awie van Wyk dirigent van die Koor is, 2007, skryf die kampusrektor van die NWU, Potchefstroomkampus, prof Annette Combrink in die voorwoord tot die Koor se program: “Die vlak van koorsang van die PUK-Koor het oor die jare konstant verbeter en tans kan mens waarskynlik nie ’n beter koor in die Suid-Afrikaanse universiteitekorekonteks vind nie” (PU-Koor, 2007b).

Die gebruik om die rektor van die Universiteit te vra om ’n voorwoord te skryf vir die programme van toergroepe dateer vanaf die vroegste jare wat dié toere onderneem is. Inaggenome dié jaarlikse

voorwoord in Alabama-, Koor- en Thalia-programme, blyk dit dat die onderskrywing van die rektor as belangrikste amptenaar van die Universiteit, legitimiteit en waarde aan die uitvoering verleen. Siende dat dié programme duisende lesers bereik, wat nie op ’n ander wyse oor die Universiteit sou lees nie, is dit ook ’n geleentheid om die statuur van die Universiteit onder die lesers se aandag te bring en word ’n uitspraak, soos prof Combrink hier gee, wat die Koor omskryf as “waarskynlik nie ’n beter koor in die universiteitekorekonteks,” in hierdie lig sien.

Van Wyk is talle kere die kuns afgevra van sy sukses as koorleier en het koorleierskursusse en meestersklasse aangebied. Hy is telkens van mening dat verskeie faktore dra by tot die hele proses – en later sukses – van ’n jaar se program. Die *Potchefstroom Herald* skryf in 1988 na ’n onderhoud met Van Wyk: “Dit is elke jaar ’n baie groot taak om die keuse van musiek vir die jaar se program te maak. ‘Ek bestee letterlik honderde ure voor my klavier om deur my versameling van musiek te gaan voordat ek ’n keuse maak’, sê Awie. Volgens hom is daar ’n groot risiko verbonde aan die keuse omdat mens nie altyd weet of die koorlede daarvan gaan hou en hulle dit onder die knie gaan kry nie” (Anon., 1988m:4).

Nadat die resensent van *Beeld* in 1985 ’n konsert van die PU-Koor in die Konservatorium bygewoon het, skryf hy só oor Van Wyk:
Awie van Wyk is in die oog lopend ’n Romantikus! Sy koorsiklus “Kaapse Kjend” is ’n boeiende sewedelige komposisie. In sy musiek het sy liefde vir die Kaapse natuurskoon en die bruinmens simpatiek deurgeslaan. Hier is ’n jong komponis wat met vrymoedigheid die pen kan opneem om die Afrikaanse liedskat te verryk. En verryk is die woord, want Van Wyk toon onteenseglik ’n betrokkenheid by sy geliefde land en sy mense. Sy werk is belangrik – ’n komponis wat in musikale terme ’n duidelike inspraak te lewer het op die sosiale bestel van die dag (Odendaal, 1985).

Peet Ryke, van PUK-Kunste, wat jare lank organiseerder van koortoere was, sê oor hom:
Ek dink dit wat hom onderskei, is sy charisma. Hy het die vermoë om die gehoor in trane te kry. Daar is ander kore in die land wat moontlik tegnies beter is as die PU-Koor, soos Maties en Tukkies s’n en hulle is ook internasionaal bekend, maar die bewondering vir hulle is ’n serebrale bewondering. Die ding wat die PU-Koor onderskei van die ander is daai emosie, die hart. Die ander kry dit nie reg nie. Awie laat sy gehoor huil (Ryke, 2014a).

Alhoewel hierdie uitspraak van Ryke, al was hy dekades lank reeds by die Koor betrokke, wel subjektief is, moet dit gesien word in die lig van ander se menings oor Van Wyk se vermoë as dirigent om die emosies van sy luisteraars aan te raak deur middel van die sang van die koor wat hy dirigeer.

Die impak wat die sang van die Koor onder leiding van Van Wyk gehad het, blyk uit ’n anekdote wat Van Wyk onthou – en wat hy beskryf as ’n wonderwerk: Die Koor het een jaar na Oos-Transvaal getoer en by God’s Window gesing. “Terwyl ons sing het die mis gelig en kon jy tot baie ver sien.” ’n Paar jaar later toer hulle deur Namibië en by Duin Sewe naby Walvisbaai sing die Koor weer, spontaan, daar bo-op die duin. Daarna besoek hulle ’n ander jaar die Suid-Kaap en plaas ’n kort beriggie in *Die Burger* dat die Koor op ’n sekere dag met laagwater in die Waenhuiskrans gaan sing. “Toe ons daar kom, wag daar seker ’n honderd mense vir ons en ons het gesing dat die kranse antwoord gee,” vertel Awie. “Na die tyd kom ’n man na my toe en vra om met die Koor te praat.” Hy is die eerste vioolspeler van ’n simfonieorkes in Bratislawa in die Slowaakse Republiek. Tydens sy eerste besoek aan Suid-Afrika het hy die Koor by God’s Window hoor sing. Tydens sy tweede besoek het hy hulle by Duin 7 hoor sing en hulle uitvoering daar by Waenhuiskrans was die derde keer. “I teach music aesthetics. You are my example. When you sing the earth and the human soul, through music it all becomes one” (Van Wyk, 2014). In die PU-Koor se plakboek is ’n foto van die koorlede saam met dié violis (PU-Koor, 1976-2001).

In 1993 skryf prof Theo Jooste in sy verslag van die Koor se toer na Europa:
Dit is alombekend dat Awie van Wyk die spil is waarom die PU-Koor draai. Die besondere klankkwaliteit van die PU-Koor en die wyse waarop die koorlede hulle inleef om saam met die dirigent die saamvloeiende eenheid en harmonie tussen hulle verskillende stemme te verkry, het so ’n indruk gemaak dat die dirigent van die koor uit Roemenië agterna vir Awie gevra het: ‘Please tell me your secret!’ Een van die beoordelaars het ook hierop gereageer toe hy opgemerk het: ‘Your choir sing from their hearts!’ (Jooste, 1993:1).

Om in Van Wyk se voetspore, met sy eiesoortige styl, te volg, sou veel eise aan sy opvolger stel.

6.6 Kobus Venter as koorleier

Kobus Venter se aanstelling as koorleier van die Koor, om Awie van Wyk op te volg wat 36 jaar lank die posisie gevul het, was vir talle ’n verrassing. Venter is dus in 2012 met valkoë deur musici en koorkritici dopgehou, meen *Wapad* by monde van Hannes Kruger (2012:6). Venter se aanstelling in November 2011 was aanvanklik tydelik nadat daar “dringend ’n plan gemaak” moes word (Venter, 2014a; Kruger, 2012:6). Anonieme koorlede sou aan *Wapad* gesê het dat hulle weier om in die Koor te sing as Van Wyk nie die dirigent is nie en dat hulle “nie seker is van die nuwe dirigent se bekwaamheid nie” (Kruger, 2012:6). Venter was weliswaar dié jaar ’n eerstejaar musiekstudent, nadat hy die BCom Honneurs aan die einde van 2011 verwerf het (Venter, 2014b).

Venter was wel vir etlike jare lid van die Koor, maar het op ouderdom 25 nie eens ’n musiekkwalifikasie gehad nie. Van Wyk was egter oortuig dat dit die regte besluit is en hy sê aan ’n verslaggewer vir die NWU-webblad: “Ek laat die Koor in goeie hande oor. Kobus is uiters talentvol en ek is 100% seker dat hy ’n sukses daarvan sal maak” (NWU, 2012a). Venter sê dat hy en Van Wyk baie goed oor die weg gekom het “en omdat hy ’n mentor vir my is, was sy teenwoordigheid vir my ’n tipe seën. Hy het ’n professionele afstand gehou, maar het nou en dan kom inloer om te kyk hoe dit gaan. Awie is my en die Koor se grootste aanhanger en ek waardeer altyd sy teenwoordigheid en raad” (Venter, 2014b).

6.6.1 Kobus Venter – ’n kort biografie

Kobus Venter was vanaf 2006 tot 2009 en weer in 2011 ’n lid van die NWU-PUK-Koor. Sy ouers is baie musikaal en hy is altyd aangemoedig om deel te neem aan koor- en singaktiwiteite (Venter, 2014b). Hy het op laerskool begin koor sing en was lid van sy skool se koor tot in Graad 12. Hy was ook in 2003 ’n lid van die Noordwes Jeugkoor, wat dié jaar onder leiding van Jacques Imbrailo oorsee getoer het (PU-Koor, 2013b). (Kyk na bylaag 6.) Hy is gebore in Bloemfontein, maar het in Rustenburg grootgeword, waar hy Laerskool Vastrap bygewoon het en matriek voltooi het aan Hoërskool Bergsig. Hy het aan die NWU ingeskryf op aandrang van sy ouers. “Ek het nie eers geweet hier is ’n koor nie, daai tyd het almal slegs van die Alabama geweet” (Venter, 2014b).

ILLUSTRASIE 6:30
KOBUS VENTER IS SEDERT NOVEMBER 2011 KOORLEIER VAN DIE NWU-PUK-KOOR. ONDER SY LEIDING HET DIE KOOR IN 2014 UITSTEKEND GEVAAR BY DIE WÊRELDKOORSPELE IN RIGA IN LETLAND (NWU, 2014B; VENTER, 2014B).



Nadat hy in 2006 by die NWU ingeskryf het om ’n BCom Geoktrooieerde Rekenmeesterskap te voltooi, het hy ook die honneurs in Finansiële Rekenmeesterskap in 2011 verwerf. Daarna het hy ingeskryf vir ’n BMus en het die graad in 2014 voltooi (Venter, 2014b).

Hy was vanaf in 2007 en 2008 voorsitter en het ook die oorsese toere van die Koor in 2008 en 2011 meegemaak, waartydens hy by verskeie geleenthede as dirigent opgetree het (PU-Koor, 2013a).

In 2010, 2012 en 2013 was hy ’n lid van die Boulevard Harmoniste, ’n sestal *a capella*-sangroep van die NWU-PUK en het as hulle musikale leier opgetree. In 2011 het hy saam met mede-dirigent, Loretté du Toit die Molen Korus gestig (PU-Koor, 2013b).

6.6.2 Kooraktiwiteite met Kobus Venter as dirigent

In 2012 het die Koor ’n toer na Mpumalanga onderneem. Vir die koorlede was die besoek aan die Sudwala-grotte die hoogtepunt van die toer, waar hulle in die PR Owen-saal, ’n natuurlik ondergrondse amfiteater, gesing het. In Lydenburg het die Koor ’n liefdadigheidsvertoning gehou wat ’n bedrag van sowat R16 000 opgelewer het en dit is aan Kohen, ’n liefdadigheidsorganisasie, geskenk (Botha, 2012a). Bütow berig in sy jaarverslag dat die Koor ook in Polokwane aan die International Classical Musical Festival deelgeneem het. Hy beskryf dié toer as “baie suksesvol”. By Aardklop was die Koor betrokke by drie produksies: ’n spesiale program met die titel*, ’n Vroeë Somer Kersfees*; ’n produksie van Rossini se *Stabat Mater*; en die reuseproduksie *FAK Fantasties*, om die publikasie van die nuwe FAK Sangbundel te vier. Die Koor het ook as demonstrasiekoor opgetree tydens werkswinkels wat deur die Noorweegse koormeester, Kåre Hanken, aangebied is (Bütow, 2012a:2).

In sy voorwoord tot die 2013-program van die Koor, skryf Kobus Venter dat die jaar op ’n “hoë noot” begin het, toe 200 voornemende koorlede oudisies bygewoon het. Dié jaar het die Koor se binnelandse toer van 16 tot 30 November plaasgevind en daar is na die Wes-Kaap getoer. By Aardklop het die Koor, saam met die PUK Simfonieorkes ’n program aangebied met werke van die Franse komponis Gabriel Fauré. In sy jaarverslag sê Bütow dat dit ’n groot projek was, die eerste van sy aard vir PUK Kunste. Hy meen dat die belangstelling goed was en die kommentaar uitstekend (Bütow, 2013b:8).

6.7 Oorsese besoeke

Die Koor se oorsese besoeke het grootliks bygedra tot die mate waarin hul aansien gestyg het. Nadat die ys gebreek is met die Koor se eerste oorsese besoek in 1981 is daar ook in 1987, 1993, 1997, 2003, 2008, 2011 en 2014 oorsese besoeke onderneem.

6.7.1 1981 – Deelname aan die Zimrya-koorfees in Israel

Die Koor verneem op 15 Januarie 1981 dat hulle uit 10 Suid-Afrikaanse kore een van vyf is wat gekeur is om aan die 12de Zimriya-koorfees in Israel te gaan deelneem (Anon., 1981i:56). Twee-en-

twintig kore van oor die wêreld is gekeur (PU-Koor, 1976-2001). Volgens die koorleier, Awie van Wyk, is die uitnodiging bemiddel deur Potchefstroom se parlementslid, mnr Louis le Grange (Van Wyk, 2014). Le Grange (1928 -1991) was toe minister van Polisie (Le Grange, 1982). Die ander Suid-Afrikaanse kore was die Baragwanath-hospitaalkoor, die St George's Singers, die Oosrandse Jeugkoor en die Pretoriase Jeugkoor. Kore uit onder meer die VSA, Swede, Duitsland, Mexiko en Nederland het ook die fees bygewoon (Anon., 1981h:4).

Die uitnodiging om na Israel te gaan het egter daartoe gelei dat daar drastiese pogings aangewend moes word om genoegsame fondse in samel om kostes vir die toer te dek. In 'n brief, gedateer 1 April 1981, aan die stadsraad van Potchefstroom, skryf Pieter Botha, die Koor-voorsitter: "Dit is die eerste keer dat 'n toerliggaam met hierdie dorp se naam as deel van sy naam oorsee gaan. Ons is ook die enigste koor uit Suid-Afrika wat bestaan uit jong Christen-Afrikaner studente wat vir ons land en ons volk onskatbare ambassadeurswerk kan verrig. Die koor se standaard is ook hierdie jaar besonder hoog en die koor het hom ten doel gestel om baie goed te vaar" (Botha, 1981). Teen Mei rig die penningmeester van die Studenteraad, HM Haasbroek, 'n brief aan die voorsitter van die koor waarin hy "DRINGEND" versoek word om voor dié Vrydag vir sy bestuur 'n afspraak te maak met die SSR-dagbestuur, die kultuurraadvoorsitter en die twee studenteadviseurs (kultuur en finansies). Daarin word gemeld dat 'n begroting van die Koor se finansies ingedien moet word (Haasbroek, 1981).

Die registrateur, prof EJ Smit, het op 25 Mei ingegryp en in 'n sterkbewoorde brief die voorsitter van die Koor beveel om alle dokumentasie in verband met die finansies van die Koor aan Hennie Botha, studenteadviseur: finansies, te verskaf, om alle "los geld van die koor" by die penningmeester van die SR in te betaal en te sorg dat die penningmeester tekenregte op die rekenings van die Koor het. Hulle moes met Horst Bütow skakel oor die reëlings vir die toer en voeg by dat geen kollektelys of insameling vir die Koor mag geskied, sonder die toestemming van die regte staatsdepartement nie (Smit, 1981).

Een van die projekte om fondse in te samel, was 'n kursus in koorleiding wat op 3 en 4 Julie by die Konservatorium aangebied is. Die kursus was gerig op die praktiese aspekte van koorleiding en daar is veral klem gelê op interpretasie, styl, stemvorming, frasering, uitspraak, dirigeertegniek – ook vir beginners – en begeleiding (PU-Koor, 1976-2001).

Ten einde koste te bespaar is die grootte van die Koor ook verminder. Volgens Thomas Kruger, een van die koorlede, het dit tot ongelukkigheid gelei aangesien lede wat meer as 'n jaar lid was in dié proses uitgeval het en nuwe lede ingesluit is wat nie voorheen in die Koor gesing het nie (Kruger, 2016).

Kort voor die oorsese toer, tree die Koor in Pretoria op in die Piet van der Walt-saal op die Pretoriase skouterrein. Soliste tydens dié optrede was Rina Hugo (sopraan), Fanie Jooste (fagot) en Truida van der Walt (klavier). Dié konsert is ná die Koor se oorsese toer op Potchefstroom herhaal (PU-Koor, 1976-2001). Die Suid-Afrikaanse komponis en ’n voormalige dosent aan die PU se Musiekkonservatorium, Stefans Grové, resenseer die optrede in ’n berig op 23 Junie 1981 in *Hoofstad:* “Soms voel ’n mens lus om musikale uitdrukkings te gebruik om ’n solis of groep mee te beskryf. Ek dink dat die terme *vivace con spirito* of ‘lewendig en met gees’ die Potchefstroomse Universiteitskoor akkuraat beskryf, want dié groep jongmense sing met geesdrif en onmiskenbare plesier. Dié Koor sing met groot presiesheid, buitengewone duidelike uitspraak en ’n fyn afgerigte artikulasie” (Grové, 1981:16). Grové beskryf die dirigent, Awie van Wyk se dirigeerstyl só: “Met soepelgebare modelleer die dirigent as het ware sy groep soos klei en bring goed gevormde musikale gestaltes voor, gestaltes soos welgevormde frases en fyn dinamiese skakerings. Anders as in die standaardpraktyk, gee hy nie die maatslae aan nie, maar vorm hy die woorde met ’n groot verskeidenheid van handgebare.”

Verskeie fondsinsamelingspogings is geloods. Een daarvan was die verkoop van Golden Products-produkte. ’n Hoeveelheid van dié produkte is aan elke koorlid beskikbaar gestel om te verkoop. Wat Kruger betref was dié poging onsuksesvol en hy het later al die onverkoopte produkte aan die verskaffer teruggegee (Kruger, 2016). Daar is egter talle skenkings ontvang, onder meer vanaf die rektor, prof Tjaart van der Walt, persoonlik. Bydraes is uit Robertson, van die Onderwyskollege Pretoria, Volkskas Bank en die Departement Nasionale Opvoeding ontvang. Een van die donateurs was die vorige koorleier van die Koor, mej Ria Nel, wat toe departementshoof van Musiek aan die Pretoriase Onderwyskollege was. Dit was egter die skenking van R30 000 wat op 26 Junie 1981 vanaf die Departement Nasionale Opvoeding ontvang is, wat die wa deur die drif getrek het en sodoende die bydrae wat elke koorlid moes gemaak het, beperk het (PU-Koor, 1976-2001). Volgens Kruger het elke lid se bydrae steeds R700 beloop en hy het, nadat hy begin werk het, meer as ’n jaar geneem om die lening wat hy moes aangaan om dit te dek, terug te betaal (Kruger, 2016).

Ten spyte van die voorafgaande finansiële krisis, is die Koor se deelname aan die Zimrya-koorfees in Israel allerweë as ’n sukses beskou. Die groep van 44 persone het ook Londen, Amsterdam en Enschede besoek en in München, Rome en Athene aangedoen. Dr en mev Paul en Netta Schutte was die toerouers en dr Schutte skryf in sy verslag: “Oral waar daar gesing is in hotelle, in katedrale en tydens die koorfees, het dit baie aandag geniet. Die mense kon nie glo dat so ’n koor met sulke besonderse sang uit Suid-Afrika kom nie. Die Hollanders van Enschede was baie beïndruk met die sang en algemene gees van die studente (Schutte, 1981:2). Op die rugkant van die plaat wat later gemaak is, word kommentaar op die konsert wat in Enschede gehou is, weergegee: “Het concert –

zo geweldig, zo ontroerend, zo fantastisch dat je woorden tekort komt om die schoonheid weer te geven" (PU-Koor, 1981).

Schutte skryf oor die koorfees: "Ons koor het uitstekend gevaar tydens die koorfees. Hoewel dit geen kompetisie was nie, het baie van die hoofdirigente ons koor as die beste op die fees beskou. Ek dink ons koor het onder die beste drie kore getel, wat 'n baie groot prestasie is. Daar is baie vriende gemaak en ek dink die studente was goeie ambassadeurs vir Suid-Afrika en vir ons Universiteit" (Schutte, 1981:2).

Die Koor het twee weke in 'n kultuursentrum by Kfar Sava gewoon. Bedags is koorwerke onder internasionale meesters instudeer, terwyl die kore saans vir mekaar konserte gehou het. Die galakonsert, waartydens al die kore saam opgetree het is in die Mann-ouditorium in Tel Aviv gehou. Naweke het die koor in kibboetse oorgebly, waar twee konserte elk gehou is. Die een kibboets was in die noorde en die ander in die suide van die Israel (Kruger, 2016).




ILLUSTRASIE 6.31
DIE PU-KOOR VAN 1981 WAT AAN DIE ZIMRYA-KOORFEES IN ISRAEL DEELGENEEM HET. VOORSTE RY: MARITA DU RAAN, ILSE LUBBE, MARIETJIE VAN NIEKERK, ESTER MOUTON, AWIE VAN WYK (KOORLEIER), THERESE TURKSTRA, HENNELIE VENTER, LYDIA VAN DER AHEE, TESSA SMITH. TWEEDE RY: MARIËTTE DE SWART, RENEÉ SCHEEPERS, SUCILLE VAN WYK, TRUIDA VAN DER WALT, TINEKE VAN ROOYEN, SUZANNE DE VILLIERS, ROSALIE OOSTHUIZEN, BEULAH BENADÉ, SUSAN VAN ROOYEN, ELMA O'NEILL. DERDE RY: DORÉ BOSCH, ELSIE YSSEL, HANNELIE DU PLESSIS, KOOS KRITZINGER, PHILIP BADENHORST, NEELS SCHUTTE, PIETER BOTHA (VOORSITTER), INA VAN DEN BERG, RIKUS ROESTORF, PAUL SCHUTTE. AGTERSTE RY: CHRIS VAN DER WALT, ANDRÉ HOUGH, THOMAS KRUGER, PIETER DE BRUIN, DAWIE PETZER, ANDY VIVIERS, FANIE VAN DER MERWE, PIETER DU PLESSIS, FANIE JOOSTE, ANDRÉ HOWARD, CORRIE STRYDOM. DIE FOTO HET OP DIE AGTERKANT VAN DIE PLAAT VERSKYN. DIE EKSEMPLAAR IS IN BESIT VAN OUD-

KOORLID, THOMAS KRUGER EN DIE GESKANDEERDE WEERGAWE VAN DIE AGTERKANT IS GOEDGUNSTIGLIK AAN SKRYWER BESKIKBAAR GESTEL (PU-KOOR, 1981).

In die Kuesta-program van 1982 word gesê: “Die musici (by die koorfees in Israel) was veral beïndruk met die musikaliteit, afronding en hoë standaard van koorsang in ‘Afrika’” (Kuesta, 1982). Op die rugkant van die koor se langspeelplaat *Shalom* waarop die liedjies wat by die fees gesing is, opgeneem is, word ene Dan Vogel van Israel aangehaal:

The conductor, Awie van Wyk, who is unbelievable modest and shy for the immense talent and art potential he possesses, succeeded in molding this group to an unbelievably receptive and molded group with utmost delicate names unmatched by any of the other participating choirs, some of which representing cultures of many generations in European centres. I also ‘envied’ Awie’s popularity among the singers themselves – he seemed to captivate them all (PU-Koor, 1981).


הזמריה השתיים עשרה
12th international assembly of choirs-zimriya
תעודת כבוד honorary certificate
POTCHEFSTROOM UNIVERSITY CHOIR
SOUTH AFRICA
לאות for your
הוקרה dedication
והערכה skill
על and
מאמציך. efforts
עמלך to the
ותרומתך success
להצלחת of the 12th
הזמריה zimriya
ה-12 in Israel
תמוז תשמ"א july 1981

ILLUSTRASIE 6.32
DIE SERTIFIKAAT WAT DIE PU-KOOR IN ISRAEL ONTVANG HET TYDENS HULLE DEELNAME AAN DIE ZIMRYA-KOORFEES IN ISRAEL IN 1981 (ZIMRYA, 1981).

Ten spyte van aantygings van die voorsitter van die Kultuurraad, wat onder meer insluit dat die Koor ongrondwetlik opgetree het, nie toerverslae ingehandig het nie en nie die gesag wat binne die Universiteit oor hulle gestel is aanvaar het nie, besluit die Studenteraad op 6 Augustus om die Koor geluk te wens met die suksesvolle aflegging van hulle toer na Israel en dat “die bestuur van die Koor gelukgewens word met die deursettingsvermoë en daadkrag wat hulle aan die dag gelê het” (Kingma, 1981). In sy verslag vir 1981 skryf die studenteadviseur: kultuur, Horst Bütow ook: “Die bestuur van die Koor verdien hierdie jaar egter besondere lof weens hulle absolute deursettingsvermoë en goeie organisasie met betrekking tot die oorsese toer wat wel plaasgevind het” (Bütow, 1981b:4).

Bütow het raakgesien dat die Koor van groter betekenis vir die Universiteit kan wees en sê: “Onder die bekwame leiding van hul dirigent, Awie van Wyk, het en sal die Koor nog groot hoogtes bereik.” En: “Die Koor kan meer deur die Universiteit gebruik word vir gaste-aande, inwydings en

gedenkfeeste – hulle sang is werklik van hoogstaande gehalte." Hy vervolg dat die Koor feitlik net so deel vorm van enige universiteit soos 'n skakelafdeling en dat daaraan gedink moet word om vanuit owerheidsweë 'n jaarlikse bedrag aan die Koor beskikbaar te stel. Inaggenome die finansiële krisis en die feit dat die Koor nie deur middel van toegangsgeld hulle onkostes kon dek nie, aangesien kerkuitvoerings byvoorbeeld nie op 'n inkomste-basis plaasvind nie. Hy beveel ook aan dat 'n honorarium vir die koorleier oorweeg kan word (Bütow, 1981b:4). Dié honorarium word vanaf 1981 betaal en 'n bydrae deur die Universiteit tot die uitgawes van die Koor word vanaf 1982 gemaak, dié jaar ten bedrae van R2 500 (Bütow, 1983a:9).

'n Strooibiljet in die PU-Koor plakboek dui aan dat 'n besoek aan Europa vir 1983 beplan is, maar dit het nie gerealiseer nie (PU-Koor, 1976-2001). Dit blyk dat dié uitnodiging, om in Switserland op te tree, tydens die Zimrya-fees aan die Koor gerig is (Anon., 1981j:2).

6.7.2 1987 – Besoek aan die VSA

Die koorleier van die PU-Koor, mnr Awie van Wyk, het in 1984 'n studiereis van drie maande na die VSA onderneem. 'n Toevallige ontmoeting met 'n ander kursusganger tydens 'n koorkursus by die Westminster Choir College te Princeton, New Jersey, het gelei tot die besoek van die Koor aan die VSA in 1987. Dié kursusganger was mev Jean Vernon van Danville, Virginia. Later, tydens 'n besoek van die Koor aan Danville, het sy aan die *Danville Register* vertel hoe die ontmoeting plaasgevind het. Dié berig daaroor is in die plakboek. "When Melvin and Jean Vernon travelled to Princeton, New Jersey to attend a summer session at the West Minster College, she accidentally bumped into Awie van Wyk of South Africa. 'It was very hot that summer and during breaks we would stand up and stretch and one day as I reached my arm back, I accidentally hit him on the knee and I turned around and said 'Oh, I'm so sorry' and he laughed and said, 'Oh, no, do it again' and that is how we met'" (Weber, 1987).

Mev Jean Vernon was 'n musiekonderwyseres en haar man, Melville, 'n makelaar. Voor die Koor egter dié toer na die VSA kon onderneem, het die Vernons Suid-Afrika in 1985 besoek en die Koor op 'n toer na Namibië vergesel. Mev Vernon het ook koorkursusse in Windhoek en op Potchefstroom aangebied (Anon., 1987c:4). In Augustus 1985 het die staatspresident, PW Botha, die PU besoek. Terselfdertyd was Jean en Melvin Vernon ook in Potchefstroom en het die Staatpresident ontmoet. Die uitnodiging aan die Koor is weer herhaal en planne om in 1987 oorsee te gaan het begin vorm aanneem (Anon., 1987d:29).

Weer eens moes 'n reusepoging van stapel gestuur word om fondse in te samel. *Wapad* sê dat die Koor R100 000 vir die toer ingesamel het en gemik het na nog sowat R30 000. Die Koor se weldoeners in die VSA, Melvin en Jean Vernon, se trustfonds het $1 000 (toe R2 000 werd) bygedra

(PU-Koor, 1976-2001). Om finansiële redes is die koor, wat gewoonlik uit sowat 60 lede bestaan, verminder na 23 lede (Anon., 1987d:29). Die doel van die besoek was om musiekbande te smee en om onder meer Suid-Afrikaanse musiek aan die buiteland bekend te stel (Anon., 1987d:29). Voor die toer het die Koor gaan kersopsteek by ’n koor in Ikageng wat vir hulle tradisionele swart liedjies geleer het (Anon., 1987e:6).


Op 25 Junie 1987 “is die Amerikaanse droom verwesenlik” en het die Koor na Amsterdam vertrek (Anon., 1987d:29). Van daar af is hulle na Brussel, waar hulle twee dae oorgebly het en by die Suid-Afrikaanse ambassade opgetree het. Die Koor het ook in Antwerpen aangedoen, terwyl hulle in Frankryk by die Suid-Afrikaanse ambassade en die katedraal Eglise Saint Roch en die Eglise Reformé du Luxembourg opgetree het (Anon., 1987d:29). Van Parys af het hulle na New York gevlieg. In die VSA het hulle onder meer Washington, Charlotteville, Danville, Orlando en Princeton besoek (PU-Koor, 1976-2001).

“Een van die koor se belangrikste optredes was by die Westminster Choir College in Princeton, New Jersey” (Anon., 1987e:4). Die Koor het ook hier die voorreg gehad om stemopwarmingsoefeninge onder leiding van Frauke Haasemann te doen, terwyl Philip Brunelle, ’n wêreldbekende orkes- en koordirigent, sy interpretasie van die baie moeilike koorwerk, “Hymn to St Cecilia” van Benjamin Britten met die koor behandel het (Anon., 1987e:4, 5). Ná die toer skryf Brunelle aan Van Wyk: “I was so impressed with the choir’s performance and so pleased to hear the quality of what you are doing” (PU-Koor, 1976-2001).

Die reisverslag sê oor die konsert op 2 Julie by Princeton: “Die konsert lewer ±100 mense op. Die gehoor is ‘highly impressed’ en elkeen van ons ontvang minstens vyftien komplimente” (PU-Koor, 1976-2001). Die program toon dat die Koor, benewens klassieke werke, vier Tswana- en Zoeloe-tradisionele liedere gesing het. Afrikaanse liedere wat gesing is, sluit in “Hou djou rokkies bymekaar”, “Sarie Marais” en “Die berggans het ’n veer laat val”. Volgens die toerverslag het Jean Vernon se broer, Richard Harper, toe die Koor “Hou djou rokkies bymekaar” gesing het, gehoor: “Hold your rockets, an’ buy my car” (PU-Koor, 1976-2001).

Beeld skryf op 18 Julie 1987 dat hulle groot lof ontvang het vir hulle optredes in Amerika: “Só gewild was die sang van die 23 koorlede dat sommige Amerikaners vandeesweek tot ses uur lank gereis het om ’n uitvoering in Washington by te woon. Dié uitvoering is eergisteraand in die residensie van die Suid-Afrikaanse ambassadeur, dr Piet Koornhof, voor sowat 140 gaste gehou” (Anon., 1987f). Die amptelike koorverslag sê dat personeel van verskeie ambassades (10 lande) by hierdie geleentheid was (PU-Koor, 1976-2001) .

In die Koor se plakboek is ’n brief van 13 Julie 1987 aan Van Wyk vanaf die Danville Museum of Fine Arts & History, waar die Koor opgetree het: “Words are still difficult to express the appreciation of all of us here at the Museum for your wonderful performance. From every quarter we hear nothing but praise for your choir's beautiful voices and their outward, and we are sure inward, cheerfulness and happiness. As ambassadors of good will, no better group could have been sent to America” (PU-Koor, 1976-2001).



ILLUSTRASIE 6.33

NADAT DIE PU-KOOR IN 1987 VIR DIE TWEEDE KEER OORSEE GETOER HET, HET ’N FOTO VAN DIE KOOR OP DIE VOORBLAD VAN DIE PU-KANER VERSKYN. DIE KOORLEDE IS, VOOR: JOHAN VAN DER MERWE, LISA LORENZ, AWIE VAN WYK (KOORLEIER), SUZETTE DU TOIT EN PAUL SCHUTTE.

TWEEDE RY: SALMARIE VILJOEN, SUCILLE VAN WYK, ADRI CRONJÉ, KOBIE TEMMINGH, ALNA VAN DER WATEREN EN MIEMIE DU PLESSIS.

DERDE RY: KOBIE VAN RENSBURG, MARTIE TEMMINGH, COLLEEN SWART, LOUISE POSTMA, OHNA OBERHOLSTER EN ERASMUS SMIT.

AGTER: NICO VAN DER WALT, ALFRED POSTMA, GERRIT VAN MILLIGEN, DAAN BADENHORST, RUDOLF DE BEER, HANS BABST (WAT OOK DIE KOOR BEGELEI HET) EN KOBUS BUYS (ANON., 1987E).

Die *Besembos* sê dat die toer ’n groot sukses was en dat die Koor oral staande ovasies gehad het. Die reisverslag in die Koor-plakboek brei uit: “Die uitwerking van die toer is onbepaalbaar. Daar is baie gesing – nie net alleen by die georganiseerde konserte nie, maar baie keer op straat, in kerke, privaatwonings, treine, vliegtuie, busse en moltreine. Dis hier waar die meeste mense baie positief op ons as Suid-Afrikaners gereageer het (PU-Koor, 1976-2001).

6.7.3 1993 – Deelname aan die Spittal Koorfees

’n Projek van die Kultuurkantoor van die PU vir CHO wat in 1991 geloods is en hom ten doel gestel het om die PU te vestig as internasionale adres vir kultuuruitruiling, skep ’n geleentheid vir die Koor om weer oorsee te toer (Bütow, 1991a). Die IKUSA-projek (Internasionale Kultuuruitruiling in Suidelike Afrika) is in 1991 voorwaardelik deur die bestuurskomitee van die PU goedgekeur (Bütow, 1991b:1). Die eerste groep wat na die loods van hierdie program Suid-Afrika besoek het, was die Kärtner Madrigalchor uit Klagenfurt in Oostenryk. Dié koor het Potchefstroom op 10 Oktober 1991 besoek en saam met die PU-Koor opgetree (Kärtner Madrigalchor, 1991).

In 1991 ontvang die Koor ’n uitnodiging om aan die internasionale koorkompetisie “Spittal an der Drau” in Oostenryk deel te neem (Bütow, 1991a:4). Dié uitnodiging was bewerkstellig deur Nicolaus

Fheodoroff, koorleier van die Kärtner Madrigalchor, na afloop van hulle besoek aan Potchefstroom (Jooste, 1993:7).

Die Koor was een van slegs 10 kore van oor die wêreld wat deur die burgemeester van Spittal an der Drau genooi is om aan die dié 30ste internasionale koorkompetisie deel te neem (Anon., 1993i:1). Daar is drie afdelings in die kompetisie: "Die eerste is 'n voorgeskrewe werk van Schütz, Poulenc en Britten. Die tweede afdeling is een van eie keuse waarin onder meer die *Sanctus* uit die *Afrikamis* opgevoer gaan word en daar word ook afgesluit met die *Carroussel*. In die derde afdeling word volksmusiek uitgevoer. Hier gaan die koor volksliedere van die Tswanas uitvoer wat spesiaal deur studente van Ikageng aan die koorlede geleer is" (Anon., 1993j:2). Die PU-Koor was die enigste koor uit Afrika by die fees en slegs een van twee kore wat nie uit Europa kom nie.

Weer eens is dit noodsaaklik om fondse in te samel vir die oorsese besoek, veral in die lig van die Bestuurskomitee se besluit om nie 'n bydrae te maak nie (Bestuurskomitee, 1992). Een van die projekte om geld in te samel was deur Van Wyk self. Hy het skilderye gemaak van sommige van die bladmusiek wat die Koor sing, wat hy beskryf het as "klein kunswerkies" (Anon., 1993j:2).

Die Koor het aan die einde van Junie op die uitgebreide toer van vier weke na Europa vertrek wat die besoek aan Spittal insluit. Hulle het onder meer opgetree in Enschede, Amsterdam, Gent, Parys, Spittal, Klagenfurt, Füssen/Schwangau, Stuttgart en Lintorf (PU-Koor, 1976-2001). Die doel van hierdie optredes was om Suid-Afrika se unieke en tradisionele musiek aan die buitelanders bekend te stel. Die 33 lede van die Koor het in België by die rektor, prof Carools Reinecke, aangesluit om by verskeie universiteite as gaste van die PUK op te tree. Daar is opgetree tydens 'n gradeplegtigheid by Leuven in België (Bütow, 1994b:1). In die program van die Koor gee die koorleier, Awie van Wyk, erkenning aan Horst Bütow, wat tydens 'n besoek aan Europa in 1992 verskeie kontakte opgebou het en talle van die optredes moontlik gemaak het (PU-Koor, 1993).

'n Optrede in Amsterdam, wat sou plaasvind saam met die koor van die Vrije Universiteit (VU), het gesorg vir die "enigste wanklank van politieke afsydigheid", aldus prof Theo Jooste, wat saam met sy vrou, Ena, die toerouers was (Jooste, 1993:1). Die gesamentlike optrede is "op het laatste moment" afgestel deur die dirigent van die VU-koor, Sam ten Velden, wat van mening was dat die PU "een universiteit die in de tijd van de apartheid besmet was". Dié eensydige besluit van Van Velden het nie die goedkeuring van al die koorlede van die VU-koor gedra nie en van hulle het die optrede van die PU-Koor bygewoon (E.E., 1993:9). In teenstelling hiermee het die Koor 'n "dawerende applous" in Leuven ontvang, waar die Koor tydens 'n gradeplegtigheid van die Fakulteit Geneeskunde van die Katholieke Universiteit Leuven opgetree het. "By hierdie geleentheid was die grootste saal van die universiteit amper stampvol met meer as 6 000 mense" (Jooste, 1993:2).

Op pad na Oostenryk het die Koor deur Switserland gereis, maar het elke moontlike geleentheid om te oefen gebruik. In St Gallen het hulle toestemming gevra om in die katedraal in die stadsentrum te gaan sing, wat botweg geweier is. Die Koor kon daarna in ’n 100-jaar oue kerk sing, wat toe pas gerestoureer is. “Hier kon ons weer een van daardie wonderlikste van wonderlike ervarings wat ’n koortoer so besonders maak, beleef. Dit is wanneer die PU-Koor net vir hulleself sing in ’n atmosfeerryke kerk met die heel beste akoestiek” (Jooste, 1993:4).

In Spittal an der Drau, waar die koorkompetisie plaasgevind het, het die Koor saam met die plaaslike koor, Singkreis Porcia, deelgeneem aan ’n konsert wat oor die radio uitgesaai is. Dié uitsending is deur sowat 1,6 miljoen mense gehoor. Een van die luisteraars was die busbestuurder, wat reken dit het baie goed geklink. “Hierdie optrede kan sekerlik in die annale van die PU-Koor opgeteken word as ’n besondere mylpaal in die koor se bekendstelling van die Potchefstroomse Universiteit” (Jooste, 1993:5).

Die PU-Koor het in sowel die afdeling vir volksmusiek as ernstige musiek ’n tweede plek behaal. In die kategorie vir volksmusiek het hulle dié tweede plek met ’n koor uit Litaue gedeel. Na die wennerskonsert is die Koor aangewys as die gewildste koor tydens die fees en het die Publikumpreis ontvang (Erasmus, 1993:5). Dié prys het nie ’n geldwaarde nie, maar is ’n koek, wat volgens prof Theo Jooste, “die grootste koek (was) wat ons nog gesien het” (Jooste, 1993:6). Hy skryf ook dat die plaaslike koerant berig het dat geen ander koor in die jare sedert die prys ingestel is, soveel stemme as die PU-Koor ontvang het nie (Jooste, 1993:6).

In sy resensie van die Koor se CD *Libera Me,* wat in 1997 vrygestel is en van die werke bevat wat vir die 1993 Spittal-kompetisie voorgeskryf is, skryf Rudolf de Beer: “Luister hoekom die uitvoering van ‘Ballad of Green Broom’ uit die *Five Flower Songs* van Benjamin Britten en ‘A Peine Défigurée’ uit die *Chansons* van Francis Poulenc gehelp het om te sorg vir hierdie prestasie” (wat die Koor in Spittal behaal het) (De Beer, 1996:8).


Tydens die Koor se optrede in Lintorf, Duitsland, is hulle verras toe ’n bus kort voor die konsert stilhou met 50 lede van die gemeente in Enschede, Nederland, waar die Koor vroeër tydens die toer oorgebly en opgetree het. Dié groep het die reis van een en ’n halfuur onderneem om die PU-Koor weer te hoor optree. Dié groep uit Enschede het tydens die optrede kort-kort staande ovasies gegee en die Duitse gasheer was van mening: “It’s like a fan club” (Jooste, 1993:10).

Dat hierdie ’n uiters geslaagde toer was, blyk uit ’n brief wat ontvang is van Lodie de Jager, programleier: Suid-Afrikaans-Duitse Kultuuruitruil (SADK), wat na afloop van die toer aan die rektor skryf: “Hoe kan mens anders die koor gelukwens as om die bedanking van die burgemeester van Oy-Mittelberg aan te haal: ‘Suid-Afrika is bekend vir sy edelstene. Dié jongmense wat vanaand hier

staan is die diamante van Suid-Afrika'" (De Jager, 1993). *Wapad* se Paul Coetzer skryf dat dié toer gewys het dat die PU-Koor "onder die voorstes in die wêreld gereken word" (Coetzer, 1993). Gelukwensing uit 'n "onverwagte oord" is ontvang deur prof Niel Nelson van die Departement Chemie. 'n Vriend van hom, prof Geo Dijkstra van die Rijksuniversiteit in Utrecht, het aan hom geskryf dat die konsert wat die Koor in Amsterdam gehou het talle van sy kennisse diep getref het "door de gevarieerdheid van het programma en door de kwaliteit en stijl waarmee het gebracht werd" (Anon., 1993h:1).



ILLUSTRASIE 6.34
DIE PU-KOOR TYDENS HULLE OPTREDE BY DIE 30STE SPITTAL KOORFEES IN OOSTENRYK. DIÉ FOTO KOM UIT DIE KOOR-PLAKBOEK. DIE KOOR SING HIER IN DIE BINNEHOF VAN SCHLOSS PORCIA ONDER DIE 1000-JAAR OUE 'WENBOOM' (PU-KOOR, 1976-2001).



ILLUSTRASIE 6.35
DIE DIRIGENT EN VOORSITTER VAN DIE PU-KOOR BY DIE REUSEKOEK WAT DIE KOOR AS HULLE PUBLIKUMPREIS, AS GEWILDSTE KOOR IN SPITTAL ONTVANG HET (ERASMUS, 1993:5).

Die toer is georganiseer deur mnr Peet Ryke, wat in Desember 1989 aangestel is as studenteadviseur: kultuur en voog van die Koor. Bütow berig hieroor:
Hier word graag vermeld dat die besondere en onbaatsugtige bydrae deur mnr PAJ (Peet) Ryke van die Departement Kultuur 'n groot invloed gehad het op die sukses van die toer. Die organisasie van hierdie besondere toer was puik en sonder enige haakplekke of negatiewe insidente. Ook die puik gedrag van ons studente is telkens deur gashere in die buiteland aangeprys. Bütow het ook groot lof vir die koorleier: Die gewildheid en bekwaamheid van die dirigent van die koor, mnr Awie van Wyk, is by herhaling deur middel van korrespondensie ontvang na die toer, beklemtoon (Bütow, 1994b:1).

As personeellid van PUK Kunste bied Ryke sedertdien administratiewe rugsteun vir die Koor en hy word jaar na jaar hiervoor bedank. Die 1992-program sê: ". . . dit voel vir ons asof hy dag en nag (by die Koor) betrokke is. Hy is so deel van die Koor dat hy net 'n toga kort!" (PU-Koor, 1992a)



ILLUSTRASIE 6:36
NADAT HY VOOG VAN DIE KOOR IN 1990 GEWORD HET, WAS DIE TOER IN 1993 NA EUROPA DIE EERSTE WAT PEET RYKE GEORGANISEER HET. HY HET GROOT LOF DAARVOOR ONTVANG (VAN EEDEN, BÜTOW & RYKE: 2006:281).



ILLUSTRASIE 6.37
DIE VOORBLAD VAN DIE PU-KOOR SE PROGRAM VAN 1997. DIT TOON HANDGESKREWE BLADMUSIEK VAN AWIE VAN WYK SE TOONSETTING VAN DIE GEDIG VAN TOTIUS "DIE LEWE", EEN VAN DIE WERKE WAT IN DIÉ JAAR SE PROGRAM INGESLUIT IS (PU-KOOR, 1997A).

6.7.4 1997 – Tweede deelname aan die Spittal Koorfees

In 1997 het die koor weer aan die Spittal-kompetisie deelgeneem. Kore van die Filippyne, Rusland, Griekeland en Slowenië was onder dié jaar se deelnemers wat slegs op uitnodiging deelgeneem het. Die PU-Koor was egter die enigste koor uit Afrika (Bütow, A., 1997a:3).

Wapad van 7 Augustus skryf dat die PUK-Koor bo 10 ander kore deur die plaaslike gehoor as die gewildste koor aangewys is. Dit was die tweede keer dat die PU-Koor as gewildste koor tydens die kompetisie aangewys is. Daarmee het hulle weer eens die Publikumpreis gewen, dié keer 'n reuse swartwoudkersiekoek. Nadat die Koor met hulle vorige deelname in 1993 twee tweedeplekke verower het, het hulle dié keer 'n derde en vierde plek behaal in die kategorieë klassieke en tradisionele uitvoerings (Bütow, A., 1997a:3).

Benewens die deelname aan die Spittal-kompetisie het die Koor ook Slowenië, Nederland, België en Engeland besoek en optredes gehou (PU-Koor, 1997a:10). In Nederland het die Koor die eer gehad om in die Kleine Zaal van die Conzertgebouw in Amsterdam op te tree. In Engeland het die Koor by Oxford en Cambridge en by die Suid-Afrikaanse ambassade opgetree (PU-Koor, 2001:2).

6.7.5 2003 – Europa

Die uitnodiging vir ’n konserttoer na België en Frankryk het in 2002 beslag gekry. Bütow berig in sy jaarverslag dat die Koor uitgenooi is om as dié jaar se gaskoor vir die Internasionale Sentrum vir Koormusiek op te tree. Benewens dié optrede het die Koor ook ’n verdere 10 dae getoer na Duitsland, Denemarke, Nederland en Griekeland, waar verskeie konserte gegee is (Bütow, 2003a:2). Van die items wat by die program ingesluit is, was die “Pryslied” van Marthie Driessen met solis Mohau Mohatlane - (Voëltjie), die “Griekwapsalm 121” van Awie van Wyk met die teks van Hans du Plessis. In die Koor se weergawe van “Cent mille chanson” was die solis Mandie Kruger (PU-Koor, 2003). Bütow berig in sy jaarverslag dat die toer as geheel uiters geslaagd was “en het as ’n musikale en kultuurprojek ’n stewige impak gehad op die buitelandse gehore, sowel as op die studente wat die voorreg gehad het om die toer mee te maak”. Mev Loretté du Toit en haar man, prof Anton du Toit was toerouers tydens dié toer (Bütow, 2003a:2).

Vir die toer moes die Koor ongeveer 54 liedere memoriseer. Dit het bestaan uit ’n mengelmoes van volkseie- en tradisionele Afrika-musiek, gewyde liedere of gemaklike komposisies, maar hulle sangprogram is vir elke geleentheid aangepas is (Botha, 2003a:5). By ’n hoenderboerdery (“kiepfokkery”) naby Rijsen in Nederland het ’n reünie van oud-koorlede plaasgevind, terwyl die Koor in “Groesbeek, Nederland voor ‘een volle bak’ (gepakte gehoor van 1 000 mense) in ’n katedraal opgetree” het (Botha, 2003a:5). Vir die koorleier, Awie van Wyk, was dié uitvoering een van die hoogtepunte van sy loopbaan nadat die Koor Psalm 42 “Soos ’n hert in dorre streke” begin sing het en die gehoor na die eerste frase vierstemmig met hulle begin saamsing het (Coetzee, 2006:5).

6.7.6 2008 – Europa

In sy jaarverslag vir 2009, skryf Horst Bütow (2009:2) dat die kampusbestuur in 2008 besluit het dat die Koor elke drie jaar oorsee moet toer. Nadat ’n oorsese toer in 2008 sedert 2006 oorweeg is, toer die Koor dié jaar na Hongarye, Tsjeggiese Republiek, Duitsland, Oostenryk en Nederland (Bütow, 2006:2; De Klerk, 2011:3). Die Koor het weer eens aan die Spittal-kompetisie deelgeneem en ’n algehele vyfde plek uit die 10 kore wat deelgeneem het, behaal (PU-Koor, 2009b).

Die NWU-webblad berig dat die groep van 45 koorlede op 24 Junie vertrek het. Die kompetisie in Spittal, Oostenryk, word sedert 1964 by die Porcia-kasteel aangebied en meer as 400 kore het oor die jare aan die kompetisie deelgeneem. Tussen 60 en 80 kore doen jaarliks aansoek om aan die kompetisie deel te neem, waarvan slegs 12 uiteindelik genooi word.

Die rektor van die Potchefstroomkampus, prof Annette Combrink, wat terselfdertyd op ’n amptelike besoek aan die Universiteit van Suid-Bohemië in die Tsjeggiese Republiek was, het ook van die konserte bygewoon (NWU, 2008). Voorts het die beskermvrou van die Koor, mev Suzette Eloff, ook by die toer aangesluit vir die besoek aan die Tsjeggiese Republiek en tydens die deelname aan die koorfees in Spittal (Bütow, 2008:2).



ILLUSTRASIE 6.38
DIE VOORBLAD VAN DIE PROGRAM VAN DIE KOOR SE OORSESE TOER IN 2008. HULLE HET ONDER MEER IN SPITTAL AN DER DRAU VIR DIE DERDE KEER AAN DIÉ KOORKOMPETISIE GAAN DEELNEEM (PU-KOOR, 2008).



ILLUSTRASIE 6:39
DIE NWU-PUK-KOOR WAS IN DESEMBER 2011 DIE WENNERS VAN DIE AFDELING VIR GROOT KORE EN ALGEHELE WENNERS VAN DIE PRAAGSE INTERNASIONALE KERS- EN KOORFEES-KOMPETISIE (NWU, 2012A).


6.7.7 2011 – Europa

Awie van Wyk se loopbaan van 36 jaar as leier van die NWU-PUK-Koor word in 2011 afgesluit met ’n toer na Europa, vanaf 3 Desember tot 22 Desember (Bütow, 2011a:2). Die Koor het van 9 tot 12 Desember deelgeneem aan die Praagse Internasionale Kers- en Koorfees-kompetisie en word aangewys as algehele wenner (NWU, 2012a). Bütow se trots hierop is duidelik uit sy kommentaar dat dit die “kersie op die koek” is, en: “Met ander internasionale kompetisies was die PUK-Koor al naby die eerste plek, maar hierdie slag het die droom waar geword!” (Bütow, 2011a:1).

Die res van die toer was eweneens suksesvol: “Vol sale, staande ovasies en ’n seepgladde verloop het dié toer gekenmerk” (Bütow, 2011a:2). Dié roem wat die Koor vir die NWU-PUK besorg het, lei daartoe dat die Kunsteraad van die SR die Koor aanwys as Onderliggaam van die Jaar vir 2011/12 (Kunsteraad, 2012).



ILLUSTRASIE 6:41
DIE PU-KOOR WAT IN 2014 IN RIGA IN LETLAND TWEE GOUE MEDALJES TYDENS DIE WÊRELDKOORSPELE ONTVANG HET (NWU, 2014B).
VOOR: ELJE VAN DER WALT, CANDICE CLAASEN, ETNI CALITZ, INGE JONCK, ANSIE KRIEL, MARENA VAN WYK, KOBUS VENTER (DIRIGENT), DANICA BOUWER, JOLIEN VAN DER WALT, MARETHA VORSTER, CARLA HAVENGA, MARIECHEN BASSON, ANNEKE BOSHOFF, HESTIA VICTOR.
MIDDEL: JACO FOURIE, DORÉ BOTHA, ZAAN STRYDOM, ARNOLD BOTHMA, GAVIN HOLTZHAUSEN, WILHELM MEYER, ERNO DYKMAN, DAWIE DIPPENAAR, MATTHYS COETZEE, RENÉ NIEMAND, RUAN VAN WYK, ANRIE PRETORIUS, JOHAN GOUWS, CELIA SCHRÖDER.
AGTER: RENIER LINDEQUE, MARLIZE HATTINGH, LUNÉ CLAASSEN, HENDRIK WIJNMAALEN, FRANCOIS LION-CACHET, OKKERT HAVENGA, ARMAND CRONJÉ, WERNER ROSSOUW, KAREL VAN ROOYEN, WALDO OBERHOLZER, PHILLIP VENTER, WILLEM VENTER, NICOLE AUCAMP, MANNA STANDER, HELENE JOUBERT. AFWESIG: CARLA LE GRANGE, CLAUDIA LANGE, DANIEL ENGELBRECHT, MONRAY BELELIE.
(PU-KOOR, 2014D).



ILLUSTRASIE 6.40
DIE VOORBLAD VAN DIE PROGRAM VAN DIE KOOR SE BESOEK AAN EUROPA IN JULIE 2014 (PU-KOOR, 2014B).

6.7.8 2014 – Wêreldkoorspele en Europa

Die eerste Europese toer van die Koor met Kobus Venter as koorleier, was ’n besoek van 18 dae in Julie 2014. Dié besoek is afgesluit met die Koor se eerste deelname aan die World Choir Games (WCG), die grootste koorfees van sy aard in die wêreld (interkultur.com, 2016a). Volgens Venter kan die WCG beskryf word as die Olimpiese Spele vir kore (Venter, 2014a). Die agste Wêreldkoorspele het in 2014 in Riga in Letland plaasgevind. Die NWU-PUK-Koor was een van 460 kore met 27 000 lede van oor die hele wêreld wat aan die tweeweke-lange koorfees deelgeneem het. Dié Wêreldkoorspele was die grootste tot nog toe (interkultuur.com, 2016a).

Die Koor het goue medaljes verower in die twee kategorieë waarin hulle deelgeneem het: Musica Sacra A Capella en Musica Contemporanea (NWU, 2014b). Vir die koorleier, Kobus Venter, was dit ’n besondere prestasie. Vroeër in 2014 het hy gesê: “Ek wil graag die karakter van die Koor behou. Dit is iets wat eie is aan die PUK. Maar saam met dit, die Koor op ’n wêreldstandaard te kry en te hou. Om die hart in die musiek te behou, maar om tegnies ook onverbeterlik te wees” (Venter, 2014b).

Die gehalte van koorsang in Suid-Afrika blyk daaruit dat die koor van die Universiteit van Stellenbosch deur die organiseerders van die Wêreldkoorspele, Interkultuur, na dié Spele geag word as die beste koor in die wêreld. Daarteenoor was die PU-Koor in Mei 2016 op dié ranglys van die 1 000 beste kore in die wêreld 231ste met 942 punte. Stellenbosch se Universiteitskoor was eerste met 1 260 punte (interkultur.com, 2016b).

Benewens die NWU-PUK-Koor se besoek aan Letland, het hulle ook Holland, België, Duitsland, St. Petersburg in Rusland en Estland besoek en 13 keer opgetree (NWU, 2014b).

Enkele dae voor hulle vertrek het die Koor vir die ouers en ondersteuners ’n konsert in die gebou van die NG Kerk, Bult gehou, waartydens die werke wat hulle vir die kompetisie voorberei het, uitgevoer is. Een daarvan is ’n werk van Martin Watt, wat internasionaal so hoog aangeskrewe is dat dit vroeër die jaar tydens ’n kongres in die VSA bespreek is (Venter, 2014a).

Na afloop van ’n konsert wat die Koor in Nijmegen gehou het, het ’n bekende koordirigent van dié streek, Eugène Ceulemans, aan die *De Brug Nijmegen* gesê dat hy die Koor in 1997 die eerste keer gehoor het. Dié publikasie haal hom aan: “Het is echt het beste koor dat ik ooit heb gehoord, en dat zijn er nogal wat! Voor my is dit het mooiste koor in die wereld” (Anon., 2014b:25). Die Koor sing Ceulemans se verwerking van *“*Nader my God by U” op hulle CD *Serpents in the red roses hissing* (PU-Koor, 2014a).

Die sukses van die Koor se oorsese toere kan nie slegs aan die musikale kwaliteit van hulle sang en die vaardigheid van hulle koorleiers toegeskryf word nie. Die administratiewe rugsteun van PUK

Kunste en sy voorgangers, veral deur Ryke, het daartoe bygedra dat organisatoriese aspekte van dié toere glad verloop het.

6.8 Die PU-Koor en Kuesta

As koorfees vir kore van tersiêre instellings, het Kuesta verskeie vorme aangeneem. Die PU-Koor het vanaf die eerste Kuesta in 1979 daaraan deelgeneem en later, met die administratiewe ondersteuning van die Departement Kultuur, later PUK Kunste, 'n belangrike aandeel gehad in die voortbestaan daarvan. In die 20ste jaar waarin die Kuesta Koorvereniging bestaan het, 2009, is dié vereniging se Koorfees in Potchefstroom aangebied. In die program word gesê: "Dit toon telkens weer die wonderlike krag van musiek – om mense saam te trek en te vereniging rondom iets wat alle mense oor die hele wêreld eenders en suiwer aanraak. Om deel te wees van Kuesta is om deel te wees van iets baie besonders wat uitstyg bo die normale daaglikse seer en sleur" (Kuesta, 2009). Volgens De Beer en Shitandi (2012:189) is die Kuesta Koorfees die oudste fees van sy soort in die land.

Die eerste Kuesta Koorfees is onder die vaandel van die Afrikaanse Studentebond (ASB) aangebied (Schutte, 1979:2). Die ASB het van sy vroegste bestaan af kunsfeeste aangebied en groepe van die PUK en PU vir CHO, soos die Thalia Toneelgeselskap, die PU Volkspelelaer en die PUK Alibama Boere-orkes, het hieraan deelgeneem (kyk na hoofstukke 3, 4 en 5). Terwyl hy in 1975 aan die UOVS verbonde was, het Awie van Wyk help reël aan 'n koorfees wat as 'n voorloper van die latere Kuesta Koorfees beskou kan word (Strydom, 1991:16). Vier jaar later word die eerste Kuesta in September 1979 by dié universiteit gehou. Dit was die eerste keer dat 'n koorfees deel uitgemaak het van Kuesta. Die naam "Kuesta" is afgelei van twee woorde: die "Ku" van "kuns" en "esta" van "fiesta" (Anon., 1994c).

Die PU-Koor het saam met die universiteitskore van Pretoria, RAU, die UOVS en die koor van UKP aan die eerste Kuesta Koorfees wat by die UOVS gehou is, deelgeneem. Elke koor het geleentheid gehad om 'n program van 40 minute uit te voer. "Die dag is gekenmerk deur die geesdriftige applous waarmee die kore mekaar toegejuig het. Die repliek van die beoordelaars was uiters lofryk en komende van hierdie koorpioniers, het dit 'n kennelike gees van vreugde en opwinding in die Odeion geskep" (Schutte, 1979:2). Volgens Schutte het prof Philip McLachlan "slegs waardering" uitgespreek oor die PU-Koor. "Hy was beïndruk met die ongekende kwaliteite van die intonasie, ensemble en ritme". Hy vervolg dat "die suide sal hul sokkies moet optrek". Schutte beskryf dit as "verreweg die grootste kompliment" wat die PU-Koor nog gekry het (Schutte, 1979:2). McLachlan is by sy vertrek staande toegejuig deur die sowat 300 koorlede as blyk van waardering vir "hierdie onbetwiste doyen van koormusiek in Suid-Afrika." McLachlan het in sy afskeidswoord gesê dat hy oortuig is dat die

tradisie van universiteitskore steeds sterker sal word in Suid-Afrika "'lank nadat ek en prof Gawie Cillié en Dirkie de Villiers begrawe is'" (Schutte, 1979:2).

Tydens die tweede Kuesta, wat in 1980 by die Universiteit van Pretoria gehou is, het die PU-Koor lof van beoordelaars ontvang. Elkeen van die universiteits- en kollegekore wat deelgeneem het, het 'n program van 30 minute aangebied. "Die program van die PU-Koor het nuwe Afrikaanse komposisies van Pieter van der Westhuizen en Awie van Wyk ingesluit wat beide vir die gehoor en die beoordelaars 'n aangename verrassing was." *Wapad* (Pieterse, 1980:2) berig op 22 Augustus 1980 dat dié "uitgelese koorbeoordelaars" proff Pieter de Villiers, Gawie Cillié en mnr Dirkie de Villiers was. "Prof Gawie Cillié het die (PU) koor geloof vir die skitterende musikale toonkwaliteit en die meesterlike wyse waarop Awie van Wyk die koor hanteer het. Die koor het deurgaans getoon dat hulle hul inleef in die musiek en sodoende die gehoor meegesleur het om die musiek intens te ervaar." Die res van die program het bestaan uit ligte Afrikaanse volkswysies en onder meer "Jennifer's Rabbit" van Paxton, waarin André Howard as solis opgetree het. Pieterse haal Mary-Ann van Rensburg van *Beeld* aan wat op 12 Augustus 1980 geskryf het: "My keuse (vir die wenkoor) sou op twee kore gesamentlik val wat ek kop aan kop eerste sou plaas, naamlik die van die Potchefstroomse Universiteit en die Randse Afrikaanse Universiteit Koor onder leiding van Chris Swanepoel." Howard is later aangewys as die beste solis tydens dié Kuesta (Pieterse, 1980:2).



ILLUSTRASIE 6.42
DIE MASSAKOOR VAN 550 LEDE WAT TYDENS DIE 1982 KUESTA OPGETREE HET. NEGE KORE, ONDER MEER DIE PU-KOOR, HET AAN DIÉ OPTREDE DEELGENEEM. MIMI COERTSE WAS DIE SOLIS EN DIE KOOR HET ONDER LEIDING VAN PROF PIETER DE VILLIERS GESTAAN. DIE FOTO HET IN *DIE BESEMBOS* VERSKYN (ANON., 1983H).

Nadat hulle aan die einde van 1981 aan die jaarlikse Kuesta by die Universiteit van Stellenbosch deelgeneem het, is die Kuesta van 1982 op Potchefstroom gehou. Elf kore het aan dié Kuesta deelgeneem. Dit sluit in die Pretoriase Universiteitskoor, die Oudtshoorn Kollegekoor, die Vrystaatse Universiteitskoor, Ambassadeurskoor, Universiteit Stellenbosch Konservatorium Dameskoor, RAU-Koor, Ad Libitum-koor, Kerkkoor Stellenbosch-Sentraal, PU-Koor, Goudstadkoor en POK Dameskoor (Kuesta, 1982). Kuesta was as kunsfees 'n ASB-projek. Volgens *Die Besembos* van 1983 was die

hoogtepunt die optrede van ’n massakoor, bestaande uit 550 lede. Met Mimi Coertse as solis het hulle onder leiding van prof Pieter de Villiers opgetree (Anon., 1983h).

In sy jaarverslag wens Bütow die Koor geluk met die reëlings wat getref is vir Kuesta ’82. Hy beskryf dit as “’n skouspelagtige uitvoering van massakore wat sekerlik nie weer maklik geëwenaar sal word nie” (Bütow, 1983a:8, 9).

In 1983 het die Perm Kuesta Kunsfees ’83 weer op die kampus van die UOVS plaasgevind (PU-Koor, 1983). By dié geleentheid was die PU-Koor die enigste van die kore wat vir beide die oggend- en aandprogramme staande toejuigings ontvang het (Anon., 1983m:1). Terwyl die koorleier, Awie van Wyk, tydens 1984 in die VSA was met ’n studiebesoek, het die Koor onder leiding van Gheta Grobbelaar aan die Kuesta deelgeneem wat op die kampus van die RAU aangebied is. Volgens *Wapad* van 2 Oktober 1984 was die kritiek van die beoordelaars gunstig. “Die ander kore was veral beïndruk met die koor se uitvoering van prof Pieter de Villiers se toonsetting van twee van Adam Small se gedigte” (Anon., 1984i:1). Die 1985 Saambou Kuesta het in Oktober 1985 aan die UP plaasgevind (PU-Koor, 1976-2001).

ILLUSTRASIE 6.43
GHETA GROBBELAAR HET IN 1984 DIE PU-KOOR GEDIRIGEER TOE HULLE AAN KUESTA DEELGENEEM HET, TYDENS DIE PERMANENTE KOORLEIER, AWIE VAN WYK, SE AFWESIGHEID (PU-KOOR, 1976-2001).



Nadat die Afrikaanse Studentebond in 1986 weens politieke twis ontbind het, het die Kuesta Kunsfees skipbreuk gely (Toerien, 1988/89:38). *Wapad* berig in 1988 dat die ASB se hoof- en dagbestuurslede bykans almal in 1986 “weens bedenklike redes skielik van die ASB onttrek het” (PU-1976-2001). Minnie skryf dat dié kontroversie rondom studentepolitiek en die ASB aanleiding daartoe gegee het dat Kuesta, wat hy beskryf as ’n “unieke studentekunsgeleentheid” “geweldig skade” sou lei. Gevolglik het daar in 1987 nie ’n Kuesta plaasgevind nie (Minnie, 1989:1).

Herman van Niekerk, kultuurbeampte by RAU en koorbestuurder van die RAU-koor, skryf op 8 Julie 1987 aan Horst Bütow en universiteitskore by ander universiteite:
Na die eiesoortige ervarings van Kuesta die afgelope jare, is daar vanjaar skielik ’n groot hap uit ’n

koor se uitvoeringsprogram. Die geleentheid wat Kuesta vir veral kore van tersiêre inrigtings in Suid-Afrika gebied het, was so vanselfsprekend aanvaar, dat mens selde gedink het aan 'n situasie waar Kuesta nié meer die platform skep wat hy tot 1986 gebied het nie. Die feesgeleentheid om lewendig na die beste in koormusiek in Suid-Afrika op een slag te kon luister bestaan nie meer nie. Die oomblikke van geesgenote wat kon saamdink en -doen oor dinge wat vir hulle belangrik is, gaan hom nie weer voordoen nie (Van Niekerk, 1987).

Van Niekerk vra voorstelle oor hoe Kuesta kan herleef en kry oorweldigende positiewe reaksie van al die kore.

Tydens 'n byeenkoms van kultuurbeamptes, kultuurraadslede en studenteraadvoorsitters van verskeie kampusse in 1987, is besluit dat die koorfeesdeel van die ASB-fees behoort te herleef (Kuesta, 1994). Die PU-Koor het daarna inisiatief geneem om in 1988 'n Kuesta op die kampus van die PU vir CHO aan te bied (PU-Koor, 1989; Anon., 1988k).

Dié Kuesta was die voorloper van die stigting van 'n Kuesta-Koorvereniging wat in September 1990, tydens die Kuesta wat by UPE aangebied is, plaasgevind het. In die Grondwet en Reglement word die doelstelling só verwoord: "Die bevordering, uitbou en aanbieding van studentekoorsang aan tersiêre inrigtings in die RSA deur onder andere die gereelde aanbieding van 'n Kuesta Koorfees" (Kuesta, 1990). Die Kuesta wat dus in 1988 gehou is, sou nie soos voorheen 'n volle kunsfees wees nie, maar slegs 'n koorfees. In 'n brief van die voorsitter van die PU-Koor aan moontlike deelnemers word gesê dat dié besluit geneem is weens die koste-aspek aan 'n "groot" Kuesta (Van der Walt, 1988).

Kore wat deelgeneem het was die kore van die Potchefstroomse Onderwyskollege, RAU, Goudstadse Onderwyskollege, UP, die Paarlse Onderwyskollege, die PU en die Kerkkoor Studentekerk (Stellenbosch Sentraal) (Kuesta, 1988). Die *Potchefstroom Herald* beskryf die hoogtepunt van dié Kuesta as die massa-optrede van die sewe kore se 400 koorlede (Anon., 1988m:4).

Bütow skryf in sy jaarverslag vir 1988 dat die Koor se hulp met die organisasie van dié Koor-Kuesta besondere vermelding verdien. "Nie alleen was die organisasie puik nie, maar die Koor het deur hul bydrae sorg gedra dat die belangrike gebeurtenis weer kon herlewe. Die Koor het ook bewys gelewer dat Kuesta nie R70 000.00 nodig het om te bestaan nie, maar dat R7 000.00 voldoende is" (Bütow, 1988a:3).

Die Kuesta van 1989 is op Stellenbosch gehou. Die Koor se uitvoering van "Jesu Meine Freude" is beskou as 'n musikale hoogtepunt (PU-Koor, 1976-2001). Na afloop van Kuesta '89 skryf Pieter van der Westhuizen aan die Koor op 5 April 1990 en sê: "Julle optrede was werklik 'n groot hoogtepunt op die program. Baie hartlik geluk met die baie hoë standaard van koorsang. Dit het ons hier met baie groot bewondering vervul" (Van der Westhuizen, 1990).

Skakeling wat tussen universiteitskore plaasgevind het tydens Kuesta lei daartoe dat die kore geleenthede reël waar een of meer van die kore saam optree. In 1990 het die universiteitskoor van Pretoria en die PU-Koor op 1 September 1990 'n "PUK-TUK-konsert" gehou, terwyl 'n "soiree" op 4 Augustus 1990 by RAU gehou is, waartydens die PU-Koor en die RAU-koor saam opgetree het (PU-Koor, 1976-2001).

Nadat 'n borgskap van Spoornet in 1989 bekom is om veral die vervoerkoste van kore te dek, wat ver moet reis om aan 'n Kuesta deel te neem, het dit 'n bloeitydperk vir dié vereniging beteken. Dié borgskap het gerealiseer deur bemiddeling van die groephoofbestuurder van die SA Spoorweë, mnr Barry Lessing. Hy en sy vrou was as studente lid van die Universiteitskoor van Stellenbosch, onder leiding van proff Gawie Cillié en Philip McLachlan. Lessing het Chris Swanepoel van die RAU-Koor geskakel en gesê dat die Spoorweë graag 'n kultuurorganisasie wil ondersteun en uitgevra oor moontlikhede. Na verskeie instansies genoem is, is Kuesta gekies (Ryke, 2014a).

Die Kuesta Koorvereniging se Grondwet dui aan dat die universiteitskore van die US, UP, UOVS, PE, RAU en PU vir CHO die stigterslede daarvan is en dat die doelstelling is: "die bevordering, uitbou en aanbieding van studentekoorsang aan tersiêre inrigtings in die RSA deur onder andere die gereelde aanbieding van 'n Kuesta-koorfees" (Kuesta, s.a.).

Ná die 1991-Kuesta in Bloemfontein plaasgevind het, meen *Die Volksblad* se BM dat die feit dat mededinging uit Kuesta gehaal is, 'n goeie ding is, "want al het die gehalte van koor tot koor ietwat verskil, het elkeen tog sy eie iets gehad". BM skryf oor die PU-Koor: "Sy Tswana-lied 'Theka', waarvoor die koor van die stellasies afgeklim het, was 'n groot sukses" (BM, 1991). Die vermaarde koorleier, prof Gawie Cillié skryf na die Kuesta aan Awie van Wyk en vergelyk dié Kuesta met Paulus se belewenis van die hemel. Hy bedank spesifiek die PU-Koor vir hulle "skitterende aandeel" aan verskeie programme. "Ek kan ook nie onthou dat ek al ooit 'n sangdiens meegemaak het wat so aangrypend was as die een Sondagmôre daar in die Universitas-kerk nie. Julle wat nie onder in die kerk gesit het nie, kan nie vir julle 'n juiste denkbeeld vorm van die werklike impak van daardie massale klank nie" (Cillié, 1991). In sy jaarverslag vir 1991 skryf die voorsitter van die Koor: "As voorsitter (tweede termyn) het ek gesien en gehoor hoe die koor hulleself opwerk tot die beste in die land – dat selfs die dirigente van ander universiteitskore komplimente uitdeel" (De Beer, 1991). Prof Gawie Cillié skryf ná die 1992-Kuesta in Pretoria aan die rektor van die PU en beskryf die PU-Koor as 'n "gedissiplineerde, goed-afgerigte en intelligente groep jongmense wat met oorgawe en groot musikaliteit 'n wye verskeidenheid uit die koor-literatuur lewer". Hy voeg by dat Awie van Wyk daarin geslaag het om die PU-Koor tot onder die top-kore in die land te plaas (Cillié, 1992).

In 1993 voer die Koor ’n nuwe opdragwerk vir die eerste keer tydens Kuesta in Wellington uit. Dié werk is geskryf deur oud-Puk, Martin Watt, wat op aanbeveling van mnr Awie van Wyk, dirigent van die Koor, prof TT Cloete se gedig “Anna” uit die digbundel *Met die aarde praat* as teks vir die komposisie gekies het (Anon., 1993i:1).

In 1994 vind die Transnet Kuesta op die kampus van die PU vir CHO plaas as deel van die 125-jarige bestaansviering van die Universiteit. Dié Kuesta was heelwat groter as die voriges en Bütow beskryf dit as die grootste koorfees wat nog ooit in Suid-Afrika plaasgevind het (PU-Koor, 1994a; Bütow, 1994a:1). Nadat daar tydens die Kuesta in Wellington begin is met die aanbied van meestersklasse en werkswinkels, word dit in 1994 uitgebrei. Die werkswinkels is deur Suid-Afrikaanse koorleiers aangebied, waarby koorsangers, koorleiers en koorbestuurders sou baat vind. Die meesterklasse is hoofsaaklik gerig op koorleiers en dirigente en is deur Joop Schets van Nederland en Kåre Hanken van Oslo, Noorweë, aangebied. In ’n inligtingstuk aan belangstellendes word gesê: “Hierdie vermaarde musici bied meestersklasse aan waarvan die meeste dirigente in die land net droom” (Anon., 1994c).

Schets was vanaf 1970 koordirigent in Nederland en wêreldwyd bekend as dirigent (Kuesta, 1994). Hanken was ’n dosent aan die Instituut vir Musikologie aan die Universiteit van Oslo, Noorweë. Hy was ook die dirigent van die Schola Cantorum, die koor van dié Instituut. Voor sy aanstelling hier was hy ’n konsertorrelis en bekend vir meestersklasse wat hy wêreldwyd aangebied het (Kuesta, 1994).

Benewens die koorwerkswinkels en meesterklasse is ’n openbare konsert deur die Schola Cantorum aangebied. Voorts was daar ’n randfees waaraan ses kore deelgeneem het, terwyl 12 kore aan die hooffees deelgeneem het. ’n Sosiale funksie, geborg deur die stadsraad en gehou in die banketsale, is deur 950 persone bygewoon. Die aandprogram, na afloop van die hooffees, is bygewoon deur die kanselier van die PU, mnr FW de Klerk, wat kort tevore die Nobelprys ontvang het. Op sy versoek is ’n spesiale funksie gehou waartydens hy die Noorweegse koor ontmoet het. Die fees is afgesluit met ’n gesamentlike erediens in die NG Kerk, Miederpark. In sy jaarverslag vir 1994 skryf Bütow: “Vele skrywes en oproepe getuig daarvan dat die PUK ’n fees aangebied het wat die PUK waardig is en lank onthou sal word” (Bütow, 1994a:1).

Die sukses van dié Kuesta blyk uit ’n brief van Pieter van der Westhuizen van Stellenbosch op 8 Oktober 1994 aan die PUK se waarnemende visekanselier:
Graag wil ek u ook van harte gelukwens met u puik Universiteitskoor! Dit is darem nou reeds baie jare dat die koor en sy leier as een van die allerbeste in ons land bejeën word. Die ligswewende en aangename koorklank, die mooi eenheid wat die stemme vorm, die suiwere intonasie, die fyn musikale nuanses, in frasering, die stylgetroue vertolkings, die sterk seggingskrag en die uitbeelding

van die teks en musiek, en die musikale inlewing wat ervaar word wanneer daar na hul sang geluister word, was nog telkens 'n besondere belewenis. Hulle het ook met hulle programkeuse 'n standaard daar gestel wat hulle 'n leiersrol laat speel by alle universiteitskoor-byeenkomste (Van der Westhuizen, 1994).

Van der Westhuizen se lofprysing dra meer gewig wanneer sy eie loopbaan as dirigent en musikus in aanmerking geneem word. Hy was in 1994 die dirigent van die Vrystaatse Universiteitskoor. Hy was ook eindredakteur van verskeie publikasies, onder meer die Psalmbundel (1977), Psalmkoraalboek (1977) en FAK-Volksangbundel (1979) en het eerbewyse van die SAKV, die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en die SAUK ontvang (Kuesta, 1994:58). John Ivor-Pullin, koor- en orkesbestuurder van die Universiteit van Stellenbosch, beskryf dié Kuesta as die beste wat hy nog ooit bygewoon het. "Dit het so vlot verloop dat 'n mens nie bewus was van die maande van harde werk, inisiatief en beplanning wat vooruit gegaan het. Julle kan trots voel oor vanjaar se Kuesta. (This will be a hard act to follow)" (Ivor-Pullin, 1994).

Die Kuesta van 1995 is by die Universiteit van Port Elizabeth aangebied. Vir dié Kuesta het die Koor twee nuwe komposisies, albei van Awie van Wyk gesing. Dit was "Griekwapsalm 8" en "Drie Kindergesange" (Kuesta, 1995:9, 15). In sy voorsittersverslag van die Koor skryf David-Pieter de Villiers: "Die koor het weer eens met albei optredes tydens die fees bewys dat dit nie om dowe neute as een van die beste kore in die land beskou word nie. Die dirigent, Awie van Wyk, verdien alle eer hiervoor" (1995:10).

Dié Kuesta was die laaste wat moontlik gemaak is deur 'n borgskap van Transnet. In sy jaarverslag vir 1995 skryf Bütow diplomaties dat daar met die Kuesta van 1995 in Port Elizabeth gepoog is om voort te bou op die sukses van die 1994-Kuesta. Dit was egter nie suksesvol nie, weens "kontinuïteitsprobleme". Met die skryf van Bütow se 1995-verslag was daar nog hoop dat Transnet se borgskap aan Kuesta beredder sou kon word (Bütow, 1995b:1). Hy skryf dat "druk . . . deur borge toegepas is" met betrekking tot veranderinge. Hy berig verder dat dit die bestuur en hoofkantoor (van Kuesta) genoodsaak het om opnuut te besin oor Kuesta. "Na 'n aantal werksessies en voorstelle deur die hoofkantoor, asook gesprekke met Transnet, is die hoofrolspelers en oorspronklike lede van Kuesta byeengebring om 'n nuwe bedeling en vorm aan Kuesta vir die toekoms te gee" (Bütow, 1995b:1).

In sy volgende jaarverslag berig Bütow: "Na baie onderhandelinge met Transnet kon Kuesta nie daarin slaag om die volle borgskap te behou nie. Groot vertraging deur Transnet het daartoe gelei dat die toegestaande bedrag dramaties min was en totaal te laat, sodat Kuesta '96 nie aangebied kon word nie" (Bütow, 1996a:1). Voorts het die borg, Transnet, ook die vereiste gestel dat "sekere

liggame moet saamsmelt". Gevolglik het Bütow samesprekinge met SATICA op Plettenbergbaai gevoer en sou daar besin moet word oor dié samesmelting (Bütow, 1996a:1).

Kuesta was egter nie die enigste wat deur Transnet se onttrekking van borgskappe getref is nie. Cornia Pretorius van *Beeld* skryf op 25 Mei 1996 onder die opskrif "Transnet gee SA kunste 'n geldskok" dat die "room van Suid-Afrikaanse kunstenaars" duisende rande verloor het, nadat Transnet vyf weke voor die Standard Bank Nasionale Kunstefees op Grahamstad sy borgskap weens "ernstige onvoorsiene redes" onttrek het. Organisasies wat borgskappe verloor het, sluit, benewens Kuesta, die KKNK, die Transnet/Unisa-musiekwedstryd en die Transnet Libertaskoor, in (Pretorius, 1996).

Kuesta was R300 000 kwyt, wat hoofsaaklik die vervoerkoste van kore en dirigente gedek het en 'n gedeelte van die administratiewe koste en drukwerk.

Wat betref die vereistes wat gestel is om met SATICA saam te werk, verduidelik Ryke:
In daardie tyd het 'n ander koorvereniging tot stand gekom, SATICA. Dit staan vir South African Tersiary Institutes Choral Association. Dit het hoofsaaklik uit swart kore bestaan en het 'n koorfees gereël en het dieselfde kore wat ons genooi het, uitgenooi. In 1995 het hulle 35 kore uitgenooi, onder meer die koor van Oslo in Noorweë wat in 1994 in Potchefstroom was. Die organisasie was egter swak en die Noorweegse koor het sonder dat hulle 'n noot gesing het teruggegaan na hulle land. SATICA het ook by Transnet aansoek gedoen vir 'n borgskap. Transnet het dit duidelik gemaak dat hulle slegs Kuesta se borgskap sal oorweeg as Kuesta met SATICA saamwerk. Ons het met hulle gaan praat, maar dit was duidelik dat hulle Kuesta wou insluk (Ryke, 2014a).

Daar is egter besluit om Kuesta in 'n ander formaat aan te bied. Volgens Ryke was daar vir drie jaar nie 'n Kuesta nie. Gedurende dié tyd is onsuksesvolle pogings aangewend om weer 'n borg te vind. Daarna is besluit dat elke deelnemende koor sy eie onkoste moet dra en dat die Kuesta daarna elke tweede jaar gehou sal word. Daar is ook besluit om Kuesta in twee afdelings te hou: een vir ernstige musiek en die ander vir ligte musiek (Ryke, 2014a).

In 2004 is 'n mini-Kuesta Koorfees, met die deelname van RAU en TUKS met welslae aangebied. Daar is ook besluit om die aanbieding van die nasionale universiteite Sêrkompetisie onder die sambreel van Kuesta te bring en die Departement Kultuur van die PU was ook in adviserende hoedanigheid betrokke by die aanbieding van Nasionale Kuesta Sêr (Bütow, 2004a:1). Nadat die beplande Kuesta vir 2006 in Port Elizabeth nie gerealiseer het nie, het die een in 2007 in Stellenbosch wel voortgegaan en die Koor het daaraan deelgeneem (Bütow, 2006:1; 2007a:1).

In 2009 is die Kuesta weer op Potchefstroom aangebied. In sy jaarverslag vir 2009 berig Bütow: "Na 'n reëlingskomitee van huidige en oud-koorlede se maandelange gewerskaf, is die Kuesta

Universiteite Koorfees vanaf 24-27 September op die kampus aangebied. ’n Verskeidenheid aktiwiteite, met ’n openbare Gala-konsert as klimaks, is met groot sukses volvoer” (Bütow, 2009:4).


Tydens die Kuesta Vereniging se algemene vergadering is die voorsitter en sekretaris, in die persone van Horst Bütow en Peet Ryke, vir ’n volgende termyn herkies (Bütow, 2009:4).

Bütow en Ryke word tydens die Kuesta wat vanaf 29 September tot 1 Oktober 2011 op die kampus van die Universiteit van Pretoria aangebied is, weer verkies as voorsitter en sekretaris van die vereniging (Bütow, 2011a:2).


Kuesta se geskiedenis bestaan dus uit drie fases. Vanaf 1979 tot 1986 is dit as algemene kunsfees onder die vaandel van die Afrikaanse Studentebond aangebied. Van 1988 tot 1995 was dit ’n jaarlikse koorfees, moontlik gemaak deur ’n ruim skenking van Transnet. Nadat dié borgskap gestaak is, is dit heelwat afgeskaal en is teen 2014 ’n tweejaarlikse koorfees (Ryke, 2014a).

Volgens Ryke is Kuesta gebou op die beginsel dat die kore vir mekaar sing, almal luister na almal. Die feit dat dit nie ’n kompetisie is nie, skep die geleentheid vir kore en koorlede om mekaar te leer ken en sodoende saam koorsang te bevorder (Ryke, 2014a).

PROGRAMME VAN KUESTA KOORFEESTE WAT IN POTCHEFSTROOM AANGEBIED IS



ILLUSTRASIE 6.44
KUESTA 1982
(PU-KOOR, 1976-2001).



ILLUSTRASIE 6.45
KUESTA 1988
(PU-KOOR, 1976-2001).



ILLUSTRASIE 6.46
KUESTA 1994
(PU-KOOR, 1976-2001).




ILLUSTRASIE 6.47
KUESTA 2009
(KUESTA, 2009).

6.9 Die PU-Koor, die SAKV en die McLachlan-werkswinkels

Koorleiers en koorliefhebbers het in die vroeë tagtigerjare die behoefte raakgesien om ’n koorvereniging tot stand te bring. Daar het ook ’n behoefte ontstaan om die optrede van verskillende instansies se kore oor die land te koördineer. Adolf Theron, voormalige president van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging (SAKV), skryf in 2004 in *Cantando Gaudeamus* oor die geskiedenis van die SAKV. “Dit het alles by Horst-Peter Bütow begin. Horst was destyds

studenteadviseur: kultuur aan die PU vir CHO. Uit die aard van sy posomskrywing het hy baie te doen gekry met konserttoere deur kore en ander groepe, waaronder die Alabama Studentegeselskap. Al gou het hy die behoefte aan koördinering van diesulkes se toerprogramme geïdentifiseer. Dit kon byvoorbeeld gebeur dat twee verskillende groepe dieselfde dorp / omgewing binne een week besoek" (Theron, 2004:5).



ILLUSTRASIE 6.48
DIE VOORBLAD VAN DIE PROGRAM VAN DIE EERSTE PHILIP MCLACHLAN WERKSWINKEL IN KOORSANG. NA AFLOOP VAN DIÉ WERKSWINKEL HET DIE STIGTING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE KOORVERENIGING PLAASGEVIND (THERON, 1983).

Op 'n vergadering van koorbestuurders, -dirigente en -voorsitters wat op 31 Maart 1981 onder beskerming van die Stellenbosse Universiteitskoor te Stellenbosch gehou is, het dit geblyk dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n nasionale koorraad wat 'n koördinerende en adviserende diens aan kore dwarsoor die land kan lewer. 'n Ad-hoc komitee bestaande uit Adolf Theron, Horst Bütow, Awie van Wyk en Erna Pheiffer is deur die vergadering benoem (Theron, 2004:5).

Ter voorbereiding van die stig van so 'n raad is 'n omvattende behoeftebepaling gemaak, deur middel van vraelyste wat landswyd uitgestuur is. Die stigtingsvergadering is beplan om saam te val met 'n werkswinkel in koormusiek (Anon., 1983k). Bütow was die sekretaris van die reëlingskomitee (Theron, 1983). "Gedagtig aan die groot rol wat prof Philip McLachlan gespeel het in die vestiging van 'n koortradisie in ons land en gesien in die lig van die feit dat 'oom Flip' in daardie stadium om gesondheidsredes nie meer aktief aan koorbedrywighede kon meedoen nie, is daar besluit om die stigtingsgeleentheid na hom te vernoem, naamlik die Philip McLachlan Werkswinkel in Koorsang" (Theron, 2004:5). McLachlan is egter voor die werkswinkel kon plaasvind, op 23 Februarie 1983, oorlede (Breuer, 2016). Volgens Bütow is daar voor sy dood met hom vergader, waartydens hy toestemming gegee het dat die werkswinkel na hom vernoem word (Bütow, 1983b).

Dié eerste Philip McLachlan Werkswinkel in Koorsang is vanaf 28 September tot 1 Oktober 1983 in Pretoria aangebied. 'n Uitgebreide lys van aspekte rakende kore is behandel. Dit sluit in kerk-, dorps- en kinderkooroudisies, afronding van 'n koorklank en die organisasie en koördinering van 'n koortoer. Laasgenoemde is deur Horst Bütow, senioradviseur: kultuur van die PU aangebied, terwyl

Awie van Wyk, koorleier van die PU-Koor, lesings gegee het oor die beginnerdirigent en ’n humoristiese en insiggewende lesing met die onderwerp “Humor in repetisies”. Prof Pieter de Villiers, ook van die PU vir CHO, het gepraat oor die komposisie van koormusiek (Anon., 1983l:9). Bekende persoonlikhede in die musiekwêreld wat opgetree het is onder andere Chris Swanepoel, Dirkie de Villiers, Petru Gräbe, Richard Cock, Arthur Wegelin, Pieter de Villiers, Johan de Villiers, Awie van Wyk en Adolf Theron (Theron, 1983).

Die stigtingsvergadering van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging (SAKV) was op 30 September 1983 en die eerste voorsitter van die vereniging was Adolf Theron met Awie van Wyk as ondervoorsitter, Erna Pheiffer sekretaris, Bart Cronjé tesourier en Herman van Niekerk as skakelbeampte (Anon., 1983n). Teen Maart 1985 met die eerste algemene jaarvergadering van die SAKV, word genotuleer dat Awie bedank het as ondervoorsitter (SAKV, 1985). Bütow is sedert 1987 ’n erelid van die SAKV (Bütow, 2013a:5).

McLachlan (1916 – 1983) was in 1936 een van die stigterslede van die Stellenbosse Universiteitskoor. Hy was ook die dirigent van dié koor van 1956 tot 1976. Onder sy aanvoering het die Musiekdepartement by dié universiteit tot stand gekom. Hy was medesamesteller van die FAK-Sangbundel. Dit word gereken dat hy die blywende tradisie van koorsang in Suid-Afrika gevestig het en word beskou as die vader van koormusiek in die land (Breuer, 2016).

Ná die eerste McLachlan Werkswinkel het dit jaarliks plaasgevind en in 1991 het die PU-Koor opgetree as gas- en demonstrasiekoor tydens die vyfde McLachlan-werkswinkel. Prof Doreen Rao van Kanada was die gasspreker en het “met lof verwys na die ‘velvet sound’ van die koor” (Anon., 1991d:5). *Wapad* berig: “Die PU-koor en SAUK-kamerkoor het onder leiding van Richard Cock die ‘Rutter Requiem’ en ‘Vier Taferele uit die lewe van Jesus’ van prof (Henk) Temmingh uitgevoer in die St Mary’s katedraal” (Anon., 1991d:5). Na afloop van dié optrede het die Koor ’n skrywe ontvang van Annelise Botha, namens die reëlingskomitee van die Philip McLachlan V-werkswinkel. Sy skryf: “Dit was waarlik ’n belewenis om julle te sien optree tydens die luistersessies, asook tydens die konserte. Dankie vir jou koorlede se puik organisasie en beplanning – dit het die taak van die organiseerders baie vergemaklik” (Botha, 1991). Prof Henk Temmingh bedank die Koor op 16 September vir die moeite wat die Koor gedoen het om die “Vier Taferele” “by verskeie geleenthede uit te voer. Ek weet dat dit geen eenvoudige taak was nie” (Temmingh, 1991). Eweneens skryf die sameroeper van die McLachlan V, Herman van Niekerk, op 13 Augustus 1991 aan die rektor van die PU vir CHO: *Toe ek verlede Sondag (4.9.91) u Universiteitskoor weer eens oor Fanie Smit se program: ‘Alle Volke Loof die Here’ uitstekend hoor sing, het verskeie gedagtes deur my kop gegaan – ek het gedink: Waar is daar ’n beter en meer openbare wyse as via die massamedia (radio) om dit waarvoor u*

Universiteit hom eintlik beywer bekend te maak en weer landswyd te bevestig;
Dan nét koorsang as kunsvorm op dáárdie manier aangewend kan word en dat dit moontlik u Universiteit se beeld die geloofwaardigste uitdra;
Aan die uitstekende uitvoerings wat mnr Awie van Wyk en sy Universiteitskoor gelewer het tydens die Philip McLachlan-werkswinkel in koorsang;
Dat u Universiteitskoor bevoorreg is om 'n Universiteitsraad en rektor te hê wat insig en visie het om ruimte en ondersteuning te bied waarin 'n Universiteitskoor kan funksioneer;
Dat u weer eens gelukgewens moet word met 'n Universiteitskoor.
Die boodskap van u Universiteit en U Koor is diepliggend en het nie sy gelyke nie – dit bejeën ons met agting (Van Niekerk, 1991).

Teen 2008 het die South African Choral Society (SACS) 150 dirigente en 90 kore as lede en beskryf homself as die "only learned organisation for choral conductors and choirs" in Suid-Afrika. Die SACS bevorder, deur sy aktiwiteite, projekte en publikasies, koormusiek op alle vlakke in Suid-Afrika. Dit ondersteun en moedig die skryf en uitvoering van Suid-Afrikaanse koormusiek aan. Dit is die belangrikste kommunikasieforum vir koormusici in die land en bied ook geleenthede vir professionele ontwikkeling en dien as skakel met ander internasionale musiekorganisasies (SACS, 2008).

Die PU-Koor, sy koorleier en Bütow het 'n sterk aandeel gehad in die stigting en vestiging van die SAKV. Hiermee is koorsang in Suid-Afrika op 'n vaster grondslag geplaas.

6.10 Plaat- en CD-opnames en televisie-optredes

Die eerste plaatopname van die sang van die PU-Koor is in 1969 gemaak met die plaat Studentesang (Anon., 1961d:22). Daarna is opnames van die Koor ingesluit in die langspeelplaat wat deur die Gereformeerde Kerk Cachet gemaak is, met die nuutberymde psalmmelodieë in 1978 (Gereformeerde Kerk Cachet, 1978). Nadat Alabama se eerste plaat gemaak is en dié geselskap se musiek oor die lug gehoor is, het dit daartoe bygedra dat dié geselskap in gewildheid toegeneem het (Van der Walt, 1993:13). 'n Plaatopname van die Koor se musiek het dus ook die geleentheid geskep dat die Koor se sang oor die radio gehoor kon word. Die Koor se eerste langspeelplaat is dus in 1980 gemaak en daarna is daar met tussenposes van enkele jare plate en later CD's gemaak.


Rudolf de Beer, wat in 1996 die Koor se CD, *Jericho*, geresenseer het, vat die waarde wat 'n CD het op ironiese wyse só saam: "Hierdie laserskyf is die perfekte aandenking vir iemand wat binne die volgende 5 jaar die PUK verlaat. Jy sal beslis met trane terugverlang indien jy dit oor 'n paar jaar in jou motor speel!" (De Beer, 1996:8)

6.10.1 Plaatopnames

Nadat die Koor se eerste langspeelplaat, *Cantate Domino,* vroeër in 1980 opgeneem is, verneem die Koor aan die einde van die jaar dat die langspeelplaat gereed is. Daar is 500 eksemplare gemaak en dit is teen R9.00 per eksemplaar verkoop. Die naam *Cantate Domino,* beteken "vir die Here 'n nuwe lied" (PU-Koor, 1976-2001). Werke wat in 1980 in die program ingesluit is, is op dié plaat opgeneem. Dit sluit onder meer in "Cantate Domino" van AO Pisoni, drie werke van Pieter van der Westhuizen "Loof die Here," "Vra na die Here" en "Sing tot eer van die Here". André Howard is die solis in die uitvoerings van die toonsetting van "Gebed" van IL de Villiers en "Jennifer's Rabbit". "Kaapse Kanarie", 'n werk van die koorleier, Awie van Wyk, is ook opgeneem (PU-Koor, 1980).



ILLUSTRASIE 6.49
PIETER BOTHA, VOORSITTER VAN DIE KOOR IN 1980 MET DIE KOOR SE EERSTE PLAAT *CANTATE DOMINO*. DIT IS IN 1980 OPGENEEM EN IN 1981 TYDENS 'N FUNKSIE BY DIE REKTORSWONING BEKENDGESTEL (PU-KOOR, 1976-2001).



ILLUSTRASIE 6.50
DIE OMSLAG VAN DIE KOOR SE EERSTE PLAAT *CANTATE DOMINO* (PU-KOOR, 1980).

Volgens die rugkant van *Cantate Domino* is die musiekopname deur Johan van Rensburg gemaak, terwyl die omslag deur Marléne Botha ontwerp is. Die plaat is opgedra aan Awie van Wyk en sy vrou, Sucille (PU-Koor, 1980).

Hierna het die Koor se plate *Shalom* (1981)*, Kaapse Kanarie* (1983) en *Noordweste* (1985) die lig gesien (PU-Koor, 1985b). *Kaapse Kanarie,* die Koor se derde langspeelplaat, het so goed verkoop dat Horst Bütow in sy kwartaalverslag vir Maart en April 1983 berig dat 'n herbestelling geplaas moes word (Bütow, 1983c).

Die langspeelplaat wat in 1985 opgeneem is, is tydens 'n konsert opgeneem. Bütow skryf in sy semesterverslag dat dit gedoen is weens die hoë koste van ateljeeopnames. Dié plaat sou gedurende

November vrygestel word (Bütow, 1985d:3). Ná die suksesvolle oorsese toer in 1987, het die Koor ’n langspeelplaat met die titel *Try to remember* opgeneem, waarop die musiek wat tydens dié toer gesing is, gehoor kan word. Dié opname was ook in kassetformaat beskikbaar (PU-Koor, 1989). Teen 1990 het die Koor sewe plaat- en CD-opnames gemaak (De Beer, 1990).

6.10.2 CD’s

Die Koor se eerste CD, of laserskyf, is in 1993 uitgegee (PU-Koor, 1994a). In sy jaarverslag vir 1993 wens Horst Bütow in Januarie 1994 die Koor geluk met die “skitterende kompakskyf” en berig dat dit toe reeds uitverkoop was (Bütow, 1994b:5). Eksemplare van dié CD, met die titel, *Credo,* is saamgeneem tydens die Koor se toer na Europa en in sy toerverslag skryf prof Theo Jooste dat die aanvraag vir die CD’s so goed was dat dit teen die einde van die toer uitverkoop was. Hy reken ook dat bandjies (kassetopnames) of langspeelplate nie dieselfde aftrek sou kry nie en dat die beskikbare CD’s “’n beeld van professionaliteit vertoon” (Jooste, 1993:11).


In 1995 maak die Koor ’n kompakskyf met die titel *Jericho.* Opnames van die Koor vanaf 1992 tot 1995 is hierby ingesluit (De Villiers, 1995:13). Die CD is ’n gesamentlike produk van die PUK, SAUK, JNS Musiek en is gesteun deur ’n borgskap van Standard Bank (De Beer, 1996:8). Opnames van vorige jare was beskikbaar omdat die Koor ’n vergunning van die SAUK gehad het om elke jaar ses ure gratis opnames te kon maak in hulle opname-ateljee. Ten spyte daarvan dat die opnames gratis gemaak kon word, het vervoerkoste na Johannesburg dit ’n duur onderneming gemaak. Voorts kon opnames nie na-ure of oor naweke gemaak word nie en die Koor moes spesiale vergunning kry om van klasse vrygestel te word om die opnames te gaan maak (De Villiers, 1995:13).

Vroeg in 1996 word dié nuwe laserskyf bekendgestel. *Wapad* skryf op 7 Februarie dat dit plaasgevind het tydens ’n “unieke luister-en-kyk tentoonstelling van geraamde toonsettings van die legendariese Awie van Wyk en kunswerke van sy suster Ina Pheiffer.” Die tema van die uitstalling was *Twee Karoo-kinners saam*. Die temalied van *Jericho* is deur Michael Dingaan, ’n tweedejaar musiekstudent, vir die Koor aangeleer (Brand, 1996b:6).

In dieselfde uitgawe van *Wapad* resenseer Rudolf de Beer die nuwe CD van die Koor, *Jericho* (1996:8). De Beer was vroeër ’n voorsitter van die PU-Koor en sê dat as “koorleier, koorsanger en iemand wat in ’n organisatoriese pos staan, weet ek wat opnames behels”. Hy reken dat die keur van opnames uit 1992 tot 1995 ’n konsep is wat deur meer kore nagevolg kan word, “aangesien ’n beter eindproduk op die manier vrygestel kan word as die normale ‘elke jaar se opnames’ wat dan deur die ‘nie te wel klinkende’ nommers volgemaak word” (De Beer, 1996:8).

De Beer vervolg:

Dwarsdeur die hele luistersessie val dit my op dat die fyn aanvoeling, ernstige uitspraak en innerlike ritme-aanvoeling van die Koor bydra tot die luistergenot en nooit die kenmerklike musikaliteit van die koor (wat direk van die dirigent af in die koorklank tot uiting kom) oorheers nie. Vanaf die groot koorwerke, deur die Spirituals *en volksliedjies tot by die ligte musiek is daar nuanses van teer tot heerlike uitbundige momente. Elke emosionele moment word met net die regte hoeveel gevoel geïnterpreteer - geen* forte *of* piano *word gespaar of oordryf nie* (De Beer, 1996:8).



ILLUSTRASIE 6.51
DIE OMSLAG VAN DIE CD, *JERICHO*, WAT DIE KOOR IN 1996 BEKENDGESTEL HET (PU-KOOR, 1996B).



ILLUSTRASIE 6.52
DIE OMSLAG VAN DIE CD, *LIBERA ME*, WAT IN 1997 GEMAAK IS (PU-KOOR, 1997B).

Planne vir ’n volgende CD, om in 1997 vrygestel te word, was toe reeds in die pyplyn (Bütow, 1996a:6). Dié CD, *Libera Me,* wen in 1998 die SAMA-toekenning (South African Music Awards) vir die beste opname in die afdeling: ernstig vokaal (Anon., 1998b:3). Dié CD het groot byval gevind tydens die Koor se toer na Europa in 1997 en bykans 600 eksemplare is daar verkoop (PU-Koor, 1998:9).




ILLUSTRASIE 6.53
BO: DIE KOOR HET IN 1997 'N SAMA-TOEKENNING GEKRY VIR HULLE CD, *LIBERA ME*, IN DIE AFDELING ERNSTIGE MUSIEK. OP DIE FOTO, WAT IN *KAMPUSNUUS* VERSKYN HET, IS JOHAN PIETERS, AWIE VAN WYK (KOORLEIER), JACO PRETORIUS (VOORSITTER VAN DIE PU-KOOR) EN BERNARD BORNMAN (ANON., 1998B:3).



ILLUSTRASIE 6.54
REGS: DIE KOOR HET IN 2001 'N GERAAS-TOEKENNING ONTVANG VIR HULLE CD, *KYRIE,* AS DIE BESTE KOORALBUM VAN 2001 (GERAAS, 2001).

Die Koor se derde CD, *Kyrie,* word in 1999 vrygestel. *Kyrie* wen in 2001 die Geraas-toekenning vir die beste kooralbum (Geraas, 2001). Daarna het die Koor die CD's *Dei Amicitia* in 2003, *Lux Dei* in 2007, *Excultate* in 2011 en *Serpents in the red roses hissing* in 2014 uitgereik (De Klerk, 2011:4; PU-Koor, 2014a). Bütow berig in sy jaarverslag vir 2004 dat *Dei Amicitia* "'n uitstekende diskografie" van die Koor is (Bütow, 2004a:2). Die Koor se program vir 2007 is op CD opgeneem en vroeg in 2008 as *Lux Dei* vrygestel (PU-Koor, 2009b; Bütow, 2008:1).

Klankopnames vir die Koor se volgende CD is deur Pieter de Bruin van PUK Kunste gemaak. Dié CD, met die titel *Exultate,* bevat 'n verskeidenheid musiek, maar fokus op Kersmusiek (Bütow, 2011a:2). Die Koor se volgende CD, met die titel *Serpents in Red Roses Hissing*, was kort voor die toer na Europa in Julie 2014 gereed. Werke wat ingesluit is, is onder meer "Nearer my God to thee, Hide and Seek" en "Witness" (Venter, 2014a; PU-Koor, 2014a).



ILLUSTRASIE 6.55
DIE OMSLAG VAN DIE KOOR SE CD WAT IN 2014 VERSKYN HET (PU-KOOR, 2014A).

6.10.3 Televisie-optredes

Waarskynlik die eerste keer dat ’n televisieopname van die Koor gemaak is, was op 7 en 10 September 1977. Op Woensdag 7 September is die Koor na Johannesburg vir die klankopname. Die verslag in die Koor-plakboek vervolg:
Alles het baie goed verloop en ons was baie gouer klaar as wat beplan was. Saterdag die 10e September is ons weer op pad na Johannesburg. Hierdie keer vir die beeldopname. Daar aangekom het Hein Gonnermann, die regisseur van ons program, ons gewaarsku dat ’n lang en vermoeiende tog vir ons voorlê. Min het hy geweet. Hy kon dit byna nie glo dat ons so gou deur die program gedraf het nie. Hy het gesê dit is die eerste keer dat hy so ’n groot koor teëkom wat so gedissiplineerd kan optree. Na afloop van die opname kon ons die program deurkyk (PU-Koor, 1976-2001).

Teen 1985 was die PU-Koor oubekendes oor die radio en op televisie (Anon., 1985m:11). Bütow skryf in sy verslag vir die tweede semester van 1985 dat ’n paar kort televisieopnames gemaak is, waarvan sommige reeds uitgesaai is (Bütow, 1985d:3). Hierbenewens het die SAUK oor die jare ook verskeie transkripsieopnames van die Koor gemaak, wat oor die radio uitgesaai is (Ryke, 1995a). In 2000 het die Koor televisie-opnames vir die twee programme Digitaal en Kunskafee van kykNET gemaak (PU-Koor, 2001:2).

In die laaste jaar waarin Awie van Wyk koorleier van die NWU-PUK-Koor is, saai kykNET vroeg in Desember in hulle program, Kwêla, ’n insetsel uit wat gehandel het oor die Koor met Van Wyk as dirigent vir 36 jaar. In sy jaarverslag beskryf Bütow dit as “iets besonders voorwaar” (Bütow, 2011a:2).

Enkele dae later, op Sondag 14 Desember, is ’n drie-uur lange program op ClassicFM uitgesaai waar Van Wyk die gas van Richard Cock was in die program People of Note (Bütow, 2011a:2).

6.11 Koordrag

Met die herstigting van die Koor in 1971 het ’n personeellid van die Departement Beeldende Kunste en bekende beeldhouer en skilder, mev Titia Ballot, vir die koor spesiale drag ontwerp (Anon., 1971i:6).

Nadat die Koor dié rooi togas, ontwerp deur Titia Ballott sedert 1972 gedra het, toon die koorfoto in *Die Besembos* ’n ander voorkoms (Anon., 1977d:99). Die volgende jaar, 1978, word “’n langgekoesterde ideaal” bewaarheid toe hulle nuwe koordrag kry. Die Koor het reeds in April met hulle “pragtige nuwe koordrag” opgetree op Standerton (Anon., 1978f:45). Dié optrede, tydens hulle toer na Oos-Transvaal, was deel van Standerton se 100-jarige feesviering (PU-Koor, 1976-2001).

Die aankoop van koordrag was teen 1983 “’n geweldige probleem”. Bütow berig in sy verslag van April 1982 tot Februarie 1983 dat koorlede hul eie koordrag moes aankoop. Vir damesstudente behels dit ’n uitgawe van R60.00, waarby die aankoop van die Universiteitskleurbaadjie uitgesluit is. ’n Totale bedrag van sowat R3 000.00 moet dus gesamentlik jaarliks aan koordrag bestee word. Bütow reken dat dit ’n te hoë las per student is. Hy beveel aan dat ’n koorgarderobe gevestig moet word waaruit studente klere kan huur, dat die Universiteit ’n bydrae tot die aankoop van koorklere moet maak en dat die ou togas, wat toe jare lank nie meer gebruik word nie, verkoop moet word (Bütow, 1983a:10). In 1984 het die dames van die Koor pienk uitrustings, saam met hulle Universiteitsbaadjie, as koordrag gedra (PU-Koor, 1976-2001). In 1985 was die koordrag vir dames ’n maroen romp met wit bloese, met ’n valletjieskraag, wat saam met die Universiteitsbaadjie gedra is. Die mans van die koor het swart langbroeke, wit hemde, ’n maroen das en hul Universiteitsbaadjies gedra. Die swart koortogas – vir mans en dames – met ’n maroen band en goue koord om die kraag en voorste opening is in 1986 in gebruik geneem. Volgens die 1990 handleiding van die Koor het die mans daarmee saam ’n swart broek en skoene, wit hemp en koordas gedra. Die dames het swart voorgeskrewe skoene, bypassende sykouse, ’n voorgeskrewe swart romp en bloes en die koortoga gedra (PU-Koor, 1990:5).

Die koortogas is in 2001 tydens die toer na Namibië, uit die bus waarmee die koor vervoer is, gesteel en daar moes vir 2002 nuwe togas gemaak word (PU-Koor, 2002a:2). Dit verklaar waarom die dames van die Koor op die koorfoto van 2002 swart langbroeke, wit bloese en Universiteitsbaadjies dra (PU-Koor, 2002b). Dit blyk dat die koortogas minstens 21 jaar die amptelike drag van die Koor was en volgens die koorfoto’s is dit tot 2007 gedra (PU-Koor, 2007a). ’n Foto van die Koor van 2008 is nie beskikbaar om te bevestig dat dit dié jaar ook gedra is nie.

In 2009 toon die foto van die Koor ’n ander drag. Die dames dra lang swart rompe, met ’n breë rooi rand om die soom en silwer omboorsel tussen die rooi soom en swart van die romp. Die dames dra ook ’n eenvormige halssnoer (PU-Koor, 2009a).



ILLUSTRASIE 6:56
SO HET DIE KOORDRAG IN 2009 UITGESIEN NADAT DIT VIR DIE EERSTE KEER SEDERT 1987 VERANDER IS. DIE LEDE VAN DIE KOOR IS (VOOR) MARIEKE AUCAMP, ETNI CALITZ, RINEKE VILJOEN, AWIE VAN WYK (DIRIGENT), ANKE GERICKE, MARIÈ STEENKAMP, MADELEIN CILLIERS. IN DIE TWEEDE RY STAAN IZAK BISSCHOFF, LESTER MOFOKENG, EWIE VAN DER MERWE, LUCINDA DA CAMARA, RIANA LUNDIE, CECILIA SWART, NELIS VENTER, ANNUSKA REDELINGHUYS EN HANRÈ SMITH. IN DIE DERDE RY STAAN BERNÈ TERBLANCHE, ROCHELLE NOTHNAGEL, MARIËTTE DE KLERK, LIESEMARI DE WET, DIRK SNYMAN, FRANCO PRINSLOO, KOBUS VENTER, PEDRO AFRICA DERRICK RHEEDER, LIZE VAN DER WALT, HANNES ESTERHUYSEN EN WILLEMIJN WENTINK. AGTER IS JOHAN SWANEPOEL, RUAN BEKKER, DAVID KEYSER, IZAK DE KOCK, EDDIE NEETHLING, STEFAN VAN ZYL, WESLEY LAMBRECHT, DANIE GROBBELAAR, PAUL BESTER, JOHANNES FOURIE EN MANNA STANDER (PU-KOOR, 2009A).

Sedert 2012 dra die dames lang oorslaanrokke wat met maroen omboor is en ’n pêrelhalssnoer onder die Universiteitsbaadjie, terwyl die mans swart hemde, met maroen krawatte en die Universiteitsbaadjie dra (PU-Koor, 2012).

6.12 Besinning oor die waarde van die Koor

Dit is belangrik om, wanneer daar oor die waarde van die Koor besin word, in ag te neem dat die Koor, veral in die tydperk waarin die Koor die Universiteitskoor van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys was, as doelstelling gehad het om “deur hul sang (te poog) om die

Christelike karakter van die Universiteit te onderskryf en ook om ’n positiewe bydrae te lewer tot die ontwikkeling van koorsang in Suid-Afrika” (PU-Koor, 1990). Die Handleiding van die Koor, wat in 1990 saamgestel is voeg hierby dat die Koor optree as ambassadeurs van die PU (PU-Koor, 1990:4).

Vervolgens die besinning oor die waarde van die Koor in terme van beeldbou; verryking en vermaak, soos aangedui in paragraaf 1.2.3.

6.12.1 Beeldbou

Vanaf die stigting van die Koor in 1971, toe dit vergelyk is met die “Ambassadeurskoor” van die Pretoriase Onderwyskollege, was die belangrikste doel van die Koor die “ambassadeursrol” wat dit moes vervul (Anon., 1971h:6).

Dit word in 1983 bevestig met die berig in *Wapad* na die Koor se toer, waarin daar gesê word: “Hoewel die eerste prioriteit van die koor is om die PUK se naam musikaal uit te dra, het hulle tydens die toer van 6 000 km ’n rekordbedrag ingesamel” (Anon., 1983i:10). Bütow, studenteadviseur: kultuur, bevestig dit ook in sy verslag vir die tweede semester van 1985: “Behalwe vir die uitstekende reklame vir ons Universiteit, kon die Koor spesiale werwing onder skoolkinders doen” (Bütow, 1985d:2).

Thys Odendaal, resensent van die *Beeld,* skryf ’n gloeiende resensie nadat hy ’n konsert van die Koor in die Konservatoriumsaal bygewoon het. (Dié konsert het in 1985 plaasgevind, maar die knipsel in die PU-Koor plakboek is datumloos.) “Die koor van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO is artistiek gesproke sekerlik een van die spogprodukte van die dorp. Potch het al besonder bekwame musici opgelewer en die koor is ongetwyfeld ’n beeld van die gehalte van die werk wat op dié kampus gelewer word” (Odendaal, 1985). Odendaal raps na die Potchefstroomse publiek en sê dat die “Potch-mense (staan) maar redelik onsimpatiek teenoor hul Universiteitskoor. Die gehalte van die koor regverdig vol sale. Dis ’n spogproduk” (Odendaal, 1985).

Nie alleen het die sang van die Koor vir die Universiteit goeie reklame in die sak gebring nie, maar die optrede van sy lede is ook tot sy voordeel. In 1985 was GW de Ridder van Keetmanshoop die skakelpersoon wat verantwoordelik was vir die uitplasing van koorlede tydens die Koor se besoek aan dié dorp. Hy skryf daarna aan die “kultuuradviseur” en sê: “Ek het elke gaste-ouer persoonlik geskakel nadat die koorlede vertrek het. Ek het van almal uiters positiewe kommentaar ontvang oor studente wat by hulle tuisgegaan het. U koorlede is waardige ambassadeurs vir hulle Universiteit” (De Ridder, 1985).

Bütow (1987d:4) reken twee jaar later: “Die Koor is ’n juweel van ons Universiteit.” Na afloop van die toer na die Suid-Kaap in Desember 1987 skryf Awie van Wyk in sy toerverslag dat die publiek se reaksie oorweldigend positief was. “Stoere Matie-ouers is vas van plan om hulle kinders na die PUK te stuur. Die meeste komplimente ooit” (Van Wyk, 1987).

Die teks vir ’n brosjure oor die Koor wat in 1991 saamgestel is, stel: “Die Koor is die ‘ernstige’ beeldbou venster van die Universiteit, wat ook poog om deur musiek die Christelike karakter van die Universiteit uit te dra. ‘Ernstige’ in die konteks dui eerder op kunsmusiek as op swaar musiek” (PU-Koor, 1991a).

Pieter van der Westhuizen skryf in 1994: “Die dirigent en sy koorlede is waarlik uitstekende ambassadeurs vir u Universiteit en u kan werklik besonder trots op hulle wees. Hulle het getoon dat die PU vir CHO beslis oor ’n mooi klomp jongmense beskik wat vir die toekoms van ons land ’n baie mooi belofte inhou!” (Van der Westhuizen, 1994).

In 1998 beskryf die Koor sy missie as “om op te tree as ambassadeur van die PU vir CHO en dra deur musiek die Christelike karakter van die Universiteit uit. Die Koor stel hom verder ten doel om die waardering vir koormusiek by die algemene publiek te bevorder en om aan studente die geleentheid te gee om hul sangtalent uit te leef” (PU-Koor, 1998:2).

In sy verslag aan die rektor skryf dr Hans de Ridder, wat saam met sy vrou die toerouers was:
Die laaste aand het die Koor opgetree in die Spectrum-teater in Witbank, waar ons ’n briljante konsert gehad het wat jou die hele tyd laat voel het jy sit êrens in Europa in ’n katedraal. Tydens hierdie konsert het ek net weer onder die indruk gekom dat ons werklik ’n koorleier en Universiteitskoor van wêreldgehalte het. Awie was soos gewoonlik ’n heerlike fees. Altyd vol energie en met ’n musikale vermoë wat die meeste mense se monde laat oophang. Soos verlede jaar was dit opvallend hoe mense letterlik agter die Koor aanry van optrede tot optrede en net nie genoeg kan kry van die musiek nie (De Ridder, 1999).

Die besluit wat die kampusbestuur in 2008 geneem het om die Koor die geleentheid te bied om elke drie jaar oorsee te toer in plaas van vyf jaar, soos voorheen die geval was, dui ook daarop dat die kampusbestuur gereken het dat die rol wat die Koor vervul om die Universiteit oorsee bekend te stel die uitgawe loon (Bütow, 2008:2).

In die mate wat die Alabama Studentegeselskap as bemarkingsinstrument vir die Universiteit benut is, is die Koor nie gebruik nie. Dit blyk egter dat sedert die rektorstermyn van prof CJ Reinecke, wat in 1989 ’n aanvang geneem het, die Koor tydens amptelike geleenthede op die kampus opgetree het, insluitende gradeplegtighede (PU-Koor, 1991a; PU-Koor, 1994a). In 2001 het die Koor opgetree by gradeplegtighede (18 Mei en 21 September), die “Puk verjaardag” (17 Maart), die PUK Opedag (1

Mei), twee “PUK Optredes” op 3 en 5 Mei en tydens die afsluitingskonsert (19 Oktober) en Rektorskonsert (21 Oktober) (PU-Koor, 2001:9). In 2013 het die Koor ondermeer op die kampus tydens die Doktorsgradeplegtigheid op 11 September en die reünie van eerstejaars van 1963 (8 November) opgetree (PU-Koor, 2013a). Sodoende is die Koor benut om “luister” aan spesiale geleenthede te verleen. Die gebruik word steeds voortgesit.

6.12.2 Verryking

Dit sal egter eensydig wees om te beweer dat die Koor se enigste waarde was om as bemarkingsinstrument of “ambassadeur” vir die Universiteit op te tree. Die Koor blyk nie net die lewens van sy lede te verryk nie, maar ook dié van mense wat sy musiek hoor. Die waarde en bydrae wat die Koor gehad het om Suid-Afrikaanse koormusiek te verryk kan ook nie uitgesluit word nie.

6.12.2.1 Verryking in die lewens van sy lede

Gridley *et al.* (2011:5) kom tot die gevolgtrekking dat dit voordele vir ’n persoon inhou om in groepe saam te sing en vat dit as volg saam:

- *increased self-confidence, empowerment, wellbeing and interpersonal skills*
- *a general lifting of the spirits and a sense of joy and accomplishment*
- *lowered feelings of social isolation, depression and anxiety*
- *increased social capital through participation in social, cultural and community activities*
- *denser social and friendship networks* (Gridley *et al.,* 2011:5)

Navorsing wat deur Chorus America gedoen is, bevestig hierdie bevindings. In hulle studie is bevind dat skoolkinders wat in kore sing beter presteer as dié wat nie sing nie. Ouers van dié kinders bevestig dat hulle kinders meer kwaliteite het wat bevorderlik is vir hulle vermoë om te leer en skolasties te vorder. Dié kinders is ook beter spanspelers en het beter sosiale vermoëns as kinders wat nie lede van kore is nie. Ook vir volwassenes wat in kore sing, hou dit voordele in. Chorus America het bevind dat hulle toegewyde ondersteuners van die kunste oor ’n wye front is. Koorlede is ook makliker geneig om as vrywilligers die samelewing tot diens te wees en is ook meer geneig om ’n lid van ’n kerk, moskee of sinagoge te wees (Chorus America, 2009:4).

Barret se ondersoek na die waarde van koorsang in ’n Suid-Afrikaanse konteks bevestig internasionale bevindings (Barret, 2007). “Die studie ondersoek die motivering van mense wat in kore wil sing en verder die redes waarom hierdie motiverings sal verskil van kultuur tot kultuur. Die agtergrond van die verskillende kulturele identiteite in Suid-Afrika word bespreek om vir die groepering van kore in verkillende taal- en kulturele groepe voorsiening te maak” (Barret, 2007:ix). Die studie is gedoen deur middel van vraelyste gerig aan koorlede van kore met lede uit die

verskillende bevolkingsgroepe. Barret kom tot hierdie gevolgtrekking: “The value of singing in a choir is both vast and endless. The most important aspect derived from the questionnaires is that it brings people together no matter their age, race, language preference or occupation. Singers tend to be happier after singing and lifelong friendships are formed within choirs. Social capital plays a pivotal role in the choral setup, creating a caring people that are well connected, healthy and happy” (Barret, 2007:71).

Dié positiewe invloed wat koorsang op die lede van die PU-Koor het, blyk uit ’n opmerking wat Van Wyk in 2003 aan *Kampusnuus* gemaak het. In antwoord op ’n vraag of dit swaar is om afskeid te neem van koorlede wat klaar studeer het, meld hy:
Die laaste kooroptrede van elke jaar is altyd ’n vreeslike gedoente. Ons almal raak tog te melodramaties, emosioneel en huil vreeslik. Ek dink dis omdat die invloed wat koorsang op die studente het, lewenslank bly – dit maak die emosies soveel intenser. Daar is oomblikke wat my altyd sal bybly. Die student wat ná ’n optrede in sy tuisdorp vertel dat sy pa daar vir die eerste keer gesê het hy’s trots op hom. Die student van ’n plattelandse dorp wat sê dat die koor hom leer droom het (Steenkamp, 2003:4).

Dit word bevestig deur ’n artikel oor die Koor in die PU-Kaner 1:84: “Maar ook vir die musiekmakers self beteken hul koor-lidwees baie. Die Koor raak vir ons ’n soort tweede tuiste op die kampus, sê een student. Vir my was die koor ’n geestelike rigsnoer, erken ’n ander” (Anon., 1984j:47).

Die huidige koorleier, Kobus Venter, spreek hom as volg uit op die vraag: “Kan jy sê wat Awie vir jou beteken het as koorlid?”

Hy het ons lewens verander. Hy het ons lief gemaak vir musiek. Koormusiek, klassieke musiek en vir ons elke jaar op ’n musikale reis geplaas met die repertorium. Dit was voorwaar ’n voorreg om onder hom te sing (Venter, 2014b).

6.12.2.2 Verryking van die gehoor

Die waarde wat die Koor vir sy gehoor gehad het, blyk duidelik uit Van Wyk se mededeling oor die belewenis van die Slowaakse violis (Kyk na 6.5.2).

In sy toerverslag van die Koor se toer na Mpumalanga in 1999, skryf dr Hans de Ridder aan die rektor: *By etlike geleenthede het ons op ’n informele wyse vir die bejaardes gesing en ook in Pietersburg vir ’n klomp verstandelik gestremdes, wat ons almal aan die hart gegryp het. Tydens veral sulke optredes is ’n mens oneindig trots op die studente, want die manier hoe hulle hierdie mense hanteer en die liefde wat hulle uitstraal en verkondig is ongelooflik. Awie het ’n manier om die studente nie in koorformasie te laat staan tydens hierdie optredes nie, maar hulle tussen die mense*

te laat staan, met 'n hand op hulle skouer. Ek kan nie vir Prof in woorde vertel wat dit vir die bejaardes beteken nie (De Ridder, 1999).

Nog twee kere waaruit die verryking wat die Koor vir sy gehoor blyk, word hier weergegee:

(1) Met 'n oorsese besoek het die koor in Stuttgart in Duitsland in die Altstadt gesing. Soos die Koor se gebruik is, het hulle aan die einde van die uitvoering tussen die gehoor in beweeg en by mense gaan staan en hulle hande op die gehoor se skouers gesit en 'n seënbede gesing. Na die uitvoering het 'n man na Awie toe gekom en vertel dat niemand in 30 jaar nog aan hom geraak het nie. Die koorlid wat by hom kom staan het en haar hand op sy skouer gesit het, was die eerste een (Van Wyk, 2014).
(2) Volgens koorleier Awie van Wyk, het 'n lid van die gehoor by geleentheid na hom gekom en gesê: "Awie as julle die psalms so sing was ek halfpadopgeruk na die hemel" (Van Wyk, 2014).

6.12.2.3 Verryking van die wyer gemeenskap en Suid-Afrikaanse koormusiek

Rutter onderskryf dié waarde wat koormusiek vir die individu het, maar meen dat daar 'n ryker waarde is: "Choral music is not one of life's thrills. It is something that goes to the very heart of our humanity, our sense of communities and our souls. You express when you sing your soul in song and when you get together with a group of other singers, you become more than the sum of the parts. All of those people are pouring out their hearts and souls in perfect harmony which is kind of an emblem for what we need in this world, when so much of this world is at odds with itself" (Rutter, 2015).

Die PU-Koor se bydrae om harmonie te bewerkstellig in die wyer Suid-Afrikaanse gemeenskap blyk eerstens uit die vroeë pogings wat Van Wyk en die Koor aangewend het om brûe te bou tussen die verskillende volke in Suid-Afrika. So vroeg as 1978 het die Koor die plaaslike swart woongebied van Potchefstroom, Ikageng, besoek vir 'n aand van koorsang. In 1983 is 'n besoek gebring aan die Universiteit van Bophuthatswana en die lied wat later deel van die volkslied van die "nuwe" Suid-Afrika sou word, "Nkosi Sikelel' iAfrika," is in 'n gesamentlike uitvoering gesing (kyk na paragraaf 6.5.2). In 1993 het die Koor 'n Tswana-lied geleer om in Oostenryk te gaan sing (kyk na 6.7.3).

Volgens De Beer en Shitandi (2012) het Afrikane gou Westerse styl van koorsang aangeleer, veral omdat gewyde liedere saam in kerke gesing is. Hierdie gewyde liedere is later aangepas om by praktyke van Afrika-koorsang aan te pas. "These hymns were later transformed into new African choral styles by being adapted to African practices, including language, parallel movement between voices, responsorial elements, and rhythmic alterations, through the inclusion of dances or instrumental accompaniments" (De Beer & Shitandi, 2012:186). Hulle vervolg dat Europese kore in

Afrika nie hierdie nuwe vorm van koraalmusiek aangeneem het nie en steeds funksioneer op ’n tipiese Europese wyse. Dit kan tot ’n sekere mate waar wees, maar nie wat beweging betref nie. Volgens Van Wyk (2014) was die PU-Koor die eerste een wat begin het om ritmies te beweeg terwyl hulle sing. “Ons het daarmee begin en alle kore doen dit deesdae,” vervolg Van Wyk (2014).

Hieruit blyk dit dat die PU-Koor ’n pionier was in die insluiting van Afrika-musiek en -style in hulle programme. Dit is ’n algemene tendens ook by universiteitskore en wys dat musikale tradisies dinamies is en veranderings in ’n samelewing weerspieël. Dit het ongetwyfeld die koormusiekskat verryk en het ’n unieke karakter aan Suid-Afrikaanse koormusiek gegee wat anders is as die res van die wêreld. Die waardering daarvoor in die buiteland blyk duidelik uit die uitstekende reaksie op die Koor se optredes, veral tydens die twee deelnames aan die Spittal-fees in Oostenryk. (Kyk na paragrawe 6.7.3 en 6.7.6.)

6.12.3 Vermaak

Van Wyk het in 1984 aan die *PU-Kaner* gesê: “Ons probeer ’n baie gebalanseerde program van vrolike en gewyde musiek saamstel sodat almal dit kan waardeer . . . Dit bly vir my een van die mooiste komplimente as mense ná ’n uitvoering sê hulle het so lus gehad om saam te sing.” Van Wyk vervolg: “Die gehoor geniet gewoonlik die tweede, vrolike deel van die program vreeslik” (Anon., 1984j:46).

Die vermaaklikheidswaarde van die Koor bestaan egter nie net uit die insluit van “vrolike” musiek in hulle program nie. Die hoogstaande kwaliteit van sang waarvoor die Koor bekend geword het, het sy eie vermaaklikheidswaarde, soos blyk uit die talle staande toejuigings wat die Koor oor die jare gehad het (Anon., 1984j:46; Jooste, 1993:10; Coetzer, 1993; Viljoen, 1998c:8; Bütow, 2011a:2).

6.13 Ten slotte

Van wankelende beginjare, waarin die Koor enkele kere ophou bestaan het, het die Koor gegroei tot een van die “Universiteit se beste en belangrikste kultuurbates,” aldus Bütow (1987a). Die onlangse internasionale prestasies van die Koor dui daarop dat die NWU-PUK-Koor van wêreldgehalte is.

HOOFSTUK 7
Serenaders

7.1 Inleiding

As die Potchefstroom University Serenaders is dié koor in 1994 gestig, op inisiatief van twee eerstejaarstudente, hoofsaaklik om Afrika-musiek op die kampus te bevorder (PU Serenaders, 1997?). Sedert sy ontstaan het die Serenaders se hooffokus die deelname aan koorkompetisies geword (PU Serenaders, 2016). Volgens sy konstitusie was die oorspronklike naam van die groep die "Potchefstroom University Serenaders," maar dit staan teen 2014 bekend as die NWU-PUK Serenaders (PU Serenaders, 1996a; PU Serenaders, 2016). Om omslagtigheid te voorkom sal daar hierin verwys word na "die Serenaders" of "die Groep". Alhoewel die Serenaders 'n koor is, sal dié term nie gebruik word nie om dit te onderskei van die PU-Koor.

7.2 Agtergrond tot die stig van die Serenaders

7.2.1 Groepsang in Afrika

Aangesien die Serenaders in hulle konstitusie verklaar dat een van hulle doelstellings is om Afrika-musiek te bevorder, is dit nodig om te kyk na die ontwikkeling van groepsang in Afrika (PU Serenaders, 1996a:2).

Volgens De Beer en Shitandi (2012:185) is groepsang in Afrika beoefen lank voor kolonisasie en daar is geen bewyse of verklarings oor hoe dit ontwikkel het nie. Voorts was en is groepsang steeds deel van die gemeenskappe waar dit gereeld beoefen word. Hulle vervolg: "The presence of choral forms of African traditional music is exemplified by its social and communal aspects." De Beer en Shitandi stem saam met Hauptfleisch wat bevestig dat gemeenskappe in Afrika musiek as 'n sosiale gebeurtenis beskou (1992:4). Die geskiedenis van die gemeenskap word dikwels as mondelinge tradisie in die vorm van liedere, byvoorbeeld prysliedere vir tradisionele leiers, van geslag tot geslag oorgedra.

Hauptfleisch vervolg: "The music is created by the group of individuals present and is not experienced as an earlier completed work which is only later performed. It is in the first instance a process and not a work of art as defined by Western music aesthetics" (1992:4).

Kooraktiwiteite het egter meer modern en formeel geword met die toename van Westerse invloed. De Beer en Shitandi (2012:186) reken dat Afrikane maklik aangepas het by die Westerse tradisie van koorsang, wat na Afrika gebring is deur sendelinge. Dit is hoofsaaklik weens die talle ooreenkomste

tussen die twee, insluitende die sosiale aspek daarvan om saam te sing, die polifoniese struktuur van die musiek en die doel van die musiek om ’n sosiale (religieuse) aktiwiteit te bevorder, soos die samesang van Christelike gewyde liedere (2012:186). Die koms van Europese immigrante het gelei tot die stig van kore en koorverenigings (Hauptfleisch, 1992:4). Die samevloei van die twee strome het aan die begin van die 20ste eeu gelei tot wat De Beer en Shitandi “Modern African choral music” (MACM) noem. Waardering vir hierdie vorm van musiek het egter eers in die 1950’s na vore gekom (2012:186).

Koorsang, reken De Beer en Shitandi, het veral in die gebied suid van die Sahara beide ’n formele en informele wyse geword waarmee mense kulturele en kontemporêre ruimtes kan “navigeer” en reken dat dit dié kulturele aktiwiteit is waaraan die meeste mense op die kontinent deelneem (2012:189). Dit het gelei tot die totstandkoming van talle musikale geleenthede soos konserte en koorfeeste. Een hiervan, die Ou Mutual Nasionale Koorfees, het in 1978 die eerste keer plaasgevind (Lekhehle, 1998:1). Dit is ’n koorfees waaraan die Serenaders by herhaling met groot welslae deelgeneem het.

In ’n brief in 1995 beveel Sjoerd Alkema, visepresident van dié vereniging, deelname aan die Ou Mutual Nasionale Koorfees by lede van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging (SAKV) aan. Hy skryf dat die Ou Mutual Nasionale Koorfees die breinkind van prof Khabi Mngoma was. Hy het “’n droom gehad” om ’n koorfees op die been te bring wat die talente van kore in Suid-Afrika sou reflekteer. Die eerste projek is in 1978 op klein skaal en onder moeilike omstandighede geloods. In 1987 het Ou Mutual medeborg van die geleentheid geword en is sedert 1993 die alleenborg. Vandag is die kompetisie ’n gebeurtenis wat tot 10 000 entoesiastiese ondersteuners by die finale rondte in die Standardbankarena in Johannesburg betrek. Alkema skryf dat Koorfees uit werkswinkels en ’n kompetisie bestaan. “Die kompetisie word in twee fases afgehandel: streeksuitdunne in elk van die nege provinsies en die finale kompetisie in die Standardbankarena in Johannesburg. In 1994 het 304 kore landswyd deelgeneem. Kore kan in een van twee kategorieë inskryf: ’n kategorie vir standaardkore en ’n kategorie vir groot kore. Verskillende werke word in elke kategorie voorgeskryf” (Alkema, 1995). Die Ou Mutual Koorfees word beskou as die oudste aaneenlopende koorfees in Suid-Afrika en buiten streeksuitdunne in die nege provinsies van die RSA, word uitdunne ook gehou in Lesotho, Botswana, Zimbabwe en Swaziland, wat dit die grootste koorfees in die state van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap maak, aldus die webblad van die koorfees, dogreatthings.co.za (2016).

Groepsang in Afrika het ook plaasgevind op universiteitskampusse. Die eerste koor aan ’n universiteit in Suid-Afrika was dié van die Universiteit van Stellenbosch, onder leiding van William

Morris (Hauptfleish, 1992:6). Die eerste koor aan die Potchefstroomse Universiteitskollege is in 1944 gestig onder beskerming van die PUK-Musiekvereniging (Malan, 1944:30). Nadat dié koor doodgeloop het, is daar vir die derde keer in 1971 ’n koor aan die PU vir CHO gestig, wat steeds bestaan as die NWU-PUK Koor (kyk na hoofstuk 6).

Inaggenome die feit dat die Serenaders hulle dit ten doel gestel het om die musiek van Afrika te bevorder en die feit dat die Groep bestaan het uit studentegroepe inheems aan Afrika, is dit nodig om ’n oorsig te gee oor die teenwoordigheid van ander studente as die tradisioneel eksklusief blanke studente aan die Universiteit.

7.2.2 ’n Kort oorsig oor die oopstelling van die Universiteit vir alle kultuurgroepe

Terwyl prof J Chr Coetzee in die laat vyftigerjare rektor van die PU vir CHO was, is die meeste tersiêre opvoedkundige sentra wat gerig was om blankes te onderrig wetlik verhinder om studente van ander kultuurgroepe toe te laat. Die enigste universiteite wat wel dit kon doen was die sogenaamde “oop universiteite”: Natal, Witwatersrand en Kaapstad (Van Eeden, 2006:58). Ander studente as blankes kon egter vanaf die PU vir CHO se selfstandigwording in 1951 nagraads aan die Universiteit studeer, die eerste Afrikaanse universiteit wat dié besluit geneem het. Sedert 1973 is vergunnings deur die Raad van die Universiteit gemaak om dit meer toeganklik vir studente van alle kultuurgroepe te maak. Dit is met omstredenheid onder die PU vir CHO se ondersteuningsbasis begroet, veral nadat daar in 1983 besluit is om die Universiteit voorgraads, maar met sekere voorwaardes, ook vir “anderskleurige studente” oop te stel (Van Eeden, 2006:64). Die onvoorwaardelike oopstelling van die Universiteit het in 1987 gevolg. “Daarmee was die PUK die laaste historiese Afrikaanse universiteit wat die toelating gefinaliseer het, en tog ironies genoeg, die eerste Afrikaanse universiteit om swart nagraadse studente toe te laat” (Van Eeden, 2006:67).

Die Universiteit se inwoningsgeriewe is volgens ’n raadsbesluit op 26 April 1992 vir alle rassegroepe oopgestel (Van Eeden, 2006:74). Die toenemende teenwoordigheid van studente van alle kultuurgroepe op die kampus en die Universiteit se veranderende houding teenoor die beoefening van kuns en kultuur (soos meer omvattend uiteengesit in paragraaf 2.6) het in 1994 die tafel gedek vir die stigting van die Serenaders.

Die uittredende studentedekaan, prof PJJS Potgieter, gee in 2000 in *Die Besembos* ’n terugblik oor die transformasie wat in die studentelewe plaasgevind het.

Die politieke transisie wat in 1993/1994 in die land plaasgevind het, was ook die begin van ’n taamlike stormagtige tyd op die kampus. In die styl van die nuwe politieke kultuur het daar etlike optogte en betogings plaasgevind wat daarop gemik was om die behoeftes en belange van die

studente en werkers uit die voorheen benadeelde gemeenskappe onder aandag van die Universiteit te bring (Potgieter, 2000:4).

Potgieter vervolg dat betogings en optogte gelei het tot die skep van ’n forum, later bekend as die Breë Transformasieforum. Al die rolspelers en belangegroepe kon hieraan deelneem aan ’n gestruktureerde proses om fundamentele aspekte van die Universiteit te herevalueer en voorstelle vir verandering te maak, indien nodig.

Die ontstaan van die Serenaders in 1994 het duidelik gestaan in die teken van die gees van verandering wat daar in dié jare op die kampus geheers het.

7.3 Historiese ontleding van die Serenaders

7.3.1 Die ontstaan van die Serenaders

’n Gesprek wat op inisiatief van onder meer twee studente, Tshidiso Mahloane en Shepstone Lerefolo, met die hoof van die Departement Kultuur, Horst Bütow, plaasgevind het, het gelei tot die stigting van die Serenaders. Volgens Bütow het dié gesprek oor hulle kulturele behoeftes gegaan (Bütow, 1994a:5). Dit het op 15 Augustus 1994 gelei tot die stigting van die PU Serenaders, terwyl die Groep amptelik bekendgestel is op 19 September 1994 (PU Serenaders, 1996a:1).

Hul konstitusie beskryf die Serenaders as ’n koor met man- en damestemme. Lede van die Serenaders moet bona fide studente van die PU vir CHO wees en kan slegs lid word as hulle na ’n oudisie gekeur word. As studenteliggaam het die Serenaders die patronaatskap van die Sentrale Studenteraad ontvang (PU Serenaders, 1996a:1).

In sy konstitusie het die Serenaders dit onomwonde gestel dat hulle nie van plan is om teen die PU-Koor te kompeteer nie. “Rather we would like to work hand in glove with the PUK Koor.” Die Serenaders het as hulle leuse gekies: “Let’s Sing and Rejoice” (PU Serenaders, 1996a:1).

Die hoë ideale wat die stigters vir die groep gehad het, blyk uit die missie en visie wat in ’n versoek om borgskap uiteengesit is:

MISSION

The Serenaders believe that cultural awakening, respect and tolerance will help to build a strong, united and confident rainbow nation of South Africa. The choir further does not believe in confusing culture with politics and this can be seen in its constitution. . . The mission of the choir is to

1. Promote African and South African traditional music

2. Promote good inter-cultural relations between students and the society we live in and also the larger South African community.

VISION

As it is our aim to let the multicultural nation of South Africa to understand and respect the diverse [*sic*] of *cultures, we want the Serenaders to be popular in the entire country, that it can be easier for us to spread and share the same feeling with the majority of the people in the country.*
We want the Serenaders to be one of the most respected traditional choirs in the country. As part of our vision we want to travel across the country as well as across the whole world, presenting the beauty of African traditional music. We want South Africans to really be culturally proud of their multi-cultures and thereby having the world also to respect them for that (PU Serenaders, 1996a:1).

'n Brief wat die Serenaders onder studente bekendstel, bevestig die doelstelling om kulturele bande te bou en sê ook: "Culture is the joining force of nations, the joining of diverse political groups and unbelievingly so the joining force of students from different backgrounds, ethnic groups and colours." Om by die Serenaders aan te sluit sou ook nog voordele inhou: "It holds for all the Pukke a relaxed life, relieves all the stress from swotting. It is an absolute alternative to boredom and you will never regret joining the choir" (PU Serenaders, 1995).

Die konstitusie van die Serenaders brei hierop uit en stel dit dat dit benewens om Afrika-musiek te bevorder, die volgende doelstellings het:


To promote the social life of the students
To determine and use the God given talent
To build and ensure the continuity of African culture through singing (PU Serenaders, 1996a).

Die eerste optrede van die Serenaders was op 10 Oktober 1994, toe hulle as gaskoor tydens die Enkelsêr-kompetisie in die Sanlam-Ouditorium opgetree het. Daarop het 'n optrede tydens die Akkerfees by die Bult-winkelkompleks gevolg.

Bütow berig in sy jaarverslag vir 1994 oor die Serenaders en sê dat die studente "hierdie saak met entoesiasme en erns" bejeën. "Daar word verwag dat daar in 1995 nog baie van hierdie koor gehoor sal word." Hy vervolg dat die Departement Kultuur "ernstige aandag" aan die verdere ontwikkeling van die groep en finansiële ondersteuning gee. Die koorleiers van die groep was Michael Dingaan en Ada Motai en volgens Bütow was hulle grootliks bepalend vir die sukses van die Serenaders (Bütow, 1994a:5).



ILLUSTRASIE 7.1
DIE EERSTE ONTWERP VAN 'N EMBLEEM VIR DIE SERENADERS (PU SERENADERS, 1994).




ILLUSTRASIE 7.2
SO HET DIE SERENADERS SE EMBLEEM IN 1995 GELYK (PU SERENADERS, 1995).



ILLUSTRASIE 7.3
TEEN 1999 HET DIE SERENADERS SE EMBLEEM SÓ GELYK (PU SERENADERS, 1999B).

Michael Dingaan se musiekloopbaan het in 1988 'n aanvang geneem het toe hy 'n lid van die Kwa-Thema Koor was. In 1990 het hy ingeskryf om musiek te studeer aan die Oos-Randse Skool vir Musiek. Dié jaar was hy een van die soliste in 'n uitvoering van *Die Schöpfung* van Haydn, wat begelei is deur die Transvaalse Filharmoniese Orkes. Nadat hy in 1992 'n lid van TRUK se "Open Chorus" geword het, was hy in 1993 die deeltydse dirigent van die KwaThema Koor toe hulle onderskeidelik tweede en derde plek behaal het in twee kategorieë van die Metropolitan Koorkompetisie. In 1994 was hy lid van die Nasionale Jeugkoor van Suid-Afrika en het dié jaar ook aan die PU vir CHO ingeskryf (Dingaan, 1995). Nadat hy 'n "Certificate in Labour Relations" (1996) en 'n "Advanced Certificate in Labour Relations" (1997) verwerf het, het hy die volgende jaar 'n Universiteitsdiploma in Musiek, met hoofvakke Sang, Musiekpedagogiek en Musiekteorie, aan die PU vir CHO voltooi. Dingaan se veelsydigheid blyk daaruit dat hy sestalig is (Dingaan, 1999:4). Na hy afstudeer het, was hy studentedirigent van die Drakensbergse Seunskoor en dirigent van die Nasionale Jeugorkes. Hy was in 2003 die koorleier van die Randse Afrikaanse Universiteit Chorale en 'n omroeper op ClassicFM (Who's who in South Africa, s.a.).

Volgens Bütow (1999b) is Dingaan as dirigent van die Serenaders aangestel weens sy uitsonderlike talent as sanger en sy ervaring as dirigent. Hy het musiek vir die Serenaders gekomponeer wat groot byval by gehore gevind het. Benewens die Serenaders, was hy by verskeie studente-organisasies betrokke en het as student 'n groot bydrae gelewer "by bringing together and creating an understanding of the different cultures among all students". Dingaan se prestasies het daartoe gelei dat hy versoek is om op te tree as mederegisseur van die Variété-konsert (Bütow, 1999b).



ILLUSTRASIE 7.4
MICHAEL DINGAAN WAS DIE EERSTE DIRIGENT VAN DIE SERENADERS. HY HET IN 1996 AAN DIE TALENTFEES DEELGENEEM WAARNA HIERDIE FOTO IN *WAPAD* VERSKYN HET (FOTOGRAFIESE DIENSTE, 1996).

Hul eerste optrede van 1995 was tydens die Serenaders se oefenkamp by die Oosthuizen-kampterrein van die PU vir CHO. Tydens ’n konsert het die PU-Koor en die koor van die Noordwes Kunsteraad saam met die Serenaders opgetree (Bütow, 1995b:7).

Dié konsert is gevolg deur twee optredes as gaskoor, eers tydens ’n musiekfees in die Sanlam-Ouditorium en daarna tydens die Kampustalentfees op 19 Mei. Dié jaar was hulle een van drie kore wat opgetree het tydens Variété, ’n konsert wat aangebied is onder beskerming van die burgemeester van Potchefstroom. Die groep het deelgeneem aan ’n multikulturele fees in Klerksdorp in September, gevolg deur hulle eerste deelname aan ’n streeksuitdun van die Ou Mutual Nasionale Koorfees in Mmabatho.

Oor die jare het die Serenaders by verskeie amptelike geleenthede op die kampus van die Universiteit opgetree. Een van die eerste daarvan was hul laaste optrede in 1995, tydens die jaareindfunksie van die Universiteit op 7 November (PU Serenaders, 1996b).

7.3.2 Deelname aan koorkompetisies


Die deelname aan die streeksuitdun van die Ou Mutual Nasionale Koorfees in die tweede jaar van hulle bestaan was die eerste van ’n reeks deelname van die Serenaders aan dié en ander koorfeeste en -kompetisies en wat later sou lei tot ’n nasionale oorwinning.

Die deelname aan die Ou Mutual Koorfees in Mmabatho het gevolg nadat ’n opname van hul sang vir die kompetisie ingeskryf is en hulle uitgenooi is om aan die streeksuitdun deel te neem (PU Serenaders, 1996b).

Beoordelaarskommentaar, in reaksie op die opnames wat ingestuur is om aan die Ou Mutual Nasionale Koorfees deel te neem, het sekere tekortkominge uitgewys, maar was positief. Daar word onder meer gesê: “The choir shows tremendous promise and should continue,” en na kritiek

“otherwise an enjoyable performance” (Old Mutual National Choir Festival, 1995). Volgens Bütow het hulle ’n vierde plek in dié streeksuitdun behaal (Bütow, 1995b:7).

In 1996 het die Serenaders ook aan die ATKV Koorfees deelgeneem, maar uit die 65 kore wat deelgeneem het, was hulle nie een van die agt wat na die eindrondte deurgedring het nie (Wepener, 1996). Hierop word in 1997 met rasse skrede verbeter toe die Serenaders een van die vier gemengde volwasse kore was wat na die eindrondte van die ATKV Koorfees deurgedring het (Wepener, 1997). Die Serenaders het ook in 1998 aan die ATKV Koorfees deelgeneem, maar was dié keer nie een van die finaliste nie (Wepener, 1998). Met Derick Pule as dirigent, het die Serenaders in 1998 ook aan die SATICA-kompetisie deelgeneem en ’n derde plek in dié kompetisie behaal (PU Serenaders, 2004). Dié jaar was Clive Kgoro die voorsitter (PU Serenaders, 1998). Met Oupa Moloi as voorsitter in 1999 is daar dié jaar ook aan die ATKV-Koorfees deelgeneem (Moloi, 1999). In 2002 het die Serenaders opgetree tydens Imizwilili, ’n koormusiekprogram op die televisiestasie SABC 1 (PU Serenaders, 2004).



ILLUSTRASIE 7.5
OUPA MOLOI WAS VOORSITTER VAN DIE SERENADERS IN 1999. LINKS IS HORST BÜTOW WAT SEDERT DIE ONTSTAAN VAN DIE SERENADERS DIE GROEP MET RAAD, OPLEIDING EN ONDERSTEUNING BYGESTAAN HET. HY WAS OOK IN 2004 DIE LEIER VAN DIE SERENADERS SE ENIGSTE OORSESE TOER NA DUITSLAND (BÜTOW, S.A.(A)).

Die Groep het ook in 2003 aan die ATKV Koorfees deelgeneem, waar hulle slegs in Afrikaans sou sing in dié kompetisie wat dit ten doel het om Afrikaans te bevorder. Om in Afrikaans te sing is ’n uitdaging vir die Groep, aldus Du Plooy in ’n berig in *Wapad*: “They are tackling the challenge head-on despite of the fact that Afrikaans is the second, third and even fourth language of the majority of the members” (Du Plooy, A., 2003:6).

Teen 2004 was die Serenaders se jaarlikse deelname aan die Ou Mutual Nasionale Koorfees deel van die normale jaarprogram van die groep (Bütow, 2004a:2).

Die Groep se deelname aan ’n koorfees van die ATKV vir kore wie se huistaal nie Afrikaans is nie, lei daartoe dat hulle die derde plek in dié kompetisie behaal, ná die Soweto Jeugkoor. Die kompetisie het in Port Elizabeth plaasgevind. Op inisiatief van die dirigent, Desmond Phuti, het die Serenaders ’n koorfees gereël wat plaasgevind het op die Potchefstroomkampus (Bütow, 2006:2).

Vanaf 2007 begin die Serenaders presteer in die Ou Mutual Koorfees. Dié jaar neem die groep nuwe konsertdrag in gebruik en behaal ’n derde plek in die nasionale kompetisie. Volgens Bütow behaal hulle ook ’n “uitsonderlike prestasie” by die ATKV Applous Koorfees, terwyl twee lede gekeur word vir die Wêreldjeugkoor (2007a:2). Die volgende jaar behaal hulle ’n tweede plek in die streekuitdun van die Ou Mutual Koorfees, waar hulle teen 17 kore meeding en ook ’n “goeie prestasie” by die ATKV-Applous Koorfees (Bütow, 2008:2; NWU, 2008b).



ILLUSTRASIE 7.6
DIE SERENADERS IS IN 2008 DIE NAASWENNERS VAN DIE STREEKUITDUN VAN DIE OU MUTUAL-KOMPETISIE. BY HORST BÜTOW VAN PUK KUNSTE IS BONNY MASILO (ONDERVOORSITTER), AYANDA MATLAKALA (BATEBESTUURDER), YVONNE MYEKI (TESOURIER), TEBOGO MORUDU (SKAKELBEAMPTE), KATLEGO MOGALE (SEKRETARIS) EN COMFORT LESHOMO (VOORSITTER) (NWU, 2008B).



ILLUSTRASIE 7.7
TOE DIE SERENADERS IN 2010 VIR DIE TWEEDE KEER STREEKWENNERS VAN DIE OU MUTUAL-KOMPETISIE WAS, WAS DIE DIRIGENT KATLEGO MAPHAKELA EN DIE VOORSITTER COMFORT LESHOMO (SCHEPPEL, 2010A).

Die volgende jaar wen die Serenaders die streeksuitdun van die Ou Mutual-kompetisie teen agt kore, en het daarna in Pretoria aan die nasionale koorfees gaan deelneem (NWU, 2009c). Die vreugde wat die lede van die Serenaders uit hulle deelname aan kompetisies put, blyk uit Bütow se opmerking in sy verslag oor die aktiwiteite van PUK Kunste in die winterreses van 2010: "Kompetisies laat dié sangers se oë blink, en hulle lyk opgewonde en gereed vir wat voorlê" (Bütow, 2010e:1).

Onder leiding van Katlego Maphakela, die tweede jaar wat hy die Serenaders lei, wen hulle in 2010 die streekuitdun van die Ou Mutual Koorfees en word gekeur om in Desember aan die nasionale kompetisie deel te neem, waar hulle 'n negende plek behaal. Nuwe konsertdrag word geborg deur die visekanselier en die Serenaders neem ook deel aan die Kuesta Koorfees (Bütow, 2010a:3; Scheppel, 2010a).

In die streeksuitdun van die Ou Mutual Koorfees het die Serenaders 73 en 75 punte onderskeidelik vir hulle vertolking van Westerse en Afrika-musiek gekry. Die NWU-PUK Koor het ook aan dié kompetisie deelgeneem en net 'n punt minder as die Serenaders gekry (Do Great Things, 2010).


Met 'n oefenkamp tydens die Juliereses van 2011, gemik op voorbereiding vir die Ou Mutual-kompetisie, begin die Serenaders maande vooraf reeds om vir dié kompetisie voor te berei. Dit volg nadat hulle 'n koorkompetisie in Sedibeng by Vanderbijlpark gewen het (Bütow, 2011c:2). Die voorbereiding werp vrugte af, want Bütow (2011d) berig later in die jaar: "Na baie en intensiewe oefeninge en met behulp van oud-dirigente van die Serenaders het dié koor weereens daarin geslaag om die provinsiale been van die nasionale Ou Mutual-koorkompetisie te wen." Deelname aan die nasionale kompetisie blyk in die weegskaal te wees, want fondse moet ingesamel word om koste vir dié deelname te dek (Bütow, 2011d:2).

Daar was sukses op die arbeid, want Bütow berig in sy verslag vir September 2011 tot Januarie 2012: *'n Groot eer het hulle toe te beurt geval toe hulle vir die eerste keer daarin kon slaag om die nasionale kampioene te word deur in Desember dié kompetisie algeheel te wen. Om die prys te kon inpalm moes hulle die kategorie vir die beste Afrika-liedjie, gekomponeer deur 'n Afrika-komponis wen en die kategorie vir die beste Europese liedjie wen. Voorts het hulle daarin geslaag om ook nog die kategorie te wen vir 'n eie keuse liedjie en die koorleier het die prys gewen vir die beste koorleier van die nasionale kompetisie. (Patrick Motshabi, die koorleier van die Serenaders is 'n musiekstudent van die NWU). Hierdie is die grootste koorkompetisie in die land, en is voorwaar 'n buitengewone prestasie wat die Serenaders behaal het* (Bütow, 2011f:3).

Die Serenaders het 'n persentasie van 84% in dié kompetisie behaal, die enigste koor wat 'n persentasie bo 80% behaal het (Do Great Things, 2011).



ILLUSTRASIE 7.8
HIERDIE FOTO VAN DIE NWU SERENADERS, GENEEM TYDENS HUL DEELNAME AAN DIE OU MUTUAL KOORFEES, HET OP 11 JANUARIE 2013 OP HUL FACEBOOK-BLAD VERSKYN (TSOTETSI, 2013A).



ILLUSTRASIE 7.9
DIE NWU SERENADERS IN HUL DRAG VIR DIE UITVOERING VAN AFRIKA-MUSIEK TYDENS DIE 2012 OU MUTUAL KOORFEES. DIE FOTO IS OP 11 JANUARIE 2013 OP HUL FACEBOOK-BLAD GEPUBLISEER (TSOTETSI, 2013B).



ILLUSTRASIE 7.10
VAN DIE TROFEË WAT DIE SERENADERS OOR DIE JARE IN DIE KOORKOMPETISIES GEWEN HET. DIT SLUIT IN DIÉ VIR DIE BESTE AFRIKA-LIEDJIE EN VIR DIE BESTE DIRIGENT (GOUWS, 2014D).

Met ’n oefenkamp pas voor die nasionale kompetisie, is die Serenaders in 2012 nie die nasionale wenners van die Ou Mutual-kompetisie nie, maar doen steeds goed in hierdie kompetisie wat toe beskou is as die grootste koorkompetisie in die land. Hulle wen weer eens die streeksuitdun om in Desember in Durban aan die nasionale kompetisie deel te neem. Hier wen hulle die prys vir die beste dirigent vir ’n groot koor, beste koor in die standaard-kategorie, die beste Afrika-koor in die standaard-kategorie en ’n derde plek in die nasionale kompetisie. Die algehele wenners was Sweet Sounds met 85%, gevolg deur die Chitungizwa Harmony Singers met 77% en die Serenaders met 74% (Bütow, 2012e:1; Bütow, 2012c:2; Do Great Things, 2012).

In 2013 het die Serenaders die derde plek behaal in die nasionale kompetisie vir groot kore (PU Serenaders, 2013). Ander koorkompetisies waaraan die Serenaders deelgeneem het, sluit in SACMA, GACMA en NOWECMA (Serenaders, 2016).

Die besluit om die Serenaders die eerste keer in 1995 vir ’n koorkompetisie in te skryf het in die daaropvolgende twee dekades gelei tot talle pryse wat hulle in verskeie koorkompetisies ontvang het.

Dié pryse kon egter nie behaal word sonder dat talle uitdagings en struikelblokke oorwin is nie.

7.3.3 Uitdagings en mylpale in die bestaan van die Serenaders

7.3.3.1 Uitdagings

Inaggenome die veranderende kulturele klimaat aan die PU vir CHO, veral ten tye van die stigting en eerste bestaansjare van die Serenaders, het dit die Groep voor verskeie uitdagings gebring. (Kyk ook na paragraaf 2.5.)

Toepaslike kostuums wat die Serenaders in 1995 die eerste keer gedra het, het daartoe bygedra om dié Groep se voorkoms te laat pas by hulle sang as ’n Afrika-koor. Dié nuwe kostuums, wat spesiaal vir hulle gemaak is, is die eerste keer gedra tydens hulle deelname aan die Kampustalentfees (Fotografiese Dienste, 1995). Bütow skryf dat dié kostuums vir die groep van 45 teen ’n koste van R22 000 gemaak is en dat die rektor, prof CJ Reinecke, self betrokke was by die keuse van die materiaal. Dié inligting word vermeld in ’n brief aan die dekaan: Studenteburo met ’n versoek dat daar aan die Serenaders, nes aan die Koor en Alabama, ’n jaarlikse begroting toegestaan word. Hy beveel ook aan dat die lede van die Serenaders, nes dié van die Koor en Alabama, kultuurbeurse ontvang (Bütow, 1995c). In sy jaarverslag word die Universiteit bedank vir die finansiële ondersteuning om dié kostuums te laat maak (Bütow, 1995b:7).



ILLUSTRASIE 7.11
DIE SERENADERS HET IN 1995 AS GASKUNSTENAARS OPGETREE TYDENS DIE KAMPUSTALENTFEES. BY DIÉ GELEENTHEID HET HULLE OOK DIE EERSTE KEER HUL NUWE KOORDRAG GEDRA (FOTOGRAFIESE DIENSTE, 1995).

Bütow meld voorts in sy jaarverslag vir 1995 dat die uitnodigings wat ontvang is om op te tree by die amptelike afsluitingsfunksie van die Universiteit en die Variété-program "geweldig" deur die Groep waardeer is. Ten tyde van die skryf van sy jaarverslag, was die Serenaders in afwagting van hulle inskrywing om aan 'n koorfees in Spanje deel te neem. Opnames is na Spanje gestuur met die oog hierop. Dié toer het egter nie gerealiseer nie (Bütow, 1995b:7).

Nadat Bütow in 1995 aanbeveel dat die lede van die Serenaders kultuurbeurse ontvang, is die eerste groep Serenaders wat dit ontvang, dié van 1997 was. Die bedrag wat toegeken is het van student tot student verskil en het verband gehou met elke student se persoonlike insette, deelname, bydrae oor jare en posisie in die groep (Bütow, 1997a:1). Afgesien van die gee van kultuurbeurse vir lede van die Serenaders, meld Bütow ook in sy jaarverslag vir 1997 dat hy aanbeveel dat 'n borgskap vir die Serenaders gegee word. Hy meld dat dié aanbeveling gemaak word "na aanleiding van verskillende gesprekke, ondersoeke en moontlike oplossings" en dat "daar indringend" aandag aan gegee moet word (Bütow, 1997b:10).

Met talle van die Serenaders se lede wat ver van die kampus af woon, het dit sy eiesoortige eise gestel om te sorg dat almal gereeld oefeninge kon bywoon. In 1999 het ene Ernest Majela 'n betaling van die Serenaders ontvang, nadat hy lede van die Serenaders van Ikageng na die kampus vervoer het om saans oefeninge by te woon (Majela, 1999). Uit Bütow se jaarverslag vir dié jaar blyk ander uitdagings: "Alhoewel daar met baie moeite opleidingskampe vir die koor en bestuur gehandhaaf word, laat die algemene organisasie vanaf die studente se kant die groep nog heelwat in die steek.

Om die probleem op te los, is daar besluit om ook aan die dirigentskap ’n verandering te bring” (Bütow, 1999a:3). Ten spyte hiervan onderneem die Serenaders in Julie 1999 ’n toer na Lesotho. Die toer is vir die Groep gereël deur die Maseru Vocal Waves. Twee optredes is op verskillende plekke in Maseru gehou, terwyl daar ook op Mafeteng en Maputsoe opgetree is. Besoeke sou ook gebring word aan die Lesotho Hoogland Waterskema, Molimo Nthuse en die Suid-Afrikaanse Ambassade (PU Serenaders, 1999a).

In 2001 het opleiding vir die bestuur en lede van die Serenaders steeds voortgegaan. Aspekte wat by dié geleentheid bespreek is sluit in die opstel van ’n jaarprogram, prosedures vir die hantering van finansies, projekte, konserte en funksies (PU Serenaders, 2001). In 2002 het die Serenaders hul eie oefenlokaal bekom, toe ruimtes in die Heimat-gebou beskikbaar geword het. ’n Optrede by die toekenningsgeleentheid van die Farmasiestudente het komplimente ontlok. Prof CJ van Wyk bedank hulle vir ’n “puik en professionele optrede” en vervolg: “Hulle lewendige sang en beweging was vars en nuut en ons het dit terdeë geniet” (Van Wyk, 2002).

In Mei 2003 het een van die lede van die Serenaders, Elbie Venter, bedank nadat sy in ’n brief aan die Groep beweer het dat die Serenaders nie op standaard is nie en dat haar voortgesette lidmaatskap daarvan ’n vermorsing gaan wees. Die ingrypende aard van die inhoud van die brief het daartoe gelei dat die rektor van die PU, dr Theuns Eloff, haar persoonlik geantwoord het.

In Venter (2003) se brief aan die Serenaders op 7 Mei maak sy bewerings van onprofessionele optrede en ’n gebrek aan behoorlike organisasie. Dit spruit voort uit ’n optrede wat die Serenaders, enkele dae voor die skryf van die brief, in die Tlokwe-saal in Ikageng gehad het. Venter beweer dat die optrede nie behoorlik geadverteer is nie en dat die lede net ’n week tyd gehad het om kaartjies te verkoop. Die optrede, wat 13:00 sou begin, het eers om 13:45 ’n aanvang geneem, nadat die Groep moes wag vir ’n kerkdiens om af te sluit sodat hulle die kerk se elektriese klavier kon gebruik vir begeleiding. Venter meen verder dat die klavier nie nodig sou wees as die verwerkings behoorlik gedoen is sodat klavierbegeleiding nie nodig was nie. Venter reken ook dat die gaskoor swak behandel is, die toilette vuil was, die program ongestruktureerd en die seremoniemeester hoogs onprofessioneel. In teenstelling was die gaskoor, ’n koor van die RAU, professioneel, het ’n beplande repertoire gehad en het geweet wat hulle doen. “I feel that the choir’s musicality, choreography and general conduct was of a much higher standard than ours.” Sy vervolg: “If the Serenaders want to be competitive and want the Potchefstroom University to be proud of them and consider them an asset to its culture activities, they have to shape up” (Venter, 2003).

Venter sluit af deur te sê dat sy geen persoonlike of politieke bedoelings met die brief het nie (Venter, 2003).

Bütow het die aangeleentheid met die bestuur van die Serenaders opgeneem en hulle was van mening dat daar wel "politieke ondertone" was. In 'n brief aan die studentedekaan daaroor sê hy egter dat die Serenaders nie verder daarop wou uitbrei nie. Bütow vervolg: "Die betrokke student het 'n 'kultuurskok' ervaar met die optrede in Ikageng en iets beleef wat ons blanke studente nie elke dag ondervind of gewoond is nie – aldus die Serenaders" (Bütow, 2003b).

Bütow reken ook dat Venter die Departement Kultuur kwalik neem omdat daar te min ondersteuning gebied word. Sy voel verder dat 'n standaard "afgedwing" moet word. Hy vervolg: "As jy met swart studente oor standaard gesels gaan hulle jou vra: Wie se standaard?" Bütow verduidelik dat die beleid van die Departement Kultuur met betrekking tot alle studente-kultuuraktiwiteite juis die teenoorgestelde is: "Gee aan studente leiding en advies, maar moet nooit voorskryf nie! Behalwe goeie en gesonde finansiële bestuur kan jy niks afdwing nie" (Bütow, 2003b).

Wat betref die verskille tussen Afrika- en Afrikaanse kultuur sê Bütow: "Die Serenaders het ontstaan juis vanweë 'n behoefte aan 'n koor vir tradisionele Afrika-musiek, met eie tradisies en 'n eie kultuur. As ons blanke studente daaraan wil deelneem, moet hulle dit ook aanvaar. Ons kan en wil nie van hulle nog 'n Universiteitskoor maak nie en die Serenaders gaan dit ook nie aanvaar nie" (Bütow, 2003b).

Bütow skryf ook: "Daar is nog nooit negatief na hul standaard of organisasie verwys nie, in teendeel. Hoë lof is onder andere deur prof Prinsloo aan hulle gegee, vir hulle optrede, dissipline en organisasie tydens optredes op die Vaaldriehoekkampus" (Bütow, 2003b).

Een van die groot uitdagings wat die Serenaders oor die jare gehad het, is die feit dat hulle nie 'n vaste dirigent kon bekostig nie, soos wat die geval was met Alabama en die Universiteitskoor nie. Dié behoefte is spesifiek in 2003 uitgespreek, tydens gesprekke na aanleiding van die voorval met me Elbie Venter. Bütow skryf in sy brief aan die studentedekaan dat hy nie bewus is van enige klagte van die Serenaders nie, maar voorstelle wat van hulle af gekom het sluit onder meer in: "Hulle het wel 'n behoefte aan 'n vaste dirigent wat nie deur hul begroting gefinansier kan word nie. Tans maak hulle gebruik van 'n musiekstudent wat deur middel van 'n kultuurbeurs beloon word" (Bütow, 2003b).

Dit wou voorkom asof die aanstelling van Desmond Phuti, as dirigent van die Serenaders in 2006, moontlik 'n oplossing hiervoor kon wees. Phuti was toe in diens van Bemarking en Kommunikasie. Phuti was in 2004, toe die Serenaders na Duitsland gereis het, lid van die groep. Alhoewel Phuti nie as vaste dirigent aangestel is, soos wat Awie van Wyk toe vir die NWU-PUK Koor was nie, skryf Bütow in 'n brief oor 'n moontlike honorarium vir hom dat Phuti se aanstelling as koorleier tot 'n mate in die behoefte kon voorsien. Bütow en ook die direkteur van Bemarking en Kommunikasie,

Theo Cloete, was van mening dat Phuti se aanstelling vir die Universiteit strategies van belang was (Bütow, s.a. (b)).

Ten spyte daarvan dat Bütow in sy jaarverslag berig dat “goeie dissipline, artistieke kwaliteit en ’n goed deurdagte jaarprogram” weer eens aan die orde van die dag was, het ’n minderheidsgroep onder die lede van die Serenaders daarop aangedring dat Phuti bedank, wat hy wel gedoen het (Bütow, 2006:2).

Volgens Bonni Masilo, is hy, toe hy aanvanklik by die Serenaders aangesluit het, as ’n student van die Skool vir Musiek, ontmoedig om ’n lid van die Groep te word. Volgens hom is daar gereken dat die tegniese standaard van die Serenaders van so ’n aard was dat dit nie bevorderlik vir sy studies was nie. Sedertdien word daar egter nie ’n beperking op studente gestel wat Musiek studeer om by die Serenaders aan te sluit nie (Nooitgedacht-fokusgroep, 2016).

Die Serenaders het nooit oor die dienste van ’n vaste dirigent beskik nie en het meesal onder die musikale leiding van ’n student gestaan, anders as die ander musiekgroepe. Tog het die Serenaders wel daarin geslaag om verskeie mylpale, bo en behalwe die sukses op hul deelname aan koorkompetisies, te bereik.

7.3.3.2 Mylpale

Nadat hulle sedert hul ontstaan by verskeie geleenthede opgetree het, bied die Serenaders in 1997 saam met die Noordwes Kinderkoor ’n suksesvolle werkswinkel oor Afrika-musiek aan. Die werkswinkel is gelei deur prof Mary Coetzee van die Indiana Universiteit in die VSA en ’n plaaslike koordirigent, Rudolf de Beer. Dit word gevolg deur deelname aan die International Society for Music Education (ISME) se Wêreldkonferensie, wat by die Staatsteater in Pretoria gehou is. Na afloop van die konferensie is ’n CD in samewerking met die Indiana Universiteit opgeneem. Die CD is gemaak met die oog op die bekendstelling van Afrika-musiek aan gehore wêreldwyd (PU Serenaders, 2004).

In 2003 het die Serenaders ’n uitnodiging ontvang om die Hochschule für Muzik und Theater in Rostock in Duitsland te besoek, waar hulle ’n werkswinkel sou bywoon. Dit hang saam met ’n behoefte wat die Serenaders in 2003 uitgespreek het dat hulle graag toere sou wou onderneem (Bütow, 2003b). Dit blyk dat die oorsese toer gerealiseer het nadat Christian Paplowski, terwyl hy ’n uitruilstudent in Potchefstroom was, ’n lid van die Serenaders was (Zola, 2004). Die toer het in Julie 2004 plaasgevind en die Universiteit het ’n finansiële bydrae gemaak om die toer te ondersteun. Horst Bütow was die toerleier (Bütow, 2003a; Bütow, 2004c; Zola, 2004). Gevolglik is daar ook Duitse liedere by die repertoire van die Groep ingesluit, soos blyk uit ’n berig oor die Serenaders in *Wapad* op 16 Mei. Items op die program sluit liedere in Engels, Sotho, Tswana, Sotho, Afrikaans, Zulu, Xhosa en Duits in (Du Plooy, A., 2003:6).

Die program vir die Serenaders se besoek aan Europa, is die enigste gedrukte program wat in die rekords van NWU-PUK Kunste gevind kon word. Ten einde vir die Europese gehore 'n beter begrip te gee van die musiek, word items omskryf. Items uit die Afrika-musiekskat in die program, sluit in:

Formele Afrika-musiek

- *Halala Nokholeji* (deur HM Mjana)

A praise song to the University of Fort Hare for the role it played in the education that produced some of the best South African and African political leaders.

- *Lefatshe Lakana* (deur FM Raseleso)

The long and hard journey of delivery to the Promised Land.

- *Aana Lwam* (deur O Mlisa)

Plea for the prodigal child to return and take care of aging parents.

- *Indalo* (deur MLB Chonco)

The beauty of an African summer.

- *Govan Ka Mbeki* (deur HM Mjana)

Tribute to President Thabo Mbeki's father, Govan Mbeki.

Afrika-volksmusiek

- *Bawo Ndixolele* (verwerking deur GT Mabeta)

Lord have mercy on my wandering soul.

- *Mvana ka Thixo* (verwerking deur GT Mabeta)

Lamb of God.

- *Ag Shame* (verwerking deur LN Makoro)

You better be sure of yourself if you are to cross swords with the Serenaders unmatched musical powers.

- *Mathaithai* (verwerking DL Phuti)

Please take care of my kids as my wife has neglected her duties to nurture them.

- *Mandiluve* (verwerking GT Mabeta)

Lord let all the pain and misery be over for our hearts to be holy.

- *Marabini* (verwerking B Dabula)

A dying mother's plea to the community to take care of her about to be orphaned child.

- *Kuhle Kwe Moya Wam* (verwerking GT Mabeta)

It is well with my soul.

- *Shangane*

Setswana traditional dance song (Serenaders, 2004).

Die Serenaders het vir hulle Europese toer onder die musikale leiding van George Tshediso Mabeta gestaan. Mabeta het in 2003 die dirigent van die Serenaders geword, aldus ’n berig in *Wapad* op 16 Mei 2003 (Du Plooy, A., 2003:6). Volgens die program vir die 2004 oorsese toer is Mabeta in Kanana, Orkney gebore, as lid van ’n musikale familie. Sy uitstekende prestasie in die matriekeindeksamen lei daartoe dat hy as onderwyser in Wiskunde en Wetenskap aangestel word by die Tshedimosetso Hoërskool, waar hy ook die dirigent van die skoolkoor word. Toe hy in 1998 vir die BIng aan die PU vir CHO inskryf, het hy ook by die Serenaders aangesluit. Mabeta is in 2003 aangestel as dirigent van die Serenaders. Die program vir die Serenaders se besoek aan Duitsland brei uit:
Under his leadership the choir has grown both in size and ability. He has expanded the choir’s repertoire of traditional African music by adding frequent educational concerts and partnership concerts with local choirs, and its commitment to new music by commissioning various work in the past year. Tshediso Mabeta represents a new breed of African conductors who are equally adept with the literatures of the traditional African choir music and African folk songs, poems, spirituals, hymns, songs of faith and patriotic songs. Mr Mabeta’s accomplishments as a conductor includes a 70% on average in the prestigious Old Mutual/Telkom Competitions in South Africa (Serenaders, 2004). Mabeta het die BIng aan die einde van 2004 verwerf.

Die besoek aan Rostock is gevolg deur ’n konserttoer van twee weke deur Oos-Duitsland. Die Serenaders se groep het uit 33 lede bestaan. Bütow skryf in sy jaarverslag dat die toer, wat nege suksesvolle konserte ingesluit het, in alle opsigte bo verwagting was. “Die studente se gedrag was deurgaans onberispelik en die finansiële sy van die toer kon sonder negatiewe resultate afgehandel word” (Bütow, 2004a:2; Zola, 2004).

In 2005 is daar, blykbaar sonder sukses, gepoog om ’n CD van die Serenaders vry te stel. Die Groep was ook dié jaar betrokke by produksies by Aardklop. Talle uitvoerende groepe van die Universiteit was in 2005 betrokke by die skep van ’n nuwe Universiteitslied. Die musiek is geskryf deur verskillende komponiste op verskillende kampusse, onder leiding van Pieter de Bruin, terwyl die NWU-PUK Koor, die Serenaders, die Alabama Studentegeselskap en die Mafikeng-koor verskillende vertolkings gedoen het (Bütow, 2005:5). Die Serenaders se deelname word gevolg deur optrede op ’n paar verhoë tydens Aardklop in 2008 (Bütow, 2008:4).

Die Serenaders tree in 2006 vir die eerste keer op tydens ’n konsert, “Carols by Candlelight”, aangebied deur OFM, met onder meer Heinz Winkler. Bütow berig ook in sy jaarverslag dat “vir die tweede keer in die geskiedenis van die Serenaders het dit ook finansieel goed gegaan, en daar word

verwag dat ’n stewige positiewe saldo die nuwe jaar sal ingaan” (Bütow, 2006:2). Dié finansiële sukses is voortgesit in 2007 en 2008, maar in 2009 is die Groep se fondse uitgeput weens die deelname aan verskeie kompetisies en moes hulle deelname aan Kuesta met ’n groot bedrag deur PUK Kunste geborg word (Bütow 2007:2; 2008:4; 2010a:3).

In 2010 neem die Serenaders ook deel aan die MUSICA-koorfees, wat deur die NWU-PUK Koor gereël is en wat in die gebou van die NG Kerk Miederpark plaasgevind het (Bütow, 2010c:1).

Na die suksesvolle deelname van die Serenaders aan die Ou Mutual-koorkompetisie onder leiding van Katlego Maphakela, ’n musiekstudent, is hy vanaf 2013 nie beskikbaar nie. Die bestuur het daarna eenparig besluit om Itumeleng Poe, ’n oudstudent van die Universiteit en voormalige lid van die Serenaders, as nuwe dirigent aan te stel. Bütow berig in sy verslag vir Februarie 2013 dat daar “opgewondenheid heers” oor hierdie besluit (Bütow, 2013d:1).

Later die jaar neem die Serenaders saam met ander groepe, soos die NWU-PUK Koor, die Boulevard Harmoniste, die NWU-PUK Simfonieorkes en wenners van die Pukki Kampustalentfees deel aan ’n konsert wat onder beskerming van die dekaan Studentesake aangebied word (Bütow, 2013b:10).

Om 2014 word die Serenaders na Botswana uitgenooi deur die Maikano Serenaders, om ’n konsert en “get together” die eerste naweek in Mei daar te hou. Bütow berig: “This visit will be an exceptional event with regard to their normal year programme, and they look forward to it” (Bütow, 2014d:8).

In die twee dekades van sy bestaan van 1994 tot 2014 het die Serenaders nie alleen daarin geslaag om te bly voortbestaan nie, anders as talle verenigings en groepe wat oor die jare gekom en gegaan het, maar hulle het ook daarin geslaag om aangewys te word as die beste Afrika-koor in die land.

7.4 Besinning oor die waarde van die PU Serenaders

Vervolgens die besinning oor die waarde van die Serenaders in terme van beeldbou; verryking en vermaak, soos aangedui in paragraaf 1.2.3.

7.4.1 Beeldbou

Soos bespreek in paragraaf 2.3.6. is enige groepaktiwiteit wat onder die vaandel van die Universiteit en in kleredrag wat die lede met die Universiteit identifiseer, van belang vir die reputasie van die Universiteit. Dit is ook die geval wat betref die Serenaders. Dit is juis vrees dat hierdie “reputasie” van die Universiteit sou skade ly, wat die eertydse lid van die Serenaders, Elbie Venter, in 2003 genoop het om aspekte soos “swak standaard” met die owerhede op te neem (Venter, 2003).

Toe die Serenaders in 1999 Lesotho besoek het, het hulle die vlag van die Universiteit saamgeneem en skryf in die beplanning: “The Choir intends carrying along the University flag which will be displayed at all our performances” (PU Serenaders, 1999a). Hieruit blyk dit dat die Serenaders wel, soos ander groepe, as vertoonvenster vir die Universiteit gedien het. In die tydperk na 1994 toe transformasie op verskeie vlakke binne die Universiteit plaasgevind het, het die Serenaders ’n gedeelte van die Suider-Afrikaanse gemeenskap aan die Universiteit bekendgestel, wat waarskynlik andersins moeilik nader daarmee sou kennis maak (Potgieter, 2000:6). Gevolglik het die Groep dikwels daarna by amptelike geleenthede opgetree.

Soos reeds gemeld was veral die Alabama Studentegeselskap as bemarkingsinstrument vir die Universiteit ingespan, terwyl ander groepe, soos die PU-Koor, later die NWU-PUK Koor en die Boulevard Harmoniste nooit per se as bemarkingsinstrument gebruik is nie, maar beslis benut word om geleenthede vir die Universiteit te skep om skakeling met groepe en individue te bewerkstellig wat andersins nie moontlik sou wees nie. Aangesien die Ou Mutual Koorfees dit as ’n vereiste stel dat die deelnemende kore in die kategorie vir groter kore ’n minimum van 90 lede moet hê, is dit noodsaaklik dat die geledere van die Serenaders aangevul moet word deur alumni ook in te sluit, asook hoërskoolleerders. Talle van dié leerders skryf in om aan die NWU-PUK te studeer, wat die Serenaders in ’n beperkte mate ’n voedingsbron vir die Universiteit maak (Tom, 2016a).

Die NWU-PUK Serenaders het ontstaan as ’n Afrika-koor, maar weens hul deelname aan talle koorkompetisies en die feit dat hulle in 2011 die nasionale wenners van die Ou Mutual Koorfees was, het hulle as ’n “handelsmerk” gevestig. Volgens Nkosinathi Tom is daar talle lede van die Serenaders – hyself ingesluit – wat aan die NWU-PUK kom studeer het omdat hulle lede van die Serenaders wou wees. In dié opsig is die Serenaders dus wel ’n bemarkingsinstrument vir die Universiteit, alhoewel dit nie aanvanklik so bedoel was nie (Tom, 2016a).

7.4.2 Verryking

In die doelstellings van die Serenaders word daar onder meer gesê dat die groep graag die “sosiale lewe” van studente wil “bevorder” en om lede die geleentheid te gee om hul sangtalent te ontdek en te ontwikkel. Nes in die geval van die PU-Koor, is die waarde van groepsang vir die individue, soos meer volledig bespreek in paragraaf 6.12.2.1., ook op die Serenaders van toepassing.

Lede van die Serenaders sonder egter die volgende voordele uit:
Volgens Ronny Melato, wat in 2016 as student en oudstudent reeds sewe jaar ’n lid van die Groep was, het hy selfdissipline geleer deur sy betrokkenheid by die Serenaders. Die feit dat die Groep bestaan uit lede van verskillende kultuurgroepe, Tswana, Xhosa en Zulu, het hom geleer om respek vir sy medekoorlede te hê. Bonni Masilo beaam dit en voeg by dat hy baie oor koorafrigting geleer

het en benut dit in die afrigting van die skool- en gemeenskapskore waarby hy betrokke is (Nooitgedacht-fokusgroep, 2016).

Die Serenaders het oor die jare hoofsaaklik uit lede van die voorheen agtergeblewe gemeenskappe bestaan, wat dikwels nie die geleentheid het om ver te reis nie. Die feit dat spesiale reëlings vir hulle vervoer bloot van hulle tuiste af na die kampus gereël moes word sodat hulle oefeninge kan bywoon, bevestig die feit (Majela, 1999). Gevolglik sou die geleenthede wat die Serenaders gehad het om na verskillende sentra te reis vir optredes tydens die nasionale rondte van die Ou Mutual Koorfees, vir sy lede ook blootgestel het aan plekke en stede wat hulle nie normaalweg sou kon besoek nie. Die besoeke aan Lesotho in 1999 en Botswana in 2014 en die reis na Duitsland in 2004 het verdere geleenthede in die opsig geskep.

In hul doelstelling stel die Serenaders dit dat hulle Afrika-musiek wil bevorder. Die Serenaders het dus ook bygedra tot die verryking van die musiekskat van Afrika-musiek. In hierdie opsig is nuwe komposisies geskep, soos blyk uit die opmerking oor dirigent Mabeta in die Serenaders se program vir hulle besoek aan Duitsland en ook die items wat ingesluit is in dié program (Serenaders, 2004).

Volgens Nkosinathi Tom, wat ’n voormalige voorsitter van die Serenaders was en teen 2016 die voog van die Groep is, het die Serenaders ’n reuse-invloed op die lewens van sy lede. Die groep is aanvanklik gestig as ’n “Afrika-koor”, maar deelname aan talle koorkompetisies, veral die Ou Mutual Koorfees, het koorlede se horisonne verbreed. Die Ou Mutual Koorfees vereis die uitvoering van ’n koorwerk uit ’n opera en bied aan lede die geleentheid om hierdie genre te verken. Vir sangstudente aan die Konservatorium bied dit die geleentheid vir praktiese toepassing van hulle studies. Gevolglik was daar in 2016 vier voormalige lede van die Serenaders wat toe lede van operageselskappe in Europa was. Hulle is Siyabonga Maqungo, Nombuso Ndlandla, Eddie Mofokeng en Aaron Mahlohla, terwyl Palesa Malieloa verbonde is aan die Kaapstad Operageselskap (Tom, 2016a). Itumeleng Pooe, die dirigent van die Serenaders sedert 2012 en steeds in 2014, is ook verbonde aan die Musikon in Klerksdorp, terwyl talle musiekleiers van skoolkore in die Noordwes-Provinsie en veral in die Dr Kenneth Kaunda-distrik voormalige lede van die Serenaders was. Talle van die kore verteenwoordig dikwels hul skole en provinsie in kompetisies (Tom, 2016a). Voorts is Tina Tshupane, wyle Khaile Olifant en Itumeleng Pooe in 2007 gekies as lede van die Wêreldjeugkoor (Serenaders, 2016).

7.4.3 Vermaak

Na ’n optrede van die Serenaders tydens ’n toekenningsgeleentheid vir Farmasiestudente bedank prof CJ van Wyk die Serenaders vir hul optrede en sê onder meer dat hulle die sang “terdeë geniet” het (Van Wyk, 2002).

Anders as die geval met die Alabama Studentegeselskap, die NWU-PUK Koor en die Boulevard Harmoniste kon geen resensie gevind word vir die Serenaders as bewys van eksterne indrukke daarvan nie. Die Groep se prestasies in die talle koorkompetisies waaraan hulle deelgeneem het, gee nie alleen ’n beeld van die kwaliteit van hulle sang nie, maar ook van die vermaaklikheidswaarde van die groep.

7.5 Ten slotte

Dit is egter Bütow se opmerking in sy jaarverslag van 1997 wat die werklike waarde van die Serenaders weerspieël: “Hierdie koor is ’n belangrike komponent van praktiese transformasie op ons kampus en vorm ’n stabiliserende faktor in die studentelewe” (Bütow, 1997b:7). Die “stabiliserende faktor” waarna Bütow verwys kan verband hou met die feit dat toe die Serenaders in 1994 gestig is, dit vir die lede ’n uitstekende geleentheid gebied het om hul kultuur te beoefen en so ’n “kulturele tuiste” te skep vir dié studente.

Sy verwysing dat dit “’n belangrike komponent van praktiese transformasie” was, kan enersyds daarna verwys dat die Universiteit moeite gedoen het om binne die veranderende Suid-Afrikaanse gemeenskap van die 1990’s te toon dat hy die geleentheid skep vir studente van ’n wye verskeidenheid kultuurgroepe om ’n kulturele tuiste te skep.

Die feit dat die Serenaders kort na hulle stigting begin optree het tydens talle amptelike funksies van die Universiteit onderstreep ook die “amptelike” stempel wat hiermee op hulle bestaan geplaas is. Die trots wat dit by die lede van die Serenaders gewek het, dat hulle uitgenooi is om tydens amptelike funksies op te tree, blyk uit Bütow se opmerking in sy jaarverslag van 1995 waarin hy meld dat die lede dié uitnodigings “geweldig waardeer” het (Bütow, 1995b:7).

Die aandeel wat die Departement Kultuur – later PUK Kunste – aan die sukses van die Serenaders gehad het, kan nie uit die oog verloor word nie. Horst Bütow was hoof van die Departement Kultuur toe die Serenaders gestig is en hy het oor die jare as hulle voog opgetree. Sy opmerking in 2003: “Gee aan studente leiding en advies, maar moet nooit voorskryf nie! Behalwe goeie en gesonde finansiële bestuur kan jy niks afdwing nie” (Bütow, 2003b), blyk sy benadering te wees in sy leiding aan studentegroepe, insluitend die Serenaders. Bütow se aanmoediging het duidelik die talente en vermoëns van dié groep ontsluit. Nie alleen was hulle gereeld die streekwenners van die Ou Mutual Koorfees nie, maar was ook dikwels nasionaal onder die 10 beste kore. Die feit dat hulle in 2011 as algehele wenners van hierdie oudste en grootste koorfees in die land aangewys is, is nie net ’n bewys van die kwaliteit van hulle sang nie, maar ook die sukses van die verhouding tussen die Serenaders, PUK Kunste en die Universiteit wat tot al drie groepe se voordeel blyk te wees.

HOOFSTUK 8
Boulevard Harmoniste

8.1 Inleiding

Die Boulevard Harmoniste is ’n groep van (meesal) ses sangers. Die Boulevard Harmoniste word deurgaans beskryf as ’n groep sangers bestaande uit drie mans en drie dames, wat ’n *a capella*-ensemble vorm. Hulle sing in geslote harmonie in die styl van die King’s Singers (Ryke, 2007:1). Die groep is in 1994 spesifiek gestig om die volgende jaar aan die Grahamstad Kunstefees deel te neem (Bütow, 1995b:4). Dit is deur die Departement Kultuur in die lewe geroep en is anders as Thalia, Alabama en die Koor nie ’n studentevereniging nie. ’n Persverklaring van 1996 verklaar: “Die groep bedryf sy sake onder die vleuels van die Departement Kultuur van die PU vir CHO” (Boulevard Harmoniste, 1996c).

Die webtuiste van Boulevard Harmoniste sê ook dat hul program hoofsaaklik uit klassieke musiek bestaan, “maar meer populêre en volksmusiek word ook ingesluit. Die groep tree gereeld op, meestal by kunstefeeste, en toer dikwels oorsee” (Boulevard Harmoniste, 2016).

Die Boulevard Harmoniste het in 2014 dus sy 19de bestaansjaar gevier. Die groep staan onder sy aanhangers bekend as “die Boulevards” en om omslagtigheid te voorkom, sal dié titel as wisselvorm van “Boulevard Harmoniste” gebruik word om die groep te beskryf.

8.2 Agtergrond tot *a capella*-sang

Die term “*a capella”* is afgelei van die Italiaanse woord wat beteken “soos in ’n kapel”. Dit is volgens Green (2017), wat meen dat die term dus beteken om te sing soos in ’n kapel. In hedendaagse musiekterme beteken dit om sonder begeleiding te sing. Die oorsprong daarvan, volgens Green, is so oud soos die mensdom self. In 2014 is oudste bekende “bladmusiek,” in ’n styl wat grootliks ooreenstem met die *a capella*-styl, uit die jaar 900 in die British Library ontdek (Reilly, 2014). Onbegeleide sang het in die 1500’s in kerke gewild geword, waar gregoriaanse kerksang (*gregorian chants)* voorrang geniet het (Green, 2017).

In die 1930’s het die sogenaamde “barbershop music” gewild geword. A “barbershop”-groep bestaan tipies uit twee tenore, ’n bas en ’n bariton. “The music barbershop quartets perform is highly stylized - it is predominantly homophonic, meaning that the vocal parts move together in harmony, creating new chords in the process. The lyrics are easily understandable, the melodies are singable, and the harmonic structure is crystal clear” (Green, 2017).

Die Boulevard Harmoniste sê dat hulle in die styl van die King's Singers sing. Dit is 'n Britse *a capella*-sanggroep bestaande uit ses manstemme, wat in 1968 gestig is en steeds bestaan. Die oorspronklike lede het almal musiek studeer aan die King's College, Cambridge, vandaar die naam "King's Singers" (King's Singers, 2016). Benewens die feit dat die Boulevards hulle musikale styl aan die King's Singers ontleen het, het hulle ook liedjies waarvoor dié Britse groep beroemd geword het by hulle repertoire ingesluit, soos die bekende "I'm a train" wat die Boulevards in 1995 gesing het (Boulevard Harmoniste, 1995a).

"Geslote harmonie" of "close harmony" word beskryf as: "A type of singing in which all the parts, except the bass, lie close together and are confined to the compass of a tenth" (The Free Dictionary, 2016).

Die sukses van Boulevard Harmoniste gaan hand-aan-hand met die toenemende gewildheid van *a cappella*-groepe by Amerikaanse universiteite, soos blyk uit rolprente soos *Pitch Perfect* (2012) wat handel oor 'n vroulike *a capella*-groep se voorbereiding om aan 'n nasionale kampioenskap deel te neem. Joshua S Duchan het 'n boek oor *a capella*-groepe in universiteite geskryf met die titel *Powerful Voices: The Musical and Social World of Collegiate A cappella* (University of Michigan Press, 2012) wat akademiese perspektiewe op hierdie spesifieke artistieke uitdrukkingsvorm bied.

Caroline Bithell beskou die boek as 'n waardevolle studie van die musikale en sosiale aspekte van *a cappella*-groepe. Sy skryf onder meer in haar resensie daarvan vir die Ethnomusicology Forum: *More broadly, Duchan situates this particular brand of a cappella in terms of its significance for the lives of a clearly defined cohort of young people who, as college students, occupy a kind of liminal space as they go through what might be seen as a rite of passage. In theorising a cappella groups as close-knit communities through which friendships and identities as well as musical tastes and skills are nurtured, Duchan draws on Slobin's definition of affinity groups* (Bithell, 2015).

Duchan se opmerking oor studente wat in *a capella*-groepe vriendskappe vind (Bithell, 2015) en dit as 'n deurgangsrite beleef, hou verband met die bespreking in paragraaf 2.7 wat handel oor die kenmerke van die lewensfase van die studente as 'n aspek wat 'n rol speel by die ontstaan en beëindiging van kunskulturele studentegroepe.

8.3 Agtergrond tot die stig van die Boulevard Harmoniste

Een van die voorlopers van die Boulevard Harmoniste was 'n groep van nege sangers, bekend as die Submediante. Hulle was almal lede van die PU-Koor en het in 1987 aan die jaarlikse Talentfees vir studente aan die Universiteit deelgeneem. Hulle het beide die kategorieë waarvoor hulle ingeskryf het, gewen en was ook die algehele wenners van dié kompetisie (Anon., 1987h:1). Die volgende jaar

het ’n groep van sewe manstudente The Singing Club gestig. Dit is in 1989 herorganiseer as ’n groep wat hulle beywer vir solosang, bestaande uit ’n sopraan, alt, tenoor en twee basse (The Singing Club, 1991). The Singing Club het in 1992 met groot sukses opgetree by die Grahamstad Kunstefees (Bütow, 1992:7).

8.4 Historiese beskrywing en ontleding van die Boulevard Harmoniste


8.4.1 Die Boulevards se optredes by kunstefeeste en hul jaarlikse binnelandse program

Peet Ryke is in 1989 aangestel as studenteadviseur: kultuur om Horst Bütow, wat toe senior studenteadviseur: kultuur was, by te staan. Hy het in 1991 die Standard Bank Nasionale Kunstefees in Grahamstad bygewoon en die volgende jaar het die eerste groep van die PU vir CHO aan dié fees deelgeneem.


In 1995, die jaar waarin die Boulevard Harmoniste by die Randfees van die Grahamstadfees gedebuteer het, het die PU vir CHO dus vir die vyfde agtereenvolgende jaar aan dié fees deelgeneem. Die Boulevards het reeds in 1994 tot stand gekom, maar die naam “Boulevard Harmoniste” blyk eers gekies te wees met die oog op die optrede by die Grahamstadfees (Ryke, 1995b). Die gunstige ontvangs van die teenwoordigheid van produksies vanaf die PU vir CHO by dié fees, blyk uit ’n brief van Ryke aan die viserektor Akademie, waarin hy berig dat die bestuur van die fees “teen dié tyd enige PUK-produksie met vrymoedigheid by enige feesganger aanbeveel” (Ryke, 1995d). Die produksietitel van die Boulevard Harmoniste se eerste optrede daar was Bohemian Rhapsody. Een van dié liedere wat in dié program ingesluit is, was ’n verwerking van die bekende nommer van die rockgroep Queen met dieselfde titel (Boulevard Harmoniste, 1995a).

Die inskryfvorm vir dié produksie beskryf die program as “A six-voice ensemble, singing *a capella* in close harmony. King’s Singers style. Classical to Popular.” Die produksie het onder leiding van Rudolf de Beer gestaan (Ryke, 1995b). Die Boulevards het in die Rhodes Chapel opgetree (Standard Bank National Arts Festival, 1995a). Die optrede het nie sonder probleme verloop nie. Ryke skryf aan die bestuurder van die Randfees dat die helikopter, wat naby die lokaal waar die uitvoerings plaasgevind het, opgestyg en geland het, so geraas het dat optredes ’n “frustrating and infuriating event” was (Ryke, 1995c). Ten spyte hiervan kon Ryke aan die viserektor Akademie, prof Albert Viljoen, rapporteer: “Al die konserte is bo verwagting goed bygewoon en die kommentaar was deurgaans van baie positief tot stomme verbasing dat werk van sulke hoë standaard uit Potchefstroom kom!” (Ryke, 1995d) Reaksie op die program blyk uit ’n kort resensie in die *Cue*-feeskoerant: “Six *a capella* voices blend wonderfully with the acoustics of the Rhodes Chapel to provide first class entertainment in a programme ranging from Bach to Paul McCartney” (Poole, 1995).

Die Boulevards het oor die jare van hulle deelname aan die Grahamstadfees hoofsaaklik in die Rhodes Chapel opgetree en dit ook in aansoekvorms gelys as hulle gekose lokaal (Ryke, 2000). Die Rhodes Chapel, oftewel The Chapel of St Mary and All the Angels, is geleë op die terrein van die Rhodes Universiteit. Die hoeksteen is in 1915 gelê en die kapel is in 1916 ingewy. ’n Skildery in die apsis van die kapel is vanaf 1924 tot 1929 deur Suster Margaret, ’n fresco-skilder, geverf (Rhodes University, 2015). ’n Resensent van ’n Boulevard-uitvoering in 2008 in dié kapel het die stemme van die groep vergelyk met die engele op die skildery, terwyl ’n resensent in 2009 skryf dat die akoestiek van die kapel die uitvoering “selfs beter maak as wat dit is” (JH, 2009:7). Die kapel is in 1980 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar en is ’n provinsiale erfenisterrein (Rhodes University, 2015).



ILLUSTRASIE 8.1
DIE VOORBLAD VAN DIE PROGRAM VAN DIE BOULEVARD HARMONISTE SE EERSTE UITVOERING, TOE HULLE IN 1995 AAN DIE STANDARD BANK NASIONALE KUNSTEFEES IN GRAHAMSTAD DEELGENEEM HET (BOULEVARD HARMONISTE, 1995A).



ILLUSTRASIE 8.2
DIE RHODES CHAPEL OP DIE TERREIN VAN DIE RHODES UNIVERSITEIT IN GRAHAMSTAD, WAAR DIE BOULEVARD HARMONISTE MEESAL OPGETREE HET TYDENS HULLE DEELNAME AAN DIE NASIONALE KUNSTEFEES (MARTINSON, 2014).

Twee ander produksies van die PU vir CHO is ook dié jaar by die Grahamstadfees aangebied. Die orrelis, Marinda Snyman, het ’n uitvoering in die St George’s katedraal gelewer, onder die titel King of Instruments, terwyl die pianis Pierre-Jacques Joubert vir die tweede agtereenvolgende jaar ’n uitvoering gegee het met die titel Rhapsody in Blue Too (Standard Bank National Arts Festival, 1995b:14).

Die suksesvolle optrede van die Boulevard Harmoniste by die Grahamstad Kunsfees in 1995 het die groep se toekoms verseker. In sy verslag van die Departement Kultuur vir 1995, skryf Bütow dat die

groep op inisiatief van die departement gestig is en dat dit bestaan uit studente en oudstudente van die Universiteit. “Hul optrede by Grahamstad was so suksesvol dat hulle voortgegaan het met optredes in Pietersburg, Pretoria (Staatsteater), Potchefstroom en Kaapstad. So vinnig het die groep deur blote kwaliteit sang, opgang gemaak dat daar onder andere, op publieke aandrang, besluit is om ’n CD die lig te laat sien en die groep te laat voortleef, onder beskerming van die Departement Kultuur (Bütow, 1995b:4). Die sukses van die optrede by Grahamstad het dus daartoe gelei dat daar besluit is om nie net alleen met die ensemble voort te gaan nie, maar om die repertoire uit te brei en meer uitvoerings te gee (Boulevard Harmoniste, 1996a).

Twee lede van The Singing Club, Annatjie van Urk en Rudolf De Beer, is ingesluit by die eerste groep Boulevard Harmoniste (The Singing Club, 1991). Dié eerste groep Boulevards was Marlé van den Berg (sopraan), Maryna Bull (sopraan), Annatjie van Urk (alt), Pierre-Jacques Joubert (tenoor), Francois van der Westhuizen (bariton) en Rudolf de Beer (bas) (Boulevard Harmoniste, 1995a). Dié groep het bestaan uit persone wat studente en oudstudente van die PU vir CHO was (Anon., 1996f:14). Die uiteenlopende agtergronde van die ses sangers blyk uit die program van die groep se optrede in die Staatsteater op 20 Oktober 1995. Hiervolgens was Bull, Joubert en De Beer by Musiek betrokke, terwyl “Rekreasiekunde” agter Van den Berg se naam staan, “Administrasie” agter Van Urk se naam en “Biochemie” agter Van der Westhuizen se naam. Die program meld verder: “Die groep is daar (by die Standard Bank Nasionale Kunsfees te Grahamstad) groot lof toeswaai, soos orals waar hulle sedertdien opgetree het. So suksesvol is hul program dat vele uitvoerings op uitnodiging al gegee is en vele is reeds op hul program in die toekoms” (Boulevard Harmoniste, 1995b).

Vanaf 1996 tot 1999 het die Boulevards egter nie aan die Grahamstadfees deelgeneem nie. ’n Program is wel in 1996 in die orrelsaal van die Konservatorium in Potchefstroom aangebied. Een van die items was die *Geographical Fuge* van Ernst Toch. Volgens die program is “hierdie werk . . . die laaste beweging van ’n suite “GESPROCHENE MUSIC” (praat-musiek) wat uit verskillende hoeke/oogpunte probeer om musikale effekte deur middel van die praatstem te verkry. Die suite is uitgevoer en opgeneem by die Berlyn-Fees van Kontemporêre Musiek in 1930. Die opname het verlore geraak/is vernietig, so ook die musiek. Slegs die oorspronklike manuskrip het behoue gebly” (Boulevard Harmoniste, 1996b).

In 1996 het die Boulevards gedebuteer by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK), wat die vorige jaar die eerste keer plaasgevind het. Die titel van dié produksie was weer eens Bohemian Rhapsody. Die PU vir CHO is benewens die Boulevards se uitvoerings, ook by die KKNK van 1996 verteenwoordig deur Pierre-Jacques Joubert, wat sy Rhapsody in Blue-uitvoering aangebied het, terwyl ’n kabaret Die Bloementals, ook deur Pukke aangebied is (KKNK, 1996: 1, 6, 7). In sy rapport

aan prof Viljoen, viserektor Akademie, berig Ryke dat daar vir die Boulevards ’n ekstra konsert geskeduleer is, maar dat daar “ongelukkig nie aan die versoek om nóg konserte te doen voldoen” kon word nie (Ryke, 1996). In “Straatwys” ’n rubriek in *Krit,* die KKNK-feeskoerant, sê Manie van Zyl dat hy Klassic Kramer en Bohemian Rhapsody gesien het. “Albei was uitstekend. Die verskeidenheid in die eerste plek en absoluut professioneel. Geen foute nie. Albei het *standing ovations* gekry” (Van Zyl, 1996).



ILLUSTRASIE 8.3
DIE BOULEVARD HARMONISTE VAN 1996 WAS ERICA ELOFF (SOPRAAN), RUDOLF DE BEER (BAS), ANNATJIE VAN URK (ALT), FRANCOIS VAN DER WESTHUIZEN (BARITON), PIERRE-JACQUES JOUBERT (TENOOR) EN PETRO COETZEE (MEZZOSOPRAAN). DIÉ GROEP BOULEVARDS WAS DIE EERSTE WAT AAN DIE KKNK DEELGENEEM HET (BÜTOW, 1996B).

Ene CR Truter het in 1997 die vertoning van die Boulevards by die KKNK bygewoon en beskryf dit in telefoonoproep aan die Departement Kultuur as “skitterend” (Truter, 1997). Benewens optredes by die twee kunstefeeste het die Boulevards in 1997 ook deelgeneem aan ’n konsert “Klankkeur”, in Rustenburg, in die Tuks Chapel in Pretoria en by die Arend Dieperink-museum op Potgietersrus. Op Potchefstroom het hulle in Julie by die President Pretorius-museum opgetree en in November in die Konservatoriumsaal. Teen die einde van die jaar is die groep se tweede CD opgeneem (Boulevard Harmoniste, 1997; Ryke, 1997a).

Die volgende jaar is die produksie van die Boulevards by die KKNK opgevolg met nog een. Voorts het ’n groep van drie sangstudente van prof Werner Nel, onder die naam Viva Triola, arias, duette en trio’s uit bekende operettes en operas uitgevoer onder die produksietitel, Amigos Parasempre. ’n

Kunsuitstalling, onder die titel Quo Vasimus – Van Kwas tot Komper, is aangebied deur studente en dosente van die PU vir CHO (Anon., 1997b:1). Ryke berig aan prof Viljoen: “Die bestuur van die fees (by monde van die oud-Puk hooforganiseerder) het haar dank uitgespreek dat die PUK teenwoordig was en sonder twyfel die sterkste studentedeelname (met betrekking ander tersiêre inrigtings) daar gestel het” (Ryke, 1997b).

Nadat hulle in 1996 en 1997 hoogs suksesvolle konsertreekse tydens die Rimpelfees van die KKNK aangebied het, word die Boulevards in 1998 uitgenooi om deel te wees van die Hooffees van die KKNK, wat as ’n “groot eer” beskryf is (Anon., 1998g:1). Ryke verduidelik die waarde van die deelname aan die Hooffees van die KKNK aan prof Albert Viljoen: “Die groot waarde hierdie jaar lê veral in die blootstelling en reklame vir die PUK, synde deelnemend aan die Hooffees van die KKNK wat, anders as die Rimpelfees, herhaaldelik in die nasionale media verskyn” (Ryke, 1998).

Ene Dick Reed het die uitvoering van die Boulevards by die KKNK in 1998 bygewoon en skryf op 28 April aan Ryke: “We were most impressed and enjoyed their performance tremendously – as did the entire audience, judged by their warm applause” (Reed, 1998). Bütow beskryf die Boulevards se uitnodiging om in 1999 aan die Hooffees van die KKNK deel te neem as ’n “besonderse prestasie” (Bütow, 1999a:4).

Die program van ’n optrede by die Sammy Marks-museum in Pretoria meld dat drie van die lede van 1988 se Boulevards sangstudente van prof Werner Nel was, terwyl vier lede van die Universiteitskoor was. Die program meld ook dat Rudolf de Beer, wat dié jaar nie ’n lid van die groep was nie, die musikale leiding behartig het (Boulevard Harmoniste, 1998a). Dié jaar word die Boulevards ook uitgenooi om as gaskunstenaars op te tree tydens die ATKV se Forté-kompetisie in Stellenbosch en het ook deelgeneem aan die eerste Aardklop Kunstefees in Potchefstroom, waar hulle een van die gunstelinge was (Boulevard Harmoniste, 1998b).

Die optrede van die Boulevards in 1995 by die Grahamstadfees, is eers in 2000 herhaal. By dié geleentheid het een van die paneellede van die *Cue*-feeskoerant die groep se lof besing in ’n baie positiewe resensie. Dan Wyllie skryf:

I always find something intensely moving about young people making music of any tradition, even if it’s clumsily done. The Boulevard Harmonists had me close to tears from the first piece on. This Potchefstroom a capella sextet (three men, three woman) is stunning, precise, textured and balanced. They are as controlled in passages of the quietest delicacy as they are in crescendos of unexpected power. Their repertoire is the slightly winsomely innocent one of many a capella groups, even the ‘pop’ pieces (like their Abba medley) somehow acquires a delicately sacramental air. But what glories of devotional music they offer, from well-knowns like Grieg and Debussy to relatively

obscure composers like Arcadelt (Baroque) to Reger (turn of the century). I'm no Christian, but I thank God for such music, delivered to a well-deserved standing ovation (Wyllie, 2000:4).

TABEL 8.1

Titels van die Boulevard Harmoniste se program by die Grahamstadfees


Jaar	Titel van program	Bron
1995	Bohemian Rhapsody	Boulevard Harmoniste, 1995a; Ryke, 1995b
2000	Boulevard Harmonists for you	Boulevard Harmoniste, 2000
2002	Goose Bump A Capella	Ryke, 2003
2003	Goose Bump A Capella II	Ryke, 2003
2006	Goose Bump A Capella III	Ryke, 2006
2007	Goose Bump A Capella IV	Boulevard Harmoniste, 2007
2009	More Goose Bump A Capella	Boulevard Harmoniste, 2009
	Goosebump Madrigals and more: Top A Capella	Leiper, 2010
2011	More Great Goosebump A Capella	Anon., 2011b

Die eerste nasionale prestasie van die groep vind in 2000 plaas toe hulle as wenners aangewys word vir die kategorie vir Beste Kamermusiek-ensemble van die ATKV Forté-kompetisie, 'n klassiekemusiekkompetisie vir jong volwasse musici in die ouderdomsgroep 18-30 jaar. Dieselfde jaar wen 'n voormalige lid van die Boulevards, Erica Eloff, nie alleen die sangafdeling van dié kompetisie nie, maar word ook as algemene wenner aangewys (ATKV, 2000). Die Boulevards wen ook in 2001 dieselfde afdeling van die ATKV se Forté-kompetisie (Anon., 2001c).

As uitvloeisel uit hulle optrede by die KKNK word hulle in 2001 uitgenooi om deel te neem aan die Kollig op die KKNK-fees in Durban (Boulevard Harmoniste, 2002).

Die Boulevards is in 2001 die gaskunstenaars tydens die première van die PUK Kanselierstrustprys vir ernstige musiek. Dié prys is tydens hul Aardklop-optrede oorhandig. Die PUK Kanselierstrust het in 1994 tot stand gekom met primêre doel die bevordering van Afrikaans. Die program vir die oorhandiging van die prys vir ernstige musiek meld: "Een van die besondere wyses waarop hierdie doelwit bereik kan word, is vir die bevordering van musiek met Afrikaanse teks. Met die oog hierop is die PUK Kanselierstrustprys vir Afrikaanse komposisie (wat in besonder gerig is op jonger komponiste) ingestel." Die eerste ontvanger was Jan-Ig Spies, in 1999. In 2001 was Hannes Taljaard

die wenner vir *Rymelary.* Volgens die program is *Rymelary* geskryf vir ’n sesstemmige vokale ensemble. “*Rymelary* is in drie dele en maak gebruik van ’n losse versameling kort, minder ernstige Afrikaanse tekste, sommige bekend, ander minder bekend en spesiaal geskryf is vir die komposisie. Die Boulevards het *Rymelary* by dié geleentheid uitgevoer (Boulevard Harmoniste, 2001b).



ILLUSTRASIE 8.4
DIE BOULEVARD HARMONISTE VAN 2001 WAS (AGTER) LENTE LOUW, JUNINE LIEBENBERG, CHRIS MOSTERT, LHENTE-MARI GRIMBEEK, (VOOR) MATTHYS WESSELS EN JACQUES IMBRAILO (BOULEVARD HARMONISTE, 2001B).

Nadat die groep in 2001 laas by die KKNK opgetree het, word ’n produksievoorstel vir 2004 ingedien. As motivering vir die aansoek, word genoem: “Die program bevat musiek uit die klassieke en ligte musiek repertorium, asook nuwe komposisies en verwerkings wat vir die groep gedoen is. Die groep is uniek in die samestelling van sy program en is een van die min (indien nie die enigste) groepe wat sy musieknis in SA aanspreek. Anders as die meeste SA ensembles, is die klem op klassieke musiek, hoewel die feesprogram uiters luisterbare werke bevat” (Boulevard Harmoniste, 2004).

Dié jaar word die Boulevard as gaskunstenaars uitgenooi om deel te neem aan die Music in the Mountains-fees, wat deur en by die Drakensbergse Seunskool in Natal aangebied word. Om saam te val met hulle toer na die KKNK vind optredes plaas in Colesberg, Burgersdorp en Knysna (Bütow, 2004a:2; Boulevard Harmoniste, 2004).

Volgens Bütow het die Boulevards in 2006 musikaal gefokus op die herdenking van WA Mozart se 250e geboortejaar, wat duidelik gereflekteer is in die groep se program. Drie lede (van vier in Suid-Afrika) is gekies vir die Wêreld Jeugkoor 2006 “’n uiters groot pluimpie vir PUK-sangers! Hulle het ’n maand lank in vier Europese lande met konserte spandeer” aldus Bütow. Hy reken ook dat “besonder goeie konsertreekse aangebied is by die Nasionale Kunstefees te Grahamstad, sowel as Aardklop” (Bütow, 2006:2).

Die resensent van *Spat*, die Aardklop-feeskoerant, beskryf die Boulevards se uitvoering tydens Aardklop 2006 as “incandescent, full of temperament and poetic feeling”. Hy vervolg: “They are clearly masters of their difficult craft: *a capella* singing. Their prime virtue was the perfect clarity of diction and wonderful flexibility in the shaping of phrases. The immediacy of their readings their

fearlessness of attack and their highly individual style made their interpretations so arresting" (Van Rensburg, 2006).

Die Boulevards se optrede by Aardklop 2007 het weer eens die resensent beïndruk. Oosthuizen beskryf hulle as "een van die Noordwes-Universiteit se trotste uitvoerprodukte." Hy vervolg: *Een van die uitstaande kenmerke van dié ses (sangers in die groep) is dat hulle elkeen 'n sanger in eie reg is, maar terselfdertyd 'n volmaak homogene klank produseer. Daar is voortdurend balans tussen die stemgroepe, terwyl die temamelodie altyd duidelik uitstaan. Hulle spog ook met uitstekende dinamiek en vloeiende oorgange tussen harde en sagte, vloeiende en staccato-note. . . Die groep slaag daarin om nooit die gehoor se aandag te verloor met lang ingewikkelde stukke nie, maar hou hulle voordurend geïnteresseerd met die verskeidenheid in repertorium en aanslag* (Oosthuizen, 2007?).

Behalwe hul optrede by Aardklop het die groep, volgens Bütow, in 2007, "benewens normale konserte en aktiwiteite feesoptredes gedoen by Grahamstad." Dié jaar is drie lede van die Boulevards, weer eens drie van vier, gekies vir die Wêreld Jeugkoor 2007. Bütow beskou dit as 'n "uiters groot pluimpie vir PUK-sangers!" "Hulle het 'n maand lank aan die hoofsessie van dié internasionale koor deelgeneem" (Bütow, 2007a:2).

Die samestelling van die groep vir 2008 is sterk beïnvloed deur veral die familieverpligtinge van sekere van sy lede. Ten spyte hiervan, reken Bütow, is daar met die oog op 'n oorsese toer en deelname aan 'n internasionale kompetisie 'n baie goeie groep saamgestel. "Benewens die normale konserte en aktiwiteite is feesoptredes gedoen by Grahamstad en Aardklop" (Bütow, 2008:2). Die 2008 Boulevards het die resensent van die *Cue*-feeskoerant van die Grahamstadfees poëties geïnspireer, wat skryf: "It would probably be unimaginative to compare the voices of the Boulevard Harmonists to those of the angelic host depicted on the ceiling of the Rhodes Chapel where they perform. The analogy would, however, ring true." Een van die lede, Pierre le Grange, het aan die resensent gesê dat groepe soos Navi Redd en Cutt Glass 'n waardering vir *a capella*-groepe geskep het, maar die Boulevards is anders. "Le Grange says the group has a 'completely different style'. In response to the dipping interest in opera, Boulevard Harmonists have 'repackaged' classical music more accessibly as *a cappella*, where the tracks are short and often light" (Anon., 2008a).

Vir die eerste keer in sy bestaan van 15 jaar, het die 2009 Boulevards net vyf lede, drie dames en slegs twee mans. Volgens Bütow is die samestelling van hierdie groep sterk beïnvloed deur veral twee dinge: die afwesigheid van goeie baritons, asook die samestelling van die ensembles vir die sangsimposium by die Skool vir Musiek. Juis met die oog op dié sangsimposium is die groep se

musikale program uit ’n breë spektrum saamgestel, “maar met ’n goeie klompie werke van Monteverdi ingesluit” (Bütow, 2009:2).

Bütow vervolg egter dat die groep se fokus dié jaar ’n feesoptrede by die Grahamstad Kunstefees was, wat dié jaar sy 50ste bestaansjaar gevier het. “Bywoning van optredes by dié Nasionale Kunstefees (het) ’n merkbare toename getoon” (Bütow, 2009:2). Die Grahamstad-gehore van 2009 was duidelik beïndruk met die Boulevards, soos ook blyk uit ’n resensie in die *Cue*-feeskoerant: “This excellent group is back with more beautiful harmonies in the Rhodes Chapel. The acoustics in the venue makes the show even better than it already is. The audience gave them a standing ovation and I concur. Very good show not to be missed if you love sweet harmonies” (JH, 2009:7).

Teen 2010 was die Boulevards se optrede by die Grahamstadfees ’n jaarlikse instelling, soos blyk uit die resensie in die *Cue*-feeskoerant. Die resensent beskryf die uitvoering as van “the highest standard”, die samestelling van die program uit madrigale en kontemporêre musiek as van “the highest standard” en die sangers se stemme as van “the highest quality” (JH, 2010:10). Hulle optrede by Aardklop was eweneens suksesvol. Bütow dra in ’n maandverslag spesiale gelukwensing aan hulle met die “tradisionele uitnemende konserte, drie van hulle by Aardklop” (Bütow, 2010d:1).

Die belangrikheid van die Grahamstadfees in die Boulevards se jaarlikse program blyk uit Bütow se opmerking in sy jaarverslag vir 2011, waarin hy meld dat hulle fokus dié jaar dié fees was. Dit het die moeite geloon, want Bütow berig: “Deeglike voorbereiding het gelei tot ses hoogs suksesvolle konserte tydens dié fees, met goeie gehore en goeie resensies” (Bütow, 2011a:5). Die gewildheid van die Boulevards by die Grahamstadfees blyk ook daaruit dat die plaaslike koerant van Grahamstad, *Grocott’s Mail,* die Boulevards se uitvoering by die fees by sy lesers aanbeveel (Anon., 2011b). Die resensent van die *Cue*-feeskoerant beskryf die Boulevards as ’n “perennial favourite” (JH, 2011).

Met die oog op die oorsese besoek in 2013, is 2012 hoofsaaklik daaraan gewy om vir dié toer voor te berei. Die groep wat in 2012 gekies is, is dus net so behou om die oorsese toer van 2013 mee te maak (Ryke, 2016b). Dié jaar is ’n voormalige lid van die PU-Serenaders, die Boulevards en die Wêreldjeugkoor, Khaile Olifant, in ’n motorongeluk oorlede (Bütow, 2012b:1).

In 2013 het die Boulevards met drie suksesvolle konserte by Aardklop die hoogste bywoningsyfer wat hulle nog ooit by Aardklop geniet het (Bütow, 2013b:10). Hulle het ook ’n prestige kunstoekenning van die Kunsteraad ontvang “vir ’n besondere bydrae tot *a capella* ensemble-sang” (Kunsteraad, 2013c).

Eweneens is ’n oorsese toer vir 2015 in die vooruitsig gestel en die groep wat in 2014 lede van die Boulevards was, is so behou in 2015 om tydens dié toer op te tree (Ryke, 2016b).

Die sukses van die binnelandse optrede van die Boulevard Harmoniste het die moontlikheid geskep om oorsee te toer.

8.4.2 Oorsese reise

Die oorsese reise van ander uitvoerende studentegroepe van die PU vir CHO, soos die Koor se toere in 1981 (na Israel en Europa) en 1984 (na die VSA en Europa) en Alabama se reis na Taiwan, het die weg gebaan vir ander groepe om ook oorsese toere te onderneem. Nadat die Boulevard Harmoniste in 1999 en 2003 Europa besoek het, het die besluit van die bestuurskomitee in 2008 dat uitvoerende toergroepe elke drie jaar oorsee moet toer, die geleentheid gebied vir meer gereelde toere (kyk na 2.7).

Die logistieke implikasies vir die reëling van ’n toer van sowat 50 persone (soos die Koor en die PU-Serenaders) is aansienlik groter as om ’n groep soos die Boulevards, wat hoofsaaklik uit die ses sangers en die toerleierpaar bestaan, te reël. Volgens Ryke is dit riskant om ’n groter groep, soos die Koor, per trein te laat reis, aangesien een of meer van die groep baie maklik die trein kan verpas of geskei kan raak van die groep. Om per trein te reis is ’n goedkoper vervoermiddel en werk uitstekend vir ’n kleiner groep soos die Boulevards. Die kostevoordeel in terme van vlieg- en verblyfkoste van ’n kleiner toergroep, soos die Boulevards, is ook vanselfsprekend (Ryke, 2014a).

Die sukses wat die Boulevards met hulle toere van 2004 en 2008 behaal het, het weliswaar die besluit om hulle oorsee te neem die moeite werd gemaak.

8.4.2.1 1999

Nadat die groep in 1995 gestig is, word die Boulevards uitgenooi om oorsee te reis en onderneem hulle eerste toer na Europa in 1999. Hulle het opgetree in Ljubljana in Slowenië en Klagenfurt en Spittal, Oostenryk. Ander optredes het plaasgevind in Duitsland, België en Nederland (Boulevard Harmoniste, 1999; Boulevard Harmoniste, s.a.). Twee Afrikaanse liedjies, geskryf deur oud-Pukke, is by die program ingesluit: “Halala Afrika” van Ralph Rabie (Johannes Kerkorrel) en “Dieselfde dorpie jare later” van Martin Watt (Boulevard Harmoniste, 1999).

8.4.2.2 2002

’n Volgende uitnodiging volg, dié keer om in Oktober 2002 aan die 34ste Internasionale Koor- en Ensemble-kompetisie in Tolosa, in Spanje, deel te neem. Dié jaar staan die Boulevards onder die musikale leiding van Lhente-Mari Grimbeek (Boulevard Harmoniste, 2002). In ’n brief aan die studentedekaan skryf Ryke, dat die groep ook drie konserte in stede rondom Tolosa sou aanbied. Dié konserte het plaasgevind in Ordizia, Tafalla en Gexto. Ryke, wat saam met sy vrou Elma as toerleiers opgetree het, vervolg: “Die kompetisie geskied onder die sambreel van die Kultuurministerie van

Spanje, die provinsie Gipuzkoa, die Baskiese regering en die stadsraad van Tolosa. Kostes met betrekking tot verblyf en etes word deur die organiseerders betaal. Kostes waarvoor die groep verantwoordelik is (hoofsaaklik vlugkaartjies) word betaal uit konsertinkomstes, projekinkomstes en persoonlike fondse. Die groep verbind hom daartoe om die naam van die PU vir CHO uit te dra en waardige verteenwoordigers van ons land te wees" (Ryke, 2002a). Bütow beaam Ryke se opmerking en sê in sy jaarverslag: "Die PUK se naam is hoog gehou en die hele oefening was beslis van groot waarde op meer as een terrein" (Bütow, 2002a:2).

8.4.2.3 2004

In sy versoek aan die studentedekaan om toestemming te verleen dat die Boulevards aan die einde van 2004 'n Europese toer onderneem, skryf Bütow:
Die Boulevard Harmoniste het die afgelope drie jaar 'n hele aantal uitnodigings ontvang om in Europa op te tree, wat 'n 'klimaks' bereik het met twee uitnodigings na 'n ensemblesang kompetisie en fees in Praag en Boedapest onderskeidelik. Hierdie is beide internasionaal hoog aangeskrewe byeenkomste en dit sal vir ons groep 'n geweldige goeie geleentheid wees om met hul eweknieë van oor die wêreld mee te ding, musiek te maak, hul horisonne te verbreed en kontakte op te bou. So is dit dan ook vir ons Universiteit 'n gulde geleentheid om hierdie internasionale kontak te maak synde dat Studentedienste, die Skool vir Musiek en van ons top sangstudente hierby betrokke sal wees (Bütow, 2004b).

Dié Praag Internasionale Kersmusiekkompetisie (International Festival of Advent and Christmas Music) het in 2004 vir die 14de keer plaasgevind. Daar is van deelnemers verwag om 'n program van 15 minute aan te bied. Aspekte wat beoordeel sou word is die keuse van komposisie en die samestelling van die program, die tegniese vlak van interpretasie en die algemene artistieke indruk (Sladkova, 2004?).


Bütow se verwagting dat die toer kontakte vir die Universiteit sou skep word oortref, toe hulle die Praag-kompetisie se afdeling vir kleiner ensembles wen. Bütow skryf in sy jaarverslag dat hulle hiermee "stof in die oë van 28 groepe geskop het" (Bütow, 2004a:2). Een van die beoordelaars was Christo Burger, wie se beoordelaarskommentaar aandui dat hy 'n goue medalje aanbeveel (Burger, 2004). Die internasionale aard van die kompetisie, blyk daaruit dat ander beoordelaarsvorms in verskeie tale voltooi is.

Benewens Tsjeggië was die lande wat besoek is Oostenryk, Pole, Slowakye, Hongarye en Slowenië. Konserte is in verskeie plekke gegee en hulle het deelgeneem aan die Internasionale Boedapest Koorfees (Bütow, 2004a:2).

8.4.2.4 2008

In 2008 het die Boulevards weer oorsee gereis om vir ’n tweede keer aan die Praag Internasionale Kersmusiek-kompetisie deel te neem. Daar is ook weer deelgeneem aan die MSW-fees in Boedapest.

Bütow beskou die konserttoer wat aan die einde van 2008 na Europa onderneem is, as “hoogs suksesvol”. Konserte het plaasgevind in Serwië, Hongarye, Pole, Tsjeggië en Oostenryk. “Deelname aan die Praag Internasionale Kersmusiek-kompetisie het gelei tot ’n eerste plek oorwinning in die kompetisie vir kleiner kore – ’n kompetisie wat in die verlede veral deur Russiese en Noorweegse kore as wenners oorheers is!” (Bütow, 2008:2) Hiermee het die Boulevards die tweede keer dié kompetisie gewen.



ILLUSTRASIE 8.5
LINKS: DIE PROGRAM VAN DIE BOULEVARDS SE BESOEK AAN EUROPA IN 2008 (BOULEVARD HARMONISTE, 2008B).

ILLUSTRASIE 8.6
REGS: DIE KRISTALGLASTROFEE WAT DIE BOULEVARD HARMONISTE IN 2008 ONTVANG HET NADAT HULLE DIE ENSEMBLE-KOMPETISIE TYDENS DIE PRAAG KERSMUSIEK-KOMPETISIE GEWEN HET (GOUWS, 2014C).





ILLUSTRASIE 8.7
DIE BOULEVARD HARMONISTE VAN 2008 WAS (AGTER) ANNERI VAN JAARSVELD, EN MARNUS NOTHNAGEL. VOOR IS MARSHELL LOMBARD, GRETHE UREN, PIERRE-LOUIS LE GRANGE EN JANA DU PLOOY. DIÉ GROEP HET IN 2008 DIE PRAAG INTERNASIONALE KERSMUSIEK-KOMPETISIE VIR KLEINER KORE GEWEN (NWU, 2009B).

Volgens ’n berig op die webblad van die NWU, het Peet Ryke, bestuurder van die Boulevards, gesê dat die toer deur die Departement Kultuur onderneem is om begaafde studente aan die Europese musiekkultuur bekend te stel en om hul kuns-horisonne te verbreed. “’Ons het ook ons Suid-Afrikaanse musiek aan gehore in dié lande bekend gestel,’ verduidelik mnr Ryke. Hy sê konserttoere soos dié is van onskatbare waarde vir talentvolle studente se kulturele menswees. ‘Dit is waar hulle hul kunstenaarskap, opleiding, kuns- en kultuurkennis, asook hul visie en beskouing van die wêreld kan verbreed’” (NWU, 2009b).

Die Boulevards van 2008 het bestaan uit ses lede, waarvan vyf toe studente en oudstudente van die Skool vir Musiek was. Die “afrondingsleier” was Mandie de Villiers-Schutte van die Skool vir Musiek en het volgens die berig op die NWU-webblad tot die groep se sukses bygedra (NWU, 2009b).

8.4.2.5 2013

Die Boulevard Harmoniste het in 2013, na ’n konserttoer vroeër in 2013, in Augustus op uitnodiging teruggekeer na Oostenryk. Hier het hulle deelgeneem aan ’n weeklange internasionale musiekfees in Millstadt. Volgens Bütow is twee konserte gehou saam met die Oostenrykse kitaarspeelster Julia Malischnig, wat spesifiek musiek bevat het wat spesiaal geskryf is met die oog op Oostenrykse en Suid-Afrikaanse kulturele samewerking (Bütow, 2013b:9, 10). Tydens die besoek aan Ljubljana in Slowenië het die Boulevards op ’n ongewone plek opgetree, toe hulle op ’n boot gesing het, terwyl dit vaar op die kanale van Ljubljana. Verbygangers op die strate langs die kanale en op brûe, waaronder die boot gevaar het, kon na die musiek luister (Anon., 2013d).



ILLUSTRASIE 8.8
DIE BOULEVARD HARMONISTE WAT IN 2013 EUROPA BESOEK HET, WAS MARLIZE HATTINGH (SOPRAAN), LANKA STOLS (ALT), ERIKA LOUW (SOPRAAN), TSEPO RAMONGALO (TENOOR), NKOSINATHI TOM (BARITON) EN KOBUS VENTER (BAS) (NWUMUSIC, 2015A).

Die Boulevards het ook aan die Verona Garda Estate Choir Festival deelgeneem. Dit is ’n nie-kompeterende koorfees wat by die Garda-meer en in die Italiaanse provinsies, Verona, Vicenza, Brescia en Mantua plaasvind. Volgens die teks wat ’n YouTube-video van die Boulevards se optrede

by dié fees in 2013 vergesel, is die doel van die fees as volg: "The purpose is to experience music from different cultures and countries and to create international friendships. The variety of places selected for the performances and the rich repertoire make this Festival a qualified opportunity for interaction among different musical cultures as well as attraction for a great public" (Garda Video, 2013).

8.5 CD's

Die sukses wat die Boulevards van meet af behaal het, het gelei tot die maak van 'n CD in die jaar na hulle die eerste keer opgetree het.


Hul eerste CD is in Julie 1996 bekendgestel. Volgens 'n persvrystelling het die CD, met die titel *Recital,* 'n wye verskeidenheid musiek ingesluit: "Die musiek wat gesing word is deurgaans *a capella,* en dek 'n breë spektrum van style en tipes. Daar is madrigale, barok-ensembles en ander klassieke werke, volksliedjies van verskillende lande, algemene ligte liedjies en selfs liedjies wat as *pop* beskou kan word! Die werke word deur die lede van die groep uitgekies, dit word effens verwerk om by die stemtipes te pas, of totaal nuwe verwerkings word gemaak" (Boulevard Harmoniste, 1996a). Van die musiek op die CD sluit in "Ave", "Color Vini Clari" van Juan Ponce, Mozart se "Eine kleine Nachtforelle" en Weber se "Der Freifisch". Ligter musiek sluit in "Sarie Marais", "Can't buy me love" van die Beatles en Queen se "Bohemian Rhapsody", "Dayton Ohio 1903" en "Short people" van Randy Newman, "I'm a train" van Albert Hammond en "Let's call the whole thing off" van Gershwin (Windell, 1996).

Teen 1998 was die Boulevards so gevestig dat hulle tweede CD tydens 'n "glansaand" bekendgestel is, waar die Bestuurskomitee van die Universiteit ook teenwoordig was. Die titel van dié CD is *Necessities* (Anon., 1998g:1).

Die groep se derde CD, *Tiempo,* is daarna in 2001 vrygestel (Boulevard Harmoniste, 2001b). Teen 2004 het die Boulevards se drie CD's reeds verkope van sowat 3 000 bereik (Boulevard Harmoniste, 2004). In 2001 het die CD *Ein Prosit,* met musiek van NWU-PUK groepe en alumni, die lig gesien. Drie van die Boulevards se opnames is hierby ingesluit, "Unser lieben Frauen Traum", "Motet II" van Martin Watt en "Mr Sandman" (PU vir CHO, 2002a).

Bütow berig in 2006 in die jaarverslag van PUK Kunste dat die Boulevards se CD, heel gepas met die titel *Monumental*, wat in die Voortrekker Monument opgeneem is, vrygestel is. Dié projek is in samewerking met Cesar Sound en die Voortrekker Monument geloods (Bütow, 2006:2).

Die groep se volgende CD is in 2008 vrygestel en saamgestel uit opnames op die vorige vier CD's. Die titel daarvan is *Project 4* en volgens Bütow gee dit "'n mooi oorsig van die groep se werk tussen sy stigting in 1994 en nou" (Bütow 2008:2).



ILLUSTRASIE 8.9
DIE BOULEVARD HARMONISTE SE VIERDE CD IS 'N SAMESTELLING VAN OPNAMES VAN DIE VORIGE VIER CD'S (BOULEVARD HARMONISTE, 2008A).

8.6 Besinning oor die waarde van die Boulevard Harmoniste

Die Boulevard Harmoniste het in die sowat twee dekades van sy bestaan homself nie net gevestig as 'n jaarlikse gunsteling by die drie belangrikste Suid-Afrikaanse kunstefeeste (Grahamstadfees, KKNK en Aardklop) nie, maar ook vir die Universiteit internasionale aansien gebring met prestasies by verskeie oorsese koorkompetisies. As een van die toergroepe van die Universiteit, is een van die doelstellings nie net om "kultuur te beoefen nie", maar om "die beeld van die PU na buite te bevorder" (Ryke & Bütow, 2005:281).

Vervolgens die besinning oor die waarde van die Boulevard Harmoniste terme van beeldbou; verryking en vermaak, soos aangedui in paragraaf 1.2.3.

8.6.1 Beeldbou

Ryke en Bütow stel dit onomwonde dat die Boulevard Harmoniste een van die toergroepe is wat "merendeels daarop ingestel is om nie net kultuur as sodanig te beoefen nie, maar ook om die beeld van die PU na buite te bevorder" (Ryke & Bütow, 2005:281). Dit blyk ook duidelik uit berigte soos in die resensie van Oosthuizen na die Boulevards se optrede by Aardklop (Oosthuizen, 2007?). Uit korrespondensie blyk dit ook dat die bestuurder van die Boulevards, Peet Ryke, dit ook so insien. Hy skryf in 2002 om toestemming vir die Europese toer te kry: "Die groep verbind hom daartoe om die naam van die PU vir CHO uit te dra en waardige verteenwoordigers van ons land te wees" (Ryke, 2002a).

Twee jaar later, in 2004, skryf Bütow in sy brief aan die studentedekaan om toestemming te verkry vir daardie jaar se oorsese toer dat die toer ’n gulde geleentheid sal wees “vir ons Universiteit om hierdie internasionale kontak te maak” (Bütow, 2004b). Dit dui daarop dat die klem van beeldbou verskuif het daarna om ’n netwerk van kontakte te bevestig.

Die bestuurskomiteebesluit van 2008 om toergroepe die geleentheid te bied om elke drie jaar oorsee te toer, het hierdie besluit bevestig. Die Boulevards was dus nie, soos Alabama, as bemarkingsinstrument gebruik nie, maar het meer as “uitstalvenster” vir die Universiteit gedien. Oorsese besoeke was aansienlik goedkoper as vir die Koor en het geleentheid geskep om “kontakte” vir die Universiteit te bewerkstellig.

8.6.2 Verryking

Die waarde van koorsang in die lewens van sy lede, soos bespreek in hoofstuk 6 oor die PU-Koor (kyk na 6.12.2.1), is ook in die konteks van die Boulevard Harmoniste van toepassing. Die lede van die groep, in die meer as twee dekades van sy bestaan, was altyd van die mees talentvolle en ervare sangers onder die studente, oudstudente en personeel van die Universiteit. Dit is dus nie vreemd nie dat etlike van die oud-lede van die Boulevards later in eie reg nasionaal en internasionaal as musici presteer het en dikwels hulle betrokkenheid by die Boulevard Harmoniste as ’n verrykende ervaring noem.

In bylaag 6 oor oudstudente wat later bekendes geword het, word meer oor dié individuele lede gesê. Enkele prestasies van die oud-lede dien gemeld te word. Rudolf de Beer, eerste musiekleier van die Boulevards, was onder meer die koorleier van die Drakensbergse Seunskoor en is teen 2014 die kantor van ’n kerkkoor in Noorweë. Erica Eloff het internasionaal as sopraan presteer. Jacques Imbrailo is steeds ’n bekende operasanger in Europa. Mabet van Wyk was lank lid van die *a capella*-groep, Cutt Glass. Marshell Lombard het in 2015 die koorleier geword van wat beskryf word as een van die beste skoolkore in die wêreld, dié van Kearnsey College. Lhente-Mari (Grimbeek) Pitout het in 2005 die dirigent van die jeugkoor van die Universiteit van Pretoria geword, terwyl Kobus Venter in 2012 die koorleier van die NWU-PUK Koor geword het.

Nie alleen het die begaafde lede van die Boulevards saamgespan om die standaard van die groep te bevorder nie, maar hulle lewens en loopbane is ook verryk deur hulle betrokkenheid by die Boulevards, ’n wedersyds voordelige verhouding.

Inaggenome die resensies, soos hierbo gemeld, is dit duidelik dat die Boulevards van meet af beslis die lewens van die mense wat na uitvoerings geluister het, verryk het. Geharde resensente van die

Cue-feeskoerant van die Grahamstadfees het jaar na jaar positiewe resensies oor die groep geskryf. Dieselfde het by Aardklop en die KKNK gebeur.

8.6.3 Vermaak

By die samestelling van die program van die Boulevards was daar van meet af ’n balans gehandhaaf van klassieke en moderne musiek. In 2002 word daar in die aansoekvorm vir optrede by die Grahamstadfees spesifiek gemeld dat die program uit 50% klassieke musiek en 50% volks- en ligter musiek bestaan (Ryke, 2002b). Die program vir hulle 2003-uitvoering by die Grahamstadfees meld spesifiek dat die program met sy verskeidenheid “wye smake bevredig” (Boulevard Harmoniste, 2003b). Vir die klassieke musiek liefhebber het die Boulevards sekerlik vermaak verskaf. Die resensent van die *Cue*-feeskoerant in 2009 skryf: “This is a show for all those who love classical choral singing” (JH, 2011). Die vermaak vir liefhebbers van klassieke musiek lê waarskynlik daarin dat die Boulevards die “uitdagende” musiek wat hulle kies om te sing, met sukses uitvoer. Dit blyk dat daar deurgaans ’n balans gehandhaaf is om ligter musiek te sing, wat ’n wyer gehoor sou vermaak, terwyl die uitvoerings van klassieke musiek die smake van liefhebbers van hierdie genre sou bevredig.

8.7 Ten slotte

Anders as studenteverenigings wat dikwels vir hulle bestaan afhanklik is van die ywer en entoesiasme van sy lede wat uiteraard net enkele jare aan die Universiteit verbonde is, is die Boulevard Harmoniste deur die destydse Departement Kultuur gestig, aanvanklik om aan die Grahamstadfees deel te neem. Sedertdien het die groep homself gevestig as ’n sangensemble met internasionale aansien. Die voortbestaan en sukses van die Boulevard Harmoniste het oor die jare dus nie hoofsaaklik afgehang van die talent en ywer van sy lede nie, maar is grootliks verseker deur die bekwame bestuur van NWU-PUK Kunste, maar veral in die persoon van Peet Ryke wat van die begin af steeds die bestuurder van die groep is.

HOOFSTUK 9
Groepe van 2014 en kort te vore

Die groepe wat in hierdie hoofstuk bespreek word (Buzzin' Blaasorkes, die NWU-PUK Simfonieorkes, Divaco, Disfunctional Beat en PUK Amici), het almal sedert die 1990's tot stand gekom. Buzzin' het intussen ophou bestaan, maar is in 'n sekere mate opgeneem in die NWU-PUK Simfonieorkes, daarom word dit hier bespreek en nie in hoofstuk 10, wat handel oor groepe wat ophou bestaan het nie. Soos in paragraaf 2.7 bespreek, speel veranderende tendense 'n rol by die kom-en-gaan van uitvoerende studentegroepe. Drie van die groepe wat hier bespreek word, het verskeie metamorfoses ondergaan om die vorm te bereik wat dit teen 2014 gehad het.

Een van die veranderings is dat groepe hulle eksklusiwiteit as studentegroepe verloor het. Nadat die Boulevard Harmoniste in 1995 tot stand gekom het en daar van meet af besluit is om die ensemble toeganklik te maak vir studente, personeellede en alumni van die Universiteit, blyk dit dat dié gebruik uitgekring het na ander groepe. Ander uitvoerende studentegroepe wat daarna ontstaan het, het hul lidmaatskap oopgestel vir lede buite die studentekorps.

Die ondersteuning van die Departement Kultuur, later PUK Kunste, het in verskeie opsigte bygedra tot die kontinuïteit en voortbestaan in dié groepe, soos sal blyk uit die bespreking hieronder.

9.1 Buzzin' Blaasorkes

Sowat 18 maande nadat hy aangestel is as studenteadviseur: kultuur, skryf Horst Bütow 'n omvattende verslag oor sy aktiwiteite en die kunskulturele bedrywighede van die Universiteit met talle aanbevelings oor 'n wye spektrum. Een van die aanbevelings wat in die vooruitsig gestel word, is die stig van 'n blaasorkes vir personeel en studente (Bütow, 1981a:10). Pogings om die blaasorkes te stig blyk uit 'n berig wat op 26 Februarie 1982 in *Wapad* verskyn het, waarin gesê word dat daar kontak gemaak is met 'n bekende dirigent, ander blaasorkeste in die omgewing en die weermag (Myburg, 1982:6).

Die stigting van 'n blaasorkes het egter eers in 1997 plaasgevind toe die Buzzin' Blaasorkes gestig is. Dieselfde jaar is 'n simfonieorkes gestig, wat in 2004 ophou bestaan het en die lede wat blaasinstrumente gespeel het, het by Buzzin' aangesluit.

In 2010 het die Simfonieorkes herleef en kort daarna het Buzzin' ophou bestaan en volgens die webblad van NWU-PUK Kunste is die lede daarvan opgeneem in die Simfonieorkes (NWU-PUK Kunste, 2016).

9.1.1 Historiese beskrywing en ontleding van die Buzzin' Blaasorkes

Die Buzzin' Blaasorkes is in Julie 1997 gestig met die doel om 'n "platform vir energieke koperblaasspelers wat saam goeie musiek wil maak" te skep. Dié jaar het hulle aan 'n Kadetorkeskompetisie en die North-West Schools Festival deelgeneem. Die eerste dirigent was Eric Kayayan (Buzzin', 1997)

Enkele weke na die stigting in Julie, op 6 September 1997, ontvang Buzzin' na 'n optrede 'n brief gerig aan Peet du Toit deur Theo de Villiers van die Potchefstroom Gimnasium Blaasorkes wat lui: "Met 'n enkele uitsondering was julle optrede werklik puik en in die lig van die kort periode van voorbereiding, voortreflik!" (Buzzin', 1997).



ILLUSTRASIE 9.1 BUZZIN' TYDENS 'N OPTREDE IN 1997. DIE EERSTE DIRIGENT WAS ERIC KAYAYAN (BUZZIN', 1997).

Buzzin' tree in 1998 by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees op, met 'n produksie getiteld *Brass Euphoria.* Volgens die program was die lede van die orkes Peet du Toit (trompet), Mark Hovy (trompet), Casper Lourens (trompet), Jan-Hendrik Kruger (tromboon), Willem van den Brink (bastromboon), Elana Olivier (tuba), Eloïse Vincent (Franse horing), Morné van Jaarsveld (alt saksofoon) en Andries van der Walt (dromme) (Buzzin', 1997). Volgens dié program was Peet du Toit die stigter van Buzzin'. Dié jaar het hulle ook aan die Standard Bank Kampustalentfees deelgeneem (Buzzin', 1997).

Vir hulle deelname aan die 1998 KKNK het Buzzin' finansiële ondersteuning van die studentedekaan gevra. In die brief met die versoek verklaar hulle hul ook bereid om koperblaasinstrumente en musiek aan tradisioneel agtergeblewe groepe te demonstreer en is bereid om in ruil opheffingswerk in tradisionele gemeenskappe te doen, terwyl hulle in 1998 tydens die KKNK opgetree het (Buzzin', 1999a). In 1998 het Buzzin' as studentegroep by die Kultuurraad van die Studenteraad geaffilieer. (Buzzin', 2000b).

Buzzin' se produksie vir die 1999 KKNK het *Warm Lippe* geheet en *Kampusnuus* skryf op 19 Februarie dat hulle "die gehore stomende saksofoonmelodieë en verrassende jazz- en ander warm koperblaasharmonieë [sal] laat hoor". Die berig meld ook dat die groep sedert hulle vorige optrede by die KKNK deel gehad het aan 'n CD-opname en ook by die Linden-kunstefees opgetree het.

Formele en informele optredes by Aardklop het ook plaasgevind. Hulle het talle kerssangdienste ondersteun en opgetree by ouetehuise, troues en dinees van vele rade en fakulteite (Anon., 1999b:3).



ILLUSTRASIE 9.2
DIE LEDE VAN BUZZIN' IN 1999 WAS (VOOR) CASPER LOURENS, ELOÏSE VINCENT, IDELETTE KEESEBBERG EN IZELNA STEYN, (AGTER) PEET DU TOIT, ELANA OLIVIER, WILLEM VAN DEN BRINK, JAN-HENDRIK KRUGER, JOHAN VILJOEN, ANDRIES VAN DER WALT EN MIA CLOETE. DIE FOTO HET IN *KAMPUSNUUS* VERSKYN NADAT BUZZIN' GEKEUR IS OM AAN DIE KKNK IN OUDTSHOORN TE GAAN DEELNEEM (ANON., 1999B:3).

Die *Warm Lippe*-produksie blyk gewild te wees en is later dié jaar in Potchefstroom herhaal. Die T-hemde wat vir *Warm Lippe* ontwerp is, was swart met groot rooi lippe en is met die hand gedruk. Plakkate met dieselfde ontwerp blyk so gewild te wees dat dit vinnig "weggeraap (is) deur die waarderende publiek", aldus Jan-Hendrik Kruger in sy verslag oor die besoek aan die KKNK. Die *Warm Lippe*-produksie is ook suksesvol tydens Aardklop aangebied (Buzzin', 1999b).

In hul bekendstelling op die webblad van die PU word gesê dat hulle formele uitvoerings hou by kerke, die KKNK en Aardklop. Hulle is ook in 2000 uitgenooi om konserte te hou vanaf Hartenbos tot by Pietersburg (Buzzin', 2000b).

In sy oorsig oor die jaar 2000 skryf Peet du Toit dat Buzzin' dié jaar 'n CD opgeneem het. Buzzin' is nié dié jaar gekeur om by Aardklop op te tree nie, maar het wel tydens Aardklop in 'n plaaslike restaurant gespeel (Buzzin', 2000b). Die CD, *Touch of brass,* bevat 18 nommers wat insluit "Hang on sloopy", "Big Spender" en "Summertime". Die opnames vir dié CD is oor twee dae in Mei 2000

gemaak (Buzzin', 2000a). Buzzin' se weergawe van "Hang on sloopy" is in 2002 ingesluit in die CD, *Ein Prosit,* met opnames van die musiek van Pukke en oud-Pukke (PU vir CHO, 2002a).

'n Besigheidsplan is in 2003 opgestel en hierin word enkele van die sterk punte van die orkes uiteengesit. Dit sluit in dat die lede gemotiveerde vrywilligers is wat almal 'n passie vir hul musiek het, oor goeie leierskap beskik, terwyl lede goeie musiekopleiding het (Buzzin', 2003).

Buzzin' het in 2004 weer tydens die KKNK opgetree. Die titel van die produksie was *Movies & musicals* for winds (Buzzin' 2004). Die groep het ook in 2004 tydens die Aardklop Kunstefees opgetree, nadat die Departement Kultuur hom dit ten doel gestel het om so veel as moontlik Pukke op 'n verskeidenheid van terreine by dié fees te betrek (Bütow, 2004a:3, 5).

Dieselfde jaar is die CD, *Movies and musicals for winds* met 21 nommers opgeneem. Dit sluit in: "I will follow him" van die rolprent *Sister Act,* "Fiddler on the Roof, "Beauty and the beast", "Va Pensiero uit *Nabucco*, "Yesterday" en "Phantom of the opera" (Buzzin', 2004).



ILLUSTRASIE 9.3
BUZZIN' SE EERSTE CD, MET DIE TITEL *TOUCH OF BRASS*, IS IN 2000 VRYGESTEL (BUZZIN', 2000A).



ILLUSTRASIE 9.4
BUZZIN' SE TWEEDE CD, *MOVIES & MUSICALS FOR WINDS*, IS IN 2004 VRYGESTEL (BUZZIN', 2004).

Nadat die Simfonieorkes in 2005 ophou bestaan het, berig Bütow in sy jaarverslag vir 2006 dat Buzzin', onder die leiding van prof Huib van Hamburg, die plek ingeneem het van dié orkes. Bütow berig voorts: "Behalwe dat dit 'n tuiste skep vir ons instrumentaliste, het hulle 'n stewige jaar gehad, met 'n verskeidenheid konserte. Met die finansiële ondersteuning van die Kunstekomitee behoort Buzzin' nou as 'n volwaardige studentevereniging te funksioneer" (Bütow, 2006:1). Teen 2006 berig die *PUK Gids* oor Buzzin': "Die tuiste vir instrumentaliste. 'n Unieke samevoeging van hout- en koperblaasinstrumente met musiek vir enige geleentheid. Jazz, klassiek, *blues,* fliekmusiek – ons

speel enige iets! Optredes sluit in kunstefeeste, straatmarkte, formele optredes, bierfeeste en begeleiding tydens kerkdienste." Arina Kruger was dié jaar die voorsitter, terwyl Minette Vosloo die volgende jaar die voorsitter was en Pieter Vogel in 2008 (Anon., 2006b:24; Anon., 2007c:25; Anon., 2008b:26). As een van die studenteverenigings wat onder die Kunsteraad funksioneer het, het Buzzin' in 2008 'n kantoor in die Heimat-gebou betrek (Bütow, 2008:1). Buzzin' het dié jaar uit ongeveer 15 lede bestaan (Cilliers, 2008:9). Anneke Helmbold was in 2009 die voorsitter van Buzzin' en Michael Els in 2010 (Anon., 2009a:48; 49). Benewens hulle normale jaarlikse aktiwiteite word dit in 2010 in die vooruitsig gestel dat hulle sal saamwerk met PUK Sport met betrekking tot vermaak tydens rugby- en krieketwedstryde (Bütow, 2010a:1). Alhoewel Buzzin' – met Michael Els weer eens as voorsitter – in die *PUK Gids* van 2011 gelys word, rapporteer Bütow in 2010 die laaste keer oor die groep in sy verslae (Anon., 2011a:61).

9.1.2 Besinning oor die rol en waarde van die Buzzin'

Alhoewel Bütow so vroeg as 1981 reeds die stigting van 'n blaasorkes as een van sy doelstellings gestel het, het dié orkes nie gerealiseer voor 1997 nie. Die stigting daarvan was ook nie op inisiatief van die Departement Kultuur nie en dit was eers nadat Buzzin' die Departement Kultuur genader het vir finansiële bystand om die KKNK te besoek dat Buzzin' 'n patronaatliggaam van die destydse Kultuurraad van die Studenteraad geword het.

9.1.2.1 Beeldbou

Omdat Buzzin', nes ander uitvoerende groepe, altyd onder die vaandel van die Universiteit opgetree het, moes die groep daarvan bewus wees dat hulle vir hul gehoor 'n sekere "beeld" van die Universiteit voorhou, maar hulle is nooit in dié opsig benut soos byvoorbeeld die Alabama Studentegeselskap nie. Die orkes het, benewens optredes by die KKNK, hoofsaaklik in en om Potchefstroom konserte gehou by 'n verskeidenheid geleenthede.

9.1.2.2 Verryking

Soos bespreek in die hoofstuk oor die NWU-PUK Koor en die Boulevard Harmoniste, hou groepsang etlike voordele in vir die persoon wat daaraan meedoen. Dieselfde is ook van toepassing op persone wat in 'n orkes speel. In 'n artikel wat op die webblad van die Oxford Royal Academy verskyn het, word verskeie van dié voordele uiteengesit.

Van die voordele sluit in:

- Spanwerk:

Om lid van 'n orkes te wees, bied 'n uitstekende geleentheid om die vermoë om in 'n span te funksioneer te ontwikkel en te verfyn. Dit word van elke orkeslid verwag om na die beste van sy

vermoë sy kant te bring om die musiek uit te voer. As een orkeslid nie sy volle gewig ingooi nie, gaan dit die hele uitvoering benadeel. Almal moet saamwerk om die beste resultate te bewerkstellig. Dit is in ’n besigheidsomgewing ’n vaardigheid wat van onskatbare waarde kan wees.

- Organisatoriese vaardighede:

’n Student wat ’n lid van ’n orkes is moet moeite doen om gereeld repetisies by te woon en dit in te pas by al sy ander aktiwiteite wat hom vaardig maak in die vermoë om sy eie program te organiseer.

- Hantering van druk:

Alhoewel dit heelwat plesier verskaf om in ’n orkes te speel, skep dit ’n situasie waar daar baie druk op die individu geplaas word. Die orkeslid moet ’n hoë standaard handhaaf en uitstekend speel, sonder om foute te maak. Boonop moet talle orkeslede verhoogvrees oorkom om ’n uitstaande uitvoering te gee. Dit ontwikkel vaardighede wat eweneens in ’n werksomgewing van onskatbare waarde kan wees.

- Dissipline:

Dit verg harde werk en deursettingsvermoë om ’n uitstaande musikus te word. So ’n persoon moet gedissiplineerd wees en sonder uitsondering vir jare daagliks oefen om dié vlak te bereik en ’n streng oefenprogram volhou om ’n hoë vlak van vaardigheid te handhaaf. Om musiek te oefen is nie altyd pret nie, toonlere en studies is dikwels oninteressant en herhalend en praktiese en teorie-eksamens is ’n uitdaging. Dit kweek die vermoë aan om gedissiplineerd en selfgemotiveerd te wees om ’n projek tot by voltooiing deur te sien.

- ’n Uitgebreide algemene kennis:

Lede van ’n orkes word voortdurend bekendgestel en blootgestel aan musiek van verskeie komponiste. Deur die musiek gereeld te oefen, leer ken die orkeslid nie alleen die musiek self nie, maar ook die era waarin dit gekomponeer is en kan sodoende ander werke uit daardie tydperke identifiseer. Die orkeslid gaan meer leer oor die komponis, die tegnieke wat hy gebruik het om ’n spesifieke musikale effek te skep of ’n emosie by die luisteraar op te wek. Die orkeslid leer ook so die ontwikkeling van musiek ken, van die religieuse musiek van die Renaissance tot die moderne musiek van vandag. Dit skerp dus nie net die orkeslid se vermoë op om die musiek uit te voer nie, maar ook om musiek te waardeer.

- Verbeter verstandsgesondheid:

Om saam met ander mense musiek te maak is ’n uiters lonende ervaring en baie terapeuties. Vir ’n persoon wat ’n baie stresvolle dag beleef het, help dit om van dié spanning ontslae te raak deur jou volle aandag te vereis. Dit benut ander areas van ’n persoon se brein en help die orkeslid om later

beter perspektief op die uitdagings van sy werk en studies te konsentreer
(Oxford Royal Academy, 2014).

Om ’n lid van ’n orkes te wees impliseer dat ’n persoon ’n instrument moet kan bespeel. Matthews (2011) se lys van 17 voordele wat dit inhou om ’n instrument te bespeel stem grootliks ooreen met die gevolgtrekking waartoe die Oxford Royal Academy kom. Dit sluit in: (1) Versterk geheuevermoë. (2) Verfyn tydsbestuur en organisatoriese vermoë. (3) Verbeter vaardighede om in ’n span saam te werk. (4) Leer deursettingsvermoë. (5) Verbeter koördinasie. (6) Verbeter wiskundige vermoë. (7) Verbeter lees- en begripsvaardigheid. (8) Versterk verantwoordelikheidsin. (9) Bied blootstelling aan kultuurgeskiedenis. (10) Versterk konsentrasie. (11) Bevorder selfuitdrukking en verlig spanning. (12) Skep ’n gevoel van prestasie. (13) Verbeter sosiale vaardighede. (14) Versterk luistervaardighede. (15) Leer dissipline. (16) Verbeter die asemhalingstelsel. (17) Bevorder ’n gevoel van blydskap in die lewe van die instrumentalis en die mense om hom.

Inaggenome die Oxford Royal Academy en Matthews blyk dit dat daar etlike voordele daaraan is vir ’n persoon om die lid van ’n orkes te wees. Die lede van Buzzin’ sou hierdie voordele ervaar het.

9.1.2.3 Vermaak

Buzzin’ het gehore gevind op plekke waar ander uitvoerende groepe van die Universiteit nie gewoonlik opgetree het nie. Dit sluit in straatmarkte, bierfeeste en begeleiding tydens kerkdienste. Buzzin’ se blaasorkes-musiek was in dieselfde styl as tradisionele Duitse orkeste of oempa-orkeste. “Oom-pah” word beskryf as die ritmiese geluid wat gemaak word deur koperblaasinstrumente (yourdictionary.com, 2010). Duitse koperblaasmusiek word geassosieer met straat- en bierfeeste, wat Buzzin’ gewilde kunstenaars by dié geleenthede gemaak het.

9.2 NWU-PUK Simfonieorkes

9.2.1 Historiese beskrywing en ontleding van die NWU-PUK Simfonieorkes

Die PU Simfonieorkes is in 1997 gestig. Dit het teen 2004 doodgeloop en die lede het by Buzzin’ ingeskakel. Die NWU-PUK Simfonieorkes het in 2010 herleef en enkele jare later het Buzzin’ ophou bestaan en sy lede het by die Simfonieorkes ingeskakel.

Die NWU-PUK Kunste se webblad beskryf die Simfonieorkes só: “Hierdie orkes is 'n volledige simfonieorkes, en uniek in die sin dat dit ’n oop vereniging is, m.a.w. oop vir studente en personeel van die universiteit, asook lede van die publiek - almal moet uiteraard ’n oudisie slaag” (NWU-PUK Kunste, 2016). Heelwat lede van die orkes is dus nie musiekstudente nie. Maricia Duyn, ondervoorsitter vir die 2014/5-termyn, het ’n BCom (Regte) in 2015 verwerf (Duyn, 2016a).

Die bywoning van agt Potchefstroomse instrumentaliste aan die Nasionale Jeugorkes-kursus, wat in Kaapstad gehou is tydens die winterreses van 1997, het gelei tot die stig van die PU se eie simfonieorkes. Lullu Mans skryf in *Wapad* van 21 Augustus dat die gedagte tydens ’n middagete geopper is en daar is besluit dat dit aandag verdien. Een week later het die orkes sy eerste oefening gehad. “Die orkes bestaan uit ’n stampvol houtblaasafdeling ’n volledige koperblaasseksie (met uitsondering van ’n tuba) en ’n klompie tjello’s. Mans skryf dat daar toe nog strykers benodig word. Rudolf de Beer was verantwoordelik vir die musiek, terwyl Eric Kayayan die beskermheer van die orkes was” (Mans, 1997:11).




ILLUSTRASIE 9.5
’N UITVOERING VAN DIE PU SIMFONIEORKES IN 1998 (FOTOGRAFIESE DIENSTE, 1998).

Kayayan was ook die eerste dirigent van die orkes. Hy het aan die Paryse Konservatorium musiek studeer, waar hy onder Leon Barzin as dirigent opgelei is. In 1997 was hy ’n dosent in Frans aan die PU en ook finalejaar teologiese student, aldus Haddad Viljoen in *Wapad* van 16 Oktober 1997. Viljoen vervolg: “Onder sy bekwame leiding is die orkes besig om ’n geweldige hoë standaard van musiek voort te bring. . . Die orkes bestaan uit studente, dosente en buitepersone in en om Potchefstroom wat almal ’n geweldige passie vir kunsmusiek koester. Volgens Liesl Raath, voorsitter en medestigter van die orkes, het die PUK Simfonieorkes ten doel om kunsmusiek te bevorder en om aan enige student die geleentheid te bied om in ’n simfonieorkes te speel.” Viljoen reken voorts dat die orkes ’n “definitiewe leemte” van musiekstudente vul en hulle die geleentheid bied om eerstehandse ervaring in ’n orkesopset op te doen. Die orkes is egter nie net tot musiekstudente beperk nie, maar oop vir enige student wat die oudisie slaag (Viljoen, 1997:1).

In sy jaarverslag vir 1999 doen Bütow só verslag oor die Simfonieorkes: “Die eie PUK Simfonie-orkes het in 1998 sy beslag gekry met personeellid mnr Eric Kayayan as dirigent. Die orkes het bestaan uit ongeveer 30 musikante en personeellede en drie suksesvolle uitvoerings kon aangebied word.” Bütow vervolg dat die orkes finansieel ondersteun word deur die Departement Kultuur. Kayayan het egter bedank en Bütow reken dat dit ’n probleem kan skep vir die toekoms “maar die vertroue word uitgespreek dat die probleem oorbrug sal word” (Bütow, 1999a:4).



ILLUSTRASIE 9.6
DIE PROGRAM VIR DIE EERSTE KONSERT VAN DIE PUK SIMFONIEORKES IN 1997 (PUK SIMFONIEORKES, 1997).



ILLUSTRASIE 9.7
MNR ERIC KAYAYAN WAS DIE EERSTE DIRIGENT VAN DIE PUK SIMFONIEORKES NADAT DIT IN 1997 GESTIG IS (COPAINSDAVANT.LINTERNAUTE.COM, 2016).

In Oktober 1998 adverteer die orkes in *Wapad* om aansoeke vir ’n tydelike dirigent te versoek vir die periode Januarie tot Junie 1999. Kayayan kon, volgens die berig, weens werksverpligtinge nie vir daardie periode as dirigent dien nie. In die berig word gesê dat die orkes in 1997 gestig is. “Sedertdien tree die PSO by verskeie geleenthede op en vermaak gehore op klassieke vlak. Konserte saam met die PUK-Koor en die National Chamber Orchestra word ook in die vooruitsig gestel.” Dit word ook in die vooruitsig gestel dat die tydelike dirigent, ná die periode, as hulpdirigent kan aanbly.

Die persoonsvereistes vir die dirigent is: artistieke styl en bekwame leierskap; doeltreffende kommunikasievaardighede; kreatiewe EN [*sic*] abstrakte denke; bogemiddelde mens- en konflikhanteringsvaardighede; spanwerk-vaardighede. Posvereistes sluit in: voldoende dirigeervermoëns en ervaring; teoretiese onderbou – veral van transposisie; vertroudheid met die

repertorium van simfonieorkeste, vertroudheid met simfoniese instrumente; bestuursvaardighede (Anon., 1998f:7).

Knelpunte wat betref spelers blyk teen 2002 uitgeskakel te wees. Bütow (2002) berig in sy jaarverslag vir dié jaar: "In samewerking met die dekaan van Lettere en Wysbegeerte is daar gedurende 2002 daadwerklik gepoog om hierdie orkes gevestig te kry as 'n kultuurbate vir die Universiteit." Bütow reken dat die grootste leemte wat toe bestaan het op die organisatoriese en finansiële vlak gelê het. Dit is egter as doelwit gestel om in 2003 daaraan aandag te gee. Die hoogtepunt, volgens Bütow, en die bewys dat daar goeie vordering was, was hulle goeie deelname aan die opera-produksie *Die Towerfluit* tydens Aardklop 2002.

Die PUK Simfonieorkes verskyn die eerste keer in die *PUK Gids* van 2003 in die lys van "kultuurtoergroepe". Dit word beskryf as: "'n Orkes vir studente met 'n verskil. Die ideale tuiste vir ons klassieke instrumentaliste", terwyl daar die volgende jaar in die *PUK Gids* gemeld word dat die orkes onder leiding van prof Fanie Jooste staan (Anon., 2003b:23; Anon., 2004c:24).

Gedurende die daaropvolgende jare blyk die orkes voor verskeie uitdagings te staan te kom. In sy verslag vir 2003 berig Bütow dat die Departement Kultuur in samewerking met die dekaan Lettere en Wysbegeerte gepoog het die groep te begelei om op 'n beter organisatoriese vlak te kom en ook om inisiatiewe daar te stel om meer lede te werf.
So is daar ook deur die dekaan 'n deeltyds-permanente organiseerder aangestel om na die sake van die orkes te kyk. Ten spyte van al hierdie pogings het die orkes agteruit gegaan, soveel so dat ons van mening is dat vir 2004, die orkes waarskynlik nie sal bestaan nie. Die belangstelling van die studente het so gekwyn dat 'n simfonie-orkes nie tans bestaansreg regverdig nie. Die doelwit vir 2004 sal daarin lê dat instrumentaliste onder ons studente by die bestaande groep Buzzin' sal kan inskakel as die instrument wat gespeel word daar bruikbaar is (Bütow, 2003a:1).

Die volgende jaar berig Bütow dat die orkes wel ophou bestaan het en dat studente wat belanggestel het om steeds lid van 'n orkes te wees by Buzzin' ingeskakel het (Bütow, 2004a:1). Teen 2006 blyk dit dat mnr Walter Butt, wat toe pas aangestel is as dirigent van die Noordwes Jeugkoor, daarin geïnteresseerd was om 'n simfonieorkes vir Potchefstroom te stig. Dit word in die vooruitsig gestel dat dié orkes oop toegang sal hê, maar dat daar noodwendig heelwat studente by betrokke sal wees. Ten tyde van die skrywe van Bütow se verslag is daar in oorleg met die Departement Kultuur na moontlikhede gekyk (Bütow, 2006:5).

Die NWU-PUK Simfonieorkes het in 2009 herleef met die ondersteuning van die toenmalige kampusrektor, prof Annette Combrink. 'n Ongedateerde program van die orkes van ongeveer 2012 meld dat die orkes sedert sy bestaan betrokke was by simfoniekonserte, produksies saam met PUK

Kunste. Die program meld verder: “Die orkes dien as ’n opleidingsgeleentheid vir studente om in ’n positiewe omgewing orkeservaring op te doen.” Dit word egter beklemtoon dat die orkes ’n gemeenskapsorkes is en “oop vir spelers in die omgewing om saam te musiseer” (PUK Simfonieorkes, 2012?).

’n Ongedateerde dokument wat klaarblyklik saamgestel is met die herstigting van die orkes in 2009 dui aan dat die orkes sou bestaan het uit studente en lede van die gemeenskap, wat oudisies geslaag het. Die orkes sou ’n dirigent hê, wat die orkes lei tydens repetisies, openbare uitvoerings en ander projekte. Hierbenewens sou ’n artistieke direkteur die bestuur van die orkes behartig en verantwoordelik wees vir die “kontinuïteit in die orkesprojek” (NWU-PUK Orkes, 2009?).

Erica Louw, voorsitter vir 2013/4, verwoord die doelstellings van die orkes in hierdie tydperk as: *Om ’n studente-orkes, wat kwaliteit uitvoerings lewer, te wees. Hierdie beteken natuurlik ook die volgende:*


- *Ons bring studente wat van verskillende agtergronde, kleure, standaarde (musikaal) en studierigtings bymekaar. Ons werk saam na een doel, waar die fokus nie enige van die kwessies, wat ons in ons land ervaar nie, maar om musiek te maak.*
- *Die beeld van die Universiteit na buite word op ’n positiewe manier uitgedra.*
- *Om jong musici die kans te gee om te leer in ’n veilige spasie, waar daar iemand langs hom sit wat dalk op ’n hoër vlak musiekmaak, maar hulle help mekaar* (Louw, 2017).

Erica Louw was van 2011 tot 2014 lid van die orkes, die laaste jaar as voorsitter. Sy was die timpanis van die orkes (Louw, 2017).

In 2010 het die Simfonieorkes tydens die NWU se opedag opgetree en het later die jaar saam met personeel van PUK Kunste, die PUK-Koor, Boulevard Harmoniste, die PUK Simfonieorkes, en soliste deelgeneem aan *Persreën* ’n verhoogproduksie met die oud-Puk, Ralph Rabie (Johannes Kerkorrel) se musiek as tema. Die produksie is van 18 tot 21 Augustus uitgevoer (Bütow, 2010b: 1; Bütow, 2010e:1, Bütow, 2010d:1). Die produksie *Persreën* word meer omvattend omskryf in paragraaf 12.4.2.6.

Met prof Fanie Jooste as dirigent, het die PUK Simfonieorkes hul eerste uitvoering van 2011 op 19 Mei in die Konservatoriumsaal gehad. Bütow berig in sy jaarverslag: “Die saal was gepak met ’n entoesiastiese gehoor, en die hele geleentheid was ’n groot sukses” (Bütow, 2011a:1). Later die jaar, op 26 en 27 September het die orkes deelgeneem aan die Skool vir Musiek se produksie van die opera *Cosi fan tutte* van WA Mozart. Die uitvoering daarvan was in die Sanlam-Ouditorium, weer eens onder leiding van Fanie Jooste. Die plaaslike orkes is aangevul deur die inkontraktering van ’n aantal professionele orkesspelers. “Dié suksesvolle aanbieding is veral gekenmerk deur die

besondere talentvolle studentsoliste van die Skool vir Musiek," aldus Bütow wat ook in sy verslag meld dat daar "met groot dank kennis geneem" is van die begroting wat vir 2011 aan die orkes toegestaan is. Benewens dié finansiële bydrae was die studentelede van die orkes in 2011 saam met lede van die PUK Koor, die Boulevard Harmoniste en lede van die Wêreldjeugkoor ontvangers van kultuurbeurse wat in totaal R650 000 beloop het (Bütow, 2011a:1, 6).



ILLUSTRASIE 9.8
PROF FANIE JOOSTE WAS IN 2003 EN WEER IN 2011 DIE DIRIGENT VAN DIE NWU-PUK SIMFONIEORKES (NWU INSTITUSIONELE ARGIEF EN MUSEUM, S.A.(A)).

'n Volgende mylpaal is in 2012 bereik toe 'n konsert wat onder leiding van Colin Campbell, die artistieke direkteur van die Orkes, op die planke gebring is. Bütow berig in sy verslag vir April en Mei 2012: "'n Besonderse aspek van die konsert was dat daar vir die eerste keer geen 'huursoldate' van buite Potchefstroom vir 'n vol konsert gebruik is nie. Die gehoor was verbaas oor die standaard wat die jong student met die konsert kon handhaaf" (Bütow, 2012a:1).

Daar is werke gespeel van Beethoven (die tweede beweging, "Allegretto" van die Simfonie no. 7 in A Majeur, Op. 92), Dvorak (Die derde beweging, "Scherzo" van die Nuwe Wêreld Simfonie, Op. 95) en Grieg (die Peer Gynt-suite) (PUK Simfonieorkes, 2012?).

Die program van die konsert gee biografiese besonderhede van Campbell: "Colin Campbell is 'n bekende naam in musiekkringe in Suid-Afrika. Konsertorrelis, kamermusikus, kerkmusikus en dirigent het hom al op konsertreise en kongresse in die buiteland geneem en as dosent en orrelpedagoog het sy studente van die mees vooraanstaande pryse in Suid-Afrika gewen. Hy het as repititeur en dirigent opgetree vir uitvoerings van die studente-orkes aan die NMMU, twee jaar

voordat hy aangesluit het as dosent aan die Skool vir Musiek in 2008. Colin is artistieke direkteur van die PUK Simfonieorkes sedert 2009" (PUK Simfonieorkes, 2012?).

Die Orkes se tweede konsert dié jaar was in die Amfiteater en die derde konsert by die Skool vir Musiek. Tinus Botha, 'n konsertpianis, wat toe pas aangestel is by die Skool vir Musiek, was die solis (Bütow, 2012d:3). Nadat Campbell gedurende die middel van 2012 as artistieke direkteur bedank het, is André Oosthuizen, toe 'n musiekstudent, as dirigent aangestel. Die Orkes sou in die tweede semester tydens die Studentedekaanskonsert opgetree het (Bütow, 2012d:1).

Erica Louw, wat toe lid van die orkes was en in 2014 voorsitter onthou dat met Campbell se bedanking talle lede ook die orkes verlaat het.
Die orkes het [na Campbell se bedanking] *uit 'n totaal van 13 lede bestaan - (dit is hoe ek dit onthou, mag dalk meer of minder wees). Dit was letterlik 'n geval van ons vriendekring het bymekaar gesit en rolle vir mekaar uitgedeel. André Oosthuizen was die enigste een met 'n graad* [in musiek] *in die orkes op daardie stadium en hy moes toe dirigeer. Ek het CA studeer vir 'n jaar so ek het finansies hanteer ens. Ons het gebou tot by 'n voltydse orkes van 46 lede teen die tyd wat ek weg is by die orkes in 2014 en hulle het nog gegroei in my tyd weg* (Louw, 2017).

Oosthuizen is aanvanklik tydelik aangestel, maar na die orkes se optrede tydens die Studentedekaanskonsert berig Bütow dat Oosthuizen "'n moontlike keuse" kan wees as dirigent vir 2013 (Bütow, 2012f:1). Bütow berig ook later dat Oosthuizen "hom baie goed van sy taak gekwyt" het tydens 'n konsert op 21 Oktober in die Konservatoriumsaal waartydens Tinus Botha die solis was in 'n uitvoering van Schumann se tweede klavierkonsert. Dit was een van twee konserte tydens Oktober 2012, nadat die orkes op 18 Oktober 'n konsert in die Amfiteater aangebied het (Bütow, 2012c:1). Erica Louw, voorsitter, 2013/4, meen egter dat Oosthuizen 'n aansienlike rol gespeel het in verhoging van die repertorium en standaard, "wat bitter baie hieraan gewerk (het) en steeds werk" (Louw, 2017).

André Oosthuizen het in 2007 ingeskryf by die NWU-PUK en het BMus gestudeer, wat hy in 2010 voltooi het. Hy het 'n uitvoerende MMus in fluit in 2015 aan die Universiteit voltooi. Hy was 'n fluitspeler in die NWU-PUK Simfonieorkes vanaf 2008 tot 2010 en weer van die begin van 2012 af totdat hy in die tweede helfte van daardie jaar oorgeneem het as dirigent (Oosthuizen, 2017).

Volgens Oosthuizen is sy grootste uitdaging as dirigent om die middeweg te bly vind tussen die druk van standaard en die musikale groei van die orkes, "maar ook om die ligte en genotvolle sy van die ervaring te behou. Vir van die spelers gaan dit net oor die genot daarvan en dus is dit belangrik, maar om goed te wees moet ons ook 'n vlak van hard werk en professionaliteit hê" (Oosthuizen, 2017).



ILLUSTRASIE 9.9

DIE NWU-PUK SIMFONIEORKES VAN 2012. REGS VOOR (MET HAAR HAND IN DIE LUG) IS ERICA LOUW, WAT DIE TIMPANIS VAN DIE ORKES WAS EN IN 2013/4 VOORSITTER. DERDE VAN REGS VOOR STAAN ANDRÉ OOSTHUIZEN, DIRIGENT VAN DIE ORKES, SEDERT 2012 (LOUW, 2013).

In 2013 het die orkes deelgeneem aan die Moses Metroman-projek se Reise en Ruimtes en ’n program van die musiek van Fauré (*Varieté de Fauré*) wat tydens Aardklop aangebied is (Bütow, 2013d:8). Dié konsert het bestaan uit ’n volledige orkes- en kooruitvoering. Bütow berig dat die uitvoerings baie goed bygewoon is “en dié yslike projek het besonder goed afgeloop – ’n eerste projek van dié omvang vir die orkes. Om hierdie projek aan te pak is ’n getal professionele instrumentaliste vir die uitvoerings ingekontrakteer”. Oosthuizen en Kobus Venter, dirigent van die NWU-PUK Koor, was dirigente tydens die uitvoerings (Bütow, 2013b:8). Oosthuizen beskou dié konsert as een van die eerste groot mylpale wat die orkes behaal het nadat hy dirigent van die orkes geword het (Oosthuizen, 2017).

’n Konsert ten bate van Huis Hebron, ’n “gemeenskapsorganisasie wat hulle wy aan die opheffing van armes met betrekking tot die rehabilitasie van alkoholiste” het op 11 Mei 2013 plaasgevind. Die konsert wat deel van die projek was, “Musiek met Mening”, is in die POK-saal aangebied. Bütow berig dat die saal “letterlik oorvol gepak” was en dat dit ’n “waarderende gehoor” was (Bütow, 2013a:8). Die Studentedekaanskonsert, Variété, het vir die tweede keer in 2014 plaasgevind en

Bütow beskryf dit as “baie suksesvol”. Saam met die NWU-PUK Simfonieorkes het die NWU-PUK Koor, die Serenaders en die wenners van die Pukki Kampustalentfees opgetree (Bütow, 2013a:10).

Nadat dit tydens Aardklop 2013 nodig was om instrumentaliste van buite in te kontrakteer, begin die Simfonieorkes 2014 met 46 lede. Bütow beskryf dit as ’n “baie vol orkes” met min instrumentgapings (Bütow, 2014e:8). Na afloop van ’n suksesvolle oefenkamp by Nooitgedacht, vind die Simfonieorkes se eerste konsert van 2014 op 13 April by die Skool vir Musiek plaas. Bütow berig: “The programme included works like the well-known *Light Cavalry*, *Star Wars*, and the *27th Mozart piano concerto* with Truida van der Walt at the piano. The conductor was André Oosthuizen” (Bütow, 2014d:8).

Volgens Maricia Duyn, ondervoorsitter in 2014/5 en voorsitter in 2015/6, het die orkes gewoonlik drie of vier optredes in ’n jaar: ’n konsert in die eerste semester, ’n konsert in die tweede semester en een of twee optredes tydens Aardklop (Duyn, 2016a).



ILLUSTRASIE 9.10
MARICIA VAN DUYN WAS IN 2013/4 ONDERVOORSITTER VAN DIE NWU-PUK SIMFONIEORKES EN IN 2014/5 VOORSITTER (DUYN, 2016B).



ILLUSTRASIE 9.11
ANDRÉ OOSTHUIZEN IS DIRIGENT VAN DIE NWU-PUK SIMFONIEORKES SEDERT 2012 (OOSTHUIZEN, 2013).

9.2.2 Besinning oor die rol en waarde van die NWU-PUK Simfonieorkes

Nes ander groepe kan die waarde van die NWU-PUK Simfonieorkes ook bespreek word in terme van beeldbou, verryking en vermaak (Bütow, 1993c:24, 25). (Kyk na paragraaf 1.2.3.)

9.2.2.1 Beeldbou

Met sy stigting in 1997 is die Simfonieorkes nie geskep as bemarkingsinstrument vir die Universiteit nie. Die doelstelling was om ’n tuiste te bied vir studente wat ’n instrument bespeel en dit graag in ’n

orkesopset wou doen. Die naam van die orkes “NWU-PUK Simfonieorkes” impliseer egter dat wanneer die orkes optree die gehalte daarvan gekoppel sal word aan die beeld van die Universiteit. Die bespreking in paragraaf 2.3.6 oor die rol van kunskulturele studentegroepe in die bestuur van die reputasie van die Universiteit is ook hier van toepassing. Erica Louw, voorsitter van 2013/4, bevestig egter dat een van die doelstellings van die orkes is om die beeld van die Universiteit uit te dra (Louw, 2017).

9.2.2.2 Verryking

Duyn, ondervoorsitter van die Simfonieorkes in 2014/5 brei uit op die verrykende waarde van die orkes:

Elkeen in die orkes is geseën met ’n wonderlike gawe om ’n instrument te kan speel, die orkes is ’n plek waar ons almal kan bymekaar kom, musiek maak en nuwe vriendskappe bou – ons almal deel immers ons liefde vir musiek . . . Ek het ’n plek gekry waar ek my passie vir musiek kan uitleef en sodat my viool nie net stof opgaar nie (al is ek nie ’n musiekstudent nie), ek het ook van my beste vriende in die orkes ontmoet en ek glo dit is omdat ons almal musiek in gemeen het. Die orkes het my gelukkiger gemaak op ’n manier, ek kry elke week die geleentheid om te fokus op musiek en my aandag weg te trek van my studies en sodoende fokus ek beter op my werk, en die gevoel wat ’n mens kry na ’n optrede is onbeskryflik. My termyne op die orkes bestuur het my geleer wat tydsbeplanning is, en om met verskillende persoonlikhede oor die weg te kom, wanneer om geduld te hê en wanneer om streng te wees (Duyn, 2016a).

Volgens Erica Louw, wat vanaf 2011 tot 2014 lid van die orkes was en voorsitter vir die termyn 2013/4, het die orkes ’n ingrypende invloed op haar lewe gehad.

Louw het in 2009 aan die NWU-PUK ingeskryf om ’n BCom Geoktrooieerde Rekenmeesterskap te verwerf, maar het in 2010 kursus verander om ’n BMus met Sang as instrument te verwerf. Sy was in 2010 en 2011 ’n lid van die Boulevard Harmoniste. Sy het wel klavier, tjello en klarinet gespeel, maar “nooit op ’n vlak waar ek kon orkes speel nie” (Louw, 2017). Nadat die artistieke direkteur van die orkes, dr Colin Campbell, tydens ’n teorieklas gemeld het dat die Simfonieorkes ’n perkussiespeler of timpanis benodig, het sy in dié hoedanigheid by die orkes aangesluit. Dit was ’n lewensveranderende geleentheid in haar lewe.

Ek weet nie of ek 'n totale uitsondering op die reël is nie, maar my tyd by die orkes het my hele lewensloop verander en bepaal. As gevolg van die orkes het ek die laaste drie jaar die volgende bereik:

- ’n Voltydse pos by die Nasionale Jeugorkes van Suid-Afrika as hoof van openbare betrekkinge gekry.

- *’n Nie-winsgewende organisasie begin wat musiek en wiskunde by 'n kinderhuis in Hillbrow gee en ons is op pad om uit te brei na nog huise.*
- *’n Nasionale toer met die Zürich Kamerorkes en Sir James Galway gedoen*
- *En dan natuurlik gehelp met die King's Singers se toer vanjaar* (Louw, 2017).

Louw is in 2014 met bipolêre depressie, tipe 2, gediagnoseer en meen dat haar betrokkenheid by die orkes vir haar die geleentheid gebied het om vaardighede in kunstebestuur te ontwikkel, wat sy later in haar beroep kon benut.

Die invloed van die orkes op haar lewe strek egter wyer as bloot op haar beroep:
Ek is geleer hoe om mense met integriteit te behandel, ferm en eties met finansies te werk, dat ’n projekbestuurder lei deur te doen en nie net te sê nie en dat mense jou moet onthou omrede jy hulle nie sien as net 'n saketransaksie nie, maar ’n persoon - BAIE groot wysheid. Samevattend, basies, dat ek nederig en menslik moet bly, want mense (maak nie saak wie nie), werk met MENSE (Louw, 2017).

Eweneens bevestig André Oosthuizen, sedert 2012 dirigent van die Simfonieorkes, dat sy deelname en dirigentskap van die orkes ’n beduidende rol op sy professionele loopbaan gespeel het.
As ek nooit in die orkes was nie – sou ek nie die dirigent van die orkes geword het nie. Hierdie het weer gelei daartoe dat ek die blaasorkes ook dirigeer en verskeie ander projekte. Dit is baie moeilik om in SA die geleentheid te kry om die repetorium wat ek met die orkes kan doen te dirigeer (Oosthuizen, 2017).

Die verrykende waarde van die orkes in die lewens van sy lede, is dus in ooreenstemming met die bespreking van die waarde van deelname vir ’n persoon aan ’n orkes, soos bespreek in paragraaf 9.1.2.2.

9.2.2.3 Vermaak

Soos met ander groepe wat hoofsaaklik ernstige of klassieke musiek uitvoer, bied die Simfonieorkes vermaak aan ’n gehoor wat dié tipe musiek sal waardeer.

Louw sê egter dat omdat baie jongmense nooit of min op skool blootgestel is aan klassieke musiek nie, beteken dit dat daar nooit ’n liefde of waardering vir die kuns ontwikkel is nie. “Dít het weer beteken dat ons gesukkel het om ’n jonger gehoor by ons konserte te kry. Dit het ook gevra dat ons soms populêre musiek moes insluit in ons programme, sodat ons die jonger mark ook kan insluit” (Louw, 2017).

Die rol wat die NWU-PUK Simfonieorkes speel om vermaak aan sy gehoor te bied, strek dus egter veel wyer, in dié sin dat dit nie net sy lede se lewens verryk nie, maar ook dié van sy gehoor.

9.3 Divaco

9.3.1 Historiese beskrywing en ontleding van Divaco

Divaco is ’n akroniem saamgestel uit Diverse Action Cultural Organisation (Kruger & Greyling, 2013:10). Die groep is op 1 Augustus 2004 op versoek van ’n groep bruin studente uit die Kaap gestig. Volgens Ewerts (2008:1) was daar jare lank ’n behoefte onder studente om die Kaapse kultuur kreatief uit te beeld op ’n manier wat eie aan die Kaap is.

“Kaapse kultuur” omvat meer as net die bruin kultuur. Wat Ewerts as “Kaapse kultuur” beskou, verwys eerder na die kultuur van die bruin mense van die Kaap.

Divaco is in 2004 as kultuurvereniging by die SR se Kultuurraad geregistreer. “Die hoofdoel van die groep is om die tradisionele Kaapse kultuur in sang, dans en toneel na die kampus te bring, te versterk en uit te bou. Die Departement Kultuur is tans redelik betrokke om die groep gevestig te kry. Die groep het in Augustus begin – hulle is baie entoesiasties en het binne enkele weke reeds heelwat vermag” (Bütow, 2004a:3). Bütow se verwysing na “tradisionele Kaapse kultuur” moet gesien word in die lig van die paragraaf hierbo. Theo Foutie, voog van Divaco vanaf 2006, bevestig dit wanneer hy uitbrei op die doelstellings van die groep en sê dit is “ook om *bruin* identiteit uit te leef op ’n hoofsaaklik wit-kampus. Dit bied die gulde geleentheid aan studente om hul talente te ontwikkel asook om hulle bloot te stel aan die unieke kultuur” (Foutie, 2017).

Teen 2008 het lede van Divaco die geleentheid gehad om mee te doen aan die genres: drama, digkuns, dans en koorsang. Volgens Ewerts (2008) bied Divaco se aktiwiteite die ideale geleentheid aan studente om “hul God-gegewe talente te ontwikkel asook om mense bloot te stel aan hierdie unieke kultuur en dus sosio-kulturele verhouding tussen studente en die gemeenskap op te bou”. ’n Tipiese Divaco-produksie bestaan uit ’n toneelstuk wat aangevul word deur ’n kombinasie van dans en sang (Ewerts, 2008:1). May bevestig ook dat Divaco aktiwiteite in verskillende genres bied (May, 2016).

Produksies wat van 2004 tot 2008 op die planke gebring is, was die volgende:
2004: *Queenie en Kie* van Lloyd Davids; 2005: *Spieëlbeeld* van Goliath Davids; 2006: *Kanna hy kô huistoe* van Adam Small; 2007: *Maklik djou laaste* van Grant Jefthas en 2008: *Maklik djou laaste episode 1 & Queenie en Kie.*

Volgens Ewerts is daar aanvanklik gefokus op die “Kaapse geskiedenis, onder andere Distrik Ses en die Kaapse vlaktes” en die storielyn van produksie was gevul met “menslike deernis wat dateer uit die sestigerjare” (Ewerts, 2008:2).

Daar is egter in 2008 van hierdie benadering wegbeweeg met *Maklik djou laaste*, wat beskryf is as ’n “tong in die kies storie oor ’n *dysfunctional family”* (Ewerts, 2008:2). Dié produksie is in Maart 2008 op die planke gebring en is opgevolg met *Maklik djou laaste 2* wat in September opgevoer is. Grant Jefthas, skrywer van die toneelstuk en produksiebestuurder van Divaco in 2008, het aan *KampusBeeld* gesê dat die eerste produksie meer vermaaklik was en die tweede meer ernstig. Volgens hom skram Divaco nie weg van ernstige kwessies soos tienerswangerskappe en dwelms nie (Olivier, 2008).

Divaco neem ook gereeld aan die Kampustalentfees deel. In 2008 het hulle ’n item *Stepping up* ingeskryf, met choreografie deur Inge Taylor (Kultuurraad, 2008). In 2014 het die Divaco Dansgroep ’n moderne dans ingeskryf vir die Kampustalentfees. In 2006 en 2010 het Divaco die kategorie vir beweging gewen (Divaco, 2006; Divaco 2010).

In 2011 het Divaco ’n Mej Lente en ’n Mnr Lente aangewys. Sasha Messina en Kulani Mdaka is onderskeidelik aangewys tydens ’n glansgeleentheid in die POK-saal (Spaumer, 2011b:10).

Benewens dans, drama en sang het Divaco in 2013 ook komitees vir SJGD, bemarking, sosiaal en tegnies gehad en het die vereniging 110 lede gehad. Die tema van bewusmaking van sosiale kwessies bly steeds ’n doelwit en in 2012 het Divaco hul produksie *Onder trek ’n rokie* ook by hospitale en ouetehuise opgevoer (Kruger & Greyling, 2013:10). Die groep se hoofproduksie dié jaar was *Taxi to Cape Town* wat 23 Augustus in die POK-saal aangebied is (Divaco, 2013).

Volgens Theo Foutie, voog van Divaco, is die jaarlikse aktiwiteite ’n eerstejaarsproduksie aan die begin van die jaar, verskeie SJGD-Projekte en optredes by verskeie geleenthede op die NWU-PUK. “’n Dinee aan die einde van die jaar sluit die werksaamhede van die groep af” (Foutie, 2017).

Benewens die prestasies tydens die Kampustalentfees, sluit die prestasies van die groep ook in.

- *In die termyn 2013/2014 het Divaco Beste Vordering As Uitvoerende Kunste Vereniging gewen by die SR: Kunste / PUK-Kunste Dinee.*
- *Die daaropvolgende termyn (2014/2015) het Divaco met die titel, Beste Kunste Vereniging van die Jaar, weggestap, asook, Beste Finansies Penningsmeester.*
- *In 2015/2016 het ons ’n algehele derde plek behaal in die kategorie Beste Kunste Vereniging, en ook Top 3 behaal in die kategorie Beste Penningsmeester vir die termyn* (Foutie, 2017).

Die stelsel om vir uitvoerende studentegroepe voogde aan te wys, het oor jare geblyk ’n belangrike rol te speel in die kontinuïteit van die verenigings. Volgens Llewida May het die vorige voog van Divaco, Ainslie Paul, en die huidige voog, Theo Foutie, ’n reuseaandeel daaraan om die voortbestaan van die vereniging te verseker (May, 2016). Foutie skryf egter die voortbestaan van die groep toe

aan die toegewydheid van die bestuurspan. “Sonder hulle deursettingsvermoë sou die organisasie doodgeloop het” (Foutie, 2017).

Foutie meen egter dat sy taak as mentor vir die groep behels dat hy hulle “voltyds” ondersteun met hul beplanning en aksies vir die jaar. “Konflikte veral op bestuursvlak word deur my hanteer en bygelê” (Foutie, 2017). Uitdagings wat die groep in die gestig staar behels finansies en borge, wat volgens Foutie ’n groot probleem is. “Ons sukkel geweldig met befondsing. Die werwing van nuwe lede is ook ’n groot uitdaging” (Foutie, 2017).




ILLUSTRASIE 9.12
DIVACO SE JAARLIKSE AKTIWITEITE WORD AFGESLUIT MET ’N DINEE (FOUTIE, 2017).



ILLUSTRASIE 9.13
BO: DIE TROFEË WAT DIVACO IN 2006 EN 2010 ONTVANG HET AS WENNERS VAN DIE KATEGORIE VIR BEWEGING IN DIE KAMPUSTALENTFEES (DIVACO, 2006; DIVACO, 2010).



ILLUSTRASIE 9.14
BO: DIVACO SE EMBLEEM (DIVACO, 2016).



ILLUSTRASIE 9.15
REGS: DIE PLAKKAAT VIR DIVACO SE PRODUKSIE, *TAXI TO CAPE TOWN* IN 2013 (DIVACO, 2013).

9.3.2 Besinning oor die rol en waarde van Divaco

Die waarde van Divaco kan ook bespreek word in terme van beeldbou, verryking en vermaak (Bütow, 1993c:24, 25). (Kyk na paragraaf 1.2.3)

9.3.2.1 Beeldbou

Inisiatief vir die stigting van Divaco het vanuit studentegeledere gekom en dit is nie bedoel as bemarkingsinstrument nie.

Die huidige voog van Divaco is Theo Foutie, wat dié posisie sedert 2006 beklee. Foutie is verbonde aan die Departement Bemarking en Kommunikasie van die NWU, Potchefstroomkampus in die afdeling Studentewerwing. Volgens Foutie bied Divaco "vir baie studente (bruin) 'n gevoel van tuiste en ook 'n omgewing waar hulle voel hulle behoort" (Foutie, 2017). Alhoewel Divaco nie gestig is as bemarkingsinstrument nie, kan lidmaatskap daarvan aan voornemende studente uit die bruin gemeenskap voorgehou word as 'n geleentheid om meer "tuis" te voel op die NWU-PUK-kampus.

9.3.2.2 Verryking

Die waarde van Divaco lê dus nie in dit wat dit vir die Universiteit beteken nie, maar dit wat dit vir sy lede beteken. Llewida May, een van die stigterslede, beskryf dit so: "As ek vat van myself, jy kom van ver af. Jy voel half uit. Divaco het vir my 'n *sense of belonging* gegee. Jy behoort êrens. So maak jy nuwe vriende, raak op jou gemak op kampus" (May, 2016). May sê voorts dat Divaco vir talle van sy lede deel van 'n grootwordproses is en om hulleself te vind (May, 2016).

Theo Foutie, voog van Divaco, meen dat die NWU-PUK vir baie bruin studente 'n "vreemde omgewing" is, veral wat ras, taal, kultuur en afstand betref en dat Divaco vir hulle 'n tuiste skep en 'n omgewing waar hulle voel hulle behoort (Foutie, 2017).

9.3.2.3 Vermaak

Foutie skryf die feit dat Divaco reeds 'n dekade bestaan onder meer daaraan toe dat Divaco met die prestasies wat hulle behaal het en die kwaliteit van hulle vertonings oor die jare 'n getroue groep ondersteuners opgebou het (Foutie, 2017). Divaco vind dus inslag by sy gehoor en bied vermaak op 'n vlak waar dit verwag en waardeer word.

9.4 Disfunctional Beat

9.4.1 Historiese beskrywing en ontleding van Disfunctional Beat

Volgens hul eerste inskrywing in die *PUK Gids* in 2007 bied Disfunctional Beat (DFB) "'n verskeidenheid danse vanaf ballet, *freestyle, hip-hop* tot *breakdancing* aan. Dis oop vir meisies asook mans en is 'n nuwe kultuuraktiwiteit op die PUK." Hulle het opgetree tydens die Ontvangs- en

Bekendstellingsprogram vir eerstejaars, die Tarentaal-funksie en die Eerstejaarskonsert. Die eerste voorsitter was Leandi van der Walt (Anon., 2007c:26).

Inisiatief vir die stig van die groep het van Leandi van der Walt gekom. *Wapad* skryf op 26 Julie 2007 dat Van der Walt gereken het dat die PUK so ’n groep nodig het.

“Om ’n groep dansers binne ’n kwessie van ’n paar maande bymekaar te kry en so vinnig naam te maak, is nie kinderspeletjies nie.” Van der Walt het aan *Wapad* gesê dat dit net “’n lekker groep mense [is] wat dit waarvan hul werklik hou, kan uitleef sonder om aan stereotipering blootgestel te word” (Coetzee, 2007). Volgens Zanli van Blerk (voorheen de Jager), wat in 2011 voorsitter was, is die doel van DFB: “Om as groep studente saam te kom en ons liefde en passie vir dans uit te oefen en op te tree voor medestudente tot die beste van ons vermoë” (Van Blerk, 2016a).

Die eerste oudisies het aan die einde van 2006 plaasgevind, waar agt persone gekies is vir die dansgroep. Hulle het gedurende die eerste semester van 2007 op die kampus opgetree, maar ook elke Woensdag by Bourbons, ’n kuierplek vir studente. Bourbons het hulle klere geborg (Coetzee, 2007).

In 2007, die eerste jaar waarin hul bestaan, slaag Disfunctional Beat daarin om die toekenning te kry as Onderliggaam van 2007 van die Kultuurraad (Cilliers, 2008:9). Dit vind plaas nadat hulle dié jaar die bewegingskategorie tydens die Kampustalentfees gewen het met hulle item, *Fight for Freedom* (Coetzee, 2007; Kultuurraad, 2007). Die groep het aanvanklik op moderne dans en *hip-hop* gekonsentreer, maar as iemand in die groep vaardig in ’n dansvorm was, is dit by die item waaraan hulle geoefen het, ingewerk. Almal het ook saamgewerk aan die choreografie (Coetzee, 2007).

Hul inskrywing vir die 2008 Kampustalentfees was *1920’s vs Millennium*. Die choreografie hiervoor is deur Seve Willemse gedoen (Kultuurraad, 2008). Bütow skryf in sy jaarverslag vir 2008 oor Disfunctional Beat: “Hierdie dans- en bewegingsgroep (wat ook die Cheerleaders ondervang het), het ’n nuwe bedeling ingegaan en skep nou ’n tuiste vir studente wat in die bewegingskunsvorm belangstel. ’n Kantoorruimte is ook vir hulle in die Heimatgebou ingerig. Hulle word ook deur die Departement Kultuur finansieel ondersteun” (Bütow, 2008:2).

Teen 2011 beskryf die *PUK Gids* hulle as “’n baie lewendige kultuuraktiwiteit” op die kampus (Anon., 2011a:62). Een van hul aktiwiteite was om, nes ander groepe onder beskerming van NWU-PUK Kunste, op te tree tydens die Universiteit se Opedag (Bütow, 2011e:1). Dié jaar het DFB die prestasie behaal dat hulle gekies is om by elke Varsity Cup-wedstryd van die NWU-PUK op te tree, terwyl hulle ook vir die eerste keer tydens Aardklop vir ATKV Kunste opgetree het (Van Blerk, 2016a). Zanli de Jager (later Van Blerk) was dié jaar voorsitter van die groep. Van Blerk was in 2008 ’n eerstejaar en

van dié jaar af lid van DFB. Sy was in 2010 sekretaresse en in 2011 voorsitter. Dié jaar het sy die BPharm-graad behaal. Sy meen dat een van haar grootste take as voorsitter was om te sorg dat die groep bly voortbestaan. Sy moes ook toesien dat lede oefeninge bywoon, wat veral ’n uitdaging was tydens eksamen en vakansietye, wanneer almal nie so gemotiveerd is om betrokke te bly as andersins nie. Hierbenewens moes sy toesien dat dissipline tydens oefeninge en optrede gehandhaaf word. Sy was ook verantwoordelik vir alle besprekings en het as skakel gedien tussen die groep en “kliënte” of persone wat optredes gereël het (Van Blerk, 2016a).



ILLUSTRASIE 9.16
HIERDIE FOTO VAN DISFUNCTIONAL BEAT IS GENEEM MET ’N OPTREDE VAN DIE GROEP TYDENS DIE VARSITY CUP. DIE FOTO IS DEUR ZANLI (VAN BLERK) DE JAGER VERSKAF. SY STAAN LINKS AGTER (VAN BLERK, 2016B).

9.4.2 Besinning oor die rol en waarde van Disfunctional Beat

Nes die Volkspelelaer in die 1940’s en die vier dekades daarna ’n tuiste gebied het waar studente hul liefde vir dans kon uitleef, het Disfunctional Beat dit in die eerste dekade van die 21ste eeu gebied. In teenstelling met sy voorganger, die Trompoppies, is DFB nie gekonfronteer met kritiek vir hulle optrede en voorkoms nie. Voorts kan DFB, in teenstelling met die Cheerleaders, wat gestereotipeer is as “dom en maklik” (Mouton, 2006:4), as vertoondansgroep optree sonder enige veroordeling.

Wanneer die waarde van DFB bespreek word in terme van beeldbou, verryking en vermaak (Bütow, 1993c:24, 25), is die waarde as “beeldbouer” vir die Universiteit dieselfde as in die geval van Divaco, naamlik dat al is dit nie gestig as bemarkingsinstrument nie, reflekteer enige optrede van die groep in die kleure van die Universiteit en onder sy naam op die beeld daarvan.

Volgens Zanli van Blerk (voorheen de Jager), wat in 2011 voorsitter van DFB was, het haar betrokkenheid by die groep die volgende invloed op haar gehad:

- *Leer aanpas by ander mense se skedules*
- *Leer nog verder om in 'n groep saam te werk, met dansers uit verskillende agtergronde en verskillende style*
- *Het fisies nuwe dansstyle aangeleer.*
- *Is geforseer om uit my* comfort zone *te beweeg*
- *Het meer geleer oor konflik hantering en om tyd beter te bestuur* (Van Blerk, 2016a).

Haar ervaring, in terme van haar betrokkenheid by DFB, sou nie verskillend gewees het van enige van die ander lede wat bestuursposte in die groep beklee het nie.

Die vermaaklikheidwaarde van die groep blyk uit die prestasies, soos om die status te bereik om by elke Varsity Cup van die Universiteit op te tree en om uitgenooi te word om by Aardklop op te tree.

9.5 PUK Amici

Die PUK Amici beskryf hulself as 'n dinamiese vokale groep, wat aanvanklik bestaan het uit ses, later agt, musikante. Hierdie samestelling stel hulle in staat om 'n wye verskeidenheid genres, van klassieke tot kontemporêre werke, te sing (Kruger en Greyling, 2013:10). Die aanvanklike PUK Amici met ses manlike sangers het vier tenore en twee baritons ingesluit. Al die lede is musiekstudente aan die NWU-PUK, maar kom oorspronklik uit verskillende provinsies, Vrystaat, Gauteng, Noordwes en Noord-Kaap (Serenaders, 2015).



ILLUSTRASIE 9.17
'N SKERMSKOOT UIT DIE TELEVISIEOPNAME VAN DIE 2013 PUKKI TALENTFEES MET DIE PUK AMICI OP DIE VERHOOG (PUKKETV, 2013).

Volgens Nkosinathi Tom het die PUK Amici ontstaan uit die Serenaders en was teen 2014 een van die gepatroneerde liggame van die Kunsteraad (Tom, 2016a). Die groep was uiters suksesvol in hul deelname aan die Talentfees en in 2010, 2011, 2012 en 2014 was hulle kategoriewenners, onder

meer in die afdeling vir ligte musiek: groepe (Kruger & Greyling, 2013:10; Serenaders, 2015; PUKKEtv, 2013). PUK Amici het ook aan die TV-talentkompetisie, SA Got Talent, deelgeneem. Die groep tree gereeld op by geleenthede soos die semi-finaal en finaal van die Varsity Cup-rugbywedstryde in 2014 en die finaal van die Varsity Cup-sokkerwedstryde in 2015 (Serenaders, 2015).

Hierdie sukses het daartoe aanleiding gegee dat die lede van die groep besluit het om ’n permanente groep te skep met die naam PUK Amici. Hulle is in 2012 gepatroneer onder die Kunsteraad. Bütow berig ook in sy verslag vir April en Mei 2012 dat resensies vir hulle eerste optredes buite die kampus uitstekend was. (Bütow, 2012a:3).

9.6 Ten slotte

Die groepe wat hierbo bespreek is, het teen 2014 bestaan. Soos ter inleiding gemeld, het van die groepe talle veranderings ondergaan ten einde te bly voortbestaan. Dit sluit in die fluktuering tussen Buzzin’ en die Simfonieorkes en die dansgroep, Disfunctional Beat wat as voorgangers die Trompoppies en Cheerleaders gehad het. Aangesien die Trompoppies reeds voor 1990 bestaan het en later omgeskakel het na die Cheerleaders, word aasgenoemde twee groepe word in hoofstuk 11 bespreek.

Kenmerkend van dié groepe, is dat hulle hul eksklusiwiteit verloor het as studentegroepe en dat personeel en alumni van die Universiteit as lede toegelaat is. Nes in die geval van die Boulevard Harmoniste en die PU-Koor, is dit gedoen sodat die “ouer” lede kontinuïteit en stabiliteit kan bied.

Die ondersteuning wat PUK Kunste en voogde aan die groepe bied, is eweneens deurslaggewend om die voortbestaan daarvan te verseker. PUK Kunste speel ’n belangrike voogdyskaprol en skep die organisatoriese/administratiewe struktuur om die volhoubaarheid van groepe te verseker, ten spyte daarvan dat studente voortdurend kom en gaan.

Entoesiastiese studente, gerugsteun deur PUK Kunste het saam ’n rol gespeel om die diversiteit van die uitvoerende kunste aan die NWU-PUK te skep. Dit het ook daartoe gelei dat daar, deur middel van die aktiwiteite van dié groepe, geleenthede geskep is vir vaardigheidsontwikkeling vir studente.

In die volgende twee hoofstukke word groepe bespreek wat ten spyte van hierdie ondersteuning, nie die toets van die tyd kon deurstaan nie en mettertyd tot niet gegaan het.

HOOFSTUK 10
PU-Kaners en Akustic

Die PU-Kaners is in 1976 gestig, direk as gevolg van die gewildheid van die Alabama Studentegeselskap. Die groep, met dieselfde tipe musiek en choreografie as Alabama, was egter kleiner. Die naam van die groep het in 1985 verander na Akustic en het as sodanig bly bestaan tot in 1991.

10.1 PU-Kaners

10.1.1 Inleiding

Nege jaar nadat die Alabama Studentegeselskap die eerste revuestyl-produksie op die planke gebring het, was dié groep so gewild dat talle versoeke vir optredes van die hand gewys moes word. Dit blyk teen 1976 dat slegs die helfte van die versoeke wat Alabama vir optredes ontvang het, tot optredes gelei het. “Indien die versoek om ’n optrede deur Alabama nie nagekom word nie, word ’n positiewe navraag van buite onsuksesvol gelaat,” aldus Jans Jonker, musiekregisseur van die PU-Kaners in 1978 en 1979, in ’n verslag oor Alabama en die PU-Kaners (Jonker, 1980c:1).

Alabama se dekor en die grootte van die groep was ook van so ’n aard dat hulle ook nie in kleiner sale kon optree nie. Die gewildheid en groei van Alabama het dus ’n leemte gelaat. Boonop het Alabama se gewildheid daartoe gelei dat ander tersiêre instellings soortgelyke revuegroepe begin stig het. Jonker meld in ’n verslag met aanbevelings oor die PU-Kaners dat die Universiteit van Pretoria R30 000 bewillig het – nie op ’n voorskotbasis nie – om die basiese aankope te maak om ’n musiekgroep soortgelyk aan Alabama tot stand te bring (Jonker, 1980c:2).

Om dié leemte te laat om deur ander inrigtings opgeraap te word, sou nie deug nie.

10.1.2 Stigting van die PU-Kaners

Die leemte, soos hierbo beskryf, het nie die rektor, prof Hennie Bingle, ontgaan nie. Volgens Chris Windell, het hy, saam met Martin Bekker, na ’n gesprek met prof Bingle, ’n musiekgroep gestig wat aan dié behoefte kon voorsien. Bekker, wat toe aan die Departement Ontwikkeling verbonde was, het die naam “PU-Kaners” voorgestel (Windell, 2014). Volgens Windell is dié naam gekies omdat dit op “Afrikaner” sinspeel, terwyl die Universiteit ook in 1975 begin het om ’n blad in die vorm van ’n koerant vir sy oudstudente uit te gee met dieselfde naam (Windell, 2014).

Windell het aan die Potchefstroomse Onderwyskollege studeer, maar terselfdertyd ’n graad aan die PU verwerf. In sy studentejare was hy lid en leier van die orkes wat tydens POK se sokkies musiek gemaak het (Gouws, 2010a:13). In 1971 was hy onderwyser aan die Hoërskool Sannieshof waar hy ’n revuegroep gestig het, soortgelyk aan die Alabama Studentegeselskap, wat gereeld in en om dié dorp opgetree het. Windell reken dat dié revuegroep die eerste was wat in die styl van Alabama ’n produksie op die planke gebring het (Windell, 2014).

Windell het in 1976 van die oudlede van sy Sannieshof-revuegroep, wat toe studente aan die PU was, genader om lid te word van die PU-Kaners en die groep is in Maart 1976 gestig (Windell, 2014; Anon., 1976g:3). ’n Berig wat op 16 Julie 1976 in die *PU-Kaner* verskyn het, reken dat die groep gestig is nadat ’n behoefte by die studente ontstaan het as ’n groep “deur studente vir studente”. Dit word in die vooruitsig gestel dat die groep tydens Karnaval en Intervarsity kan optree. Die groep is van meet af ook so gestruktureer dat dit nie baie toerusting en dekor benodig nie. Die eerste optrede van die PU-Kaners was in Oktober 1976, op uitnodiging van die Afrikaanse Sakekamer in Vanderbijlpark. Die groep het toe uit 12 lede bestaan (Anon., 1976g:3).

Ten einde instrumente aan te koop, het die Departement Ontwikkeling ’n lening van R6 000 aan die PU-Kaners gemaak daarvoor. Aanvanklik was die tarief R150 per optrede, terwyl dit in 1979 R300 per optrede was (PU vir CHO, 1979c:2).



ILLUSTRASIE 10.1
TYDENS ALABAMA SE KEURINGSAAND OP 21 JUNIE 1976 HET DIÉ GROEP ’N KLANKMENGER AAN DIE PASGESTIGTE PU-KANERS GESKENK. OP DIE FOTO, WAT TYDENS DIE OORHANDIGING GENEEM IS, VERSKYN CHRIS WINDELL, EERSTE LEIER VAN DIE PU-KANERS, HM ROBINSON HOOF VAN DIE AFDELING FONDSWERWING EN PEET RYKE, VOORSITTER VAN ALABAMA IN 1976. DIE FOTO HET OP 16 JULIE 1976 IN DIE *PU-KANER* VERSKYN (ANON., 1976G:3).

10.1.3 Die groei en ontwikkeling van die PU-Kaners

Windell is in 1977 na Vanderbijlpark waar hy die destydse Vaalrivierse kampus van die PU vir CHO se skakelkantoor begin het (Gouws, 2010a:14). Die musiekleier van die PU-Kaners was daarna Jans Jonker, wat later ook ’n musiekleier van Alabama was (PU-Kaners, 1979). (Kyk na 5.5.3.4 vir biografiese besonderhede van Jans Jonker.) Jonker was in 1978 en 1979 die musiekleier van die PU-Kaners, voor hy in 1980 die musiekleier van Alabama geword het. In sy verslag aan SAMRO vir 1979 berig Jonker dat die groep op Fochville, Gobabis, Windhoek, Walvisbaai, Swakopmund, Outjo,

Otjiwarongo, Tsumeb, Grootfontein, Mariental, Keetmanshoop, Potchefstroom en Sannieshof opgetree het (Jonker, 1980b). Liedjies wat in die program ingesluit is, was onder meer: “Durham Town, Jumbalaya, Solank daar treine loop, Georgie Girl, World of our own, The carnival is over, In München steht ein Hofbraühaus, Ein Prosit, New world in the morning, Memories are made of this, Kruidjie-roer-my-nie, Ek verlang nog altyd, Chopin se Wals in E Mineur, Jan Pierewiet, Yesterday, Das Südwesterlied, Sing my lewe, Anita” en “I Write the songs” (PU-Kaners, 1979).



ILLUSTRASIE 10.2
DIE PU-KANER TOERGROEP VAN 1978. DIE MUSIEKLEIER WAS JANS JONKER (AGTER, LINKS). RALPH RABIE, LATER MEER BEKEND AS DIE OMSTREDE JOHANNES KERKORREL IS IN DIE MIDDELSTE RY VIERDE VAN LINKS (FOTOKUNS, 1978A). (KYK NA BYLAAG 6 VIR BIOGRAFIESE INLIGTING OOR RABIE.)


Aan die einde van 1979 kom die finansiële posisie van die PU-Kaners onder die aandag van die Topbestuur van die Universiteit nadat daar ’n versoek gerig is om die finansiële vergoeding aan Jonker, wat R500 in 1978 beloop het, in 1979 te herhaal. Nadat prof Nic Swart opdrag gegee is om ondersoek in te stel, word daar besluit dat die bedrag weer betaal sou word (PU vir CHO, 1979c:2; 1979b:2).

Jonker het die PU-Kaners die einde van 1979 verlaat en die Bestuurskomitee (voorheen Topbestuur) verneem op 21 Januarie 1980 dat Koos Lessing, toe ’n Natuur-, Skei- en Wiskunde-onderwyser aan die Hoërskool Ferdinand Postma en oudlid van die Alabama Studentegeselskap, as nuwe musiekleier oorweeg word. Die vergadering besluit om Lessing R100 per optrede te vergoed, maar versoek dat die kultuurbeampte teen die einde van die jaar verslag moet doen oor die PU-Kaners (PU vir CHO, 1980a:3).

Lessing was lid van die eerste Alabama revue-orkes in 1967 en het saam met Johan van Rensburg, Louis Drummond van Rensburg en Rudi van Eldik die instrumentale langspeelplaat *Johan van Rensburg en die Alabama-ritmegroep* gemaak (PU vir CHO, 2002a:55; Alabama Ritmegroep, 1970). Lessing het ’n BSc in Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aan die PU verwerf. Daarna was hy

onderwyser aan die Hoërskool Wesvalia in Klerksdorp, waar hy ’n revuegroep afgerig het (PU-Kaners, 1982; PU vir CHO, 2002a:55). Lessing het in 1981 vir die BMus-graad ingeskryf, terwyl hy regisseur van die PU-Kaners was. Na voltooiing van sy studies het hy die musiekleier van die Rondomtalies, ’n revuegroep van die Pretoria Technikon geword. Hy het in die laat tagtigerjare saam met Annelie van Rooyen in Kerslig, Vers en Melodie opgetree, was baskitaarspeler vir Rina Hugo en lid van die Musiekfabriek, die orkes van die televisievasvraprogram, Noot vir Noot (PU vir CHO, 2002a:55).

Selfs voor Bütow in Februarie 1980 in diens getree het, het die bestuurskomitee opdrag gegee dat hy ondersoek instel na die funksionering van die PU-Kaners en aan die einde van die jaar daaroor verslag doen. Bütow het Jonker, wat toe pas aangestel is as musiekleier van Alabama, oor die PU-Kaners geraadpleeg en Jonker het ’n omvattende verslag met talle aanbevelings oor die groep opgestel. Jonker was van mening dat die PU-Kaners wel bestaansreg het om op te tree in lokale wat te klein is vir Alabama, of op plekke waar Alabama weens hulle gewildheid nie kan uitkom nie. Hy het ook gemeen dat die PU-Kaners van Alabama se ou kostuums en dekor kon gebruik maak om kostes te bespaar (Jonker, 1980c:2).



ILLUSTRASIE 10.3
DIE VOORBLAD VAN DIE PU-KANERS SE PROGRAM VIR 1979. DIE PROGRAM IS DEUR ZUANDA BADENHORST ONTWERP (PU-KANERS, 1979).



ILLUSTRASIE 10.4
KOOS LESSING WAS VANAF 1980 TOT 1984 DIE LEIER VAN DIE PU-KANERS (FOTOKUNS, S.A.(A)).

Teen die einde van 1980 is Bütow meer as tevrede met die wyse waarop Lessing sy taak uitgevoer het en skryf op 22 Oktober aan die viserektor, prof NJ Swart, dat Lessing dié jaar die afrigting op ’n

deeltydse basis hanteer het. Hy was egter van plan om vanaf 1981 in te skryf om musiek aan die Universiteit te studeer en Bütow (1980d) beveel aan dat daar in 1981 ’n bedrag van R3 000 aan hom betaal word. Dit sal bestaan uit kwytskelding van sy klasgeld van R800, plus ’n honorarium van R2 200 wat maandeliks aan hom uitbetaal sou word. Bütow reken dat indien die Universiteit Lessing so tegemoet kan kom, hy vir sowat vier jaar vir die PU-Kaners beskikbaar sal wees (Bütow, 1980d).

Nadat Windell in Augustus 1980 aan die bestuurskomitee ’n versoek gerig het dat die beheer van die PU-Kaners na die Studenteburo oorgeplaas word, beveel hulle aan dat die PU-Kaners as patronaatliggaam van die Studenteraad funksioneer en die Studenteraad besluit ten gunste van die affiliasie van die PU-Kaners op 8 Maart 1981 (Verhoef, 1980; Smith, 1981).

Alhoewel die PU-Kaners eers sowat ’n jaar nadat Bütow as studenteadviseur: kultuur aangestel is ’n patronaatliggaam van die Kultuurraad geword het, het sy kantoor sedert Februarie 1980 alle navrae en besprekings van die groep hanteer (Windell, 1980).

In 1981 onderneem die PU-Kaners die eerste van ’n aantal toere na die noorde van Namibië. Dit het geskied op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse Weermag. Suid-Afrikaanse troepe was vanaf 1966 tot 1989 in dié gebiede ontplooi tydens die sogenaamde Grensoorlog (Van Heerden, 2015:1). Bütow berig in sy jaarverslag van 1981: “Die besoek aan die grens was besonder suksesvol en ’n uitnodiging vir ’n soortgelyke besoek volgende jaar is alreeds aan die studente gerig. Die Weermag het geen moeite ontsien om die besoek aan die grens vir die studente ’n onvergeetlike belewenis te maak nie.” Bütow beveel aan dat die groep so klein as moontlik gehou moet word – nie meer as 20 lede nie – en dat die program aanpasbaar moet wees, sodat hulle van ’n program van ’n halfuur tot twee uur kan aanbied (Bütow, 1981a:5).

Vir die studente was die hoogtepunt van die toer die ses dae wat hulle op Grootfontein, Rundu, Katimo Mololo en Mpacha deurgebring het. “Hulle optrede is veral op Mpacha waardeer. Daar was bykans geen siviele persone toegelaat nie en die PU-Kaners het opgetree in die vliegtuigloods wat spesiaal vir hulle in ’n verhoog omskep is” (Anon., 1981k:7). Die besoek aan die noorde van Namibië is in 1982 herhaal (Anon., 1982g:5).

Die PU-Kaners maak ook in 1981 hul buiging in *Die Besembos,* en daar word só oor hulle berig: *Ietwat onbekend, nou besig om ’n reputasie op te bou wat ure se oefen en noteskommel eis. Die beloning vir hierdie harde werk is deur die publiek se reaksie aan ons geskenk. Die PU-Kaners het gedurende die vakansie onder andere ’n draai op die grens saam met maj Rybichi en sy Dakota gemaak. (‘Were overloaded, how can this Dac (Dakota-vliegtuig) carry all this stuff?’) Ons is stomgeslaan deur die gasvryheid en reaksie van die grensverdedigers* (Anon., 1981l:61).

Na ’n plaaslike optrede van die PU-Kaners, skryf die direkteur van die Buro vir Voortgesette Onderwys, mnr HM Robinson, ’n brief van gelukwensing: “Uit alle oorde het ons hoë lof ontvang vir die optrede en die program van die PU-Kaners en as een van die ‘vaders’ van u geselskap is dit vir my ’n behoefte van die hart om u baie hartlik geluk te wens met vanjaar se groot welslae (Robinson, 1981).

Die *PU-Kaner* skryf in Junie 1982 dat die vertoning van die PU-Kaners bestaan uit ’n groot verskeidenheid bekende en gewilde liedjies “wat op aanskoulike wyse aangebied word”. Die liedjies word afgewissel met komiese sketse. “Die sukses van die groep kan toegeskryf word aan die visuele verskeidenheid wat met beligtingseffekte en kleurvolle kostuums verkry word.” Volgens die berig tree die groep gereeld landswyd op en het ’n vertoning saam met Sonja Herholdt gehad. “Waar die groep opgetree het, het hulle net lof vir hul spesifieke styl en aanbieding ontvang. Die *Wes-Transvaal en OVS Herald* skryf op 12 Augustus 1981 soos volg oor hulle opvoering: ‘Dis ’n vrolike klomp studente die PU-Kaners en die gehoor was traag om na die vertoning huis toe te gaan.’ Die *Wesrand Echo* (17 Julie 1981) skryf na ’n optrede van die PU-Kaners op Krugersdorp dat die groep beslis nie ‘sommer hierjy sangers’ is nie en hoe hulle met oorgawe toegejuig is” (Anon., 1982g:5).

Die groep het in September 1982 na Zwartklip in die Bosveld naby Rustenburg gereis om daar op te tree en die *Potchefstroom Herald* berig daaroor*:* “Min mense is bestand teen die borrelende lewensblyheid van studente. Maak van die studente goeie vermaaklikheidskunstenaars en jy het ’n wenresep!” Die *Herald* skryf dat Lessing, die musiekleier, die doel van die groep sien om vermaak aan die hele gesin te verskaf. “Die program word dus beplan om in almal se smaak te val, terwyl die teks van die komediante se optredes ook met die oog hierop geskryf word” (Anon., 1982h:1).


Nog lof het gekom van prof JH van den Berg van Sosiologie wat die jaar spreker was tydens die matriekafskeid van die Hoërskool Sannieshof, waartydens die PU-Kaners ook opgetree het. Hy rig ’n skrywe aan die rektor in 1983 (ongedateer) en sê: “Die PU-Kaners (het) die aand gesorg vir ’n deurlopende program van sang en musiek wat sommer groot byval gevind het. Hulle netjiese gedrag, skitterende program en puik komiese sketse het sommer ’n mens se bors laat swel van trots” (Van den Berg, 1983?).


In 1983 het die PU-Kaners weer eens grensbasisse in die noorde van Namibië besoek. Hierbenewens het hulle ook opgetree op Carletonville, Thabazimbi, militêre kampe in Oos- en Noord-Transvaal, Cullinan, Middelburg (Kaap), Graaff Reinet, Despatch, Patensie, Kirkwood, Port Elizabeth, Uitenhage, Somerset-Oos en Jansenville. Bütow bevestig in sy verslag vir 1983 dat die besoek aan die Oos-Kaap op uitnodiging was (Bütow, 1983a:10).

Die omvattende toer het egter sy tol geëis en gevolglik skryf die toerpa, Jan Botha, in sy verslag: “Ek wil dit baie sterk aanbeveel dat toere korter moet wees. Behalwe dat die toerlede besonder uitgeput is deur die vier-weke-lange toer, het dit beteken dat hulle geen vakansie gehad het nie en dit beïnvloed hulle akademiese prestasie baie negatief. Die Universiteit moet dit oorweeg om die PU-Kaners finansieel by te staan sodat hulle nie soveel konserte hoef te hou om hulle onkostes te dek nie.” Botha bevestig egter dat die groep ’n “besonder geesdriftige optrede tydens konserte” gehad het. Hy is ook beïndruk met die sukses wat die PU-Kaners behaal het en reken dat die Universiteit moeite moet doen om Lessing as musiekleier te behou (Botha, 1983:2). Volgens dié jaar se program het die groep hul eerste langspeelplaat in 1982 gesny en het reeds drie jaar die semi-finaal van die landswye ATKV Crescendo-kompetisie gehaal (PU-Kaners, 1983).



ILLUSTRASIE 10.5
DIE PU-KANERS TYDENS ’N VERHOOGOPTREDE IN 1983. DIE DEKOR IS VOORHEEN DEUR ALABAMA GEBRUIK. DIE MUSIEKLEIER, KOOS LESSING, STAAN TWEEDE VAN LINKS (FOTOKUNS, 1983A).







ILLUSTRASIES 10.6, 10.7 EN 10.8
DIE VOORBLAAIE VAN DIE PU-KANERS SE PROGRAMME VIR 1980, 1982 EN 1983 (PU-KANERS, 1980; 1982; 1983).

Die PU-Kaners het in 1984 hulle tweede langspeelplaat, *Brokstukkies,* opgeneem. Die plaat bevat liedjies wat in 1983 en 1984 in die programme van die groep ingesluit is. Twee van die liedjies, "Jy is my troepie" en "Armylat" is enkele van talle wat die PU-Kaners oor die jare gesing het, met die oog op hulle besoeke aan weermagbasisse in die noorde van Namibië (PU-Kaners, 1984). Volgens Bütow het die plaat "bo verwagting goed" verkoop. Vir die eerste keer is ook 'n kort televisieopname van die groep gemaak, wat ten tyde van sy verslag reeds uitgesaai was (Bütow, 1984c:5). Nadat dit aanvanklik gelyk het of die toer na die operasionele gebied dié jaar sou skipbreuk ly, weens gebrek aan fondse, het die Suiderkruisfonds as borg na vore gekom en die toer is wel onderneem (Bütow, 1984f:2).

In hul brief aan die Suiderkruisfonds waarin die borgskap versoek word, word gemeld dat die PU-Kaners reeds die voorafgaande drie jaar die operasionele gebied besoek het. Vroeër het die weermag ingestaan vir die vervoer, verblyf en etes, asook 'n bedrag van R500 per vertoning. Dié borgskap het verval, behalwe dat die weermag bereid sou wees om die PU-Kaners na die operasionele gebied te vervoer. Die groep het toe bestaan uit 21 lede. Hiervan was 10 dames en 11 mans. Agt hiervan was koorlede, twee komediante, ses orkeslede. Die res was tegnici en die toerouers (Jooste, 1984).

Die Suiderkruisfonds is in 1968 gestig met die doel om ontspanningsgeriewe aan alle Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte, die SAP en SAW, te verskaf (Van Heerden, 2015:12). Die Suiderkruisfonds het sy taak dus as moreelbouer gesien. Van Heerden haal mev Elizabeth Albrecht, stigter en voorsitter van die Suiderkruisfonds, aan wat gesê het: "[The fund is] the channel between the people and the forces, who receive in this way not only recreational equipment, but also the assurance of the gratitude and moral support of the people at home" (Van Heerden, 2015:13). Van Heerden (2015:7) reken ook: "Organisasies soos die Suiderkruisfonds verteenwoordig die tuisfront: dié instellings in die samelewing wat ten tye van oorlog hulle ondersteuning aan die staat en weermag bied." Besoeke van die PU-Kaners aan die operasionele gebied het, saam met verskeie ander dienste van die Suiderkruisfonds, die tuisfront dus daar verteenwoordig.

Die waardering wat daar vir dié toere na die operasionele gebied bestaan uit, blyk uit 'n brief aan die PU-Kaners vanaf kapelaan (ds) NFS Mulder in Julie 1984:
Graag wil ek as die Sektorkapelaan van Sektor 20 VTB Voorsitter u hartlik gelukwens met u groep se optrede en vorige jaar se optredes wat ek persoonlik gesien het. Vir die positiewe motivering van die troepe wil ek en die Sektorbevelvoerder hiermee saamstem dat dit onverbeterlik is, en daarom in die doel volkome slaag (Mulder, 1984).

Aan die einde van 1983 aanvaar die musiekleier, Koos Lessing, ’n pos aan die Technikon Pretoria en verlaat die groep Desember. Bütow is van mening dat die groep toe ’n hoogtepunt bereik het, wat ook onderskryf word deur die feit dat daar ’n televisieopname van hulle program uitgesaai is (Bütow, 1984c:5).

10.2 PU-Kaners word Akustic

Lessing se vertrek aan die einde van 1984 het ’n herevaluering van die PU-Kaners genoodsaak. In ’n ongedateerde dokument skryf Bütow dat Lessing as musiekregisseur, weens die finansiële implikasies, nie vervang kan word nie. Hy vervolg: “Indien die groep nie dieselfde of ’n hoër standaard kan handhaaf nie, sal dit die goeie werk van die verlede in gedrang bring en die naam van die Universiteit skend” (Bütow, 1985?).

Ingrypende veranderings was dus nodig en Bütow berig in sy jaarverslag wat dit behels het: “ (1) Die PU-Kaners se naam verander en staan van nou af bekend as Akustic. (2) Die orkes spits hom nou meer toe op ons eie individuele kunstenaars en tree vir ’n groot deel van die program slegs begeleidend op. Mej Karin Hougaard sal vir 1985 saam met die groep optree.” Bütow reken dat die voordele van die nuwe bedeling onder meer is dat die kombinasie van orkes en individu ’n wenner is. Hy meen ook dat die groep volle bestaansreg het omdat hulle glad nie meer met Alabama sal oorvleuel nie. “Die Pukke sal uiteindelik ’n eie goeie orkes hê vir intervarsities, *sing-songs* en konserte.” Besluite om dié veranderings te implementeer is in oorleg met Lessing geneem (Bütow, 1984c:5; 1984c:2).

Nog voor die jaarlikse toer reken Bütow dat die “nuwe idee” dat Akustic saam met Karin Hougaard optree inslag sal vind, na ’n suksesvolle konsert tydens die Skemervonkel-reeks by die Departement Spraakleer en Drama (Bütow, 1985c:2). Hougaard was reeds voor haar betrokkenheid by Akustic nasionaal bekend as sangeres. (Kyk na bylaag 6 vir biografiese besonderhede oor haar.)

Eweneens berig Bütow na die Julievakansie: “Na die toer van die ‘nuwe groep’ en die gevolglike telefoniese navrae vir uitvoerings, is dit vir ons duidelik dat Akustic ’n stewige vastrapplek as ’n toergroep van ’n tersiêre inrigting verkry het. Die uitvoering is baie goed ontvang. Die groep sal nou kan voortbou op die sukses van hierdie jaar, nadat reeds ander individuele talente van ons studente by die vertoning ingeskakel het” (Bütow, 1985d:3).


Musiek wat by Hougaard se kontra-alto stem pas is by die program ingesluit en in 1986 het sy musiek van Jacques Brel, Edith Piaf, Jennifer Rush en ’n Vlaamse liedjie gesing (Anon., 1986f:21). Hougaard het eweneens gebaat by Akustic se begeleiding. Sy sê in 1986 aan die *PU-Kaner:* “As die lewe ’n sprokie was, sou ek Akustic van die Puk weggerokkel het en ons sou net musiek gemaak het”

(Anon., 1986f:21). Die feit dat die orkes grootliks benut is om Hougaard te begelei het daartoe gelei dat Akustic in die algemeen beskou is as “Hougaard se orkes” (Wessels, 1985).

Die musiekregisseur van Akustic na 1984, was Deon Slabbert. Volgens die 1986-program het hy die grootste deel van die musiekverwerkings gedoen en het die orkes afgerig. Slabbert was ook die voorsitter van Akustic en het die meeste van die optredes gereël, aankope van instrumente en dekor gedoen en verblyf gereël. Hy het in 1986 die BPharm-graad behaal en het in 1986 ’n honneursgraad gedoen (Akustic, 1986).



ILLUSTRASIE 10.9
KARIN HOUGAARD WAS IN 1985 EN 1986 DIE GASKUNSTENAAR VAN AKUSTIC (ANON., 1986F:21).



ILLUSTRASIE 10.10
DEON SLABBERT WAS IN 1985 EN 1986 DIE MUSIEKREGISSEUR VAN AKUSTIC (AKUSTIC, 1986).



ILLUSTRASIE 10.11
BROKSTUKKIES WAS DIE TITEL VAN DIE PU-KANERS SE TWEEDE EN LAASTE LANGSPEELPLAAT. DIT HET IN 1984 VERSKYN (PU-KANERS, 1984).

Hougaard is steeds in 1986 die gaskunstenaar wat saam met Akustic optree en hulle toer deur Noord-Natal en Oos- en Noord-Transvaal, terwyl Bütow die toer as “klein” beskou met 15 optredes. Nog 15 optredes is vir die laaste semester beplan (Bütow, 1986b:2). Hierna staar Akustic weer probleme in die gesig, nadat beide die musiekregisseur en Karin Hougaard aan die einde van 1986 die Universiteit sou verlaat. Bütow reken egter dat die orkes moet bly voorbestaan omdat Akustic vir studente die geleentheid bied om lid van ’n ligte musiek-orkes te wees, terwyl Akustic ook die Universiteit se Intervarsity-orkes is (Bütow, 1986a:3). In sy verslag van die tweede semester van 1986 skryf Bütow dat eskalerende reiskoste daarvoor kan sorg dat die PU-Kaners, nes die PU-Koor en Thalia, nie meer toere in Julie sal onderneem nie. Die gebrek aan ’n ervare regisseur blyk ’n bykomende rede te wees waarom daar in Julie 1987 nie ’n toer onderneem is nie. Die produksieleier van 1987 was volgens die program Danie Louw, wat meeste van die musiekverwerkings gedoen het ten spyte daarvan dat hy geen formele musiekopleiding het nie. Louw was ook in 1988 die musiekleier (Bütow, 1986a:2; 1987b:2; Akustic, 1987; Akustic, 1988). ’n Kort toer is wel in Desember onderneem, wat volgens die verslag van die toerpa, prof Smit, suksesvol was. Die toer het

aangedoen by verskeie vakansieoorde in die Transvaal, onder meer Klein Kariba, Rustenburg Kloof, Utopia, Warmbad Overvaal en Buffelspoort (Bütow, 1987d:1). In 1988 is daar ook nie ’n toer onderneem nie (Bütow, 1988a:5).

Met die aanmoediging van die kultuurkantoor het Akustic in 1989 daarop gefokus om die studentesang tydens intervarsities te begelei. Dit blyk vrugte af te werp, want Bütow berig in sy jaarverslag: “Akustic, die groep wat heeltemal deur studente bestuur en afgerig word, het hul beste program ooit gedurende 1989 op die planke gebring. Die orkes se bydrae met Intervarsity het bygedra tot die sukses van die verbeterde studentesang tydens Intervarsity” (Bütow, 1989a:5). Die vroeëre poging om studentesang tydens intervarsities aan te moedig, moes in 1991 weer aandag kry en Bütow berig in sy jaarverslag: “Weens die tanende belangstelling van studente in die samesang en goeie gees tydens Intervarsity, het die Kultuurkantoor, in samewerking met die SSR, ’n hele nuwe konsep, wat vir studente aanvaarbaar is geïmplementeer. ’n Afsonderlike orkes (Rendezvous) is gestig en ’n hele aantal moderne en meer aanvaarbare liedjies is geskep. Die nuwe konsep het groot byval gevind en die gees was weer soos in vroeër jare” (Bütow, 1991a:1).

Akustic het vanaf 1992 nie meer bestaan nie, soos blyk uit ’n brief aan SAMRO op 21 Februarie 1992 dat “die Akustic-sanggroep weens opgehoopte verliese van 1990 deur die Universiteit ‘op ys gelê’ is en dus nie meer bestaan nie” (Akustic, 1992).

10.3 Besinning oor die waarde van die PU-Kaners en Akustic

Die PU-Kaners is die enigste uitvoerende studentegroep wat suiwer as bemarkingsinstrument vir die Universiteit geskep is, anders as ander groepe soos Thalia, Alabama en die Koor wat hoofsaaklik uit studentegeledere ontstaan het en daarna as bemarkingsinstrumente ingespan is.

Dit blyk ook uit Jonker, musiekleier van die PU-Kaners in 1978 en 1979 se opmerkings in ’n verslag oor die PU-Kaners:
En juis hier kom die nut en potensiaal van die PU-Kaners ter sake: hoewel kleiner in omvang, kan die PU-Kaners die behoefte van enige gemeenskap bevredig indien die gehalte van die program en die vereistes van die aansoeker deeglike aandag en prioriteit geniet. (Verder moet ook gelet word op aksies soos advertensie, werf van studente, donateurs ens. wat deur die universiteit geloods kan word tesame met dié optrede) (Jonker, 1980c:1).

Die PU-Kaners het veral ’n bloeitydperk beleef onder die leierskap van Koos Lessing. Dit blyk uit Bütow se opmerking in ’n brief aan die viserektor, prof NJ Swart: “Aansoeke van buite die Universiteit vir optredes van die groep word al hoe meer die PU-Kaners kan al reeds as goeie ambassadeurs van ons Universiteit beskou word” (Bütow, 1980d).

Dit word ook beaam deur Jan Botha, toerpa van 1983 wat in sy toerverslag skryf: “Die PU-Kaners lewer ’n besondere bydrae tot die uitbouing van die PU vir CHO se beeld na buite. Die Universiteit moet probeer om mnr Koos Lessing by die Puk te hou. Ek meen daar wag ’n groot toekoms op die PU-Kaners” (Botha, 1983:2).

In dié tyd het die groep egter met die struikelblok geworstel dat hulle dikwels gesien is as ’n “Alabama in die kleine”. Die feit dat hulle van Alabama se vroeëre kostuums en dekorstelle gebruik gemaak het, het dié persepsie aangewakker. Dus is daar met die bedanking van Lessing in 1984 gesprekke gevoer oor wyses waarop daar van dié beeld ontslae geraak kan word. Dit het gelei tot die herorganisasie van die PU-Kaners tot Akustic.

Opvallend is dat die PU-Kaners jaarliks vir die troepe op die grens opgetree het. Daardeur is iets van die karakter van die PU in die apartheidsjare gedemonstreer. Die Universiteit, soos die ander Afrikaanse universiteite en die oorgrote meerderheid Afrikaners destyds, het onbeskaamd die Afrikanernasionale saak gesteun. Hulle het eerlik geglo dat dit reg was. Dit hou verband met die bespreking in paragraaf 2.5 “Kunskulturele studenteaktiwiteite: kuns of kultuur?” waarin gesê is: “By die PU vir CHO het die slagspreuk waarvoor prof Tjaart van der Walt, rektor van 1978 tot 1988, bekend is, die noue verbintenis tussen kultuur en die geskiedenis, tradisie en taal van die Afrikaner treffend verwoord: ‘Die PUK is onvoorwaardelik Christelik en onbeskaamd Afrikaans’” (Van Vugt & Cloete, 2000:133).

Die lede van die PU-Kaners het sekerlik die optredes op die grens as ’n avontuur beleef. Hulle het elke jaar, weer en weer, gegaan. Vandag praat niemand apartheid meer goed nie, maar vir baie lank het die meerderheid Afrikaners verkies om nie die verkeerdheid daarvan raak te sien nie. Die vraag ontstaan of die studente kinderlik-naïef was om hulle oor die politieke implikasies te bekommer in ’n tyd toe van die verligte Afrikaners reeds die morele regverdigbaarheid van apartheid begin bevraagteken het? Die Universiteitsbestuur en die personeel onder wie se toesig die PU-Kaners opgetree het, het die optredes op die grens heel waarskynlik as ’n patriotiese daad in landsbelang beskou. Om hulle uit vandag se perspektief daarvoor te veroordeel is nie nodig of wenslik nie, maar dit kan nie ontken word nie dat dit die gees van die tyd en die historiese konteks was waarbinne 'n groep soos die PU-Kaners geopereer het. Dit is ook ironies dat Ralph Rabie in 1978 ’n lid van die PU-Kaners was en die volgende jaar, is die eerste besoek na die noorde van Namibië onderneem. Toe Rabie as Johannes Kerkorrel bekend geword het (met liedjies soos “Wat ’n vriend het ons in PW” en “Persreën”), was hy een van die grootste stemme in protes teen die regering.

Vir twee jaar lank het Akustic Karin Hougaard begelei. Dié samewerking het beide Akustic en Hougaard gebaat, soos blyk uit Bütow se opmerkings in sy jaarverslag en Hougaard se mededeling

aan die *PU-Kaner*-tydskrif. Die kwaliteit van Akustic se program blyk ook uit ’n skrywe vanaf CS Viljoen ná Akustic se optrede tydens ’n geleentheid van die Gereformeerde Kerk, Vryburg se eeufeesviering: “Vir Akustic se aandeel (die mense praat nou nog van julle puik optrede) wil ons julle hartlik bedank. Nie net vir julle optrede op die verhoog nie, maar veral ook van die verhoog af, het ons die hoogste waardering. Prof Tjaart en die Universiteit kan trots wees op julle” (Viljoen, 1986).

Daarna het Akustic, weens die hoë finansiële implikasies, nie weer getoer nie en hoofsaaklik as orkes vir samesang (*sing-songs*) tydens Intervarsity opgetree en uiteindelik ophou bestaan.

Die waarde van die PU-Kaners kan ook bespreek word in terme van beeldbou, verryking en vermaak (Bütow, 1993c:24, 25). Die paragrawe hierbo het aspekte rondom beeldbou hanteer.

Die verrykende invloed van groepsang op die lewe van die individu is reeds deurgetrap in vorige hoofstukke. Wat die PU-Kaners en Akustic betref dien dit egter gemeld te word dat drie lede van die groepe spesifiek moes baat gevind het by hulle betrokkenheid daarby, aangesien hulle later bekendes in die Suid-Afrikaanse musiekwêreld geword het. Ralph Rabie, later Johannes Kerkorrel, het as omstrede musikant in die negentigerjare beroemd geword. Koos Lessing het, ná hy die PU-Kaners se musiekleier was, ’n betrekking by die Pretoriase Technikon aanvaar waar hy die musiekleier van dié instelling se revuegroep, die Rondomtalies, geword het (Anon., 1988n:13). Karin Hougaard was in eie reg ’n nasionaal-bekende sangeres toe sy in 1985 as gaskunstenaar saam met Akustic opgetree het. Die verrykende effek van die samewerking tussen Hougaard en Akustic, blyk uit haar opmerking aan die *PU-Kaner* dat sy graag Akustic van die Universiteit sou wou “wegrokkel” (Anon., 1986f:21).

Wat vermaak betref, het Koos Lessing, musiekleier van 1980 tot 1984, dit onomwonde gestel dat die program saamgestel is om sy gehoor te vermaak (Anon., 1982h:1). Dit blyk ook daaruit dat liedjies wat by die soldate in die operasionele gebied sou byval vind vir enkele jare by die program ingesluit is, aangesien die groep gereeld daarheen getoer het.

Die PU-Kaners is gestig in die tydperk toe Alabama ’n aanvraag geskep het vir studentegroepe wat ’n vrolike, opgeruimde revueprogram kon aanbied. Terselfdertyd is daar by ander tersiêre inrigtings soortgelyke groepe gestig. Alhoewel dit nêrens so gestel is nie, het die PU-Kaners dus ’n “leemte” in die mark probeer vul, nie alleen om die Universiteit in ’n beter lig te stel nie, maar heelwaarskynlik om te voorkom dat dié leemte nie deur groepe van ander inrigtings gevul word nie.

HOOFSTUK 11
Trompoppies, Cheerleaders en enkele ander groepe

11.1 Inleiding

In die tradisionele sin was die Trompoppies nooit ’n uitvoerende groep nie. Hulle het nie soos ander groepe op verhoë opgetree nie, terwyl hulle passies, alhoewel aanskoulik en aan danse herinner, met militêre presisie uitgevoer is. Hul “verhoë” was straatoptogte en skoue. Kort na hulle stigting het die groep as die “Die Pukkies” bekendgestaan. Hulle word nog so genoem in *Die Besembos* van 1981, maar teen 1987, toe hulle hul eerste nasionale wedstryd wen, staan hulle as die Trompoppies bekend (Anon., 1981m:57; Anon., 1987i:1).

Teen 1997 het die hoë koste van dié groep se uniforms genoodsaak dat die groep herskep word na ’n “goedkoper” konsep. So het die Cheerleaders ontstaan.

Die Trompoppies is egter van meet af gesien as ’n groep wat die “beeld” van die Universiteit uitdra. Dit blyk uit ’n berig in die *PU-Kaner* wat skryf oor die ontstaan van die groep: “Die wyse waarop hulle die karakter van die Puk uitgedra het met hul besondere beweging en kleurryke kleredrag het al wat Puk en oud-Puk is se hart geraak” en verder “dat dit (die optredes van die Pukkies) enigsins uniek moet wees en andersins die Puk se naam eer moet aandoen” (Anon., 1976h:1).

Dit blyk ook uit die grondwet van die Trompoppies van 1990, wat sê dat dit hul taak is om:


1. *Die beginsels van ’n christelike lewens- en wêreldbeskouing te bevorder op sy spesiale terrein;*
2. *Reklame te maak vir die PU vir CHO;*
3. *Sierdril uit te bou en te bevorder.*
4. *As marsjerende groep die klem te laat val op grasieuse beheer oor beweging, formasievorming en sierdril* (Trompoppies, 1990:1).

11.2 Pukkies en Trompoppies


11.2.1 Historiese ontleding van die Pukkies en Trompoppies

Dit blyk dat die gedagte om die trompoppies te stig op ’n kamp van huiskomiteelede aan die begin van 1976 geopper is (Anon., 1976h:1). Die Karnavalkomitee, onder aanvoering van Adriaan Jacobs, het by die rektor om toestemming vir die stigting van ’n trompoppiegroep “gepleit” (Anon., 1978k:6). Dié toestemming is verkry en mnr Johan Aucamp van die Departement Ontwikkeling se dienste is as eerste afrigter bekom. Aucamp het toe by die Departement Ontwikkeling as skakelbeampte gewerk. Hy is in 1977 deur die Kultuurraad versoek om die afrigting van die Pukkies

waar te neem (Kultuurraad, 1977a:2). Nadat die trompoppies in 1977 aanvanklik onder die Karnavalkomitee geressorteer het, het die Studenteraad besluit dat hulle as lid van die Kultuurraad sal funksioneer. Die raad verneem op 23 Februarie dat die SSR die naam "Pukkies" vir die trompoppies amptelik aanvaar het (Kultuurraad, 1977c:1; Kultuurraad, 1977b:2).



ILLUSTRASIE 11.1
BO: MNR JOHAN AUCAMP VAN DIE DEPARTEMENT ONTWIKKELING WAS DIE EERSTE AFRIGTER VAN DIE TROMPOPPIES (FOTOKUNS, 1978B).



ILLUSTRASIE 11.2
REGS: DIE EERSTE TROMPOPPIEGROEP VAN DIE PU HET BEKENDGESTAAN AS DIE PUKKIES. DIE GROEP IS IN 1976 GESTIG EN HIERDIE FOTO VAN DIE GROEP HET IN DIE *PU-KANER* IN OKTOBER 1976 VERSKYN (ANON., 1976H:7).

Johan Aucamp, eerste afrigter van die Pukkies, het in Julie 1975 by die Departement Ontwikkeling van die PU aangesluit as skakelbeampte. Met die rang van kommandant was Aucamp vroeër aan die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) verbonde. Hy het aan die Militêre Akademie in Saldanha gegradueer, waarna hy vanaf 1964 tot 1974 aan die 4 Artillerie Regiment in Potchefstroom verbonde was. Aucamp was lid van die weermag se eerste krieketspan en 'n rugbyskeidsregter (Aucamp, 1975).

Die eerste optrede van die Pukkies was tydens die Karnaval van 1976 toe hulle saam met die Gevangeniswese-orkes, onder leiding van kaptein JLN Steenkamp, opgetree het (Anon., 1976h:1). Die geboorte van dié groep het egter met 'n redelike mate van wroeging gepaard gegaan, te oordeel aan 'n voorbladberig van *Die Wapad* op 12 Maart 1976 geskryf deur die voorsitter van die Sentrale

Studenteraad, mnr Johan Pretorius:
Dit is so dat die Puk nog nooit voorheen Trompoppies gehad het nie. Wat ons studentelewe betref is dit dus iets nuuts. Ons as Christene staan egter ook in hierdie wêreld en kan ons nie daarvan isoleer nie. Ek dink daarom dat dit ons plig is om standpunt hieroor in te neem op 'n goed gemotiveerde en gefundeerde wyse. Omdat dit 'n nuwe saak is, is dit verstaanbaar dat baie mense dit met 'n mate van huiwering benadering (Pretorius, 1976:1).

Pretorius vervolg dat die vrou 'n besondere rol in die samelewing het en dat die Pukkies die geleentheid bied waar hulle hulself kan uitleef. Hy vervolg:

Die persone wat Trompoppies die verlaging van die vrou, die verheerliking van die vroulike liggaam of die beoordeling van diere sien, slaan die bal ver mis en sien die doel en die taak van die Trompoppies heeltemal verkeerd (Pretorius, 1976:1).

Hy reken dat trompoppies deel van die uitbeelding van die vrolikheid en gees van Karnaval is. Hy reken egter dat die PU nie ander universiteite klakkeloos moet navolg nie, maar sluit af:

Laat ons die buitewêreld wys dat ons wel Trompoppies kan hê, getrou aan die karakter van die PU vir CHO, sonder dat hulle enigsins hoef terug te staan of minderwaardig hoef te voel (Pretorius, 1976:1).

Ten spyte van hierdie teenkanting teen die Pukkies, reken die *PU-Kaner* dat die groep se eerste optrede tydens Karnaval so suksesvol was dat daar besluit is om vir die komende jaar 'n gesamentlike vertoning met dié orkes uit te werk. Die Pukkies het ook tydens die Intervarsity opgetree en het daar ook gewen. Die Pukkies sou ook die volgende jaar aan 'n kompetisie in Johannesburg gaan deelneem. 'n Optrede tydens dié stad se 90-jarige bestaansviering is egter afgestel weens die onluste daardie jaar (Anon., 1976h:1). Die voortbestaan van die groep was egter in die weegskaal, want op 31 Augustus verleen die Sentrale Studenteraad aan mnr Johan Aucamp, hul afrigter, 'n spreekbeurt waartydens hy "pleit om die voortbestaan van die 'drompoppies'" (Sentrale Studenteraad, 1976:3).

Die eerste inskrywing oor die Pukkies in *Die Besembos,* was in 1977, toe daar só berig gedoen is:
Die tweede jaar van die "PUKKIES" se bestaan is verby. Baie kan gesê word en oor baie kan stilgebly word. In die geheel beskou was vanjaar 'n sukses. Getrou aan die kort tradisie van twee jaar was die eerste vertoning weer eens met Karnaval (amper katastrofies). Daarna is verskeie ander vertonings gelewer wat oral byval gevind het. Die werklike mylpaal vanjaar was die optrede van die groep saam met die PUK se Tuimelspan. Hierdie vertonings te Klerksdorp en Vereniging het groot byval gevind (Anon., 1977e:102).

Dit is nie bekend wat die voorval tydens Karnaval, wat as "katastrofies" beskou is, was nie.

’n Noodvergadering van die Sentrale Studenteraad is op 15 Maart 1977 gehou, na aanleiding van ’n foto van die Pukkies wat in *Die Transvaler* verskyn het. Na aanleiding hiervan het die uitvoerende komitee besluit om die werksaamhede van die groep op te skort, hangende ’n verslag oor die “skokkende foto” in dié koerant se uitgawe van 12 Maart 1977 (Sentrale Studenteraad, 1977a). Op 28 Maart 1977 neem die SSR kennis dat “dr W de Klerk in *Die Transvaler* van 19 Maart apologie aangeteken het” (Sentrale Studenteraad, 1977b).

In 1978 het die SSR patronaatskap van die Pukkies op skynbaar “omstrede” wyse opgehef. Dit volg nadat die Koshuisraad beswaar gemaak het teen die Trompoppies se kort rokkies, ontwerp deur ’n bekende plaaslike modeontwerper, Cronjé Lemmer. Dit is ten spyte daarvan dat die nuwe klere goedgekeur is, volgens die notule van die Kultuurraadvergadering van 29 Maart 1978 (Van Eeden *et al.*, 2006:259). *In U Lig* berig dat die te kort rokkies te wyte was aan ’n skynbare snyfout: “Om die korter rokkie se gebrek aan lengte te verdoesel en eenvormigheid tussen al die roklengtes te verkry, is tossels aan elke rokkie se soom gewerk” (Van Eeden *et al.*, 2006:259).

Die Koshuisraad se mosie om opheffing van die patronaatskap te bewerkstellig, het ook by ander aspekte aangesny en lui:

Mosie 23/78

Dat aangesien:
1. Die Pukkies sedert hul instelling in 1975 nog geensins aan die doel waarvoor hul daargestel is nie, beantwoord het nie, nl. dat hulle die naam en karakter van die Universiteit moet uitdra; inteendeel hulle het die Universiteit al werklik skade berokken, bv. die voorval tydens die Karnaval in 1977 en hul optrede tydens die pas afgelope Intervarsity teen RAU;
2. Daar herhaaldelik in die Wapad deur verskeie persone beswaar aangeteken is oor hulle optrede;
3. Daar tydens die vorige termyn van die SSR wéér oor die saak gestem is, dus ’n bewys dat hul bestaansreg ook tóé bevraagteken is, hoewel dit met ’n klein meerderheid bevestig is;
4. Hul kleredrag, of gebrek aan kleredrag, geen goeie advertensie vir die Christelike ***naam*** *van ons Universiteit is nie, aangesien dit uiters prikkelend is soos die aanmerkings van die studente op die pawiljoene tydens die genoemde Intervarsity ook getuig;*
5. Die afbeeldinge van die kandelare, die wapens van die Universiteit en ’n simbool van heiligheid, op hul kort rokkies nié die gesag en respek wat dit toekom, afdwing nie (Anon., 1978j:3).

Die besluit om die patronaatskap op te hef is op 20 Mei 1978 geneem, na die Trompoppies se optrede op Olënpark, “’n vertoning wat heelwat toeskouers oënskynlik waardeer het, maar wat sommige na mosies en petisies laat gryp het” (Van Eeden *et al.*, 2006:259).

Dié mosie lei daartoe dat die SSR besluit om die Pukkies te dispatroneer omdat die Raad hulle grondslag betwyfel. Die Koshuisraad se klagtes oor die "uitlokkende kleredrag" en die onmiddellike opheffing van die patronaatskap het die Kultuurraad, onder wie die Pukkies gesorteer het, teen die bors gestuit (Van Eeden *et al.*, 2006:259). Dié besluit lei ook tot 'n vuurstorm van moddergooiery, met ander sake wat ook bygesleep word. Hierop volg berigte in die nasionale media wat die *PU-Kaner,* die Universiteit se blad vir oudstudente, noodsaak om die gebeure te verduidelik. Benewens die feit dat die *PU-Kaner*-berig daarop wys dat die Pukkies nie in 1975, maar in 1976 gestig is, word voorts gesê:

Van die kant van die studente-owerhede was daar, naas vrymoedige onderhoude met die pers, 'n vlugskrif wat op die kampus versprei is en waarin "eensydige verdraaide koerantberigte" afgekraak word. In hierdie verklaring word aangedui dat die Pukkies se optrede opgeskort is hangende 'n ondersoek deur 'n kommissie. Die feit dat die saak sodoende sub-judice geraak het, het weinig invloed gehad op die vermenigvuldiging van koerantkommentaar asook graffiti, plakkate en vlugskrifte van 'n verskeidenheid 'geheime organisasies' op die kampus (Anon., 1978k:6).

"Een beriggewer het byvoorbeeld na die Studenteraad as 'halsstarrige jong ossies' verwys. Wat vreemd opval van hierdie aangeleentheid, is die byna terloopse aanvaarding dat byvoorbeeld die netbal- en die korfbaljuffies maar goed kon been wys – selfs jare tevore" (Van Eeden *et al.*, 2006:259).

'n Berig in *Die Wapad* op 15 September 1978, met die opskrif bloot "Trompoppies", begin bondig: "Die probleme met die Pukkies se optrede tydens Karnaval is opgelos" (Anon., 1978l:3). Die berig sê dat die kommissie wat die saak moes ondersoek aanbeveel het dat die Studenteraad die besluit om die Pukkies te dispatroneer moet heroorweeg. "Die kommissie bevind die voorkoms van die Pukkies 'netjies en in ooreenstemming met die gees van hul grondwet en huishoudelike reglement'." Afleidings wat gemaak is dat hul voorkoms "uiters prikkelend" is na aanleiding van aanmerkings en fluite tydens die Intervarsity, beskou die kommissie as "gevaarlik". "Sommige Pukkies, wat in hul kort rokkies op die sportmanne se rûe en op kruiwaens gery het, se optrede word as onwelvoeglik beskou". Gevolglik sou dié Pukkies vermaan word (Anon., 1978l:3). Enkele weke later word berig dat die Pukkies hul aansoek om te herpatroneer by die Kultuurraad sou indien (Anon., 1978m:3).

Gevolglik berig *Die Besembos* van 1979 só oor die Pukkies: "Hierdie jaar was 'n jaar waar ons van vooraf moes begin. 'n Jaar waarin ons, ons moes bewys. Het ons dit reggekry? O, ja beslis! Ons eerste optrede was tydens die Randse Skou met die Vaderland-trompoppiekompetisie. Dit was die begin van die sukses. Vir 1980 het ons sommer baie groot planne, onder andere 'n toer, en baie

optredes" (Anon., 1979d:56). In 1980 het die Pukkies hul eie uitrustings ontwerp en gemaak (De Wet, 1980).



ILLUSTRASIE 11.3
HIERDIE FOTO VERSKYN OP DIE LAASTE BLADSY VAN DIE 1978 DIE BESEMBOS. DIE OPSKRIF ". . . EN DIE BEGIN VAN DIE GROOT HERRIE" DUI OP DIE KONTROVERSIE RONDOM DIE LENGTE VAN DIE ROKKE VAN DIE PUKKIES. LET OP DIE TOSSELS WAT AAN DIE SOOM VAN DIE ROKKIES GEWERK IS OM DIT LANGER TE LAAT LYK (ANON., 1978I:141).

In 1981 blyk dit dat die Pukkies reeds sukses begin behaal het. Daar word in die jaarverslag van die Kultuurraad berig dat hulle verskeie optredes deur die jaar gehad het en tydens 'n skou op Frankfort het hulle die eerste prys verower, waar die Kovsies se trompoppies "en ander" ook deelgeneem het. Hulle het ook op omliggende dorpe tydens Republiekfees opgetree (Kultuurraad, 1981:2). Dié jaar het die Pukkies ook toestemming gekry om wit en rooi in plaas van maroen en wit klere te dra. By die Randse Skou het die Pukkies 'n 11de plek behaal (Anon., 1981m:57).



ILLUSTRASIE 11.4
VOLGENS CHRISTA CLOETE HET DIE TROMPOPPIES SE "ENTOESIASTIESE HOOGSKOP" HULLE IN DIE LAAT TAGTIGERJARE IN DIE MOEILIKHEID LAAT BELAND. HIERDIE IS 'N FOTO VAN DIE 1983-TROMPOPPIES (FOTOGRAFIESE DIENSTE, 1983C).

Die Trompoppies word in 1983 uitgenooi om deel te neem aan die verfilming van die rolprent *Waar en Wolhaar.* Magdaleen Weber skryf in haar jaarverslag: "André Storm het die reëlings met ons getref en in die eksamen het 'n groepie van ons die oggend van die 16de Junie vertrek na Parys-stasie wat omskep is na Helshoogte. Glo my dit was 'n reuse ondervinding en ons het die dag saam met die filmsterre terdeë geniet" (Weber, 1983).

Die kontroversie rondom die Trompoppies het nie by die 1978-gebeure gebly nie. Volgens Christa Cloete het hul entoesiastiese hoogskop in die laattagtigerjare hulle weer in die kookwater laat beland en hulle was besig om dood te loop (Cloete, 2013).

Die Kultuurkantoor is in 1986 versoek om die volgende jaar behulpsaam te wees met ’n ondersoek na die organisasie en finansiering van die Trompoppies (Bütow, 1986a:4). Gevolglik is die Trompoppies vanaf 1987 op dieselfde basis bygestaan as die ander toergroepe wat betref organisasie, begrotings en algemene beplanning. “Na verskeie vergaderings met die studente kon ’n gemeenskaplike basis gevind word. Hul organisasie en beplanning is egter nou baie rou. Heelwat skaafwerk is nog nodig voordat die kwessie as bevredigend gekwalifiseer kan word. Tans is die Trompoppies slegs ’n geweldige finansiële uitgawe en sal dus met meer ‘besigheidsgevoel’ gehanteer moet word” (Bütow, 1987d:3).

Die Trompoppies het egter kort daarna in 1987, met hulle eerste deelname aan die kompetisie, die nasionale tersiêre militêre afdeling van die nasionale binnemuurse kampioenskappe by Sun City gewen. Die kampioenskap is aangebied deur die Nasionale Topliga van Vertoontrompoppies. Net drie groepe van tersiêre inrigtings het vir die eindronde gekwalifiseer. Die Trompoppies het dus in dié rondte teen die Wits Technikon en Pretoria Technikon meegeding. Die berig wat daaroor in *Die Wapad* verskyn het, sê ook: “Met die oorwinning in die kampioenskappe het die trompoppies vir eens en vir altyd die kritici se monde gesnoer en getoon waartoe hulle in staat is” (Anon., 1987i:1). Die volgende jaar het die groep tydens ’n kompetisie op Springs op 13 Augustus, ’n derde plek behaal in die klub-afdeling van die Topliga van Vertoontrompoppies (Francis, 1988).

Mev Christa Cloete, wat as administratiewe beampte in die Kultuurkantoor gewerk het, het in 1990 die voog van die Trompoppies geword (Bütow, 1990c). Volgens Cloete was dit nie maklik om die uitsoekgroep te keur nie. Elke jaar was daar sowat 350 meisies wat wou trompoppies wees. Die ideale trompoppie volgens, haar, was afgesien daarvan dat sy ‘aanskoulik’ moet wees, een wat toegewyd en vriendelik was en wat die vermoë het om die passies met die militêre presisie te kan uitvoer, soos wat dit van trompoppies verwag is. Daar is ook klem gelê op gesindheid (Cloete, 2013).

Teen 1989 was die Trompoppies gewild om by skoue op te tree. Hulle het dié jaar ook by die opening van ’n nuwe motorhawe opgetree en volgens *Die Besembos* was die hoogtepunt hul optrede tydens die Intervarsity teen Kovsies waar hulle “’n manjifieke vertoning” gelewer het” (Anon., 1989i:71).

In 1989 en 1990 is die Trompoppies deur mej Colleen Cochrane afgerig. In ’n getuigskrif vir haar skryf Christa Cloete dat sy met puik afrigting die Trompoppies een van die prestigegroepe van die Universiteit gemaak het. Die groep van 25 met vier reserwes het hoofsaaklik uit eerstejaars bestaan,

met Minnie Cloete as hoofleidster. Hulle het dié jaar 30 optredes gehad (Cloete, 1990a; Cloete, 1990b). Dié jaar het die orkes van die Hoër Volkskool, wenner van dié jaar se orkeskompetisie, aangebied om die Trompoppies voltyds te begelei tydens hulle optredes (Anon., 1990c:5).

Dié jaar, 1990, is ’n wisseltrofee deur die Departement Kultuur geskenk om die Trompoppie van die Jaar aan te bekroon. Minie Cloete, die hoofleidster van die Trompoppies, is die eerste wat die eer te beurt geval het (Anon., 1990d:2).



ILLUSTRASIE 11.5
DIE EERSTE WENNER VAN DIE WISSELTROFEE OM DIE TROMPOPPIE VAN DIE JAAR TE BEKROON WAS MINIE CLOETE, HOOFLEIDSTER, WAT DIT IN 1990 ONTVANG HET (ANON., 1990D:2).

In 1991 het die Trompoppies aan ’n geldinsamelingsprojek ten bate van Kindersorg in Rosebank, Johannesburg deelgeneem, wat beskryf is as die “grootste optog wat nog ooit in die Suidelike Halfrond plaasgevind het”. Nagenoeg 1 000 trompoppies het aan die optog deelgeneem, buiten orkeste, sierwaens en ’n volwaardige sirkus (Anon., 1991e). Uit dié gebeurtenis blyk dit dat die uitdagings wat aan die Trompoppies gestel is meer behels het as om bloot hulle passies perfek uit te voer. Volgens Christa Cloete was die Pukke die heel laaste trompoppiegroep in die optog. Reg agter hulle het die olifante van die sirkus geloop, wat vinniger wou loop as die pas wat voor deur die kleuters aangegee is. Ten einde die res van die optog vinniger te laat beweeg het die olifante met hulle slurpe in die Trompoppies se nekke en om hulle koppe gevroetel, wat die Trompoppies, volgens Cloete, die skrik op die lyf gejaag het (Cloete, 2013).

Cloete se betrokkenheid by die Trompoppies het veel verder gestrek as net aanmoediging, afrigting en om die administratiewe sake te hanteer. Sy het elke keer as die Trompoppies gestap het, die hele ent pad saamgeloop. Sy moes toesien dat hulle voor ’n optrede voorgeskrewe medikasie en energieversterkers gedrink het en het tydens ’n optog asmapompies byderhand gehou vir dié wat dit nodig mag hê. Voor JOOL moes sy met die koshuise skakel om te sorg dat die meisies nie deur die nag voor die optog wakker gehou word nie (Cloete, 2013).

Cloete se betrokkenheid by die Trompoppies het gou vrugte afgewerp en Bütow berig in sy jaarverslag vir 1992: “Die PUK Trompoppies het gedurende 1992 ’n suksesvolle jaar afgesluit as wenners van twee Suid-Afrikaanse topliga kampioenskappe. Twee goue trofeë in die afdelings Ligakampioene as ook die Beste Leidstersgroep van Universiteite en Technikons is vir die eerste keer verower. Die Trompoppiegroep in hul kenmerkende wit en maroen kleure is nie slegs ’n aanskoulike advertensie vir die PUK nie, maar ook uitstekende ambassadeurs” (Bütow, 1992:4). Tydens die kompetisie is die sowat 140 groepe trompoppies wat in vier afdelings in Sun City se Superbowl deelgeneem, deur 15 beoordelaars dopgehou (Anon., 1992g).

Melanie Zitzke het ’n derde plek behaal as leidster van die Top-groep. Die groep het uit 25 meisies bestaan en is afgerig deur Marteni Frey en Christa Cloete. Benewens die deelname aan die kompetisie het die groep ook verskeie optredes gehad, onder meer tydens die opening van skoue en sportsentrums, as deel van die JOOL-optog en tydens die Intervarsity teen die Kovsies (Departement Kultuur, 1994). Die Trompoppies ontvang ’n brief van gelukwensing van die direkteur Openbare Betrekkinge, Chris Windell, na die groep se optrede tydens die Universiteit se Opedag, waarin hy die groep as “skitter trompoppies” beskryf. Hy vervolg: “As dit die moordende manier is waarop hulle oefen, is dit dan geen wonder dat hulle so goed presteer nie? Hoe anders. Die besoekers was besonder beïndruk” (Windell, 1993).

Eweneens was 1994 ’n suksesvolle jaar vir die Trompoppies. Tydens 1994 het die Trompoppies opgetree tydens die JOOL en vir die eerste keer saam met die trompoppies van die Kovsies, tydens die Intervarsity in Bloemfontein. Ander optredes dié jaar was by verskillende feeste in Klerksdorp, Orkney, Schweizer-Reneke, Fochville, Carletonville, Potchefstroom, Bothaville, Bloemhof en die Rooineusdag in Roodepoort (Gey van Pittius, 1994).

Voorts het die Trompoppies ook goed presteer by die nasionale kampioenskap. Bütow berig in sy jaarverslag: “Tydens die Nasionale Kampioenskappe van die Suid-Afrikaanse Nasionale Akademie vir Vertoon- en Drilgroepe is die volgende plekke verower: 2 eerste plekke (individuele stok- en vlagwerk); 3 tweede plekke (2 groep en 1 individuele vlagwerk); en 2 derde plekke (individuele stok- en vlagwerk)” (Bütow, 1994a:7). Melanie Zitzke en Elsabet Dubery het onderskeidelik die eerste plekke vir stok- en vlagwerk behaal. Voorts is meer optredes as ooit tevore in verskillende dorpe gedoen. “Hulle gewildheid styg merkbaar, soveel so dat 16 aansoeke om optredes weens gebrek aan tyd van die hand gewys moes word” (Bütow, 1994a:7).

Die prestasie word in 1995 voortgesit en tydens die Nasionale Kampioenskappe van die Suid-Afrikaanse Nasionale Akademie vir Vertoon- en Drilgroepe is verskeie prestasies behaal. Dit sluit in: “1 eerste plek (vlagwerk); 4 tweede plekke (2 groep en 1 individuele vlagwerk en 1 stokwerk); 2

derde plekke (individuele stok- en vlagwerk).” Bütow berig ook in sy jaarverslag dat 10 aansoeke vir optredes van die hand gewys moes word (Bütow, 1995b:6). Dié prestasies noop die rektor, prof CJ Reinecke, om ’n brief van gelukwensing aan Christa Cloete en die Trompoppies te stuur. Hy skryf: “Die geweldige hoeveelheid tyd en energie wat gepaardgaan met die organisasie en inoefening van julle vertonings is iets wat dikwels uit die oog verloor word. Baie dankie vir jou en die studente se bereidwilligheid om hierdie opoffering te maak en sodoende ’n goeie beeld van die PUK na buite te dra” (Reinecke, 1995).



ILLUSTRASIE 11.6
DIE TROMPOPPIES VAN 1996 IS DIÉ JAAR DIE ALGEHELE WENNER TYDENS DIE FINALE KOMPETISIE VAN DIE NASIONALE AKADEMIE VIR VERTOON- EN DRILSPANNE (TROMPOPPIES, 1996).

In 1996 word die Trompoppies uitgenooi om ’n vertoning te lewer voor die rugbywedstryd tussen die All Blacks en die span van Wes-Transvaal op 20 Augustus (Cloete, 1996). Hulle tree ook dié jaar as algehele wenner uit die stryd tydens die finale kompetisie van die Nasionale Akademie vir Vertoon- en Drilspanne. Die groep van 32 het ook die eerste plek behaal in die afdeling waar uniforms beoordeel is, terwyl Thea du Preez, die hoofleidster en Lindie Bensch, onderleidster, die eerste plek in die afdeling vir tersiêre duets behaal het (Anon., 1996g:1). Bütow berig dat die groep dié jaar 12 versoeke vir optredes van die hand moes wys (Bütow, 1996a:7).

Koste van uniforms en vervoer bly egter styg en pogings om borgskappe te bekom is aangewend. Uit ’n borgvoorstel aan Nashua word die kostes van die Trompoppies se kostuums uiteengesit:

TABEL 11.1
Uitgawes 1997

Item	Hoeveelheid	Bedrag
Uniforms	35 x R350	12 250
Stewels	35 X R129	4 515
Busbies*	35 X R170	5 950
Handskoene – groep	30 X R25	750
Handskoene - leiers	10 X R75	750
Stokke	5 X R450	2 250
Vlae	20 X R100	2000
T-hemde	35 X R40	1 400
TOTAAL		R 20 865

(Trompoppies, 1997?)

* Busbies is die hoë pelshoede wat deur die Trompoppies gedra is en wat spesiaal van Amerika ingevoer is (Cloete, 2013). (Kyk na illustrasie 11.5 en 11.7.)



ILLUSTRASIE 11.7
ALHOEWEL ONGEDATEER, BLYK DIT DAT HIERDIE FOTO EEN IS VAN DIE TROMPOPPIES VAN 1997. DIE LEIDSTER IS SUZANNE VAN ROOYEN EN DIÉ JAAR WAS DIE ENIGSTE WAT SY DIE LEIDSTER WAS (FOTOGRAFIESE DIENSTE, 1997?).

Op die hoë noot, blyk dit dat die Trompoppies se toekoms duister is. Hoë koste, soos uiteengesit in Tabel 11.1, blyk die ondergang van dié groep te wees en daar word besluit om die groep as Trompoppies te staak, maar te herskep tot die Cheerleaders.

11.2.2 Besinning oor die waarde van die Pukkies en Trompoppies

Vervolgens die besinning oor die waarde van die Pukkies en Trompoppies in terme van beeldbou; verryking en vermaak, soos aangedui in paragraaf 1.2.3.

Soos reeds gemeld is die Pukkies gestig as ’n groep om die “beeld van die Universiteit uit te dra” Anon., 1976h:1). Die grondwet van die Trompoppies, gedateer 1990, bevestig dat een van die take

van die Trompoppies is om vir die Universiteit reklame te maak (Trompoppies, 1990:1). Dit blyk dat die groep die taak met onderskeiding uitgevoer het, te oordeel aan die verskeie pryse wat die groep oor jare behaal het en die talle optredes by plattelandse skoue en ander geleenthede. Gelukwensing van die direkteur Openbare Betrekkinge (Windell, 1993) en die rektor (Reinecke, 1995) bevestig dit. Nes die Boulevard Harmoniste blyk dit dat die Trompoppies ook gestig is om as bemarkings-instrument vir die Universiteit te dien. Die feit dat hulle goed presteer het tydens ’n nasionale kampioenskap en in 1996 as algehele wenners uit die stryd tree, laat dus geen twyfel daaraan dat die Pukkies/Trompoppies bygedra het tot die beeldbou-insiatiewe van die Universiteit nie.

In terme van verryking blyk dit dat die harde werk wat die groep moes doen om die mate van afronding te bereik wat gesorg het dat hulle pryse tydens kompetisies wen, nie net baie van die meisies geverg het nie, maar ook meegehelp het om karakter te bou. Toe Wendy Enslin in 1992 gekies is as Trompoppie van die Jaar, word gemeld dat sy die trofee kry op grond van haar lojaliteit en getrouheid gedurende die jaar (Anon., 1993k:3). Dit blyk ook uit ’n brief wat jaarliks deur Cloete aan die ouers gestuur is wat meld: “Die PUK-Trompoppies gaan baie van u kind eis en u gaan u kind nie so gereeld sien as wat u graag sou wou nie. Dit moet u egter nie negatief stem nie, want die PUK-Trompoppies is ’n wonderlike voorreg wat u kind al die goeie geleenthede bied in sy [*sic*] menslike ontwikkeling en groei tot volwassenheid” (Cloete, 1991?).

Die hegte band wat daar tussen elke jaar se groep Trompoppies bestaan het, blyk nadat Sarien Fourie, lid van die Trompoppies in 1995, ’n week voor die groep se optrede in die nasionale kompetisie by Sun City, in ’n motorongeluk oorlede is. Volgens Cloete het dit heelwat geverg om die Trompoppies daarna te oorreed om wel by die kompetisie te gaan optree. “Daar was duidelik ’n persoon kort in die groep, maar niemand wou haar plek in die groep inneem nie.” Dit is aan die beoordelaars verduidelik dat een van hulle groep oorlede is, wat dit so aanvaar het (Cloete, 2013).

Wat die hoë vermaaklikheidswaarde van die Trompoppies betref, is daar geen twyfel nie. Dit blyk uit die debakel van 1978 tydens Intervarsity toe daar vir die groep van die pawiljoene af gefluit is. Dit blyk ook uit die gewildheid wat die groep oor jare gehad het en die talle versoeke vir optredes.

Die Pukkies/Trompoppies het egter sedert hulle ontstaan in die brandpunt gestaan van veranderende waardes aan die Universiteit. (Kyk na paragrawe 2.5 en 2.6 met opskrifte onderskeidelik “Kunskulturele studenteaktiwiteite: kuns of kultuur” en “Die veranderende kultuurtaak van die Universiteit” waar daar uitgebrei op word op dié veranderende waardes.) Die 1978-gebeure staan duidelik in die lig van die enger morele klimaat wat daardie jare aan die Universiteit geheers het. Om van die eng, konserwatiewe universiteit – soos studente van ander universiteite die PU vir CHO gesien het (Anon., 1966d:1) – te beweeg tot by die moderne universiteit

wat dit vandag is, het nie sonder konflik gebeur nie. Die 1978-gebeure rondom die Pukkies is, na alle waarskynlikheid, deel van die groeipyne. Dit sny ook aan by die veranderende waardes in Afrikanergeledere, soos dit ook aan die Universiteit uitgespeel het. Merkers daarvan aan die Universiteit blyk die volgende te wees:

- Die storm rondom die berig wat in Maart 1966 in die studentekoerant van die Universiteit van Natal verskyn het, na ’n “geheime” besoek aan Potchefstroom deur studente van dié Universiteit (kyk na paragraaf 5.4.2). Hierin word die PU beskryf as “streng Calvinisties” met ’n “hoërskoolatmosfeer” (Anon., 1966d:1).

- Die jaar daarna is die eerste Alabama Revue op die planke gebring, ten einde ’n meer moderne beeld van die Universiteit weer te gee.

- Elf jaar later, in 1978, volg die debakel rondom die Trompoppies.

- Sowat ’n dekade daarna gaan die Volkspelelaer tot niet.

- Toe die Cheerleaders in 2006 ongelukkig was omdat hulle as “dom” en “maklik” gestereotipeer is (kyk na 11.3.1), het dit min, indien enige, rimpeling in Universiteitsgeledere veroorsaak.

Hierdie veranderende waardes blyk ook duidelik uit die veranderings in die studentevoorkomsregulasies. In 1977 is uitvoerige regulasies neergelê om kleredrag “op Sondae”, “drag in sitkamers en om en tussen koshuise” en “in eetsale” te bepaal. ’n Advertensie met die bewoording beslaan in klein druk meer as ’n halwe bladsy in Wapad (PU vir CHO, 1977:7). In teenstelling beslaan die studentevoorkomsregulasies, wat in 2014 in die Reglement vir Koshuise ingesluit is, skaars ’n halwe bladsy (NWU, 2014e).

Mans (2003:4) reken dat die tanende gewildheid van volkspele verband hou met globalisering (kyk na paragraaf 3.4), wat veroorsaak het dat Westerse musiek (veral Amerikaanse country-musiek) meer gewild begin word het as tradisionele Afrikaanse musiek. Eweneens is volkspele gesien as ’n “volkseie” Afrikanertradisie, terwyl trompoppies (Europa) en cheerleaders (VSA) ’n buitelandse oorsprong gehad het. Dit blyk ook gereflekteer te wees in die verdwyning van die Volkspelelaer en die gewildheid van die Trompoppies in die vroeë jare negentig. Die Trompoppies, met kort rokkies en ’n meer prikkelende voorkoms, was die teenpool van Volkspele, wat as konserwatief en preuts gesien kon word.

Tog blyk egter dat die uiteindelike heengaan van die Trompoppies niks te doen gehad het met enige morele of sedelike besluit nie. Finansiële oorweging en veranderende voorkeure by studente was die hoofredes waarom die Trompoppies omskep is in die Cheerleaders (Bütow, 1999a:7).

TABEL 11:2

Voorsitter en afrigters van die Trompoppies

Inligting oor die afrigters en voorsitter/hoofleidsters is onvolledig omdat die ontbrekende inligting nêrens in die beskikbare bronne gevind kon word nie.

Jaar	Afrigter	Voorsitter/Hoofleidster	Bron
1976	Johan Aucamp	Moira de Villiers	Anon., 1976h:1; Anon., 1976i:1
1977	Johan Aucamp		Kultuurraad, 1977c:2
1978	Johan Aucamp	Karin de Wet / Riana Delport	Anon., 1978m:3; Anon., 1978n:1
1979	Johan Aucamp	Karin de Wet	Anon., 1979d:56
1980	Johan Aucamp	Karin de Wet	Anon., 1980e:126
1981		Rista Botha	Anon., 1981m:57
1982			
1983		Magdaleen Weber	Weber, 1983
1984			
1985		Verita van Deventer	Van Deventer, 1985
1986			
1987	Belinda Basson	Lizette Prinsloo	Anon., 1987i:1; Trompoppies, 1987
1988		Colleen Cochrane	Cochrane, 1988
1989			
1990	Colleen Cochrane	Minie Cloete	Anon., 1991e; Anon., 1990d:2
1991	Colleen Cochrane		Anon., 1991e
1992	Marteni Frey, Christa Cloete	Lindie Owen	Anon., 1992g
1993	Marteni en Gert-Pieter van der Merwe	Melanie Zitzke	Rousseau, 1993:16; Trompoppies, 1993
1994	Marteni van der Merwe, Christa Cloete		Departement Kultuur, 1994
1995		René Venter	Trompoppies, 1995
1996	Hester Parsons, Yvette Basson, Suzanne van Rooyen		Anon., 1996g:1
1997	Suzanne van Rooyen	Ramona Kruger	Trompoppies, 1997

11.3 Cheerleaders

11.3.1 Historiese ontleding van die Cheerleaders

Nadat die hoë koste om die Trompoppies te laat voorbestaan bo die vuurmaakplek van die Universiteit gestyg het, is dié groep herskep om die Cheerleaders te stig. Bütow verduidelik in sy jaarverslag vir 1999: “Daar is besluit om eerder om te skakel na die konsep van ‘cheer leaders’ wat intussen ook deur ander tersiêre inrigtings gebruik word. Die nuwe konsep is uitstekend deur die studente ondersteun en word nou in die plek van die trompoppies gebruik” (Bütow, 1999a:7).


Die woord “cheerleader” word vertaal met “rasieleier, sangleier of dirigent” wat nie van toepassing is in hierdie konteks nie (Labuschagne *et al.,* 2000). Gevolglik sal die woorde “cheerleader” en “cheerleading” gebruik word om die persone en hul aktiwiteite te bespreek.

Die basiese funksie van “cheerleading” is volgens Hanson “to provide emotional support to an athletic team during competition”, terwyl hulle ook vermaak verskaf aan die toeskouers (Hanson, 1995:120). Dit blyk dat *cheerleading* in die laat 1800’s deur bevoorregte manlike Amerikaanse universiteitstudente begin is, bloot vir hul eie vermaak. Die eerste *cheerleaders* was self atlete wat hulle makkers op die veld aangespoor het. Dus is dit aanvanklik gesien as ’n gesogte manlike aktiwiteit. Later het dit gewild geword in openbare skole, waar mans en meisies daaraan begin meedoen het. Teen die 1950’s was daar meer skoliere en studente in gemiddelde skole en universiteite wat aan *cheerleading* deelgeneem het, as die bevoorregte manlike minderheid. Aangesien meisies meesal nie aan dieselfde sportsoorte as mans deelneem nie, het hulle rol in *cheerleading* hoofsaaklik ondergeskik en ornamenteel geword. ’n Rol wat, volgens Hanson, dikwels aan vroue toegedig is. Die feit dat dit hoofsaaklik meisies is wat in Amerika aan “cheerleading” meedoen het die persepsie versterk. Die mededingende aard van “cheerleading”, soos dit vandag beoefen word het egter toenemend ’n hoë mate van atletiese vaardigheid van ’n “cheerleader” vereis en het ook daartoe meegehelp dat dit as ’n sportsoort erken word (Hanson, 1995:119-122).

’n Inligtingstuk van die UCLA Center for Mental Health in Schools (2009?:5) haal Boyce (2008) aan wat sê:

The sport of cheerleading is here to stay. If it can perhaps be accused of perpetuating stereotypes with its sexualized performance – ‘aesthetic’ standards, revealing costumes, pom-poms – competitive cheerleading also provides an example of American women turning the tables. Cheerleading was originated by men and handed to women in a sort of afterthought. But once it became women’s, it was developed with courage, perseverance, and creativity into something different, competitive cheerleading: women’s own sport for which they struggled and which they are establishing in more and more states as well as internationally.

Die gewildheid wat “cheerleading” in die VSA beleef het, het oorgespoel na Suid-Afrika en onder meer daartoe gelei dat die Cheerleaders van die PU gestig is. Dié sport het gedien as alternatief vir die Trompoppies wat teen 1997 weens hoë koste in sy bestaande vorm nie kon voortgaan nie.



ILLUSTRASIE 11.8
DIE EERSTE GROEP CHEERLEADERS WAS DIÉ VAN 1998. OU KOSTUUMS VAN DIE TROMPOPPIES IS AANGEPAS VIR DIÉ CHEERLEADERS (CLOETE, 2013; CHEERLEADERS, 1998).

Met die omskakeling van die Trompoppies na die Cheerleaders kon verskeie besparings gemaak word. Dit het onder meer ingesluit dat die groep Cheerleaders heelwat kleiner was as die Trompoppies. In hul laaste jaar was daar 35 Trompoppies, terwyl die Cheerleaders tussen 10 en 16 lede gehad het. Die eerste jaar van hulle bestaan, 1998, is ou kostuums van die Trompoppies ook verander sodat die Cheerleaders dit kon gebruik (Cloete, 2013). Dit is aldus Christa Cloete, wat nadat sy voog van die Trompoppies was, ook as voog vir die Cheerleaders opgetree het. *Die Besembos* van 2000 beskryf die jaarlikse program van die Cheerleaders: Hulle het op 31 Januarie begin oefen vir twee optredes by die *sing-songs*, wat op 1 en 3 Februarie plaasgevind het. Op 4 Februarie is die eerstejaars gekeur wat aan die JOOL se optog sou deelneem. Die volgende dag het hulle by die Radebekendstelling opgetree. Op 7 Februarie het hulle in die reën tydens die Tarentaalaand opgetree en van die volgende dag af het die gekeurde eerstejaars hard saam met die “ou hande” geoefen vir JOOL wat op 19 Februarie plaasgevind het. In Maart het die Cheerleaders begin oefen vir die SA’s. Oefening hiervoor was “uitmergelend”. Die Cheerleaders het vir dié kampioenskap ingeskryf as die “Pom-Pom-meisies” omdat hulle nie opstote en piramides in hulle vertoning gehad het nie. Nadat hulle as die wenners van die Noordwes-provinsie aangewys is, het hulle in Potchefstroom aan die Suid-Afrikaanse kampioenskap deelgeneem waar hulle as wenners aangewys is. Ná die wintervakansie het hulle geoefen om ’n vertoning te lewer tydens Mnr en Mej Potch-kompetisie, het tydens die Intervarsity opgetree en aan die Lenteskou deelgeneem. Daar was ook optredes by Gold Reef City en by die Voedsel en Witblitsfees op Bothaville (Anon., 2000b:40).


Die pom-poms wat deur die Cheerleaders gebruik is, is spesiaal van Amerika af ingevoer volgens Cloete. ’n Swakker kwaliteit pom-pom word heeltemal geruïneer as dit nat word, terwyl die Amerikaanse pom-poms in nat weer gebruik kan word. Elke keer voor ’n optrede moes die pom-poms egter opgepomp word (Cloete, 2013).

Die *PUK Gids* van 2000 beskryf die Cheerleaders as “professionele en kleurryke ambassadeurs” van die Universiteit wat gereeld by sportbyeenkomste, skoue en ander feesgeleenthede regoor die Noordwes-provinsie optree (Anon., 2000c:19).

Nadat ’n vorige leier van die Trompoppies en Cheerleaders, Ramona Kruger, die Cheerleaders in 2001 ingelig het dat daar dansers en ekstras benodig word vir die produksie *Grease Stadium Spectacular*, het die lede van die Cheerleaders rolle in dié produksie gekry (Van der Merwe, 2001:3). Dié produksie was die grootste musiekblyspel wat tot nog toe in Suid-Afrika op die planke gebring is en dit is op 27 en 28 April 2001, teen ’n koste van R20 miljoen, in die Johannesburgstadion aangebied. Volgens *Kampusnuus* was die verhoog ses verdiepings hoog, met meer as vier kilometer neonligte en duisende flikkerende ligte (Anon., 2001d:1). “Die PUK-dames het hul verskyning gemaak in liedjies soos ‘Beauty school dropout’ en hulle was ook ekstras in die *finalé*.” Vir die studente was dit ’n groot geleentheid om ervaring op te doen en daar is saam met bekendes gewerk, onder andere Jeremy Mansfield van die destydse radiostasie Highveld Stereo en die sangeres, Yvonne Chakachaka (Van der Merwe, 2001:3).

In ’n ongedateerde brief van die Cheerleaders aan Hannatjie Visagie word gesê dat die Cheerleaders ’n nuwe konsep as sportsoort in Suid-Afrika is, maar dat daar groot verwagting is dat dit in Suid-Afrika ook gewild sal word, aangesien daar in Amerika professionele cheerleaders is. Die sport sou ook dié jaar, 2004, deel van die Olimpiese Spele wees. “Die Cheerleaders moet aan baie streng vereistes by die keurings voldoen. Die sport vereis dat die kandidaat iets weet van aërobiese danse, moderne danse en gimnastiek” (Cheerleaders, 2004?).

Die groep het op verskillende dorpe by feeste, skoue, kroningsgalas en musiekkonserte opgetree. Hulle het ook gereeld opgetree tydens kriekettoetsreekse en atletiekbyeenkomste. Die hoogtepunt was JOOL en Intervarsity. Volgens die 2004-inligtingstuk het hulle ook al nasionale kampioenskappe gewen. By dié geleentheid was hulle standaard so hoog dat die beoordelaars hulle meer as een keer laat optree het. “In 2003 was hulle die wenners van die Standard Bank Kampustalentfees in die kategorie, beweging” (Cheerleaders, 2004?).



ILLUSTRASIE 11.9
DIE CHEERLEADERS HET IN 2003 AAN DIE KAMPUSTALENTFEES DEELGENEEM, WAARNA HIERDIE FOTO VAN HUL VERTONING IN *DIE WAPAD* VERSKYN HET (MACLEZ STUDIO, 2003).

Vanaf 2006 het die Cheerleaders onder die beheer van die NWU-PUK Rugbyinstituut gekom, nadat dié instansie hul grootste borge geword het. Gevolglik sou hulle by meer rugbywedstryde as vroeër opgetree het (Du Plessis, 2006a:2). Mev Christa Cloete, van PUK Kunste, het egter steeds die groep se voog gebly, totdat dit in 2007 ophou bestaan het (Bütow, 2008:2; Anon., 2008b:26).

Die opskrif van die berig, wat in Maart 2006 in *KampusBeeld* aangekondig het dat die Cheerleaders onder die Rugbyinstituut ressorteer, is insiggewend oor die persepsies wat hulle vanuit studentegeledere beleef. Dit lui: “Flinke voordansers meer as net mooi gesiggies” (Du Plessis, 2006a:2). Hierin word die Cheerleaders aangehaal, wat sou sê: “Ons wil die jaar die tradisionele beeld van ’n leë koppie *cheerleader* verander.” Om dit te bewerkstellig sou daar in die Rugbyinstituut se kalender vir dié jaar ’n foto en kort CV van elk van die Cheerleaders verskyn (Du Plessis, 2006a:2).

Teen Augustus het dié persepsie, dat die Cheerleaders voel dat hulle bloot “mooi gesiggies” is, nie gewyk nie. Dit blyk uit gebeure tydens die Cheerleaders se optrede met Intervarsity teen Kovsies in 2006, waaroor weer eens in *KampusBeeld* berig word op 28 Augustus 2006. Die Cheerleaders was ongelukkig oor die Kovsies se organisasie, omdat hulle item tydens pouse glad nie aangekondig is nie. Boonop het ’n groep Kovsie-mans voor die NWU-PUK se Cheerleaders gestaan en hul bewegings probeer namaak. Dit het, volgens die Cheerleaders, veroorsaak dat niemand op die pawiljoene hul vertoning, waaraan hulle ’n maand lank geoefen het, kon sien nie. Hulle het dit ook teen die swak ondersteuning van hul mede-Pukke, wat nie soos die Kovsies se Cheerleaders om hulle groep gestaan het tydens hulle vertoning voor die wedstryd om te keer dat die teenstanders se ondersteuners hulle pla nie. Daar was ook tydens die NWU-PUK Cheerleaders se vertoning geen aanmoediging van die Puk-ondersteuners nie. Die Cheerleaders reken dat dié houding van hul medestudente is as gevolg van die wanpersepsies wat daar oor hulle groep bestaan. Die berig

vervolg: “Jean-Mari [een van die Cheerleaders] sê verder talle studente se persepsies dat die Cheerleader-meisies ‘dom en maklik’ is, is ook heeltemal ongegrond” (Mouton, 2006:4).

Benewens die feit dat die lede van die Cheerleaders “van die moeilikste kursusse” aan die Universiteit studeer, soos “farmasie, aktuarieel, ingenieurswese en regte”, dans talle van hulle sedert skooldae en “ons is in die Cheerleaders, want dit is al waar ons kan dans in Potch” (Mouton, 2006:4).

Terwyl die Cheerleaders steeds bestaan het, word Disfunctional Beat In 2007 gestig. ’n Berig hieroor in *Wapad*, meld pertinent dat studente wat aan dié groep behoort hul liefde vir dans kan uitleef “sonder om aan stereotipering” blootgestel te word (Coetzee, 2007). (Disfunctional Beat word meer volledig beskryf in paragraaf 9.4.2.) Volgens die *PUK Gids* bied dié groep: “’n verskeidenheid dansstyle, hip-hop tot *breakdancing* aan” (Anon., 2007c:26). Hier kon studente dus, wat graag aan ’n dansgroep wou meedoen, aansluit en nie met die vooroordele waarmee die Cheerleaders gesukkel het, gekonfronteer word nie. Die Cheerleaders bly egter nog voortbestaan tot 2008, waarna hul inskrywing uit die *PUK Gids* verdwyn (Anon., 2008b:26).

11.3.2 Besinning oor die waarde van die Cheerleaders

Ten spyte daarvan dat die Cheerleaders in 2000 die nasionale wenner in tydens ’n Suid-Afrikaanse kampioenskap (meer inligting oor die naam en aard van die kampioenskap is nie beskikbaar nie), het dié groep nooit die prestigestatus bereik van die Trompoppies nie.

Heelwaarskynlik was die kort bestaan van die Cheerleaders daaraan toe te skryf dat daar ’n wanpersepsie oor die lede van die Cheerleaders bestaan het, naamlik dat die meisies “dom en maklik” is (Mouton, 2006:4). Anders as in die Amerikaanse kultuur, waar Cheerleaders ’n aanvaarde en verwagte deel van studenteaktiwiteite aan skole en universiteite is, is dit nie die geval in Suid-Afrika nie. Vir die lede van die Cheerleaders wat net graag in ’n dansgroep wou wees, was dit ’n uitdaging om die wanpersepsie uit die weg te ruim. Dit was ’n struikelblok wat nie oorkom kon word nie en die groep het ophou bestaan, toe die skep van die groep Disfunctional Beat vir studente wat graag wou dans ’n tuiste gebied het.

Vervolgens die besinning oor die waarde van Cheerleaders in terme van beeldbou; verryking en vermaak, soos aangedui in paragraaf 1.2.3.

Al het die Cheerleaders nie soos die Trompoppies van meet af die doel gehad om die Universiteit se beeld uit te dra nie, het dié taak tog op hulle skouers gerus weens hulle verbintenis met die Trompoppies en die feit dat enige groep wat voor ’n gehoor optree onder die naam van die Universiteit, beskou sal word as dat dit die “beeld” van die Universiteit uitdra.

Dit blyk egter dat die wanpersepsies wat daar oor “cheerleaders” in die algemeen geheers het, ’n reuseaandeel gehad het om die groep te laat skipbreuk ly en insgelyks ook hulle rol as uitvoerende groep in die beeldbou van die Universiteit ondermyn het.

Die verrykende rol wat die Cheerleaders in die lewens van sy lede gehad het, kan oor die boeg van die beoefening van ’n geliefkoosde stokperdjie – dans – gegooi word. Dit bly egter ’n ope vraag of die lede, wat dit graag wou beklemtoon dat hulle “moeilike kursusse” aan die Universiteit volg, soos ingenieurswese, regte, aktuarieel en farmasie, hulle lidmaatskap van die Cheerleaders op ’n verkorte CV sou invoeg.

Die vermaaklikheidsfaktor van die Cheerleaders is egter glad nie te betwyfel nie. Of die vermaak wat hulle verskaf het – “ons wil graag dans” (Mouton, 2006:4) – op dieselfde wyse deur die toeskouers by die talle sportwedstryde waar hulle opgetree het so gesien is, is nog ’n ope vraag.

Internasionaal staan trompoppies en cheerleaders onder feministiese kritiek. Die Trompoppies is gestig in 1977, die laaste jaar van die rektorstermyn van prof HJJ Bingle. Volgens Van Eeden (2006:5) was daar in Bingle se termyn ’n toename in vroue-akademici aan die Universiteit en ook ’n opmerklike toename in damestudente wat aan die Universiteit ingeskryf het. Feministiese kritiek teen die Trompoppies uit Universiteitsgeledere het nooit dieselfde prominensie geniet as die morele kritiek nie. Die Cheerleaders kon dit egter nie vryspring nie.

Uit populêre menings blyk dit dat deelnemers aan cheerleader-aktiwiteite dit geensins so ervaar nie en aan die aktiwiteite meedoen omdat hulle dit geniet en die deelnemers daaraan voel geensins verneder nie (Quora, 2015). Ashworth (2014) verdedig eweneens die aktiwiteit en reken dat daar heelwaarskynlik ’n kwarteeu gelede seksistiese kritiek teen die aktiwiteite van cheerleaders en trompoppies kon wees, maar dat dit nie nou die geval is nie. *It’s a hobby with a sense of belonging and it does get girls active. And most of all, cheerleading is hard work. See if you can do it. Try a dozen star jumps from a crouched down position, twizzle in the air and chant at the top of your voice at the same time. Unless you go to the gym more than every now and then, I bet you can’t do it* (Ashworth, 2014).

Moodley kom in haar meestersgraadstudie met die titel *The person image of the drum majorette,* tot die gevolgtrekking (wat so uiteengesit word in die Afrikaanse opsomming in haar verhandeling): *Die studie het aan die lig gebring dat die trompoppie se verhouding met beduidende ander gunstig, positief en belonend is en dat die trompoppie oor die algemeen ’n positiewe selfbeeld het. Ongunstige belewinge kan moontlik die trompoppie se selfbeeldontwikkeling rem. Verhoudings in die*

leefwêreld van die trompoppie kan moontlik ’n invloed op die persoon-beeld hê. Die beoefening van hierdie sportsoort verskaf aan die trompoppie 'n verskeidenheid belewinge wat sosialisering positief kan beïnvloed (Moodley, 2000:vii).

Die Cheerleaders is gestig om studente wat graag aan ’n dansaktiwiteit wou deelneem, die geleentheid te bied om dit te doen. Uiteindelik het die seksistiese kritiek wat die groep beleef het, gehelp om tot die ontbinding daarvan aanleiding te gee.

11.4 Enkele ander groepe

Inaggenome die afbakening van die beperkings vir hierdie studie, naamlik: “Uitvoerende studentegroepe wat bestaan het uit ingeskrewe studente van die PU vir CHO en NWU-PUK, maar nie as liggame onder die Kultuurraad en later die Kunsteraad gepatroneer is nie, word ook uitgesluit van hierdie studie” (kyk na 1.6.4.) word sekere uitvoerende groepe wat vroeër bestaan het, uitgesluit.

Daar is egter enkele groepe wat deur Bütow en sy personeel bygestaan is in hulle aktiwiteite en dien hier kortliks vermeld te word.

11.4.1 Gaudium

Die groep Gaudium is in 1980 deur ds Mike van Tonder, leraar van die studentegemeente van die NG Kerk, gestig om fondse in te samel vir teologiese studente van die dié kerk. Bütow berig in 1981 oor hulle: “Die studente van die groep (admissiestudente) bring jaarliks ’n vertoning op die planke waarmee hulle ’n toer onderneem om fondse vir die Teologiese kas in te samel” (Bütow, 1981a:5). Die groep het in 1983 alle bande met die Studenteraad verbreek en het slegs onder die direkte beskerming van die studentegemeente van die NG Kerk gefunksioneer (Bütow, 1983a:10). Dié jaar resenseer *Die Wapad* die groep se optrede in die Ouditorium en beskou dit “matig tot flou” (Anon., 1983o:9).

Na etlike jare van stilte herleef Gaudium in 1996 in die vorm van ’n jeugspan van die kerk en tree op tydens kampe. Die groep se orkes doen ook begeleiding van lofprysing en aanbidding tydens jeugbyeenkomste en kampe. In 1997 word die naam verander na die Agapé-sanggroep (Engelbrecht, 1996:13; Van Vuuren, 1997:17).

11.4.2 Varia

Varia was die revuegroep van die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO. Die groep is in 1982 gestig en het in 1983 die eerste keer opgetree. Varia het onder leiding van mev Hannie Human gestaan. Mev Human was ’n musiekpedagoog en het ook opleiding in ballet en klopdanse gehad. Die

groep het jaarliks Potchefstroom besoek en in die Ouditorium opgetree. Alhoewel Bütow se kantoor nie die groep so intensief ondersteun het as die studentegroepe van Potchefstroom nie, is daar wel by hom aangeklop vir raad en leiding. Dit blyk dat Varia tot ongeveer 1989 bestaan het (Human, 1983; Anon., 1988o:38).

11.4.3 Momento

Die Potchefstroomse Onderwyskollege (POK) is in 2002 by die Potchefstroomse Universiteit geïnkorporeer (Van Eeden, 2006:43). Momento was ’n “konsertdansproduksie” van POK, wat na die inkorporasie nes die ander uitvoerende studentegroepe van die Universiteit onder die beskerming van die Departement Kultuur gestaan het. Die groep kon egter finansieel nie die mas opkom nie en het in 2004 ophou bestaan (Bütow, 2002a:4 ; Bütow, 2004a:3).

11.5 Ten slotte

Hiermee word daar aan die einde gekom wat betref die uitvoerende studentegroepe van die Universiteit. Daar het ’n wye verskeidenheid uitvoerende studentegroepe aan die Universiteit bestaan. Sommige het vir dekades oorleef en bestaan steeds, terwyl ander vir ’n tyd lank roem beleef het en daarna tot niet gegaan het. Die aandeel van die Kultuurkantoor, wat later gegroei het tot NWU-PUK Kunste, aan die voortbestaan en sukses van dié groepe word vervolgens bespreek.

HOOFSTUK 12
Vanaf die Kultuurkantoor tot PUK Kunste

12.1 Inleiding

In voorafgaande hoofstukke is die kunskulturele studenteaktiwiteite binne die verband van talle verenigings wat by die Studenteraad gepatroneer is, beskryf. Dit is egter nie al kunskulturele studenteaktiwiteite wat aan die Universiteit plaasgevind het nie. Met Bütow se aanstelling en die ontstaan van die Kultuurkantoor, wat gegroei het tot PUK Kunste, het daar ’n simbiotiese verhouding tussen Bütow se kantoor en die ABKK, later Kultuurraad, later SR Kunsteraad ontstaan. Gevolglik kan die aktiwiteite van dié twee instansies nie geskei word nie, aangesien projekte hoofsaaklik deur die een of hoofsaaklik deur die ander aangebied is, maar meesal was daar samewerking.

In 1998 gee Haddad Viljoen van *Wapad* ’n beskrywing van die funksionering van kunskulturele studenteaktiwiteite aan die Universiteit: “Daar is twee harte van Puk-kultuur wat die bloed aan die pomp hou. Die eerste word gevind in die Heimat-gebou. Hier is die Departement Kultuur gesetel. . . Die Kultuurraad van die Studenteraad (die ander hart) vorm die kern van studente se georganiseerde kultuurlewe” (Viljoen, 1998d:6). Soos in paragraaf 2.2 uiteengesit, is kunskulturele aktiwiteite van vroeg af hoofsaaklik geïnisieer deur die studente. Vanaf 1945 is die kunskulturele verenigings georganiseer onder die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur, wat later die Kultuurraad geword het en uiteindelik as die Kunsteraad bekendstaan (kyk na paragraaf 2.2.2). Die unieke verbintenis tussen Bütow se kantoor, later PUK Kunste en die ABKK, later die Kunsteraad, algaande al hoe sterker gegroei en in 2008 beskryf Bütow dit as ’n “vennootskap” (Anon., 2008b:25).

Inaggenome die moeilike bestaan wat talle uitvoerende groepe gevoer het voor die totstandkoming van die Kultuurkantoor onder beheer van Horst Bütow en die sukses wat talle groepe daarna beleef het om nasionaal en selfs internasionaal bekend te word, kan die rol wat die Kultuurkantoor, later Departement Kultuur en uiteindelik NWU-PUK Kunste, gehad het in die sukses van dié groepe nie oor die hoof gesien word nie.

Die aanvanklike intensie van die Universiteit was egter dat die studenteadviseur: kultuur ’n wyer taak het as bloot om net as hulp vir studentegroepe op te tree. Ten einde egter te poog om te hou by die fokus van hierdie studie, naamlik “’n Historiese ontleding van en besinning oor die kunskulturele studenteaktiwiteite aan die PU vir CHO en NWU-PUK, 1980 – 2014” sal aktiwiteite van Bütow se kantoor, later NWU-PUK Kunste, wat nie direk met “kunskulturele studenteaktiwiteite” verband hou nie, slegs oorsigtelik behandel word. Hierdie hoofstuk bevat ’n historiese ontleding van die ontwikkeling van die Kultuurkantoor tot by NWU-PUK Kunste (paragraaf 12.2), asook fasiliteite

instrumenteel in die bevordering van kunskulturele studenteaktiwiteite en wat onder die beheer van NWU-PUK Kunste staan (paragraaf 12.5).

Hoofstuk 13 handel oor projekte wat deur die Kultuurkantoor geïnisieer en ondersteun is ten einde kunskulturele studenteaktiwiteite te bevorder.

'n Belangrike aspek van Bütow se opdrag by sy aanstelling was kultuurbevordering, wyer as bloot die Universiteit en sy studente (PU vir CHO, 1979a:1; Bütow, 1980c:1). Aangeleenthede wat hiermee verband hou sal in hoofstuk 14 bespreek word.

12.2 Historiese ontleding van die ontwikkeling van die Kultuurkantoor tot by NWU-PUK Kunste

12.2.1 Ontstaan van die Kultuurkantoor

Die "Kultuurkantoor" was aanvanklik nie 'n amptelike kantoor of eenheid nie, maar is die naam wat die kantoor van Horst Bütow, studenteadviseur: kultuur, gekry het, kort na sy aanstelling (Bütow, 1980a:1; Anon., 1990e; Anon., 1992a:1).

So vroeg as 1963 is die moontlikheid al geopper dat "'n direkteur van kulturele aangeleenthede" aangestel word om te help met die werksaamhede van die ABKK (Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur – 'n onderliggaam van die Studenteraad) en ook om te help met skakeling na buite (De Villiers, 1963).

Daarna het die Kultuurraad in 1978 die behoefte uitgespreek om die organisering van kultuuraktiwiteite op 'n meer gestruktureerde basis te bring en op 29 Maart is die volgende voorstel gemaak:
Dat (1) die Kultuurraad 'n behoefte het na die instelling van 'n kultuurinstituut op die kampus van die PU vir CHO. (2) aangesien ons voel dat ons 'n roeping het om ook ons kultuur uit te bou, die organisasie van kultuur op hierdie kampus meer vaartbelynd en funksioneel deur so 'n instituut gemaak kan word (Kultuurraad, 1978b:1).

Ten tye van hierdie voorstel van die Kultuurraad, was daar reeds 'n kultuurbeampte by die Randse Afrikaanse Universiteit, die eerste so pos van hierdie aard aan 'n universiteit in Suid-Afrika. Horst Peter Bütow, oud-Puk en voormalige voorsitter van Alabama, is in 1977 in dié pos aangestel nadat die Kultuurkantoor aldaar reeds in 1976 geskep is (Anon., 1990e). Teen September 1979 notuleer die Beheerkomitee van die Studentesentrum:

Die moontlike benoeming van 'n studenteadviseur (Kultuuraangeleenthede) en 'n studenteadviseur (Finansies) met ook die Studentesentrum as werkterrein geniet tans aandag. Die Beheerkomitee van

die SS het 'n memorandum onder oë gehad waarin die wenslikheid van 'n verantwoordelike persoon vir die Ouditorium gemotiveer word. Een van sy take is só uiteengesit: (Hy moet) sorg dat die Ouditorium gedurig 'n aktiewe rol speel in die kultuurlewe van die Universiteit en die plaaslike gemeenskap, met ander woorde organiseer binne- sowel as buite kunstenaars wat hier sal optree. (PU vir CHO, 1979d:1).

Dit was dus die opening van die Studentesentrum en die groterwordende behoeftes van die studente, wat hoofsaaklik aanleiding gegee het tot die besluit om 'n studenteadviseur: kultuur aan te stel. *In U Lig* vervolg: "Daarom is die Departement Kultuur in 1980 as deel van die Studenteburo en parallel met die Sportburo op die been gebring (Van Eeden *et al.,* 2006:283).

Die Studenteburo is in 1979 tot stand gebring onder voorsitterskap van prof Gert Scholtz, met mnr Joggie Hattingh as studenteadviseur. Die Studenteburo het aanvanklik 'n tweeledige doel gehad: "om enersyds die student positief te motiveer om die beeld van die Universiteit dinamies na buite uit te dra en andersyds om in diens van die studentegemeenskap al die fasiliteite tot die Puk-student se beskikking tot sy voordeel te koördineer" (Anon., 1979e:2).

12.2.2 Doel en taak

As "studenteadviseur: kultuur" het Bütow se doel en taak nou verband gehou met die siening wat die Universiteit van sy kultuurtaak gehad het, soos bespreek in paragraaf 2.5: "Kunskulturele studentebedrywighede: kuns of kultuur?"

Bütow lewer drie maande na sy aanstelling aan die einde van April 1980 verslag en sê onder meer dat daar enkele faktore is wat essensieel is vir die voortgesette groei van alle kultuuraktiwiteite:

a) *Die skakeling en die handhaaf van goeie verhoudinge met die Studenteraad;*
b) *Die skakeling met departemente van die Universiteit veral op kulturele gebied (bv. Spraakleer en Drama);*
c) *Die skakeling na buite, hoofsaaklik vanweë die gebruik van die Ouditorium; en*
d) *Skakeling met alle studente-kultuurliggame* (Bütow, 1980c:1).

In sy verslag vir die tydperk April 1982 tot Februarie 1983 skryf Bütow: "'Onvoorwaardelik Christelik en onbeskaamd Afrikaans'. Die diepliggende beginsel word in alle werksaamhede van die kultuurkantoor aanvaar en as boodskap uitgedra" (Bütow, 1983d:3, 4).

Teen 1990 het die Kultuurkantoor sy taak meer breedvoerig gesien as in 1980 met sy totstandkoming en dit word verwoord in 'n *Kampusnuus*-artikel oor die Kantoor wat dié jaar, met sy 10-jarige bestaan, verskyn:

Die taak van die Kultuurkantoor word in baie nou samehang met die Missie van die Universiteit gesien: die totale vorming van die student; die toerusting van studente met vaardighede en houdings; en diens aan die gemeenskap. Studente kry die geleentheid om kultuur in 'n wye sin te ervaar deur aanbiedings en projekte; hulle word opgelei in kultuurorganisasie deur betrokkenheid by verenigings en hulp in die Ouditorium en die Kultuurkantoor en die Ouditorium word aan die gemeenskap beskikbaar gestel – benewens die aanbiedinge waarin die gemeenskap ook deel.

Die Kultuurkantoor sien sy taak as kultuuropvoeder en -bevorderaar as tot beskikking van alle studente. Elke student moet die geleentheid kan hê om deel te neem; in te neem en saam te neem (Anon., 1990e).

Waarskynlik die mees omvattende uiteensetting van die Departement Kultuur se missie en doelstellings verskyn in 'n ongedateerde dokument wat ongeveer 1995 saamgestel is. Hierin word die missie en doelstellings as volg verwoord:

Die Departement Kultuur streef na die kulturele toerusting en vorming van die student as totale mens, toegerus met vaardighede, denke en houdings, met inagneming van die aktuele en relevante eise van die tyd. Dit is ook sy taak, rol en plek om binne die raamwerk van die karakter van die Universiteit en sy missie, kulturele aktiwiteite optimaal uit te bou en te bevorder, sodat in die eerste plek sy studente, maar ook sy personeel en die gemeenskap van die omgewing daarin kan deel.

Die Departement se breë doelstellings kan kortliks onder die volgende ses hoofpunte saamgevat word:

1. *Om kulturele aktiwiteite as integrale deel van die studentelewe uit te bou en in die regte perspektief in die studentelewe te plaas.*
2. *Om die kulturele betrokkenheid in die vorming van gebalanseerde studente aan te moedig en te ondersteun; en om 'n kerngesonde en gebalanseerde kultuurlewe vir sy studente en personeel te handhaaf, te inisieer en uit te bou.*
3. *Om, gesien in die diversiteit van die Universiteit se studentekorps, spesifiek aandag te skenk aan die breë spektrum van kuns- en kultuurbehoeftes van sy studente.*
4. *Om die kulturele aktiwiteite en die betrokke fasiliteite aan die gemeenskap beskikbaar en bekend te stel om deelname, ondersteuning en meelewing aan te moedig, sodat daardeur die kulturele welsyn van die Universiteit bevorder kan word.*
5. *Om sy kennis en ervaring op kuns en kulturele gebied wyer beskikbaar te stel (ook aan die staat en plaaslike regering), veral in die provinsie waarin die Universiteit geleë is.*
6. *Om internasionale skakeling op die kuns en kulturele gebied te bewerkstellig sodat die Universiteit nie in isolasie funksioneer nie* (Anon., 1995c?:1).

In 2000 stel die *PUK Gids* dit kort en bondig dat die doelstelling van die Departement Kultuur is “om ’n gesonde kultuurlewe op die kampus te bevorder” (Anon., 2000c:19). Teen 2004 word hierby gevoeg: “Dit behartig hoofsaaklik nie-akademiese aspekte van kuns en kultuur en funksioneer onder andere as ’n vennoot van die Kultuurraad van die Studenteraad. Die Departement is ook die tuiste van die sogenaamde ‘toergroepe’ – studenteverenigings wat onder die Studenteraad geaffilieer is en op die uitvoerende kunste fokus” (Anon., 2004c:23).

12.2.3 Personeel

Bütow se eerste administratiewe assistent was mev Christa Cloete, wat dié pos tot in 2014 beklee het, die jaar waarin sy afgetree het (Cloete, 2013). Ander personeellede in die kantoor was die studenteadviseur: finansies, HJ (Hennie) Botha en Jans Jonker, musiekregisseur van Alabama.



ILLUSTRASIE 12.1
DIE PERSONEEL WAT IN 1981 AAN DIE STUDENTEBURO VERBONDE WAS. HULLE IS (VOOR) MEV SAP ROSSOUW (SEKRETARESSE), MEV C CLOETE (SEKRETARESSE), PROF BJ DE KLERK (DIREKTEUR), MEV AJE DUPPER (SENIOR ADMINISTRATIEWE ASSISTENT), MEJ MSF VAN DER WALT (SENIOR ADMINISTRATIEWE BEAMPTE). AGTER: MNRE PSB WESSELS (TEGNIESE BESTUURDER OUDITORIUM), JP AUCAMP (ORGANISEERDER BOND VAN OUD-PUKKE), MG GIBBS (OPVOEDKUNDIGE ADVISEUR), HN KOTZEE (STUDENTEADVISEUR: VOORLIGTING), MEV SAM YSSEL (SEKRETARESSE), MNRE AJ VAN DER WALT (SENIOR OPVOEDKUNDIGE ADVISEUR), HP BÜTOW (STUDENTEADVISEUR: KULTUUR), JL V A DU PREEZ (OPVOEDKUNDIGE ADVISEUR) EN HJ BOTHA (STUDENTEADVISEUR: FINANSIES). JW JONKER (ORGANISEERDER ALABAMA) WAS AFWESIG (ANON., 1981N:8).

Bütow is aangestel in die Studenteburo met die direkteur, prof BJ de Klerk, as sy onmiddellike hoof (Anon., 1981n:8). Ander personeel in die Studenteburo het, benewens administratiewe personeel, ingesluit die opvoedkundige adviseurs, die organiseerder van die Bond van Oud-Pukke en die studenteadviseur: finansies.

Tydens die laaste vergadering wat deur prof De Klerk bygewoon is, as direkteur van die Studenteburo, word genotuleer: “Prof De Klerk het die Studenteburo opgebou en van die Universiteit se kant kom groot dank en waardering vir die grondleggingswerk. In ’n kort tydperk het

hy die Buro gestruktureerd en met ’n beleid hier agtergelaat, ’n monument wat van betekenis is in die geskiedenis van die Universiteit (Studenteburo Beheerkomitee, 1984:1).

Nadat mnr Paul Wessels in 1979 aangestel is as tegniese bestuurder van die Ouditorium, tree hy in 1984 uit diens uit en word mnr JA (Riaan) van der Walt op 1 Maart aangestel as tegniese bestuurder/ studenteadviseur: kultuur. Bütow reken dat dié aanstelling “’n groot leemte” gevul het (Bütow, 1980a:5; Bütow, 1984c:9). Bütow berig in sy verslag vir April tot Desember 1984: “Die aanstelling van mnr JA van der Walt verdien hier ook besondere melding omdat hy alle take met ywer aanpak en suksesvol afhandel.”



ILLUSTRASIE 12.2
DIE PERSONEEL VAN NWU-PUK KUNSTE IN 2014: VOOR IS PAUL KHUMALO, BESTUURDER OUDITORIUM, ERIK NAUDÉ EN DIEDERIK DISEKO, TEGNIESE ASSISTENTE. IN DIE MIDDEL SIT CHRISTINA NAURATTEL, KURATOR NWU-PUK KUNSVERSAMELING, PEET RYKE, BESTUURDER: KUNSTE, HORST BÜTOW, DIREKTEUR PUK-KUNSTE, CHRISTA CLOETE, ADMINISTRATIEWE ASSISTENT EN PIETER DE BRUIN VAN DIE ARTÉMA OPNAME-ATELJEE. AGTER IS CHRIS DE BRUYN VAN DIE ARTÉMA INSTITUUT VIR KUNSTEBESTUUR EN -ONTWIKKELING, LUZANNE VELDSMAN, ADMINISTRATIEWE ASSISTENT, ALANKA CRAFFERT, ADMINISTRATIEWE ASSISTENT, KOBUS VENTER, DIRIGENT NWU-PUK KOOR EN GLENN CUNNIFF VAN ALABAMA PRODUKSIES (CUNNIFF, 2014A).

Ten opsigte van die res van die personeel, sê hy: “Die personeel spits hulle in besonder toe op hoë produktiwiteit” (Bütow, 1984f:6). Van der Walt bedank teen die einde van 1989 (Bütow, 1989a:1). PAJ (Peet) Ryke is op 1 Desember 1989 in sy plek aangestel (Ryke, 2014a). Me Idah Sontjane (administrasie) is in 1986 aangestel. Sy was onder meer gemoeid met die verkoop van kaartjies en was gewild onder die studente. Toe sy in Augustus 2003 op 39-jarige ouderdom onverwags aan

longontsteking oorlede is, beskryf Bütow dit in sy jaarverslag as “tragies” (Bütow, 2003a:35; Lerm, 2003:2).

Benewens dienswerkers, is die koorleier van die PU-Koor, Awie van Wyk deels in 1993 aangestel in die Departement Kultuur as koorleier, terwyl hy in 1996 geheel en al van sy doseeropdrag by die Departement Musiek onthef is (Bütow, 1995d:1; Schutte, 1996).

Herstrukturering aan die personeelstruktuur het ook in 2002 plaasgevind toe Cloete se pos tot ’n halfdagpos afgeskaal is (Bütow, 2002a:4). Aan die einde 2003 is Chris de Bruyn aangestel as bestuurder vir die pasgestigte Instituut vir Kunstebestuur en Ontwikkeling, wat later as Artéma bekendstaan (Bütow, 2003a:5). Die Artéma Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling word in paragraaf 13.4.5 bespreek.

Teen 2014 het die NWU-PUK Kunste ’n personeelkorps van 13 gehad. Benewens Bütow, Ryke, Pieter de Bruin en Kobus Venter, wat reeds gemeld is, het die personeel bestaan uit Paul Khumalo, bestuurder van die Sanlam-Ouditorium, Christina Naurattel, kurator van die NWU-PUK Kunsversameling, Chris de Bruyn van die Artéma Instituut vir Kunstebestuur, Luzanne Veldsman en Alanka Craffert (administratiewe assistente), Glenn Cunniff van Alabama Produksies en enkele tegniese assistente (Cunniff, 2014a).

12.2.3.1 Horst Peter Bütow – ’n kort biografie

Horst Peter Bütow is op 31 Desember 1949 in Windhoek in die destydse Suidwes-Afrika gebore. Hier het sy vader ’n winkel, Geschenkhaus Bütow, besit, teen 2014 in besit van sy suster, maar wel in Swakopmund. Alhoewel sy ouers nie musikaal was nie, het hy en sy twee broers al drie in orkeste gespeel. Bütow het in 1968 matrikuleer aan die Deutsche Höhere Privatschule, waar hy hoofseun was. Op skool was hy die dromspeler van ’n orkes, die Domino’s, en was lid van die Windhoek Kinderkoor. Dié koor het die eerste plaatopname gemaak van die “Suidweslied”. Na skool was hy in die Suid-Afrikaanse Leër en op Heidelberg gestasioneer, waar hy ’n lid van die orkes onder leiding van oud-Puk, Weiss Doubell, was (Bütow, 2014a; Bütow, 2013c:2).

Sy eerste kennismaking met die PU vir CHO was in dié jaar, 1969, toe die Universiteit sy eeufees gevier het. Die Heidelbergse Leërorkes het tydens dié vieringe opgetree (Teologiese Skool, 1969.) Ná hul optrede het die lede op die kampus rondgestap. Volgens Bütow het hy musiek in die Totiussaal gehoor en deur die venster gekyk en gesien hoe studente dans en sing, wat heelwaarskynlik ’n Alabama-oefening was. Bütow vervolg: “Ek wou met alle mag en geweld bly en by hulle aansluit.” Terug in Heidelberg het hy met Doubell se toestemming weer die PU besoek, waar hy ingeskryf het vir die Regsdiploma (Bütow, 2014a).

Hy was vanaf sy eerste jaar lid van die Alabama Studentegeselskap en in 1973 en 1974 voorsitter van dié geselskap (Van der Walt, 1993:23). Met Bütow as voorsitter het Alabama sy eerste toer sedert 1959 na Suidwes-Afrika onderneem. Dit was dus die eerste keer dat Alabama met sy revuestyl-program dié gebied besoek het.

Bütow het op 1 Februarie 1980 diens aanvaar as studenteadviseur: kultuur aan die PU vir CHO. In 1989 is hy bevorder tot senior studenteadviseur: kultuur en met die totstandkoming van die Departement Kultuur in 1991 het hy departementshoof daarvan geword. Met die totstandkoming van PUK Kunste in 2009 het hy direkteur geword

Volgens sy Curriculum Vitae het hy benewens sy betrekking aan die Universiteit in verskeie organisasies die volgende ampte beklee:

** Benoem as lid van die Streeksraad vir Kultuursake (1984)*
** Voorsitter van die Nasionale Kuesta Koorvereniging*
**Voorsitter van die Potchefstroom-tak van die Suid-Afrikaans Duitse Kultuurvereniging (SADK)*
** Voorsitter van die nasionale vereniging van kultuurbeamptes van tersiêre inrigtings*
** Voorsitter van die restourasiekomitee van die Berlynse Sendingkerk van Potchefstroom*
** Voorsitter van die komitee vir die ontwikkeling van opvoedkundige kampterreine vir die jeug van die Streeksraad vir Kultuursake*
** Konvenor van die tussentydse komitee van die Kuns- en Kultuurraad van die Noordwes-provinsie vir die voorbereiding en skryf van die Wet op Kuns en Kultuur vir die provinsie* (Bütow, 2013c).

Sy betrokkenheid by provinsiale, nasionale en internasionale kultuurliggame het die volgende behels:

** Lid van die eerste bestuur van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging*
** Mede-inisieerder saam met die ANAC en ACAC vir die daarstelling van ’n Interim Kuns- en Kultuurraad vir die Noordwes-provinsie*
** Gekose lid van die Interim Kuns- en Kultuurraad van die Noordwes-provinsie*
** Aangestel deur die LUR van die Noordwes-provinsie op die TRUK-skakelkomitee vir transformasie*
** Aangestel deur die Minister vir Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie op die TRUK-raad.*
** Gekies as uitvoerende lid van die TRUK-raad*
** Lid van die Nasionale Kunsteraad as verteenwoordiger van die Noordwes-provinsie*
** Aangestel deur die LUR as voorsitter van die Noordwes Kunsteraad*
** Aangestel deur die LUR as voorsitter van die Mmabana Cultural Foundation*
** Gekies as visevoorsitter van die Provinsiale Kuns- en Kultuurraad*
** Gekies as lid van die plaaslike Kunste en Kultuurraad van die groter Potchefstroom.*

** Aangestel deur die LUR as 'n direkteur van die raad van die Mmabana Foundation*
** Visevoorsitter van die raad van die Mmabana Foundation en lid van die ouditkomitee* (Bütow, 2013c).

Bütow (2013c) is die outeur van 'n vyftal boeke wat verband hou met kuns en kultuur. Dit sluit in *Community Arts Administration and Management in South Africa* (2001), *Arts Administration and Management in South Africa today* (2002), *Entrepreneurship in the Arts* (2005), *Sold out . . . no more tickets* (2008) en *Board directors or paper pushers – practical guide for directors of boards of non-profit organisations* (2008).

Bütow se waarde is terdeë deur die Universiteit besef, soos blyk uit 'n kompliment vir Bütow se talente wat in 1992 vanaf die rektor van die Universiteit van Pretoria, prof Flip Smit, kom. In 'n brief aan die rektor van die PU, prof Carools Reinecke, voeg hy in sy eie handskrif by: "Carools, jou koor en veral jou koorleier en persone soos Bütow het my werklik beïndruk" (Smit, 1992).

Volgens Bütow het hy oor die jare verskeie aanbiedings gekry om elders te gaan werk. "Ek dink die mees aanloklikste aanbod was van president Lucas Mangope van Bophuthatswana as uitvoerende bestuurder van die Bophuthatswana Arts Council, later die North-West Arts Council. Dis die een wat ek die meeste oor gewik en geweeg het, maar ek het altyd gevoel my werk hier is nie klaar nie" (Bütow, 2014a).

Oor jare het Bütow heelwat ontsag ingeboesem by veral die studente met wie hy te doen gekry het. Bütow se kommentaar daarop is: "Ek glo iets is of reg of verkeerd. Ons doen iets ordentlik of ons los dit." Hy voeg ook by: "Ek kom uit 'n Duitse familie en het 'n baie moeilike pa gehad." Verder verduidelik hy dat in die kuns- en kultuurbedryf het elkeen 'n ander idee en mens moet die leisels bymekaar hou. Ook: "As jy droogmaak, gaan jy van my hoor" (Bütow, 2014a).

Tog is die sukses wat Bütow behaal het, duidelik. Riaan van der Walt, wat van 1984 tot 1989 Ouditoriumbestuurder was, vertel dat die studente daardie jare van Bütow gepraat het as "die Duister", 'n sinspeling op sy Duitse agtergrond, maar ook omdat hulle vir hom ontsag gehad het. "Hy was baie streng," sê Riaan, "maar baie oop vir vernuwing. Hy gee vir hulle die kanse om 'n ding te doen. Hy het die vermoë om die studente te laat dink, hulle het die goed uitgedink. Op 'n manier het hy die studente gekry om te doen wat hy wou gehad het hulle moes doen en dan dink hulle dis hulle idee" (Van der Walt, 2014).



ILLUSTRASIE 12.3
PEET RYKE IS IN DESEMBER 1989 AANGESTEL AS STUDENTEADVISEUR: KULTUUR EN IS TEEN 2014 BESTUURDER BY NWU-PUK KUNSTE. HIERDIE FOTO VAN HOM IS GENEEM TYDENS DIE KOOR SE BESOEK AAN BRUSSEL, BELGIË IN JULIE 2014 (VAN EEDEN *ET AL.*, 2006:281; DU TOIT, 2014).



ILLUSTRASIE 12.4
HORST PETER BÜTOW IS IN 1980 AANGESTEL AS STUDENTEADVISEUR: KULTUUR. HIERDIE FOTO VAN HOM HET DIESELFDE JAAR IN *DIE BESEMBOS* VERSKYN (FOTOKUNS, 1980c:132).

12.2.3.2 Peet Ryke – ’n kort biografie

Peet Ryke is ’n gebore Potchefstromer, wie se oupa ’n kabinetmaker was wat onder meer verantwoordelik was vir die houtwerk in die ou Fisika-gebou. Sy pa, prof Pieter Ryke, was jare lank aan die Departement Dierkunde verbonde. Peet het in 1972 as eerstejaar aan die PU ingeskryf en in sy pa se voetspore gevolg deur Dierkunde te studeer. Na die BSc-graad het hy ’n meestersgraad in Dieregenetika verwerf (Ryke, 2014a).

Peet se ma, mev Corrie Ryke, was in die sewentigerjare betrokke by ’n projek om ’n eie teater vir Potchefstroom op te rig (Ryke, 2014a).

Hy het in Julie 1972 ’n lid van Alabama geword toe die groep se fluitspeler daardie jaar nie kon saamtoer nie. Ryke het by die SAUK Junior Simfonieorkes bedank en saam met Alabama gaan toer. Daarna was hy in 1975 en 1976 voorsitter van Alabama en het onder meer dié groep se toer na Rhodesië in 1975 gereël. Hy was vanaf 1972 vir 10 jaar lid van Alabama (Ryke, 2014a).

Na die verwerwing van die meestersgraad het hy op 1 Desember studenteadviseur: kultuur en bestuurder van die Ouditorium geword (Ryke, 2014a).

Ryke se toewyding aan sy taak blyk uit Bütow se opmerking in sy jaarverslag, na die geslaagde toer van die Koor in 1993 na Europa: “Hier word graag vermeld dat die besondere en onbaatsugtige bydrae deur mnr PAJ Ryke van die Departement Kultuur ’n groot invloed gehad het op die sukses van


die toer" (Bütow, 1993a:1). Die waardering wat die Koor het vir Ryke se bydrae tot hulle sukses, blyk daaruit dat Ryke en sy vrou, Elma, jaar na jaar in die Koor se program bedank word vir hul bydrae tot die administrasie van die Koor en daar word telkemale gesê: "Julle is van onskatbare waarde!" (PU-Koor, 2006)

Ryke se eggenoot is prof Elma Ryke, wat verbonde is aan die Departement Maatskaplike Werk in die Skool vir Psigososiale en Gedragswetenskappe van die NWU, Potchefstroomkampus.

12.2.4 Huisvesting van PUK Kunste en sy voorgangers

12.2.4.1 Studentesentrum

Die opening van die Studentesentrum het nou verband gehou met Bütow se aanstelling. Die historiese ontleding van die Studentesentrum word in paragraaf 12.5, wat handel oor die fasiliteite wat deur die NWU-PUK Kunste bestuur word, gevind. Bütow se kantoor is ingerig in die Studentesentrum in die ruimte onder die Ouditorium. Die plasing van sy kantoor hier was vir die Beheerkomitee van die Studentesentrum van belang, "sodat hy in nou voeling met die studente kan wees" (PU vir CHO, 1979d:1). Mev Christa Cloete, Hennie Botha en Jans Jonker se kantore was in dieselfde ruimte.



ILLUSTRASIE 12.5 MEV CHRISTA CLOETE SE KANTOOR IN DIE RUIMTE ONDER DIE OUDITORIUM. VOLGENS CLOETE IS DIE FOTO IN 1988 GENEEM TOE HULLE BESIG WAS MET REËLINGS VIR DAARDIE JAAR SE ALABAMA-REÜNIE (CLOETE, 2013; BÜTOW, 1988B).

Teen 1993 was die ruimte vir die groterwordende personeel knap en is 'n dringende versoek met lokaalbehoeftes aan die Bestuurskomitee voorgelê. Dit is in beginsel goedgekeur, maar kon nie uitgevoer word nie, weens 'n gebrek aan fondse. In 1995 stel Bütow, in samewerking met sy personeel, 'n motivering op om die lokaalbehoeftes uit te spel. Hierin word genoem dat kantoorruimte vir Awie van Wyk benodig word, wat sedert 1993 by die Departement Kultuur aangesluit het. Voorts moet 'n ruimte gevind word vir die 21 studentepersoneel wat die

Departement gereeld bystaan. Boonop is die klankateljee so klein dat daar alleenlik solo-opnames en klankbane opgeneem kan word. Die ateljee is die enigste van sy soort in die omgewing en lewer ’n diens wat al hoe meer gewild word. ’n Groter ateljee sou ’n groter inkomste vir die Departement beteken. Voorts is daar ook ’n behoefte aan ’n komiteekamer vir die Departement, oefenlokale vir die verskeie konsertgroepe, terwyl Alabama en die Universiteitskoor elk ’n kantoor bergruimte benodig. Die verslag pleit dat die Heimat-gebou vir die Departement beskikbaar gestel word. Een van die redes waarom die gebou geskik is, word só omskryf: “Die kultureel-estetiese aspek van die gebou self. Die aansig, historiese aspek en die feit dat dit ’n nasionale gedenkwaardigheid is, maak die huisvesting van die Universiteit se Departement Kultuur daar hoogs gepas” (Bütow, 1995d:3).

12.2.4.1 Heimat

Bütow se pleidooi om die Heimat-gebou te betrek was suksesvol, want in 1996 berig Bütow in sy jaarverslag dat die Departement, na 16 jaar in sy vorige kantoorruimte, na Heimat verhuis het (Bütow, 1996a:5).

Heimat is in 1927 as koshuis vir die Universiteit opgerig en was die eerste permanente gebou op die terrein. Nadat die PUK in 1921 ’n stuk grond van 35 morge as geskenk van die Potchefstroomse stadsraad ontvang het, is daar in 1923 sewe sinkgeboue op die terrein opgerig (Van der Schyff, 2003a:272, 273). Die sinkgeboue, wat as kantonnemente bekendstaan, is gedurende die Anglo-Boereoorlog uit Indië na Suid-Afrika verskeep om die Britse troepe te huisves. Nadat die Potchefstroomse Universiteitskollege in 1925 toestemming van die regering gekry het om ’n privaatlening van £3 000 aan te gaan, kon planne vir ’n nuwe “losieshuis” vorder. Tenderaars het die tendervereistes wat deur die Kollege opgestel is, as “much too crude” beskou en die bekende argitek Gerhard Moerdyk (alternatiewe spelling “Moerdijk”) is genader om planne op te stel (Van der Schyff, 2003a:236, 305). Die gebou is opgerig en kon aan die begin van 1927 betrek word. Kuijers beskryf die boustyl en voorkoms van die gebou as volg:

Vir die fasade van hierdie neo-Kaaps-Hollandse dubbelverdiepinggebou het Moerdijk van die klassieke vyf-module-indeling gebruik gemaak. Modules 1 en 4 word bekroon deur holbolgewels, terwyl die gewel van die beklemtoonde middelmodule, met sy pilasters en pediment, ooreenkoms toon met klassisistiese gewels in die Boland. Module 2 en 4 bestaan uit ’n suilegang op die grondvloer en ’n balustrade op die eerstevloer. Ten spyte van Moerdijk se klaarblyklike poging om ’n elegante gebou te skep, verraai die gebruik van staalraamvensters en massa-geproduseerde betonsuile en -balustrade die stremmende invloed van beperkte boufondse (Kuijers, 1987:28).

ILLUSTRASIE 12.6
HIERDIE SKILDERY VAN HEIMAT IS IN 1999 DEUR KLAAS HAVENGA GEMAAK. DIT IS BESIT VAN DIE NWU INSTITUSIONELE ARGIEF EN MUSEUM EN HANG IN 2014 OP BRUIKLEEN BY NWU-PUK KUNSTE (HAVENGA, 1999).



Die naam “Heimat” is gekies ter ere van die eerste huisvader, prof GTS Eiselen, wat van Duitse afkoms was (Van der Walt, 1966:36). Heimat was tot 1981 ’n koshuis, waarna die inwoners verhuis het na die nuutgeboude Patria (Anon., 1981o:85). Die gebou is daarna deur verskeie afdelings gebruik. Dit is onder meer aan die weermag verhuur vir navorsingsdoeleindes en die het Departement Beeldende Kunste gehuisves (Van den Bergh, 2006:408). Nadat daar sprake was dat Heimat moontlik gesloop kan word, is dit in 1984 tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar (Kuijers, 1987:28).

Teen 2014 huisves Heimat, benewens kantore vir die personeel van PUK Kunste, die Artéma Opname-ateljee, ook kantore vir die uitvoerende studentegroepe, Thalia, Disfunctional Beat, die Koor, Divaco en die Serenaders.

12.2.5 Enkele hoogtepunte in die bestaan van die Kultuurkantoor (1980 – 1991)

Na die totstandkoming van die Kultuurkantoor met Bütow se aanstelling in 1980, soos blyk uit 12.2.2 hierbo, het dié kantoor se aktiwiteite aangegroei dat dit gou veel wyer gestrek het as bloot net hulp met die organisering van studenteaktiwiteite en die bestuur en bemarking van die Ouditorium. Aspekte van die kantoor se aktiwiteite wat verband hou met die onderskeie uitvoerende studentegroepe is in die hoofstukke wat met dié groepe gehandel het bespreek. Aspekte wat verband hou met eksterne bedrywighede van die Kultuurkantoor word in hoofstuk 13 bespreek. Dus is die aspekte wat hier hanteer word slegs interne aangeleenthede waarmee daar nie reeds in ander hoofstukke gehandel is nie.

In sy eerste verslag van 30 April 1980 sê Bütow: “Die bedrywighede van die Kultuurkantoor het al reeds van begin af enorm toegeneem en daar kan nou, soos die verslag sal aantoon, aanvaar word dat die stigting ’n noodsaaklikheid was” (Bütow, 1980c:1).

In September 1981 stel Bütow ’n uitvoerige verslag saam om die uitgebreide aktiwiteite waarmee die Kultuurkantoor in die eerste 18 maande van sy bestaan besig was, toe te lig (Bütow, 1981a). Die aanbevelings in dié dokument blyk ’n bloudruk te wees vir wat in die daaropvolgende dekades by die Kultuurkantoor en later PUK Kunste geskep is. Bütow skryf dat alhoewel die Kultuurkantoor hoofsaaklik in ’n adviserende hoedanigheid optree, daar met verloop van tyd heelwat ander verpligtinge bygekom het (Bütow, 1981a:1).

Daar word verslag gedoen en aanbevelings gegee oor die toerverenigings Alabama, Thalia, die Koor, die PU-Kaners en Gaudium. Wat betref die Kultuurkantoor se skakeling met die Studenteraad word genoem dat die kantoor betrokke was by die Sêrkompetisie, die Eerstejaarskonsert, die Intervarsity (advies met *sing-songs*) en Karnaval-aktiwiteite. Die skakeling met die Kultuurraad van die SSR word apart behandel. Bütow skryf: “’n Baie goeie verstandhouding en skakeling het met die Raad plaasgevind.” Hy is ook gereeld na vergaderings van die Raad uitgenooi (Bütow, 1981a:6).

Raad en advies is gegee aan talle van die verenigings wat onder die Kultuurraad gepatroneer is. Hy meen dat die Kultuurraad meer ernstig moet besin oor skakeling met die FAK, ATKV en plaaslike dorpskultuurrade. Wat studente se kultuuraktiwiteite betref meen hy: “Die klem val myns insiens te veel op vermaaklikheid en studentespeletjies.”

Die Kultuurkantoor beplan om dié jaar (1981) aan alle voornemende Puk-studente ’n kultuurvraelys te stuur. Die doel is om vas te stel “aan watter aktiwiteite die studente graag wil deelneem; in watter aktiwiteite hulle belangstel; watter aktiwiteite oorbodig is; en watter aktiwiteite kortkom of ontbreek (Bütow, 1981a:8). Terugvoering op dié vraelys word in die jaarverslag vir 1982/3 gegee en daar word gesê dat die vraelys “absoluut” in sy doel geslaag het. Na aanleiding van hul antwoorde in die kultuurvraelys is eerstejaarstudente wat in sekere verenigings of uitvoerende groepe sou belangstel reeds voor hulle koms na die Universiteit deur die voorsitters van verenigings genader en uitgenooi om daarby aan te sluit. Van die 1 365 vraelyste uitgestuur, is 754 terugontvang. Hieruit blyk dit onder meer dat 51,4% van alle respondente nie belangstel om aan kulturele aktiwiteite deel te neem nie (Bütow, 1983a:1, 2).

Daar is ook ’n aanvang gemaak met die koördinering van alle kultuur- en kunsaktiwiteite aan die Universiteit. Dit is gedoen om botsings te vermy en om ’n meer gebalanseerde jaarprogram te kan opstel. Dié jaar, 1981, is die aktiwiteite van Ouditorium, Amfiteater en Foyer, Konservatorium, Spraakleer en Drama, studenteaktiwiteite op kultuurgebied en die aktiwiteite van Beeldende Kunste

by die koördinering betrek. Bütow beveel aan dat indien groot sportaktiwiteite en groot aktiwiteite in die dorp by so ’n koördinasie ingesluit kon word, ’n baie meer effektiewe koördinering van aktiwiteite bewerkstellig kon word (Bütow, 1981a:10).

Nuwe kultuuraktiwiteite wat beplan is sluit in ’n individuele talentfees, ’n halfjaarlikse kultuuralmanak, ’n blaasorkes vir personeel en studente en ’n poslys en seisoenkaartjies vir die Ouditorium (Bütow, 1981a:10).

Bütow berig in sy verslag tot en met April 1983: “die aktiwiteite en bedrywighede van die kantoor het so ’n omvang aangeneem, dat ’n 12-ure werksdag plus Saterdae van ondergetekende eerder die reël as die uitsondering geword het”. Hy vervolg dat daar “geweldig baie inisiatiewe” gevolglik nie van stapel gestuur kon word nie en beveel aan dat ’n addisionele personeellid aangestel word (Bütow, 1983a:14).

12.2.5.1 Koördineringskomitee vir Kunste

In 1984 het ’n Koördineringskomitee vir alle Kunste met sy werksaamhede begin. In vorige verslae is dié komitee in die vooruitsig gestel. Toestemming is van die Bestuurskomitee bekom vir die stig van dié komitee en die eerste vergadering het in Julie 1984 plaasgevind. Persone en instansies wat betrokke was, was die Departemente Spraakleer en Drama, Musiek, Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste, die Studenteraad, Openbare Betrekkinge en Mediaskakeling. Bütow was die eerste voorsitter en Riaan van der Walt die sekretaris (Bütow, 1984f:6). In Junie 1985 word berig dat die komitee reeds kon slaag om ’n driemaandelikse program saam te stel en ondersoek in te stel na ’n permanente kunsuitstallinglokaal, wat ook die PU-Kana Museum sou huisves (Bütow, 1985c:5).

12.2.5.2 Kultuurbeurse

Nog ’n projek wat in hierdie tydperk beslag kry, is die instelling van kultuurbeurse vir voornemende studente. Dit is reeds in 1981 in die vooruitsig gestel (Bütow, 1981a:9). Na ander konsepte oorweeg is, word daar in 1986 ’n puntestelsel geskep waarvolgens dié beurse toegeken kon word, ten einde ’n regverdige basis daarvoor te skep (Bütow, 1986a:3). Ontvangers van dié beurse was aanvanklik voornemende studente. Die puntestelsel maak daarvoor voorsiening dat ’n aantal punte toegeken word vir sekere skoolprestasies en naskoolse en buitemuurse prestasies (Bütow, 1987e).

Nadat die Filmfees in 1986 die eerste keer aangebied is, is die inkomste daarvan aangewend om ’n Kultuurfonds op die been te bring, waaruit verdienstelike studente beurse ontvang het (Bütow, 1987c:3).

Die eerste ontvangers van hierdie beurse was Chanté Hinds, Sophie Steyn, Linda Botha, Kobie le Grange, Hannes Bosman en Jaco van der Merwe. *Kampusnuus* van 17 Maart 1989 verskaf inligting oor dié eerste ontvangers van die kultuurbeurse. Hinds was ’n derdejaarstudent in Toneelwetenskap, het etlike rolle in die Departement se produksies vertolk en het toe reeds in die televisiereekse *Het van Verlangekraal* en *Kinders van die Sabatsee* opgetree. Sy was ’n lid van die Alabama Studentegeselskap en dié jaar se JOOL-persoonlikheid.


Steyn het ’n groot rol gespeel met die reël van die Filmfees en was drie jaar lid van *Wapad* se redaksie. Botha het in die visuele en uitvoerende kunste met musiek en dans presteer. Le Grange het op ’n wye front bydraes gelewer tot die kultuuraktiwiteite op die kampus, was lid van die Filmfees se reëling- en keurkomitee. Bosman was ’n MA-student in Kommunikasiekunde en regisseur van ’n “uitstekende videoprogram oor die werksaamhede van die studentekoerant” en was ook “’n gewaardeerde lid” van dié koerant se redaksie. Van der Merwe was ’n tweedejaar musiekstudent “wat met sy eie komposisies baie mense verras het” (Anon., 1989j:2).

Teen 1989 word kultuurbeurse vir die eerste keer ook uitbetaal aan ingeskrewe studente en lede van die Alabama Studentegeselskap en die Universiteitskoor ontvang beurse (Bütow, 1989a:2). Dié kultuurbeurse vir bestaande studente is aanvanklik befonds uit inkomste wat gegenereer is tydens die Filmfees (kyk na 12.3.3).

Volgens Bütow is die stelsel van kultuurbeurse geïmplementeer om aan studente wat op kultuurgebied aktief was dieselfde erkenning te gee as studente wat sportbeurse ontvang het. Die konsep, soos dit by die Universiteit gebruik is, is deur sy kantoor ontwikkel en het gedien as basis vir stelsels wat by ander universiteite gebruik is (Bütow, 2014b).

Teen 2014 is beurse ter waarde van R800 000 aan verdienstelike studente wat in die kunsteomgewing bedrywig was, uitbetaal (Bütow, 2014a).

Die belangrike invloed wat die Kultuurkantoor op die studentelewe van die Universiteit gehad het, blyk uit die halfjaarverslag van die Kultuurraad vir die tweede semester van 1990: *Mnr Horst Bütow, Peet Ryke en mev Christa Cloete is vir die Kultuurraad goud werd. Hierdie persone het hulle tot onbaatsugtige ondersteuning, hulp en leiding verbind en saam het ons nog altyd ’n wenspan gevorm* (Kultuurraad, 1990a:4).



ILLUSTRASIE 12.7

'N ORGANOGRAM VAN DIE KULTUURKANTOOR, SOOS OPGESTEL DEUR BÜTOW (BÜTOW, 1989D).

12.2.6 Enkele hoogtepunte in die bestaan van die Departement Kultuur (1992-2009)


Die Kultuurkantoor het in 1992 'n volwaardige departement geword, toe die Departement Kultuur (alternatief Departement Kultuuraangeleenthede) in 1992 tot stand gekom het. Bütow was die departementshoof.

12.2.6.1 Blinkdink

Hoewel daar vroeër vasvrakompetisies aan die Universiteit gehou is, is geen sulke kompetisies in die tydperk vanaf 1980 aangebied nie. In 1965 het Dawie du Plessis-Noord die "Ingram-trofee vir Interkoshuisvasvra" gewen. Dié kompetisie is deur die ABKK georganiseer (Van der Merwe, C.N., 1965b:1). In 1977 herleef die interkoshuisvasvra (Kultuurraad, 1977d:1).

'n Vasvrakompetisie het herleef toe die Departement Kultuur vanaf 1992 "Blinkdink" begin aanbied het (Bütow, 1992:1). Dit is geskoei op die lees van 'n gewilde televisievasvraprogram, *Flinkdink*, wat deur die veteraan radio-omroeper, Edwill van Aarde aangebied is. Van Aarde se dienste is bekom as aanbieder van Blinkdink en dit het op 23 Oktober plaasgevind. Bütow beskryf dit as 'n "Vasvra van

hoogstaande gehalte.” Hy vervolg: “Alhoewel tegnies baie ingewikkeld, het die aand baie glad verloop. Die 100% deelname van die koshuise, die meelewing en gedrag van die studentemassa, sowel as mnr Van Aarde se voorstel dat dié geleentheid ’n interuniversitêre aangeleentheid behoort te word, dui daarop dat dit ’n jaarlikse instelling gaan word wat van krag tot krag sal gaan” (Bütow, 1992:1). Die “tegniese ingewikkeldheid” van Blinkdink hou verband met verskeie elektriese en elektroniese installasies wat deel van die stel van Blinkdink was (Ryke, 2014a).



ILLUSTRASIE 12.8
BLINKDINK, ’N VASVRAKOMPETISIE TUSSEN KOSHUISE GESKOEI OP DIE LEES VAN DIE TV-PROGRAM, *FLINKDINK*, IS IN 1992 DIE EERSTE KEER AANGEBIED. DIÉ FOTO WAS OP DIE VOORBLAD VAN *DIE WAPAD* SE UITGAWE 46:10. KOOS MÜLLER DIE ADJUNKVOORSITTER VAN DIE SSR DEMONSTREER DIE STOMSTREKE-AFDELING AAN DIE DEELNEMERS (VAN MAARLEVELD, 1992).

In 1993 is ’n borgskap van Rentmeester Versekeraars ontvang vir Blinkdink, wat ook in 1994 en 1995 voortgesit is (Bütow, 1993a:3; Bütow, 1994a:3). Die volgende jaar, 1995, het drie spanne van RAU ingeskryf, terwyl hulle ook ’n wisseltrofee geskenk het en deur hulle gewen is (Bütow, 1995b:2). In 1997 het die Kovsies ook deelgeneem, maar die PU het die interuniversitêre afdeling gewen, terwyl ’n kompetisie tussen die sleepkoshuise ook aangebied is (Bütow, A., 1997b:3). (Kyk na paragraaf 3.6 vir ’n verduideliking van “sleepkoshuise”.) Blinkdink is die laaste keer in 1997 aangebied. Kort voor die program vir 1998 kon plaasvind, het Van Aarde ’n beroerte gehad en kon dus nie voortgaan om dit aan te bied nie (Ryke, 2014a).



ILLUSTRASIE 12.9
DIE OMSLAG VAN *EIN PROSIT*, ’N STEL VAN VIER CD’S WAT IN 2002 DEUR PUK KUNSTE VRYGESTEL IS MET OPNAMES VAN OUD-PUKKE EN UITVOERENDE GROEPE VAN DIE UNIVERSITEIT (PU VIR CHO, 2002A).

12.2.6.2 *Ein Prosit*

'n Projek om 'n CD saam te stel met musiek van oud-Pukke is in 2002 uitgevoer. Die doel daarvan, volgens die omslag, is om so veel as moontlik van die kunstenaars wat op die PUK hulle eerste tree as kunstenaars gegee het, weer te gee.

'n Berig wat daaroor op die NWU se webblad gepubliseer is, sê:

Bekende kunstenaars soos onder meer wyle Johannes Kerkorrel, Sally du Randt, Karin Hougaard, Kobie van Rensburg, Anna Davel, Werner Nel, Rina Hugo, Pieter de Villiers, wyle Janita Claassen, die voormalige Alabama Studentegeselskap, Christa Steyn, Suzette Eloff, Danie Niehaus, Johan van Rensburg en vele ander het saamgespan aan 'n CD-projek om geld in te samel vir studielenings aan behoeftige oud-Pukke se kinders wat graag aan die Potchefstroomkampus wil kom studeer. Hulle is almal deel van 'n groep van meer as tagtig PUK-kunstenaars aan wie erkenning gegee word op 'n stel van vier CD's (genoem Ein Prosit*) vir hul prestasies in die uitvoerende en skeppende kunste op musiekgebied* (PU vir CHO, 2002b).

Bütow doen hieroor verslag in sy 2002-jaarverslag:
Die bekendstelling en administrasie van hierdie projek is in 2002 van stapel gestuur. Hoewel die verkope die uitset verbygesteek het kon die verkope nog nie 'n noemenswaardige bydrae tot die oustudentefonds lewer nie – wat oorspronklik een van die doelwitte was. In 2003 sal 'n hernieude poging in samewerking met die Departement Openbare Betrekkinge aangewend moet word om dié doel te bereik (Bütow, 2002a:3).

Die CD-stel is opgedra aan prof Pieter de Villiers. Bennie Howard, voorsitter van die Bond van Oud-Pukke, skryf in die "Prelude": "Prof Pieter de Villiers was sedert 1953 een van die pioniers wat hart en siel in musiek geglo het. Hy het nie net gekomponeer, klavieruitvoerings gelewer en gedoseer nie, maar sy inspirasie, leiding en visie het menige student, koorleier, begeleier, komponis en kunstenaar tot hoër hoogtes aangespoor" (Howard, 2002:4).

12.2.6.3 Kunstebestuur

Nadat die eerste kursus in kunstebestuur buite die Universiteit in 2002 aangebied is vir 15 kunstebestuurders van die Mmabana Cultural Foundation in Mmabatho, is die tafel gedek vir die skep van Artéma Instituut vir Kunstebestuur wat in 2004 tot stand gekom het (Bütow, 2002a:3). Aangesien die rol van dié instituut grootliks vervul word binne die nasionale kunste-omgewing, sal dit in hoofstuk 13 bespreek word (paragraaf 13.4.5). Tesame met die ondersteuning van konsertgroepe is daar in die periode 1992 tot 2009 heelwat gedoen wat betref projekte om die

kennis en fasiliteite van die departement te gebruik om die kunste in die breë uit te bou. Dus sal hierdie aspekte ook in hoofstuk 14 bespreek word.

12.2.6.4 Universiteitslied

Die Departement Kultuur was in 2004 betrokke by die skep van ’n nuwe Universiteitslied en Bütow berig daaroor in sy jaarverslag:
Op versoek van Departement Openbare Betrekking het die Departement Kultuur die inisiatief geneem met betrekking tot die skep van ’n nuwe Universiteitslied. Prof Hein Viljoen en ’n span deskundiges het gehelp met die teks vir die lied en Pieter de Bruin het die koördinering waargeneem vir die skryf van die musiek, deur verskillende komponiste op verskillende kampusse. Die PUK Koor, Serenaders, Alabama en die Mafikeng-koor is ingespan om die vertolkings van die moontlike liedere te doen. Die keuse het geval op twee komposisies van Awie van Wyk en Martin Watt wat in Desember aan die Institusionele Bestuur voorgelê is. Die finale keuse lê by die uitslag van ’n proses wat deur Institusionele Bestuur in plek geplaas is (Bütow, 2004a:5).

Dié lied, wat bekendstaan as “Mmaarona”*,* het later gewildheid verloor en is in 2012 vervang met “Bless us, oh Lord”. Die melodie van laasgenoemde lied is geskryf deur Katlego Maboe en medelede van die groep Flip a Coin, terwyl die Afrikaanse en Engelse woorde geskryf is deur Corneels Schabort en die Tswana-woorde deur Theriso Thambo. Die komposisie is saamgestel deur Katlego Maboe, Stefan Pretorius, Michael van der Merwe, Niekie van der Walt en Johan Venter, lede van Flip a Coin. Christa Steyn het die orkestrasie en die opname behartig (Eloff, 2011; NWU, 2016a; Coetzee, 2012:7).

12.2.7 Enkele hoogtepunte in die bestaan van (NWU-)PUK Kunste (2009 -2014)

Die Departement Kultuur het vanaf November 2009 bekendgestaan as PUK Kunste en terselfdertyd het Bütow direkteur van PUK Kunste geword. Dié naamsverandering van die Departement Kultuur en die SSR Kultuurraad, is volgens Bütow, toe direkteur van PUK Kunste, gemaak “omdat hulle hoofsaaklik met die kunste werk en die woord kultuur ’n baie breë begrip is wat oor tyd ’n ander betekenis gekry het. ‘Ons taak is om die kunste te bevorder en nie breë kultuur nie’” (Eastes, 2010). Van 2010 ressorteer die Kunstekomitee onder PUK Kunste, met Bütow voorsitter daarvan, nadat dit voorheen direk onder die rektor gestaan het. Dié komitee dien as koördinerende liggaam van die kunstebedrywighede op die kampus (Bütow, 2009:7). Alhoewel die Noordwes-Universiteit reeds in 2004 tot stand gekom het, het PUK Kunste tot 2014 slegs as sodanig bekendgestaan en is die naam eers daarna verander tot NWU-PUK Kunste (Bütow, 2014e:8).

12.2.7.1 Die NWU-galerye en -kunsversameling

Herstrukturering van wyer kunstebedrywighede aan die Universiteit het daartoe aanleiding gegee dat die kunstegalery, met al sy fasiliteite, die permanente kunsversameling en personeel aan die einde van 2009 by PUK Kunste ingelyf is (Bütow, 2009:1).

Die eerste kunswerke is in 1932 vir die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) aangekoop onder leiding van die rektor, prof Ferdinand Postma (Van Zyl, 2014:1). Sedert 1936 het die PUK £6 per jaar bewillig om kunswerke aan te koop (Combrink, 2013:7).

Met die beplanning van die Frans du Toit-gebou, is ’n uitstallokaal vir kunsuitstallings ingesluit. Dié gebou is in April 1965 voltooi (Van den Bergh, 2006:397). “Die (kuns-)versameling het in 1972 momentum gekry onder leiding van Prof GM Ballot (eertydse hoof van die Departement Kunsgeskiedenis). Prof Ballot het ’n uitstalling van kontemporêre Suid-Afrikaanse kuns gereël en gedurende die uitstalling het 66 kunstenaars meer as 100 werke uitgestal. Baie van hierdie werke is daarna aan die Universiteit geskenk of op ’n langtermynbasis geleen” (Van Zyl, 2014:1).


Vanaf 1975 is die versameling in ’n bergruimte op die derde vloer van die Ferdinand Postma-biblioteek gehuisves. Hier was ook ’n uitstallokaal ingerig, waar agt jaarlikse uitstallings gehou is. Gedurende die daaropvolgende jare het die aankoopbeleid vereis dat ten minste een kunswerk uit elk van die ongeveer agt jaarlikse uitstallings aangeskaf moet word (Van Zyl, 2014:1). Vir die uitbreidende versameling was dié ruimte later onvoldoende. “Die kern van die versameling is vir ’n lang tyd in ’n kleinerige en swak ingerigte lokaal bo-op die Ferdinand Postma-biblioteek gehuisves, totdat ’n beter oplossing in 2002 bereik is toe die ou leessaal in die Biblioteek as ’n galery ingerig is” (Combrink, 2006:440). ’n Klimaatbeheerde bergruimte is neffens hierdie uitstallokaal ingerig. Dié fasiliteit is grootliks te danke aan die inisiatief van proff John Botha en Annette Combrink en die visie van dr Tom Larney, ’n vorige direkteur van die Ferdinand Postma-biblioteek (Naurattel, 2013:20).

Die kunsversameling is saamgestel uit verskeie versamelings. Die kern hiervan is die PUK-versameling met ongeveer 600 werke, die Ferdinand Postma Biblioteek-versameling wat uit sowat 200 werke bestaan en die versameling van die destydse Potchefstroomse Onderwyskollege (POK)-versameling, deesdae bekend as die Fakulteit Opvoedkunde, met ongeveer 200 werke. Die Pretorius-versameling, geskenk aan die Konservatorium deur François Johannes Pretorius, word gehuisves in die Pretorius Musiekstudio van die NWU Konservatorium (Van Zyl, 2014:4).

Van die groot name in Suid-Afrikaanse kuns is verteenwoordig in die versameling. Dit sluit in Bettie Cilliers-Barnard, Maud Sumner, Gregoire Boonzaaier, Pierneef, WH Coetzer, Dirk Meerkotter, Christo Coetzee, George Boys, Marjorie Wallace, Maureen Quinn, Cecil en Pippa Skotnes en Frieda Lock.

Onlangse kunstenaars wie se werke in die versameling ’n tuiste gevind het is Chris Diedericks, Gwen McClellan, Annelise Marais, Titia Ballot, August Venter, Klaas Havenga, Louisemarié Combrink, Marriana Booyens, Tsietsi Matubaku en John Clarke (Combrink, 2006:440).

Benewens die lokaal in die Ferdinand Postma-biblioteek wat as die NWU Galery bekendstaan, is daar ook ’n lokaal in die NWU Botaniese Tuin. Van Zyl omskryf: “In 2007 het kurator Christina Naurattel en die vorige kurator van die NWU Botaniese Tuin, Martin Smit, die noodsaaklikheid van ’n kunsgalery en beeldhouwerkpark besef en werk gemaak daarvan. Die hoofdoel was om ’n opvoedkundige en stimulerende omgewing te skep waarin gemeenskapslede kon ontspan terwyl hulle meer oor beide die natuur en die visuele kunste leer.” Die NWU Botaniese Tuingalery is in 2008 geopen (Van Zyl, 2014:2, 3).



ILLUSTRASIE 12.10
DIE PUBLIKASIE *LOOKING BACK WHILE MOVING FORWARD – NORTH-WEST UNIVERSITY ART COLLECTION* HET IN 2013 VERSKYN. OP DIE VOORBLAD IS ’N FOTO VAN DIE KUNSWERK VAN MARCO CIANFANELLI WAT IN OPDRAG VAN DIE NWU GESKEP IS. DIT BEELD DIE BEGINSELS EN IDEALE VAN DIE UNIVERSITEIT UIT WAT OPGESOM KAN WORD MET “EENHEID IN VERSKEIDENHEID”. DIT BESTAAN UIT 76 STAAL PROFIELE, WAT ELKEEN DIE IDEALE VAN DIE UNIVERSITEIT VERSINNEBEELD EN WORD AS TEKS IN AFRIKAANS, SETSWANA EN ENGELS UITGEBEELD. DIE PANELE IS SO GERANGSKIK DAT DIT ’N OMHELSING UITBEELD. DIÉ KUNSWERK IS IN DIE INSTITUSIONELE KANTOOR GEÏNSTALLEER (NAURATTEL, 2013:20).

In 2013 het die publikasie *Looking back while moving forward – North-West University art collection* verskyn. Bütow berig daaroor:

Hierdie publikasie bevat ’n omvangryke seleksie van die belangrikste werke wat in die versameling vervat is, insluitend publieke kunswerke soos die Judith Mason plafonskildery in die Sanlam-Ouditorium se foyer, wat vir die eerste keer sedert die skepping daarvan in 1979 in sy geheel afgeneem is. Daar is ook ongeveer 140 hoë kwaliteit foto’s van kunswerke geneem, om sodoende die proses om die versameling in sy geheel professioneel af te neem in werking te stel (Bütow, 2013b:9).

Uiteraard beslaan die uitgebreide aktiwiteite van PUK Kunste uit veel meer as wat hier gemeld word. Ondersteuning aan die verskillende uitvoerende groepe is reeds in die onderskeie hoofstukke daaroor bespreek, terwyl enkele ander projekte wat ondersteun word hier volg. Die Artéma Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling en die werksaamhede van die klankateljee, sowel as PUK Kunste se betrokkenheid by nasionale en internasionale aktiwiteite, word in hoofstuk 13 bespreek.

12.3 Fasiliteite

Een van Bütow se opdragte met sy aanstelling in 1980, was om beheer uit te oefen oor die Ouditorium in die Studentesentrum. Insgelyks was Bütow ook aanvanklik lid van die Beheerkomitee van die Studentesentrum. Gedeeltes van die Hennie Bingle-Studentesentrum wat direk verband hou met die bevordering van kunskulturele studenteaktiwiteite is die Alumnisaal, Sanlam-Ouditorium en die Amfiteater. Hiervan staan die Ouditorium en die Amfiteater steeds onder beheer van PUK Kunste, terwyl die Alumnisaal vroeër deur Bütow se kantoor bestuur is en sal dus die enigste gedeeltes van die Studentesentrum wees waarmee meer omvattend gehandel sal word.

Met die oprigting van die Totius-gedenksaal, is dié saal onder die beheer van die Studenteraad geplaas en teen September 1981 het Bütow se kantoor bestuur hieroor geneem (Bütow, 1981a:7). Ander fasiliteite wat deur uitvoerende studentegroepe benut is, het ook onder die Kultuurkantoor se beheer gekom. Dit sluit in die Uitspan-gebou en later ook die POK-hoofsaal en die Kollegeoord-kampterrein. Die bestuur van en besprekings vir die Nooitgedacht-kampterrein en later die Van Zyl-terrein langsaan, is deur die Kultuurkantoor hanteer, sowel as die Amajuba-plaas in Noord-Natal, terwyl dit in besit van die Universiteit was. Voorts het die Kultuurkantoor besprekings vir die gastewoonstel in die Studentesentrum hanteer en toe die historiese woning van Piet Malan te Tomstraat 57 in ’n gastehuis omskep is, is dit ook hanteer (Bütow, 1984a:6).

Dit val buite die kader van hierdie studie om in groot detail oor al hierdie fasiliteite te skryf, maar dit is noodsaaklik dat agtergrondinligting gegee word, veral oor die fasiliteite wat ’n belangrike rol gespeel het in die kunskulturele studenteaktiwiteite van die Universiteit. Gevolglik sal slegs fasiliteite wat verband hou met kunskulturele studenteaktiwiteite bespreek word. Bütow is van mening dat vir die bevordering van die kunste dit van kardinale belang is dat studente toegang het tot fasiliteite waar hulle uitvoerende kunste kan beoefen (Bütow, 2014a).

12.3.1 Totius-gedenksaal

Die eerste studentesaal van die PUK was een van sewe sinkstrukture, wat as kantonnemente tydens die Anglo-Boereoorlog uit Indië na Suid-Afrika gebring is (Van der Schyff, 2003a:447, 463). Die strukture is in 1923 op die huidige hoofterrein van die Universiteit opgerig en is stelselmatig deur permanente geboue vervang. Die laaste van dié strukture om afgebreek te word, het as studenteraadskantore en studentesaal gedien.

Met groeiende studentegetalle was dit teen die einde van die 1940's reeds te klein. Planne vir 'n studentesaal is gemaak en in 1953 is die geld wat met Vreugdedag ingesamel is hiervoor geoormerk. *Wapad* publiseer op 1 Augustus 'n bylaag genaamd *Die Vlotjie* wat studente aanmoedig om spesiale moeite te doen om die £14 000 wat nodig was om die boukoste van die saal te delg, in te samel (Anon., 1953). Die Universiteit sou die helfte van die boukoste en die studente die ander helfte dra (Van den Bergh, 2006:426).

Die saal, met sitplek vir 700 in die saal en 300 op die galery, was as studentesaal egter reeds met die bou daarvan bykans te klein om die groeiende studentetal van die Universiteit te huisves. Reeds in 1949 was daar 762 studente aan die Universiteit (Du Plessis, 1975:64).

As studentesaal het die Totiussaal onder beheer van die Studenteraad gestaan, maar Bütow het in 1981 aanbeveel dat die beheer van die Totiussaal onder sy kantoor moet kom, "aangesien [dit] in die verlede verwaarloos is en ook nie ten volle benut is nie" (Bütow, 1981a:7).

In 1984 is opknapping gedoen, wat Bütow as 'n "gedaanteverwisseling" beskryf. Hiermee is die verhoog uitgebreek en vergroot, die vloer is vervang, nuwe akoestiese muurbedekking is geïnstalleer, 'n nuwe elektriese installasie is ontwerp en aangebring en nuwe stoele is aangekoop, terwyl die gordyn vervang is en klanktoerusting herstel is (Bütow, 1984f:7).

'n Nuwe nuwe dubbel-agterdeur, asook 'n laaiplatvorm en skuins "oprit" is in 2014 aangebring om die hantering van dekorstukke vir produksie te vergemaklik (Bütow, 2014d:9).

Afgesien daarvan dat die Totiussaal oor die jare druk gebruik is vir studenteaktiwiteite, was daar talle afdelings aan die Universiteit wat van mening was dat hulle 'n sterker aanspraak op die Totiussaal gehad het, as dat dit vir studenteaktiwiteite gebruik word. Volgens Bütow was dit nooit onderhandelbaar dat ander afdelings voorrang geniet vir die gebruik daarvan bo studenteaktiwiteite nie, veral om twee redes. Enersyds het die studente geld ingesamel vir die bou daarvan en tweedens beskou hy dit as noodsaaklik dat studente geredelike toegang het tot fasiliteite waar hulle uitvoerende kunste kan beoefen (Bütow, 2014a).

JD du Toit (Totius)

Nadat ’n voormalige rektor van die Teologiese Skool en Literariese Departement, prof JD du Toit, beter bekend as die digter, Totius, in Julie 1953 oorlede is, is daar besluit om die studentesaal na hom te vernoem (Van den Bergh, 2006:426). Du Toit is in 1877 in die Paarl gebore. Sy vader was ds SJ du Toit. Die gesin het in 1882 na Pretoria verhuis nadat ds Du Toit die betrekking aanvaar het as superintendent van Onderwys van die ZAR. JD du Toit skryf in 1896 in aan die Teologiese Skool in Burgersdorp en word as proponent toegelaat op 16 Junie 1899, waarna hy op 21 Junie verloof raak aan Marie Postma, jongste kind van ds Dirk Postma, stigter van die Gereformeerde Kerk en die Teologiese Skool. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog sluit hy by die boeremagte aan as veldprediker. Na siekte is hy behulpsaam met kerkwerk in Pretoria, maar met die aantog van die Britse magte is sy posisie as Kaapse rebel onbenydenswaardig. Op aandrang van vriende en met geldelike ondersteuning vertrek hy in Mei 1900 na Nederland vir verdere studie. Hy behaal die doktorsgraad in Teologie in April 1903 met lof. In September 1903 lewer hy sy intreepreek as leraar van die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom. Hy ondersteun die besluit om die Teologiese Skool van Burgersdorp na Potchefstroom te skuif, wat in 1905 plaasvind. In April 1911 word hy ingehuldig as professor in Teologie aan dié skool (D’Assonville, 1977:5, 8, 15, 20, 24, 37, 47, 54, 60).

As professor was hy uiters gewild. Die jaar waarin hy aftree, 1949, word ’n waardering in *Die Besembos* geskryf: “Ons, as studente, (het) aan sy voete gedurig met welgevalle geput en geniet. Sy klasse was kort, vir ons te kort, altyd deurvleg met sy kosbare humorsin” (Anon., 1949e:37). *Wapad* skryf eweneens:


As professor was hy altyd geliefd by sy studente. Gewoonlik het hy met ’n innemende, vriendelike glimlag sy verskyning in die klas gemaak. Geen student het ooit in die minste enige onaangename gevoel teenoor hom gekoester nie. Klein van persoon het hy tog onmiddellik respek afgedwing. Selde het een van sy klasse verbygegaan sonder dat die hartlike gelag van sy studente in die klaskamer weerklink het. Die beeld van dr JD du Toit agter die kateder sal altyd in ons bly voortleef, die effens geboë houding, die simpatieke blik in sy oë, dieselfde oë waarin soms die tintelende vonke van sy groot gees opgemerk is (Anon., 1949f:1, 3).

Die bynaam, Totius, kry hy terwyl hy in Amsterdam studeer. Die woord is afgelei van die Latynse woord wat “geheel” of “van almal” beteken wat daarmee verband hou dat hy tydens sy studentejare op Burgersdorp bekend gestaan het as “onze hoofdichter” en “onze dichter” (Van der Schyff, 2003a:73).

As digter het Totius landswyd bekend geword en vir sy eerste digbundel, *Trekkersweë,* ontvang hy in 1915 die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se eerste Hertzogprys. In 1923 is hy as een van die vyf

vertalers van die Bybel in Afrikaans benoem en hy ontvang verlof van die kuratore van die Teologiese Skool om hom daaraan toe te wy en die eerste besending Afrikaanse Bybels arriveer in Mei 1933 per skip in Kaapstad (D'Assonville, 1977:64, 78, 83). Hy was egter meer as teologiese professor, Bybelvertaler en digter. *Wapad* brei uit: "Sy hele lewe en arbeid word gekarakteriseer deur die een woord: diens. Totius het hom gegee, met al sy krag en talente, in diens van sy kerk en sy volk" (Anon., 1949f:1).

Du Toit is op 1 Julie 1953 in Pretoria oorlede (D'Assonville, 1977:118). Inaggenome die hoë agting wat hy dus onder die studente gehad het, is die studentesaal wat sowat 'n jaar na sy dood in gebruik geneem is, na hom vernoem.



ILLUSTRASIE 12.11
HIERDIE ARGITEKSTEKENING VAN DIE STUDENTESAAL, LATER DIE TOTIUSSAAL, HET IN AUGUSTUS 1953 IN *DIE WAPAD* VERSKYN (ANON., 1953).



ILLUSTRASIE 12.12
PROF JD DU TOIT (1877-1953), BETER BEKEND AS DIE DIGTER TOTIUS, NA WIE DIE TOTIUSSAAL VERNOEM IS (VAN EEDEN, 2006:54).

12.3.2 Hennie Bingle-Studentesentrum

Die kompleks wat die Totiussaal ingesluit het, is kort na die ingebruikneming van die saal uitgebrei om 'n kafeteria en studenteraadskantore in te sluit (Anon., 1954e:1). Die saal was teen 1970 te klein om sitplek vir al die studente van die Universiteit te bied.

Teen 1970 het die Totiussaal letterlik uit sy nate gebars. Volgens Bütow moes hy in sy eerste jaar, 1970, saam met die res van die eerstejaars die Hof van Hades bywoon. Die 800 eerstejaars is in die voorste helfte van die Totiussaal ingedruk ('n ruimte bedoel vir 350). Die seniors het die agterste helfte en die galery gevul. "Daarna is die bevel geskreeu: 'Sit!' En as jy nie dadelik gesit het nie, dan het jy nie gesit nie. En dan hoor jy hoe die saal se vensters breek soos die eerstejaars daarteen val" (Bütow, 2014a).

Die behoefte aan 'n groter studentesentrum kom egter reeds sedert 1963 na vore en in 1968 is verskeie vergaderings van die Komitee vir Terreine en Gebou (KTG) aan die beplanning gewy.

Argitekte WO Meyer en B Britz is aangewys om die sentrum te ontwerp. Eskalerende boukoste het meegebring dat die koste van R2 000 000 verdubbel het. Fasiliteite in die sentrum sluit hoofsaaklik in die Sanlam-Ouditorium, aanvanklik met sitplek vir 1 035, ’n kafeteria wat tot soveel as 10 000 studente kan hanteer, die binnenshuise sportsentrum met verskeie oefenlokale en muurbalbane en ’n sportsaal en studenteraadskantore en die Amfiteater (Van den Bergh, 2006:427). Die kafeteria, sport- en SSR-gedeeltes van die Studentesentrum is op 24 Julie 1979 in bedryf gestel (Van Zyl, 1979).

Volgens ’n raadsbesluit en met die instemming van prof HJJ Bingle, is die amptelike naam van die sentrum die “Hennie Bingle-Studentesentrum” (PU vir CHO, 1980b:5).

Verskeie opgraderings en verbouings is oor die jare onderneem. Dit sluit in veranderings aan die binnehof in 1988, ook om spysenieringsmoontlikhede uit te brei. Opknappings en uitbreidings word ook in 1991 en 1999 onderneem. Van den Bergh vervolg:

In 2000 is ’n verdere uitbreiding van die kafeteria onderneem. Hierdie vergroting is genoodsaak deur die toename in deeltydse en voltydse studente wat nie in koshuise gehuisves was is nie en ’n behoefte gehad het aan etes wat op die kampus verskaf word. In dié tyd is die naam van die winkel in die Studentesentrum, na aanleiding van die bynaam van prof Bingle, die ‘Klipoog’ gedoop (Van den Bergh, 2006:427).

HJJ (Hennie) Bingle

Prof Hennie Bingle het prof J Chr Coetzee as rektor opgevolg het en die pos van 1964 tot 1977 beklee. Vanaf 1981 tot 1991 was hy kanselier van die PU vir CHO (Van Eeden, 2006:46). Van Eeden skryf só oor hom: “Prof HJJ Bingle se aktiewe verbintenis met die PU vir CHO strek oor ongeveer 53 jaar. Dit het hom 12 jaar geneem (1928-1940) om hom te bekwaam en te spesialiseer as onderwyser en later as kundige in Afrikaans” (Van Eeden, 2006:62).

Hy het die MEd-graad in 1935 met lof geslaag en in 1940 die DPhil. Sy promotor was ook sy voorganger as rektor, prof J Chr Coetzee. In 1945 aanvaar Bingle ’n aanstelling by die Universiteit as senior lektor in Opvoedkunde. Daarna is hy in 1949-1950 tot professor bevorder en vanaf 1951 tot 1962 dien hy as dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde (Van Eeden, 2006:62).

Hy was die sekretaris en koördineerder van die feesviering tydens die PU vir CHO se onafhanklikheidwording in 1951. Dit is beskryf as ’n “dawerende sukses”. Hy is op 20 November 1963 deur die Raad van die PU vir CHO tot rektor verkies. Dié amp beklee hy tot 1977 en in hierdie jare het die Universiteit ’n hoogtepunt beleef wat groei in studentegetalle betref en die gevolglike bou van koshuise en fasiliteite (Van Eeden, 2006:62)

Prof Bingle is op 29 Junie 2007 op 96-jarige ouderdom oorlede. Tydens ’n spesiale huldiging aan prof Bingle wat met die viering van sy 100ste verjaardag in 2010 gehou is, het ’n vorige rektor, prof Carools Reinecke hom só onthou: “Almal het geweet wat hulle moet doen en niemand het dit gewaag om in sy slegte boekies te beland nie. Daardie ysblou oë van hom het hom nie verniet die naam, Klipoog, besorg nie” (Nel, 2010a).

12.3.3 Sanlam-Ouditorium

Die amptelike naam van die Ouditorium van die Universiteit is die Sanlam-Ouditorium, maar ter wille van bondigheid sal daar hier na die “Ouditorium” verwys word. Die waarde en belangrike rol wat die Ouditorium gespeel het in die ontwikkeling van die kunste aan die Universiteit en ook in die streek, blyk uit ’n skrywe wat Bütow in 1990 gerig het om ’n moontlike bydrae van die stadsraad tot die instandhouding van die Ouditorium te bewerkstellig. Bütow skryf:

Die . . . Ouditorium . . . is nou tien jaar in gebruik en het sedert 1980 ontwikkel in die kultuursentrum van Potchefstroom met nagenoeg 60 kulturele aanbiedinge en funksies per jaar en ’n bywoningsyfer van tussen 80 000 en 100 000 per jaar. . . Die Ouditorium is tans die ‘teater en skouburg’ van Potchefstroom. Geen ander gelykwaardige fasiliteit is in Potchefstroom beskikbaar wat die hoeveelheid mense kan akkommodeer nie, oor die tegniese fasiliteite beskik om kulturele en kunsaktiwiteite tot hul reg te laat kom nie en waar die uitvoerende kunste vir die gemeenskap, op ’n skaal wat Potchefstroom waardig is, aangebied kan word nie (Bütow, 1990a).

Die Sanlam-Ouditorium in die Hennie Bingle-Studentesentrum het sy huidige voorkoms te danke aan ’n projek van die Potchefstroomse stadsraad wat reeds in 1967 gestalte gekry het, toe die stadsraad besluit het om ’n teaterfondskomitee in die lewe te roep met die oog daarop om ’n luukse teater vir Potchefstroom te bou. Die voorsitter van dié komitee was mnr HM Robinson wat dieselfde jaar Alabama bygestaan het met die loods van hulle eerste revuestyl-program (Anon., 1967g:1).

Teen 1972 is planne vir dié teater, wat sitplek bied vir 800, ontwerp en dit sou op die hoek van die huidige Sol Plaatjie-rylaan en Wolmaransstraat staan (Interplan, 1972). Terselfdertyd is die ruimte wat nou die Ouditorium is, beplan as ’n gehoorsaal (Van den Bergh, 2006:427). Drie jaar later ontvang die stadsraad van Potchefstroom die eerste van ses jaarlikse skenkings van R160 000 vanaf die Staat vir die bou van die teater (Anon., 1975h:1). Volgens Peet Ryke, wie se ma, mev Corrie Ryke, nou betrokke was by die Potchefstroomse teaterprojek, was die Studentesentrum reeds in aanbou toe dit bekend gemaak is dat die staat die beloofde 80% van die boukoste van die Potchefstroomse stadsteater nie gaan gee nie, wat die einde van die teaterprojek beteken het (Ryke, 2014a).

Volgens Johan van Rensburg, wat toe musiekregisseur van Alabama was, het hy, sedert hy in 1975 van Amerika af teruggekeer het, reeds vertoë gerig dat die ruimte wat vir ’n gehoorsaal beplan is, eerder ’n teater moes wees (Van Rensburg, 2014). Met die beplanning van Ouditorium is daar egter in ag geneem dat daar ’n teater in die dorp sou kom en dit is dus beplan om ’n eenvoudige verhoog sonder ’n proscenium of gordyne te hê. Nadat die dorpsteater van die baan was, het Johan van Rensburg hom opnuut daarvoor beywer dat die planne verander word om die gehoorsaal in ’n teater te omskep.

Gevolglik het die Universiteitsowerheid besluit om die planne van die gehoorsaal te verander. Veranderings is deur die argitekte, in samewerking met die WNNR aangebring (Anon., 1980g:5). Die beskikbare spasie was te klein om ’n volledige teater te bou met syverhoë, ’n tegniese toring waarin die beligting en dekor geberg kon word en behoorlike kleedkamers (Van Rensburg, 2014).

Vir Van Rensburg se bydrae tot die ingebruikstelling van die Studentesentrum en sy ywer om die Ouditorium in sy huidige vorm te bewerkstellig, sou daar ’n plakket aangebring word om hom te bedank. Dit het egter nooit gerealiseer nie (Van Zyl, J.H., 1980).

Die sekretaris van die vergadering van die Advieskomitee in verband met die Studentesentrum van 8 Februarie 1979 notuleer so daaroor:
’n Teaterverhoog vir die gehoorsaal mag in die afsienbare toekoms in samewerking met die stadsraad as ’n nuwe projek aangepak word, afhangende van uitstaande adviese aangaande die praktiese uitvoerbaarheid daarvan. Mnr (Johan) van Rensburg neem van hierdie moontlikheid met groot genoeë kennis en hy spreek die hoop uit dat die teater ’n werklikheid sal word (PU vir CHO, 1979e).

Die feit dat daar nie ’n verhoogtoring, syverhoë en genoegsame kleedkamers was nie, het van meet af probleme skep. Volgens Van Rensburg kan daar tot vandag toe op geen manier van die verhoog na die Ouditorium beweeg word as die gordyn toe is nie, anders as om die ompad deur die *green room* te gebruik nie (Van Rensburg, 2014). Dr Elize Scheepers van die Departement Spraakleer en Drama skryf in 1981 oor die tekortkominge van dié fasiliteit: “Dit verg baie geld van alle betrokkenes om ’n teaterproduksie in ’n ontoereikende ‘vergadersaal’ aan te bied.” Sy skryf dat haar studente meer as ’n week nodig het om in die Ouditorium te repeteer. “Hiervoor is die swak kommunikasie, die onpraktiese ruimteraam, die tyd en afstand wat dit moet neem om een lig te vervang, ens. te blameer – probleme wat nooit in die ouditorium oorkom sal word nie” (Scheepers, 1981).


In 2002, in ’n aansoek vir fondse vir opgradering van die Ouditorium, sê Bütow dat dié ruimteraam gebruik word vir die hang van ligte en sygordyne en dat dit steeds ontoereikend is. Hy vervolg: (Dit) “veroorsaak onnodige skade, is gevaarlik, onprakties en lomp. Vervang van dié raam met standaard

beligtings-, gordyne- en dekorlatte is ’n hoë prioriteit” (Bütow, 2002b:1). Bütow beskryf dié ruimteraam as enig in sy soort en dat hy nie van nog ’n fasiliteit in die land weet, wat ’n soortgelyke stelsel gebruik nie (Bütow, 2014b).

Ten spyte van dié tekortkominge is die Ouditorium kort na die Studentesentrum in werking gestel en die eerste produksie wat in hier aangebied is, was dié van Alabama op 13 Augustus 1979 (Van Rensburg, 1979).



ILLUSTRASIE 12.13
DIE BINNEBLAD VAN DIE PROGRAM VAN DIE INGEBRUIKNEMING VAN DIE HENNIE BINGLE-STUDENTESENTRUM, MET ’N PENSKETS VAN HOM EN OOK GETEKEN DEUR PROF BINGLE (PU VIR CHO, 1980B).



ILLUSTRASIE 12.14
DIE OUDITORIUM IN AANBOU. DIE FOTO HET IN 1977 IN *DIE BESEMBOS* VERSKYN. DIE AANSIG TOON DIE HUIDIGE VERHOOG (FOTOKUNS, 1977:13).

Die amptelike ingebruikneming van die Studentesentrum en Ouditorium het op luisterryke wyse egter eers in Maart 1980 plaasgevind, met ’n program wat van 29 Februarie tot 8 Maart gestrek het. Die hoogtepunt was op 1 Maart 1980 met ’n uitvoering deur die Nasionale Simfonieorkes van die SAUK. Gedurende dieselfde week het sportprogramme van topgehalte in die sportlokale plaasgevind, terwyl Karnaval ’80 van 6 tot 8 Maart ’n integrale deel van die opening uitgemaak het (PU vir CHO, 1980c).

Volgens Windell is daar besluit om die Ouditorium die Sanlam-Ouditorium te noem na ’n gesprek tussen die destydse rektor, prof Tjaart van der Walt, en die hoofbestuurder van Sanlam, mnr Jack van Wyk, waartydens Van Wyk die moontlikheid genoem het dat die Ouditorium Sanlam se naam kan dra op grond van die talle bydraes wat dié maatskappy oor die jare aan die Universiteit gelewer het. Dit sluit onder meer ’n ruim skenking in die vyftigerjare om die destydse administrasiegebou (LJ du Plessis-gebou) op te rig, waarvan die hoeksteen in 1956 onthul is (Van Eeden, 2005:425). Dié

gebou het weens hierdie skenking as die “Sanlam-gebou” bekend gestaan. Ten tye van die naamgewing het daar egter geen bydrae van Sanlam gekom vir die boukoste van die Ouditorium nie (Windell, 2015).

Die Ouditorium het gou gewild geword en Bütow skryf in sy verslag vir April 1982 tot Februarie 1983:

Die mening word uitgespreek dat die Ouditorium reeds wye bekendheid verwerf het in die Wes-Transvaal en sekerlik beskou kan word as die kultuursentrum in Wes-Transvaal. Daar word ook genoem dat aansoeke vir die gebruik van die Ouditorium reeds van oor die hele land ontvang word en dat bekende IMPRESSARIOS [sic] *graag in die toekoms van die Ouditorium gebruik wil maak. Dit bring die Universiteit onder andere die voordeel dat meer kieskeurig en doelgerig by die keuse van aanbiedinge opgetree kan word. Vermaak uit die boonste rakke kan dus met ’n bietjie vernuf organisasie en finansiële durf ons voorreg te wees* (Bütow, 1983a:5).

Sedertdien het talle uitstaande produksies in die Ouditorium plaasgevind. Enkele hoogtepunte, volgens Bütow, van produksies in die Ouditorium was onder meer Musikale Interaksie (kyk na 12.4.1.1.) en die talle optredes van die Nasionale Simfonieorkes, waarvan een op Vrydag 3 Maart 1984 saam met ’n massakoor plaasgevind het (Bütow, 1984e:7).

Benewens ’n rei van Suid-Afrikaanse kunstenaars, het talle internasionale kunstenaars in die Ouditorium opgetree. Dit sluit in die King’s Singers wat op 1 Oktober 1980 in die Ouditorium opgetree het (King’s Singers, 1980). Dié groep het midde-in die apartheidsjare waarin buitelandse kunstenaars geweier het om in Suid-Afrika op te tree, ingestem om na Suid-Afrika te kom, op voorwaarde dat hulle vertonings oop sal wees vir alle rasse. Volgens Bütow moes hy die Departement Binnelandse Sake besoek en vorms voltooi om spesiaal aansoek te doen sodat dié optrede toeganklik kan wees vir alle rasse. Geen reaksie is egter ontvang op die aansoek nie, maar die vertoning het voortgegaan en slegs een persoon van kleur het opgedaag (Bütow, 2014a).

Ander internasionale kunstenaars sluit onder andere in Rolf Harris op 8 Oktober 1984 (Bütow, 1984f:5), die Weense Seunskoor in 1985 (Weense Seunskoor, 1985), Kasatka Kosakke op 24 Mei 1989 (Bütow, 1989a:3), Smokie in 1993 (Smokie, 1993), Russian National Ballet (1999) en Royal Moscow Ballet op 13 April 2003 (Royal Moscow Ballet, 2003).

In die jaar 1986 het ses Potchefstroomse skole hul prysuitdelingsfunksies in die Ouditorium gehou en POK se diplomaplegtigheid het daar plaasgevind. Hierbenewens is 133 eredienste en nege gradeplegtighede hier gehou. Dit is benewens 25 ander geleenthede en konserte. Bütow berig dat nagenoeg 125 000 die geleenthede in die Ouditorium bygewoon het, waarvan sowat die helfte ’n kaartjie moes koop (Bütow, 1986a:4, 5).


Die frekwensie van gebruik van die Ouditorium het dit noodsaaklik gemaak dat daar gereeld opknappingswerk moes plaasvind. Die Potchefstroomse stadsraad het in 1990 onderneem om jaarliks ’n bedrag van R30 000 te skenk vir instandhouding van die Ouditorium (Landsberg, 1990). ’n Skenking is van Sanlam bekom vir ’n bydrae tot die herstel van die stoele (Schutte, 1992). Teen 1999 is herstelwerk weer eens noodsaaklik en memorandums word aan die stadsraad en die Streeksdiensteraad gestuur met motivering vir bydraes tot die koste hiervan.

Bütow berig in 1994 dat daar dié jaar “besondere aandag gegee (is) aan die opgradering van die voorkoms van die Ouditorium, sy foyer, asook sy kaartjiebesprekingstelsel. Stoeloortreksels en matte is uiteindelik, teen hoë koste vervang. Ook is nuwe asblikke en verversingsoppervlakke in die foyer aangebring.” (Bütow, 1994a:8). In 1996 is die klank- en beligtingsisteem teen ’n koste van R300 000 vervang (Bütow, 1995b:8) en vir 1999 is dit beplan om die tapyte in die foyer met teëls te vervang, asook om die sikloramagordyn te vervang (Bütow, 1998a).

Die gebruiksfrekwensie van die Ouditorium het oor die jare konstant hoog gebly en in 2002 berig Bütow dat sowat 200 000 mense jaarliks die Ouditorium besoek (Bütow, 2002b:2).



ILLUSTRASIE 12.15
DIE OUDITORIUM SOOS DIT IN 1980 DAARUIT GESIEN HET (FOTOKUNS, 1980A).



ILLUSTRASIE 12.16
DIE VERHOOG VAN DIE OUDITORIUM MET VERSIERINGS VIR DIE 2014 PUKKI TALENTFEES (CUNNIFF, 2014B).

In 2013 is die stoele en matte in die Ouditorium vervang. Bütow berig: “Na 33 jaar is daar nou totaal nuwe stoele om op te sit! Omdat die stoele effens breër is, en die beskikbaarstelling van nog rolstoelruimte, het die kapasiteit van die ouditorium verminder na 989 fisiese stoele, plus rolstoelruimte vir vier rolstoele, terwyl ’n hysbak vir rolstoelgebruikers en ’n afdak by die verhoogingang geïnstalleer sou word” (Bütow, 2013b:10).

Vir Bütow lê die waarde van die Ouditorium veel wyer as bloot net ’n fasiliteit waar die uitvoerende kunste beoefen kan word. “Die Ouditorium is eintlik ’n laboratorium. Dis waar die studente hul talente kan uitleef. As jy dit wegvat, verwyder jy die geleentheid. Daar word rugbybane en tennisbane geskep om sport te beoefen. Die Universiteit skep en hou fasiliteite soos die Ouditorium

in stand om ’n gebalanseerde student te skep, wat nie net akademie beoefen nie, maar ook geleenthede het deur middel van die kunste om leierskapseienskappe te ontwikkel” (Bütow, 2014a).

Ten spyte van die hoë waarde wat die Ouditorium het vir die bevordering van die kunste, reken Peet Ryke dat die Ouditorium, as plek waar die Universiteit se gradeplegtighede plaasvind, ’n uiters belangrike rol vervul. “Vir elkeen wat oor die verhoog stap, is dit dié hoogtepunt van sy studentelewe. En vir die ouers en die familie is dit soms groter. Mens kan sien hulle dra hulle beste klere vir dié geleentheid en jy besef dat baie van die ouers en familie hulleself tekort gedoen het om hulle kinders deur universiteit te sien. As daar ooit enige sprake is dat gradeplegtighede afgewater moet word, sal ek die een wees wat daarteen baklei” (Ryke, 2014a).

12.3.4 Alumnisaal

Die Studentesentrums het aanvanklik twee sitkamers op die tweede vloer gehad, bekend as die “Klein” en “Groot” sitkamers. Dit het ook ’n leeslokaal, ’n vergaderlokaal, ’n snoekerkamer met twee tafels en die tuiste van Radio-Puk ingesluit. Na die besluit dat studente op die kampus mag dans, het ’n behoefte ontstaan aan ’n danslokaal. Gevolglik is dié sitkamerruimtes toe omskep in een groot ruimte met ’n buitetrap en teëlvloere. Kleedkamers en ’n hyser vanuit die kafeteria is ook bygevoeg. Die oudstudente (die Alumni) het ’n stewige bydrae gegee vir die meublement (tafels en stoele). Die lokaal en is amptelik geopen met die naam Alumnisaal (Van den Bergh, 2006:429).

Die Alumnisaal is in Mei 1989 amptelik in gebruik geneem en het onder beheer van die Kultuurkantoor gekom (Bütow, 1989a:4). Die Alumnisaal is in 1996 onder beheer van die Kafeteria geplaas (Bütow, 1996a:9).

12.3.5 Amfiteater

Die Amfiteater, wat deel uitmaak van die Hennie Bingle-Studentesentrum, het sitplek vir 3500 mense en is geskep om voldoende ruimte te bied vir massabyeenkomste, ’n lankgevoelde behoefte (Van den Bergh, 2006:427). Die Amfiteater se sitplekke is aanvanklik met houtbankies bedek, maar dit is later verwyder. Een van die eerste byeenkomste was ’n erediens vir 2 000 diensplichtiges, terwyl die eerstejaarsontvangs die eerste keer in 1980 daar plaasgevind het (Anon., 1980f:2).


Die behoefte aan ’n dak vir die Amfiteater was van meet af gevoel en daar is gereken dat die gebruiksfrekwensie veel hoër sou wees daarmee (Van den Bergh, 2006:427).

Daar is egter eers in 2006 aangekondig dat die Amfiteater met ’n dak bedek gaan word. Die eerste fase was die verskuiwing van die dorpskoshuise se kantore wat onder die Amfiteater aan die kafeteria se kant was. Dit is voor die Julievakansie in 2007 afgehandel. Die tweede fase het die

oprigting van die dak behels, maar dit is vertraag, aangesien die oorspronklike plan om ’n dak van sintetiese seil te maak, nie aan standaarde voldoen het nie. Teen Julie 2007 is tenders aangevra vir ’n dak van staal, bedek met *megaspan*-materiaal, wat lig is en oor wye areas kan strek sonder ondersteuning. Daar is aanvanklik gereken dat die projek teen Desember 2007 afgehandel sou wees (Gouws, 2007:1).

Die projek is egter eers teen 2008 afgehandel en Bütow berig in sy jaarverslag vir 2008: “Uiteindelik, na meer as ’n jaar, is die Amfiteater se hoed op. Tans word lekprobleme herstel, en sal daar in 2009 gekyk word na die volle klank, beligting, verhoogagtergrond en sekuriteitskwessies by die teater. Die hele teater behoort vroeg in 2009 aan die Departement (Kultuur) oorhandig te word vir bestuur” (Bütow, 2008:4).

Alhoewel die Amfiteater steeds vir massabyeenkomste soos die eerstejaarsontvangs gebruik word, is Bütow teleurgesteld met die resultaat van die dakprojek en reken dit was nie ’n sukses nie. Die Amfiteater is steeds oop en toeganklik vir studente om te gebruik as kuierplek en daar te sit en eet en rook. Volgens Bütow moet daar dus, elke keer as ’n produksie of konsert daar aangebied word, sowat R3 000 bestee word om dit skoon te maak en hierdie koste-aspek maak dit as ruimte vir ’n Aardklop-produksie ongeskik. Volgens die aanvanklike voorstel van PUK Kunste moes die Amfiteater so omskep word dat dit toegesluit kon word, wat nie gerealiseer het nie (Bütow, 2014a).



ILLUSTRASIE 12.17
DIE VOORBLAD VAN DIE 1980-UITGAWE VAN *DIE BESEMBOS* TOON DIE AMFITEATER EN BINNEHOF VAN DIE HENNIE BINGLE-STUDENTESENTRUM, SOOS DIT DIÉ JAAR DAARUIT GESIEN HET (FOTOKUNS, 1980B).

12.3.6 Nooitgedacht

Die plaas Nooitgedacht aan die Vaalrivier, sowat 35 km buite Potchefstroom in die Vredefortkoepel, is in 1980 bekom in ’n ruiltransaksie met ’n ander eiendom van die Universiteit, die plaas Somerville, in die Ventersdorp-distrik. Daar is aanvanklik gemeen om met Nooitgedacht, wat 271 hektaar groot is, te spekuleer, maar die eiendom is behou (Van den Bergh, 2006:403; Scheppel, 2010c). Dit het in 1981 onder beheer van die Kultuurkantoor gekom (Bütow, 1981a:11). Later is nog grond bygekoop, onder meer die eiendom wat bekendstaan as die Van Zyl-huis en die Oosthuizen-kampterrein (Van den Bergh, 2006:403). Die Oosthuizen-terrein is egter teen 2002 verkoop (Bütow, 2002a:2).

In 1984 is die saal in gebruik geneem en Bütow berig dat dit ’n groter besetting tot gevolg gehad het. “Die terrein het intussen ’n onmisbare deel geword van aktiwiteite van ons studente, personeel en departemente” (Bütow, 1984c:6).

Opgradering in 2005 het fasiliteite by Nooitgedacht gebring op die vlak van ’n ontspanningsoord of “lodge”. Volgens Bütow het dit onder meer behels dat dit alle dienste sou insluit (Bütow, 2004a:3). ’n Swembad is gebou en ’n volledige klanksisteem is in die saal geïnstalleer. Dié opgraderings het besprekings van Nooitgedacht aansienlik bevorder (Bütow, 2005:4).

’n Markiestent is in 2010 opgerig. Benewens slaapplek vir 80 persone, kan 180 tot 200 persone daarin onthaal word (Bütow, 2010a:4). Later die jaar is die leunwa wat deur Alabama gebruik is om hul dekor mee te vervoer, op Nooitgedacht ingerig as kuierplek vir studente (Scheppel, 2010c).

’n Latteibaan is in 2013 met die hulp van honneursstudente van Rekreasiekunde ontwerp en geïnstalleer, terwyl ’n volledige media-installasie in die saal aangebring is met onder meer ’n dataprojektor (Bütow, 2013b:10).

Nadat Nooitgedacht aanvanklik gekoop is om mee spekuleer bekom is, is dit later as ’n ontspanningsoord vir personeel ontwikkel (Van den Bergh, 2006:403). Algou het die uitvoerende studentegroepe dit begin benut vir oefenkampe en het dié oefenkampe ’n jaarlikse instelling geword. (Kyk na 5.5.3 en 6.5.2 en illustrasie 5.28).





ILLUSTRASIE 12.18
BO: DIE SAAL OF KONFERENSIESENTRUM BY NOOITGEDACHT IS IN 1984 IN GEBRUIK GENEEM (GOUWS, 2010B).

ILLUSTRASIE 12.19
LINKS: DIE VAALRIVIER BY NOOITGEDACHT (GOUWS, 2010C).



ILLUSTRASIE 12.20
DIE CACHET-KLEINTEATER, GELEË IN DIE CACHET-SAKESENTRUM (GOUWS, 2016B).

12.3.7 Cachet-Kleinteater

Die Cachet-Kleinteater het in 1996 tot stand gekom as “onbeplande uitloper” van die ontwikkeling van die Cachet-sakesentrum. Dié sakesentrum word begrens deur Meyer- Hoffman-, Borcherds- en Steve Bikostrate. Die teater is ingerig op die eerste verdieping bokant die Fishmonger-restourant, in ’n onbenutte ruimte in die sentrum. Dit was op aandrang van die destydse rektor, prof Carools Reinecke, wat ’n leemte gevoel het met die beëindiging van die Departement Spraakleer en Drama, wat gereeld programme aangebied het in hul kleinteater in Hoffmanstraat (later die Multimedia-lokaal van die Skool vir Kommunikasiestudies) (Ryke, 2014a).

Die Cachet-Kleinteater is amptelik in gebruik geneem op 25 Junie 1998 met die onthulling van ’n plakket deur die voorsitter van die Raad van die Universiteit, dr Bart Grove (Anon., 1998c:1). Benewens ’n uitstekende klank- en beligtingstelsel, is die lokaal, met sitplek vir 80 mense, so ingerig dat dit ook vir seminare, kursusse en simposiums gebruik kan word (Ryke, 2014a). Die ingebruikneming was enkele maande voor die eerste Aardklop, waartydens daar reeds produksies vir dié kunstefees in die teater aangebied is.

Teen 2007 berig Bütow dat die Cachet “’n splinternuwe baadjie gekry (het) met ’n nuwe kleurskema, tegniese opgraderings en ’n luukser ‘teatergevoel’” (Bütow, 2007c:1).

12.3.8 Voormalige POK-eiendomme

As deel van ’n onderwysherstruktureringsproses is die Potchefstroomse Onderwyskollege (POK) sedert 2001 by die PU ingeskakel (Van Eeden, 2006:9). Die aanloop tot die samesmelting van die twee instansies het egter reeds in 1995 daartoe gelei dat die Departement Kultuur verneem het dat die Kollegeoord-kampterrein van POK onder sy beheer sou kom (Bütow, 1995b:8). Kollegeoord is ’n kamp- en ontspanningsterrein aan die westekant van die Boskopdam. Alhoewel dit aanvanklik oorweeg is om afstand te doen van dié oord is dit teen 2014 steeds onder beheer van PUK Kunste (Van den Bergh, 2006:403).

Die POK-Hoofsaal maak deel uit van die POK-Hoofgebou. Die bestuur van dié gebou deur PUK Kunste het in 2008, ná die gebou opgeknap is, ’n aanvang geneem (Bütow, 2008:5). Die hoofgebou van POK, waarvan die POK-Hoofsaal deel uitmaak, is op 13 September 1940 amptelik geopen. Kuijers beskou dié gebou, saam met die Universiteit, Teologiese Skool en Landboukollege, as simbole wat “die beeld van Potchefstroom as onderwysdorp vir gevorderde (tersiêre) onderrig uitdra” (Kuijers, 1987:30). Die Potchefstroomse Onderwyskollege het as die Normaalkollege op 23 April 1919 tot stand gekom en is aanvanklik gehuisves in sinkgeboue op die terrein van die Potchefstroom High School for Boys. In 1920 is die Kollege in geheel oorgeplaas na die perseel in Presidentstraat, waar die POK-Hoofgebou in 1940 opgerig is. Die eerste permanente gebou was Van Heerden-huis (teen 2014 die NWU-PUK manskoshuis, Caput), terwyl die koshuis Ratau Lebone, suid-oos van die POK-Hoofgebou ook in 1940 geopen is. Dit is in 2014 die NWU-PUK manskoshuis, Laureus. Met Mea Mater, wat regoor Ratau Lebone in 1954 opgerig is, word ’n formele eenheid gevorm, aldus Kuijers.

Hierdie geboue is in die sogenaamde 20e eeuse Tradisionele Styl, waarin na monumentaliteit gestreef is sonder om van die geykte klassisistiese vormtaal gebruik te maak. Die essensie van die klassisisme is eerder gesoek en met behulp van die algehele struktuurvorm en ’n enkele, gestileerde klassisistiese motief (soos die portiek van agt suile) visueel gestalte gegee (Kuijers, 1987:30, 31).



ILLUSTRASIE 12.21
DIE POK-HOOFGEBOU. DIT TOON DIE AGT SUILE WAARVAN KUIJERS MELDING MAAK. DIE POK-HOOFSAAL IS DIREK AGTER DIÉ PILARE (ANON., S.A. (B)).

Met die oordrag van die POK-geboue aan die Universiteit, is opknappingswerk noodsaaklik geag. Bütow berig in sy verslag vir 2008 dat die POK-Hoofsaal finaal opgeknap is en in hergebruik geneem is tydens ’n galageleentheid op 28 Februarie (Bütow, 2008:1).

Sedertdien word die saal gereeld gebruik tydens Aardklop, terwyl die NWU-PUK Simfonieorkes onder meer op 11 Mei 2013 ’n konsert as deel van hul “Musiek met mening”-projek ten bate van Huis Hebron ’n konsert in die saal aangebied het. Bütow berig dat ’n “waarderende gehoor die saal letterlik oorvol gepak het” (Bütow, 2013a:6).

12.3.9 Kaartjiestelsels

Deel van Bütow se kantoor se taak ten opsigte van die fasiliteite onder sy bestuur was nie net besprekings vir die lokale nie, maar ook kaartjieverkope vir geleenthede wat daar plaasgevind het. Kaartjieverkope vir die Ouditorium is van meet af hanteer. Later het kaartjieverkope vir ander fasiliteite, soos die Totiussaal en die Cachet-Kleinteater ook onder die take van die PUK Kunste en sy voorgangers geval, terwyl kaartjieverkope vir geleenthede in die Konservatorium-saal ook hanteer is. Dié kantoor was ook betrokke by die skep van ’n stelsel vir kaartjieverkope van die Alabama Studentegeselskap se optredes tydens hulle toere.

12.3.9.1 Interne kaartjiestelsels

Kaartjies vir die Ouditorium is sedert sy opening met behulp van ’n rekenaarprogram geskep wat deur middel van die destydse hoofraamrekenaar die kaartjies gedruk het (Anon., 1980f:5). Een van die eerste borge van die Ouditorium se kaartjies was die plaaslike motorhandelaar, Harold’s Pat’s, wie se advertensies lank agter op die kaartjies verskyn het (Anon., 1985n:28). Kaartjies is wel elektronies geskep, maar al die kaartjies vir ’n spesifieke vertoning is vooraf uitgedruk en verdeel onder verskillende verkoopspunte.

In 1994 is ’n gerekenariseerde besprekingstelsel geïnstalleer en in 2004 is ’n verdere verbeterde gerekenariseerde kaartjiebesprekingsisteem in werking gestel (Bütow, 1994a:8; Bütow, 2006:6). Dié

sisteem het egter sy eiesoortige probleme opgelewer, onder meer dat al die kaartjies vir ’n spesifieke vertoning met een slag uitgedruk word. Dit het ure geneem om die kaartjies te druk en daar is besluit om dit oornag te druk. Dit het egter soms gebeur dat die kaartjies, wat outomaties vou, ’n probleem ontwikkel. Volgens Alanka Craffert, ’n vorige administratiewe assistent van PUK Kunste, het dit veroorsaak dat haar kantoor oornag omskep is in ’n papierbesaaide chaos. Die sowat 1 000 kaartjies moes dan een vir een opgevou en op die regte plek gerangskik word. Na die kaartjies uitgedruk is, moes dit ook versigtig van mekaar losgeskeur word en ry vir ry uitgesorteer word om eweredig verdeel te word tussen die verskillende verkoopspunte. Dit was twee dae se werk om een vertoning se kaartjies gereed te kry en na die geleentheid moes alles weer getel word om te kyk hoeveel verkoop is en om die finansiële sy af te sluit (Craffert, 2014).

’n Nuwe Internet-gekoppelde kaartjiebesprekingstelsel is gedurende 2011 geïnstalleer en vroeg in 2012 getoets en in werking gestel (Bütow, 2011a:7). Deur middel van die TIXSA-stelsel kan kaartjies op die Internet gekoop word, terwyl dié stelsel se drukker enkele kaartjies vir elke koper uitdruk. Die stelsel bereken ook vinnig en outomaties die verkope van elke vertoning, terwyl die administrateur enige tyd kan kyk hoe kaartjieverkope vir ’n spesifieke vertoning vorder (Craffert, 2014).



ILLUSTRASIE 12.22
BO: KAARTJIES VIR DIE 50-JAAR REÜNIE VAN ALABAMA, TOON DIE VOORKOMS VAN DIE KAARTJIES IN 1993 (ALABAMA, 1993C).



ILLUSTRASIE 12.23
REGS: DIE VOORKOMS VAN KAARTJIES IN 2014, NADAT DIE TIXSA-STELSEL IN GEBRUIK GENEEM IS (PUK KUNSTE, 2014).

12.3.9.2 Eksterne kaartjiestelsels

Die toergroepe wat in 1980’s uit die Koor, Alabama, Thalia en die PU-Kaners bestaan het, het ook kaartjies benodig om verkoop te word tydens hulle toere. Wat die personeel van die Kultuurkantoor hoofbrekens besorg het, om in dié behoefte te voorsien, is die feit dat elkeen van die sale waarin hulle opgetree het, verskil het. Riaan van der Walt was van 1984 tot 1989 bestuurder van die Ouditorium en het terselfdertyd Rekenaarwetenskap aan die Universiteit studeer. Hy het sy hand daaraan geslaan om ’n rekenaarprogram te skryf wat so aangepas kon word dat daar vir elke moontlike saal ’n pasgemaakte stel kaartjies gedruk kon word.

Die stelsel was van so ’n aard dat die vloerplanne van elke saal in die program ingelees kon word. Daarna is dit via die hoofraam-rekenaarnetwerk van die Universiteit na die Sentrale Drukkery gestuur, waar die pasgemaakte kaartjies vir elke saal gedruk is. Die rekenaarprogram het ook toegelaat dat daar ’n skoon bladsy tussen die kaartjies van elke ry geplaas is. As dit klaar gedruk en gesny is, kon hulle só maklik die verskillende rye se kaartjies van die hopie afhaal en vaskram (Van der Walt, 2014).

12.4 Besinning oor die waarde van NWU-PUK Kunste en sy voorgangers

Die ’n poging om ’n sinvolle besinning oor die waarde van NWU-PUK Kunste en sy voorgangers tot die Universiteit te maak, sal gedoen word in terme van die hoofpunte, soos in die hoofstuk hierbo uiteengesit, naamlik (12.4.1) NWU-PUK Kunste en sy voorgangers en (12.4.2) Fasiliteite.

12.4.1 Besinning oor NWU-PUK Kunste en sy voorgangers

Die waarde wat NWU-PUK Kunste en sy voorgangers toegevoeg het tot die kunskulturele bedrywighede van studente aan die Universiteit is uiters moeilik empiries berekenbaar. Bütow het homself sedert sy aanstelling in 1980 as ’n “instaatsteller” gesien, wat hoofsaaklik in adviserende hoedanigheid teenoor die studente en hul kunskulturele aktiwiteite opgetree het (Bütow, 1981a:1). Bütow se benadering tot die leiding aan studente blyk uit Riaan van der Walt se opmerking (kyk na 12.2.3.1), naamlik om dié leiding en ondersteuning te gee, maar om tog by ’n gestelde doelwit uit te kom. Die waarde wat PUK Kunste in dié opsig het, blyk ook uit ’n opmerking van Haddad Viljoen in *Die Wapad:* “As enige iemand inisiatief aan die dag lê en so vorendag kom met ’n aktiwiteit of konsert, is hierdie die mense (destyds die Departement Kultuur) wat jou gaan help en ondersteun om jou produk van die grond af te kry” (Viljoen, 1998d:6).

Met ’n ywerige personeel, veral iemand in die persoon van Peet Ryke, wat as voog van die Koor en Boulevard Harmoniste oor baie jare dié groepe ondersteun het, het dit tot groot suksesse vir dié groepe gelei.

Talle projekte is aangepak, soos Blinkdink, wat vir ’n tydperk suksesvol was. Ander, soos die projek om kultuurbeurse aan studente wat aan kunskulturele aktiwiteite meedoen, het gegroei uit ’n meevaller uit die inkomste van die eerste Filmfees in 1986 tot ’n reuseprojek.

Nie alleen was Bütow die eerste kultuuradviseur aan ’n Universiteit in Suid-Afrika nie (kyk na 12.2.1), maar het hy ook ’n belangrike rol gespeel in die stig van ’n nasionale vereniging vir kultuurbeamptes aan tersiêre inrigtings (kyk na 14.4.1). Dit dui op die leidende rol wat PUK Kunste en sy voorgangers op dié gebied nasionaal gehad het. Volgens Gerrie Lemmer, hoofbestuurder: projekte van die ATKV,

het nie een van die voorheen tradisioneel Afrikaanse universiteite dieselfde infrastruktuur as PUK Kunste nie. Soortgelyke instansies bestaan wel by ander universiteite, maar word onder meer deur studente bedryf, of uitgekontrakteer (Lemmer, 2017).

12.4.2 Besinning oor die waarde van die fasiliteite onder beheer van NWU-PUK Kunste en sy voorgangers

PUK Kunste se rol as "instaatsteller", om studente die geleentheid te bied om belangstellings en talente in die uitvoerende kunste te beoefen, is kardinaal afhanklik van die beskikbaarheid van fasiliteite waar hulle dié aktiwiteite kan beoefen (Bütow, 2014a). Al die fasiliteite onder beheer van PUK Kunste en sy voorgangers is so bestuur dat dit vir studente toeganklik kan wees. Volgens Bütow het 'n gebrek aan soortgelyke fasiliteite by ander universiteite daartoe gelei dat kunstebeoefening onder studente skade gely het (Bütow, 2014a).

Alhoewel die Ouditorium dikwels vir kunskulturele studenteaktiwiteite benut word, het dit egter van meet af 'n groter doel gehad, naamlik om as "teater en skouburg van Potchefstroom" en kultuursentrum vir die streek te dien (Bütow, 1995e:1). Die waarde in hierdie opsig, is moeilik empiries berekenbaar, maar die feit dat dit as "middelpunt van die hoofproduksies" van die Aardklop Kunstefees gereken is kan hieruit afgelei word dat die ontstaan van dié kunstefees, sy rol op die vlak van nasionale kunste beoefening, die invloed van dié fees op Potchefstroom, gekoppel kan word aan die bestaan, bestuur en benutting van die Ouditorium.

12.4.3 Ten slotte

Die waarde van PUK Kunste en sy voorgangers en hoe dit gesien word deur sy personeel blyk uit 'n aanhaling van die Amerikaanse kongreslid, Barbara Jordan, wat op die deur van een van die kantore in die Heimat-gebou opgeplak is. Dit lui só:
The arts are not a frill. The arts are a response to our individuality and our nature, and help to shape our identity. What is there that can transcend deep difference and stubborn divisions? The arts. They have a wonderful universality. Art has the potential to unify. It can speak in many languages without a translator. The arts do not discriminate. The arts lift us up (azquotes.com, 2016).

Elkeen van Jordan se stellings kan met 'n aspek van die werksaamhede van die NWU-PUK Kunste in verband gebring word nie.

The arts are not a frill.
Vanaf sy aanstelling was die waarde, noodsaaklikheid en belangrikheid van die kunste by Bütow nooit betwyfel nie. Toe die Eerstejaarskonsert in 1985 eensydig afgestel is, het Bütow 'n omvattende

brief aan die studentedekaan gerig waarin die waarde van die Eerstejaarskonsert uiteengesit is. Bütow meld dat die persone wat die Eerstejaarskonsert wou afstel gereken het dat die Talentfees die Eerstejaarskonsert vervang. Bütow reageer daarop en sê dat "Rugby sal nooit atletiek vervang nie" (Bütow, 1984h). Bütow se uitgangspunt was van meet af dat dieselfde tyd en geld wat aan die bevordering van sport aan die Universiteit bestee moet word, die kunste ook moet toekom (Bütow, 2014a).

The arts are a response to our individuality and our nature, and help to shape our identity.
Eweneens het die beoefening van die kunste volgens Bütow 'n geleentheid geskep om 'n student te vorm sodat hy of sy volle potensiaal en talent aan die Universiteit kan ontwikkel, nie slegs die akademiese nie. Die kultuurvraelys is daarop afgestem en talle geleenthede van 'n wye aard is geskep om studente die kans te gee om 'n nis te vind waar elkeen sy eie talent kon beoefen.

Bütow se gewilligheid om studente by te staan wanneer hulle met 'n idee vir 'n produksie of aktiwiteit na vore gekom het, bevestig dit ook.

What is there that can transcend deep difference and stubborn divisions? The arts. They have a wonderful universality. Art has the potential to unify. It can speak in many languages without a translator. The arts do not discriminate.

Bütow se optrede in 2001 toe 'n lid van die Serenaders sekere aanklagte teen die groep gebring het (kyk na paragraaf 7.3.3.1) en die wyse waarop hy die groep ondersteun het in die omstandighede wat die potensiaal gehad het om nie alleen in 'n politieke polemiek te kon ontaard nie, maar ook bestaan van die Serenaders ernstig in die weegskaal kon bring, getuig van 'n poging om eenheid te bring.

Die waarde wat PUK Kunste en sy voorgangers tot die Universiteit toegevoeg het, blyk dus – alhoewel empiries onbepaalbaar – een van die belangrikste positiewe aspekte van die instansie te wees.

Die aktiwiteite van PUK Kunste en sy voorgangers was van meet af nie net afgestem op interne kunskulturele bevordering nie, maar ook om kunskulturele aktiwiteite in Potchefstroom, die streek en die land te bevoordeel. Hierdie aspekte word in hoofstuk 13 bespreek.

HOOFSTUK 13
Lang- en korttermyn kunskulturele projekte

Hoofstuk 13 bevat projekte wat deur die Kultuurkantoor geïnisieer en ondersteun is, ten einde kunskulturele studenteaktiwiteite te bevorder. Hier word onderskei tussen langtermynprojekte (Eerstejaarskonsert, Talentfees, Filmfees, Sêrre,) (paragraaf 13.1) en korter en eenmalige projekte (paragraaf 13.2).

13.1 Langtermynprojekte

Projekte wat hier beskryf word, is hoofsaaklik geïnisieer en word steeds aangebied deur die Kunsteraad (voorheen Kultuurraad). Oor die jare het van dié projekte gedien as voedingsbron en komplimentêr tot die uitvoerende studentegroepe van die Universiteit. Hierdie projekte sluit in die Eerstejaarskonsert, Talentfees, Filmfees en Sêrre. Die Kultuurkantoor en sy opvolgers het egter grootliks bygedra tot die sukses en die voortsetting van dié projekte.

13.1.1 Eerstejaarskonsert

Reeds gedurende die sestigerjare is ’n Eerstejaarskonsert aangebied en die ABKK berig in sy jaarverslag vir 1962/3 dat dié suksesvolle konsert pas na afloop van inlywing aangebied is (ABKK, 1962/3:8) Daarna word ’n Eerstejaarskonsert in 1976 in die vooruitsig gestel. Twee jaar later, in 1978, is dit beplan om op 6 April gehou te word, maar het ook nie plaasgevind nie (Kultuurraad, 1978b:2). Teen Oktober 1979 was die planne gemaak vir die hou van ’n Eerstejaarskonsert op 21 Februarie 1980. Koshuise is verplig om deel te neem en ’n toneelstuk van nie langer nie as 10 minute te lewer (Kultuurraad, 1979).

Enkele maande na Bütow in Februarie 1980 aangestel is as studenteadviseur: kultuur, is die eerste eerstejaarskonsert gehou (Bütow, 1980a:1). Met die probleem wat in 1984 ontstaan het, nadat die Bestuurskomitee die Eerstejaarskonsert eensydig afgestel het op aanbeveling van die Koshuisraad, skryf Bütow aan die rektor dat die Eerstejaarskonsert deur hom geïnisieer is “om ’n balans te skep tussen sport- en kultuuraktiwiteite tydens ’n eerstejaar se eerste twee maande op die kampus.” Hy meld ook dat Eerstejaarskonsert dien om talente onder eerstejaars te identifiseer en “kan onder andere weer gebruik word vir ons toergroepe en talentfees” (Bütow, 1984h).

Die belangrikheid van talentontwikkeling blyk ook uit Bütow se verslag van 1993, waarin hy berig: *Die afgelope jare, en in besonder hierdie jaar, het getoon dat die PUK al hoe meer studente lewer wat op besondere wyse kulturele prestasies behaal wat in die nasionale kollig val (bv Kobie van*

Rensburg, Ina Engelbrecht, Sanet Nel en ander). Die Departement Kultuur beoog om in die toekoms nog meer as tevore hierdie persone te identifiseer, aan te moedig en fasiliterend op te tree om vir hulle geleenthede te skep om kulturele hoogtepunte te bereik (Bütow, 1993b:5). In hierdie opsig blyk die Eerstejaarskonsert dan van belang te wees vir die uitvoerende studentegroepe, aangesien potensiële lede vir dié groepe tydens die Eerstejaarskonsert geïdentifiseer kon word. Die feit dat die Eerstejaarskonsert wel benut is vir die identifisering van talent, blyk uit La Grange se opmerking in *Wapad* van 17 Februarie 2000: "Die ABSA-eerstejaarskonsert het hierdie jaar 'n groot gros jong talent die huisligte laat sien" (La Grange, 2000a:1).

Bütow berig in 1981 dat die Eerstejaarskonsert dié jaar al 'n redelike hoë standaard bereik het. "Dit behoort in die toekoms 'n belangrike komponent van die oriënteringsaktiwiteite te word" (Bütow, 1981a:6). Aanvanklik is daar wenners aangewys vir onderskeidelik die mans- en dameskoshuise (Delport, 1984:1).

Die aard van die items tydens Eerstejaarskonserte, blyk uit *Wapad* van 26 Februarie 1982:
Die term eerstejaarskonsert was nog altyd gekoppel aan baie lawwigheid waar daar eerder gepoog word om die eerstejaars belaglik te maak. Iets met min estetiese waarde. Natuurlik was daar hierdie jaar nog steeds koshuise wat hierby gestagneer het, maar oor die algemeen was die standaard hoër as die van vorige jare. Koshuise het aan die estetiese gedink en selfs sover gegaan om sosiale kommentaar te lewer (Kotzé, 1982:6).


DIE 1980 KULTUURRAAD VAN PU VIR CHO

bied aan

EERSTEJAARSKONSERT

op DONDERDAG 21 FEBRUARIE 1980 om 19h00

in die HENNIE BINGLE OUDITORIUM -

STUDENTESENTRUM

Program 10c

GEEN KOOP OF VERVERSINGS IN DIE OUDITORIUM NIE

ILLUSTRASIE 13.1
DIE PROGRAM VAN DIE EERSTE EERSTEJAARSKONSERT WAT OP 21 FEBRUARIE 1980 GEHOU IS (KULTUURRAAD, 1980).

'n Polemiek ontstaan in 1984 oor die Eerstejaarskonsert, waartydens Veritas se item aanvanklik gediskwalifiseer is, maar later 'n tweede plek behaal het. Beskuldigings is gemaak dat 'n verteenwoordiger van die Kultuurraad nie al die reëls aan Veritas bekendgemaak het nie (Delport, 1984:1).

Na die Bestuurskomitee van die Universiteit later die jaar die Eerstejaarskonsert eensydig afstel op aandrang van die Koshuisraad, ontlok dit hewige reaksie in *Wapad* en by die Studenteraad en Bütow.

"Socrates" skryf in *Wapad* op 4 Februarie:
Wat 'n belaglike, ondeurdagte besluit – as mens hulle motivering in aanmerking neem. Hulle het dit glo teen die inhoudelike. Persoonlik het ek nog nooit gevoel dat dit nodig was dat die stukke verlede jaar gesensor moes word nie. In hierdie stadium verwerp ek die besluit met die minagting wat dit verdien. Die SSR het darem positief opgetree. Ek hoop hulle kan iets regkry om te bewys dat hulle werklik ons belange op die hart dra. Verlede jaar was daar byna drieduisend mense saam op twee agtereenvolgende aande in die Ouditorium tydens die Eerstejaarskonsert. Die feite spreek vanself (Socrates, 1985).

Bütow rig 'n brief van vier bladsye aan die direkteur van die Studenteburo, prof CJ van der Watt, waarin hy beswaar aanteken teen die Bestuurskomitee se besluit en die bestaan van die Eerstejaarskonsert regverdig (Bütow, 1984h).

Hy berig daarna in sy jaarverslag: "Na die polemiek rondom die aanbied al dan nie van die Eerstejaarskonsert, kan met vrymoedigheid gerapporteer word dat die konsert wel suksesvol en sonder probleme plaasgevind het. Daar bestaan volgens ons mening geen gronde daarvoor dat die konsert die akademiese aktiwiteite van studente benadeel nie en word beskou as 'n belangrike aktiwiteite op die kultuurkalender" (Bütow, 1985b:3).

Die volgende jaar rapporteer Bütow: "Die Eerstejaarskonsert kon hierdie jaar met minder probleme (koshuisprobleme) aangebied word, met bywoningsyfers wat alle voriges oortref het. Daar word tans daaroor besin om die Eerstejaarskonsert heeltemal uit die 'akademiese tyd' uit te skuif en moontlik die konserte en die instudering daarvan reeds in die oriënteringstydperk aan te bied" (Bütow, 1986b:3). Nadat Bütow in sy 1988-verslag berig dat die Eerstejaarskonsert nie bevredigend afgehandel kon word nie, word daar in 1989 'n nuwe konsep geïmplementeer (Bütow, 1988a:2).

Dié konsep word in sy verslag van 1989 uiteengesit:
Die vier hoofveranderinge is die volgende:

** Oorskakeling van enkelkoshuis-kompetisie na sleepkoshuise;* [Die term "sleepkoshuise" word verduidelik in paragraaf 3.6].
** Slegs die gebruik van eie instrumente – dus geen klankopnames of elektroniese klanke nie;*
** Slegs humoristiese musiekblyspele moet opgevoer word;*
** Oefeninge en die konsert mag met geen akademiese bedrywighede bots nie* (Bütow 1989a:2). Daar word ook besluit dat die groep wat deelneem uit minimum 15 persone en maksimum 40 moet

bestaan, maar die verhouding tussen die geslagte word aan eie diskresie oorgelaat (Kultuurraad, 1989a).

Hiermee het die Eerstejaarskonsert grootliks die vorm aangeneem wat dit steeds het.

Die kwaliteit van die items tydens die Eerstejaarskonserte blyk onder meer uit die resensie van La Grange daaroor in *Wapad* in 2000, wat skryf: “Hierdie jaar se produksies was op baie groot skaal en sommige konserte kon dalk selfs Alabama uitstof op ’n goeie aand” (Le Grange, 2000:1). La Grange noem dat die kriteria by beoordeling “sang, humor, choreografie, dekor en oorspronklikheid is”.

Hoe belangrik die koshuise sukses in die Eerstejaarskonsert ag, blyk uit gebeure in 2006 toe Katlego Maboe, later nasionaal bekend as sanger en televisie-aanbieder, ’n rol vertolk het in Veritas en Vergeet-My-Nie se item in die Eerstejaarskonsert. Maboe was toe reeds in sy tweede studiejaar en het die vorige jaar ’n rol gehad in Heimat se item vir die Eerstejaarskonsert. Seniors het hom dadelik in Veritas se item geëien en beswaar aangeteken. Die omskrywing van die term “senior eerstejaar” het klaarblyklik toegelaat dat Maboe se deelname tegnies korrek was. Hy was wel akademies en histories ’n tweedejaarstudent, maar het Veritas se Ontvangs- en Bekendstellingsprogram deurloop, wat hom ’n “senior eerstejaar” volgens die omskrywing in die reëls gemaak het. Dié omskrywing is daarna verander, wat behels het dat slegs persone wat vroeër aan ’n ander kampus of universiteit studeer het en vir die eerste keer aan die NWU se Potchefstroomkampus studeer in daardie jaar as ’n eerstejaar gereken sou word (Du Plooy 2006:3).

In ’n artikel oor die aktiwiteite van die Kultuurraad verduidelik Chrisjan van den Berg in 2008 onder meer hoe die Eerstejaarskonsert funksioneer:
Eerstejaarskonsert is die tweede groot kultuuraksie van die termyn. Wat hierdie aksie onderskei van ander aksies, is die tydsbeperking en die vereistes wat aan die koshuise gestel word. Die slepe kry slegs twee weke om 'n produksie wat hulle self skryf op die planke te bring. Daar word van die slepe verwag om 'n eie komposisie, eie choreografie en 'n voorgeskrewe liedjie in die produksie te inkorporeer (Cilliers, 2008:9).

(“Slepe” is ’n wisselterm vir “sleepkoshuise”, soos verduidelik in paragraaf 3.6).

Na 34 jaar beskryf Bütow die jaarlikse Eerstejaarskonserte as “tradisioneel”. Daar is dié jaar altesaam vier konserte aangebied, twee konserte elk op twee aande in Januarie. “Die bywoning van die konserte was soos gewoonlik uitstekend, ten opsigte van al vier die geleenthede.” Uitvoerende kunsteverenigings is die geleentheid gebied om in die foyer uit te stal, wat Bütow as “baie goed” beskou en hy beveel aan dat dit in die toekoms voortgesit word (Bütow, 2013d:1).

13.1.2 Kampustalentfees

13.1.2.1 Inleiding

Die Kampustalentfees, soos geïnisieer deur die Kultuurkantoor en deur die Kultuurraad met die ondersteuning van Bütow se kantoor georganiseer, het die eerste keer in 1984 plaasgevind (Bütow, 1984c:2). Teen 2013 word dit beskryf as die langslewende projek van sy soort by enige universiteit in Suid-Afrika (PUKKEtv, 2013).

Dit was egter nie die eerste "talentkompetisie" wat aan die PU plaasgevind het nie. 'n Kommissie wat in 1967 verslag gedoen het oor die organisering van kunsfeesaksies op 'n interkoshuisbasis gee historiese agtergrond:
Gedurende 1956 het die gedagte van die Kunsfees ontstaan as 'n middel waardeur die ABKK baie meer vir die kulturele lewe van die PU kan doen. Die beplanning was om dit met die hulp van die onderliggame te doen. Dis beplan op die tradisionele Kunswedstryd-basis waar alle deelnemers aan 'n spesifieke kunsvorm op 'n vasgestelde aand teen mekaar sou kompeteer. Die Kunsfees het 'n week geduur met elke aand die kompetisie en beoordeling van 'n ander kunsvorm. Hierdie aksies is as 'nie geslaagd' beskryf weens verskeie faktore, onder andere die swak bywoning daarvan (Van Rensburg *et al.,* 1967:1).

In 1957 val die Kunsfees "deur die mat" en daar word besluit dat dit nie langer as drie of vier dae moet duur nie en dat daar voorsiening vir pryse gemaak moes word. In 1958 is daar vooraf uitdunne gehou en 'n gesamentlike konsert, waar die finaliste deelgeneem het, is gehou. "Dit was blykbaar 'n groter sukses." Drie pogings word in 1959 aangewend: 'n kunsfees as deel van Vreugdedag, 'n kunsfees as deel van die Taalfees en 'n tradisionele kunswedstryd. Eersgenoemde twee was 'n mislukking, terwyl die laaste – wat oor twee dae plaasgevind het – "dividende" afgewerp het. Dié formaat is in 1960 herhaal, terwyl dit die volgende drie jaar "in die kookpot van beplanning" beland het en dit staan bekend as 'n "Kultuurweek". Bekende kunstenaars is in 1963 uitgenooi om deel te neem en 'n mannekwartet, onder leiding van die tenoor Gert Potgieter, tree op. Nog kunstenaars is die bekende sangpaar van dié jare, Bob Borowski en Dorisch Brasch, asook Victor Ivanoff. Die bywoning van dié konsert word as "swak" bestempel. In 1965 het daar geen Kunsfees plaasgevind nie en dit word in 1966 vervang met 'n interkoshuiskompetisie. "Die doel van hierdie tipe konserte was nie hoofsaaklik die opsporing van talent onder die studente met die oog op die ASB-Kunsfees nie, maar om ook opvoedingswerk te verrig ten opsigte van kunswaardering" (Van Rensburg *et al.,* 1967:1, 2).

Van Rensburg se kommissie beveel aan dat ’n mans- en dameskoshuis saam deelneem, in die vorm van vandag se sleepkoshuise, met vier afdelings: ’n eenbedryf, koor, individuele items en eie keuse.

Dié kompetisie blyk daarna dood te loop en vanaf 1982 is ’n “kultuurkompetisie” op die agenda van die dagbestuur van die Kultuurraad. Voorstelle op die vergadering van 16 Mei 1983 sluit in: “gemengde sêr, kunswerke, in die vorm van ’n Kultuurraadplakkaatkompetisie, digkuns, drama/prosa, musiek.” Die bestuur sou voorstelle by die voogverenigings inwin oor items (Kultuurraad, 1983).

13.1.2.2 Die eerste Talentfees

Die eerste talentfees vind egter in 1984 plaas en Bütow berig in sy jaarverslag vir 1984: *’n Volwaardige PUK-Talentfees is vir die eerste keer aangebied en was baie geslaagd. ’n Totaal van 80 inskrywings in 13 kategorieë is ontvang en die Rektorsprys vir die algehele wenner is aan André Howard en Gheta Grobbelaar toegeken* (Bütow, 1984c:2). Die Kultuurraad is eweneens tevrede met die sukses daarvan (Kultuurraad, 1984a). (Kyk na bylaag 5 vir ’n lys van die algehele wenners van elke jaar.)


In ’n onderhoud met Horst Bütow wat na die 30 Jaar Feeskonsert in 2013 op televisie uitgesaai is, sê hy die Talentfees is geskep sodat individue hul talente ten toon kon stel. Sêrkompetisies en van die uitvoerende groepe het studente die geleentheid gebied om in ’n groep hul talente te kan ontwikkel, maar daar was nie ’n geleentheid vir individue nie (PUKKEtv, 2013).

Volgens die program van die eerste Talentfees is daar aanvanklik slegs ses kategorieë beplan, maar dit het uitgebrei na 12 (Bütow meld in sy jaarverslag daar was 13). Die program lys die kategorieë soos volg:

A. Vokaal ernstige musiek (individu)
B. Vokaal ligte musiek (individu)
C. Vokaal ernstige musiek (groep)
D. Vokaal ligte musiek (groep)
E. Instrumentaal: ernstige musiek (groep en individu)
F. Instrumentaal: ligte musiek (groep en individu)
G. Oorspronklike komposisies (individu) & oorspronklike lirieke
H. Oorspronklike digwerk & oorspronklike prosawerk (individu)
I. Monoloog drama (individu)
J. Vertolking poësie (individu en groep) & vertolking prosa (Individu en groep)
K. Beweging bv. ballet, volksdanse (individu en groep)
L. Skilderkuns & beeldhouwerk (individu) (Kultuurraad, 1984d).

’n Groot aantal inskrywings is in kategorieë A tot G, I, J en K ontvang en daarvan kon net 30 tydens die finaliste-aand optree. Inskrywings in kategorieë H & L is in die foyer van die Ouditorium uitgestal (Kultuurraad, 1984d). Wat pryse betref, sê Bütow: “Daar was nie geld nie en ek het toe gegaan van departement tot departement en gaan bedel vir ’n prys, R200 per kategorie” (PUKKEtv, 2013).

Beoordeling van al die inskrywings het vooraf plaasgevind en slegs die 30 finaliste het op 18 Mei tydens die finaliste-aand opgetree (Kultuurraad, 1984d).



ILLUSTRASIE 13.2
DIE PROGRAM VAN DIE EERSTE TALENTFEES WAT IN 1984 AANGEBIED IS (KULTUURRAAD, 1984D).



ILLUSTRASIE 13.3
GHETA GROBBELAAR EN ANDRÉ HOWARD WAS DIE WENNERS VAN DIE EERSTE TALENTFEES IN 1984 (FOTOGRAFIESE DIENSTE, 1984).

Gaskunstenaars by dié eerste Kampustalentfees was Rina Hugo, oud-Alabamalid en bekende sangeres van ligte musiek, Johan van Rensburg, voormalige musiekregisseur van Alabama, Louis (Drummond) van Rensburg, ook ’n voormalige musiekregisseur van Alabama en Johan se broer, en Evantis Joubert. Die seremoniemeester was Chris Windell, direkteur: Openbare Betrekkinge (Kultuurraad, 1984d).

Volgens Bütow het die deelname en bywoning daarvan getuig dat ’n groot behoefte uiteindelik bevredig is. “Daar word beoog om hierdie jaar op die sukses voort te bou en die Talentfees nog meer uit te bou. Daar word voorspel dat die Talentfees die spoggeleentheid van die jaar op kultuurgebied sal wees” (Bütow, 1984c:2).

13.1.2.3 Kategorieë

Kategorieë waarin deelnemers kon inskryf het, soos hierbo uiteengesit, hoofsaaklik bestaan uit vokale en instrumentale afdelings vir individue en groepe, maar het van jaar tot jaar verskil na gelang van die gewildheid, aldan nie, van verskillende aktiwiteite.

In 1986 is ’n kategorie vir komediante ingevoeg, wat Bütow in sy jaarverslag as suksesvol beskou en behou sal word (Bütow, 1986b:1). Giep van Zyl, komediant van Alabama, wen die afdeling en is dié aand ook seremoniemeester (Joubert, 1986:1). Die kategorie vir stokperdjies word in 1989 die eerste keer ingesluit, wat blyk gewild te wees, want dit word aanbeveel vir die volgende jaar. Dié jaar verskyn ’n kategorie vir fotografie ook (Erasmus, 1989).

In 2004 is ’n kategorie vir video bygevoeg (Boshoff, 2004:4) en in 2005 ’n kategorie vir Afrika-musiek (Kultuurraad, 2006a). Die vereistes vir die kategorie vir grafiese kuns is in 2009 aangepas sodat gemanipuleerde foto’s ook kwalifiseer (Van Wyk, 2009:6). In 2014 is ’n oop kategorie ingestel asook een vir akoestiese instrumente (Bütow, 2014e:9).

13.1.2.4 Beoordeling

Die beoordelaars van die eerste Talentfees in 1984 was prof Hans du Plessis, Ann Fallows, Karin Hougaard, dr Elize Scheepers, Theo van Blerk en Truida van der Walt (Kultuurraad, 1984d).

Nadat daar in 1996 sprake was dat die beoordelaars “subjektief” beoordeel, skryf *Wapad* op 17 Mei dat die beoordelaars nie “enige Jan Rap en sy maat is nie,” maar dat die paneel uit akademici en musiekkenners bestaan. *Wapad* vervolg:
Daar word gekyk na die kwaliteit, konsertvriendelikheid en uitvoerbaarheid van die inskrywings asook die oorspronklikheid daarvan. Die afdelings waarvolgens beoordeel word, is:
** Tegniese afrond/tegniek uit 30*
** Vertolkings, oorspronklikheid en inhoud uit 30*
** Algehele indruk uit 40*
** Totaal uit 100* (Le Roux & Malan, 1996:12).

In 2000 was die beoordelaars prof Huib van Hamburg, dr Paul Schutte, mnre John Botha, Riaan Bezuidenhout, Johan Erasmus, Richter Grimbeek en mev Antoinette van Staden (Kultuurraad, 2000:3). Prof Paul Schutte word in 2007 aangedui as die sameroeper van die beoordelaars, terwyl dr Martin Watt, wat in 1991 die wenner was van die skeppende afdeling in die kategorie: oorspronklike komposisie, ook een van die beoordelaars is (Kultuurraad 2007; Harris, 1991:8). Die beoordelaars van 2014 was prof Paul Schutte (hoofsameroeper), prof John Botha, dr Conroy Cupido, me Starr

Veldsman, me Cindy Puren, mnr Niekie van der Walt, me Jana Mathee, me Laurika Muller en mnr Kobus Venter (Kunsteraad, 2014).

13.1.2.5 Borge en pryse

Nadat daar aanvanklik intern fondse gewerf is vir prysgeld, sou borge later ’n groot rol speel in die sukses van die Talentfees. In 1985 berig Bütow dat die kultuurorganisasies, FAK, ATKV en ATKB by die Talentfees betrek is (Bütow, 1985b:4). Vanaf 1988 is Standard Bank een van die belangrikste borge (Bütow, 1988a:2) en teen 2000 steeds een van die borge (Kultuurraad, 2000).

In 2006 en 2007 staan die Talentfees bekend as die Artéma Kampustalentfees (Kultuurraad, 2006a). Die volgende jaar is die NWU-PUK Alumni die titelborg van die Kampustalentfees, wat dié jaar onder meer ’n prys geborg het vir die koshuis wat *per capita* die meeste inskrywings gehad het. Ander borge dié jaar is Puk Mobile, Radio Puk, die ATKV, die Akker Koffiehuis, De Jonge Akker Koffiehuis, die Artéma Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling en Protea Boekwinkel (Kultuurraad, 2007). In 2013 en 2014 staan die fees bekend as die Pukki Talentfees (Kunsteraad, 2013a:4; Kunsteraad, 2014:13, 14). In 1987 borg die Junior Rapportryers ’n prys vir die beste bydrae tot die bevordering van die Afrikaanse taal, terwyl die ATKV ’n prys borg vir die belowendste kunstenaar (Anon., 1987h:1).

Nadat die kategoriewenners van die eerste Talentfees in 1984 elk R200 ontvang het, is dit in 1989 verdubbel na R400 (Erasmus, 1989).

In 1989 is daar vir die eerste keer “’n blywende ‘iets’ aan die wenners oorhandig in die vorm van ’n trofee, wat met groot byval ontvang is en wat meer luister aan die aand verleen het” (Bütow, 1986b:1). (Kyk na illustrasie 9.8 vir ’n voorbeeld van trofees wat tydens die Talentfees oorhandig is.) In 1990 ontvang elke kategoriewenner R400, terwyl die wenners van die Rektorstrofee en Visekanselierstrofee elk ’n bykomende R400 ontvang (Kultuurraad, 1990b).

Nadat daar aanvanklik net een algehele wenner was, word daar sedert 1991 twee wenners aangewys, onderskeidelik vir die skeppende en uitvoerende kategorie. Die eerste wenner van die skeppende kategorie was Martin Watt wat die kategorie: oorspronklike komposisie (lig) gewen het (Harris, 1991:8). Later het die wenner van die skeppende kategorieë die Visekanselierstrofee ontvang, terwyl die wenner van die uitvoerende kategorieë die Rektorstrofee ontvang (Kultuurraad, 2000:5).

Teen 2004 wen elke kategoriewenner R700, geborg deur Standard Bank, benewens die pryse vir die wenners van die skeppende en uitvoerende kategorie, terwyl verskeie pryse, onder meer geborg

deur plaaslike besighede en die ATKV beskikbaar is (Roos, 2004:11). Met die NWU-PUK se Alumni-kantoor as hoofborg, is daar in 2011 R2 500 beskikbaar vir elke kategoriewenner (Anon., 2011c:9)

13.1.2.6 Enkele hoogtepunte

Die formaat waarin die eerste Talentfees in 1984 aangebied is, is grootliks oor die jare behou. Dit behels dat alle inskrywings vooraf beoordeel is en enkele finaliste is gekies om op te tree tydens die aand waarop die prysuitdeling plaasvind. Dit het egter die program redelik lank uitgerek en is ’n punt van kritiek wat oor baie jare teen die Talentfees gebring is (Bütow, 1985d:4). In 1993 skryf *Wapad* dat die prysuitdeling ’n uur van die program in beslag geneem het. “Na ’n program van vier ure was dit dalk ’n bietjie te erg” (De Bruyn, 1993:19). Ten einde die beoordelaars kans te gee om op ’n wenner te besluit, word daar in 1989 ’n musiekvasvrakompetisie aan die einde van die aand aangebied (Fourie, 1989).

Teen 2008 is ’n nuwe benadering gevolg, wat in die program verduidelik word: “Die beoordeling van die kategorieë is reeds vooraf gedoen, so u kan uitsien na ’n aand vol vermaak en wenners wat deur die loop van die aand aangekondig sal word. Die motivering hieragter is om die aand so genotvol as moontlik vir u en die deelnemers te maak” (Kultuurraad, 2008).

Aanvanklik is gaskunstenaars uitgenooi om tydens die Talentfees op te tree, waarvan Rina Hugo, Johan van Rensburg en Louis Drummond van Rensburg die eerste was (Kultuurraad, 1984d). Hugo het later weer opgetree, in 1987 was dit Jannie du Toit, in 1988 Randall en Coba Wicomb (Anon., 1988p:13) en in 2000 is ’n vorige wenner, Erica Eloff, die gaskunstenaar (Kultuurraad, 2000:5). In 2007 is die groep Flip a Coin die gaskunstenaar (Anon., 1987h:1; Kultuurraad, 2007).

In 1989 is die latere bekende tenoor Kobie van Rensburg die wenner in twee kategorieë. Hy wen die kategorie: vokaal ernstige musiek (individu) en vokaal ligte musiek (groep) saam met Nico Lourens vir hulle uitvoering van “Perhaps Love” (De Beer, 1989:1). Dié jaar word daar ook, pleks van een soos vroeër, twee algehele wenners aangekondig. Die program verduidelik dat dié twee onderskeidelik die Rektors- en Visekanselierspry ontvang (Kultuurraad, 1989b).

Teen 1992 het die kompetisie 185 inskrywings gehad, waaruit 32 finaliste opgetree het die aand (Du Preez, 1992:13). In 1994 het die inskrywings gestyg na 256 (Anon., 1994d). Die Kampustalentfees word in 1998 gekritiseer vir die swak verteenwoordiging van Afrikaans. Slegs een item is dié jaar tydens die finaliste-aand in Afrikaans aangebied, ten spyte daarvan dat ’n spesiale prys beskikbaar was vir die inskrywing wat die bevordering van Afrikaans die beste doen. Louis Nigrini, dié enigste inskrywing in Afrikaans, het die jaar die prys gewen (Nel, 1998:1).

Teen 2007 is daar 11 kategorieë in die uitvoerende afdeling en sewe in die skeppende afdeling. Dié jaar was ook die eerste keer dat ’n lewendige orkes die finaliste begelei het (Groenewald, 2007:3).

Talentfeesorkes

Vanaf die eerste Talentfees tot 1988 is daar hoofsaaklik enkele akoestiese instrumente gebruik as begeleiding vir die deelnemers. Sedert 1989 is daar al hoe meer van begeleidingsklankbane (“backtracks”) gebruik, met die reël dat die baan slegs gebruik mag word saam met ten minste een werklike instrument. Die begeleidingsklankbane is deur Pieter de Bruin geskep. De Bruin, Horst-Peter Bütow en Kobus van der Walt vorm in 1990 die Green Apple Jazz Trio wat saam met die gaskunstenaars optree. In 1991 demonstreer Pieter de Bruin die moontlikhede van Alabama se eerste rekenaarmusieksisteem (C-Lab) op die verhoog, met ’n kort uitvoering van ’n beweging uit ’n klavierkonsert waarvan die orkesparte deur die rekenaar weergegee word.

Na 1994 word die gebruik van begeleidingsklankbane só algemeen dat Pieter de Bruin tot soveel as 16 per jaar vir die fees moet voorberei. Die gebruik van die begeleidingsklankbane is egter nie eksklusief nie en vir sommige inskrywings word gebruik gemaak van klein instrumentale groepies om die sangers te begelei. Na 2000 is die begeleidingsklankbane steeds gebruik, maar al hoe meer kandidate het dit met ander instrumente, soos saksofoon, viool, fluit en klavier gekombineer.



ILLUSTRASIE 13.4
PIETER DE BRUIN SPEEL DIE KLAWERBORD TYDENS DIE 1994 TALENTFEES. VAN 1994 AF IS BEGELEIDINGSKLANKBANE GEWILD SODAT DE BRUIN TOT SOVEEL AS 16 PER JAAR VIR DIE FEES MOET VOORBEREI (DE BRUIN, 1994).



ILLUSTRASIE 13.5
CHRIS WINDELL SPEEL KLAVIER TYDENS DIE 30 JAAR FEESKONSERT. WINDELL, ’N BEWESE KLAVIERSPELER (KYK NA PARAGRAAF 10.1.2), WAS SEREMONIEMEESTER TYDENS DIE EERSTE TALENTFEES IN 1984 EN WAS DIKWELS DAARNA OOK SEREMONIEMEESTER. HY WAS OOK EEN VAN DIE SEREMONIEMEESTERS TYDENS DIE 30 JAAR FEESKONSERT EN DIE 2014 PUKKI TALENTFEES (PUKKETV, 2013).

Die eerste Talentfeesorkes word in 2007 saamgestel. Die orkes het bestaan uit Pieter de Bruin (klavier), Glenn Cunniff (kitaar), Johan Kruger (klawerbord), Andries van der Walt (dromme), GP van den Berg (perkussie) en Monique Carelse en Elmarie Jordaan (agtergrondsangers). Vir die 25ste

Talentfees in 2008 staan die orkes as die Artéma-orkes bekend en word vergroot. ’n Fluitspeler (George Fazakas), saksofoonspeler (Tammy Aslett) en vioolspeler (Izelle Claassen) word bygevoeg (De Bruin, 2014c).

Seremoniemeesters

Oor die jare het die seremoniemeester grootliks bygedra tot die sukses van die finaliste-aand van die Kampustalentfees. Chris Windell het verskeie jare opgetree, onder meer in 1994 en 2014 (Anon., 1994d; Kemp, 2014:8), terwyl Marlize Kruger ook gewild was (Schaap, 1998a:1; Groenewald, 2007:3). In 2011 en 2012 was GP van Rheede van Oudtshoorn die seremoniemeester (Swart, 2011:6; Bütow, 2012a:1).

30 Jaar Feeskonsert

Met die 25ste Talentfees, in 2008, beskryf Bütow dit as ’n “wonderlike mylpaal” wat behaal is (Bütow, 2008:3). Eweneens was die 30ste Kampustalentfees in 2013 selfs ’n groter hoogtepunt vir PUK Kunste. Benewens die Pukki Talentfees waartydens dié jaar se studententalent soos elke jaar aangebied is, het daar ook ’n 30 Jaar Feeskonsert plaasgevind. Tydens dié konsert het etlike van vorige jare se wenners, wat sedertdien bekende Suid-Afrikaanse en internasionale kunstenaars geword het, opgetree. Dit sluit in Anna Davel, Erica Eloff, Mabet van Wyk en Katlego Maboe (Anon., 2013c:2). In sy voorwoord tot die program skryf die rektor van die Potchefstroomkampus van die NWU, prof Herman van Schalkwyk:

Dié feeskonsert is ’n uitstekende geleentheid om te spog met die ongelooflike talent wat hierdie kampus oor die afgelope dertig jaar opgelewer het en is dit ook gepas om terug te kyk oor dit wat die Potchefstroomkampus op verskeie terreine tot die Suid-Afrikaanse samelewing bygedra het (Van Schalkwyk, 2013:1).


Die konsert is opgedra aan Horst Bütow, direkteur PUK Kunste, en Peet Ryke, bestuurder: PUK Kunste. Die program beskryf hulle as “die mense wat hierdie projek oor soveel jaar deurgevoer en opgebou het tot die spoggeleentheid wat dit vandag is” (Anon., 2013c). ’n Televisieopname is van dié konsert gemaak en later uitgesaai en is ook beskikbaar op die YouTube-webblad (PUKKEtv, 2013).

Cloete vereer


Die 2014 Pukki Kampustalentfees is aan prof TT Cloete opgedra vir sy uitsonderlike bydrae tot Afrikaans. Cloete was toe 90 jaar oud. In die program skryf Alanka Craffert en Luzanne Veldsman:

Ons bring hulde aan ’n profeet terwyl ons nog die voorreg het om sy teenwoordigheid te belewe. Ons bring hulde aan ’n man wat in elke fase van sy lewe die dag ten volle aangryp . . . ’n Man wat die vaardige Digtershand van ons Skepper oral om hom waarneem, wat die Skoonheid raaksien al is alles

nie altyd mooi nie. 'n Man by wie jy 'n ryker mens wegstap nadat jy in sy teenwoordigheid kon deel (Craffert & Veldsman, 2014:2).



ILLUSTRASIE 13.6
DIE VOORBLAD VAN DIE PROGRAM VAN DIE 30 JAAR FEESKONSERT VAN DIE KAMPUSTALENTFEES (ANON., 2013C).



ILLUSTRASIE 13.7
HESTIA VICTOR WAS DIE ALGEHELE WENNER VAN DIE 2014 TALENTFEES. HAAR INSTALLASIEKUNSWERK WAS 'N PENSKETS VAN PROF TT CLOETE, WAT DIÉ AAND VEREER IS, OP 'N KONTOERKAART (SONNEKUS, 2014:8).

Tydens die program het Cloete 'n deel van sy bekroonde gedig "God die Digter" voorgelees, met die klavierbegeleiding van Olga Leonard en Babette Viljoen (Kemp, 2014:8). Voorts het die organiseerders, Alanka Craffert en Luzanne Veldsman, met die hulp van borge en in samewerking met prof Annette Combrink 'n parkie in Coetzeestraat, naby die huis waar prof Cloete en sy gesin vir baie jare gewoon het, in 'n gedenktuin vir hom omskep. Toe die Cloete-gesin jare gelede daar ingetrek het, was dié parkie net 'n stuk grasveld en hulle het die bome geplant en elke Sondag met emmers water 'n blok ver daarheen gestap en die bome natgemaak. Dié parkie is herdoop tot Cloetepark en die gedig "God die digter" is in klip uitgebeitel en in die parkie geplaas (Kunsteraad, 2014:7, 8). 'n Toonsetting van dié gedig is ook tydens die Talentfees uitgevoer deur die *a capella* sanggroep, Bach 'n BieTTjie (Kunsteraad, 2014:5). Die algehele wenner van die 2014 Pukki Talentfees was Hestia Victor, wat ook die kategorie visuele kunste gewen het. Sy het 'n installasiekunswerk geskep in die vorm van 'n tafel met 'n kontoerkaart onder die blad. Victor het Cloete se gesig in die vorm van nog kontoerlyne op die kaart geteken (Lion-Cachet, 2014:8).

Te midde van die universiteitsomgewing waar die studentekorps sowat elke drie jaar 'n algehele wisseling ondergaan, dui die feit dat die Talentfees vir meer as 30 jaar reeds plaasvind en jaarliks

steeds gewild bly daarop dat dit nie net byval vind onder die studente nie, maar steeds vir die Universiteit, NWU-PUK Kunste en die Kunsteraad ’n belangrike geleentheid bly.

13.1.3 Sêrkompetisies

13.1.3.1 Agtergrond

Die woord “sêr” is afgelei van “serenade” wat volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek beteken: “Huldemusiek in die aand in die onmiddellike nabyheid van iemand se woning” (Labuschagne & Eksteen, 2000). Oor baie jare was dit by verskeie universiteite, ook by die PUK, die gebruik dat hoofsaaklik mans gewoonlik saans by dameskoshuise opdaag om vir die dames te sing. Dié “sêrre” is vir talle oudstudente van die Universiteit van die beste herinneringe aan hulle studentejare (Gouws, 2010a:42; Gouws, 2012:31).

13.1.3.2 Sêrkompetisies neem ’n aanvang

’n Sêrkompetisie is vir die eerste keer in 1970 gehou, aangebied deur die ABKK, en die voorsitter berig in sy jaarverslag vir 1971 dat dit met die hulp van die interkoshuiskomitee van die ABKK gereël is. “Oor die algemeen het dit baie groot belangstelling uitgelok en ongeveer 900 mense het dit bygewoon. Net een koshuis het nie deelgeneem nie” (Van Schaik, 1971:3). Die beoordelaars was prof Tjaart van der Walt, mev Rentia van Dyk en mnr Caruso van Dyk (Anon., 1971j:8).

Die volgende jaar het dit oor twee aande plaasgevind en is deur ongeveer ’n 1 000 Pukke bygewoon (Van Schaik, 1972:1). Teen 1973 beskou Van Schaik die Sêrkompetisie as een van die bates van die ABKK. Dit het dié jaar oor vier aande gestrek en sowat 2 000 mense het betaal om die kompetisie by te woon. Daar is in drie afdelings meegeding: vir dames, mans en ’n gemengde Sêrkompetisie. Benewens geldpryse, kry die wenners van die eerste drie plekke in 1974 ook sertifikate, terwyl die wenners ’n opvoering in Promosa, die bruin woongebied naby Potchefstroom, aangebied het (Odendaal, 1974:1).

In 1974 stel die ABKK reëls vir die Sêrkompetisie vas. Dit sluit in:

- ’n Minimum van twaalf lede per groep
- ’n Maksimum van 15 minute per groep
- Wat liedjies betref moet 50% of meer Afrikaans wees. Neurie en twee of meer tale word as neutraal beskou. Die Afrikaanse liedjie mag nie met ’n ander taal vermeng word nie
- Slegs een groep per koshuis word toegelaat
- Geen bandopnemers of byklanke word toegelaat nie
- Geen elektriese instrumente word toegelaat nie en slegs draagbare instrumente word aanbeveel

- Punte word as volg bereken: 10% voorkoms op verhoog; 10% oorspronklikheid; 30% gehalte van sang; 30% orkestrasie; 20% keuse van liedjie (ABKK, 1974b).

Met die totstandkoming van die Kultuurkantoor in 1980 was die Sêrkompetisies reeds ’n gevestigde geleentheid op die jaarlikse kalender van die Universiteit. Bütow meld in sy verslag tot September 1981 dat sy kantoor hulp aangebied het met die organisering van die Sêrkompetisies (Bütow, 1981a:6).

In 1982 word die reëls vir die kompetisie aangepas. *Wapad* berig op 5 Maart 1982:
Die enkelsêr sal by koshuise van die teenoorgestelde geslag plaasvind. Die dubbelsêr sal ook by die koshuise plaasvind. Die beoordelaars sal in verskillende koshuise geplaas word, sodat die sêrgroepe nie weet in watter koshuise die beoordelaars is nie. Daar mag slegs van gewone sêrinstrumente gebruik maak, wat deur een persoon gedra kan word. Daar word geen beperking op die aantal sangers of instrumente geplaas nie. Optrede mag nie korter as 5 minute en nie langer as 10 minute wees nie. Vir onpartydige beoordeling mag die koshuis wat optree se naam nie in die liedjies voorkom nie. Slegs dit wat die ore van die beoordelaars bereik sal vir punte tel. Kleredrag, gebare ensovoorts, sal dus nie, soos in die verlede, in aanmerking geneem word nie (Anon., 1982i:6).

Vir die Sêrkompetisie van 1983 besluit die Kultuurraad op 19 Oktober 1982 dat elke koshuis een Afrikaanse liedjie skryf en komponeer om by hulle item in te sluit (Kultuurraad, 1982). In 1984 het die Sêrkompetisie bestaan uit ’n damessêr, manssêr en gemengde Sêr (Kultuurraad, 1984b:3). Vir 1985 is die volgende reëls vasgelê:
- *drie liedjies: een Afrikaans, een van eie keuse, een eie komposisie (moet Afrikaans wees);*
- *twee musiekinstrumente word toegelaat, is nie verpligtend nie, maar word aanbeveel;*
- *slegs samesang, geen soliste nie, maar ’n voorsanger word wel toegelaat* (Kultuurraad, 1984c).

Nadat die gemengde Sêrkompetisie tydens die Amajubafees plaasgevind het, het dié kompetisie as die “Amajubasêr” begin bekendstaan (Van Rensburg, 1986:13). Teen 1989 word daar besluit om ’n nuwe rigting in te slaan deur die Sêrkompetisies in die buitelug te hou (Kultuurraad, 1989a).

Teen 1997 staan die gemengde Sêr as die “Binglesêr” bekend en dit word oorweeg om dit af te skaf, weens die druk van ’n “oorgeorganiseerde studentelewe” (Nel, 1997:2).

Die hoë vlak van gewildheid wat die Enkelsêr teen 2009 bereik het, het vir ’n nuwe tradisie op die kampus gesorg. Kaartjies vir die Sêrkompetisies was uiters skaars en ten einde kaartjies te bekom, vir die kompetisie wat gewoonlik vroeg in Augustus plaasvind, het studente begin om reeds die nag voor kaartjieverkope geopen het deurnag tou te staan voor die Heimat-gebou. Senior studente het eerstejaars opdrag gegee om daar te gaan wag en sitkamerbanke, beddens en braaivleisapparaat is

daarheen geneem om die nagwaak in die middel van die winter se koue draagliker te maak. In 2009 het die Kultuurraad gepoog om ter wille van die studente die gebruik hok te slaan.

Die ingebruikneming van die TIXSA-kaartjiestelsel, waarmee kaartjies oor die Internet gekoop kon word, het dié gebruik onnodig gemaak, maar vind uit tradisie nog jaarliks plaas (Craffert, 2014).



ILLUSTRASIE 13.8
DIE GEWILDHEID VAN DIE JAARLIKSE ENKELSÊR-KOMPETISIE BLYK DAARUIT DAT STUDENTE DIE AAND VOOR KAARTJIEVERKOPE OPEN VOOR DIE HEIMAT-GEBOU UITKAMP OM BETYDS TE WEES OM DIE UITERS GESOGDE KAARTJIES TE KAN KOOP (DE BRUYN, 2014B).

Riglyne vir Sêrkompetisies het oor die jare min veranderings ondergaan, maar in 2014 word die reëls vir Binglesêr, wat bly voortbestaan het, verander. Dié jaar sou die 50/50-model gebruik word, wat behels dat musikaliteit 50 punte tel en die vertoning self 50 punte. *Wapad* berig op 25 September oor dié veranderings. Dit sluit in dat die tyd wat die sêrgroep op die verhoog toegelaat word vanaf 15 minute na ’n maksimum van 12 minute verkort word en die repertoriums van die koshuise, wat in sleepverband deelneem, mag slegs drie *medleys* (samestelling van dele uit verskeie liedjies om een te vorm) insluit. Een van dié *medleys* moet Afrikaans bevat en moet ook die sleepkoshuis se eie komposisie wees. Nog ’n *medley* moet in Engels wees en die derde moet ’n multikulturele *medley* wees. Dié veranderings is aangebring na jarelange klagtes dat die studenteprogram te besig is, die slepe nie tyd het om te oefen nie en die HK-lede se werkslading te swaar is. Die voorsitter van die Kunsteraad, Juanmari Schoonraad, het aan *Wapad* die hoop uitgespreek dat dié veranderings dié probleme sal help verlig (Gregan, 2014:2).

13.1.3.3 Nasionale Sêr

Die nasionale Sêrkompetisie het in 1997 ’n aanvang geneem nadat die “tradisionele” Suid-Afrikaanse universiteite besluit het om ’n nasionale serenade-kompetisie in die lewe te roep om die oorspronklike tradisionele studente-sêr te bevorder (Kultuurraad, 2003). Dit was op inisiatief van Estie de Klerk van die UOVS en is in ’n “enkelsêr”-formaat aangebied. Dit behels dat mans- en dameskoshuise elk apart in die twee afdelings vir mans en dames meeding (Nel, 2003:1).

Sedert die aanvang van dié nasionale Sêrkompetisie in 1997 kon Potchefstroom nie daarin slaag om die kompetisie te wen nie. In 2001 behaal Wanda van die PU ’n derde plek tydens die Nasionale Sêrkompetisie wat by die Universiteit van Pretoria gehou is (Malan, 2001:1).

Nadat verskeie universiteite die geleentheid gehad het om dié kompetisie aan te bied, versoek die Kultuurraad die rektor om finansiële bystand sodat nasionale Sêrkompetisie in 2003 in Potchefstroom aangebied word. In hul brief aan die rektor skryf die Kultuurraad: “Hierdie fees het van krag tot krag gegaan en is tans een van die gewildste nasionale studentekompetisies in die land van uitstaande gehalte en professioneel aangebied”. Die ATKV borg die wenners se pryse en verblyf vir die beoordelaars, maar vir ander uitgawes is nog sowat R40 000 benodig.

Die Nasionale Sêr is gevolglik in 2003 in Potchefstroom gehou, sonder dat enige van die PU-koshuise daarin kon slaag om te wen. Bütow se kantoor het weer eens die organiseerders met advies bedien, maar voeg by: “Die studente het nie noodwendig die advies gevolg nie, met soms negatiewe gevolge” (Bütow, 2003a:3).

In 2004 het Heimat en Minjonet daarin geslaag om onderskeidelik die eerste en tweede plekke in die mans- en damesafdeling van Kuesta Sêr, soos die kompetisie toe bekendgestaan het, te verower. Dié kompetisie het by RAU plaasgevind. Heimat se groep van 18 sangers het onder leiding van Johannes Schickerling gestaan en het vyf liedjies gesing (Jansen & Roos, 2004:1).

Nadat Veritas in 2006 die Enkelsêr met 88% gewen het, word dié prestasie by ATKV Kuesta Sêr herhaal. Veritas het ’n totaal van R11 000 gewen vir die pryse: beste Afrikaanse eie komposisie, beste verwerking van voorgeskrewe lied, die mees musikale groep en die wenner van Kuesta Sêr met ’n persentasie van 88.6% (Müller & Du Plooy, 2006:1; Basson, 2006:2). Bütow se kantoor het ook dié jaar advies en bystand verleen met die organisering van dié Kuesta Sêr (Bütow, 2006:3).

Hierna wen Veritas vir vier agtereenvolgende jare (2006-2009) die mansafdeling van die Nasionale Sêr (Casaleggio, 2012:6).


Die Nasionale Sêrkompetisie word ook in 2008 in Potchefstroom gehou en Bütow berig in sy verslag vir 2009 dat dit met groot sukses aangebied is:
Die hele organisasie is deur ons eie Kultuurraad van die SR uitstekend hanteer. Met die finansiële ondersteuning van ons kampusrektor kon die studente daarin slaag om binne die beperkings van die begroting te bly (Bütow, 2008:3).

In 2010 wen Vergeet-My-Nie net die damesafdeling van die ATKV Nasionale Sêrkompetisie en word ook aangewys as algehele wenners. Dié kompetisie het in Stellenbosch plaasgevind en vyf

universiteite, die NWU-PUK, Tukkies, Maties, Kovsies en RAU het deelgeneem. Vergeet-My-Nie is deur Stephanie le Roux afgerig (Scheppel, 2010b:1).



ILLUSTRASIE 13.9
VERITAS WAS IN 2006 DIE KOSHUIS VAN DIE NWU-PUK WAT DIE EERSTE DAARIN KON SLAAG OM DIE NASIONALE SÊRKOMPETISIE TE WEN EN HET DIT DAARNA VIR VIER JAAR AGTEREENVOLGENS GEDOEN (BOTHA, 2006A:1).



ILLUSTRASIE 13.10
DIE PLAKKAAT VAN DIE NASIONALE SÊRKOMPETISIE WAT IN 2013 BY DIE NWU, POTCHEFSTROOMKAMPUS AANGEBIED IS (KUNSTERAAD, 2013B).

Die NWU-Pukke beleef daarna weer eens ’n wendroogte en kon ook nie daarin slaag om in 2013, toe die Nasionale Sêr in Potchefstroom aangebied is, ’n wenner op te lewer nie. Dit het op 30 en 31 Augustus plaasgevind en was volgens Bütow “met geweldige sukses” (Bütow, 2013b:9).

Volgens Gerrie Lemmer, hoofbestuurder: ATKV Projekte, die belangrikste borg van die Nasionale Sêrkompetisie, is dié kompetisie – nes ander interuniversitêre kultuurkompetisies wat dié organisasie borg – oor verskeie universiteitskampusse geskoei op die lees wat die NWU-PUK ontwikkel het. Dit is gebaseer op ’n koshuisstruktuur, waar ’n koshuis “kultuurpunte” kry. ’n Kampuswenner word aangewys, wat nasionaal teen die wenners van ander universiteite deelneem, om uiteindelik die nasionale wenner aan te wys. Benewens die Sêrkompetisies, word die model ook gebruik vir onder meer Universiteitsdebat en Kampustoneel (Lemmer, 2017).

13.1.4 Filmfees

Anders as projekte soos die Eerstejaarskonsert, Talentfees en Sêrkompetisies, wat hulle oorsprong uit studentegeledere gehad het, het die inisiatief vir die aanbied van die eerste filmfees, wat in 1986 plaasgevind het, van owerheidsweë gekom.

Die filmfees is geloods op inisiatief van mnr Alf Barthram, wat toe ’n fondswerwer verbonde aan die Departement Openbare Betrekkinge was. Hy het Ster-Kinekor genader vir ’n skenking, maar die aanbod is gemaak om ’n filmfees op die kampus van die PU te ondersteun, eerder as om ’n finansiële donasie aan die Universiteit te maak (Van Eeden *et al.,* 2006:292). *In U Lig* vervolg:
’*n Reëlingskomitee onder leiding van die Departement Kultuur, in samewerking met ’n PUK-keurpaneel, is saamgestel. Hierna is aan die werk gespring en hieruit is die eerste PUK-kunsfilmfees gebore – die eerste groot filmfees op ’n universiteitskampus. Die filmdoek vanuit die Totius-saal is na die ouditorium verskuif en ’n tweedehandse 35 mm- filmprojektor is by Ster-Kinekor aangekoop en permanent geïnstalleer. Van daardie jaar af is die fees jaarliks met groeiende sukses aangebied* (Van Eeden *et al.,* 2006:2929).


In die program van die eerste fees word verduidelik waaroor dit gaan:
Die PU vir CHO, in samewerking met Ster-Kinekor, bied met trots ons eerste filmfees aan. Van 25 tot 30 Augustus word ’n sestiental indrukwekkende buitelandse en plaaslike films vertoon wat elk op die positiewe onderskeiding aanspraak wil maak, naamlik dat dit ’n kwalitatief-goeie film sou wees (Departement Kultuur, 1986:3). Die latere prof John Botha skryf in sy voorwoord dat nog ’n doelstelling “is om op hierdie wyse en deur middel van voorbeelde, toeligting en bespreking, hierdie wonderlike kunsvorm ’n bietjie in die kalklig van verantwoordelike en wetenskaplike filmwaardering te plaas (Botha, 1986).

Botha omskryf voorts ’n goeie film:
(Dit is) *’n film wat daarin slaag om ’n besondere IDEE betekenisvol en suksesvol met behulp van die baie gekompliseerde VORM (tegnieke, redigering, klankbaan, rolspel ens.) te konkretiseer. Hierdie eindproduk moet uiteindelik ’n akkurate weerspieëling word van die boodskap wat die regisseur daarmee bedoel het. Die sukses van die boodskap word bepaal deur die INHOUD wat dan aan die kunswerk gegee word* (Botha, 1986).

Die hoogtepunt van dié eerste Filmfees was die nasionale première van die rolprent *A room with a view.* Volgens Bütow is ’n naaktoneel uit dié rolprent letterlik uit die filmstrook geknip, nadat dit deur ’n verteenwoordiger van die Bestuurskomitee afgekeur is. Dit is weer ingelas voor die filmrol terug is na die verskaffer (Bütow, 2014b).

Nadat sowat 8 900 mense die eerste Filmfees bygewoon het, is die Fees die volgende jaar herhaal (Bütow, 1986a:5) Bütow berig in sy jaarverslag vir 1987 dat foute uitgeskakel is en die fees verskuif is na April, sodat dit nie met akademiese bedrywighede bots nie. Die fees het ’n wins van R3 000 opgelewer en hiermee “kon die Kultuurfonds uiteindelik sy beslag kry” (Bütow, 1987c:3). Dié fonds is benut om kultuurbeurse vir bestaande studente te gee. (Kyk na paragraaf 12.2.2.5.)

’n Filmprojektor is in 1987 teen ’n bedrag van R15 000 aangekoop (Bütow, 1987f). Die swaar projektor is met groot moeite opgehys en in die projektorkamer van die Ouditorium geïnstalleer (Bütow, 1987f). Ten spyte van die feit dat die Filmfees reeds in 2005 die laaste keer plaasgevind het, is die projektor steeds daar, aangesien die gewig daarvan die verwydering feitlik onmoontlik maak (Van der Walt, 2014). Teen 1989 beskou Bütow die Filmfees as “een van die belangrikste gebeure op die kultuurkalender” (Bütow, 1989a:4).



ILLUSTRASIE 13.11
DIE BUITEBLAD VAN DIE PROGRAM VAN DIE EERSTE KUNSFILMFEES, WAT IN 1986 PLAASGEVIND HET (DEPARTEMENT KULTUUR, 1986).



ILLUSTRASIE 13.12
DIE NASIONALE PREMIÈRE VAN DIE ROLPRENT *A ROOM WITH A VIEW*, TYDENS DIE EERSTE FILMFEES, IS BYGEWOON DEUR MNR DAVE DE VILLIERS (HEEL LINKS), ALGEMENE BESTUURDER VAN STER KINEKOR. TWEEDE VAN LINKS IS MEV DOMINIQUE BOTHA, VROU VAN MNR JOHN BOTHA, HOOFORGANISEERDER VAN DIE FEES. DERDE IS MNR R HOWEY, ’N DIREKTEUR VAN STER KINEKOR, EN LANGS HOM SY VROU. PROF TJAART VAN DER WALT, REKTOR VAN DIE PU, IS HEEL REGS (FOTOGRAFIESE DIENSTE, 1986).

In 1991 lok die insluiting van die rolprent *Jesus of Montreal* in die Filmfees sterk kritiek uit. Volgens Bütow het die Teologiese Studentevereniging ’n dag voor die vertoning sou plaasvind, by die viserektor beswaar aangeteken oor die vertoning daarvan (Bütow, 2014a). Die vernaamste punte van kritiek teen die film was die “godslasterlike dinge wat gesê word en die talle nie-ooreenkomste met die Evangelie”. Dit is aldus ’n berig in *Wapad* op 5 November, waar twee berigte geplaas word, een om die vertoning te bepleit en die ander daarteen (Anon., 1991f:13). Die skrywer wat die vertoning bepleit reken: “As ons na die film kyk, kyk ons na ons elkedagse foutiewe navolging en

begrip van Jesus. Dan word hierdie film die belydenis van die sondaars wat ons reeds is" (Anon., 1991f:13). Teen 1991 het 'n keurkomitee films beoordeel, maar die goedkeuring vir die vertoon van die film was nie op skrif nie en die vertoning, as deel van die Filmfees, is afgelas. Ten einde steeds die rolprent te vertoon, het PUK Kandelaar, die studentegemeente van die NG Kerk, ingestem om die vertoning aan te bied in ruil vir die wins daarvan. Tegnies was dit dus nie meer deel van die Filmfees nie, maar kon steeds vertoon word (Bütow, 2014a).

Nog 'n omstrede film wat vertoon is, was *A Clockwork Orange* van Stanley Kubrick. Bütow het in 2006 aan *Wapad* gesê: "'Na lang onderhandelinge is ons toegelaat om slegs 500 kaartjies vir die vertoning te verkoop. Tot vandag toe weet ons nie hoekom nie. . . Die kaartjies was binne 'n uur uitverkoop. Bo en behalwe dit moes ons personeel by die deure reël sodat almal se ID's nagegaan kon word, aangesien niemand onder 21 die fliek mag gekyk het nie'" (Müller, 2006:1).

Daar is jaarliks sowat 30 films tydens die Filmfees vertoon, terwyl dit teen 2003 'n projek is wat georganiseer is deur studente, maar ondersteun is deur die Departement Kultuur (Anon., 1995c:1; Bütow, 2004a:5). In 2003 is daar besluit om die Filmfees in twee dele aan te bied. Die tweede deel sou in Augustus plaasvind, maar die meningitis-uitbraak dié jaar in Potchefstroom het daartoe gelei dat die tweede deel van die Filmfees afgestel is. Van die films wat dié jaar vertoon sou word, is in 2004 vertoon (Groenewald & Roos, 2004:10).

In sy jaarverslag vir 2006 berig Bütow dat die Filmfees gestaak moes word en skryf dit toe aan "die hoë finansiële koste, en laer inkomste weens die swak bywoning-tendens die afgelope twee jaar" (Bütow, 2006:6).

'n Voorbladberig in *Die Wapad* 30 Oktober 2006 sê dat die Filmfees na 21 jaar afgeskaf is en die vernaamste redes wat die organiseerders aanvoer vir die Filmfees se finansiële verliese die voorafgaande jare, is roofkyk. "Mense gaan immers nié betaal om 'n fliek te kyk as hulle dit gratis kan aflaai nie" (Müller, 2006:1). Volgens Bütow kon studente films op die Internet vind, selfs nog voor dit in teaters vrygestel is. "As ek vir hulle gesê het ons gaan 'n film se première hou, het hulle vir my gelag, want dan het hulle dit alreeds gesien" (Bütow, 2014a).

Volgens Riaan van der Walt, wat vroeër bestuurder van die Ouditorium was en teen 2014 aan die Universiteit se Inligtingstegnologie verbonde was, het die ondergang van die Filmfees saamgeval met 'n netwerk wat studente tot stand gebring het, waar hulle inligting op mekaar se rekenaars kon deel. Dit staan algemeen bekend as DC en was bedoel om mekaar te help deur studienota's onder mekaar beskikbaar te stel. Alhoewel die netwerk geskep is om studente met hul studies by te staan, was oorsese rolprente, wat nog nie eens in Suid-Afrika vrygestel was nie, ook hier te vinde (Van der Walt, 2014).

Wapad haal prof John Botha van Kunsgeskiedenis en medeorganiseerder van die Filmfees, wat in ’n onderhoud gesê het: “‘Die publiek stel nie meer belang in *cutting edge movies* nie. Die ouer garde word nie meer bevredig nie; die jonger garde ondersteun ons nie meer nie. Kontemporêre films het ook hulle romantiese en nostalgiese grootsheid verloor’” (Müller, 2006:1).

Nog ’n bydraende faktor was verandering in Ster Kinekor se prysstruktuur. Die prys om ’n rolprent in Ster Kinekor se teaters te sien het toe R14 gekos, terwyl dit by die Filmfees R15 gekos het. Voorts is die Ouditorium ook nie pasgemaak is vir die vertoning van rolprente nie (Müller, 2006:1). Dié tegnologie was nie die enigste wat die doodsklokke vir die Filmfees laat lui het nie. Volgens Bütow is rolprente teen 2006 ook al hoe meer digitaal opgeneem en kon nie op ’n konvensionele filmprojektor gespeel word nie. Die kwaliteit op die groot doek was net nie dieselfde as dit deur middel van ’n gewone DVD-speler vertoon is nie en ’n digitale projektor sou baie duur gekos het om aan te koop (Bütow, 2014a).

Na die afskaffing van die Filmfees in 2006, besluit PUK Kunste in 2011 om in samewerking met die Potchefstroomse Kunsvereniging, elke maand ’n kunsfilm in die Cachet-Kleinteater te vertoon (Bütow, 2011e:3).

Op die kruin van sy gewildheid is die Filmfees beskryf as die belangrikste kultuuraktiwiteit op die kampus. Nes met ander projekte het eskalerende koste die projek gekelder, terwyl veranderende behoeftes van studente en die ontwikkeling van tegnologie ook bygedra het tot die staking van die Filmfees.

13.1.5 Skeppende kunste-aktiwiteite


13.1.5.1 Studentekunsvereniging

Beeldende Kuns of skeppende kuns was op georganiseerde vlak so vroeg as 1973 deel van studenteaktiwiteite. Daardie jaar is ’n Studentekunsvereniging gestig vir studente wat Beeldende Kunste studeer en een van hulle eerste aktiwiteite was om ’n muurskildery aan te bring op die duikweg, tussen die hoofkampus en die wes-kampus waar die meeste koshuise is (Botha, 2006b:408). Dié duikweg is in 1970 voltooi, nadat voetgangerverkeer reeds sedert 1958 ’n probleem was en daar jare lank vir ’n brug of duikweg geagiteer is (Scheppel, 2010d).

Die 1973-skildery het egter reeds teen die einde van daardie jaar begin afdop en die volgende jaar is daar, na oorlegpleging met die Departement Tegniese Dienste, behoorlike voorbereiding gedoen om die muur te skilder. Gevolglik is die muurskilderye wat van 1974 tot 1994 elke jaar deur die lede van die Studentekunsvereniging tydens JOOL geskilder is, steeds behoue. Dié praktyk het voortgeduur

tot 1994 nadat die Departement Beeldende Kunste, tydens ’n rasionaliseringsproses aan die Universiteit uitgefaseer is (Botha, 2006b:408).

Vir die tweede poging is daar behoorlik voorberei:
Daar is voorsketse gemaak en aan prof Hennie Bingle, die rektor, voorgelê vir goedkeuring. Dié skildery is die oudste een in die duikweg wat behoue gebly het. Vanaf 1974 was die JOOL-tema ook dié van die muurskildery. Bekende persone se gesigte het begin verskyn, onder meer die twee rektore, proff Bingle (1974) en Tjaart van der Walt (1991). Politieke woelinge van die dag het neerslag in die skilderye gevind. Eschel Rhoodie wat verbind is met die Inligtingskandaal is verewig, so ook ’n oud-inwoner van Potchefstroom en bekende swaargewigbokser, Mike Schutte. Dan pryk Maggie Thatcher, Nelson Mandela, FW de Klerk en biskop Desmond Tutu ook daar, terwyl Hollywood- en animasiekarakters talryk is (Scheppel, 2010d).



ILLUSTRASIE 13.13
PROF HENNIE BINGLE, REKTOR VAN DIE PU VIR CHO VAN 1964 TOT 1977, IS IN 1974 SÓ OP EEN VAN DIE MUURSKILDERYE IN DIE DUIKWEG UITGEBEELD. DIT WAS DIE TWEEDE JAAR WAT MUURSKILDERYE IN DIE DUIKWEG AANGEBRING IS EN DIE OUDSTE WAT BEHOUE GEBLY HET (GOUWS, 2010D).



ILLUSTRASIE 13.14
’N GEWILDE TV-REEKS VAN DIE SEWENTIGERJARE, *RICH MAN POOR MAN*, SE KARAKTERS EN DIÉ VAN PROF TJAART VAN DER WALT, REKTOR, PRYK SAAM MET ’N VORIGE EERSTE MINISTER JOHN VORSTER EN BEKENDE SWAARGEWIGBOKSER MIKE SCHUTTE OP DIE MUURSKILDERY VAN 1978. ONOORDEELKUNDIGE HERSTELPOGINGS EN NOG LATERE WERK VAN VANDALE IS OP DIÉ MUURSKILDERY IN DIE DUIKWEG TE SIEN (GOUWS, 2010E).

Volgens Botha het talle bekende kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars, wat oudstudente van die Universiteit is, deelgeneem aan die skep van die duikweg-kunswerke. Dit sluit in Anna Marx en

Casper van Wyk, Johan Venter, Penny Krog, Berici Combrink, Hennie Kruger, Abraham Coetzee en Ansa Seyffert, Martie Wannenburg en Pierre Minnie, Gwen McLellan, Ben Dreyer, Philip en Francisca Badenhorst, Braam en Wimsie van Wyk, Peet Pienaar en die bekende spotprentkunstenaar, Mynderd Vosloo. John Myburg, Martie Bothma, Marriana Booyens, Louisemarié Combrink, Daleen Steyn en Lise Nel het ook meegedoen (Botha, 2006b:408).

Weens die groot verkeer wat die duikweg daagliks dra, is die bewaring van hierdie kunsskat van die NWU ’n dilemma. Die muurskilderye loop jare reeds gereeld onder vandale deur. Enkele jare gelede is daar restourasiewerk gedoen, maar daar was gou weer beskadiging (Scheppel, 2010d).

Daar word lank reeds besin oor hoe die duikweg se muurskilderye bewaar en beskerm moet word, maar ’n bevredigende oplossing kon nog nie gevind word nie. Een moontlikheid is om dit met ’n kunsharsskerm (perspex) te bedek. Botha en mnr Horst Bütow, direkteur van Pukkunste, stem saam dat dit ewe maklik beskadig en gou verouder en kan eweneens die teiken van vandale wees. Bütow sê sekuriteitskameras is geïnstalleer, maar dat dit nie die probleem oplos nie. Pukkunste is gretig om restourasiewerk aan te pak, maar sal graag ’n permanente oplossing wil vind om ’n einde aan die vernielsug te sien. Om ’n geskikte kunstenaar te vind om die werk te doen, is ’n ander dilemma (Scheppel, 2010d).

13.1.5.2 Blokskilder en “Canvas”-skilder

Die beëindiging van die jaarlikse skilder van ’n duikweg-paneel tydens JOOL het egter ’n leemte gelaat en teen 1998 het die Kultuurraad jaarliks ’n blokskilderkompetisie gehou, waartydens koshuise kon meeding om ’n sementblok in Lovers Lane of by die Calvyn-fontein te skilder (Anon., 1998d:22).

Teen 2009 is die projek omskep in “Canvas”-skilder, wat elke jaar as ’n kompetisie tussen koshuise aangebied word. Elke koshuis het ’n skoon doek ontvang, wat beskilder moes word en na beoordeling het die wenkoshuis ’n prys ontvang (Anon., 2009b:73).

In 2012 het die Canvas-skilder-kompetisie in die nuwe duikweg by Ingenieurswese plaasgevind en Bütow skryf:
Dié tradisionele en gewilde interkoshuiskompetisie is vir die eerste keer op vaste mure (in plaas van die tradisionele los verfborde) in die duikweg, gedoen! Alle sleepkoshuise wat deelgeneem het kon ’n kunswerk skep op die oop mure. Die projek het besonder goed afgeloop, en die Universiteit kan spog met ’n hele aantal nuwe kunswerke! Daar word oorweging aan geskenk om die ou kunswerke weer te restoureer, indien fondse en ’n kunstenaar daarvoor gevind kan word (Bütow, 2012a:1).

Bütow berig in sy verslag vir Februarie tot Maart 2013 dat die “PUK Canvas-kompetisie” dié jaar op 19 Maart plaasgevind het. “Die SR Kunsteraad het weens omstandighede besluit om die kompetisie weer in Lovers Lane aan te bied, en nie in die nuwe duikweg by Ingenieurswese soos oorspronklik beplan nie. Die wenners sal later bekendgemaak word” (Bütow, 2013e:1).

In 2014 was die skilderkompetisie weer in die nuwe duikweg en daar word ook besluit dat die kunstenaars erkenning kan kry vir die projek deur dit in te skryf vir die jaarlikse Talentfees. Bütow beskryf dit as “’n eerste” (Bütow, 2014e:9).

13.1.6 Tegniese aspekte van teater

Alhoewel letterlik nie op die voorgrond soos die uitvoerende komponent van ’n produksie nie, is die tegniese komponent noodsaaklik. Vanaf 1974 het die Alabama Studentegeselskap, saam met die foto’s van die sangers en orkes, foto’s van hul tegniese span in die jaarlikse program gepubliseer (Anon., 1974). Sedert 1980 was Bütow se kantoor ook ’n lid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Teatertegnologie (NWU Institusionele Argief en Museum, 2016:35). Dit dui op ’n groeiende besef van die belangrikheid van hierdie aspek.

Met die totstandkoming van die Artéma Instituut vir Kunstebestuur en Ontwikkeling in 2004 is ’n kursus in die tegniese aspekte van teater die eerste keer saamgestel en aangebied (Bütow, 2004:10).

Teater Tegnies word in 2004 die eerste keer in die *PUK Gids* gelys as een van die studentegroepe van die Kunsteraad, soos Alabama, die PU-Koor en die Serenaders. “Hierdie groep studente kry opleiding in teatertegniese werk – hulle werk dan in produksies in onder andere die Sanlam-Ouditorium.” Die aanbieder van die kursus is Chris de Bruyn en persone wat die kursus suksesvol deurloop het, ontvang ’n sertifikaat (Anon., 2004c:24). In 2006 maak Bütow in sy jaarverslag melding dat 12 tydelike “studentepersoneel” in diens geneem is om, weens die hoë besetting, die tegniese aspekte van die Ouditorium te help behartig (Bütow, 2006:3).

In 2011 word die teatertegniese kursus in *Wapad* geadverteer. Kursusinhoud sluit in: breë oriëntering met betrekking tot die teateromgewing, verhoogbestuur en foyerbestuur, inleiding tot klank en inleiding tot beligting. Die advertensie meld dat persone wat dié kursus suksesvol deurloop het, ’n kans staan om in die tegniese personeel van die Ouditorium opgeneem te word en só geld kon verdien (PUK Kunste, 2011:5).

Dié jaarlikse kursus is in 2012, steeds deur De Bruyn, oor vier dae aangebied. Bütow berig dat 32 mense dit bygewoon het, onder meer ’n aantal persone van die Departement Afrikaans-Nederlands. Persone wat die kursus deurloop het kan ook by ander “teatervenues” van die Universiteit diens doen, insluitende die Cachet-Kleinteater, Totiussaal en Amfiteater (Bütow, 2012g:2).

13.2 Korter en eenmalige projekte

13.2.1 Konserte

13.2.1.1 Musikale Interaksie

Musikale Interaksie ’83 was deel van Interaksie ’83, ’n projek wat deur die Departement Openbare Betrekkinge geloods is om hegter bande te smee tussen die PUK en sy vriende (Windell, 2014).

Op Vrydag, 29 April 1983 het die Universiteit sakelui en boere na Potchefstroom genooi. Die doel van dié projek word uiteengesit in die voorwoord tot Musikale Interaksie ’83 se program deur die rektor, prof Tjaart van der Walt:
Wat die PUK is en het, deel ons graag met u, ook die feestelikheid van hierdie aand. “Welkom vriend” is vanaand ook “dankie vriend”
- *dankie, want dit is ’n voorreg om sulke vriende en ondersteuners te mag hê*
- *dankie want die pad vorentoe kan en wil ons nie alleen loop nie*
- *dankie, want met u aan ons sy en lig uit die Hoogte is die steiltes maklik en die vergesigte nog mooier* (Van der Walt, 1983).

Musikale Interaksie ’83, ’n galakonsert in die Ouditorium, was die hoogtepunt van dié dag se verrigtinge en was die grootste projek wat Bütow se kantoor sedert sy aanstelling as kultuuradviseur aangepak het (Bütow, 1983c:45; Holtzhausen, 1983). Bütow het dié konsert uitgesonder as een van die hoogtepunte van die 34 jaar wat hy aan die Universiteit verbonde was (Bütow, 2014a).

Vermaaklikheidsterre Eve Boswell, Danie Niehaus, Rina Hugo, Karen Hougaard en Randall Wicomb en die Alabama Studentegeselskap het opgetree. Die kunstenaars is begelei deur ’n orkes (*Big Band*) met 32 lede, wat deur die vorige Alabama-musiekregisseur, Louis Drummond van Rensburg, gedirigeer is (Anon., 1983e).

Gaste vanaf die Rand het met ’n spesiale trein na Potchefstroom gereis, terwyl gaste vanaf die Vaaldriehoek met luukse busse vervoer is. Die sowat 700 gaste het die keuse gehad om deur die dag enige twee departemente te besoek en hulle het middagete in die Voorhuis-eetsaal geëet. Daarna is die vrouens na die rektor se huis geneem, waar hulle tydens ’n tuinparty ’n modevertoning met die skeppings van Elzbietha Rozenwerth kon sien. Die mans is na die Ouditorium geneem waar die sitplekke “verkoop” is, waarmee sowat R600 000 vir die Universiteit ingesamel is (Windell, 2014; Holtzhausen, 1983).

Eve Boswell het spesiaal na die tyd geskryf om die PUK geluk te wens:

Just a few lines to say thank you for a most professional and enjoyable concert. May I also convey my thanks to Louis van Rensburg who did a stalwart job. I shall always think of this concert as one of the best and most pleasant I have taken part in (Boswell, 1983).


Die Pro Arts Agency, ’n agentskap wat van die orkeslede verskaf het, skryf:

We take this opportunity in congratulating you on your impeccable organisation of all the complicated arrangements for the presentation of Musikale Interaksie. Not only did the entire week’s work run without a hitch, but members of the band remarked on the exceptional treatment they received whilst in Potchefstroom. The hard work was at all times carried out in a most congenial atmosphere with the result that it was enjoyed by all (Verhoef, 1983).

The Citizen het dit in ’n resensie beskryf as ’n “truly lekker konsert”. Die resensie besing Louis van Rensburg as “the guiding light behind this musical extravaganza” en “it was Van Rensburg’s craft which dominated the proceedings overall. He was assisted by some of the brightest variety talent” (Engelbrecht, 1983).

Bütow beskryf Musikale Interaksie in ’n verslag, as deel van die Kwartaalverslag van die Studenteburo, op 30 April as die grootste projek wat die Kultuurkantoor tot dan aangebied het. *Geweldige inset van alle personeel was vir die projek noodsaaklik aangesien die voorbereidings feitlik drie maande in beslag geneem het. ’n Deurbraak was die teenwoordigheid van die SAUK TV wat die konsert opgeneem het vir moontlike uitsendings later in die jaar. ’n Konsert van die omvang is waarskynlik nog nie deur ’n universiteit aangepak nie. Die SAUK is baie optimisties oor die gehalte van hul opnames sowel as die uitsending daarvan* (Bütow, 1983b:39).

Die televisieprogram van Musikale Interaksie is op 1 Januarie 1984 uitgesaai en het goeie reaksie ontlok (Windell, 2014).



ILLUSTRASIE 13.15
LEDE VAN DIE ALABAMA STUDENTEGESELSKAP OP DIE VERHOOG TYDENS MUSIKALE INTERAKSIE ’83. DIE FOTO HET IN DIE BESEMBOS VERSKYN (FOTOKUNS, 1983B).

13.2.1.2 Variété

Die eerste Variété-konsert is in 1995 aangebied op versoek van die Potchefstroomse burgemeester, dr Ebrahim Sooliman, ten bate van die stad se Gemeenskapswelsynsfonds. Bütow skryf in sy 1995 jaarverslag: “Hierdie enorme produksie, aangebied deur ’n verskeidenheid studentetalent, het besondere byval gevind en ’n stewige bedrag is tot die fonds bygedra. Alle fasiliteite en kunstenaars is kosteloos tot die beskikking van die stadsraad gestel” (Bütow, 1995b:5).

In sy bedankingsbrief vir die konsert beskryf dr Ebrahim Sooliman, die burgemeester, dit as “a multi cultural festival by which the community was enriched” (Sooliman, 1995). Sooliman vervolg: *The Potchefstroom University is one of the most important and valued assets of our city. We trust that the good relationship between the City Council and the University will increasingly develop on the road of a partnership, to the benefit of Potchefstroom and its people* (Sooliman, 1995).

Variété is ook in 1996 aangebied en dié keer is deelnemers uit die gemeenskap ook in die program ingesluit (Bütow, 1996a:5).

13.2.1.3 20 Hande 1 hart

Op 25 Februarie 2012 is ’n konsert onder die beskerming van die rektor van die NWU Potchefstroomkampus in die Ouditorium aangebied, ten bate van oud-student en nasionaal bekende komponis en pianiste, Christa Steyn. Die konsert het bekend gestaan as 20 hande, 1 Hart. Tien bekende SA pianiste het hul kuns gratis aangebied vir hierdie besonderse uitvoering. ’n Bedrag van meer as R100 000 is vir dié doel ingesamel en aan Steyn oorbetaal. Daar is op haar versoek ook R10 000 aan KANSA geskenk (Anon., 2012c:34; Bütow, 2012g:3).



ILLUSTRASIE 13.16
DIE GROEP PIANISTE WAT DEELGENEEM HET AAN 20 HANDE 1 HART TEN BATE VAN CHRISTA STEYN IS (VOOR) JANINE NEETHLING, COENIE DE VILLIERS, CLINTON ZERF, RAMON ALEXANDER EN (AGTER) WESSEL VAN WYK, JOHN LUBBOCK, JACONELL MOUTON, ROELOF COLYN, JANNIE DU TOIT, MELISSA VAN DER SPUY, TRUIDA VAN DER WALT EN JOHAN VAN RENSBURG (ARTÉMA, 2012A).

13.2.1.4 Studentedekaanskonsert

Die eerste Studentedekaanskonsert, later genoem Variété (om nie verwar te word met die Variété-konsert, soos bespreek in 13.2.1.2 nie), het in 2012 plaasgevind. Die dekaan Studentesake, wat dié konsert geïnisieer het, was prof Rikus Fick. Dié prestige-konsert het op Woensdag 26 September

2012 plaasgevind “ter viering van die kunstetalente op ons kampus”. Dit is gesamentlik aangebied deur die SR Kunsteraad en die studentedekaan. Na afloop van die konsert is ’n prestige-dinee gehou, waartydens toekennings aan studente vir bydraes op kunstegebied gemaak is. Bütow reken in sy verslag, wat einde April opgestel is, dat dit ’n besonderse konsert behoort te wees en ook vir die publiek oopgestel moet word. “Daar word gehoop om dit ’n jaarlikse instelling te maak” (Bütow, 2012a:1).

In 2014 berig *Die Wapad* dat tydens dié jaar se konsert “onder meer Talentfees-gunstelinge, die PUK-Koor, die NWU-PUK Simfonie orkes, en die Sêrwenners” opgetree het. Prof Fick het aan *Wapad* gesê: “Met een konsert kry ’n mens dus ’n goeie beeld van wat op kultuurgebied op die kampus gebeur”. Volgens Alanka Craffert van PUK Kunste het daar in 2013 sowat 400 toeskouers Variété bygewoon, terwyl 700 in 2014 die konsert bygewoon het. Dié konsert is opgedra aan Horst Bütow en Christa Cloete, wat in 1980 die Kultuurkantoor begin het en albei in 2014 afgetree het (Herselman, 2014:10).

13.2.2 Musiekblyspele

Die aanbied van een groot jaarlikse produksie, bo en behalwe wat reeds op die kampus op kunstegebied plaasvind, het in 1997 vir Horst Bütow ’n werklikheid geword. Volgens *Wapad* se Schaap, “het die idee vir so ’n *musical* by hom ontstaan nadat die Kampustalentfees heelwat items uit musiekblyspele opgelewer het. Sy mikpunte was om studente wat nie deel uitmaak van die Puk se uitvoerende groepe nie die geleentheid te gee om aan sang en musiek deel te neem” (Schaap, 1997b:14).

Bütow spreek inderdaad in sy jaarverslag van 1996 die hoop uit dat ”’n wye verskeidenheid van talentvolle studente hieraan (die musiekblyspele) sal deelneem” (Bütow, 1996a:8).

13.2.2.1 1997 - *Broadway Skouspel*

Die gevolg hiervan was dat die eerste musiekblyspel *Broadway Skouspel* heet en *Kampusnuus* maak op 21 Februarie 1997 reklame daarvoor:

Immergewilde treffers uit bekende musiekblyspele kry binnekort nuwe gestalte in ’n studenteproduksie wanneer die Broadway-skouspel op 28 Februarie en 1 Maart in die Ouditorium aangebied word. Hoogtepunte uit musiekblyspele is verwerk tot ’n nuwe onafhanklike blyspel waartydens gewilde liedjies uit onder meer Grease en Les Misérables, Sound of Music, West Side Story, The King and I en Phantom of the Opera gehoor en gesien sal word. Die hele tema van die skouspel is die herlewing van die teater. Die kunstenaars bestaan uit huidige en vorige

Universiteitskoorlede, lede van Alabama, PU-Serenaders, Standard Bank Kampustalentfeeswenners en professionele dansers. Die koor en soliste word deur 'n orkes begelei (Anon., 1997c:2).

Die produksiespan vir die projek was Richter Grimbeek, regisseur/musiekregisseur, Marga Sander, artistieke regisseur, André van der Walt, tegniese bestuurder, Vita Wilkens, produksiebestuurder en Johan Abrie, choreograaf (Schaap, 1997b:14). In sy resensie skryf Schaap vir *Die Wapad:* "Lanklaas het die Ouditorium so gesprankel van talent en kreatiwiteit, met statig dog imponerende dekor, oorspronklike beligting en suiwer sang" (1997b:14).


13.2.2.2 1998 – *Binglestraat*

Binglestraat, losweg gebaseer op Shakespeare se *Romeo en Juliet,* is die musiekblyspel wat in 1998 aangebied is. *Wapad* se resensent, Gustav Schaap, gee "volpunte" vir Marga Sander, artistieke regisseur en skrywer van Binglestraat en berig dat dit "besaai [is] met kwinkslae, draakstekery met ou *musicals* en stoute verwysings na Puk-ikone" (Schaap, 1998b:1).

In sy jaarverslag berig Bütow: "Die verdere musiekblyspel *Binglestraat* is in Februarie met groot sukses op die planke gebring, weer eens onder leiding van Richter Grimbeek, 'n musiekstudent in sy nagraadse studiejaar. Nagenoeg 45 studente uit die Universiteitskoor, Alabama en die Serenaders het hieraan deelgeneem. Hiermee is 'n kultuuraktiwiteit nou gevestig waaraan 'n verskeidenheid studente met hulle talente kan woeker. Die bywoning het ook aangedui dat die aanbieding van die projek baie gewild is en beslis in 'n behoefte voorsien" (Bütow, 1998a:1).

13.2.2.3 1999 – *Downtown*

Downtown, die musiekblyspel van 1999, vertel die verhaal van 'n legendariese speurder, Staal Burger, wat die moord op die eienaar van 'n spoggerige nagklub moet opspoor. Die verhaal is deur Zachia Eloff geskryf, terwyl Richter Grimbeek nog 'n keer die musiekregisseur en Marga Sander die artistieke direkteur was. Nuutjies in dié produksie is digitale dekor en die Nasionale Kamerorkes, wat in die middel van die verhoog gesit het. Die hoofrol is vertolk deur Jacques Imbrailo, terwyl Ciska Kok, wat in 1998 in die rolverdeling van Binglestraat was, nes Imbrailo ook die resensent van Wapad beïndruk het (Schaap, 1999b:1).



ILLUSTRASIE 13.17
DIE VOORBLAD VAN DIE PROGRAM VAN *BROADWAY SKOUSPEL,* 'N MUSIEKPRODUKSIE WAT IN 1997 OP DIE PLANKE GEBRING IS (DEPARTEMENT KULTUURAANGELEENTHEDE, 1997).



ILLUSTRASIE 13.18
DIE PLAKKAAT OM DIE MUSIEKPRODUKSIE *DELIVERANCE* BEKEND TE STEL (DEPARTEMENT KULTUURAANGELEENTHEDE, 2000).

13.2.2.4 2000 – *Deliverance*

In 2000 is Zachia en Marliza Eloff die regisseurs van *Deliverance.* Die musiek is gekomponeer deur Pierre van der Westhuizen en Johan Vorster. *Wapad* skryf oor die musiek: "Die produksie dui op groot dinge vir mnre Van der Westhuizen en Vorster. Hulle komposisies sal ten minste drie weke lank nog by jou spook. Die rede hiervoor is die feit dat hulle die goue middeweg gevind het tussen aansteeklike refreine en die krag van klassiekgeïnspireerde orkestrasies" (La Grange, 2000b:1). Volgens Bütow het Johan Vorster, toe 'n musiekstudent en later 'n lid van die Suid-Afrikaanse popgroep Eden, al die musiek van dié groep gesing het, geskryf. Hy het onder meer die musiek geskryf vir die lied wat deur Bok van Blerk bekend gemaak is, *De la Rey*. Hy het ook saam met die Kolesky Broers gewerk, wat internasionaal suksesvol was, maar Vorster was ook in eie reg 'n suksesvolle liedjieskrywer en sanger (Bütow, 2014c).

Jacques Imbrailo vertolk weer eens die hoofrol in *Deliverance*, terwyl Reynhardt Pitout, Julie MacFarren en Mari Laufs ook die *Wapad* se resensent se goedkeuring wegdra. Ten spyte van enkele tegniese punte van kritiek skryf *Die Wapad:* "Maar dit is kleinighede in vergelyking met die grootsheid van hierdie uiters unieke en oorspronklike musiekblyspel en daar sal sekerlik baie ver en wyd gesoek moet word om 'n gelyke vir die stuk as geheel op te spoor" (La Grange, 2000b:1).


Ná *Deliverance* is daar vir enkele jare geen musiekblyspel op die planke gebring nie. Met die beëindiging van die toere van die Alabama Studentegeselskap is daar deeglik selfondersoek gedoen en tot die gevolgtrekking gekom dat studente eerder by ’n eenmalige produksie betrokke wil wees, as om vir ’n hele jaar hulself toe te wy aan ’n groep soos Alabama (Bütow, 2014c). Gevolglik is daar besluit om onder die vaandel van die “Alabama Produksiehuis” elke twee jaar ’n produksie in die vorm van ’n musiekblyspel aan te bied (Bütow, 2009:6).

13.2.2.5 2008 – *Back to the 80’s – The Totally Awesome Musical*

Met die ondersteuning van die Artéma Instituut vir Kunstebestuur is *Back to the 80’s – The Totally Awesome Musical* in 2008 op die planke gebring. Chris de Bruyn, bestuurder van die Artéma Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling, beskryf die doel van die produksie en die daaropvolgendes: “Ons wou deur die aanbied van hierdie produksies help om ’n platform en geleenthede te skep waar studente met hulle uitvoerende kunstetalente kon woeker en blootstelling kon kry” (De Bruyn, 2013:15).



ILLUSTRASIE 13.19
DIE PLAKKAAT OM *BACK TO THE 80S* BEKEND TE STEL (ARTÉMA, 2008).



ILLUSTRASIE 13.20
DIE PLAKKAAT OM *PERSREËN*, DIE MUSIEKPRODUKSIE MET DIE MUSIEK VAN JOHANNES KERKORREL, BEKEND TE STEL (ARTÉMA, 2010).

13.2.2.6 2010 – *Persreën*

Persreën, die produksie wat in 2010 aangebied is, is deur Chris de Bruyn van Artéma beskryf as ’n “kragtige spanpoging tussen Alabama Produksies, Artéma, PUK-Kunste, die NWU-PUK-koor en die NWU-PUK Simfonieorkes” (De Bruyn, 2013:16). Te oordeel daaraan dat 3 000 mense die produksie gesien het en al ses vertonings staande applous ontvang het, kan dit heelwaarskynlik beskou word as die mees suksesvolle produksie wat tot toe aangebied is (De Bruyn, 2013:16). Benewens ’n speelvak in Augustus 2010 in die Ouditorium, was die produksie ook in 2010 tydens Aardklop te sien (Nel, 2010b; Bütow, 2010f:1).

Persreën het bestaan uit die musiek van die oud-Puk, Ralph Rabie, wat later as die sanger, Johannes Kerkorrel, bekend geword het. In ’n berig op die NWU se webblad word gesê: “*Persreën* bring nie net hulde aan hierdie legende wat vanjaar vyftig jaar oud sou word nie, maar ontsluit die aangrypendheid van sy musiek in ’n nuwe baadjie met die talent van die NWU-PUK Simfonieorkes, die Pukkoor, ses soliste en Amanda Strydom en Jan Blohm as gaskunstenaars” (Nel, 2010b).

Persreën, die titel van die produksie, is ook die titel van ’n liedjie wat Kerkorrel geskryf het. *Taalgenoot* verskaf agtergrond:

In ’n tyd van groot sosiale en politieke skommelinge in Suid-Afrika verskyn ’n lied in 1992 op Johannes Kerkorrel se plaat Bloudruk *waarin ‘reën’ letterlik en figuurlik ’n ander kleur kry. Soos dit Kerkorrel, wat sedert die laat 1980’s aan die stuur van ’n sogenaamde alternatiewe musiekbeweging in Afrikaans was, betaam, sing hy in kabaretstyl Persreën: ‘Hei, wys my jou Casspir / wys my jou sambok / ek gooi jou met ’n klip / en jy slaan my met ’n stok / en spuit my, spuit my / met jou waterkanon.’ Die lied handel oor hoe protesteerders tydens politieke onluste met water met pers ink daarin gespuit is sodat hulle duidelik gemerk kon wees vir arrestasie: ‘Hey pers reën in die strate / pers reën in die stad / pers reën teen plakkate / betogers moet laat spat.’ Die refrein sou jare bly eggo en is vandag steeds relevant, want: ‘Sit jou geweertjie neer, meneer’”* (DK, 2014:37).


Die verwerking van die musiek vir die produksie is deur Pieter de Bruin gedoen. De Bruin het aan *Wapad* gesê dat die proses in Maart 2010 begin het, is in ses fases voltooi:
Hy sê die proses het die notering van al die liedjies ingesluit, aangesien bladmusiek daarvoor nie beskikbaar was nie. Daarna het hy die reharmonisering van elke liedjie gedoen, asook die bepaling en skep van elkeen se stylkonsep. ‘Die uitdaging was om die oorspronklike emosie en energie te behou en tog van elkeen iets nuuts te skep. Die volledige orkesbesetting moes uitgewerk word, wat bestaan uit twee gaskunstenaars, ses soliste, ’n ritmeseksie van ses musikante, ’n simfonieorkes van sowat dertig stuks en ’n koor van sestig stemme. De Bruin sê alle verwerkings is eers op rekenaar gedoen. Die ritmeseksie is eerste verwerk en selfs die dromgedeeltes is in detail genoteer. Daarna is die

orkesgedeeltes verwerk en laastens die koorgedeeltes. De Bruin sê die uitdaging was om musikante met verskillende vlakke van vaardighede saam te snoer in 'n artistieke geheel. 'Na voltooiing van die verwerking is elke liedjie se instrumentgedeeltes geredigeer en die dinamiese en fraseringstekens is bygevoeg. Al die gedeeltes is daarna saamgevoeg in elektroniese instrumentboeke vir elke musikant (Scheppel, 2010e:13).


Voldagrepetisies vir die produksie is met die konsertgroep van 120 kunstenaars tydens die winterreses van 2010 gehou en die speelvak was van 18 tot 21 Augustus (Bütow, 2010e:1, 2).

Reaksie op *Persreën* blyk uit Bütow se verslag vir Augustus tot Oktober 2010:

Groot lof is toegeswaai vir die PUK Simfonieorkes en die PUK-Koor, asook Pieter de Bruin se buitengewoon suksesvolle musiekverwerkings. Die ses studentesoliste het ook geweldig goeie kritiek ontlok. Die bywoning van die publiek was bo verwagting goed. Navraag is ontvang vir moontlike optredes in 2011 by die Woordfees in Stellenbosch, sowel as die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (Bütow, 2010d:1).



ILLUSTRASIE 13.21
DIE PLAKKAAT OM *GREASE* WAT IN 2012 OPGEVOER IS, BEKEND TE STEL (ARTÉMA, 2012B).



ILLUSTRASIE 13.22
DIE VOORBLAD VAN DIE PROGRAM VIR *BREAKING UP IS HARD TO DO*, 'N MUSIEKBLYSPEL MET DIE MUSIEK VAN NEIL SEDAKA, WAT IN 2014 OP DIE PLANKE GEBRING IS (ARTÉMA, 2014A).

13.2.2.7 2012 – *Grease*

Die bekende musiekblyspel, *Grease,* is in 2012 op die planke gebring. De Bruyn skryf oor dié produksie:

Die aanbied van hierdie produksie was weereens 'n spanpoging met die beste talent op ons kampus onder die regie van Nacia Kruger (oud-Alabamalid). Die produksie was uiters gewild onder die gehore en kan spog met 'n gemiddelde bywoningsyfer van meer as 91% per aand en vier staande ovasies (De Bruyn, 2013:19).

Waar dié produksie van voriges verskil, is dat die rolverdeling die vorige kampusrektor van die NWU-PUK, prof Annette Combrink ingesluit het. Bütow beskryf die res van die geselskap as "uiters talentvol" wat ook ingesluit het GP v Rheede v Oudtshoorn, huispa van Heide, en Tammy Aslett, huisma van Veritas (Bütow, 2012f:1; Bütow, 2012d:1).

Bütow berig dat sewe weke van intense repetisies gekulmineer het in vier optredes wat almal uitverkoop is. By elkeen het die gehoor 'n staande applous gegee, wat 'n bewys was van die gewildheid van die produksie en die gehoor se waardering daarvan (Bütow, 2012f:1).

13.2.2.8 *2014 – Breaking up is hard to do*

Breaking up is hard to do is in 2014 deur Artéma op die planke gebring het. Van die bekendste liedjies uit Neil Sedaka se pen is in die produksie sluit in "Breaking Up Is Hard to Do, Oh, Carol, Laughter In the Rain, Love Will Keep Us Together" en "Solitaire" (Artéma, 2014a).

Die *Potchefstroom Herald* skryf op 5 September dat die openingsaand 'n groot sukses was:
'n Baie entoesiastiese gehoor is meegevoer deur uitstekende vertolkings van die tydlose treffers van Neil Sedaka waarom die musiekblyspel geskryf is. Die energie van die studente en die komiese dialoog het teatergangers op die punte van hulle stoele gehad. Die regie en choreografie word waargeneem deur die oud-Volkie, Nacia Kruger en haar man, oud-Gimmie, Johan, is verantwoordelik vir die beligtingsontwerp van die produksie (Anon., 2014d:16).

Die musikale produksies wat vanaf 1997 aangebied het, is van jaar tot jaar met meer of minder sukses aangebied. Dit het egter die geleentheid gebied aan studente om deel te wees van 'n eenmalige produksie, eerder as om vir 'n hele jaar betrokke te wees by die repetisies en toere van 'n geselskap soos die Alabama Studentegeselskap.

13.3 Besinning oor die waarde van die lang- en korttermynprojekte

13.3.1 Besinning oor die langtermynprojekte

Al die langtermynprojekte waarby die Kunsteraad van die SR en NWU-PUK Kunste en sy voorgangers betrokke is, het uit studentegeledere ontstaan, behalwe die Filmfeesprojek (kyk na 12.3.4). ’n Opmerking wat Johan van Rensburg gemaak het om die staking van die Alabama-toere te verduidelik, blyk deurslaggewend te wees ten opsigte van al die langtermynprojekte (kyk na 5.5.4.3).

Eweneens is al die langtermynprojekte daarop afgestem om aan ’n behoefte wat studente het, te voldoen. Sou die behoefte nie meer bestaan nie, word die projek gestaak. Die Filmfees is ’n duidelike voorbeeld hiervan. Aanvanklik was dit uiters gewild en baie suksesvol, totdat die interne rekenaardeelprogram, DC, oorsese rolprente beskikbaar gemaak het, kort nadat dit vrygestel is. Studente het dus dié rolprente gesien voordat dit vir die Filmfees beskikbaar was en die behoefte om die rolprente te sien het verval.

Die gewildheid van die Sêrkompetisies sny ook hierby aan. Dit het veral sedert die negentigerjare so populêr geword dat dit selfs die Alabama Studentegeselskap, in sy 64ste bestaansjaar, help kniehalter het en dié groep se toere het in 2007 ten einde geloop (De Bruin, 2014b). Pieter de Bruin, laaste musiekregisseur van Alabama, was van mening dat studente eerder aan een produksie wou deelneem, soos die Sêrkompetisies wat hul tyd vir enkele weke in beslag neem en nie by ’n Alabama-produksie wat ’n jaar van hulle tyd, naweke en vakansies in beslag neem nie.

Enkele jare na die eerste Talentfees berig Bütow in 1986 dat dit “kan nou beskou word as ’n hoogtepunt op die Universiteit se kultuurkalender” (Bütow, 1986b:1).

Die effek wat die Talentfees op die ontwikkeling van studente se talent het, blyk uit Bütow se verdere opmerking: “Studente (hoofsaaklik die wenners) het deur hul optrede by die Talentfees vir hulleself reeds ook deure in die vermaaklikheidswêreld oopgemaak. DIE SAUK-TV was by die fees verteenwoordig en het reeds van ons studente uitgenooi om TV-programme gemaak. So is ook ’n paar studente genooi om buite die Universiteit by konserte op te tree” (Bütow, 1986b:1).

Die gewildheid van die jaarlikse Kampustalentfees blyk daaruit dat daar teen 1995 jaarliks sowat 250 inskrywings ontvang is (Bütow, 1995b:2).

Bütow skryf in 2008 dat ’n “wonderlike mylpaal” behaal is met die aanbieding van die 25ste Talentfees (Bütow, 2008:3). Die waarde van die Talentfees blyk uit prof Annette Combrink, rektor van die Potchefstroomkampus van die NWU, se opmerking in die program van 2008:

Vir my bly dit altyd verstommend om te sien hoeveel talent daar onder die jongmense op die kampus is en waar beter om dit ten toon te stel as juis tydens die kampustalentfees. 'n Universiteitskampus is tog 'n plek waar jong mense wat per definisie talentvol is bymekaargetrek word en dit bly lekker om te weet dat die kampus vir hulle die geleentheid gee om hierdie talente na behore te laat ontwikkel. Dit is ook goed om te sien hoe dikwels die deelnemers (en die wenners!) nie noodwendig studeer in die rigting waarin hulle by die fees optree nie (Combrink, 2008).

Bütow beskryf in 2012 die Talentfees, wat dié jaar "onder die vaandel van Pukki aangebied is", as 'n "prestige"-geleentheid en dat dit "weer eens almal verstom met betrekking tot die hoë kwaliteit van ons uitvoerende kunstenaars. Die terugvoer oor die skouspel en verskeidenheid van talente op die kampus was uit alle oorde baie positief" (Bütow, 2012a:1).

Voorts is prof Van Schalkwyk se opmerking in die 30 Jaar Feeskonsert van 2013 se program 'n aanduiding van die waarde van die Talentfees: *Die rol wat hierdie kampus in die Suid-Afrikaanse musiekwêreld gespeel het moet seker as een van die hoogtepunte van sy bestaan beskou word. Nie net op akademiese gebied nie, maar ook die ontwikkeling van nuwe talent en sy bydrae tot die musiekskat van Suid-Afrika* (Van Schalkwyk, 2013:1).

Volgens Gerrie Lemmer, hoofbestuurder: projekte van die ATKV, is hy beïndruk met die infrastruktuur wat deur PUK Kunste en die Kunsteraad geskep is, "om uitstekende projekte" te kon loods. In gesamentlike projekte soos die borgskap van die Talentfees en die aanbied van die nasionale Sêrkompetisies, "hoef ons nie eintlik veel te doen van ons kant af nie" (Lemmer, 2017). Hy is ook van mening dat betrokkenheid by kunstekulturele projekte (soos die Talentfees, Sêrkompetisies, lidmaatskap van uitvoerende studenteorganisasies) vir studente die geleentheid tot persoonlike ontwikkeling bied en dus só hul akademiese studie aanvul. Vaardighede en belangstellings wat hierdeur bekom is, kan hulle vir "die res van hul lewe saamneem" (Lemmer, 2017).

Die skeppende kunste-projekte, wat deur die Kunsteraad en sy voorgangers aangebied is, sny ook aan by Van Rensburg se "rugbyklub"-model. Nadat die Beeldende Kunste-departement uitgefaseer is en die projek om die panele in die duikweg te skilder opgehou het, het die behoefte aan so 'n geleentheid steeds bestaan en het die blokskilder-projek ontstaan. Dit het later die Canvas-skilder-projek geword en het uiteindelik weer op 'n duikwegskilderprojek uitgeloop met die bou van die tweede duikweg by Ingenieurswese.

13.3.2 Besinning oor korter en/of eenmalige projekte

Bütow beskryf Musikale Interaksie ’83 as die grootste projek wat die Kultuurkantoor in sy driejarige bestaan aangebied het (Anon., 1983e; Bütow, 2014a). Benewens die benutting van uitvoerende studentegroepe soos Alabama, die PU-Koor, die Boulevard Harmoniste en die Serenaders, as bemarkingsinstrumente vir die Universiteit, kan Musikale Interaksie ’83 waarskynlik beskryf word as dié korttermynprojek waarby die Kultuurkantoor betrokke was, wat die meeste as bemarkingsinstrument gesien kan word. Die Variété-konserte van 1995 en 1996 was hoofsaaklik gemeenskapsprojekte, terwyl 20 Hande 1 Hart, ten bate van Christa Steyn, ook tot ’n mate ’n gemeenskapsprojek was. Die Studentedekaanskonsert, wat later ook as Variété bekendstaan, is andersyds ’n interne projek.

Die musiekblyspele wat van 1997 tot 2000 en weer vanaf 2008 af tweejaarliks aangebied word, is geskep om aan studente die geleentheid te bied om – nes die Sêrkompetisies – by ’n kortstondige projek betrokke te wees, waar hulle hul talente kon beoefen (Bütow, 1996a:8). Die sukses wat daarmee behaal is het van produksie tot produksie gevarieer. Die suksesvolste was waarskynlik *Persreën,* wat ook by Aardklop aangebied is.

HOOFSTUK 14

Die rol van die Kultuurkantoor, later PUK Kunste, binne die kunskulturele omgewing

14.1 Inleiding

Kunskulturele studenteaktiwiteite en groepe, is nie al wyse waarop die Universiteit ’n invloed gehad het binne die kunskulturele omgewing nie. Met Bütow se aanstelling in 1980 is dit as een van sy take beskou om skakeling na buite te behartig (Anon., 1980h:7). ’n Jaar later skryf Bütow: “Behalwe vir moontlike studentewerwing beskou die Kultuurkantoor dit as absoluut essensieel om kultuurbevordering buite die Universiteit toe te pas” (Bütow, 1981a:8).

As voorbeeld van die wyse waarop dit toe gedoen is, wat betref skakeling met jongmense buite die Universiteit, is plaaslike skoolhoofde genader oor die moontlikheid om direk met hoofseuns en -dogters te skakel oor bv. bywoning van op- of uitvoerings by die Universiteit. Daar is ook pogings aangewend om skoliere meer betrokke te maak by sekere kultuurfeeste. Skakeling met die plaaslike weermageenhede het met dieselfde doel plaasgevind (Bütow, 1981a:8).

Nog ’n prioriteit was om meer reklame te maak sodat die algemene publiek van Potchefstroom en omliggende dorpe meer betrek kon word by die kultuuraktiwiteite van die Universiteit. Die uiteindelike doel was dus om Potchefstroom en die Universiteit te vestig as die kultuurmekka van Wes-Transvaal (Bütow, 1981a:8).

Die dryfkrag om Potchefstroom aan die voorpunt van kunskulturele aktiwiteite in die provinsie te stel, blyk ook uit ’n ooreenkoms tussen die Aardklop Kunstefees, die Universiteit en die stadsraad. Hattingh brei uit: “In 2003 is daar ’n vennootskap-memorandum onderteken tussen Aardklop, die Universiteit van Potchefstroom en die Potchefstroomse stadsraad. Die doel daarvan was om Potchefstroom as kultuursentrum te vestig” (Hattingh, 2010:77).

Van meet af met die totstandkoming van die Kultuurkantoor was eksterne skakeling dus as een van die doelstellings daarvan gestel. Dié doelstelling is deurgaans gehandhaaf. Hierdie eksterne skakeling hou meesal nie direk verband met kunskulturele studenteaktiwiteite nie, maar dit is tog noodsaaklik dat dit kortliks bespreek word ten einde ’n volledige beeld van hierdie aktiwiteite van PUK Kunste en sy voorgangers te gee.

Ten einde onnodige duplisering te voorkom, sal die besinning hieroor in hoofstuk 15 bespreek word.

14.2 Plaaslik

14.2.1 Inleiding

In Potchefstroom het kunskulturele studenteaktiwiteite van die vroegste tye af ’n raakpunt tussen die studente en die gemeenskap geskep. Eweneens was die opvoering van ’n toneelstuk in 1919, om geld in te samel vir die herstel van die tennisbane van die PUK, daarop afgestem om die gemeenskap van Potchefstroom te vermaak en dus ’n inkomste te genereer (Schulze, 1919:88). Met die stig van die Amicitia-vereniging in 1926 en die eerste toergeselskap, wat in 1929 ’n toer onderneem het, is opvoerings ook in Potchefstroom gehou.

Die stig van die PUK-Musiekvereniging in 1942 het dit moontlik gemaak vir persone wat nie aan die PUK verbonde was nie, om ook lede van dié vereniging te wees (PUK-Musiekvereniging, 1942). In die daaropvolgende jare is talle konserte aangebied. In 1945 word in die jaarverslag berig dat “Potchefstroomse musiekliefhebbers” vergas is op ’n konsert van ene Brödrich, begelei deur sy gade (PUK-Musiekvereniging, 1945a). In 1950 het die Musiekvereniging in samewerking met die Potchefstroomse Vereniging van Musiekvriende, ’n konsert van die Johannesburgse Simfonieorkes gereël as deel van die Bachfees (Van der Walt, 1950).

Die betrokkenheid van studente in die musieklewe van Potchefstroom was egter nie alleen deur middel van aktiwiteite gesanksioneer deur die owerheid van die Universiteit nie. Die feit dat studente nie op die kampus mog dans nie, het hulle nie verhoed om dié aktiwiteit in die dorp te beoefen nie. In die twintigerjare het daar ’n PUK-Dansklub in die dorp bestaan, terwyl die X-klub in die veertigerjare dansgeleenthede vir studente in die dorp gereël het (Van der Schyff, 2005:207).

Hans de Bruin, wat in 1955 die LLB verwerf het, skryf in 2013 aan die Fakulteit Regte: “Ek en Wiese en Pieter Coetsee het beroemdheid (berugtheid) verwerf omdat ons redelik goed kon saamsing. So af en toe het ons dan ook, as ons ’n paar sent gehad het om te spaar, ons na die kroeg van die destydse Queens Hotel (nou die Impala) begewe, een bier gekoop en die hele aand gesing tot groot vermaak van die gaste wat mildelik bygedra het vir nog ’n skuimpie of twee” (Gouws, 2015:222).

Alabama het vanaf sy stigting konserte in Potchefstroom gehou. Die eerste keuringskonsert het in die Potchefstroomse stadsaal plaasgevind (Studenteraad, 1943c:1). Nadat daar met die revuestyl-programme in 1967 begin is, is daar jaarliks meer konserte in Potchefstroom gehou as in enige ander plek in die land (Anon., 1968c; PU vir CHO, 1951:76).

14.2.2 Sanlam-Ouditorium

Alhoewel die bou en benutting van die Ouditorium in paragraaf 12.3.2 meer volledig bespreek is, noodsaak die rol wat dié fasiliteit in die stad Potchefstroom en streek speel dat daar hier daarby aangesny word.

Dit was met die opening van die Ouditorium in 1979 dat die Universiteit hom gevestig het as die belangrikste kultuursentrum in Potchefstroom en sy omgewing. Bütow rig in 1987 'n brief aan prof CJ van der Watt om agtergrond te gee vir die moontlike verkryging van 'n finansiële bydrae van die stadsraad van Potchefstroom vir die instandhouding van die Ouditorium. Bütow skryf:
Die Ouditorium het sedert 1980 ontwikkel in die kultuursentrum van Potchefstroom, met nagenoeg 60 kulturele aanbiedinge per jaar en 'n bywoningsyfer van nagenoeg 80 000 per jaar. In sy streek is Potchefstroom die leier, inisieerder, organiseerder en kenner van kunste. By nadere ontleding besef 'n mens dan ook dat die spil eintlik om ons Universiteit draai. Die Universiteit erken ook dat hy 'n gemeenskapsverpligting het – maar daar is ook perke (Bütow, 1987g).

Bütow sluit in sy brief ook aan by die invloed wat die aktiwiteite van die Departement Spraakleer en Drama op die kultuurlewe van Potchefstroom het. Weens die beperkinge van hierdie studie, gaan dit nie hier behandel word nie.

In reaksie op die versoek aan die stadsraad van Potchefstroom, bewillig dié raad in 1990 'n bedrag van R125 000 in vyf jaarlikse paaiemente van R25 000 plus R5 000 per jaar wat toe voorlopig vir vyf jaar betaal sou word. In sy skrywe aan die rektor hieroor sê die burgemeester, raadslid JC Landsberg, dat hierdie bedrae beskou word "as die raad se bedrae en erkenning vir die rol wat die Ouditorium in Potchefstroom vir die gemeenskap die afgelope tien jaar gespeel het" Landsberg sê ook: "Wees verseker dat die stadsraad met hierdie skenking graag sy hoogste waardering op rekord plaas vir die besondere rol wat die PU vir CHO in Potchefstroom en die Republiek van Suid-Afrika speel" (Landsberg, 1990).

Teen 1992 reken Bütow dat die Ouditorium ook ontwikkel het tot kultuursentrum vir die Wes-Transvaal. Daar was toe sowat 250 gebruiksgeleenthede per jaar, met 'n stoelbesetting van 160 000 (Bütow, 1992?). Heelwat hiervan was gradeplegtighede en prysuitdelings van skole wat nie noodwendig almal op kultuurbevordering afgestem was nie.

Die aanbied van 'n verskeidenheid van konserte, van moderne tot klassieke musiek en toneelopvoerings, was dus nie net afgestem op die Universiteit en sy studente nie, maar ook om een van die doelstellings van die Kultuurkantoor, "dienslewering aan die gemeenskap op kultuurgebied", te verwesenlik (Bütow, 1984c:1).

14.2.3 Potchefstroom 150-jarige bestaansviering

Die Kultuurkantoor is so vroeg as 1986 betrek by reëlings vir die viering van Potchefstroom se 150-jarige bestaan, wat in 1988 sou plaasvind (Bütow, 1986b:4). Bütow is gekies as lid van die Feeskomitee en was dus voorsitter van een van die subkomitees vir dié fees (Prinsloo, 1988). Hy het as voorsitter die subkomitee verantwoordelik vir die feesoptog, feesbal en ligte musiek-uitvoerings behartig (Subkomitee Ligte Musiek, Drama, Feesoptog, Feesbal, 1985:1).

Met die eerste vergadering word genotuleer:

1. Die Feesoptog sal die grootste deel van die komitee se aktiwiteite vorm. Die leuse '150 jaar – 150 items' sal as uitgangspunt gebruik word.

2. Die Feesbal moet stylvol en in goeie smaak aangebied word en sal waarskynlik in die stadsaal aangebied word.

3. Ligte Musiek Verskeidenheid sal slegs binnenshuise aanbiedinge behels. Die 'hoe' en 'waar', asook watter tipe musiek, is van belang hier (Subkomitee Ligte Musiek, Drama, Feesoptog, Feesbal, 1985:1).

Weens die sukses wat die Kultuurkantoor behaal het met die koördinering van kuns- en kultuurgebeure op die kampus, word dié kantoor ook in 1987 daarmee getaak om die koördinering van feesaktiwiteite te hanteer (Bütow, 1986b:4).

Die Alabama-reünie van 1988 en die Kuesta wat dié jaar aangebied is, is ingesluit by die feesprogram (kyk na paragrawe 5.6.1 en 6.8).



ILLUSTRASIE 14.1
'N KAARTJIE VIR DIE FEESDANS AS DEEL VAN DIE 150-JARIGE BESTAANSVIERING VAN POTCHEFSTROOM IN 1988 (POTCHEFSTROOM STADSRAAD, 1988).

14.3 Provinsiaal

Bütow is van mening dat “ons kuns- en kultuurouens” plaaslik, provinsiaal en nasionaal betrokke moet wees, “anders isoleer ons onsself” (Bütow, 2014a). Gevolglik was hyself by talle komitees en groepe betrokke buite die Universiteit (kyk na paragraaf 12.2.3.1). Hy het ook sy personeel aangemoedig om dieselfde te doen.

Met die totstandkoming van die Driekamerparlement in 1984 is drie Rade geskep, vir blankes (Volksraad), bruin mense (Raad van Verteenwoordigers) en Indiërs (Raad van Afgevaardigdes). Elke huis het sy eie kabinet gehad en ’n eie begroting om “eie sake” te behartig. Dit sluit in onderwys, behuising en maatskaplike dienste (Giliomee & Mbenga, 2007:372).

As uitvloeisel hiervan het die Streeksraad vir Kultuursake tot stand gekom en Horst Bütow is in 1984 deur die Minister van Kultuur in die Volksraad benoem as een van die eerste raadslede van die plaaslike Streekraad vir Kultuursake (Bütow, 2013c).

Personeellede van die Kultuurkantoor was steeds in 1989 hierby betrokke (Bütow, 1989a:6). Dié raad het bly voorbestaan tot 31 Maart 1995 en Bütow was tot toe ’n lid van die Raad (Streeksraad Kultuursake, 1995).

Bütow was in die negentigerjare, tydens ’n tydperk van politieke veranderings in die land, op provinsiale en nasionale vlak by etlike organisasies betrokke (soos uiteengesit in paragraaf 12.2.3.1).

14.4 Nasionaal

Die nasionale betrokkenheid van kunskulturele studentegroepe is reeds in die onderskeie hoofstukke daaroor bespreek. Dit sluit die talle toere in wat deur studentegroepe onderneem is. Die Universiteit se betrokkenheid by die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging in 1983 is in paragraaf 6.9 bespreek.

14.4.1 Kultuurbeamptes

Nadat Bütow in 1977 by RAU aangestel is as die eerste kultuurbeampte aan ’n Suid-Afrikaanse universiteit, het verskeie universiteite, insluitende die PU vir CHO, soortgelyke poste geskep (Anon., 1990e). Teen 1985 het ’n behoefte ontstaan vir dié kultuurbeamptes om ’n nasionale vereniging te skep. In Bütow se verslag vir die eerste semester van 1985 berig hy: “Personeel van die kantoor lewer tans ’n belangrike inset met betrekking tot die eerste kultuurbeampte-kongres vir tersiêre inrigtings wat eersdaags in Rustenburg plaasvind” (Bütow, 1985c:1). Tydens die kongres, bygewoon deur sowat 40 kultuurbeamptes, is Bütow as voorsitter verkies (Bütow, 1985b:5).

14.4.2 Klankateljee

'n Klankopname-ateljee is in 1989 aanvanklik ingerig as 'n kostebesparende maatreël, sodat Alabama se orkesopnames daarin gemaak kan word (Bütow, 1989a:5) (kyk ook na paragrawe 5.5.3, 5.5.4 en 5.9). Dit het gou geblyk nie net vir Alabama te baat nie, maar die ateljee het kliënte gewerf wat opnames daar wou maak. In 1991 is 'n verbeterde ateljee ingerig, spesifiek met dié doel dat betalende kliënte dit al hoe meer sou gebruik (Bütow, 1991:2).

Die eerste opname-ateljee aan die PU vir CHO is in die middel sewentigerjare by die Musiekdepartement ingerig. Dit is bedryf deur Johan van Rensburg, wat na sy studies in Amerika, elektroniese musiek doseer het. Van Rensburg het een van sy bekendste liedjies, die temalied van die televisiereeks *Nommer Asseblief,* in dié ateljee opgeneem (Burger, 1983:10). Pieter de Bruin skryf in 1997 'n brief aan die viserektor waarin hy die oprigting van 'n moderne opname-ateljee bepleit (De Bruin, 1997b). Volgens De Bruin het die Departement Kultuur van 1988 tot 1997 apparaat aangekoop en benut om die kern van 'n rekenaarmusiekateljee te vorm. "Die apparaat is in my vorige kantoor, wat in 'n tydelike ateljee omskep is, ingerig" (De Bruin, 1997b). Die Departement Kultuur was toe gehuisves in die kelder onder die Ouditorium.

Die ateljee het egter mank gegaan aan verskeie gebreke. Dit was eintlik 'n kantoor en dus te klein, was glad nie akoesties behandel nie, die apparaat kon nie altyd op logiese wyse ingeskakel word nie, die klankkabels het gou foutief geraak, die kragtoevoer was onstabiel en die finale afronding van 'n produk – of meng – kon nie daar gemaak word om 'n produk van die hoogste moontlike kwaliteit te skep nie. Dit het vir die Universiteit groot onkostes veroorsaak (De Bruin, 1997b).

Toe die Departement Kultuur in 1996 die Heimat-gebou betrek, was daar ruimte vir 'n groter ateljee. Chris de Bruyn skryf in Artéma se 10-jaarverslag:
Die oorspronklike "kantoorruimte" van die musiekregisseur van Alabama is einde 2008 tot begin 2009 in 'n volwaardige opname-ateljee omskep. Dit het oorspronklik uit 'n werkstasiedeel en 'n primitiewe opnamekamer bestaan. Die verbouings en verbeterings aan die ateljee is afgehandel met groot dank en waardering vir die morele en finansiële ondersteuning vanuit die Kantoor van die Rektor. Artéma het ongeveer een derde van die totale koste vir die verbeterings gedra. Befondsing is ook vanaf die Lotto ontvang om die projek te voltooi en om nuwe toerusting aan te koop (De Bruyn, 2013:26).

Bütow skryf in sy jaarverslag oor die ateljee:
Die uitbreiding van die elektroniese klankateljee met behulp van finansiële ondersteuning van die rektor is gedoen deur uitbreiding van die ateljee, beide in grootte en digtingskwaliteit – daar is in kort

'n professionele fasiliteit geskep. Die vestiging van 'n eie studente CD-etiket kan dus nou 'n werklikheid word (Bütow, 2009:1).



ILLUSTRASIE 14.2
DIE ARTÉMA OPNAME-ATELJEE WAT IN 2008 INGERIG IS (ARTÉMA, 2014B).

Benewens opnames vir CD's van groepe van die Universiteit soos die Koor en die Boulevards het die ateljee sedert 2009 opnames gemaak vir gemeenskapskore, skole (sowat 20), RSG se Trimple M Produksie, OFM, Rocco de Villiers en die Oprah Winfrey Leadership Academy for Girls (De Bruyn, 2013:26).

Interne projekte waarvoor die ateljee ook benut is sluit in opnames vir die "CText Sentrum vir tekstegnologie in samewerking met die WNNR, Microsoft en die Nasionale Departement vir Kuns en Kultuur se opnames om stemgedrewe inligtingstelsels te ontwikkel in al 11 amptelike landstale, die digitalisering van langspeelplate en 12 mm bande vir argiefdoeleindes vir die Ferdinand Postma Biblioteek en die finalisering van die CD wat saam met die boek oor die geskiedenis van Intervarsity verskyn het vir die dekaan Studentesake" (De Bruyn, 2013:26).

Wat dus aanvanklik begin is as 'n projek om kostes te bespaar vir Alabama, het dié studentegeselskap oorleef en het sedertdien 'n nasionale kliëntebasis ontwikkel.

14.4.3 ATKV Revuekursus

Volgens Johan van Rensburg, musiekregisseur van die Alabama Studentegeselskap in 1964 en vanaf 1966 tot 1973, het dit ná die sukses van Alabama se eerste revuestyl-program talle soortgelyke geselskappe by ander inrigtings tot gevolg gehad. Dié groepe het egter nie lank bestaan nie en het na 'n sekere tydperk tot niet gegaan. Van Rensburg is van mening dat die PU egter die Kultuurkantoor gehad het wat bystand aan Alabama en kontinuïteit en vastigheid aan die organisasie van die toere gegee het. Daar was dus 'n infrastruktuur wat ten spyte van wisselende

studentelede jaar na jaar bly voortbestaan het. Dit was instrumenteel in die sukses van Alabama, anders as by ander tersiêre instansies (Van Rensburg, 2014).

In samewerking met die ATKV is ’n Revuekursus vir 10 jaar, vanaf 1992 tot 2001, aangebied. Dit was veral gemik op onderwysers en onderwyseresse wat jaarliks revues by hul skole op die planke moet bring.

Die eerste Revuekursus is met sukses aangebied, soos blyk uit Bütow se jaarverslag vir 1992:
Met die intrapslag was die nasionale belangstelling so oorweldigend dat die moontlikheid om twee kursusse aan te bied op ’n stadium ondersoek is. ’n Maksimum van 55 deelnemers kon gehuisves word en heelparty aansoeke moes afgewys word. Die kursus het alle aspekte van revueproduksie gedek en is aangebied deur personeel van die Departement Kultuur en oudregisseurs van die Alabama Studentegeselskap. Terugvoering oor die kursus het duidelik getoon dat dié kursus ’n sukses bo alle verwagting was. Hierdie positiewe reaksie van die kursusgangers het daartoe gelei dat besluit is om die kursus ’n jaarlikse instelling te maak en dit ook te verleng (Bütow, 1992:1).

In die ATKV se brosjure *RAP – Radikale Afrikaanse Projekte* vir 2002, word die doel van die kursus omskryf:
Die kursus wil aan onderwyseres/esse en ander betrokkenes wat jaarliks revues en ander produksies by skole moet aanbied en dikwels probleme met die konsep, samestelling, afrigting, ens. ervaar, eerstehandse inligting, wenke en die regte gereedskap gee om die probleme te bowe te kom.

Die gesprekleiers sluit in Pieter de Bruin, toe regisseur van Alabama, Henri Noppé, choreograaf van Alabama, Johan van Rensburg, voormalige regisseur van Alabama, Peet Ryke, senior studenteadviseur: kultuur van die PU, Horst Bütow, hoof van die Departement Kultuur aan die PU en Giep van Zyl, oudvoorsitter en komediant van Alabama. Dié jaar se kursus sou van 6 tot 8 Junie aangebied word.

Die elemente waaruit ’n revue bestaan sou bespreek word: struktuur, musiek, komiese sketse, choreografie, dekor, tegniese aspekte soos klank en beligting en organisasie en beplanning. (ATKV, 2002:80).



ILLUSTRASIE 14.3
DIE SOWAT 55 DEELNEMERS WAT DIE EERSTE REVUEKURSUS IN 1992 BYGEWOON HET. IN DIE VOORSTE RY IS DIE AANBIEDERS EN ORGANISEERDERS. HULLE IS CHRIS DE BRUYN, PEET RYKE, JANS JONKER, GIEP VAN ZYL, KOOS LESSING, PIETER DE BRUIN, HENRI NOPPÉ, LOUIS DRUMMOND VAN RENSBURG EN JOHAN VAN RENSBURG (FOTOGRAFIESE DIENSTE, 1992).

14.4.4 Kunstefeeste

Hattingh ontleed die term "kunstefeeste" as volg:

Die term kunstefees bestaan uit twee begrippe wat soos volg gedefinieer word: Volgens die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal verwys die term 'kuns' na:

'die vaardigheid of bekwaamheid, besondere slag of gawe om iets te doen of tot stand te bring, die vermoë om wat in die gees lewe op so 'n wyse totuitdrukking te bring dat dit ontroer, meeskep.'

Die term 'fees' beskryf:

''n plegtige of 'n vreugdevolle herdenking van 'n gebeurtenis of 'n persoon, 'n geleentheid of 'n tydperk in die besonder gewy aan iets. Byeenkoms vir gesellige verkeer, iets wat groot vreugde verskaf.'

Wanneer die twee terme saamgevoeg word tot kunstefees, is dit duidelik dat die woord verwys na 'n geleentheid waar kunsvaardighede ten toon gestel word. 'n Kunstefees staan dus primêr op twee bene, naamlik vaardigheid, en geleentheid (Hattingh, 2010:72).

Optredes van die Alabama Studentegeselskap, die Koor en die Boulevard Harmoniste is in die betrokke hoofstukke bespreek.

Studente van die Universiteit het ook in 1996 'n kabaret, die Bloementals, by die KKNK aangebied. In die aansoek vir die KKNK word dit beskryf as:
'n Kabaret gebonde aan oorspronklike musiek en teks. Dit handel oor 'n gesin, die praktiese alledaagse bestaan van uiteenlopende karakters. Met klavier, tromme, solosang en vertelling.

Die skrywer was Machiel Roets en die regisseur Richter Grimbeek. Die res van die geselskap was Machiel Roets (sang), Marga Sander (klavier), Henk Otto (tromme) en Herman van der Berg (kitaar, klarinet). Lirieke van Ira en George Gershwin en Hans du Plessis is gebruik en die musiek is geskryf deur Machiel Roets (Bloementals, 1996).

Die eerste Aardklop Kunstefees het in 1998 plaasgevind (Anon., 1998e:1; Gouws, 2008b:86). "Daar is op Potchefstroom besluit as feesterrein omdat die Universiteit oor die nodige lokale beskik en die dorp naby aan Pretoria en Johannesburg geleë is. Die fees se visie lui: 'Om 'n kunstefees aan te bied wat die mense ten diepste raak deur waagmoed, dissipline en begeestering'" (Hattingh, 2010:77). Personeel van die Departement Kultuuraangeleenthede was van die beplanningstadium af by die organisasie van die fees betrokke. Peet Ryke het Potchefstroom op die aanvanklike bestuurspan verteenwoordig, terwyl Horst Bütow op die gemeenskapskakelkomitee van die fees gedien het (Bütow, 1999a:5).

'n Voormalige voorsitter van Alabama, Giep van Zyl, was van die begin van Aardklop by die fees betrokke tot 2005 toe hy as feesbestuurder bedank het. Hy het aan *Wapad* gesê dat kaartjieverkope van 15 000 in 1998 tot 85 000 in 2004 gestyg het. Die totale feesbegroting het in 1998 'n bedrag van R80 000 beloop en het gestyg tot R12 miljoen in 2004 (Lee, 2005:9).

Van meet af was talle kunskulturele studentegroepe by Aardklop betrokke, onder meer die PU-Koor, die Boulevard Harmoniste en die Serenaders. Dit is bespreek in die onderskeie hoofstukke wat oor dié groepe handel.

14.4.5 Nasionale Kamerorkes

Die Nasionale Kamerorkes is in 1991 gestig. In 1998 is 'n samewerkingsooreenkoms tussen die PU vir CHO en North West Arts wat betref dié orkes gesluit. Dit sou 'n 'inwonende' orkes van die PU vir

CHO wees, terwyl beide instansies by dié orkes sou baat. Die algemene bestuurder was Peter Hamblin (PU vir CHO, 1998). Dié Nasionale Kamerorkes het in 1999 musiek verskaf vir die blyspel Downtown (kyk na paragraaf 13.2.2.3). Die orkes is in 2000 eensydig deur North West Arts gesluit (Bütow, 2014a).

14.4.6 Artéma Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling

Die Departement Kultuur het kunstebestuurkursusse aangebied reeds voor die stigting van die Artéma Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling in 2004. In sy jaarverslag vir 2003 berig Bütow (2003a) oor kunstebestuurkursusse wat ontwikkel is. Dit is voorafgegaan deur ’n oorsese besoek van Bütow en Ryke aan die VSA besoek is. Bütow berig hulle het by vele plekke aangedoen, onderhoude gevoer, navorsing gedoen, teaters besoek, organisasies besoek en dies meer, om onder meer kennis in te win oor ’n verskeidenheid van kunstebestuurskursusse (akademies informeel sowel as formeel). Die doel daarvan was om soveel as moontlik inligting in te win oor kunste-aktiwiteite wat deel sou kon vorm van ’n kunstebestuur en -ontwikkelingsinstituut. “Die medium tot langtermyn doelwit vereis dus nou ’n volledige ondersoek en moontlike implementering van ’n instituut aan die Universiteit in hierdie verband” (Bütow, 2003a:4).


Die behoefte aan dié instituut blyk uit kursusse in kunstebestuur wat so vroeg as 2002 aangebied is. “Nie alleen is dit by Aardklop aangebied nie, maar vir 15 kunstebestuurders van die Mmabana Foundation in Mmabatho.” Bütow berig in sy jaarverslag vir dié jaar dat dit as ’n doelwit gestel word om ’n gevorderde kursus te ontwikkel (Bütow, 2002a:5).

Volgens Chris de Bruyn is daar tydens ’n gesprek tussen ’n groep oud-Pukke rondom ’n braaivleisvuur, by Nooitgedacht die gedagte geopper om ’n “kultuurinstituut” aan die Universiteit te begin (Anon., 2004e:3).

Na De Bruyn ’n voorlegging aan die rektor, dr Theuns Eloff, gemaak het, is hy verwys na die Departement Kultuur en “op 1 Desember is Chris de Bruyn aangestel as bestuurder van die nuwe Instituut vir Kunstebestuur en –Ontwikkeling” (Bütow, 2003a:5).

Chris de Bruyn het op Klerksdorp grootgeword. Hy het in 1986 aan die PU ingeskryf en was sewe jaar aan die Universiteit verbonde waarvan hy drie jaar voorsitter van die Alabama Studentegeselskap was.


Na verwerwing van sy graad was hy sekretaris van die burgmeester op Welkom, waarna hy na Springs verhuis het as teaterbestuurder van die Springs Stadsteater. Dit is gevolg deur ’n verbintenis aan die ATKV in Randburg as projekorganiseerder, skakelbeampte en bestuurder van die Projekte-afdeling (De Bruyn, 2014a).



ILLUSTRASIE 14.4
BO: CHRIS DE BRUYN IS IN DESEMBER 2003 AANGESTEL AS BESTUURDER VIR DIE PASGESTIGTE INSTITUUT VIR KUNSTEBESTUUR (DE BRUYN, 2014D).



ILLUSTRASIE 14.5
REGS: 'N PLAKKAAT VAN DIE ARTÉMA INSTITUUT VIR KUNSTEBESTUUR EN –ONTWIKKELING OM KUNSTEBESTUUR-KURSUSSE BEKEND TE STEL (ARTÉMA, 2014C).



ILLUSTRASIE 14.6
HIERDIE TABEL TOON DIE HOEVEELHEID OPLEIDINGSINTERVENSIES WAARBY ARTÉMA IN DIE EERSTE 10 JAAR VAN SY BESTAAN BETROKKE WAS. IN DIÉ TYDPERK IS 94 OPLEIDINGSGELEENTHEDE AANGEBIED, WAARBY 1 837 LEERDERS BETROKKE WAS (DE BRUYN, 2013:2).

Hy is daarna aangestel as bestuurder van Artéma. “Artéma het as nie-akademiese instituut tot stand gekom kragtens ’n besluit van die destydse bestuurskomitee van die PU vir CHO (vergadering van 22 en 23 Julie 2003) ter ondersteuning van die strategiese posisionering van die PUK (vandag NWU-PUK)” (De Bruyn, 2013:1). Volgens Gerrie Lemmer, hoofbestuurder: projekte van die ATKV, is Chris de Bruyn, met sy vertrek by die ATKV om by Artéma aangestel word, aangemoedig om hiermee voort te gaan, juis omdat PUK Kunste – en dus ook Artéma – se doelstellings belyn is met dié van die ATKV (Lemmer, 2017).

Met sy totstandkoming was die Instituut van plan om kortkursusse aan te bied in onder meer “projekbestuur, produksiebestuur, bestuur van arbeidsverhoudinge en finansiële bestuur, alles in die kunste-omgewing.” De Bruyn (Anon., 2004e:3) het aan *Kampusnuus* gesê dat daar grootskaalse wanbestuur in die praktyk in die kunste waargeneem word, ’n leemte wat deur die Instituut gevul kon word. Bütow het gesê: “’Hierdie moet ’n nasionale eenstopdiens wees vir kunstebestuur, administrasie en ontwikkeling” (Anon., 2004e:3).

Bütow beskryf Artéma se doelstellings in 2004 as:
Die Instituut vir Kunstebestuur en Ontwikkeling stel homself ten doel om:

- *Praktykgerigte kursusse te ontwikkel en aan te bied*
- *Sinvolle vennootskappe te vorm met belangrike rolspelers in die kunste-omgewing*
- *Sterk te fokus op opleiding en bemagtiging op gemeenskapsvlak*
- *Ontwikkelingsprojekte aan te pak wat volhoubaar kan wees*
- *So gou as wat realisties moontlik is finansieel selfstandig te funksioneer*
- *Opleiding op wêreldstandaard aan te bied en beste internasionale bestuurspraktyke toe te pas*
- *’n Bemarkingsinstrument van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) te wees*
- *Internasionale bande te smee met ander universiteite wat wêreldleiers in hierdie rigting is bv. die universiteite van Columbia en die Florida State University.*

Op die lang duur ’n bydrae te lewer tot groter finansiële selfstandigheid van die Departement Kultuur by die Noordwes-Universiteit (Bütow, 2004a:9).

Dié naam “Artéma” is die breinkind van Kobus Smit, ’n handelsmerkspesialis. Die woord is die samevoeging van die woorde “arts” en “management” (De Bruyn, 2014c).

Teen 2013 kon Artéma verslag doen oor aktiwiteite in sewe kategorieë: opleiding, kunste-ontwikkelingsprojekte, produksies, netwerk/navorsing/bemarking, die Artéma Opname-ateljee, Alabama Produksies en finansies (De Bruyn, 2013:1).

Wat kunstebestuur betref het Artéma drie nasionale kunstebestuursimposia vanaf 2006 tot 2008 aangebied, waarby 350 persone betrek is. “Sprekers wat as hoogtepunte in die drie jaar beskou kan word, is David Bownes, die Britse regisseur/vervaardiger wat sy kennis en ervaring in die vervaardiging van grootskaalse produksies met die simposiumgangers in 2008 gedeel het en Mike van Graan, dramaturg en kunste-aktivis wat hoogs ingeligte menings oor die stand van kunstebestuur in Suid-Afrika gedeel het” (De Bruyn, 2013:5).

Teen 2013 het die Instituut vir die 10de agtereenvolgende jaar die vakkursus Kunstebestuur (MUSB312E en MUSB322E) by die Skool vir Musiek aangebied. ’n Totaal van 113 studente het hierdie vak oor die voorafgaande 10 jaar geneem (De Bruyn, 2013:4). ’n Ooreenkoms vir die aanbied van dié vakke by die Skool vir Musiek is reeds in 2003 gesluit en het Artéma voorafgegaan (Bütow, 2003a:4).

Die projek “Thotloetso ya Mmino” (“Empowerment through Music”) is in 2007 in samewerking met Aardklop aangebied en Artéma het ook as projekbestuurders vir die projek opgetree (De Bruyn, 2013:6).

Projek Promosa is vanaf die ontstaan van die Aardklop Nasionale Kunstefees in 1998, in samewerking met die ATKV, aangebied tot in 2010. “Hierdie projek het gefokus op basiese kunste-ontwikkeling en blootstelling aan kunste vir die gemeenskap van Promosa buite Potchefstroom” (De Bruyn, 2013:8).

Saam met die ABSA KKNK is Artéma ’n stigtersvennoot van die Klein Karoo Kunste-akademie. “Hierdie akademie het in 2008 sy eerste projek suksesvol aan die einde van Augustus daardie jaar aangepak. Artéma het as vennoot ’n deel van die program vir hoërskoolleerders aangebied. Ongeveer 3 000 leerders in nege dorpies en gemeenskappe rondom Oudtshoorn is bereik met ’n kort opleidingsprogram oor loopbaangeleenthede in die kunste” (De Bruyn, 2013:9).

Ander projekte het ingesluit die organisering van die groep Flip a Coin se toer na Namibië in 2009, projekbestuur van die ATKV Rieldansfinaal en publikasie van *Project Management Toolkit for Arts and Culture* in samewerking met die Arterial Network (De Bruyn, 2013:10, 11). Ad hoc-werkswinkels sluit in ’n koorleierswerkswinkel en kitaarwerkswinkel in 2010 en ’n werkswinkel in die basiese vaardighede van feesbestuur vir die Morawiese sendinggemeenskap by Goedverwacht in 2011 (De Bruyn, 2013:12, 13).

Produksies waarby Artéma betrokke was is in hoofstuk 12, paragrawe 12.4.1 en 12.4.2, bespreek.

Die Alabama Produksiehuis het tot stand gekom toe die Alabama Studentegeselskap se toere in 2007 beëindig is. “Die handelsmerk was egter te waardevol om van ontslae te raak en daarom is besluit om die Alabama Studentegeselskap te herstruktureer na Alabama Produksies. Alabama Produksies

lewer vanaf 2008 tegniese produksiedienste aan kliënte vir geleenthede, funksies en kleiner produksies - intern op kampus, maar ook ekstern aan kliënte in Potchefstroom en omliggende gebiede in die Noordwes Provinsie" (De Bruyn, 2013:25). Met 14 geleenthede in 2008, het die bedrywighede van die produksiehuis gestyg tot bykans 50 in 2012 en 2013 (De Bruyn, 2013:25).

Die Artéma Opname-ateljee is in paragraaf 14.4.2 bespreek.

Die reikwydte van Artéma is egter wyer as net op nasionale vlak. Artéma is een van die medeborge van die Arterial Network, 'n kontinentale kunstenetwerkorganisasie. Op sy webblad word die Arterial Network beskryf as "a dynamic, civil-society network of artists, cultural activists, entrepreneurs, enterprises, NGOs, institutions and donors" (Arterial Network, 2014). Die Arterial Network is gestig na 'n kongres, Revitalising Africa's Cultural Assets, in 2007 op Gorée-eiland aan die kus van Senegal, naby die hoofstad Dakar. Dié kongres is bygewoon deur 50 verteenwoordigers van nieregeringsorganisasies wat in die skeppende kunste bedrywig is, verteenwoordigers van kunstefeeste en individuele kunstenaars uit Afrika, verteenwoordigend van 14 lande (Arterial Network, 2014). Bütow beskou De Bruyn se lidmaatskap van die uitvoerende komitee van die Arterial Network as aanduiding van die statuur waarmee hy en Artéma binne die kunstebestuuromgewing gereken word (De Bruyn, 2013:24; Bütow, 2014b).

14.5 Internasionaal

Die Universiteit se internasionale teenwoordigheid, wat kunskulturele studenteaktiwiteite betref, het in 1981 begin met die Universiteitskoor se besoek aan die Zimrya-koorfees in Israel (kyk na paragraaf 6.7.1). Daarna het verskeie kunskulturele studentegroepe oorsese besoeke gebring, soos bespreek in die hoofstukke wat daaroor handel. Die belangrikheid van oorsese kontak vir studentegroepe is bevestig met die owerheidsbesluit in 2008 om die Universiteitskoor en die Boulevard Harmoniste die geleentheid te bied om een keer in drie jaar oorsee te toer (Bütow, 2009:2).

Eweneens het die personeel van PUK Kunste en sy voorgangers oorsese besoeke gebring om internasionale kontakte vir die groepe te bewerkstellig en om navorsing te doen oor internasionale tendense.

14.5.1 Internasionale kultuuruitruil

'n Projek om internasionale groepe na Suid-Afrika te bring is in 1991 van stapel gestuur. Dit het as IKUSA bekendgestaan.

Bütow skryf in sy jaarverslag vir 1991 dat daar na intensiewe gesprekke en ’n gedetailleerde voorlegging aan die viserektor, goedkeuring van die Bestuurskomitee verkry is om met die projek vir ’n proeftydperk van twee jaar voort te gaan. In 1991 kon reeds drie groepe, die Kärtnerkoor uit Oostenryk, die orkes Erhartinger Buam en die Abenberger Blassmusik na Suid-Afrika gebring word. Die reaksie daarop was positief en teen einde 1991 is aansoeke van 14 groepe reeds ontvang (Bütow, 1991a:1).

In sy voorlegging sê Bütow dat die Kultuurkantoor toe reeds dikwels deur Europese groepe gebruik is as adres om ’n besoek aan Suid-Afrika te bewerkstellig. Met die stelselmatige opheffing van kulturele boikotte het dié besoeke ook meer moontlik geword (Bütow, 1991a). ’n Belangrike uitvloeisel van die IKUSA-program is die uitnodiging aan die Universiteitskoor om in 1993 om aan die Spittal Internasionale Koorkompetisie deel te neem (Bütow, 1992:3).

Met die oog op die loodsing van dié program het Bütow in 1992 verskeie Europese lande besoek en het die Internationale Kultur Harmonie Festival in Limburg, Duitsland bygewoon (Anon., 1992h:1).

Plaaslik is toere vir oorsese groepe gereël en ten einde koste te bespaar, is vrywilligers gevind om lede van die groepe te huisves. Talle van die groepe het uit Duitssprekende lande gekom en lede van die Suid-Afrikaans Duitse Kultuurvereniging het die oorsese besoekers gehuisves. Na enkele jare het dié projek skipbreuk gely. Volgens Bütow was die standaard van sommige van die groepe baie swak, terwyl vervoerkoste duur geword het (Bütow, 2014a).

14.5.2 Wêreldjeugkoor

Volgens hul webblad bied die Wêreldjeugkoor ’n buitengewone opvoedkundige en sosiale ervaring van die hoogste artistieke vlak en is gemik op talentvolle jong sangers tussen die ouderdomme van 17 en 26 van oor die hele wêreld. Met die bystand van die Wêreldjeugkoor se beskermhere word ’n somer- en wintersessie elke jaar in verskillende lande gereël. Lede van die Wêreldjeugkoor kry só die geleentheid om dié lande te besoek en musiek te beoefen onder leiding van vermaarde dirigente (World Youth Choir, 2017).

Dit is ’n projek van die Wêreld Koorfederasie en toe dit in 2000 aangekondig is dat die Koor die volgende jaar na Suid-Afrika sou kom, het dit uit sangers uit 16 lande bestaan (Anon., 2000d:3).

Die Wêreldjeugkoor is in 1989 gestig en het in 1990 opgetree tydens die Tweede Wêreldsimposium vir Koormusiek in Stockholm, Swede. In 1992 het die Koor opgetree tydens die Olimpiese Gala in Barcelona, Spanje. ’n DVD is in Pretoria gemaak tydens ’n optrede van die Koor in 2007 (World Youth Choir, 2017).

Teen 2000 was daar reeds nege PUK-studente wat oor die jare lid van die Koor was. Dit sluit in Richter Grimbeek en Mabet van Wyk (Steenkamp, 2000:2). In 1998 is Werner van Coller, Richter Grimbeek en Lhente-Mari Grimbeek vir die Wêreldjeugkoor gekeur (Bütow, 1998b).



ILLUSTRASIE 14.7
LHENTE-MARI GRIMBEEK, MABET VAN WYK, REYNHARDT PITOUT EN JACQUES IMBRAILO IS PUKKE WAT IN 2001 INGESLUIT IN DIE WÊRELDJEUGKOOR WAT SUID-AFRIKA BESOEK HET (DEPARTEMENT KULTUUR, 2001).

In 2000 is Jacques Imbrailo, Chris Mostert en Lhente-Mari Grimbeek in die Koor opgeneem. Hulle was drie van 90 sangers wat gekeur is vir die koor (Steenkamp, 2000:2). Awie van Wyk, koorleier van die PU-Koor, het toe aan *Wapad* gesê dat die omvattende keuring baie streng is. “Elke kandidaat moet ’n oudisie by ’n koorleier aflê wat onder andere bestaan uit bladsang, ’n voorgeskrewe werk van hoë standaard en werke van eie keuse. Opnames hiervan word gemaak wat deur ’n paneel van keurders geëvalueer word (Steenkamp, 2000:2).

Dit was die tweede jaar dat Lhente-Mari Grimbeek vir die Wêreldjeugkoor gekeur is, en word beskryf as ’n “uitsonderlike prestasie” (Steenkamp, 2000:2).

Nadat dit aanvanklik aangekondig is dat die Wêreldjeugkoor in 2000 Suid-Afrika sou besoek, vind dié besoek in Januarie 2001 plaas. Peet Ryke was die organiseerder van dié besoek en ook die besoek van 2007 aan Suid-Afrika (Ryke, 2014a).

Teen 2005 is drie van die vier lede wat uit Suid-Afrika gekies is vir die Wêreldjeugkoor PUK-studente. Hulle het vir ’n maand lank Skandinawiese lande besoek (Bütow, 2005:2).

Volgens Bütow was dit ’n “’n droom wat lankal gekoester is” om gasheeroganiseerders te wees vir die Wêreldjeugkoor se hoofsessie. Dié internasionale komitee het dié sessie in 2007 aan Suid-Afrika toegeken en die Departement Kultuur, die Suid-Afrikaanse kantoor vir Jeunesses Musicales in Suid-Afrika, versoek om dit te organiseer. Bütow berig in sy jaarverslag vir 2005 dat die grootste uitdaging finansies is, aangesien bykans ’n miljoen Rand nodig was om die projek aan te bied. “Hierdie is ’n

ware internasionale gebeurtenis met hoë wêreld statuur in die internasionale musiekwêreld, en dit is vir ons ’n groot eer om betrokke te wees” (Bütow, 2005:7).

Wapad skryf op 26 Julie 2007 dat sewe Pukke dié jaar lid van die Wêreldjeugkoor is: Madeleine de Villiers, Ferdinand Liebenberg, Itumeleng Pooe, Jana du Plooy, Tina Tshupane, André Oosthuizen en Esté Gross. Dié koor het toe uit 78 lede uit 32 lande bestaan (Horn, 2007b:12).

Marshell Lombard is in 2010 gekies as lid van die Wêreldjeugkoor. Wapad skryf op 22 Julie dat hy saam met die koor toe ’n oefenkamp in Tenerife bygewoon het. Die Wêreldjeugkoor sou ook toer na Spanje en Frankryk. Lombard was ’n sangstudent van prof Werner Nel. Hy was ook vroeër ’n lid van die Drakensbergse Seunskoor, lid van die Boulevard Harmoniste en het ook sy koshuis, Thaba-Jäh vir Enkelsêr afgerig (Loots, 2010:8).

14.5.3 Jeunesses Musicales – musiek vir die jeug

Vanaf 2002 tot 2010 het PUK Kunste die Suid-Afrikaanse hoofkantoor van Jeunesses Musicales Internationale gehuisves. Dit is ’n internasionale liggaam wat musiek onder die jeug bevorder. Die verbintenis spruit daaruit voort dat Jeunesses Musicales ’n een-derde lid is van die Wêreldjeugkoor (Ryke, 2014a).

In sy jaarverslag van die Departement Kultuur vir 2002 gee Bütow agtergrond:
Jeunesses Musicales Internationale (JMI – Jeugmusiek internasionaal) is ’n wêreldorganisasie wat ’n afdeling van die International Music Council van UNESCO is. Die organisasie beywer hom vir die bevordering van alle sake rakende musiek en die jeug wêreldwyd. Die Departement Kultuur is deur JMI, via twee van die PUK se wêreldjeugkoorlede, genader om ’n tak van JMI in Suid-Afrika te stig, wat projekte moet loods wat musiek onder die jeug in SA sal bevorder.

Hierdie saak is deur Horst Bütow en Peet Ryke met ’n verteenwoordiger van JMI in die VSA in Julie 2002 bespreek. Voortvloeiend hieruit is statute van so ’n tak, (bekend as Jeugmusiek Suid-Afrika) opgestel en aan JMI voorgelê. Tydens die algemene jaarvergadering van JMI is tot die totstandkoming van so ’n tak in beginsel goedgekeur en het die nuwe tak tydelike erkenning gekry, wat ’n jaar geld, voordat volle lidmaatskap toegeken word. So ’n tak het groot projekverantwoordelikheid en daarom is die doelwit in 2003 om presies te bepaal wat die werksaamhede van die tak sal wees en hoe dit in praktyk gedoen kan word - personeel is ’n beduidende faktor.

PUK Kunste het in 2010 dié taak oorgedra aan ’n orkesorganisasie wat in Johannesburg gesetel is, aldus Ryke. Alhoewel hulle daarop ingestel is om sang en orkesmusiek onder die jeug te bevorder, is Jeunesses Musicales merendeels daarop gerig om orkesmusiek onder die jeug te bevorder en die

Johannesburgse organisasie, wat verskeie permanente personeellede het, se fasiliteite leen hom meer daartoe om daarvan ’n sukses te maak (Anon., 2010a:48; Ryke, 2014a).

14.6 Ten slotte

Ten einde herhaling te voorkom, word die besinning van aspekte in hierdie hoofstuk in hoofstuk 15 ondervang.

HOOFSTUK 15
Evaluering

Weens die omvang van die verskeie aspekte wat hier bespreek is, is dit wenslik geag om ’n besinning aan die einde van ’n hoofstuk, of na die bespreking van ’n spesifieke groep, in te sluit wat dus as evaluering dien. Ten einde die waarde van kunskulturele studenteaktiwiteite en die werk van die Kultuurkantoor, later PUK Kunste, wat daarmee verband hou, oorkoepelend te evalueer, word dit vervolgens bespreek in terme van die waarde op plaaslike, nasionale en internasionale gebied.

15.1 Besinning oor die waarde van kunskulturele aktiwiteite aan die Universiteit op plaaslike gebied

Die Universiteit en sy voorgangers het van die vroegste tye af ’n rol in die kultuurlewe van Potchefstroom gespeel. Aanvanklik was dit hoofsaaklik om die gemeenskap te vermaak, maar met die stig van die Musiekvereniging in 1942 en die konserte wat daarna gehou is, het dit ook ’n opvoedkundige rol begin speel. Eweneens was die Universiteit se aandeel aan kunskulturele aktiwiteite van Potchefstroom ’n leidende rol. Dit blyk uit die besluit om die gehoorsaal wat as deel van die Studentesentrum beplan is, in ’n teater te omskep, nadat planne om ’n eie teater vir Potchefstroom te bou, geskrap is.

Die groot borgskap wat die Potchefstroomse stadsraad in 1990 vir instandhouding van die Ouditorium gegee het en die burgerlike huldigingsertifikaat wat die Alabama Studentegeselskap in 1992 van dié stadsraad ontvang het, getuig ook hiervan (kyk na paragraaf 5.8.1). Dit blyk ook uit die aandeel wat die Kultuurkantoor en ander instansies van die Universiteit gehad het aan die 150-jarige bestaansviering van Potchefstroom in 1988.

Die jaarlikse Musica Koorfees wat die Koor organiseer, word reeds sedert 1995 aangebied. Talle plaaslike kore het oor die jare hieraan deelgeneem. Die stigting van die Molen Korus-koor in 2013 om hoofsaaklik vir oudlede van die Koor die geleentheid te bied om steeds aan koorsang deel te neem, het ook vir plaaslike koorliefhebbers die geleentheid gebied om hulle talent uit te leef.

Eweneens was die jaarlikse Alabama-konserte baie gewild in Potchefstroom, terwyl die toneelopvoerings van Thalia steeds vir plaaslike gehore vermaak verskaf.

15.2 Besinning oor die waarde van kunskulturele aktiwiteite aan die Universiteit op provinsiale gebied

Weens die nabyheid daarvan is talle van die optrede van uitvoerende studentegroepe oor die jare in dorpe in die onmiddellike omgewing van Potchefstroom gehou. (Kyk na bylaag 1.) Die optredes is

gedoen om dié gemeenskappe te vermaak en om sodoende fondse in te samel vir ’n verskeidenheid van sake.

Alhoewel dit nie direk verband hou met kunskulturele studenteaktiwiteite dui Bütow en ander persone verbonde aan die Kultuurkantoor, later PUK Kunste, se verbintenis met die Streeksraad Kultuursake, die Mmabana Cultural Foundation en die North West Arts Council op die leidende rol wat die Universiteit in die kunskulturele aktiwiteite van die provinsie gespeel het.

15.3 Besinning oor die waarde van kunskulturele aktiwiteite aan die Universiteit op nasionale gebied

Die term “die stem van Potchefstroom” is oor jare gebruik om dit wat deur dosente en studente van die Universiteit gesê is en nasionaal weerklank gevind het, te omskryf (Van Eeden, 2006:486; EJS, 1977:5). Met die huldiging van Totius, tydens die 100ste herdenking van sy geboortejaar in 1977, sê die redakteur van *Koers* dat die “stem” wat Totius gehad het dui op sy groot waarde in die volkslewe op ’n breë front (EJS, 1977:5).

Van Eeden voeg by dat hierdie “stem” van studente en dosente se vereenselwiging met die geesdrif vir Afrikaner-nasionalisme byvoorbeeld opvallend was. “Ook die politiek is beduidend deur hul rol in kultuurorganisasies beïnvloed. Hulle het gevolglik in die eeufeesvierings van die Groot Trek (1938) en die gepaardgaande kultuuraksies met entoesiasme en ook met emosie gedeel” (Van Eeden, 2006:486).

Die “stem van Potchefstroom” dui egter nie net op ’n politieke “stem” nie. In die kunskulturele arena het die Universiteit op verskeie terreine van hom laat hoor. Die nasionale gewildheid van die Alabama Studentegeselskap en die toekennings wat hy van verskeie oorde ontvang het dui daarop (kyk na paragraaf 5.8).

Die deelname aan nasionale kunstefeeste en die goeie ontvangs van groepe van die Universiteit daar spreek ook hiervan. Hierby kan die sukses wat die Serenaders in nasionale kompetisies behaal het, ook ingereken word.

Die gewildheid van die ATKV Revuekursus wat vir 10 jaar aangebied is, dui nie net op ’n nasionale “diens” wat die Universiteit gelewer het nie, maar strek veel wyer. Immers is dit die Alabama Studentegeselskap wat die revuestyl gedebuteer en gewild gemaak het en so ’n behoefte geskep het vir ’n kursus dat ander inrigtings soortgelyke programme met sukses kan aanbied.

Nadat Bütow in 1980 homself ten doel gestel het om die Ouditorium as “kultuurmekka” te ontwikkel, in terme van die plek wat die Ouditorium moet inneem in die kultuurlewe van Potchefstroom, is daar in die eerste dekades daarna doelbewus gepoog om verskeie nasionaal-

bekende kunstenaars na Potchefstroom te bring. Wanneer daar na die besettingstatistieke van die Ouditorium oor die jare gekyk word, is dit duidelik dat meer nasionaal-bekende kunstenaars hier opgetree het as in enige ander teater/saal in die Noordwes-provinsie.

Gerrie Lemmer, hoofbestuurder: projekte van die ATKV, meen dat die waarde van PUK Kunste wyer strek as bloot die formele projekte: “Uit die kultuuraktiwiteite van kampus, styg individue of groepe uit en daar word met hulle gewoeker en optreegeleenthede geskep. Dit stimuleer nuwe jong talent.” In dié opsig maak hy spesifiek melding van die ondersteuning en gevolglike sukses van die groep, Flip a Coin en die bekendheid wat een van sy lede, Katlego Maboe, later verwerf het (Lemmer, 2017).

Met die totstandkoming van die Artéma Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling het dié nasionale rol van die Universiteit op dié gebied ’n groter voetspoor gekry. Dit blyk uit die talle nasionale projekte wat deur Artéma aangebied is en die lidmaatskap met die Arterial Network.

Lemmer van die ATKV verwoord die nasionale rol van kunskulturele studenteaktiwiteite aan die NWU-PUK en PUK Kunste as volg:
PUK Kunste het ’n geweldige belangrike rol nie net in hulle omgewing gespeel nie, maar nasionaal, saam met ATKV. Daar bestaan ’n ongelooflike vennootskap tussen PUK Kunste en die ATKV, waarvoor ek baie waardering het en sal oppas, sover dit binne my vermoë is. As al die universiteite daardie model kan aanneem, sal dit goed gaan met die kunste in die land (Lemmer, 2017).

15.4 Besinning oor die waarde van kunskulturele aktiwiteite aan die Universiteit op internasionale gebied

Die waarde wat die Universiteit aan internasionale kontak van sy uitvoerende studentegroepe het, word bevestig in die besluit om die groepe elk een keer in drie jaar die geleentheid te bied om oorsee te toer (Bütow, 2009:2).

Dié belangrikheid wat geheg word aan die internasionale kontak blyk ook uit die IKUSA-projek. Alhoewel dit nie volgehou is nie, het dit in ’n tydperk van kulturele isolasie vir Suid-Afrikaners die geleentheid gebied om internasionale groepe te sien optree.

Die insluiting van talle studente van die Universiteit in die Wêreldjeugkoor dui ook op die kwaliteit van sangers wat die Universiteit oplewer. Nie al die studente wat in die Wêreldjeugkoor opgeneem is, was egter lede van formele uitvoerende studentegroepe nie.

Artéma se lidmaatskap en inspraak in die Arterial Network dui ook op die invloed wat die Universiteit op die kontinent van Afrika op kunstegebied het.

15.5 Ten slotte

Die destydse rektor, prof Hennie Bingle, het in 1968 gesê: “Dit was vir my altyd baie duidelik gewees dat daar geen grens of perk aan hierdie Universiteit te stel is nie” (Kruger, 1969:9). Dit was hierdie benadering wat Bingle se ywer gedryf het om die Departement Ontwikkeling van die Universiteit tot stand te bring en uit te brei. Bingle het besef dat gesindhede teenoor die Universiteit positief moes wees. Een manier waarop daar destyds gereken is om dit te kon bewerkstellig, was deur middel van die Alabama Studentegeselskap se revuestyl-konserte. Hierdie benadering om Alabama as bemarkingsinstrument te gebruik het nie net dié geselskap ’n hupstoot gegee nie, maar het ook ander kunskulturele studenteaktiwiteite positief beïnvloed. Die herstigting van die PU-Koor in 1971 is onder meer te danke aan die sukses wat met Alabama behaal is (Van Rensburg, 2014).

Een beslissende besluit wat kunskulturele studenteaktiwiteite aan die Universiteit verder bevoordeel het, was die besluit om die Ouditorium, wat aanvanklik ’n gehoorsaal sou wees, in ’n teater te omskep. Dié omskakeling na ’n teater – laat in die bouproses – het vir beperkinge gesorg, maar die voordele wat daaruit geput is, het die beperkinge geheel en al oorskry. Nie alleen kon studentegroepe daar optree nie, maar dit was van die begin af as doel gestel om ook prestige-konserte na Potchefstroom te bring vir optrede in die Ouditorium.

Die effek daarvan was dat die Universiteit, wat reeds ’n leier op kunskulturele gebied in Potchefstroom was met die koms van die Ouditorium, hierdie leidende rol uitgebrei het. Bütow se kantoor het ook ander fasiliteite onder sy vlerk geneem wat bevorderlik was vir kunskulturele studenteaktiwiteite. Dit sluit in veral die Totiussaal en Nooitgedacht. Laasgenoemde was sedert sy inwerkstelling die plek waar studentegroepe oefenkampe gehou het om hulle kuns te slyp.

Bütow se aanstelling as studenteadviseur: kultuur in 1980 was nie alleen om “advies” aan kunskulturele studentegroepe te gee nie, maar hy het ook die bestuur van die Ouditorium onder sy beheer gehad met die oogmerke, soos hierbo genoem. Voorts moes hy ook na buite “skakel” (Bütow, 1980a:1). Dit het die weg gebaan vir sy eie betrokkenheid op kunskulturele gebied buite die Universiteit en ook vir ander personeel van sy kantoor.

Wanneer daar dus gekyk word na die aard, omvang en reikwydte van kunskulturele studenteaktiwiteite in 1980 en dit word vergelyk met dié van 2014, dan was daar weliswaar sekere veranderings wat moontlik op ’n agteruitgang kan dui, byvoorbeeld die staking van Thalia se toere.

Die positiewe aspekte oorskry weer eens die negatiewe:

In hierdie tydperk het die Alabama Studentegeselskap die kruin van sy gewildheid bereik, maar toere van dié geselskap is later ook gestaak. Lesse wat geleer is uit die bestuur van Alabama het groepe soos die PU-Koor bevoordeel, wat in die tydperk waarin Awie van Wyk die koorleier was, eweneens in statuur gegroei het. Die Koor het die weg gebaan vir die oorsese toer van kunskulturele studentegroepe. Die Koor was ook die moederskoot waaruit die Boulevard Harmoniste gebore is en dié groep het in eie reg prestasies behaal. Die stigting van die Serenaders in 1994 was bloot om vir 'n groep studente wat Afrika-musiek wou bevorder 'n tuiste te bied. Goeie leiding, bestuur en aanmoediging het hierdie talentvolle groep gebring by die prestasie om die grootste koorfees in die land in 2011 te wen.

Van Rensburg se rugby-metafoor het nie net op Alabama betrekking nie (Van Rensburg, 2014). Kunskulturele studentegroepe is gestig om aan studente se behoeftes te voorsien en as die studente nie meer die behoefte het nie, het dit geen bestaansreg meer nie. Dit was die geval met die Cheerleaders. Die PU-Kaners, later Akustic, is wel later as studentegroep gepatroneer, maar dit het ontstaan uit die Departement Openbare Betrekkinge. Ten spyte van goeie bestuur, beplanning en herposisionering het dié groep ook tot niet gegaan. Dit kan nie toegeskryf word aan die feit dat die PU-Kaners nie uit studentegeledere ontstaan het nie. As studente nie by die groep betrokke wou wees nie, sou dit veel gouer tot niet gegaan het.

Kunskulturele studentegroepe ontvang steeds advies van NWU-PUK Kunste, maar word soos altyd die geleentheid gebied na die beste van hul vermoë self te funksioneer. Die woorde van Gerrie Lemmer, hoofbestuurder: projekte van die ATKV, dien egter as waarskuwing en aanmoediging.
Ek dink hulle moet voortbou op bestaande strategieë en fondamente. Horst (Bütow) los 'n baie sterk basis. Die kundigheid daar is ongelooflik, maar hulle staan onder geweldige druk as in ag geneem word wat by ander universiteite aangaan. Hulle sal moet planne maak om die momentum te behou (Lemmer, 2017).

In die woorde van die rolprent oor die musiek van Jacques Brel, *Jacques Brel is alive and well and living in Paris"* kan gesê word dat kunskulturele studenteaktiwiteite teen 2014 "alive and well" is en "living in Potchefstroom" (IMDB, 1975).

BYLAE

Bylaag 1: Alabama-statistieke

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
1943		Barend Smith	Barend Smith	25	Parys Ventersdorp, Lichtenburg, Klerksdorp, Leeudoringstad, Wolmaransstad, Bloemhof Christiana, Warrenton, Kimberley, Petrusburg, Brandfort, Theunissen, Kroonstad, Koppies, Viljoenskroon.	16	(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (4) De la Rey, 1943 (5) Anon., 1957b:1; Horn et al., 1943:31
1944		Eskin Horn	Eskin Horn	30	Vrystaat, "Kaapkolonie", onder meer Oos-Londen en Port Elizabeth		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (4) Van der Walt, 1993:32 (5) Du Plessis, 1944:11
1945		Eskin Horn	Eskin Horn	34	Oos-Kaap, onder meer Colesberg		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (4) Louis, 1945 5)) Van der Walt, 1993:37
1946		Attie van der Walt	Attie van der Walt	20	Vereniging, Parys, Brakpan, Standerton Bethal en Krugersdorp.		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (4)) Van der Walt, 1993:36 (5) Pasch, 1946:75; Van der Walt, 1946:1
1947		Liesbeth Venter	Sagie Smit	47	Suidwes-Afrika en 'n naweektoer na Zeerust en Lichtenburg		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (4) (5) Van der Walt, 1993:38, 39; Venter, 1947:11
1948		Ernst Viljoen	Ernst Viljoen	24	Suidwes-Afrika		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (4) Van der Walt, 1993:40 (5) Van der Walt, 1948:101
1949		Alwyn Smit	Alwyn Smit	25	Oos- en Noord-Transvaal		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (4) 5) Anon, 1957b:1; Van der Walt, 1993:42, 43; Anon., 1949d
1950		Alwyn Smit	Alwyn Smit	25	Oos-Londen en onder meer Sterkstroom		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (4) (5) Van der Walt, 1993:44, 45
1951		Jan Booyens	Jan Booyens	26	Verre Noord-Transvaal, Noord- en Suid-Rhodesië, Belgiese Kongo		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (4) Van der Walt, 1993:46 (5) Anon, 1957b:1

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
1952		Flippie Snyman	Flippie Snyman	20	Julietoer na Suid-Rhodesië Naweektoere: Bothaville en Viljoenskroon, Klerksdorp, Ventersdorp, Lichtenburg, Potchefstroom Huishoudskool		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (4) Van der Walt, 1993:48 (5) Ligthelm, 1952:3
1953		Kasper van der Spuy	Kasper van der Spuy	21	Vrystaat, Natal en Oos-Transvaal		(2) (3) (4) Van der Walt, 1993:22, 50 (5) D'Assonville, 1953:3
1954		Ben Gericke	Ben Gericke	28	Suidwes-Afrika		(2) (3) (4) Van der Walt, 1993:22, 52
1955		Ockie Strydom	Ockie Strydom	21	Noord-Transvaal en Suid-Rhodesië		(2) (3) (4) (5) Van der Walt, 1993:22, 54, 55
1956		Nesco du Toit	Lou van Wyk	24	Wes-Transvaal & Noord-Kaapland		(2) (3) (4) Van der Walt, 1993:22, 56 (5) Anon., 1956c:1
1957		Idyll van der Walt	Hennie van der Walt	24	Noordoos-Kaapland		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (4) (5) Anon., 1957b:1
1958		Idyll van der Walt	Idyll van der Walt	27	Rhodesië en Noord-Transvaal		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (4) (5) Anon., 1958a:1, 3
1959		Japie Arangies	MPA van der Walt	28	Suidwes-Afrika		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (4) (5) Anon., 1959a:1, 3
1960		Japie Arangies	Idyll van der Walt	26	Noordwes-Transvaal		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 Anon., 1960:3 7
1961	*Deur vier wêrelddele*	Nesco du Toit	Dewald Roode	26	Noordoos-Kaapland		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (1) (4) (5) Anon., 1961a:2, 10
1962	*Aggenee Bettie!*	Nesco du Toit	Naas Raubenheimer	29	Christiana, Upington, Suidwes-Afrika		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (1) (4) (5) Anon., 1962a:2, 8
1963	*Deur vier wêrelddele*	Nesco du Toit	Nick Enslin	26	Noordwes-Transvaal		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (1) 4) (5) Anon., 1963a:4, 11
1964	Nie getoer nie	Johan van Rensburg	Nick Enslin		Geen toer		(2) (3) Van der Walt, 1993:22
1965	*Aggenee Bettie!*	Nesco du Toit	Coenie Nel	31	Wes-Kaapland		(2) (3) Van der Walt, 1993:22 (1) (4) Anon., 1965:1, 6 (5) Du Plessis, 1964:95

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
1966	*Die drie Astertjies*	Johan van Rensburg	Johan van Rensburg	30	Noord-Kaapland, Suidwes-Afrika		(2) (3) Van der Walt, 1993:23, 74, 75 (4) Anon., 1966b:10
1967	*Revue '67*	Johan van Rensburg	Johan van Rensburg	36	*Newcastle, Dundee, Glencoe, Ladysmith, Pietermaritzburg, Umhlanga Rocks, Amanzimtoti, Umkomaas, Durban, Scottburgh Margate, ATKV-kamp, Durban, Greytown, Volksrust	*18	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon, 1967a:14, 16
1968	*Revue '68*	Johan van Rensburg	Johan van Rensburg	35	Brits, Warmbad, Nylstroom, Die Oog, Potgietersrus, Pietersburg, Louis Trichardt, Tzaneen, Phalaborwa, Witrivier, Lydenburg, Waterval-Boven, Badplaas, Evander, Brakpan, Sasolburg, Klerksdorp, Welkom	23	(2) (3) (4) Van der Walt, 1993:23, 78 (5) Anon., 1968b:10
1969	*Revue '69*	Johan van Rensburg	Kobus van der Walt	45	Viljoenskroon, Kroonstad, Bloemfontein, Aliwal-Noord, Burgersdorp, Steynsburg, Middelburg, Cradock, Uitenhage, Port Elizabeth, George, Oudtshoorn, Beaufort-Wes, De Aar, Colesberg, Bethulie, Kimberley, Kuruman, Vryburg, Schweizer-Reneke, Lichtenburg, Carletonville, Pretoria	31	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1969d:1, 14
1970	*Revue '70*	Johan van Rensburg	Kobus van der Walt	20	Worcester, Bellville, Paarl, Stellenbosch, Caledon, Swellendam, Mosselbaai, Oudtshoorn, George, Uitenhage, Port Elizabeth, Grahamstad, Oos-Londen, Queenstown, Bloemfontein, Welkom, Windhoek, Walvisbaai, Kempton Park, Pretoria, Johannesburg	34	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) Anon., 1970a:14 (5) (6) Anon., 1970a:26

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
1971	*Revue '71*	Johan van Rensburg	Jorrie Jordaan	34	Carletonville, Randfontein, Krugersdorp, Rustenburg, Brits, Warmbad, Naboomspruit, Groblersdal, Middelburg, Witbank, Randburg, Kempton Park, Germiston, Alberton, Springs, Sasolburg, Vanderbijlpark, Parys, Welkom, Pretoria, Johannesburg	35	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1971d:7, 9, 10
1972	*Revue '72 Lewensseisoene*	Johan van Rensburg	Pieter Mulder	39	Carletonvile, Parys, Kroonstad, Welkom, Durban, Illovo, Hibberdene, Ladysmith, Bethlehem, Vanderbijlpark, Meyerton, Randfontein, Coronationville, Spring, Verwoerdburg, Pretoria, Klerksdorp, Johannesburg	34	(1) Anon., 1972b:11 (2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) Anon., 1972b:11 (5) (6) Anon., 1972b:17-21
1973	*Revue '73*	Johan van Rensburg	Horst Bütow	39	Kimberley, Stellenbosch, Bellville, Uitenhage, Port Elizabeth, Oos-Londen, Bloemfontein, Springs, Kempton Park, Pretoria, Vanderbijlpark, Johannesburg, Potchefstroom, Klerksdorp	34	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1973b:22-28
1974	*Revue '74*	Louis van Rensburg	Horst Bütow	37	Carletonville, Rustenburg, Kimberley, De Aar, Upington, Windhoek, Walvisbaai, Swakopmund, Otjiwarongeo, Tsumeb. Gobabis, Windhoek, Vanderbijlpark, Welkom, Klerksdorp	28	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) Anon., 1974b:13-15 (5) (6) Anon 1974b:16

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
1975	*Revue '75*	Louis van Rensburg	Peet Ryke	45	Brakpan, Nelspruit, Lydenburg, Pietersburg, Louis Trichardt, Umtali, Fort Fictoria, Victoria-valle, Bulawayo, Gwelo, Salisbury, Vanderbijlpark, Klerksdorp, Johannesburg	33	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1975c:4-10
1976	*Revue '76 – Die vrolike studentejare*	Louis van Rensburg	Peet Ryke	44	Welkom, Bloemfontein, Middelburg, Port Elizabeth, George, Bellville, Springs, Sasolburg, Johannesburg, Klerksdorp, Pretoria	33	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1976d:6-16
1977/78	*Revue 77/78*	Louis van Rensburg	Douw Steyn	43			(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) Anon., 1977b:1-4
1978/79	*Revue 78/79*	Louis van Rensburg	Douw Steyn	46			(1) (4) Anon., 1978d:2, 4, 7, 8 (2) (3) Van der Walt, 1993:23
1979	*Suid-Afrika sing saam*	Louis van Rensburg	Pieter Oberholzer	45	Rustenburg, Krugersdorp, Pretoria, Springs, Alberton, Kaapstad, Stellenbosch, Bellville, Kimberley, Kroonstad, Welkom, Potchefstroom	20	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1979b:4-8
1980	*Alabama*	Jans Jonker	Kobus Petzer	49	Ermelo, Bethal, Middelburg, Barberton, Nelspruit, Skukuza, Phalaborwa, Tzaneen, Pietersburg, Naboomspruit, Scottburgh, Illovo, Amanzimtoti, Port Shepstone, Uvongo, Johannesburg, Lichtenburg, Vanderbijlpark, Klerksdorp	33	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1980b:5-14
1981	*Alabama 81*	Jans Jonker	Dawie Fourie	47	Rustenburg, Lichtenburg, Vryburg, Kathu, Upington, Keetmanshoop, Windhoek, Walvisbaai, Swakopmund, Gobabis, Paarl, Malmesbury, Kaapstad, Oudtshoorn, George, Uitenhage, Port Elizabeth, Welkom, Pretoria, Vereniging, Johannesburg, Ermelo, Klerksdorp	50	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) Anon., 1981a:7-12 (6) Anon., 1981d:2

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
1982	*Seisoene in Sang*	Jans Jonker	Theo Bunge	47	Lichtenburg, Heidelberg, Witbank, Piet Retief, Volksrust, Standerton, Frankfort, Bethlehem, Dewetsdorp, Queenstown, Despatch, Port Elizabeth, Graaff-Reinet, Middelburg, Bethulie, Kimberley, Stellenbosch, Kaapstad, Johannesburg, Bloemfontein, Roodepoort, Carletonville, Vereeniging, Welkom		(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (1) (4) Anon., 1982d:1, 13-16, 18
1983	*Tyd*	Jans Jonker	Danie Eloff	41	Brits, Klerksdorp, Parys, Kempton Park, Meyerton, Bethlehem, Newcastle, Bethal, Vryheid, Piet Retief, Empangeni, Amanzimtoti, George, Bellville, Kaapstad, Stellenbosch, Postmasburg, Kimberley, Roodepoort, Kroonstad, Jagersfontein, Bloemfontein, Pretoria, Welkom, Vanderbijlpark	40	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1983f: 11-15
1984	*Vroulikheid op note*	Jans Jonker	Danie Eloff	47	Parys, Sasolburg, Heilbron, Carletonville, Zeerust, Schweizer-Reneke, Vryburg, Kimberley, Warmbad, Rustenburg, Bronkhorstspruit, Witbank, Bethal, Secunda, Ermelo, Piet Retief, Vryheid, Empangeni, Amanzimtoti, Pietermaritzburg, Ladysmith, Roodepoort, Bloemfontein, Johannesburg, Klerksdorp, Kempton Park, Pretoria, Vanderbijlpark, Welkom	45	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1984a:12-16

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
1985	*'n Dag vol Deuntjies*	Jans Jonker	Michael Ferreira	48	Lichtenburg, Kempton Park, Brakpan/Springs, Secunda, Phalaborwa, Nelspruit, Ermelo, Frankfort, Wesselsbron, Colesberg, Middelburg (Kaap), Oos-Londen, Port-Elizabeth, Mosselbaai, Uniondale, De Aar, Kimberley, Vryburg, Roodepoort, Vereeniging, Johannesburg, Klerksdorp, Pretoria, Bloemfontein, Welkom, Kroonstad, Sasolburg	40	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon, 1985b:7, 8, 17
1985	Taiwan	Jans Jonker	Michael Ferreira			10	(1) (2) (3) Anon., 1985d (6) Anon, 1984c:3
1986	*Fantasia*	Jans Jonker	Gideon van Zyl	38	Koster, Rustenburg, Brits, Witbank, Ermelo, Nelspruit, Lydenburg, Tzaneen, Phalaborwa, Louis Trichardt, Pietersburg, Potgietersrus, Ellisras, Naboomspruit, Warmbad, Thabazimbi, Germiston, Roodepoort, Vereeniging, Johannesburg, Klerksdorp, Randburg, Kempton Park, Welkom, Carletonville, Kroonstad, Pretoria	40	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1986b:2, 3, 5
1987	*Encore!*	Jans Jonker	Chris de Bruyn	37	Parys, Krugersdorp, Springs, Standerton, Ermelo, Witbank, Secunda, Cradock, George, Swellendam, Stellenbosch, Bellville, Worcester, Oudtshoorn, De Aar, Kimberley, Vryburg, Roodepoort, Johannesburg, Bloemfontein, Welkom, Klerksdorp, Pretoria, Sasolburg, Vereeniging	37	(3) Van der Walt, 1993:23 (4) Anon., 1993d

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
1988	*Singit!*	Pieter de Bruin	Chris de Bruyn	39	Schweizer-Reneke, Christiana, Sannieshof, Lichtenburg, Krugersdorp, Springs, Witbank, Sabie, Belfast, Ermelo, Vryheid, Newcastle, Bethlehem, Cedarville, Amanzimtoti, Pietermaritzburg, Roodepoort, Viljoenskroon, Vereeniging, Carletonville, Mmabatho, Klerksdorp, Verwoerdburg, Vryburg, Welkom, Pretoria, Kroonstad, Sasolburg	62	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) Bütow, 1988a:3 (5) (6) Anon., 1988a:7, 8, 9
1989	*Pitkos*	Pieter de Bruin	Chris de Bruyn	37	Ventersdorp, Swartruggens, Lichtenburg, Vryburg, Warrenton, Kimberley, Hopetown, Springfontein, Wellington, Stellenbosch, Kaapstad, Riversdal, Oudtshoorn, George, Humansdorp, Cradock, Carletonville, Germiston, Roodepoort, Brakpan, Pretoria, Kempton Park, Witbank, Vereeniging, Krugersdorp, Sasolburg, Welkom, Klerksdorp, Glencoe, Newcastle, Volksrust, Reitz, Bethlehem, Kroonstad	62	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (6) Anon., 1989d:1 (5) Anon., 1989d:3, 4, 9

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
1990	*Joie de Vivre*	Pieter de Bruin	Thinus van Rensburg	40	Hertzogville, Kimberley, Hopetown, Luckhoff, Newcastle, Vryheid, Empangeni, Ermelo, Bethal, Boksburg, Witbank, Nelspruit, Skukuza, Phalaborwa, Tzaneen, Pietersburg, Potgietersrus, Roodepoort, Fochville, Bloemfontein, Alberton, Bronkhorstspruit, Krugersdorp, Vereeniging, Klerksdorp, Welkom, Sasolburg, Kempton Park, Pretoria, Carletonville	40	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1990a:7-10
1991	*Resolusies*	Pieter de Bruin	Thinus van Rensburg	38	Coligny, Lichtenburg, Bothaville, Wolmaransstad, Schweizer-Reneke, Vryburg, Kimberley, Luckhoff, Colesberg, Wellington, Stellenbosch, Kaapstad, Hermanus, Bredasdorp, Oudtshoorn, George, Humansdorp, King Williamstown, Aliwal-Noord, Winburg, Kroonstad, Welkom, Roodepoort, Klerksdorp, Vereeniging, Sasolburg, Bloemfontein, Villiers, Nigel, Carletonville, Pretoria	42	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1991b:7, 8, 9

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
1992	*Deel jou glimlag*	Pieter de Bruin	Thinus van Rensburg	41	Thabazimbi, Naboomspruit, Potgietersrus, Tzaneen, Phalaborwa, Skukuza, Nelspruit, Middelburg, Secunda, Ermelo, Pongola, Newcastle, Bethlehem, Kimberley, Hartswater, Vryburg, Lichtenburg, Rustenburg, Brits, Roodepoort, Klerksdorp, Randburg, Kroonstad, Vereeniging, Heilbron, Sasolburg, Springs, Carletonville, Welkom, Pretoria	41	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1992b:2, 3, 7
1993	*Prisma*	Pieter de Bruin	Dirk Hermann	42	Viljoenskroon, Carletonville, Rustenburg, Lichtenburg, Vryburg, Kimberley, Aliwal-Noord, Queenstown, Grahamstad, Humansdorp, George, Oudtshoorn, Graaff-Reinet, Middelburg, Colesberg, Winburg, Bloemfontein, Welkom, Roodepoort, Sasolburg, Vereeniging, Klerksdorp, Kempton Park, Randburg, Pietersburg, Secunda, Pretoria, Springs	41	(2) (3) Van der Walt, 1993:23 (4) (5) (6) Anon., 1993d:7, 8, 10

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
1994	*Portfolio*	Pieter de Bruin	André van der Walt	42	Germiston, Randfontein, Hartbeespoortdam, Warmbad, Potgietersrus, Pietersburg, Tzaneen, Lydenburg, Badplaas, Nelspruit, Witbank, Secunda, Ermelo, Vryheid, Newcastle, Betlehem, Ficksburg, Bloemfontein, Kroonstad, Roodepoort, Sasolburg, Vereeniging, Rustenburg, Alberton, Kempton Park, Carletonville, Springs, Welkom, Kimberley, Pretoria, Keetmanshoop, Mariental, Windhoek, Gobabis, Otjiwarongo	41	Anon., 1994b
1995	*Viva*	Pieter de Bruin	André van der Walt	39	Wolmaransstad, Kimberley, Queenstown, Port Elizabeth, Oudtshoorn, Riversdal, Struisbaai, Stellenbosch, Bellville, Colesberg, Bloemfontein, Roodepoort, Sasolburg, Vereeniging, Krugersdorp, Kroonstad, Welkom, Upington, Keetmanshoop, Grootfontein, Otjiwarongo, Walvisbaai, Gobabis, Windhoek, Klerksdorp, Ermelo Springs, Pretoria	41	Anon., 1995b

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
1996	*Fyngoud*	Pieter de Bruin	Reinhard Bodenstein	42	Carletonville, Krugersdorp, Hartbeespoort, Thabazimbi, Warmbad, Potgietersrus, Pietersburg, Tzaneen, Phalaborwa, Lydenburg, Nelspruit, Ermelo, Richardsbaai, Newcastle, Bethlehem, Bloemfontein, Roodepoort, Sasolburg, Vereeniging, Klerksdorp, Springs, Vryburg, Lichtenburg, Rustenburg, Middelburg, Secunda, Kroonstad, Welkom, Pretoria	56	(2) (3) (4) (5) Anon., 1996a (6) Bütow, 1996a:6
1997	*Quantum*	Pieter de Bruin	Ian Swanepoel	40	Schweizer-Reneke, Vryburg, Kuruman, Upington, Vredendal, Clanwilliam, Somerset-Wes, Struisbaai, Mosselbaai, Cradock, Colesberg, Kroonstad, Roodepoort, Viljoenskroon, Secunda, Springs, Sasolburg, Vereeniging, Pietersburg, Groblersdal, Bethal, Ermelo, Bethlehem, Bloemfontein, Welkom, Klerksdorp, Lichtenburg, Rustenburg, Pretoria	42	Anon., 1997a

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
1998	*Eufonie*	Pieter de Bruin	Dawid Brand	40	Brits, Thabazimbi, Ellisras, Pietersburg, Eiland Aventura, Tzaneen, Potgietersrus, Lydenburg, Nelspruit, Ermelo, Newcastle, Bethlehem, Kroonstad, Roodepoort, Sasolburg, Vereeniging, Klerksdorp, Rustenburg, Wolmaransstad, Lichtenburg, Vryburg, Kimberley, Bloemfontein, Welkom, Springs, Pretoria	54	(2) (3) (4) (5) Anon., 1998a (6) Bütow, 1998a:4
1999	*In Transito*	Pieter de Bruin	Johan Kruger	42	Aliwal-Noord, Queenstown, Adelaide, Oos-Londen, Port Elizabeth, George, Hartenbos, Swellendam, Stellenbosch, Bellville, Paarl, Bloemfontein, Kimberley, Welkom, Kroonstad, Roodepoort, Witbank, Secunda, Sasolburg, Vereeniging, Mafikeng, Rustenburg, Kempton Park, Germiston, Warmbad, Pietersburg, Tzaneen, Lydenburg, Ermelo, Pretoria, Springs	44	Anon., 1999a

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
2000	*Kinetic*	Pieter de Bruin	Johan Kruger	40	Queenstown, Oos-Londen, Port Elizabeth, Jeffreysbaai, Oudtshoorn, Stellenbosch, Paarl, Bellville, Kimberley, Bloemfontein, Welkom, Kroonstad, Roodepoort, Klerksdorp, Vereeniging, Benoni, Sasolburg, Carnival City, Rustenburg, Vryburg, Carletonville, Alberton, Heidelberg, Piet Retief, Ermelo Secunda, Nelspruit, Aardklop, Pretoria, Sun City, Springs	45	Anon., 2000a
2001	*exhibit [a]:*	Pieter de Bruin	Johan Kruger	37	Vryburg, Kimberley, De Aar, Worcester, Paarl, Strand, Stellenbosch, Bellville, Hartenbos, George, Jeffreysbaai, Uitenhage, Oos-Londen, Roodepoort, Carletonville, Klerksdorp. Secunda, Sasolburg, Vereeniging, Mmabatho, Rustenburg, Bloemfontein, Kroonstad, Welkom, Springs, Pretoria, Brits, Warmbad, Nylstroom, Ellisras, Pietersburg, Aardklop	48	Anon., 2001a

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
2002	*Chanson*	Pieter de Bruin	Corné van Wyk	26	Burgersdorp, Queenstown, Oos-Londen, Port Elizabeth, Oudtshoorn, Hartenbos, George, Paarl, Stellenbosch, Bellville, Worcester, Lichtenburg, Rosebank, Witbank, Middelburg, Secunda, Harrismith, Bloemfontein, Welkom, Carletonville, Roodepoort, Nelspruit, Piet Retief, Ermelo, Aardklop, Pretoria, Thabazimbi, Rustenburg, Vereeniging, Sasolburg, Springs	38	Anon., 2002
2003	*Chrysalis*	Pieter de Bruin	Alwyn Swanepoel	28	Thabazimbi, Warmbad, Nylstroom, Pietersburg, Tzaneen, Secunda, Ermelo, Vereeniging, Sasolburg, Klerksdorp, Rustenburg Benoni, Springs, Vryburg, Mafikeng, Carletonville, Parys, Pretoria, Welkom, Kroonstad, Bloemfontein, Bethlehem, Aardklop, Vrede, Heidelberg, Roodepoort	36	Anon., 2003a

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
2004	*Triptiek*	Pieter de Bruin	Ivor Hobbs	27	Colesberg, Worcester, Paarl, Wellington, Bellville, Stellenbosch, Mosselbaai, George, Port Elizabeth, Oos-Londen, Vereeniging, Sasolburg, Roodepoort, Secunda, Welkom, Carletonville, Klerksdorp, Benoni, Springs, Aardklop, Krugersdorp, Rustenburg, Witbank, Pretoria	33	Anon., 2004a
2005	*Caprice*	Pieter de Bruin	Karlien Kruger	34	Marble Hall, Lydenburg, Nelspruit, Newcastle, Vryheid, Richardsbaai, Durban, Drakensbergse Seunskool, Bethlehem, Ficksburg, Kroonstad, Welkom, Carletonville, Frankfort, Heilbron, Wolmaransstad, Bothaville, Vereeniging, Sasolburg, Heidelberg, Roodepoort, Pretoria, Ermelo, Secunda, Klerksdorp, Rustenburg, Springs	55	(2) (3) (4) (5) Anon., 2005a (6) Bütow, 2005:2

Jaar	Naam van Produksie (1)	Regisseur/Musiekleier (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Aantal optredes (6)	Bron
2006	*Crackerjack*	Pieter de Bruin	Bennie Botha	22	Kimberley, Oudtshoorn, Port Elizabeth, Burgersdorp, Mafikeng, Warmbad, Bethlehem, Senekal, Zeerust, Lichtenburg, Witbank, Groblersdal, Lydenburg, Tzaneen, Pietersburg, Ellisras, Vaalwater, Thabazimbi, Vereeniging, Sasolburg, Klerksdorp, Carletonville, Kroonstad, Krugersdorp, Rustenburg, Pretoria, Bloemfontein, Welkom, Vryburg, Wolmaransstad, Springs	38	Anon., 2006a
2007	*Tutti Frutti*	Pieter de Bruin	Ruan Kruger	22	Fochville, Rio Casino, Klerksdorp, Parys, Hoopstad, Ermelo, Secunda, Witbank, Britz, Kuruman, Kathu, Upington, Vredendal Clanwilliam, Stellenbosch, Riversdal, Mosselbaai, Middelburg (Oos-Kaap), Aliwal-Noord, Kempton Park, Senekal, Henneman, Sabie, Witrivier, Vereeniging, Sasolburg, Rustenburg, Carletonville, Springs, Bloemfontein, Welkom, Pretoria	37	Anon., 2007b

* Vanaf 1967 tot 2007 word die toerplan in die program weergegee. Dus is dit nie vooraf moontlik om die presiese plekke waar opgetree is of die hoeveelheid optredes te bepaal nie.

Bylaag 2: Koor-statistieke

Jaar (1)	Dirigent (2)	Voorsitter (3)	Grootte (4)	Toer na (5)	Bron
1943	Irma Wedepohl		40		(2) PUK-Musiekvereniging, 1945a
1944	Irma Wedepohl				(2) PUK-Musiekvereniging, 1945a
1945	Jacques Malan				(2) PUK-Musiekvereniging, 1945a
1946	Jacques Malan				Duvenhage, 1946:4
1951	Mnr Schultze				(2) Müller, 1954
1952	Mnr Schultze				(2) Müller, 1954
1955	A Duvenage	AP Duvenage			(2) (3) Anon., 1955a:7
1957	Mej Retha Oosthuizen	AP Duvenage			(2) (3) Van der Walt, 1957:175
1958	Piet Snyman / Pieter de Villiers	André Brink			(2) Anon., 1958c:5 (3) Anon., 1958b:5
1959	Pieter de Villiers	Jan Boneschans		Noord-Natal en Oos-Transvaal	(2) (3) Anon., 1959b:1, 4
1964	Eberhard Künkel				Coetzee *et al.,* 1964:1
1966	Arie van Namen	LJ Botha	40		(2) Anon., 1971g:9 (3) Studenteraad, 1966:3
1967		Anton van Rensburg			(3) ABKK, 1967a
1968	Arie van Namen				
1969	Arie van Namen				
1971	Pieter de Villiers / GW Koornhof	Ryno Louw	50	Vanderbijlpark.	(2) Anon., 1971i:6 (4) (5) Louw, 1971
1972	Pieter de Villiers / GW Koornhof	Ryno Louw	44	Suidwes-Afrika	(2) (4) Fotokuns, 1972:23 (3) (5) Van Schaik, 1972:4
1973	Hans Babst	Hennie van der Merwe		Noord-Kaap en Vrystaat	(2) (3) (4) Van Schaik, 1973:3
1974	Hans Babst, Pieter de Villiers	Hennie van der Walt	34	Odendaalsrus, Bloemfontein, Colesberg, Richmond, Beaufort-wes, Oudtshoorn, Humansdorp, George, Uitenhage, Graaff-Reinet, Venterstad, Trompsburg, Klerksdorp, Vanderbijlpark, Wolmaransstad, Potchefstroom, Vanderbijlpark	Van der Walt, 1974:2; Fotokuns 1974:44. ABKK, 1974a:2
1975	Ria Nel, Pieter de Villiers	Hennie van der Walt	46	Witrivier, Middelburg, Brits, Tzaneen, Phalaborwa, Potgietersrus, Witbank, Rustenburg, Barberton, Springs, Klerksdorp	(2) Kuesta, 1982 (3) (4) (5) PU-Koor, 1975
1976	Awie van Wyk	Francois van den Berg	42	Noordwes-Kaap	(3) De Klerk, 2011:22 (4) (5) Anon., 1976e:55

1977	Awie van Wyk	Johan Güldenpfennig	58	Vereeniging, Springs, Bethal, Piet Retief, Badplaas, Nelspruit, Pietersburg, Potgietersrus, Marble Hall, Pretoria (in die Musaion) en Rustenburg.	(3) De Klerk, 2011:22 (4) Anon., 1977d:99 (5) PU-Koor, 1976-2001
1978	Awie van Wyk	Jan Botha	54	Bethlehem, Hartenbos, Oudtshoorn, Bredasdorp, Stellenbosch, Bellville, Saldanha, Carnarvon en Bloemfontein.	(3) De Klerk, 2011:22 (4) (5) Anon., 1978f:45
1979	Awie van Wyk	Frikkie van Niekerk	60	Johannesburg, Pretoria, Durban, Pietermaritzburg, Oos-Transvaal, Natal en Vaaldriehoek	(3) De Klerk, 2011:22 (4) Anon., 1979c:61 (5) PU-Koor, 1976-2001
1980	Awie van Wyk	Hendrik Visagie	52	Barkly-Wes, Beaufort-Wes, Stellenbosch, Bredasdorp, Vergelegen, Kaapstad, Paarl en Colesberg	(3) De Klerk, 2011:22 (5) Bütow, 1980c:4 (4) Anon., 1980d:116
1981	Awie van Wyk	Pieter Botha	39	Vanderbijlpark, Klerksdorp, Sasolburg, Springs, Bethal, Middelburg, Skukuza, Sabie, Naboomspruit, Nylstroom, Warmbad, Brits, Rustenburg, Witbank, Carletonville, Klerksdorp, Schweizer Reneke, Germiston	(3) De Klerk, 2011:22 (4) PU-Koor, 1981 (5) PU Koor, 1982a
1982	Awie van Wyk	Pieter du Plessis		Vanderbijlpark, Klerksdorp, Sasolburg, Springs, Bethal, Middelburg, Skukuza, Sabie, Naboomspruit, Nylstroom, Warmbad, Brits, Rustenburg, Witbank, Carletonville, Klerksdorp, Schweizer Reneke, Germiston.	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 1982a
1983	Awie van Wyk	Pieter du Plessis	54	Lichtenburg, Vryburg, Mmabatho, Oudtshoorn, Glentana, Mosselbaai, Bredasdorp, Kaapstad (stadsaal en St. Georges Katedraal), Villiersdorp, Tulbagh, Saldanha, Paarl, Stellenbosch, Worcester, Beaufort-Wes, Carnarvon.	(3) (5) PU-Koor, 1976-2001 (4) PU-Koor, 1983
1984	Awie van Wyk (Gheta Grobbelaar)*	Daan Badenhorst		Geen toer	(2) Anon., 1984h:1 (3) De Klerk, 2011:22 (5) Bütow, 1984f:2
1985	Awie van Wyk	Hans de Ridder		Schweizer-Reneke, Kathu, Upington, Karasburg, Hardap, Okahandja, Otjiwarongo, Tsumeb, Grootfontein, Etoshapan, Outjo, Omaruru, Walvisbaai, Swakopmund, Windhoek, Gobabis, Aranos, Olifantshoek, Fochville, Vereniging	(3) De Klerk, 2011:22 (5) Bütow, 1985c:2
1986	Awie van Wyk	Daan Badenhorst		Hartenbos, Swellendam, Kleinmond, Somerset-Wes, Kaapstad (stadsaal, Groentemarkplein en Nico Malan-teater, St. George's katedraal), Houtbaai, Bredasdorp, Waenhuiskrans, Tulbagh, Stilbaai	(3) De Klerk, 2011:22 (4) Van Wyk, 1987
1987	Awie van Wyk	Gerrit van Milligen	23	Amsterdam, Brussel, Parys, Princeton, Charlotteville, Danville, Lenoir, Orlando, Washington, Nashville, New York,	(3) De Klerk, 2011:22 (4) (5) Anon., 1987g

1988	Awie van Wyk	Nico van der Walt	40	Vanderbijlpark, Harrismith, Tshiyah Kollege, Pietermaritzburg, Durban	(3) De Klerk, 2011:22 (4) Bütow, 1988a:1 (5), Anon., 1988l
1989	Awie van Wyk	Rassie Smit		Stellenbosch (Kuesta), Swellendam, George, Plettenbergbaai, Port Elizabeth, Steynsburg, Bloemfontein	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 1989:5
1990	Awie van Wyk	Rudolf de Beer	56	Port Elizabeth (Kuesta), Despatch, Oos-Londen, Queenstown, Molteno, Colesberg, Bloemfontein, Kimberley, Vanderbijlpark, Johannesburg (saam met RAU-koor), Pretoria (saam met UP-koor)	(3) De Klerk, 2011:22 (4) Botha, H, 1991 (5) PU-Koor, 1976-2001
1991	Awie van Wyk	Rudolf de Beer		Johannesburg (McLachlan werkswinkel), Vereniging, Johannesburg (SAUK en Ou Mutual Koorfees), Bloemfontein (Kuesta), Steynsrus, Harrismith, Pietersburg, Durban, Johannesburg (ATKV Koorkompetisie)	(3) PU-Koor, 1991a (5) PU-Koor, 1991a
1992	Awie van Wyk	Rudolf de Beer		Grahamstad, Port Elizabeth, Plettenbergbaai, Mosselbaai, Kangogrotte, Swellendam, Kaap Agulhas, Waenhuiskrans, Bredasdorp, Kaapstad (stadsaal) Stellenbosch, Kaapstad (Groote Kerk)	(3) PU-Koor, 1992a (5) PU-Koor 1992a
1993	Awie van Wyk	Ohna Oberholzer	39	Europa: Enschede, Amsterdam, Gent, Parys, Spittal, Klagenfurt, Füssen/Schwangau, Stuttgart, Lintorf Suid-Afrika: Wellington (Kuesta), Kaapstad, Vredenburg, Lambertsbaai, Prieska, Kimberley	(3) De Klerk, 2011:22 (4) Anon., 1993h:2 (5) PU-Koor, 1976-2001
1994	Awie van Wyk (Rudolf de Beer)*	Eugene Swart		Newcastle, Vryheid, Empangeni, Richardsbaai, Amanzimtoti, Pietermaritzburg, Harrismith	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 1994b: Malan, 1994b:10
1995	Awie van Wyk	David-Pieter de Villiers		Hartswater, Upington, Louisvale, Windhoek, Swakopmund, Grootfontein, Otjiwarongo, Mariental, Karasburg,	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 1995c
1996	Awie van Wyk	Henno Viljoen		Oudtshoorn (Kangogrotte), George, Knysna, Mosselbaai, Swellendam, Bredasdorp, Waenhuiskrans, Villiersdorp, Tulbagh, Stellenbosch, Kaapstad (St Mary's katedraal & Groote Kerk), Magaliesburg, Ficksburg, Bethlehem	(3) De Klerk, 2011:22 (5) Viljoen, 1996; PU-Koor, 1996a:5
1997	Awie van Wyk	Peet van Rooyen		Radovlica, Llubljana (Slowenië), Spittal (Oostenryk), Amsterdam, Hellendoorn, Enschede, Nijmegen (Nederland), Kortrijk (België), Londen, Cambridge (Engeland)	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor 1997a:10
1998	Awie van Wyk	Jaco Pretorius		Rustenburg, Mmabatho, Rosebank, Randburg, Beaufort-Wes, Plettenbergbaai, Knysna, George, Mosselbaai, Swellendam, Caledon, Villiersdorp, Stellenbosch, Kaapstad, Wellington, Robertson, Kimberley	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 1998:9
1999	Awie van Wyk	Mandi Minnaar		Lost City, Limpopo (onder meer Pietersburg), Mpumalanga (onder meer Witbank)	(3) De Klerk, 2011:22 (5) De Ridder, 1999

2000	Awie van Wyk	Jakobus van der Walt		Secunda, Nylstroom, Pietersburg, Bloemfontein, Beaufort-Wes, George, Knysna, Mosselbaai, Swellendam, Hermanus, Villiersdorp, Stellenbosch, Wellington, Vredenburg, Loeriesfontein, Upington, Heidelberg, Klerksdorp, Durban	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 2000:9, 10
2001	Awie van Wyk	Petro Davis		Bethlehem, Vereeniging, Viljoenskroon, Gobabis, Windhoek, Otjiwarongo, Outjo, Swakopmund en Walvisbaai, Aranos, Keetmanshoop en Lüderitz, Karasburg, Kuruman, Vryheid, Florida, Randburg, Christiana	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 2001:9
2002	Awie van Wyk (Loretté du Toit)*	Mandie Kruger		Pretoria, Sasolburg, Boksburg, Colesberg, Graaff-Reinet, Uitenhage, Port Elizabeth, Knysna, George, Oudtshoorn, Mosselbaai, Hermanus, Kaapstad, Beaufort-Wes, Kimberley, Roodepoort, Vanderbijlpark, Pietersburg	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 2002a:6
2003	Awie van Wyk	Mandie Kruger		Frankryk, België, Nederland, Duitsland, Denemarke, Griekeland	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 2003
2004	Awie van Wyk	Danie de Kock		Mpumalanga en KwaZulu-Natal	(3) De Klerk, 2011:22 (5) Bütow, 2004a:2
2005	Awie van Wyk	Izak de Kock		Buhrmansdrif, Tulbagh, Bellville (konsert saam met UP-koor, Kleinmond, Villiersdorp, Swellendam, Stilbaai, Mosselbaai, Knysna, George, Kimberley, Vryheid, Bloemfontein, Randburg, Nelspruit, Bothaville	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 2005
2006	Awie van Wyk	Germarié Viljoen		Johannesburg, Nylstroom, Klerksdorp, Grabouw, Bellville, Vredenburg, Springbok, Kathu, Bothaville, SAKOV, Krugersdorp, Pretoria (Psalmfees)	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 2006
2007	Awie van Wyk	Kobus Venter		Pietersburg, Sabie, Hazyview, Nelspruit, Durban, Beaufort-Wes	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 2007b
2008	Awie van Wyk	Kobus Venter		Hongarye, Tsjeggiese Republiek, Duitsland, Oostenryk, Nederland	(3) Venter, 2014b (5) PU-Koor, 2008
2009	Awie van Wyk	Rineke Viljoen		Colesberg, Port Elizabeth, Hartenbos, L'Agulhas, Genadendal, McGregor, Villiersdorp, Somerset-Wes, Yzerfontein, Darling, Langebaan, Paternoster, Strydenburg	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 2009b
2010	Awie van Wyk	Rineke Viljoen		Colesberg, George Mosselbaai, Swellendam, Struisbaai, Ceres, Prince Albert, Strydenburg	(3) De Klerk, 2011:22 (5) PU-Koor, 2010
2011	Awie van Wyk	Mariëtte de Klerk		Europa, onder meer, Praag	(3) De Klerk, 2011:22 (5) Bütow, 2011a.
2012	Kobus Venter	Daniel Engelbrecht		Witbank, Middelburg, Lydenburg, Sudwala-grotte, Kruger-wildtuin, Nelspruit	(2) (3) PU-Koor, 2012 (5) Botha, 2012a:6
2013	Kobus Venter	Celia Schröder		Johannesburg (Kuesta), Pretoria (Gereformeerde Kerk Kandelaar), Pretoria (Hoërskool Wonderboom), Hartebeespoort, George, Hartenbos, Mosselbaai,	(2) (3) PU-Koor, 2013b (5) PU-Koor, 2013a

				Albertinia, Stilbaai, Paarl, Stellenbosch, Kaapstad, Robertson, Colesberg	
2014	Kobus Venter	Gavin Holtzhauzen		Bemmel, Groesbeek, Amsterdam, S'Hertogenbosch, Brussels, Frankfurt, Aachen, Freigericht Neuses, St Petersburg, Tallin, Riga	(2) (3) PU-Koor, 2014c (5) PU-Koor, 2014b

*Alhoewel Awie van Wyk van 1976-2011 die permanente koorleier van die Koor was, het ander dirigente in sy tydelike afwesigheid die koorleiding behartig.

Bylaag 3: Serenaders – lys van dirigente

Jaar	Naam	Bron
1994	Michael Dingaan en Ada Motai	Bütow, 1994a:5
1995	Michael Dingaan	Dingaan, 1999:4
1996	Michael Dingaan	Dingaan, 1999:4
1997	Michael Dingaan	Dingaan, 1999:4
1998	Derick Pule en Rudolf de Beer	PU Serenaders, 1998; PU Serenaders 2004
1999	Derick Pule	Tom, 2016b; Moloi, 1999
2000	*	
2001	Itumeleng Morakile	PU Serenaders, 2001
2002	*	
2003	George Mabeta	Du Plooy, A., 2003:6
2004	George Mabeta	PU Serenaders, 2004
2005	Desmond Phuti	Tom, 2016b
2006	Desmond Phuti	Bütow, 2006:2
2007	Lebogang Mafethe	Tom, 2016b
2008	Lebogang Mafethe	Tom, 2016b
2009	Katlego Maphakela	Tom, 2016b
2010	Katlego Maphakela	Tom, 2016b
2011	Patrick Motshabi	Bütow, 2011f:3
2012	Patrick Motshabi	Bütow, 2013d:1
2013	Itumeleng Pooe	Bütow, 2013d:1
2014	Itumeleng Pooe	Tom, 2016b

* Onbekend

Bylaag 4: Boulevard Harmoniste – lys van lede

Jaartal	Name	Bron
1995	Marlé van den Berg (sopraan), Maryna Bull (sopraan), Annatjie van Urk (alt), Pierre-Jacques Joubert (tenoor), Francois van der Westhuizen (bariton), Rudolf de Beer (bas).	Boulevard Harmoniste, 1995a
1996	Petro Heydenreich (sopraan), Erica Eloff (sopraan), Annatjie van Urk (alt), Pierre-Jacques Joubert (tenoor, Francois van der Westhuizen (bariton), Rudolf de Beer (bas)	Boulevard Harmoniste, 1996b
1997	Petro Heydenreich (sopraan), Erica Eloff (sopraan), Annatjie van Urk (alt), Jacques Imbrailo (tenoor), Francois van der Westhuizen (bariton), Marthinus van der Walt (bas)	Boulevard Harmoniste, 1997
1998	Erica Eloff (sopraan), Mabet van Wyk (sopraan), Sucille van Wyk (alt), Richter Grimbeek (tenoor), Francois van der Westhuizen (bariton), Matthys Wessels (bas) Leier: Rudolf de Beer	Boulevard Harmoniste, 1998a
1999	Erica Eloff (sopraan), Mabet van Wyk (sopraan), Jacques Imbrailo (bariton), Matthys Wessels (bas), Sucille van Wyk (alt), Wimpie Kotze (tenoor) Musikale leiding: Awie van Wyk	Boulevard Harmoniste, 1999
2000	Louise Hurn (sopraan), Lilian Freedman (sopraan), Lhente-Mari Grimbeek (alt), Wimpie Kotzé (tenoor), Jacques Imbrailo (bariton), Matthys Wessels (bas) Leier: Richter Grimbeek	ATKV, 2000
2001	Lente Louw (sopraan), Junine Liebenberg (sopraan), Lhente-Mari Grimbeek (alt), Chris Mostert (tenoor), Jacques Imbrailo (bariton), Matthys Wessels (bas)	Boulevard Harmoniste, 2001a
2002	Jenneken Lamprecht (sopraan), Junine Liebenberg (sopraan), Lhente-Mari Grimbeek (alt), Werner van Coller (tenoor), Reynhardt Pitout (bariton), Johan Pieters (bas) Leier: Lhente-Mari Grimbeek	Boulevard Harmoniste, 2002
2003	Mandie de Villiers (sopraan), Lente Louw (sopraan), Tina Tshupane (alt), Chris Mostert (tenoor), Ferdi Liebenberg (bariton), Karl Meissner-Roloff (bas), Jacques Imbrailo (repertoire en artistieke adviseur).	Boulevard Harmoniste, 2003a
2004	Mandie de Villiers (sopraan), Lente Louw (mezzo-sopraan), Tina Tshupane (alt), Petri Swart (tenoor), Karl Meissner-Roloff (bariton), Ferdinand Liebenberg (bas)	Boulevard Harmoniste, 2004
2005	Name nie beskikbaar nie	
2006	Cindy Moolman (sopraan), Grethe Cilliers (sopraan), Monya Saunders (alt), Khaile Olifant (tenoor),	Boulevard Harmoniste, 2006

	Wouter van der Westhuizen (bariton), Ferdi Liebenberg (bas) Leier: Mandi de Villiers	
2007	Elsabé Louw (sopraan), Gretha Cilliers (sopraan), Isabel Swart (alt), Khaile Olifant (tenoor) Itumeleng Pooe (bariton), Rainhardt Liebenberg (bas)	Boulevard Harmoniste, 2007
2008	Anneri van Jaarsveld (sopraan) Marnus Nothnagel (bas), Marshell Lombard (tenoor), Grethe Uren (sopraan), Pierre-Louis le Grange (bariton), Jana du Plooy (alt)	NWU, 2009b
2009	Fiona Morris (sopraan), Natalie Reid-Ross (sopraan), Jeanli Griessel (alt), Marshell Lombard (tenoor), Marnus Nothnagel (bas)	Boulevard Harmoniste, 2009
2010	Ester de Vos (sopraan), Erica Louw (sopraan), Lanka Stols (alt), Tshepo Ramongalo (tenoor), Nkhosinati Tom (bariton), Kobus Venter (bas) Leier: Kobus Venter	Boulevard Harmoniste, 2010
2011	Marlize Hattingh (sopraan), Annushka Redelinghuys (sopraan), Erica Louw (alt), Tsepo Ramongalo (tenoor), Nkosinathi Tom (bariton), André Oosthuizen (bas)	Boulevard Harmoniste, 2011.
2012 en 2013*	Marlize Hattingh (sopraan), Lanka Stols (mezzosopraan), Erika Louw (alt), Tsepo Ramongalo (tenoor), Nkosinathi Tom (bariton), Kobus Venter (bas)	Ryke, 2016b
2014 en 2015*	Lanka Stols (mezzosopraan), Carla le Grange (alt), Marlize Hattingh (sopraan), Wilhelm Meyer (tenoor), Manna Stander (bariton), Phillip Venter (bas)	Boulevard Harmoniste, 2015, Ryke, 2016b

*Volgens Ryke is met die oog op die buitelandse toere in 2013 en 2015, die groepe van die jaar wat die toer voorafgegaan het, behou vir ’n tweede jaar, dus is 2012 se groep in 2013 oorsee en 2014 se groep in 2015 (Ryke, 2016b).

Bylaag 5: Talentfeeswenners

Jaar	Wenner: Uitvoerende kunste*	Wenner: Skeppende kunste*	Bron
1984	Gheta Grobblaar en André Howard		Van Vuuren, 1984:1
1985	Tessa Smith – Instrumentaal ernstige musiek		Bütow, 1985e
1986	Heleen Hough Instrumentaal: ernstige musiek en ligte musiek.		Kultuurraad, 1986.
1987	Submediante Ernstige Musiek: Vokaal (groepe)		Anon., 1987h:1
1988	Sally du Randt		Anon., 1988p:13
1989	Submediante & Adéle Marais		De Beer 1989:1
1990	Alna Smit – Vokaal lig: individu	Martin Watt – Oorspronklike komposisie: ernstig	Kultuurraad, 1990b
1991	The Singing Club – Vokaal ernstige musiek: groep	Martin Watt – Oorspronklike komposisie: lig	Harris, 1991:8
1992	The Singing Club – Vokaal ligte musiek: groep	Chris Diedericks – Beeldende Kuns	Du Preez, 1992:13
1993	Pierre-Jacques Joubert – Instrumentaal ernstig	Ina Engelbrecht – Skryfkuns	De Bruyn, 1993:19
1994	Stripes – Vokaal ligtemusiek: groep	Hannes Taljaard – Komposisie ernstige musiek	Anon., 1994d.
1995	Natasja Groeneveld – Oorspronklike komposisie: ligte musiek & vokaal ligte musiek: individueel	Heinrich Venter Stokperdjie	Van der Walt, 1995:7
1996	Natasha Taljaard & Natasja Groeneveld	Corné Els	Anon., 1996h:11; Malan, 1996:12
1997	Richter en Lhente-Mari Grimbeek – vokaal ligte musiek: duet	Corné Els – Oorspronklike skryfkuns prosa	Bütow, 1997c
1998	Erica Eloff – Ernstige musiek: individu	Francois Peters	Schaap, 1998a:1
1999	Erica Eloff – Ligte musiek: individu	Zachia Eloff - Poësie	Bütow, A., 1999a:1
2000	Reynhardt Pitout en Bernard Kruger	Jeanine Cunniff	Eirobb, 2000:1
2001	Bernard Kruger & Mabet van Wyk – Vokaal ligte musiek (duet)	Janine Joubert – Prosa & poësie	Du Plessis, 2001:1

2002	Jacques le Roux & Lente Malan – Vokaal ligte musiek (duet)	Esté Strauss – Beeldende Kunste	Botha, 2002:4
2003	Four Merry Murderesses	Retief Burger	Botha, 2003b:6
2004	Carribean Blues (Johannes Schickerling – Vokaal ligte musiek: groepe	Liza de Bruin – Beeldende kunste	Anon., 2004d
2005	ACCA5	Liza de Bruin	Venter & Ebersohn, 2005:3
2006	Nadine Holemans – Instrumentaal ernstige musiek		Kultuurraad, 2006b
2007	Monya Saunders, Elsabé Louw & Grethe Cilliers	Liza de Bruin	Groenewald, 2007:3
2008	Nadine Holemans – Vokaal ernstige musiek individueel	Johanita Kirsten	Anon., 2007d
2009	Netanja Brink	Hannika Froneman	Anon., 2013c: 2; Du Plessis, 2009b:2
2010	Netanja Brink – Vokaal ligte musiek: individueel	Christiaan Steyn – Grafiese kuns	Anon., 2013c:2; Anon., 2010b:3
2011			
2012	Valeska Constance		Anon., 2013c: 2
2013	Sinki Mlambo – Vertolking (algehele wenner)	Louisa van der Walt – Visuele kuns	Bütow, 2013a:9; Lion-Cachet, 2013:11
2014	Carla le Grange – Vokaal ligte musiek: individueel	Hestia Victor – visuele kunste (algehele wenner)	Kemp, 2014


* Sedert 1989 is twee algehele pryse toegeken, naamlik die Rektorsprys en Visekanseliersprys. Die wenner die skeppende kategorie ontvang die Rektorstrofee en die wenner van die uitvoerende kategorie die Visekanslierstrofee (Kultuurraad, 1989b). Die kategorie van die Talentfees wat die algehele wenners gewen het word bygevoeg, indien bekend.

Bylaag 6: Oudstudente wat as studente lede van uitvoerende groepe was en later nasionaal en internasionaal presteer het

Die Universiteit het talle oudstudente opgelewer wat as studente aktief betrokke was by kunskulturele aktiwiteite en wat later in ’n wye spektrum van genres nasionale en selfs internasionale bekendheid verwerf het. Vervolgens kort biografiese besonderhede van enkele van hierdie studente. Persone wat leidende rolle in kunskulturele studentegroepe gespeel het se biografiese besonderhede is in die hoofstukke oor dié spesifieke groepe bespreek en oor hulle verskyn daar in hierdie bylaag slegs verwysings na die betrokke paragrawe.

André Howard (Koor – 1977-1983)
In ’n doodsberig in 2012 word André Howard beskryf as een van Suid-Afrika se beste liedersangers (Classicsa, 2012). Nadat hy in 1976 aan die PU vir CHO ingeskryf het en sang studeer het onder prof. Werner Nel, het André Howard die BMus-graad verwerf, asook die Voordraerslisensiaat met lof.

Hy het as student talle sangkompetisies gewen, onder meer die Maria Coertse-beurs, die PUK/FAK-beurs en twee keer die sangkategorie van die ATKV Forte-kompetisie (PU vir CHO, 2002a:22). Hy het in 1983 die eerste prys in die Oude Meester-kompetisie gewen en is in Januarie 1984 aangewys as die beste Suid-Afrikaanse deelnemer tydens die eerste Suid-Afrikaanse Internasionale Sangkompetisie (PU vir CHO, 2002a:17). Met dié prys kon hy in München onder prof Hanno Blaschke gaan studeer.



ILLUSTRASIE B6.1
ANDRÉ HOWARD (POTCHEFSTROOM HERALD, 1984).

Terwyl hy in Duitsland is, neem hy deel aan die ARD Internasionale Musiekkompetisie en wen die tweede prys in die sangafdeling (geen eerste prys is toegeken nie) (classicsa, 2012). Na hy in 1985 na Suid-Afrika teruggekeer het, het hy die konsertafdeling van die tweede UNISA-sangkompetisie gewen en ook ’n SAMRO-toekenning (PU vir CHO, 2002a:23).

In 1987 het hy die tweede prys in die SAUK-musiekkompetisie en die derde prys in die Hugo Wolf-kompetisie in Stuttgart (classicsa, 2012). In 1990 het hy die Staatsteater/SAL Operastigting-toekenning ontvang en in 1999 die FNB Vita-prys vir sy vertolking van Lescaut in *Manon* van Massenet (PU vir CHO, 2002a:22).

Van 1994 tot 2008 was hy sangdosent aan die Departement Musiek van die Universiteit van Stellenbosch waarna hy privaat sanglesse gegee het en ’n hoogsgerespekteerde opera- en

liedersanger was. Sy laaste optrede was enkele weke voor sy dood op 25 November 2012 in Kaapstad. Hy is op 22 Desember 2012 op 55 oorlede aan hartversaking.

In ’n doodsberig op die webblad van Classic SA word gesê dat hy ook onthou sal word vir die talle uitvoerings van die tegnies-uitdagende bariton-solo in Carl Orff se Carmina Burana (classicsa, 2012). Een van dié uitvoerings, waarin hy die rol gesing het, was in 1986 in die Sanlam-Ouditorium.

Anna Davel (Alabama – 1993)
Anna Davel is op Potchefstroom gebore en het in 1989 aan die Potchefstroom Gimnasium matrikuleer (PU vir CHO, 2002a:30). Sy het ’n BAKomm aan die PU verwerf. In 1993 was sy een van Alabama se soliste en het die bekende *Stand by me* gesing en ook die musiek en lirieke geskryf vir *Karnaval,* wat ook by die program ingesluit is (Anon., 1993d:2, 7).

Alhoewel sy nie in 1994 ’n lid van Alabama was nie, is haar liedjie *’n Nuwe begin* dié jaar by die program ingesluit (Anon., 1994b:2). In 1993 was sy ook van die wenner van die kategorie vir oorspronklike komposisies tydens die Kampustalentfees (Anon., 2013c:3).

Sy het nasionaal bekend geword toe sy in 1997 die algehele wenner van die ATKV Crescendo-kompetisie was met *Viooltjies,* wat sy self geskryf het. Die volgende jaar het sy ’n diploma in Ligte Musiek/Jazz aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie verwerf en het dieselfde jaar lid van die *a capella*-sanggroep, Cutt Glas geword. Dié groep het in verskeie lande oorsee opgetree.

Terwyl sy lid van die groep was, het hulle drie albums vrygestel. Sy was tot 2003 lid van die groep en het daarna haar eerste solo-album vrygestel. Dit het in 2006 ’n SAMA-toekenning gewen vir beste volwasse eietydse album en in 2008 was sy een van ses genomineerdes as beste vroulike sangeres vir die VMT-toekenning. In 2010 het sy ’n rol vertolk in *Liefling – die movie,* die eerste Afrikaanse musiekrolprent in baie jare. Sedertdien het sy in nog drie ander rolprente gespeel (annadavel, 2016). In 2013 was sy een van die bekendes wat deelgeneem het aan die 30-jaar feeskonsert van die Kampustalentfees (Anon., 2013c:3).



ILLUSTRASIE B6.2
NADAT SY IN 2013 EEN VAN DIE BEKENDE SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS WAS WAT OPGETREE HET TYDENS DIE KAMPUSTALENTFEES SE 30-JAAR FEESKONSERT, HET ANNA DAVEL OP DIE VOORBLAD VAN DIE *NWU&U* VAN MEI 2013 VERSKYN (NWU, 2013).

Awie van Wyk (PU-Koor – 1976-2011)
Kyk na paragraaf 6.5.1.

Bernard Krüger (Talentfeeswenner)
Bernard Krüger het ’n BMus aan die NWU behaal. Hy het ook musiek studeer aan die Universiteit van KwaZulu-Natal en het nagraads studeer aan die Koninklike Konservatorium in Den Haag, Nederland. Nadat hy die musiekdirekteur van die Kearsney College was, is hy sedert 2015 aan die Drakensbergse Seunskoor verbonde, teen 2016 as artistieke direkteur. Krüger is opgevolg deur ’n mede-oudstudent van die NWU, Marshell Lombard (Pillay, 2015; Krüger, 2017). Krüger het saam met Mabet van Wyk opgetree tydens die Kampustalentfees se 30 Jaar Feeskonsert. Kyk na illustrasie B2.10.

Bennie Bierman (Alabama)
Bennie Bierman het BA Admissie studeer toe hy in die laat vyftiger- en vroeë sestigerjare vir vyf jaar ’n lid van Alabama was. In 1962 was hy dirigent van die orkes, toe die musiekblyspel *Aggenee Bettie!* opgevoer is (Anon., 1962a:8). Na hy sy admissie-studies voltooi het, het hy vir ’n BMus ingeskryf. In 1988 het ’n artikel oor hom in die *PU-Kaner* verskyn, toe hy hoof van Musiek by die SAUK was (Anon., 1988j:14 -16).

In 2015 was hy saam met nog ’n oud-Puk, Johan van Rensburg, een van vyf “legendes” wat ontvangers was van ’n toekenning van die ATKV vir hulle “lewenslange bydrae tot die kunste in Suid-Afrika”. Volgens ’n berig oor dié toekenning was Bierman van 1981 tot 1995 hoof van musiek by die SAUK. “Afgesien van sy werk by die SAUK was Bennie ook deur die jare betrokke by verskeie kore en orkeste. Hy het hom deur die jare onderskei as een van die land se topmusiekbeoordelaars. By die ATKV was Bennie betrokke by die totstandkoming van die Forte-, Crescendo- en Prelude-musiekkompetisies, asook beoordelaar van die ATV-Applous en ATKV-Lier” (Anon., 2015a).

Chanté Hinds (Alabama – 1988-1990)
Chanté Hinds het ’n BA in Spraakleer en Drama aan die PU vir CHO verwerf. Sy was ’n gewilde solis van Alabama en in 1989 die JOOL-persoonlikheid van die PUK (Anon., 1989h:21). Na haar studiejare het sy ’n bekende gesig op televisie geword en was onder meer aanbieder van die program Goeiemôre Suid-Afrika (TVSA, 2016). Sy het ook in die rolprente *Seun, Geeltrui vir ’n wenner* en *Jakhalsdans* gespeel (IMDB, 2016).

Christa (Schutte) Steyn (Alabama – 1975-1979)
Steyn het bekend geword as liedjieskrywer. Van haar bekendste liedjies is onder meer “Aan die einde van die Reënboog” en “Eerste liefde”. Sy het musiek geskryf vir Rina Hugo, ook ’n oud-Alabama-lid en Anneli van Rooyen. Christa het in Potchefstroom opgegroei en het klassieke musiek aan die PU studeer, onder prof Pieter de Villiers (Anon., 1987b:52, 53). In 1982 het sy vir Suzette Eloff liedjies geskryf, waarna hulle die komposisie-afdeling van die ATKV Crescendo-kompetisie gewen het (christasteyn.co.za). Saam met Jannie du Toit en Marié du Toit het hulle die verhoogstuk, *Skadu’s teen die muur*, ’n huldeblyk aan Koos du Plessis saamgestel en het ook in die buiteland daarmee opgetree. Christa het die musiek geskryf vir die rolprent *Broer Matie* (Anon., 1985j:8).

In 1989 het sy musiekdirekteur van TRUK se Kerslig, Vers en Melodie-programme geword, wat in die Staatsteater aangebied is. Sy was ook musiekregisseur van die ATKV Crescendo- en Debuut-kompetisies en het die ATKV se werkswinkel vir voornemende liedjieskrywers gestig (PU vir CHO, 2002a:32). Sy het pryse ontvang van die Rapportryers, die FAK, die Sakekamer van Pretoria en van die Voortrekkers ’n goue penning (PU vir CHO, 2002a:32).

Nadat sy met kanker gediagnoseer is, is daar konserte ter ere van Christa Steyn gereël. Een van die konserte, 20 Hande 1 Hart, is in Februarie 2012 in Potchefstroom gehou (Anon., 2012b:34). Naas die berig daaroor in die *ePUKaner* van Julie 2012, word gemeld dat Christa betrokke was by die verwerking en opnames van die NWU se nuwe Universiteitslied. Die Afrikaanse en Engelse woorde van die lied is geskryf deur Corneels Schabort van die NWU,


Potchefstroomkampus, terwyl Theriso Tsambo die Setswana-woorde geskryf het. Dit is amptelik in gebruik geneem in 2012 (Anon, 2012b:34).

’n Webblad wat geskep is om hulde aan haar te bring, beskryf haar só: “Sy was ’n sangeres, begeleidster en komponis wat haar stempel duidelik gemaak het in die Afrikaanse musieklewe. Sy was die hoeksteen waarop talle Suid-Afrikaners hul loopbane gebou het” (christasteyn, 2016).



ILLUSTRASIE B6.3
NADAT SY AS LIEDJIESKRYWER BEKEND GEWORD HET, HET CHRISTA STEYN IN 1987 DIE PU BESOEK EN OPGETREE IN ’N KONSERT SAAM MET INNES EN FRANNA BENADE BY DIE DEPARTEMENT SPRAAKLEER EN DRAMA. DIÉ FOTO HET DAARNA IN DIE PU-KANER VERSKYN (ANON., 1987B:53).


Corneel Prinsloo (Neal Prins) (Alabama – 1995)
As studente in Regte aan die PU vir CHO was hy lid van Alabama, onder meer as solis van “Faith” en “The living years”. In Mei 1996 het hy die groep Alchemie gestig en het tot sowat 160 uitvoerings per jaar gelewer, by verskeie korporatiewe en privaatfunksies (PU vir CHO, 2002a:39). Corneel was in 2014 die hoofsanger van Alterstate, ’n plaaslike rockgroep wat ook in die VSA opgetree het en daar ’n CD-kontrak gesluit het (De Bruin, 2014a).



Danie Niehaus (Alabama – 1974, 1975)
Danie Niehaus is ’n boorling van Germiston en die seun van ’n die pionier radio-omroeper, Dana Niehaus. Hy het ’n BA aan die PU verwerf (Anon., 1984k:12; Anon., 1986h:36). Danie was een van Alabama se komediante. Hy was ’n wenner tydens die ATKV Crescendo van 1982 en 1983 en het in 1985 ’n plaat vrygestel (Anon., 1985j:8). Hy was ’n sportskrywer vir *Beeld, Die Burger* en die SAUK.

Hy het elf albums (plate en CD’s) vrygestel. Sy CD, *Fynskrif,* het in 2007 ’n SAMA-toekenning ontvang. Niehaus se jongste CD, met die titel *Rooi,* is in 2010 vrygestel (Niehaus, 2010).

ILLUSTRASIE B6.4
DANIE NIEHAUS (NIEHAUS, S.A.).



ILLUSTRASIE B6.5
DIRK HERMANN (ANON., 1995D).

Dirk Hermann (Alabama – 1991-1995)
Hermann was in 1993 voorsitter van Alabama. In 1994 het hy die Standard Bank-beurs ontvang vir die grootste bydrae wat ’n student op finansiële gebied tot ’n kultuurorganisasie gemaak het en in 1995 het hy Universiteitskleure ontvang vir kultuur.


In 1995 was hy lid van die Sentrale Studenteraad as lid vir Projekte en Ontwikkeling. Van 1991 tot 1995 was hy studentewerker by die Departement Kultuur en was vanaf 1994 bemarkingsbestuurder, met Alabama sy hoogste prioriteit (Anon., 1995b:3). Aan die einde van 1995 is hy verkies tot studenteraadsvoorsitter van die PU vir CHO.

Hermann is in 2016 die bestuurshoof van die vakbond Solidariteit. Hy het ’n doktorsgraad in Bedryfsosiologie. Hy is die skrywer van *Regstellende trane, Die keiser is kaal* en *Basta!* Sy eerste fiksieboek, *Begrond,* het in 2015 verskyn (Carstens, 2015).

Erica Eloff (Boulevard Harmoniste – 1996-1999; Talentfeeswenner – 1998, 1999)
Eloff het in 1998 die BMus-graad verwerf en het sang studeer onder prof Werner Nel. Sy het ook die nagraadse diploma in Musiekvoordrag aan die PU verwerf en die voordraerslisensiaat van UNISA, albei met lof (PU vir CHO, 2002a:14).

In 1998 en 1999 was sy die wenner van die afdeling vir uitvoerende kunste tydens die Talentfees (kyk na bylaag 5). Sy het in 1998 die kategorie vokaal van die ATKV Forté-kompetisie gewen en was in 2000 die algehele wenner van dié kompetisie (PU vir CHO, 2002a:15).

Sy het in 2003 10 maande in Frankryk deurgebring en later dié jaar na Engeland verhuis. Sy was in 2006 terug in Suid-Afrika om onder meer tydens die doktorsgraadkonsert van Truida van der Walt op te tree (Van Schalkwyk, 2006:2). In 2008 het sy die jaarlikse internasionale Handel Sangkompetisie in Londen gewen (Odendaal, 2008:14). In 2013 het sy aan die Kampustalentfees se 30-jaar feeskonsert deelgeneem (Anon., 2013c).



ILLUSTRASIE B6.6
ERICA ELOFF (MACLEZ STUDIO, 2000).

Giep van Zyl (Alabama – 1983-1986; President van Tarentaal)
Giep van Zyl het BA-Admissie studeer toe hy in 1983 een van die komediante van Alabama was. Hy het daarna ’n Universiteitsdiploma in Kommunikasiekunde verwerf (Anon., 1983f; Anon., 1985b). Benewens komediant van Alabama, was hy ook in 1986 voorsitter van die Studentegeselskap en vir baie jare die President van Tarentaal. In 1997 was hy en Karen Meiring feesbestuurders van die KKNK, in ’n vennootskap. Hy was ook op ’n vryskutbasis by die ATKV- en Pendoring-toekennings betrokke. Hy was sedert die ontstaan van Aardklop daarby betrokke (Jansen, 2004:5). Teen 2005 was hy die feesbestuurder, die laaste jaar wat hy dié posisie beklee het. Hy het daarna by Packed House Productions gaan werk, ’n maatskappy wat musiekblyspele, toneelstukke en konserte aanbied (Scheppel, 2011; Lee, 2005:9).

Gheta Grobbelaar (Koor – 1982-1984)
Nadat die PU Sangbeurs in 1980 ingestel is, is die prys van R1 000 per jaar vir vier agtereenvolgende jare deur Gheta Grobbelaar gewen. Sy het BMus aan die PU studeer en het ook in haar tweede en derde jaar die Sarie Serfontein-Theron-beurs ontvang.

In 1983 het sy aan ’n uitruilkonsert met die Universiteit van Pretoria deelgeneem en in 1984 BMus Honneurs aan die PU studeer (Oosthuizen, 1983b:8). In die tydperk toe Kuesta as ’n interuniversitêre kompetisie op kunstegebied aangebied is, is Grobbelaar in 1983 aangewys as die algehele wenner van Kuesta (Anon., 1983p:3).

In 1984 was sy ook die dirigent van die PU-Koor vir hulle optrede tydens Kuesta, toe Awie van Wyk op ’n oorsese besoek was (kyk na paragraaf 6.8). Gheta is in 1995 getroud met Michael Grobler en het in 2016 die Gheta Grobler Musiekskool in Wellington bedryf (Anon., 2016a:3).

Kyk na illustrasie 6.42.

Helenè Bester (Alabama – 1996, 1998, PU-Koor – 1997)
Helenè Bester het in 1998 die BA Bedryfskommunikasie aan die PU verwerf. Sy was in 1996 ’n kategoriewenner tydens die Kampustalentfees en het twee keer (in 1997 en 1999) die ATKV-toekenning vir mees die belowende kunstenaar ontvang. Sy het in 1999 tydens Aardklop saam met Matthys Roets opgetree in die produksie *Liefdesvuur* (PU vir CHO, 2002a:63). Haar debuutalbum, *Wens,* is in 2002 vrygestel en haar laaste album, *Tussen die lyne,* is in 2012 vrygestel (Anon., 2016b). Sy is met Jacques Theron getroud en hulle eerste baba is in 2016 gebore deur middel van ’n surrogaatma, nadat hulle vroeër ’n baba verloor het (Anon., 2015c).

Jacques Imbrailo (Koor 1998, *Downtown* – 1999; *Deliverance* – 2000; Boulevard Harmoniste – 1997, 1999, 2001, 2003)
Imbrailo was ’n lid van die Drakensbergse Seunskoor en volgens Du Plessis het sy “sangloopbaan vlamgevat” toe hy in 1993 as jong seun gekies is as lid van die Wêreldjeugkoor. Hy was ook lid van die Noordwes Jeugkoor en die Nasionale Jeugkoor. Hy het in 2006 ’n kontrak by die gesogte Covent Garden in Londen losgeslaan, waar hy saam met internasionaal-bekende sangers, soos Placido Domingo, opgetree het (Du Plessis, 2006b:2). ’n Opname van die opera van Benjamin Britten, *Billy Budd,* waarin Imbrailo die naamrol gesing het is in 2015 vir ’n Grammy genomineer (NWU, 2015d).

Jako Meyer (Alabama – 2003)
Pieter de Bruin, oud-musiekregisseur van Alabama, berig in 2014: “Jako Meyer maak deesdae opgang as sanger in Rottweiler, Moses Metroman, *Boegoe van die liefde, Tree aan! – Die Grensoorlog Musiekspel, The Hammond Cheese Band* en *Die Geselskap*. As akteur is hy te sien in *Donkerland* en *Sterlopers*” (De Bruin, 2014a).

Jans Jonker (PU-Kaners – 1978-1979; Alabama musiekregisseur – 1980-1987)
Kyk na paragraaf 5.5.3.4.

Johan van Rensburg (Alabama 1964-1973)
Kyk na paragraaf 5.5.1.2.

Juanita (Hattingh) Terblanche Alabama – 1991-1993
Juanita was benewens lid van Alabama ook in 1992 die PUK se JOOL-persoonlikheid. Sy is teen 2016 'n lid van die Parlement vir die Demokratiese Alliansie (Anon., 2012a:32).

Karin Hougaard (Alabama – 1982, 1983, Akustic – 1985, 1986)
Karen Hougaard is in 1964 op Burgersdorp gebore. Nadat sy as laerskooldogter landswyd as solis opgetree het in TRUK en Brickhill/Burke se *The Sound of Music,* het sy op 16 jaar die jongste wenner van die ATKV se Crescendo-kompetisie geword. Nadat sy in 1982 aan die PU ingeskryf het om 'n BA-graad te behaal met Dramakunde en Engels as hoofvakke, is sy vir twee jaar een van Alabama se suksesvolste soliste (Anon., 1986f:20).

Haar eerste solo-album *Eerste Afspraak* het in 1983 verskyn, waarvoor sy twee Sari-toekennings ontvang het. Die volgende jaar voltooi sy die Hoër Onderwysdiploma en in dié jaar asook in 1986 toer sy saam met Akustic, die voormalige PU-Kaners (Anon., 1986f:21; PU vir CHO, 2002a:42). Vanaf 1988 is sy voltyds in die musiekbedryf, nadat sy ook 'n honneursgraad in Dramatologie aan die Universiteit van Pretoria verwerf het

In 1997 behaal sy internasionale sukses, toe 'n CD-kortspeler van haar in Spanje vrygestel is. Dit is ná haar CD *Muse* verskyn het. Nadat haar album *Metamorph* in 1999 tydens die Aardklop bekendgestel is, ontvang dit die Beeld/Aardvark-prys vir die mees innoverende produksie. Die volgende jaar kry sy die De Kat/Herrie-prys tydens die KKNK vir die beste individuele produksie (PU vir CHO, 2002a:42).

Vanaf 2002 het sy talle kere in Nederland opgetree, soms voor gehore van tot 17 000 mense. In 2008 het sy op grond van haar buitengewone artistieke vermoëns 'n Amerikaanse 'green card' ontvang en in Oak Ridge, Noord-Carolina gaan woon. Sy het egter daarna verskeie kere na Suid-Afrika teruggekeer om hier op te tree (karinhougaard, 2016).

ILLUSTRASIE B6:7
KARIN HOUGAARD HET HIERDIE PLAKKAAT VAN HAARSELF AAN DIE DEPARTEMENT KULTUUR GESKENK. DIE NOTA DAAROP LUI: "EK HET AS STUDENT MET KULTUURBEURSGELD MY EERSTE KLANKTOERUSTING BY 'N PANDJIESWINKEL IN POTCHEFSTROOM GEKOOP. DIE APPARAAT HET BESTAAN UIT 'N ROLAND-KLANKMENGER, TWEE ROLAND-LUIDSPREKERS EN 'N MIKROFOON. INTUSSEN HET EK DIE APPARAAT OPGRADEER, MAAR HIERDIE IS NOG DIE OORSPRONKLIKE MIKROFOON WAARMEE EK IN MY KOSHUISKAMER BEGIN EKSPERIMENTEER HET" (HOUGAARD, S.A.).



Katlego Maboe (Kategoriewenner Kampustalentfees – 2005; Sêrgroep Heimat – 2003; Sêrgroep – Veritas 2004-2007)
Katlego Maboe het in Potchefstroom grootgeword en het in 2007 met 'n beurs 'n BCom-graad verwerf (NWU, 2012b:16). Hy was in sy eerste jaar lid van Heimat se Sêrgroep, wat dié jaar die wenner was. Daarna was hy 'n inwoner van Veritas en lid van hulle Sêrgroep wat vir vier agtereenvolgende jare die wenners van die nasionale Sêrkompetisie was. Kyk na paragraaf 12.3.3.3.


In 2005 was hy stigterslid van die groep Flip a Coin, wat landswyd bekend geword het. Sy televisiedebuut was as hyself in 2009 in die program *DEKAT.* Daarna was hy aanbieder van *50/50* en uitgenooi om aanbieder te word van die vroegoggend televisieprogram *Expresso.* Hy het as gaskunstenaar op *Noot vir Noot* opgetree en was in 2014 en 2014 aanbieder van die Suid-Afrikaanse *Strictly come dancing* (TVSA, 2017). In 2015 het hy die prys as Aanbieder van die Jaar gekry tydens die SAFTA-toekennings (expressoshow, 2015). Dieselfde jaar was hy ook ontvanger van een van die Alumni-toekennings van die NWU (NWU, 2015a).



ILLUSTRASIE B6.8
KATLEGO MABOE TYDENS DIE KAMPUSTALENTFEES SE 30-JAAR FEESKONSERT IN 2013 (CUNNIFF, 2013B).

Kobie van Rensburg – The Singing Club; PU-Koor 1987
Van Rensburg is gebore in Kempton Park en het in 1986 daar matrikuleer. Tydens sy hoërskoolloopbaan was hy ’n lid van die Oosrandse Jeugkoor. Hy het ’n BA en BA Hons in Internasionale Politiek (cum laude) en ’n LLB in 1994 aan die PU verwerf (The Singing Club, 1991; NWU, 2016b).

Van Rensburg is deur Mimi Coertse as dié baroksanger in Europa beskryf, nadat hy in een van haar konserte, Debuut met Mimi, opgetree het. Hy het sanglesse by prof Werner Nel geneem, terwyl hy Regte aan die PUK studeer het. As tenoor het in die vooraanstaande operahuise in die wêreld gesing, insluitend die Berlynse Staatsopera, Unter den Linden, die Beierse Staatsopera, operahuise in Lissabon, Madrid, Montpellier, Basel, Lucerne, Stuttgart en Graz. Hy het verskeie kere in die Metropolitan Opera in New York gesing (Gouws, 2015:236, 237).



ILLUSTRASIE B6:9
ANDRÉ HOWARD (LINKS) EN KOBIE VAN RENSBURG (REGS) WAS ALBEI LID VAN DIE PU-KOOR. IN DIE MIDDEL AGTER IS AWIE VAN WYK, KOORLEIER VAN DIE PU-KOOR. DIE FOTO VERSKYN IN DIE PLAKBOEK VAN DIE KOOR (PU-KOOR, 1976-2001).

Van Rensburg se sangloopbaan het tot ’n einde gekom nadat hy tussen 2002 en 2005 met verskeie kwaadaardige gewasse in sy asemhalingstelsel gediagnoseer is. Tydens die operasies om dit te verwyder, is sy stembande beskadig. Daarna het hy hom op regie toegelê en het as opera-regisseur gedebuteer in 2006. In 2013 het hy meesterklasse by die Universiteit van Kaapstad aangebied en in 2014 het hy ’n produksie van Don Giovanni van Mozart geregisseer, by die Krefeld Teater in Mönchengladbach in Duitsland (Apthorp, 2014).

Van Rensburg was in 2016 een van die ontvangers van ’n Alumni-toekenning van die NWU-PUK. Hy was toe die hoof van Umculo Opera Incubator. ’n Berig, na die ontvangs van die toekenning op die NWU se webblad, brei uit: “Sy uitnemendheid op hierdie gebied is met vier nasionale en 17 internasionale toekennings erken. Hy het in 2004 ’n Grammy-toekenning vir die beste opera-opname, asook Gramaphone Records se Opname van die Jaar-toekenning ontvang. Hy is vanaf 2002 tot 2006 as buitengewone professor by die NWU aangestel” (NWU, 2016b).

Kobus Petzer (Alabama)
Petzer was die voorsitter van Alabama in 1980 (Anon., 1980b:1). Hy het daarna by die SAUK gewerk en was in 1987 die regisseur van die televisie-opnames van die Alabama-program van 1987 (Petzer, 2016).

Kobus Venter (PU-Koor – 2006-2009, 2011 -)
Kyk na paragraaf 6.6.1.

Koos Lessing (Alabama – 1967-1970; PU-Kaners – 1980-1984)
Kyk na paragraaf 10.1.3.

Lhente-Mari (Grimbeek) Pitout (PU-Koor, 1997; Wêreldjeugkoor)
Lhente-Mari Pitout het ’n BMus en BMus Hons aan die PU verwerf en was van 1996 tot 2001 ’n student aan die Universiteit. As student was sy vir ses jaar lank lid van die Wêreldjeugkoor (Heyl, 2014). In 2008 is sy uitgenooi na die 20ste bestaansviering van die Wêreldjeugkoor en was lid van ’n kamerkoor wat Suid-Afrika verteenwoordig het. Sy is ook gekies as lid van die alumni-raad van die Wêreldjeugkoor in 2008 en in 2010 is sy as alumna van die Wêreldjeugkoor uitgenooi om as koorleier van een van die afdelings op te tree (Heyl, 2014).

Sy het die MMus aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Sy is vanaf 2005 artistieke direkteur van die UP Jeugkoor en is ook koorleier van die kore van die St Albans College en die Pretoria Boys High School. In 2014 het die UP Jeugkoor onder haar leiding drie goue medaljes tydens die Wêreldkoorspele in Riga, Litaue, verwerf (nwumusic, 2014b).

Kyk na illustrasie 13.7.

Louis Drummond van Rensburg (Alabama – 1967-1979)
Kyk na paragraaf 5.5.2.2.

Dr Lucas Potgieter (Alabama – 1952)
Dr Lucas Potgieter was vir bykans vyf dekades een van die bekendste wapenkenners in die land. Hy het ’n wapenonderneming in Roodepoort besit. Hy is die skrywer van vier boeke en meer as 1 200 artikels oor jag en vuurwapens. Hy het ook lank ’n radioprogram oor jag hanteer en ’n televisieprogram oor vuurwapens gemaak. Hy is op 4 Julie 2011 oorlede nadat hy twee weke vantevore met beenkanker gediagnoseer is (Von Burick, 2011).

Mabet van Wyk (Talentfeeswenner – 2001; PU-Koor – 1997; Wêreldjeugkoor – 1996, 2000)
Mabet van Wyk is die dogter van Awie van Wyk, koorleier van die PU-Koor vanaf 1976 tot 2011 en Sucille van Wyk, wat in 1987 lid van die groep die Submediante was wat dié jaar die Talentfees gewen het (Strydom, 1991:17; Anon., 1987h:1). Mabet was van kleins af betrokke by die aktiwiteite

van die Koor en was in 1992 nog op laerskool toe sy een van die soliste was wat saam met die Koor tydens ’n uitvoering by die Presidensie in Pretoria opgetree het (Anon., 1992e:1).

Mabet was op skool aan die Potchefstroom Gimnasium toe sy in 1996 gekies is as lid van die Wêreldjeugkoor. Sy was toe ook ’n lid van die Suid-Afrikaanse Jeugkoor (Anon., 1996i). Sy was die solis van die PU-Koor vir die opname van “The battle of Jericho” wat opgeneem is vir hul CD *Libera Me.* Die opname is ingesluit in die CD, *Ein Prosit,* met musiek van oud-Pukke (PU vir CHO, 2002a:47). Sy hou ’n meestersgraad in Psigologie (2010) aan die NWU. Van 2007 tot 2012 was sy lid van die *a capella*-groep, Cutt Glass. Sedert April 2016 is sy die talentbestuurder van die ABSA RBB Roadshow (Van Wyk, 2017).



ILLUSTRASIE B6:10
MABET VAN WYK, DOGTER VAN DIE VOORMALIGE PU-KOORLEIER, AWIE VAN WYK, HET IN 2013 AAN DIE TALENTFEES SE 30-JAAR FEESKONSERT DEELGENEEM. HIER SING SY SAAM MET BERNARD KRÜGER DIE LIEDJIE “MONEY, MONEY” UIT MUSIEKBLYSPEL, CABARET (CUNNIFF, 2013A).

Marinda Snyman
Marinda Snyman het ’n BMus en MMus (orreluitvoering) aan die PU verwerf. Sy was in 1989 ’n kategoriepryswenner van die ATKV Forté-kompetisie (Joubert, 1989:3). Snyman het in 1995 ’n orreluitvoering gelewer tydens die Nasionale Kunstefees in Grahamstad en een tydens die Klein Karoo Nasionale Kunstefees in 1998 (NWU Institusionele Argief en Museum, 2016:89).
Marinda se formele opleiding het ’n hoogtepunt bereik met die verwerwing van haar DMus aan die Universiteit van Pretoria (nwumusic, 2016). Marinda is in April 2014 oorlede na ’n jarelange stryd teen kanker (Ryke, 2014c).

Kyk na illustrasie B2.15.

Marshell Lombard (Wêreldjeugkoor – 2010)
Lombard was op skool ’n lid van die Drakensbergse Seunskoor en het ook aan die musiekskool Pro Arte Alphenpark studeer. Hy het daarna aan die NWU ingeskryf om sang onder prof Werner Nel te studeer. Hy is in 2010 gekies om twee jaar lid van die Wêreldjeugkoor te wees. Hy was ook in 2008 ’n lid van die Boulevard Harmoniste wat tydens die Internasionale Kerskonsert in Praag die prys vir die beste ensemble gewen het (Loots, 2010:8). Lombard het in 2015 die koorleier geword van die koor van die Kearsney College in Durban (Pillay, 2015).

Martin Watt (PU-Koor – 1990)
’n Werk van Martin Watt, Motet II (uit Drie Motette) is in 2002 ingesluit in die CD *Ein Prosit* met werke van oud-Pukke. Watt is in 1970 in Potchefstroom gebore en het aan die Hoër Volkskool matrikuleer. Hy het vanaf 1988 tot 1992 aan die PU studeer en die grade BMus en BMus Hons verwerf (albei met lof) (PU vir CHO, 2002a:20, 21).

In 1993 het hy aan die Universiteit van Kaapstad onder Peter Klatzow studeer en die meestersgraad in Musiek met lof geslaag. Gedurende sy studentejare het hy talle beurse ontvang en in 1994 en 1995 het hy aan die Royal Academy of Music in Londen studeer om ’n Gevorderde Diploma in Komposisie te verwerf. Die doktorsgraad volg in 1996 aan die Universiteit van Pretoria. Teen 2002 was hy aan die Universiteit van die Witwatersrand verbonde (PU vir CHO, 2002a:20, 21). Van 2004 tot 2007 was Watt ’n dosent in die Skool vir Musiek van die NWU, Potchefstroom en was in 2014 as senior lektor verbonde aan die South African College of Music van die Universiteit van Kaapstad (nwumusic, 2014a). Watt het in 1993 die gedig ”Anna” van TT Cloete getoonset as opdragwerk en is dié jaar deur die PU-Koor tydens Kuesta uitgevoer (kyk na paragraaf 6.5.2).

ILLUSTRASIE B6:11
MARTIN WATT (NWUMUSIC, 2014A).



Natasha Taljaard (Alabama – 1992-1994)
Sy het in 1992 aan die PU ingeskryf en ’n BA-graad in Maatskaplike Werk verwerf en 1995 die Honneurs in Maatskaplike Werk met lof. Sy was drie jaar lid van die Alabama Studentegeselskap en het opgetree as solis. As gaskunstenaar en solis word sy onderskeidelik in 1993 en 1994 as finalis en wenner van die Kampustalentfees aangewys. Sy het verskeie kere aan die ATKV Crescendo-kompetisie deelgeneem en is aangewys as semi-finalis. In 1999 was sy ’n finalis in die Nasionale Gospel Sangkompetisie, Jubilaté. Haar debuut-CD is in 2001 by die Aardklop Nasionale Kunstefees bekendgestel. In 2001 was sy ’n senior farmaseutiese bemarkingskonsultant in Pretoria (PU vir CHO, 2002a:38).

Natasja Groeneveld (Alabama – 1994; Talentfeeswenner – 1995)
Groeneveld is van Port Elizabeth afkomstig, waar sy lid van die Oostelike Provinsie Kinder- en Jeugkoor was. Sy het studeer om ’n BProc aan die PU te verwerf. Sy het die afdeling vir ligte musiek (individueel) tydens 1995 Talentfees gewen en het in 1992 ook die ATKV Crescendo-kompetisie en 1991 die Sterre 2000-kompetisie gewen (Du Preez, 1995:3). Groeneveld het later ’n bekende gospelsangeres in die stal van Brettian Produksies geword (De Bruin, 2014a).

Nesco du Toit (Alabama 1956; regisseur 1960-66)
Nesco Du Toit is in 1935 in Tzaneen gebore en het die naam “Nesco” te danke aan ’n peetma wat dit saamgevoeg het uit lettergrepe uit sy doopname, Johannes en Jacobus. Hy het op Pietersburg grootgeword en sy eerste kennismaking met ’n orkesuitvoering was op skool. Nadat ’n kadetorkes aan die Hoërskool Pietersburg gestig is, het hy lid geword. Later was hy lid van die skoolorkes en uiteindelik leier van laasgenoemde. In dié tydperk het hy geleer om al die instrumente in die orkes te


bespeel. Sy enigste formele musiekopleiding was toe hy vir ’n paar jaar klarinetlesse geneem het (Du Toit, 2017).

Na matriek het aan die PUK ingeskryf om ’n BA-graad te behaal met die oog om verder in Teologie te studeer. Na hy die BA-graad verwerf het, het hy van kursus verander en ingeskryf vir ’n BSc-graad met Plantkunde as ’n hoofvak, maar kon weens gebrek aan fondse nie die jaar voltooi nie. Hy het daarna vir die Universiteitsdiploma in Biblioteekkunde (UDB) ingeskryf. Dié kursus is in 1956 ingestel (De Klerk & Du Pisani, 2006:98, 99).

Gedurende sy tweede studiejaar het hy begin om die orkes van die Potchefstroom High School for Boys af te rig en het later dieselfde by die Potchefstroom Gimnasium gedoen. Dié jaar waarin hy studeer het om die UDB te behaal, het hy te hore gekom van die Astra Orkes, gelei deur Johan van Rensburg se pa. Hy het lid van die orkes geword en die geld wat hy hiermee verdien het, het sy studies betaal. “Die Astra Orkes het my deur universiteit gesien” (Du Toit, 2017).

In 1960 is hy aangestel as die eerste stadsbibliotekaris van Klerksdorp en was vir 15 jaar aan dié biblioteek verbonde. Daarna het hy sowat vir ’n anderhalfjaar as diamantverkoper gewerk. ’n Projekvoorstel aan die eienaars van die Musikland-groep het daartoe gelei dat hy aangestel is om landswyd by dié groep se takke orkeste te begin. Dit het ongeveer 1979 tot ’n einde gekom na die likwidasie van die maatskappy. Du Toit het daarna ’n musiekwinkel in Klerksdorp geopen met ateljees vir musiekopleiding en het ’n orkes gestig. ’n Onderwyser van die Hoër Tegniese Skool (HTS) in die stad het die orkes hoor speel en hom uitgenooi om ’n orkes by dié skool te begin. Dit het gelei tot die stig van ’n musieksentrum by HTS, waarvan Du Toit die hoof geword het (Du Toit, 2017).

ILLUSTRASIE B6.12
NESCO DU TOIT WAS IN 1955 LID VAN ALABAMA EN NA SY STUDIEJARE SKRYWER VAN TWEE EN REGISSEUR VAN DIE DRIE OPERETTES WAT DIÉ GESELSKAP OPGEVOER HET (ANON., 1961A).



In 1987 het Du Toit, in samewerking met die organiseerder van Klerksdorp se 150-jarige vieringe, ’n orkes, Zephyros, gestig as blywende herinnering aan dié fees.

Nadat die hoof van Onderwys in die Noordwes-provinsie, dr Anis Karodia, die musieksentrum besoek het en uitgenooi is na ’n orkesuitvoering van die sentrum, is Du Toit versoek om ’n projekvoorstel te maak vir die stig van ’n spesiale musiekskool vir dié provinsie (Du Toit, 2017). Die Noordwes Musikon het gevolglik in 2001 tot stand gekom (NW Musikon, 2017). Die orkes, Zephyros Symphonic Winds, is later by die NW Musikon geïnkorporeer (NW Musikon, 2017).


Du Toit het in 2015, op 80-jarige ouderdom, afgetree as hoof van die NW Musikon. Hy en sy vrou woon sedertdien in Pretoria in ’n woonstel by een van hulle twee seuns (Du Toit, 2017).

Netanja Brink (Talentfeeswenner – 2009, 2010)
Brink het volgens Elmari de Vos van *Wapad* "byna in die teater grootgeword". Sy het op hoërskool begin sing en was ook 'n stigterslid van The Black Light Theatre Project en was lid van die rolverdeling van *Boegoe van die Liefde* en *Persreën* (De Vos, 2010:5).

Dr Pieter Mulder (Alabama – Voorsitter 1972)
Pieter Mulder het in 2003 die leier geword van die politieke party, Vryheidsfront Plus. Hy was ook van 1974 tot 1984 verbonde aan die Departement Kommunikasiekunde van die PU vir CHO, die laaste jaar as departementshoof. Hy is sedert 1988 'n lid van die Parlement en het in 2009 adjunkminister van Landbou, Bosbou en Visserye geword (Who'swho, s.a.).

Pieter de Bruin (Alabama – 1984, 1988-2007).
Kyk na paragraaf 5.5.4.2.

Ralph Rabie (Johannes Kerkorrel) (PU-Kaners – 1978)
Ralph Rabie het in 1978 aan die PU vir CHO ingeskryf en Sielkunde studeer. Na sy studies was hy joernalis by *Rapport* (PU vir CHO, 2002a:50; Pakendorf, 1993:13).



ILLUSTRASIE B6.13
HIERDIE FOTO VAN JOHANNES KERKORREL HET IN 1993 IN WAPAD VERSKYN. HY HET DIÉ JAAR OP DIE KAMPUS VAN DIE PU OPGETREE NADAT HY IN 1989 VERBIED IS OM DIT TE DOEN (COUDYZER, 1993:13).

Sy debuut as Johannes Kerkorrel is in 1986 in die "Green Room" in Kaapstad (PU vir CHO, 2002a:50). Kerkorrel is in 1998 verbied om by sy alma mater op te tree, maar is na sy dood deur die NWU vereer met 'n konsert tot sy eer (Janse van Vuuren & De Beer, 1989:1; De Bruin, 2013:16).

Hopkins beskryf Rabie: *The blond, good-looking Rabie was an enigma. Clean-cut, yet a rock 'n roll rebel; easy to like, yet with many enemies; shy, intense and introverted, yet a charismatic bundle of nervous energy; anti-hero, yet prima donna; upbeat, yet afflicted by depression; a dreamer, yet acutely aware of the brutal nightmare that was South Africa in the 1970s and 1980s* (Hopkins, 2006:118).

In 1989 het die Studenteraad Kerkorrel en ander kunstenaars wat deelgeneem het aan die Voëlvry-toer verbied om op die kampus op te tree, weens die godslasterlike aard van hulle musiek. Die konsert is van die Ouditorium na die saal van die Elgro Hotel verskuif, wat uit sy nate gebars het (Janse van Vuuren & De Beer, 1989:1). Hy het vier jaar later, in 1993, in 'n konsert op die kampus opgetree (Pakendorf, 1993:13).

Kerkorrel is op 12 November 2002 dood gevind in ’n beboste gebied naby Kleinmond. Dit blyk dat hy selfmoord gepleeg het (Rooi, 2002).

In 2010 is die produksie *Persreën,* met die musiek van Kerkorrel op die kampus aangebied (kyk na paragraaf 12.4.2.6).



ILLUSTRASIE B6.14
RICHTER GRIMBEEK (NWUMUSIC, 2015B).

Richter Grimbeek (Musiekregisseur van blyspele *Broadway Skouspel* (1997), *Binglestraat* (1998) en *Downtown* (1999); PU-Koor 1997; Boulevard Harmoniste 1998, 2000)
Hy is ’n Heidelberger van geboorte en het ’n BMus en BMus Hons aan die PU verwerf en ’n meestersgraad in Koorleiding aan die Universiteit van Port Elizabeth. In 2002 het hy die repertoire-beplanning van die Boulevard Harmoniste waargeneem (PU vir CHO, 2002a:30).

Hy was van 1997 tot 2001 ’n lid van die Wêreldjeugkoor. In 2007 is hy aangewys as die beste koorleier tydens die Praagse Internasionale Adventkompetisie. Die Suid-Afrikaanse Koorvereniging (SACM) het in 2004 en 2005 aan hom die toekenning gegee vir die mees uitstaande koorleier. Hy het ook koorkompetisies in die Tsjeggiese Republiek, Oostenryk en Suid-Afrika gewen. In 2015 was hy die koorleier van Hansruckvoices, het klavier, saksofoon en sang doseer aan die Landesmusikschule in Oostenryk en was die kantor van die Pfarrkirche Aisterheim (nwumusic, 2015b).

Rina Hugo (Alabama – 1967-1973)
Rina Hugo het in 1967 musiek, met sang as hoofvak aan die PU vir CHO begin studeer. Haar eerste blootstelling aan populêre musiek het sy ontvang terwyl sy lid van Alabama was (Anon., 1988c:20). Sy is in 1971 getroud met Johan van Rensburg.

Die Van Rensburgs is in 1973 na die VSA en Hugo het aan die New England Conservatory of Music in Boston ’n meestersgraad in sang met onderskeiding behaal (PU vir CHO, 2002a:33).
Haar sukses as sangeres van ligte Afrikaanse musiek het in 1978 begin nadat sy ingestaan het vir ’n sangeres wat saam met haar man se orkes moes optree. Sy is baie goed deur die gehoor ontvang (Anon., 1988c:20). In 1978 wen beide Johan van Rensburg en Rina Hugo pryse tydens die ATKV se jaarlikse Crescendo-kompetisie. Sy het ’n liedjie, gekomponeer deur haar man, “Winterwens” gesing (Anon., 1988c:20). Sy het saam met twee ander sangers die prys vir vokale sang gewen en hy die prys vir oorspronklike Afrikaanse komposisie (Anon., 1978c:4). In 1998 het die SAUK twee spesiale dokumentêre programme, met die titel *Die lied wat suiwer klink,* oor haar gemaak as huldeblyk vir haar uitnemendheid as ligte- en klassieke sangeres (PU vir CHO, 2002a:33).

ILLUSTRASIE B6.15
RINA HUGO HET IN 1988 OP DIE VOORBLAD VAN DIE PU-KANER VERSKYN (ANON., 1988C).



Rudolf de Beer (PU-Koor 1987-1993; Boulevard Harmoniste 1995, 1996 en 1998)
Nadat hy in 1984 op Groblersdal matrikuleer het, het Rudolf de Beer in 1987 aan die PU ingeskryf om die graad BMus te verwerf. Tydens sy skooljare was hy lid van die Oos-Randse Jeugkoor. Hy het die BMus in 1991 voltooi en daarna die HOD. Hy was van 1987 tot 1993 lid van die PU-Koor en vir drie agtereenvolgende jare voorsitter (PU-Koor, 1994a).

In 1993 is hy aangestel by die Laerskool ML Fick en is ook dirigent van die seniorkoor. Hy het in 1992 die Wes-Transvaalse Kinderkoor gestig en gedirigeer en in 1994 die Potchefstroomse Kamerkoor. Die Wes-Transvaalse Kinderkoor is onder sy dirigentskap twee jaar gekeur vir die TOD-Kunstefees (PU-Koor, 1994a).

In 1993 was hy lid van die *a capella*-sanggroep, The Singing Club en was ook lid en musiekleier van die Boulevard Harmoniste (kyk na paragrawe 6.5.2 en 8.3.1). In 1994 het hy die PU-Koor gedirigeer vir hulle toer deur Natal (PU-Koor, 1994a).

Hy het die MMus aan die Universiteit van Oslo verwerf en die DMus in koorleiding aan die Noorweegse Staatsakademie vir Musiek (nwumusic, 2016).

Hy was konsertorganiseerder van die Departement Musiek van die PU vir CHO voor hy van 1999 tot 2006 dirigent van die Drakensbergse Seunskoor geword het. Daarna was hy seniorlektor en hoof van Koorleiding en Musiekopvoeding aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy was ’n lid van die IFCM (International Federation for Choral Music) en in 2016 raadslid van die Wêreldjeugkoor. Hy is ook deel van die administratiewe komitee van die volgende Wêreldsimposium in Koormusiek wat in 2017 in Barcelona plaasvind (nwumusic, 2016).

In 2012 het hy ’n aanstelling in Noorweë gekry. Hy en sy vrou, Marinda Snyman, is in Steinkjer en Egge in Noorweë aangestel in ’n gedeelde kantorpos (Steinkjerlexicon, 2017).



ILLUSTRASIE B6.16
RUDOLF DE BEER EN MARINDA SNYMAN IN NOORWEË. DIE FOTO IS GENEEM IN MAART 2012 MET HULLE AANKOMS DAAR (NIKOLAISEN, 2012).

Suzette (van der Westhuizen) Eloff (Alabama – 1977-1979; Thalia – 1974)
Suzette Eloff het in Potchefstroom matrikuleer en daarna ’n BA-graad aan UNISA en ’n Onderwysdiploma aan die Goudstadse Onderwyskollege behaal. Sy het ’n honneursgraad aan die PU vir CHO behaal (PU vir CHO, 2002a:56).

Sy het aanvanklik bekend geword vir die vertolking van rolle in radioverhale, onder andere in *Ongewensde Vreemdeling.* Daarna was sy TV-aanbieder vir die joernaalprogramme *Pols, Silhouette, Uit en Tuis, Antenna* en vir nege jaar by die natuurprogram *50/50* (PU vir CHO, 2002a:56).

In 1990 tree sy saam met Jannie du Toit en Christa Steyn in die produksie Agter die Horison op (PU vir CHO, 2002a:56). Op aandrang van die TV-regisseur Ansa du Toit het sy ’n transkripsieopname gemaak, wat aanleiding gegee het tot die vrystelling van haar eerste CD, *Afdraaipad* (JNS Musiek, 1993). Die CD is in 1994 vir ’n Artes-toekenning benoem (PU vir CHO, 2002a:56).

Sy is getroud met Theuns Eloff, wat van 2002 tot 2003 visekanselier van die PU vir CHO en vanaf 2004 tot 2014 visekanselier van die Noordwes-Universiteit was (Eloff, 2014). Die egpaar het twee dogters (PU vir CHO, 2002a:56).

Zing2 (Monique Carelse en Valeska Smith) (Alabama – 2003, 2004)

Monique en Valeska het in 2004 as Zing2 deelgeneem aan kykNET se jaarlikse Zing-kompetisie en ’n tweede plek behaal. Bütow meld in sy jaarverslag dat die Alabama “besonder trots” op die twee is (Bütow, 2004a:2).

Wapad berig dat hulle as gevolg van hulle deelname aan die kompetisie gou bekendes geword het (Eloff, 2004b:9). Nadat hulle die tweede plek behaal het, skryf *Die Wapad* op 6 Oktober dat Coenie de Villiers tydens een program aan hul gesê het: “‘Julle is die perfekte pakkie, julle het talent en die regte houding’” (Eloff, 2004c:8).

Smith het in 2006 die top 9 van die Idols-kompetisie gehaal (Mooi, 2006:2).

ILLUSTRASIE B6.17
MONIQUE CARELSE EN VALESKA SMITH HET IN 2004 AS ZING2 DEELGENEEM AAN KYKNET SE JAARLIKSE ZING-KOMPETISIE EN 'N TWEEDE PLEK BEHAAL. DIE FOTO IS 27 JULIE 2007 DEUR ALWYN SWANEPOEL OP DIE FACEBOOK-BLAD ALABAMA STUDENTE GESELSKAP LEDE EN OUDLEDE OPGELAAI (SWANEPOEL, 2007).



Bylaag 7: Ander uitvoerende studentegroepe

Alhoewel dit buite die kader van hierdie studie val om in besonderhede in te gaan op kunskulturele studenteaktiwiteite buite die georganiseerde studentelewe, moet daar van enkele groepe melding gemaak word. Dié groepe was nie gepatroneerde liggame van die Kultuur- en/of Kunsteraad van die Studenteraad nie, maar het wel bekend geword het en selfs nasionaal gepresteer. Die Talentfees het as geboorteplek gedien van talle van hierdie groepe en oor die jare is talle groepe gevorm wat tydens dié kompetisie opgetree het, maar nie bly voortbestaan het nie.

Bel Canto het in 1992 met groot sukses aan die Kampustalentfees deelgeneem (Bütow, 1992:5) en wen die kategorie vir groepsang in Nasionale ATKV Crescendo-kompetisie (Bütow, 1992:7).

Bruce Noble
In die lys van Potchefstroom se top *bands,* lys Laubscher van *Wapad,* hulle nommer vier in 2011 en hy skryf dat hulle "klassieke *Bluesrock* klank beïnvloed (is) deur ou bekendes soos *Whitesnake* en *The Eagles.* Die lede is Eugene le Roux, Stefan Mynhardt, Rudolph Willemse, Quinn Claassen en Marco Basson" (Laubscher, 2011b:17). Die orkes het in 2011 tot stand gekom onder leiding van Marco Basson. Die ander lede was Eugene le Roux (baskitaar), Stefan Mynhardt (kitaar), Wynand Botha (drommer) en Rudolph Willemse (kitaar). "Hulle beskryf die genre as *blues rock* met 'n moderne *edge* en meen dat daar nie regtig 'n tagtigs invloed in hulle klank is nie. Martin Laubscher, wat in 2011 'n berig vir *Wapad* oor hulle geskryf het, beskou Bruce Noble as 'n "uitstekende *band* en beslis een om in die toekoms voor uit te kyk" (Laubscher, 2011a:10).

Dans, Dans Lisa
In die lys van Potchefstroom se top *bands,* lys Laubscher van *Wapad,* hulle nommer agt in 2011 en hy skryf: "Bouwer Bosch (Straatligkinders) en Deon Meiring (Glaskas) se akoestiese pop-klank het 'n betowerende uitwerking op die gehoor" (Laubscher, 2011b:17). Later die jaar is bekendgemaak dat hulle met groot sukses tydens Aardklop opgetree het en dat hulle van plan is om in 2012 'n album uit te reik (Laubscher, 2011b:17).


Ekhouvanjou,okay!
In die lys van Potchefstroom se top *bands,* lys Laubscher van *Wapad,* hulle nommer twee in 2011 en hy skryf: "'n Vreemde mengelmoes van tagtigs disko/aerobics saam met 'n semi-moderne elektroklank maak hierdie 'n baie unieke *band.* Die lede is Ruan Kruger, Raptor Louis Jansen van Rensburg, Rouxan Cloete en Arno de Beer" (Laubscher, 2011b:17).

Flip a Coin is 'n *a capella*-groep wat net uit mans bestaan het. Dit is in 2005 gestig nadat vyf lede van die groep dié jaar aan die Kampustalentfees deelgeneem het as ACCA5 en die algehele wenners van die kompetisie was. Kort daarna het die Sêrgroep van Veritas, waarvan hulle almal lede was, in dié kompetisie pryse gewen. Die groep is gestig en hul eerste optrede was kort daarna tydens Aardklop 2005. Die meeste van die nege lede van die groep was toe inwoners van Veritas. Nadat hulle ook by die KKNK van 2006 sukses behaal het, is hulle uitgenooi om saam met bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Kevin Leon en Jannie du Toit op te tree (Keogh, 2006c:2).

Nadat die groep gewild begin word het, moes hulle besluit op 'n naam vir hulleself. 'n Paar voorstelle is gemaak, waaroor niemand kon ooreenkom nie en om gemoedere te kalmeer is daar besluit om 'n muntstuk op te gooi en besluit op die naam Flip a Coin. In 2009 het Flip a Coin 'n toer na Namibië onderneem. Die Artéma Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling het die toer gereël op versoek van die ATKV: De Bruin skryf hieroor in Artéma se 10-jaar verslag:

> *Die toer was uiters suksesvol en die groep het op sewe verskillende dorpe in 10 dae opgetree. Hul konserte is deur meer as 3 000 toeskouers bygewoon. Die dorpe waar konserte aangebied is sluit in Upington, Keetmanshoop, Windhoek, Walvisbaai, Otjiwarongo, Tsumeb en Gobabis* (De Bruin, 2013:9).

Die volgende jaar is die groep uitgenooi om tydens die Huisgenoot Skouspel op te tree (NWU, 2012b:27). Nadat Katlego Maboe, Stefan Pretorius, Michael van der Merwe, Niekie van der Walt en Johan Venter, almal lede van Flip a Coin, in 2012 die nuwe Universiteitslied van die NWU gekomponeer het, het die groep die laaste keer opgetree tydens die Kampustalentfees se 30-jaar herdenkingskonsert in 2013 (PUKKEtv, 2013).



ILLUSTRASIE B7:1
DIE PLAKKAAT VAN FLIP A COIN SE TOER NA NAMIBIË IN 2009. DIE TOER IS DEUR ARTÉMA GEORGANISEER (ARTÉMA, 2009).

Lagnes was ’n informele komedieklub wat in 2000 gestig is. Hul eerste optrede was vroeg in 2001. Lagnes is geskoei op die Amerikaanse televisieprogram *Who’s life is it anyway.* Die aanvanklike vier lede was Burgert Kirstein, Renier Esterhuizen, Rico Wessels en Homie Esterhuizen. Dian Wessels was die aanvanklike aanbieder, maar is vervang deur Retief Burger. Wat op die verhoog gebeur was net improvisasie, alhoewel hulle van klankeffekte, rekwisiete en selfgemaakte advertensie-insetsels gebruik gemaak het. Hulle het onder meer in die Bourbons-kroeg, by die Elgro Hotel en in die Cachet-Kleinteater opgetree, wat te klein was vir die gehoor van 140 en hulle het in 2002 in die Konservatorium opgetree (Lerm, 2002:5). In 2008 was Bordeaux Potgieter, Tim Theron en Bennie Fourie lede van die Lagnes-span. *Wapad* skryf op 23 April:
Die hele spel is ’n improvisasie waar elke karakter ’n verhouding met die ander vestig en binne die eerste paar sekondes aan die gehoor duidelik maak wie hulle karakters is ten opsigte van mekaar. 'Ons vat real life en maak dit snaaks. daar is geen grense nie. Dit hoef ook nie realisties te wees nie' (Anon., 2008c:11).

Tim Theron het in 2012 die hoofrol vertolk in die rolprent *Klein Karoo.* Nog ’n oud-Puk, Bouwer Bosch, het ook ’n rol in dié fliek gehad (Nell, 2012:7).

Moses Metroman
In die lys van Potchefstroom se top *bands,* lys Laubscher van *Wapad,* hulle nommer ses en hy skryf dat die lede Jako Meyer, Dewald Pieters, Benjamin de Jager, Hein Kruger en Ruan Kruger is (Laubscher, 2011b:17). Etlike van die lede was ook lid van Straatligkinders. Hul eerste liedjie, *Gerig op Ruimte,* was in Februarie 2011 gewild op PUKfm 93.6 (De Villiers, 2011:11).

One Crown (Ghoema – 2012)
One Crown is ’n rockgroep wat hulle op gospelmusiek toespits. Die groep het in 2003 begin saamspeel en in 2004 het hulle die derde plek behaal in die Nasionale Rockspaaider-kompetisie. In

2004 is hulle uitgenooi om by Aardklop in die *Beeld*-tent op te tree. Die groep het aanvanklik bestaan uit Hendri Hofmeyr (sang en kitaar), Lourens de Jongh (elektriese kitaar), Ryno Jansen (baskitaar), Lambrecht Botha (tromme). In ’n inligtingstuk verklaar die groep: “Musiek is deur God geskep om hom te verheerlik. Ons doel is om die kragtige medium te gebruik en lede te verander.” Die groep het weekliks by die His People Kerk se tienerbediening, Relic, gespeel en was ook lid van die kampusbediening van dié kerk. In 2006 het One Crown meer as vyftig keer opgetree, onder meer in die FNB Superbowl. Dié jaar het hulle ook hul eerste toer onderneem na Parys, Vereeniging en Viljoenskroon (One Crown, 2006?).

In 2012 is One Crown die eerste Potchefstroomse groep om ’n Ghoema-toekenning te wen en hulle kry dit vir die beste *rock*album van die jaar. Die lede was toe Hendri Hofmeyr, Ryno Jansen, Lourens de Jongh en Werner Taljaard (Van der Walt, 2012b:6). Later in 2012 wen hulle ook ’n *Huisgenoot* Tempo-toekenning toe hulle album *Verander/Virander* aangewys is as die beste *rock*album (Botha, 2012c:8).



ILLUSTRASIE B7:2
DIE CHRISTELIKE ROCKGROEP, ONE CROWN, HET IN 2012 ’N GHOEMA GEWEN VIR DIE BESTE AFRIKAANSE ROCK ALBUM. HULLE IS WERNER TALJAARD, HENDRI HOFMEYR, RYNO JANSEN EN LOURENS DE JONGH (ONE CROWN, 2012).

Riaan Rottweiler

Die lede van die groep het almal ’n verbintenis met Alabama gehad. Johnny Booth (hoofkitaarspeler) en Pieter Smit was lede van die groep, terwyl Jako Meyer se ouers lede van Alabama was. Die groep het teen 2006 al ’n redelike tyd saamgespeel. Hulle klank word beskryf as dat dit elemente van Red Hot Chili Peppers en Uriah Heep bevat. Ander lede van die groep was Elmor Becker en Anton Meyer (Maclean & Van Eck, 2006:3).

Straatligkinders

In die lys van Potchefstroom se top *bands,* lys Laubscher van *Wapad,* hulle nommer een in 2011. Hulle beskryf hulleself as *deathpop.* Die *band* bestaan uit Bouwer Bosch, Hein Kruger, Ruan Kruger en Bennie de Jager. Hulle het ’n lekker lewendige, harde klank en is die *clean rockers* van die Afrikaanse musiekbedryf (Laubscher, 2011b:17). Die groep is in 2006 gestig (Botha, 2012b:6). Met die toekenning van die ATKV Lier in 2008, skryf *Wapad* dat die groep dit ontvang het vir hulle oorspronklike benadering tot ’n baie rowwe musiekgenre. “’n Mens kan toe rockmusiek maak sonder om nuwe vloekwoorde uit te dink of jou herkoude aandete vir die *crowd,* op die verhoog ten toon te stel” (Marx, 2008:10). Hulle het in 2010 die album *Lank, Lank Oorlede en Ses Voet Benede,*


vrygestel (Esterhuizen, 2010:10). Na vier jaar se toere regoor die land, het die groep besluit om in 2010 ’n breuk te vat. In 2012 was die liedjie “Duiwel Dans” die eerste wat die groep na twee jaar geskryf het. *Wapad* reken dat hulle toe ’n vars nuwe benadering en ’n “eerlike, volwasse klank” het (Botha, 2012b:6).

Submediante
Kyk na paragraaf 6.5.2.

The Singing Club
Kyk na paragraaf 6.5.2.

The Heralds

The Heralds was die eerste groep wat uit die Serenaders ontstaan het (Tom 2016a). Die groep het uit Itumeleng Pooe, Khaile Olifant, Thulani Mekeni, Katlego Maphakela, Lebogang Mafethe, Comfort Leshomo bestaan. Hulle het in 2008 ’n CD opgeneem en vrygestel (Modupe-Mhonyera, 2012).



ILLUSTRASIE B7.3
DIE OMSLAG VAN DIE CD VAN THE HERALDS, WAT IN 2008 VRYGESTEL IS (MODUPE-MHONYERA, 2012).

Bylaag 8: Toestemming tot studie

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Privaat sak X6001, Potchefstroom
Suid-Afrika, 2520

Tel: +2718 299-1111/2222
Web: http://www.nwu.ac.za

Dekaan: Studentesake
Tel: +2718 299 2831
Faks: +2718 299 2833
E-pos: rikus.fick@nwu.ac.za

27 Maart 2015

VIR WIE DIT MAG AANGAAN

PhD-studie oor PUK-Kunste

Hiermee bevestig die ondergetekende, welwetend dat sy reeds navorsing gedoen het vir 'n boek oor dieselfde onderwerp, dat daar geen beswaar is dat mev. Lennie Gouws haar PhD oor aspekte van die geskiedenis van PUK-Kunste doen nie.

Vriendelike groete

Prof PH Fick
Dekaan: Studentesake

Bylaag 9: Formaat vir bronverwysings.

Die *NWU Verwysingsgids* (2012) wat deurgaans vir hierdie studie gebruik is, dek nie al voorskrifte vir bronverwysings wat hiervoor benut is nie. Gevolglik moes ander persone en/of bronne geraadpleeg word om ’n aanduiding te kry hoe die bronverwysings gelys moes word, terwyl daar ook noodsaaklikerwys afgewyk moes word van die riglyne van die *NWU Verwysingsgids.*

Die volgende is van toepassing.

B9.1 PU-KOOR PLAKBOEK (Kyk na paragraaf 1.6.1.)

Me Anneke Coetzee-Barnard van die Ferdinand Postma-biblioteek is geraadpleeg en sy het, nadat sy die bron onder oë gehad, aanbeveel dat dit as volg in die bronnelys aangedui moet word:

“PU-Koor. 1976-2001. Plakboek. Potchefstroom: NWU Argief, Potchefstroomkampus. [Geen bladsynommers]. (Ongepubliseer).” (Barnard, 2016a).

B9.2 SOSIALE MEDIA

Riglyne vir die aanhaling van bronne op sosiale media is gevind in *Cite them right* van Pears en Shields (Pears & Shields, 2008).

B9.3 NOTULES VAN VERGADERINGS.

Riglyne van die UCL Institute of Education is gebruik (UCL, 2017).

B.9.4 AFKORTINGS

Die *NWU Verwysingsgids* dui aan dat alle afkortings of akronieme in die bronverwysings volledig uitgeskryf moet word (NWU, 2012c:11). Dit was in hierdie studie nie altyd moontlik nie. Sommige persone wat vir publikasies geskryf het, of briewe gerig het, het dit slegs onder hulle voorletters gedoen en dit is nie bekend waarvoor die voorletters staan nie. (Vergelyk BEDSA, E.E., H.d.W., JH, J.M., K.B., M.E.V., P.H.R. en SR:Mek Snapit.)

B.10.5 BRONNE IN PRIVAATBESIT

Me Anneke Coetzee-Barnard is hieroor geraadpleeg en het goedgekeur dat dit as volg gelys word:

“Buzzin'. 1997. Buzzin' Plakboek 1997-1998. (In besit van P. du Toit, Potchefstroom). (Ongepubliseer)” (Coetzee, 2016b).

Bylaag 10: Bevestiging van taalversorging

TO WHOM IT MAY CONCERN

RE: H.S. GOUWS - 10418318

12May 2017

This letter serves to confirm that the dissertation, submitted in fulfilment of the requirements for the Ph.D. degree in History at the Potchefstroom Campus of the North West University, titled

'n Historiese ontleding van en besinning oor die kunskulturele studenteaktiwiteite aan die PU vir CHO en NWU-PUK, 1980-2014,

has been language edited as required.

HS SCHUTTE

H.S. Schutte
PO Box 2123
PINEGOWRIE
2123
B.A. – Translation
(PU for CHE) 1998
084 556 0724

BRONNELYS

A

ABKK (Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur). 1951. Notule van vergadering op 28 Mei. Lêer: 1.1.1. ABKK-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus. (Ongepubliseer).

ABKK. 1956. Notule van vergadering op 19 September. Houer: 1.1.3. ABKK. ABKK-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

ABKK. 1958. Notule van vergadering op 9 September. Houer: 1.1.3. ABKK. ABKK-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

ABKK. 1962/3. Jaarverslag. Houer: 4.1.1. ABKK: Jaarverslae en programme 1942-1967. ABKK-versameling, NWU Argief, Potchefstroomkampus.

ABKK. 1965. Die kunskulturele projek. Lêer: 6.2.1. ABKK 1965/1966. PUK Kunste-versameling, Noordwes-Universiteit (NWU) Argief, Potchefstroomkampus.

ABKK. 1967a. Notule van vergadering op 6 September. Lêer 1.1.4. ABKK. ABKK-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

ABKK. 1967b. Jaarverslag. Lêer: 6.2.1. ABKK 1965 / 1966. PUK Kunste-versameling, NWU Argief, Potchefstroomkampus.

ABKK. 1974a. Notule van vergadering gehou op 29 April. Houer 1.1.5. ABKK-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

ABKK. 1974b. Sêrkompetisiereëls. Houer 1.1.5. ABKK-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Akustic. 1986. Program. Lêer: 6.7.2. Akustic, 6F1G, 1985, 1986, 1987. PUK Kunste-versameling, NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Akustic. 1987. Program. Lêer: 6.7.2. Akustic, 6F1G, 1985, 1986, 1987. PUK Kunste-versameling, NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Akustic. 1988. Program. Lêer: 6.7.2. Akustic, 6F1G, 1985, 1986, 1987. PUK Kunste-versameling, NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Akustic. 1992. Brief aan SAMRO op 21 Februarie. Lêer: 6.7.2. Akustic, 6F1G, 1985, 1986, 1987. PUK Kunste-versameling, NWU Argief, Potchefstroomkampus. (Ongepubliseer).

Alabama. 1959. Foto van prof Daan Erasmus en sy vrou. Lêer: 6.3.10. Alabama 1955-1959. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus. [Foto].

Alabama. 1968. Revue 68. Lêer: 6.3.14. Alabama 1968. PUK Kunste-versameling, NWU Argief, Potchefstroomkampus. [Langspeelplaat].

Alabama. 1986. Alabama-televisieprogram. https://www.youtube.com/watch?v=nd6XzkRAkbI. Datum van toegang: 26 Mrt. 2016.

Alabama. 1977. Persvrystelling. Lêer: 6.3.31. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Alabama. 1987. Alabama-televisieprogram. https://www.youtube.com/watch?v=3SYgR3qyIHE Datum van toegang: 27 Feb. 2016.

Alabama. 1988. Vorentoe Suid-Afrika. Lêer: 6.3.56. PUK Kunste-versameling, NWU Argief, Potchefstroomkampus. [Kortspeelplaat].

Alabama. 1992. Deel jou glimlag. (Ingesluit op CD geskep deur De Bruin, P. 2014 en aan skrywer verskaf). [Foto].

Alabama. 1993a. Die lewenslied van Alabama Studentegeselskap. (Ingesluit op CD geskep deur De Bruin, P. 2014 en aan skrywer verskaf). [Foto].

Alabama. 1993b. Alabama – 50 Jaar. Lêer: 6.3.74. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus. [CD].

Alabama. 1993c. Toegangskaartjie vir die 50 Jaar Reünie. (In besit van skrywer).

Alabama. 1994. Alakrant. Lêer: 6.3.77. PUK Kunste-versameling, NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Alabama. 1995. Mina Moo. (Ingesluit op CD geskep deur De Bruin, P. 2014 en aan skrywer verskaf). [Foto].

Alabama. 2006. Crackerjack Alabama Live 2006. Lêer: 6.3.115. PUK Kunste-versameling NWU Argief, Potchefstroomkampus. [DVD].

Alabama. 2007. Tutti Frutti. (Ingesluit op CD geskep deur De Bruin, P. 2014 en aan skrywer verskaf). [Foto].

Alabama. 2016. Alabama Studente Geselskap Lede en Oudlede-bladsy (*sic.*). www.facebook.com Datum van toegang: 5 Feb. 2016.

Alabama-ritmegroep. 1970. Johan van Rensburg en die Alabama-ritmegroep. Lêer: 6.3.15. PUK Kunste-versameling, NWU Argief, Potchefstroomkampus. [Langspeelplaat].

Alkema S. 1995. Brief aan SAKV-lede insake Old Mutual National Choir Festival op 25 Februarie. Lêer: 4.11.2. SA Koorvereniging 4 D. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus. (Ongepubliseer).

Annadavel. 2016. About Anna. www.annadavel.com Datum van toegang: 2 Apr. 2016.

Anon. 1912. De veeschenking aan de Theol. School. *Het Kerkblad:* 6, 1 Apr.

Anon. 1927. Ons verenigingslewe. *Ons Studenteblad:* 23, Mrt.

Anon. 1929a. Sy-liggies van die toer. *Die Besembos:* 5, Sep.

Anon. 1929b. Kennisgewing: P.U.K. Koor. *Die Besembos:* 9, Mrt.

Anon. 1929. SVR-verslag. *Die Besembos:* 18, Nov.

Anon. 1930a. Studentetoer. *Die Besembos:* 27, Apr.

Anon. 1930b. Studenteraadsverslag. *Die Besembos:* 18, Nov.

Anon. 1932. Verenigings en sport – Jaarverslag van die SVR. 1932. *Die Besembos:* 21, Nov.

Anon. 1935. Verslag PUK-Toer 1935. *Die Besembos:* 30, Sep.

Anon. 1936. Verslag van studentebedrywighede. *Die Veteraan*: 10, Des.

Anon. 1937a. P.U.K. Toneelgeselskap. *Die Besembos,* 11(4):25.

Anon. 1937b. Verslag van die Studenteraad. *Die Besembos,* 11(3):9.

Anon. 1942. PUK-ANS Republiek 1942 – Regering en Volksraad. *Die Besembos:* 20a, Jun. [Foto].

Anon. 1943a. PUK Alibama Boere-orkes-program. Lêer: 6.3.1. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1943b. Verslag. *Die Veteraan:* 17-20, Des.

Anon. 1944a. Musiek aan die PUK. *Die Veteraan:* 29, Des.

Anon. 1944b. PUK Alibama Boere-orkes-program. Lêer: 6.3.2. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1945a. Alabama sluit baie suksesvolle toer af. *Ons Land.* 5 Aug. 1945 Lêer: 6.3.3. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1945b. PUK Alabama Boere-orkes-program. Lêer: 6.3.3. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1946. PUK Alabama Boere-orkes-program. Lêer: 6.3.4. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1947a. Alabama-toer na Suidwes-Afrika. Lêer: 6.3.5. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus. [Foto].

Anon. 1947b. PUK Alabama Boere-orkes (program). Lêer: 6.3.5. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1947c. Studente-eenheid op PUK 'n voldonge feit. *Wapad:* 1, 29 Jun.

Anon. 1948a. Toneel- en Voetbaltoer. *Die Besembos:* 92.

Anon. 1948b. Moeilike tye op die Alabama-toer. *Die Besembos:* 94.

Anon. 1948c. PUK Alabama Boere-orkes (program). Lêer: 6.3.6. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1949a. PUK-Toneelgeselskap toer. Lêer: 6.4.1 PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus. [Foto].

Anon. 1949b. Program van die PUK-Toneelvereniging se dinee. Lêer: 6.4.1 PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus. [Foto].

Anon. 1949c. Toneeltoer 1949. *Die Besembos:* 101.

Anon. 1949d. PUK-Alabama-Boereorkes-program. Lêer: 6.3.8. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1949e. Totius. *Die Besembos:* 37.

Anon. 1949f. Totius tree af. *Wapad:* 1, (3), 29 Apr.

Anon. 1950. PUK-Alabama-Boereorkes-program. Lêer: 6.3.9. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1951. Elizabethville. Belgiese Kongo 1951. Lêer: 6.3.9. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus. [Foto].

Anon. 1952. PUK-Alabama-Studenteorkes-program. Lêer: 6.3.9. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1953. Vreugdedag beloof om 'hit' te wees – reuse poging om fondse vir saal. *Die Vlotjie*-bylaag tot *Wapad* . 1 Aug.

Anon. 1954a. Alabama-program. Lêer: 6.3.9. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1954b. Konstitusie van die PU-Musiekvereniging. Lêer: 6.2.1. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1954c. Vier puik musiekaande agter die rug. *Wapad:* 3, 24 Sep.

Anon. 1954d. PUK Volksdansers. Foto-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus. [Foto].

Anon. 1954e. Studentesaal ingewy met week van feestelikhede. *Wapad:* 1, 13 Aug.

Anon. 1955a. Stigting van 'n PU-Koor. *Wapad:* 7, 30 Mrt.

Anon. 1955b. "French play was good entertainment" *Wapad:* 7, 19 Aug.

Anon. 1955c. Meneer Perrichon gaan op reis-program. Lêer: 6.4.1. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1955d. Van studenteraadsweë. *Wapad:* 5, 9 Mrt.

Anon. 1955e. Alabama program. Lêer: 6.3.9. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1955f. Nuwe professore. *Wapad:* 5, 17 Feb.

Anon. 1955g. PU Studentekoor. *Wapad:* 7, 28 Jun.

Anon. 1955h. Geslaagde semester vir Musiekvereniging. *Wapad:* 7, 28 Jun.

Anon. 1955i. PU Volkspelelaer: bestuur en demonstrasiegroep. *Die Besembos:* 61. [Foto].

Anon. 1956a. Drie toere vanjaar beoog. *Wapad:* 7, 28 Mrt.

Anon. 1956b. PU-Musiekvereniging-bestuur. *Die Besembos:* 56. [Foto].

Anon. 1956c. Thalia en Alabama gaan toer. *Die Wapad:* 1, 26 Jun.

Anon. 1957a. Kandidaat van Bommel-program. Lêer: 6.4.1. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1957b. Alabama-program. Lêer: 6.3.10. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1958a. Alabama-program. Lêer: 6.3.10. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1958b. Die ASB se kunsfees. *Wapad:* 5, 23 Apr.

Anon. 1958c. Potchefstroom beleef 'n hoogtepunt in sy musieklewe. *Wapad:* 5, 21 Aug.

Anon. 1959a. Alabama-program. Lêer: 6.3.10. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1959b. Julie-toere voorspel groot dinge. *Wapad:* 1, (4), 19 Jun.

Anon. 1960. Alabama-program. Lêer: 6.3.11. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1961a. Deur vier wêrelddele – Alabama-program. Lêer: 6.3.11. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1961b. Alabama palm groot louere in. *Wapad:* 1, 11 Aug.

Anon. 1961c. Genotvolle program deur Alabama. *Wapad:* 6, 20 Okt.

Anon. 1961d. Studentesang (advertensie). *Die Besembos:* 22.

Anon. 1962a. Aggenee Bettie – Alabama-program. Lêer: 6.3.11. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1962b. Alabama op toer. *Wapad:* 1, 9 Mei.

Anon. 1963a. Deur vier wêrelddele – Alabama-program. Lêer: 6.3.12. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1963b. Die Alabama-dinee. *Wapad:* 6, 8 Okt.

Anon. 1963c. Alabama 21 jaar oud. *Wapad:* 1, 25 Jun.

Anon. 1963d. Alabama-toer aangenaam. *Wapad:* 3, 16 Aug.

Anon. 1965. Aggenee Bettie! – Alabama-program. Lêer: 6.3.12. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1966a. ABKK-verslag. Lêer: 6.2.1. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1966b. Die drie astertjies – Alabama-program. Lêer: 6.3.12. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1966c. Heimat reünie. *Die Veteraan:* 1-3, Des. [Foto].

Anon. 1966d. Engelse studentekoerant skryf smeerartikel oor PU vir CHO. *Wapad:* 1, 27 Apr.

Anon. 1967a. Revue '67 – Alabama-program. Lêer: 6.3.14. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1967b. Alabama Studentegeselskap. Lêer: 6.3.14. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus. [Foto].

Anon. 1967c. Plakkaat van Revue ’67. PUK Kunste. NWU, Potchefstroomkampus.

Anon. 1967d. Alabama verken nuwe rigting met toerstuk. *Wapad:* 4, 21 Jun.

Anon. 1967e. Bekende musikant hoof van Konservatorium. *Die Transvaler:* 4, 13 Des.

Anon. 1967f. Jaarprogram van die Carmen Aureum-koor vir 1967. Lêer: 6.2.1. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1967g. Teater vir Potchefstroom nou werklikheid. *Die Nuus:* 1, 8 Des.

Anon. 1968a. Die man met die lyk om sy nek-program. Lêer: 6.4.1. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1968b. Revue ’68 – Alabama-program. Lêer: 6.3.14. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1968c. Alabama toer N.-Tvl. plat. *Wapad:* 1, 1 Aug.

Anon. 1969a. Flitse uit die geskiedenis. *PU-Kaner:* 15, 17 Okt.

Anon. 1969b. Lokval vir ’n eensame man-program. Lêer: 6.4.1. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1969c. Johan Schutte. *Die Besembos:* 126. [Foto].

Anon. 1969d. Revue ’69 – Alabama-program. Lêer: 6.3.15. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1969e. Alabama slaan ’n Mini-Sari los. *Wapad:* 1, 17 Okt.

Anon. 1970a. Revue ’70 – Alabama-program. Lêer: 6.3.15. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1970b. Alabama verower die Goudstad. *Wapad:* 1, 16 Okt.

Anon. 1970c. PU-leiers na Engeland. *Wapad:* 7, 18 Sep.

Anon. 1970d. Alabama. Hierdie toer sal lank onthou word. *Wapad:* 2, 7 Aug.

Anon. 1970e. Ritmegroep se plaat. *Wapad:* 3, 7 Aug.

Anon. 1970f. Ritmegroep se plaat vonkel soos nuwe wyn. *Wapad:* 7, 18 Sep.

Anon. 1970g. Alabama verras. *Die Volksblad.* Lêer: 6.3.15. Alabama 1970. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus. (Ongedateerde knipsel).

Anon. 1971a. PU-Koor herstig. NWU Argief en Museum, Potchefstroomkampus. (*In* PU-Koor. 1976-2001. Plakboek. Potchefstroom: NWU Argief, Potchefstroomkampus. [Geen bladsynommers]. (Ongepubliseer).)

Anon. 1971b. Maltrapstreke uit toeka se dae (program). Lêer: 6.4.1. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1971c. Thalia reeds doening. *Wapad*: 8, 19 Mrt.

Anon. 1971d. Revue ’71 – Alabama-program. Lêer: 6.3.16. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon, 1971e. Volkspelers tree op. *Wapad*: 7, 4 Jun.

Anon. 1971f. Alabama vanjaar in Skouburg. *Wapad:* 3, 6 Aug.

Anon. 1971g. Belangstelling vir Koor. *Wapad:* 9, 19 Mrt.

Anon. 1971h. Universiteitskoor gestig. *Wapad:* 6, 5 Mrt.

Anon. 1971i. Koor sien reeds kans vir lang toer. *Wapad:* 6, 29 Okt.

Anon. 1971j. Sêrkompetisie handhaaf hoë standaard. *Wapad:* 8, 23 Apr.

Anon. 1972a. Thalia laat mense skater. *Die Burger* (datum onbekend). Lêer: 6.4.1. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1972b. Revue '72 – Alabama-program. Lêer: 6.3.16. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1972c. Alabama in nuwe gedaante. *Wapad:* 6, 10 Mrt.

Anon. 1972d. Kovsies stig eie "Alabama". *Wapad:* 6, 10 Mrt.

Anon. 1973a. Die vonkel in haar oë-program. Lêer: 6.4.2. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1973b. Revue '73 – Alabama-program. Lêer: 6.3.17. Alabama 1973. PUK Kunste-versameling. NWU, Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1974a. Kinkels innie Kabel-program. Lêer: 6.4.3. Thalia 1974. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1974b. Revue '74 – Alabama-program. Lêer: 6.3.20. Alabama 1974. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1975a. My broer se bril-program. Lêer: 6.4.4. Thalia 1975. PUK Kunste-versameling, NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1975b. My Broer se Bril is Thalia se groot uitdaging ná Kinkels. *Die Vaderland* (bladsynommer onbekend) 25 Jun. Knipsel in Lêer: 6.4.4. Thalia 1975. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1975c. Revue '75 – Alabama-program. Lêer: 6.3.23. Alabama 1975. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1975d. Alabama trap diep spore in Rhodesië. *PU-Kaner:* 2, 15 Aug.

Anon. 1975e. Alabama toer en nuwe plaat. *Wapad:* 6, 21 Mrt.

Anon. 1975f. Alabama op plaat en TV-skerm. *PU-Kaner:* 4, 12 Sep.

Anon. 1975g. Alabama-paar is terug uit VSA. *PU-Kaner:* 5, 13 Jun.

Anon. 1975h. Dorp kry R160 000 vir 'n teater. *Potchefstroom Herald:* 1, 7 Jan.

Anon. 1975i. Eberhard Künkel. *Wapad:* 2, 28 Sep. [Foto].

Anon. 1976a. Thalia. *Die Besembos:* 59.

Anon. 1976b. Volkspele. *Die Besembos:* 57.

Anon. 1976c. Die gelukkigste dae van jou lewe-program. Lêer: 6.4.5. Thalia 1976. PUK Kunste-versameling, NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1976d. Revue '76 – Alabama-program. Lêer: 6.3.23. Alabama 1976. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1976e. Die Potchefstroomse Universiteitskoor. *Die Besembos:* 57.

Anon. 1976f. Pukke se revue as't ware uit nood gebore. *Die Vaderland:* 10, 4 Nov.

Anon. 1976g. 'n Nuwe konsertgroep sien die lig. *PU-Kaner:* 3, 16 Jul.

Anon. 1976h. Universiteit trots op dié Pukkies. *PU-Kaner:* 1, (7). 7-15 Okt.

Anon. 1976i. Foto van tamboernooientjies. *PU-Kaner:* 1, 3-21 Mei.

Anon. 1977a. Thalia '77. *Die Besembos:* 103.

Anon. 1977b. Revue '77/78 – Alabama-program 1977/78. Lêer: 6.3.23. Alabama 1977. PUK Kunste-versameling. NWU Argief, Potchefstroomkampus.

Anon. 1977c. Alabama. *Die Besembos:* 97.

Anon. 1977d. PU-Koor. *Die Besembos:* 99.

Anon. 1977e. Pukkies. *Die Besembos:* 102.

Anon. 1978a. Thalia tien uit tien vir 'Tien Klein Klonkies'. *Die Besembos:* 45.

